

# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities



Temanommer: Meerwoordige leksikale items (MLI's) en ander talige kwessies:  
Opstelle opgedra aan Nerina Bosman

Gasredakteur: Suléne Pilon

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns  
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 61 | Volume 61 | **DESEMBER 2021**  
Nommer 4-1 | Number 4-1 | **DECEMBER 2021**





# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

---

## LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Riekie Hiemstra ter herinnering aan Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Riekie Hiemstra in memory of Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

---



**4-1**

Uitgewer/Publisher

**Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns**

**The South African Academy for Science and Arts**

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

Desember/December 2021



# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

## Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

## Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

## Journal of Humanities

### **HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:**

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

### **REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE**

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Port Elizabeth)/(Nelson Mandela University, Port Elizabeth)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

### **REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL**

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

AE (Arend) Carl – Opvoedkunde; Kurrikulumstudie/Education; Curriculum Studies (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

P (Petra) Engelbrecht – Opvoedkunde/Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan, Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JD (Tom) McLachlan – Taalpraktisyn/Language practitioner (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/ Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cillers) van den Berg, Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

J (Jacques) van der Elst – Nederlandse Letterkunde/Dutch Literature (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

**REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)**

- L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/ Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)  
AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)  
Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)  
MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

**REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL**

- Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)  
E (Ena) Jansen – Letterkunde/Literature (Vrije Universiteit en Universiteit van Amsterdam, Nederland)/(Free University and University of Amsterdam, The Netherlands)  
Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)  
WL (Willie) van der Merwe – Godsdienstfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)  
Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University, Nijmegen, The Netherlands)  
Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)  
Ex officio: A (Anne-Marie) Beukes – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

*Journal of Humanities* by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

**Intekengeld vir 2021 in Suid-Afrika (BTW en posgeld ingesluit):**

**Subscription fees for 2021 in South Africa (VAT and postage included):**

*Tydskrif vir Geesteswetenskappe*: R400,00 per jaargang/volume

*S.A. Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie*: R350,00 per jaargang/volume

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

**Rig korrespondensie aan/Correspondence to:**

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: publikasies@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786 X4; Faks/Fax: 012 329 0293

**TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE**  
**Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen**  
**Zeitschrift für die Geisteswissenschaften**  
**Journal of Humanities**

*Jaargang 61 Nommer 4-1, Desember 2021 / Volume 61 Number 4-1, December 2021*

**Inhoudsopgawe**

**NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1):**  
 Meerwoordige leksikale items (MLI's) en ander talige kwessies: Opstelle opgedra  
 aan Nerina Bosman

---

<b>SULÉNE PILON</b> Woord vooraf .....	953
<b>ADELIA CARSTENS</b> Die rol van handgebare in oudiovisuele aanbiedings van teologiesestudente: Belyning van teorie en praktyk / <i>The role of hand gestures in audiovisual presentations by theology students: Alignment of theory and practice</i> .....	959
<b>ANGELIQUE VAN NIEKERK</b> Idiomatiese taalgebruik as 'n vorm van teikenmarkbeelding in Afrikaanstalige advertensies: 'n relevansieteorie-onderzoek / <i>Idiomatic language as an instrument to create an image of the intended target audience: Insights from relevance theory</i> .....	987
<b>LINETTE VAN DER MERWE</b> 'n Verkenning van multimodale metafore in die poësiefilm <i>Stad in die mis</i> (Opperman) / <i>Investigating multimodal metaphors in the poetry film "Stad in die mis" (Opperman)</i> .....	1020
<b>WILLEM BOTHA</b> Is dekolonialisasie 'n mite? / <i>Is decolonialisation a myth?</i> .....	1039
<b>ANSIE MARITZ</b> Propagandataal: kwantifiseerders en voornaamwoorde / <i>Propaganda language: quantifiers and pronouns</i> .....	1057
<b>ADRI BREED, DANIËL VAN OLMEN EN JO-ANN CHAN</b> Onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans / <i>Impersonalisation strategies in Afrikaans</i> .....	1079
<b>ELVIS SAAL EN ANNAMARIE FOURIE</b> "dit en dat" en "al daai goed": 'n Korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers in gesproke Afrikaans / "dit en dat" (" <i>this and that</i> ") and "al daai goed" (" <i>all that stuff</i> "): <i>A corpus-linguistic study of pragmatic markers in spoken Afrikaans</i> .....	1112
<b>GERHARD VAN HUYSSTEEN EN ROALD EISELEN</b> Oor <i>feekse</i> en <i>helleveë</i> / <i>On shrews and harridans</i> .....	1129
<b>RUFUS GOUWS</b> Op pad na 'n omvattende aanlyn woordeboek – met spesifieke verwysing na die <i>Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> / <i>Towards a comprehensive online dictionary – with specific reference to the Woordeboek van die Afrikaanse taal</i> .....	1156

**HEINRICH OHLHOFF**

“Harba lori fa”: ’n Tekstuele en intertekstuele reis / *“Harba lori fa”: A textual and  
intertextual journey* ..... 1177

**HEIN WILLEMSE**

’n Ou skoolsaal of teater – die opvoerruimtes van die Cape Flats Players en die Eoan-groep /  
*An old school hall or theatre – the performance venues of the Cape Flats Players and the  
Eoan Group* ..... 1198

Voorskrifte aan skrywers / Guidelines to authors ..... 1218

## *Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (1):* Meerwoordige leksikale items (MLI's) en ander talige kwessies: Opstelle opgedra aan Nerina Bosman

---

### Woord vooraf

**Professor Nerina Bosman** vier op 1 Maart 2022 haar aftreeverjaarsdag. Alhoewel ons hoop dat sy vir nog baie jare aktief betrokke sal wees by die Departement Afrikaans van die Universiteit van Pretoria, is haar betrokkenheid ná hierdie verjaarsdag nie meer gewaarborg nie. Daarom word hierdie uitgawe van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* aan haar opgedra as 'n baie klein blykie van waardering en ontsag vir die groot rol wat sy op vele terreine in die Afrikaanse taalgemeenskap in den brede, en binne die Afrikaanse taalkunde spesifiek, gespeel het ... en hopelik vir nog lank sal speel.

Bosman behaal in 1998 haar PhD, getiteld *Die meerwoordige leksikale item in Afrikaans*, met prof. Rufus Gouws as promotor. In haar proefskrif ondersoek sy Afrikaanse woordgroepe/frases wat om verskillende redes as enkele leksikale items beskou behoort te word. Sy noem hierdie items meerwoordige leksikale items (voortaan MLI's) (vergelyk Bosman, 1998). Sy gebruik insigte uit die kognitiewe linguïstiek (spesifiek die kognitiewe semantiek – vergelyk Bosman, 1998:118-161) om 'n aantal verskillende tipes Afrikaanse MLI's te identifiseer (Bosman, 1998:380-449). Ná die afhandeling van haar proefskrif publiseer sy 'n drietal artikels wat oor MLI's handel (Bosman 2000a; 2000b; 2000c).

Met hierdie navorsing oor Afrikaanse MLI's lewer sy 'n belangrike bydrae tot die Afrikaanse leksikologie, die morfologie en sintaksis, en die Afrikaanse semantiek. Sy neem ook 'n aantal Afrikaanse idioome onder die loep (Bosman, 1998: 222 en verder) en daarmee lê sy die fondasie vir haar latere navorsing en publikasies binne die konseptuelemetafoorteorie (vergelyk veral Lakoff & Johnson, 2008). Sy publiseer onder andere oor Afrikaanse idioome met HAND (Bosman, 2000d), die Afrikaanse en Nederlandse leksikale items wat gebruik word as die fonologiese pool van die konsep WOEDE (Bosman, 2002), oor verskillende aspekte van metaforiese taalgebruik rondom eet en drink (Bosman, 2007; Bosman, 2015; Taljard & Bosman, 2015; Bosman, 2019) en baie onlangs ook oor die konsep BLOED (Bosman & Taljard, 2021). Bosman en Taljard (2021) en Taljard en Bosman (2014) sluit, benewens die analise van Afrikaanse metafore, ook 'n ondersoek in na die kruislinguïstiese variasie in die gebruik van hierdie metafore in Afrikaans en Setswana. In Bosman (2020) skryf sy oor die konseptuele metafore wat bewegingswerkwoorde in die poësie van NP van Wyk Louw onderlê.

Benewens haar werk op die terrein van die kognitiewe semantiek en spesifiek die konseptuelemetafoorteorie, lewer sy ook heelparty bydraes op die terrein van die leksikografie en die leksikologie. Bosman en Otto (2012) bekyk die “onverskillige” en “onbevredigende” manier waarop verskillende tipes konjunkte in prominente Afrikaanse woordeboeke (spesifiek die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, *Verklarende Afrikaanse woordeboek* en *Basiswoordeboek van Afrikaans*) hanteer word. Daar word 'n aantal leksikografiese oplossings (byvoorbeeld 'n aanpassing/verbetering van die voorbeeldmateriaal wat aangebied word, en 'n duideliker skeidslyn tussen die funksies van 'n woord en die polisemiese betekenisonderskeidings daarvan) voorgestel waarmee die hantering van konjunkte in hierdie woordeboeke verbeter kan word.

In Bosman (2013a) vergelyk sy in 'n loodsstudie die leksikons van Afrikaans en Nederlands aan die hand van 'n (kleinskaalse) korpusondersoek. Sy het spesifiek ten doel om vas te stel

of die woordvormingsprosesse in Afrikaans nog ooreenstem met dié van Nederlands. Sy vind veral ’n verskil in die hantering van leenwoorde – terwyl leenwoorde meestal goedsmoeds met ’n brontaal spelling en -skryfwyse in Nederlands geïnkorporeer word, word daar in Afrikaans meestal een of ander vorm van leenvertaling opgeneem.

Bosman het ook ’n voorliefde vir Nederland en Nederlands, wat blyk uit haar lidmaatskap van die *Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek*, waarvan sy ook tussen 2014 en 2021 die voorsitter was, en die *Internationale Vereniging voor Neerlandistiek*, waar sy op die bestuur dien. Sy tree ook as gasdosent op by die Universiteit Leiden in Februarie en Maart 2020. Sy bied die laaste gedeelte van hierdie kursus virtueel uit Suid-Afrika aan nadat sy deur die covid-19-pandemie huis toe gedwing is in Maart 2020. Op navorsingsterrein vind haar liefde vir Nederlands neerslag in ’n aantal publikasies oor woordeskatverwerwing en die pedagogiek van Nederlands as vreemde taal (vergelyk Bosman, 2011; Bosman, 2012; 2013b – waar ook leksikografiese aspekte betrek word). Sy publiseer ook saam met mede-outeurs oor ander aspekte wat met taal en onderrig te make het, naamlik die belang van moedertaalonderrig (vergelyk Bosman & Van der Merwe, 2000) en taalonderrigstrategieë in Botswana (Mothudi & Bosman, 2015).

In 2014 begin Bosman ’n grootskaalse projek binne die sosiolinguistiek oor aanspreek-vorme in Afrikaans. Hierdie projek is befonds deur die Nasionale Navorsingstigting en het as einddoel ’n monograaf oor hierdie interessante onderwerp, wat tot op hede nog maar min aandag in die Afrikaanse taalkundeliteratuur gekry het. Bosman en Otto (2015) is ’n eerste publikasie wat uit hierdie projek voortspruit. Die sinchroniese gebruik van die persoonlike voornaamwoord *u* word in hierdie artikel beskryf aan die hand van data wat verkry is uit ’n elektroniese vraelys. Daar word bevind dat 46% van respondente nooit as *u* aangespreek word nie, maar dat 42% van respondente wel soms as *u* aangespreek word. Vervolgens blyk dit uit die vraelys dat die gebruik van *u* nie beperk is tot ’n spesifieke ouderdomsgroep nie – al die respondente dui aan dat hulle *u* selde, maar wel soms, gebruik. Dit blyk ook dat respondente wat jonger as 60 jaar oud is, meestal nie daarvan hou om as *u* aangespreek te word nie.

Bosman is ook in 2014 ’n mederedakteur van *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde* (voortaan KAT), ’n handboek vir universiteitstudente wat meer as 20 jaar ná die vorige, soortgelyke bron gepubliseer is. In KAT (Carstens & Bosman, 2014) word ’n verskeidenheid temas wat te make het met die Afrikaanse taalkunde, bespreek. KAT word beskou as “’n geregverdigde en welkome publikasie” (Beyer, 2014). Sy lewer ook in hierdie waardevolle bron ’n bydrae as mede-outeur van die semantiekhoofstuk (Bosman & Pienaar, 2014). KAT se tweede uitgawe (Carstens & Bosman, 2017) word in 2017 gepubliseer.

Bosman se publikasielys getuig van haar wye belangstelling in verskillende aspekte wat met taal te make het en enigene wat al in haar geselskap was, sal kan getuig van haar wye algemene kennis en interesse in die taal- en letterkunde. Haar wye taalkundebelangstelling blyk uit ’n aantal publikasies oor taalkundige onderwerpe buite haar hoofbelangstellingsvelde wat hier bo beskryf is (vergelyk Bosman, 1999; Bosman *et al.*, 2017; Taljard *et al.*, 2017). Haar belangstelling in die letterkunde blyk ook duidelik uit ’n aantal akademiese publikasies oor letterkundige onderwerpe (vergelyk byvoorbeeld Bosman, 1992; Stander & Bosman, 2018 – waar aspekte van die Suid-Afrikaanse regstelsel ook betrek word; Bosman, 2009) en boekresensies (vergelyk byvoorbeeld Bosman, 2014).

Bosman se wye navorsingsbelangstelling word weerspieël in die heterogene aard van bydraes in hierdie bundel. **Adelia Carstens** rapporteer oor die gebruik van handgebare as deel van multimodale kommunikasie, op grond van data uit ’n korpus bestaande uit video-opnames van (mondelling) oudiovisuele aanbiedings deur teologiese studente. Sy sluit haar bydrae af met

advies vir die effektiewe gebruik van handgebare in studente se oudiovisuele aanbiedings. Hierdie advies is gebaseer op die teoretiese beginsels wat sy in haar bydrae bespreek, sowel as op die analise van die data uit die videokorpus. Multimodaliteit speel ook 'n belangrike rol in **Linette van der Merwe** se bydrae. Sy ondersoek die manier waarop multimodale metafore ingespan word in 'n geanimeerde poësiefilm van DJ Opperman se *Stad in die mis*.

**Angelique van Niekerk** gebruik Bosman se drieluik publikasies oor MLI's (Bosman, 2000a; 2000b; 2000c) as basis vir haar bydrae. Sy ondersoek verskillende maniere waarop MLI's in gedrukte advertensiekommunikasie gebruik, verdraai en aangepas word. Sy stel 'n analiseraamwerk op waarmee MLI's in advertensies geanaliseer kan word en vind dat MLI's veral gebruik word om inligting oor die teikenmark, eerder as oor die handelsmerk oor te dra.

Dekolonisering en dekolonialisering/dekolonialisasie is konsepte wat deesdae gereeld onder bespreking is. **Willem Botha** ondersoek in sy bydrae die betekenis van hierdie werkwoorde om vas te stel of hulle as sinonieme beskou kan word. Om die betekenis van die vermelde woorde te ondersoek, fokus hy op aspek en konseptuele versmelting, en kom tot die gevolgtrekking dat die woorde nie uitruilbaar gebruik behoort te word nie, aangesien daar 'n besliste betekenisverskil tussen die woorde is. Hy verwys daarna na die verhouding tussen taal en denke, en postuleer op grond daarvan dat dekolonialisering wat gedra word deur 'n koloniale taal (Engels, in die geval van Suid-Afrika), 'n mite is.

'n Ander tema wat aan die orde van die dag is, is propaganda. **Ansie Maritz** skryf in haar bydrae oor die manier waarop kwantifiseerders en voornaamwoorde in propagandatekste aangewend word. Sy gebruik die Sistemies Funksionele Linguistiek om propagandatekste en niepropagandatekste wat tematies gesentreer is om oud-president Jacob Zuma se betrokkenheid by die Nkandla- en staatskapingskandale in Suid-Afrika, te analiseer. Sy bevind onder andere dat spesifiek kwantifiseerders gebruik word om propagandatekste meer soos wetenskapsdiskoers te laat lyk en dat voornaamwoorde gebruik word om eienaarskapskakels te maak wat die propagandis se saak pas.

**Adri Breed, Daniël van Olmen en Jo-Ann Chan** stel ondersoek in na die Afrikaanse onpersoonlike konstruksie, 'n konstruksie met 'n (soms implisiete) subjek wat geparafraseer kan word as "mense in die algemeen", "'n onbekende persoon" of "sommige mense". Hulle gebruik 'n visuele vraelys om vas te stel watter moontlike onverpersoonlikingsstrategieë deur Afrikaanse taalgebruikers aangewend word, en of taalgebruikers 'n voorkeur het vir 'n spesifieke onverpersoonlikingsstrategie in verskillende, onderskeibare kontekste. Hulle identifiseer, benewens bekende en reeds bestudeerde strategieë, verskeie ander onverpersoonlikingsstrategieë wat nog min of geen aandag in die internasionale literatuur oor onverpersoonliking geniet het nie. Hulle merk ook op dat Afrikaanse taalgebruikers duidelike voorkeurstrategieë het wanneer hulle onverpersoonliking wil bewerkstellig.

'n Ander konstruksie wat in hierdie uitgawe aandag geniet, is dié van pragmatiese merkers. Hierdie merkers word in gesproke taal aangewend om gespreksgenote te rig in terme van die relevansie van 'n uiting. Dit is ook 'n konstruksie waarmee 'n spreker sy/haar eie houding teenoor die proposisie kan laat blyk. Alhoewel hierdie merkers 'n hoë voorkomingsfrekwensie in gesproke taal het, is daar nog min navorsing oor Afrikaanse pragmatiese merkers gedoen. **Elvis Saal en Annamarie Fourie** se bydrae is 'n poging om hierdie leemte te begin vul.

**Gerhard van Huyssteen en Roald Eiselen** lewer ook 'n bydrae tot 'n navorsingsterrein wat nog min aandag geniet het, naamlik vloek in die Suid-Afrikaanse konteks en, meer spesifiek, vloek in Afrikaans. Hulle beskryf die konstruksionaliseringsnetwerk van twee Afrikaanse vloekwoorde, te wete *feeks* en *helleveeg* deur te fokus op die etimologiese ontwikkeling van die woorde. Hulle rapporteer ook oor die opinies wat Afrikaanse taalgebruikers oor hierdie

twee woorde het en gebruik 'n tekentoets vir verbandhoudende steekproewe om verskillende dimensies van die twee woorde met mekaar te vergelyk.

Werk aan die oorblywende dele van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) sal, as alles volgens plan verloop, afgehandel word in 2028. Daarná moet bestaande dele bygewerk word en daar moet ook aanpassings aan die bestaande struktuur en uitleg gemaak word sodat die moontlikhede wat die aanlyn omgewing bied, beter benut kan word. **Rufus Gouws** wys in sy bydrae op 'n aantal aspekte waaraan die Redaksie van die WAT kan aandag gee in 'n herbewerkingsproses, te wete 'n nuwe dataverspreidingstruktuur, nuwe artikeluitleg, 'n nuwe mikrostruktuur en 'n besinning oor die leksikografiese funksies.

**Heinrich Ohlhoff** ondersoek 'n refrein (“Harba lori fa”) wat in drie tekste voorkom. Die refrein word oorspronklik aangetref in “Eens Meienmorgens vroe” van die 13de-eeuse Nederlandse minstreel, hertog Jan I van Brabant, en daarna gebruik twee twintigste-eeuse digters – TT Cloete (Afrikaans) en Cees Nooteboom (Nederlands) – die refrein as gedigtitels. Hy ondersoek verskillende interpretasies van die refrein deur te verwys na enkele sieninge oor intertekstualiteit en daarna word die aard en struktuur van elke teks afsonderlik bespreek. Hy betrek ook insigte uit kognitiewe benaderings tot intertekstualiteit en vind dat hierdie (beperkte) intertekstuele benadering die besonderhede en eie aard van elke teks duideliker laat word en dat hulle ook aan mekaar volle reliëf gee.

Temple Hauptfleisch identifiseer in 1983 die beskikbaarheid van 'n saal of teater as een van die faktore wat die agteruitgang van plaaslike amateurteater kan help omkeer. Na aanleiding hiervan, skryf **Hein Willemse** oor die lotgevalle van die Cape Flats Players en die Eoan-groep, beide Kaapse amateurgeselskappe tydens die hoogbloei van apartheid. Hy doen dit deur te fokus op die beskikbaarheid van teatergeriewe en die toepassing van apartheidswetgewing. Hy gebruik Michel Foucault, David Harvey en Henri Lefebvre se insigte oor die aard van plek en ruimte. Hy bevind dat opvoerruimtes verbande oproep met ander ruimtes, geskiedenis en simbole en dat die eenvoudige diskoers daar rondom verwikkelde vrae oor ruimtes, toegang en uitsluiting verdoesel.

Elkeen van die bydraes in hierdie spesiale uitgawe weerspieël die bydrae wat Nerina Bosman gelewer het tot navorsing oor verskeie aspekte van Afrikaans. Sy het egter nie net op navorsingsterrein diep spore in die Afrikaanse taalgemeenskap getrap nie. Sy is ook 'n geliefde en gewaardeerde dosent, studieleier en kollega. Sy is 'n aktiewe lid – en soms ook bestuurslid en voorsitter – van verskeie verenigings en organisasies (onder andere die Pretoria Werkgemeenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die Linguistiekvereniging van Suid-Afrika, die Internasionale Vereniging voor Neerlandistiek en die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek). Sy dien ook op die redaksieraad van verskillende publikasies, onder andere *Internasionale Neerlandistiek* en *Language Matters*.

Tot slot en op 'n persoonlike noot: Dankie, Nerina. Jou bydrae tot die taalgemeenskap spreek vanself. Maar jou spore lê ook diep in die harte en lewens van studente, kollegas en vriende. Mag daar in die toekoms nog baie geleentheid wees om saam te werk!

**SULÉNE PILON**  
**Gasredakteur**  
**November 2021**

## BIBLIOGRAFIE

- Beyer, HL. 2014. Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde, WAM Carstens en N. Bosman (Reds.): boekbespreking. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 54(4):870-873.
- Bosman, N. 1992. Ruimte as intertekstuele belewenis: Dalene Matthee en C.J. Langenhoven. *Tydskrif vir Letterkunde*, 30(4): November:117-120.
- Bosman, N. 1998. Die meerwoordige leksikale item in Afrikaans (Doctoral dissertation, Stellenbosch: Stellenbosch University).
- Bosman, N. 1999. Deeltjiewerkwoorde met om en die motiveringsteorie. *South African Journal of Linguistics*, 17(4):219-233.
- Bosman, N. 2000a. Die MLI in Afrikaans. Deel 1: Kenmerke en definiëring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(1):27-38.
- Bosman, N. 2000b. Die MLI in Afrikaans. Deel 2: Verskillende soorte MLI's – die kerngroep. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(2):115-127.
- Bosman, N. 2000c. Die MLI in Afrikaans. Deel 3: Verskillende soorte MLI's: 'n randgroep en 'n paar spesiale soorte. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(3):213-224.
- Bosman, N. 2000d. Die motiveringsteorie en idiome met hand. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 18(1).
- Bosman, N. 2002. Die konsep WOEDE soos geleksikalisier in Afrikaanse en Nederlandse idiome. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 42(2):145-152.
- Bosman, N. 2007. 'Brood'en'botter': figuurlike taalgebruik in Afrikaans en die motiveringsteorie. *Southern African linguistics and applied language studies*, 25(4):473-485.
- Bosman, N. 2009. Brongebruik in die populêre historiese roman, met spesiale verwysing na Engela van Rooyen en Oswald Pirow. *South African Journal of cultural history*, 23(1):1-17.
- Bosman, N. 2011. Die diagnostiese waarde van 'n Nederlandse woordeskattoets vir Afrikaanssprekende aanleerders. *LitNet Akademies* 8(3):137-166.
- Bosman, N. 2012. Ease of access in the new Afrikaans-Nederlands/Nederlands-Afrikaans dictionary (2011) in the Dutch L2 classroom – a case study. In *2012: Proceedings of the 15th EURALEX International Congress. Oslo: Institutt for lingvistiske og nordiske studier* (pp. 947-954).
- Bosman, N. 2013a. Eenders en anders: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu – 'n loodsstudie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(3):135-154.
- Bosman, N. 2013b. Die gebruik van ANNA in 'n Nederlandse taalverwerwingskursus – toegangsgemak en inligtingskoste. Botha, W, P Mavoungou & D Nkomo. 2013. *Festschrift RUFUS H. GOUWS*, pp. 39-54.
- Bosman, N. 2014. Louis Tregardt se dagboek 1836–1838 (Louis Tregardt, vertaal deur Jackie Grober). *Tydskrif vir Letterkunde*, 51(2):203-203.
- Bosman, N. 2015. EATING and DRINKING in Afrikaans – a lexical semantic study. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(1):23-146.
- Bosman, N. 2019. The cup as metaphor and symbol: A cognitive linguistics perspective. *HTS: Theological Studies*, 75(3):1-8.
- Bosman, N. 2020. Bewegingswerkwoorde in Van Wyk Louw se poësie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):395-412.
- Bosman, N, & Otto, AN. 2012. Die hantering van neweskickers en onderskickers in Afrikaanse woordeboeke. *Lexikos*, 22:69-85.
- Bosman, N, & Otto, A. 2015. Moenie my'jy'en'jou'njie – die gebruik van u in die 21ste eeu. Resultate van 'n loodsondersoek: geesteswetenskappe. *Litnet Akademies*, 12(3):358-393.
- Bosman, N & Pienaar, M. 2014. Afrikaanse Semantiek. In Carstens, WAM & N Bosman (eds), pp. 245-274.
- Bosman, N, Taljard, E, & Prinsloo, D. 2017. One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 1: The wordlist. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1):285-301.
- Bosman, N, & Taljard, E. 2021. A Cross-Linguistic Study of BLOOD Metaphors in Afrikaans and Northern Sotho. *Language Matters*, 52(1):3-29.

- Bosman, N, & Van der Merwe, E. 2000. South Africa's culture of non-learning – a by-product of non-mother tongue education. *Journal for language teaching*, 34(3):221-228.
- Carstens, WAM & Bosman, N. 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Van Schaik.
- Carstens, WAM & Bosman, N. 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Van Schaik.
- Lakoff, G & Johnson, M. 2008. *Metaphors we live by*. University of Chicago press.
- Mothudi, TH & Bosman, N. 2015. Communicative Language Teaching (CLT) in Botswana: perceptions of implementation by some teachers in Botswana's Junior Secondary Schools. *Journal for Language Teaching= Ijenali Yekufundzisa Lulwimi= Tydskrif vir Taalonderrig*, 49(1):105-139.
- Stander, J & Bosman, N. 2018. Letterkunde en die reg in die Middeleeuse epos Vanden vos Reynaerde met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse regstelsel. *Litnet Akademies: 'n Joernaal vir die Geesteswetenskappe, Natuurwetenskappe, Regte en Godsdienswetenskappe*, 15(1):119-152.
- Taljad, E & Bosman, N. 2014. The semantics of eating in Afrikaans and Northern Sotho: Cross-linguistic variation in metaphor. *Metaphor and symbol*, 29(3):224-245.
- Taljad, E, Prinsloo, D, & Bosman, N. 2017. One hundred years of Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – An overview and evaluation. Part 2: The user in focus. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2-1): 302-322.

# Die rol van handgebare in oudiovisuele aanbiedings van teologies studente: Belyning van teorie en praktyk

*The role of hand gestures in audiovisual presentations by theology students: Alignment of theory and practice*

ADELIA CARSTENS

Eenheid vir Akademiese Geletterdheid  
Universiteit van Pretoria  
Suid-Afrika  
E-pos: adelia.carstens@up.ac.za



Adelia Carstens

ADELIA CARSTENS is 'n emeritusprofessor en navorsingsgenoot verbonde aan die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid aan die Universiteit van Pretoria. Sy het die graad DLitt et Phil verwerf aan die Universiteit van Suid-Afrika en het ook 'n DPhil in Linguistiek aan die Universiteit van Pretoria behaal. Prof. Carstens beskik oor 'n NNR C2-navorsingsgradering. Sy het meer as 50 artikels in nasionale en internasionale geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer. Haar navorsingsfokusgebiede is meertaligheid, akademiese skryfwerk en multimodaliteit.

ADELIA CARSTENS is an emeritus professor and research fellow of the Unit for Academic Literacy at the University of Pretoria. She obtained a DLitt et Phil at the University of South Africa and a DPhil in Linguistics at the University of Pretoria. Prof Carstens has a C2 research rating from the NRF and more than 50 academic publications in accredited journals nationally and internationally. Her research focus areas include multilingualism, academic writing and multimodality.

## ABSTRACT

*The role of hand gestures in audiovisual presentations by theology students: Alignment of theory and practice*

*Communication in the 21st century has become multimodal. A variety of primary modes, including text, narration, movement, colour and sound are also “translated” and delivered in secondary modes through electronic devices. One of the genres that is characterised by multimodality is audio-visual presentation. In students’ presentations, speech is normally the primary mode, supported by text, movement, still pictures and colour. In oral presentation, physical gestures, gaze and other body language function as part of multimodal ensembles.*

### Datums:

Ontvang: 2021-06-08

Goedgekeur: 2021-08-26

Gepubliseer: Desember 2021

*This article focuses, in particular, on the hand gestures that form part of modal ensembles.*

*In scholarly literature, the word “gesture” is used to imply that the actor has some voluntary control over a movement, and its meaning. Gestures are “actions” demonstrating “features of manifest deliberate expressiveness” (Kendon, 2004:14, 15), which involve the hand and arm movements humans make when they speak (Seyfeddinpur, 2011:148; Roth, 2001:368).*

*Much of the theoretical literature on gestures deals with how they are cognitively processed. De Ruiter (2007) distinguishes three main “architectures” that account for different viewpoints on the processing of manual gestures: Window Architecture (Beattie, 2003) assumes that gestures come straight from the mind, without mediation by language. Language Architecture assumes that the language a person speaks affects their gesture. Postcard Architecture implies that words, speech and gesture arise together from an underlying propositional representation that has both visual and linguistic aspects (Tenjes, 2001:317). Kendon (1980; 2004) and McNeill (1992:2) have consistently emphasised the unity of speech and gesture.*

*Postcard Architecture resonates with thinking in recent and current studies in multimodality, that there are no distinct semiotic systems in the human brain, but rather one integrated repertoire of linguistic and semiotic practices from which communicators constantly draw (Garcia, 2009; Garcia & Li, 2014; Canagarajah, 2011; Mazak, 2017). Sign makers make meaning by drawing on a variety of modes that combine with others in “ensembles” (Kress & Van Leeuwen, 1996; 2001; Kress, 2010). However, there is still no general consensus on whether gestures primarily explicate the thought processes of the speaker, or intentionally communicate information to the audience or interlocutor, or both. For the purpose of this article it is deemed sufficient to recognise that gestures constitute part of multimodal ensembles, in which oral discourse is the primary mode of communication; that gestures do have communicative value; and that people use gestures in accordance with their communicative goals (Müller, Bressemer & Ladewig, 2013:713).*

*The majority of scholars today view language and gestures as semiotic systems of which the signs have form and meaning. It is also generally accepted that gesture studies need their own vocabularies in order to talk about their mode-specific formal characteristics. Below, an overview is given of the most cited gesture typologies and the nomenclatures for describing some of the formal characteristics of gestures.*

*From the various gesture typologies, in particular McNeill (1992), (Tenjes (2001) and Müller (1998; 2004) the following typology has been distilled to serve as a basis for the semantic categorisation of gestures:*

*Representational*

*Concrete: Iconic*

*Abstract: Metaphorical*

*Referential*

*Concrete (referent present in the discursive space)*

*Concrete (referent absent from the discursive space)*

*Abstract (metaphorical)*

*Emblems*

*Beats*

*Discourse gestures*

The article also discusses aspects of gestures that resemble syntax in language, viz. handedness (left, right or both), semi-conventionalised hand shapes and orientation of the palm and fingers, as well as position of gestures in the gesture space.

Subsequently a description is given of a research project that analyses co-speech gestures in a corpus of 17 video-recorded group presentations by first-year students of theology registered for the module “Academic Literacy for Theology” on the topic “The evaluation of ten church websites according to criteria from a published theology article” (Waters & Tindall, 2010). Data were captured during three different cycles:

- Extracting the speech from each video using the software program Subtitle Edit, saved in a Microsoft Excel file, and edited.
- Dividing the text according to presentations and (speech) turns by group members, and saved in separate Word documents.
- Watching each video again, while conducting the following actions: Dividing all the relevant gestures according to the five main types and their subtypes and inserting them as still pictures into the relevant files, for example “metaphor”, “abstract deixis”.

During the analysis, all captured images of the gestures demonstrating “manifest deliberate expressiveness” (Kendon, 2004:15) were further categorised according to their formal characteristics (handedness, position in gesture space and hand shape). A number of representative examples from each of the main typological categories (deictic, iconic and metaphoric) were described in detail. This was done by replaying the relevant video clip a number of times, listening to the speech, and interpreting the information with reference to the literature review.

The following table gives a brief overview of the findings regarding handedness, position in the gesture space, and the hand shape of the 232 analysed gestures.

**TABLE 1**

	Handedness %		Position in gesture space %				Hand shape %								
	Left or Right	Both	Centre	Periph	Centre to Periph	Periph to Centre	Open	Pistol	Shell cup	C	Flat C	Ext. thumb	Finger bunch	Rect-angle	Star
<b>Deictic</b>	94.8	5.2	38.0	62.0			69.8	8.3	10.4		4.2	4.2	3.1		
<b>Iconic</b>	31.5	69.5	65.5	17.4	4.4	21.7	60.9		13.1	4.3	5.7			8.7	4.3
<b>Metaphoric</b>	29.0	71.0	63.0	20.0	17.0		69.0	5.0	11.0	3.0			7.0	5.0	

The table shows that both hands are used for approximately two thirds of the iconic and metaphorical gestures, while deictic gestures are predominantly produced with only one hand. This is not surprising, given the referential (demonstrative) purpose of deictic gestures (for which only one hand is necessary), as opposed to iconic and metaphorical gestures, which have a representative function, best achieved by using both hands. Findings regarding the gesture space is well aligned with findings in the literature. Regarding hand shape, the C- and flat C-shape occur in 17% of the iconic gestures, while the shallow cup occurs in similar frequencies (between 10,4 and 13,1%) across all three main typological categories. An unexpected, but positive, finding was that the open hand is the preferred shape for deictic gestures (63%), and not the pistol shape, which is strongly discouraged in the advice literature on the use of gestures in presentations.

*The article is concluded by advice for the use of gestures in students' audiovisual presentations. The advice is based on the gesture theories and typologies discussed earlier, as well as on the analysis of the corpus.*

**KEYWORDS:** body language; deictic sign; hand gesture; icon; metaphor; beat; discourse gesture; emblem; multimodality

**TREFWOORDE:** lyftaal; deiktiese teken; handgebaar; ikoon, metafoor; slagbeweging; diskoersgebaar; embleem; multimodaliteit

## OPSOMMING

Kommunikasie in die 21ste eeu het grootliks multimodaal geword. 'n Verskeidenheid primêre modusse, byvoorbeeld geskrewe teks, mondelinge vertelling, beweging, kleur, klank en musiek, word ook elektronies “vertaal” en sekondêr deur rekenaars, selfone en tablette afgelewer. Een van die genres wat gekenmerk word deur multimodaliteit is oudiovisuele aanbieding. In studente se aanbiedings is spraak gewoonlik die primêre modus, en word aangevul deur teks, animasie (beweging), foto's en kleur. Die mondelinge aanbieding tree as deel van 'n multimodale ensemble op, waar die unieke eienskappe van elke modus benut word om betekenis oor te dra. Eers gee ek 'n definisie van die konsep “handgebaar”, gevolg deur 'n uiteensetting van algemeen erkende gebareteorieë en tipologieë wat gebare indeel volgens semiotiese gebaretipes, handigheid (links, regs of beide), gekonvensionaliseerde handvorme en palm-oriëntasies, en beweging en posisie in die gebareveld. Daarna volg 'n beskrywing van 'n navorsingsprojek wat berus op die analise van ko-taalgebare in 'n korpus van 17 gevideo-graveerde mondelinge aanbiedings deur teologiese studente. Die artikel word afgesluit deur puntsgewyse advies vir die gebruik van gebare in studente se oudiovisuele aanbiedings. Die advies is sowel gegrond op teorieë en tipologieë van gebare as op die analise van die korpus. Waar dit relevant is, word verwys na handleidings oor kommunikasie en openbare redevoering.

## 1. Inleiding

### 1.1 Konteks

Kommunikasie oor die wêreld heen word toenemend multimodaal. In sy professorale intreerede haal Olivier (2018:10) Kress (2003:27) aan, wat die stelling maak dat “language alone cannot give us access to the meaning of the multimodally constituted message; language and literacy now have to be seen as partial bearers of meaning only”. Die geskrewe teks is nie meer die enkele dominante kommunikasiemedium nie. In die onderwys, byvoorbeeld, word die gebruik van die handboek, die swartbord en verbale instruksie toenemend aangevul deur die gebruik van diagramme, foto's, konkrete visuele modelle, PowerPoint-aanbiedings (met of sonder narratiewe), opvoedkundige films, ensovoorts. 'n Verskeidenheid primêre modusse (bv. geskrewe teks, mondelinge vertelling, beweging, kleur, klank en musiek) word ook sekondêr deur rekenaars, selfone en tablette oorgedra.

Volgens Olivier (2018:10-11) moet die versameling opsies uit 'n multimodale repertorium ingebed word in 'n pedagogiek van multigeletterdhede. Hy bevestig dat daar geen generiese benadering tot 'n multigeletterdheidspedagogiek is nie, en dat addisionele navorsing gedoen moet word met betrekking tot studente se vaardigheid en bevoegdhe in die gebruik van multimodaliteit, asook die vaardighede en behoeftes van dosente, wat weer belyng moet wees

met die vereistes van die werksektor. Hierdie bydrae bied ’n blik op die integrasie van mondelinge vertelling en geprojekteerde Powerpoint-skyfies wat in die akademiesegeletterdheidskurrikulum van teologies studente ingesluit is om studente te bemagtig vir hulle werk as leraars en leiers in gemeentes.

Een van die leerdoelwitte van die module in akademiese geletterdheid vir teologiese studente is om riglyne te verskaf oor hoe om verskeie modusse effektief en doelmatig te integreer. In my soeke na sodanige riglyne het ek 17 handleidings oor mondelinge kommunikasie en openbare redevoering ontleed om kennis in te win oor die effektiewe gebruik van handgebare. Hierdie bydrae verwys egter slegs sporadies na hierdie handleidings; die fokus val op die analise van die gebare wat studente in mondelinge aanbiedings gebruik teen die agtergrond van teorie en tipologieë uit die teoretiese literatuur oor die gebruik van gebare.

## 1.2 Multimodaliteit en handgebare

Die term “multimodaliteit” verwys na ’n versameling sosiaal bepaalde praktyke waarin verskillende modusse van representasie in samehang met mekaar gebruik word, byvoorbeeld teks, visuele afbeeldings (tekeninge) musiek, beweging en kleur (Binsbergen, 2016:1). Modusse is kultureel gedetermineerde bronne vir betekenis skepping (Kress, 2010:5; Bezemer & Kress, 2008:169). Handgebare is visuele modusse wat representatief optree – staties of kineties. Sowel die teoretiese as die empiriese literatuur analiseer handgebare meestal in verhouding tot die gepaardgaande spraak, soos aangedui in De Ruiters (2007) se drie “argitekture”, wat later bespreek sal word. Dit is interessant dat hoewel die akademiese literatuur die betekenis van handgebare as “holisties-sinteties” (*global synthetic*), eerder as komposisioneel beskryf (McNeill, 1992:20), die struktuur van handgebare prominent in hierdie literatuur figureer.

Vanuit ’n semantiese perspektief, val die fokus op die funksies van gebare – veral die representatiewe en referensiële, eerder as die affektiewe waarde – wat juis die fokus in populêre adviesliteratuur oor die gebruik van handgebare in openbare redevoering is. Die voorbeelde wat in teoretiese bronne oor handgebare gegee word, kom weer meestal uit kwasi-eksperimentele navorsing wat berus op die oorvertel van komiese narratiewe. Die meerderheid van McNeill se voorbeelde is byvoorbeeld opgeteken terwyl ’n stimulus aan die spreker gewys word – ’n film, geanimeerde strokiesprent of strokiesverhaalboek – en waar die respondent dan onmiddellik na die kykervaring die storie uit die geheue moet herroep en oorvertel terwyl ’n video-opname daarvan gemaak word (McNeil, 1992:77).

In Beattie en Shovelton se studies, soos beskryf deur Holler en Beattie (2002:33), is die respondente ondervra nadat daar aan hulle videogrepe vertoon is van enkele ikoniese gebare wat uit die strokiesprentnarratiewe van ander respondente geëksperpeer is, of nadat hulle die narratief van die strokiesprent gehoor het sonder om die ooreenstemmende gebaar te sien. In hulle analise van ikoniese gebare haal Kita en Özyürek (2003) byvoorbeeld veral narratiewe aan uit Sylvester en Tweetybird-strokiesprente.

In hierdie bydrae word eerstens ’n oorsig gegee oor gesaghebbende teorieë oor handgebare, gevolg deur ’n bespreking van gedeeltelik gekanoniseerde tipologieë van semiotiese gebare-tipes, handigheid (linker-, regter- of beide hande), gekonvensionaliseerde en semigekonvensionaliseerde handvorme, handpalmoriëntasies, bewegingstipes en handposisie binne die gebareveld (*gesture space*). Ek doen dan verslag oor die analise van ko-taalgebare in ’n korpus van 17 video-opnames van oudiovisuele aanbiedings deur eerstejaarteologiese studente. Op grond van hierdie analises word geargumenteer dat adviesboeke oor die gebruik van handgebare en gebareteorieë nie duidelik bely is met gesaghebbende teorieë oor die gebruik van handgebare

en die natuurlike gebruik van handgebare deur studente nie. Die artikel word afgesluit deur 'n adviesraamwerk vir die effektiewe gebruik van handgebare in mondelinge aanbiedings deur studente, waarvan adviesboeke oor openbare redevoering met vrug kennis kan neem.

Vervolgens word 'n definisie van die term “handgebaar” gegee soos wat dit in hierdie artikel gebruik word.

### 1.3 Definisie van handgebaar

Die terme “gebaar” en “lyftaal” word gebruik om na 'n verskeidenheid verskynsels te verwys, waaronder kopknikke, gesigsuitdrukings, manier van aankyk, handgebare (vgl. onder andere Seyfeddinipur, 2011:1480) en postuur (Kendon, 2004:8) ingesluit word. In die adviesliteratuur verwys postuur dikwels na hinderlike gebare om die postuur te korrigeer. Laasgenoemde sluit onwillekeurige bewegings in soos om oor die hare te stryk, klere reg te trek, herhalende manipulasie van voorwerpe soos ringe, sleutels en geldstukke (Kendon, 1980:207; 2004:8), sowel as “verbode” liggaamshoudings, soos om albei hande in jou sakke te steek, jou arms te kruis, die een arm met die teenoorgestelde hand vas te vat, of met die hande in die “vyeblaarposisie” te staan (oop handpalms wat mekaar voor die bekken kruis).

In die akademiese literatuur word die woord “gebaar” egter spesifiek gebruik om te impliseer dat die doener willekeurige kontrole oor 'n beweging het, en wat die beweging veronderstel is om te beteken. Gebare is dus, volgens Kendon (2004:14, 15) se terminologie, handeling wat mense met doelbewuste en doelgerigte ekspressiwiteit uitvoer. Dit sluit hand- en armbewegings in wat mense gedurende spraak uitvoer (Seyfeddinipur, 2011:148; Roth, 2001:368). Volgens hierdie definisie word onwillekeurige handeling wat verband hou met die postuur, of wat die resultaat is van die individu se gemoedstoestand of gevoelens nie as gebare beskou nie. Laasgenoemde kategorie van handeling word uitgesluit by die teoretiese oorsig oor gebare hier onder.

## 2. Teoretiese uiteensetting van die begrip “gebaar”

Heelwat van die teoretiese literatuur oor gebare handel oor hoe hulle kognitief geprosesseer word. De Ruiter (2007) onderskei drie “hoofargitektuurtypes”, wat verskillende beskouinge oor die prosessering van handgebare verteenwoordig: die *Vensterargitektuur*, *Taalargitektuur* en *Poskaartargitektuur*. Beattie (2003) volg die Vensterargitektuur na en veronderstel dat gebare direk uit die gedagte-wêreld kom, sonder bemiddeling deur taal. *Taalargitektuur* veronderstel dat die taalgebruik van die spreker die gebaar beïnvloed. Modelle wat onder hierdie argitektuurtype ressorteer (vgl. byvoorbeeld Kita & Özyürek, 2003), baseer hulle aannames op empiriese getuienis dat die maniere waarop tale inligting enkodeer, gevolg het vir die vorme van die gebare wat geproduseer word. *Poskaartargitektuur* impliseer dat woorde, spraak en gebare gelyktydig uit 'n onderliggende proposisionele representasie voortkom, wat sowel visuele as linguïstiese aspekte bevat (Tenjes, 2001:317). Kendon (1980; 2004) beklemtoon deurlopend die eenheid van spraak en gebare, en McNeill (1992) postuleer dat gebare só nou met gesproke taal skakel in terme van tyd, betekenis en funksie, dat 'n gesproke uiting en sy ko-spraakgebare gesien kan word as twee kante van 'n enkele mentale proses (McNeill, 1992:1).

De Ruiter (2007) se *Poskaartargitektuur* is belyn met die argumentasiewyse in kontemporêre teorieë oor meertaligheid en multimodaliteit, soos byvoorbeeld transtaling (*translanguaging*), wat postuleer dat daar in die menslike brein nie 'n waterdigte skeiding is tussen

verskillende tale en ander semiotiese sisteme nie, maar dat die menslike brein uit een geïntegreerde repertorium bestaan wat verskillende tale en ander semiotiese modusse bevat, en waaruit gebruikers dan tekens onttrek wat op gegewe momente toepaslik is vir kommunikasie (Garcia, 2009; Garcia & Li, 2014; Canagarajah, 2011; Mazak 2017). Voorstanders van 'n multimodale sosiale semiotiek maak daarop aanspraak dat “betekenaars” betekenis skep deur tekens uit verskillende tekensisteme te kombineer in sogenaamde “ensembles”. (Kress & Van Leeuwen, 1996; 2001; Kress, 2010). Die term “ensemble” (vir kombinasies van modusse) word ook deur kundiges in die gebruik van gebare, soos Kendon (2004:127), Ladewig (2011:4), en Fricke (2013:737) gebruik.

Elke modus in 'n ensemble het bepaalde semantiese en pragmatiese gebruikswaardes. Die linguïstiese sisteem word deur woordvormings- en grammatikale reëls beheers. Die betekenis van woorde en sinne word saamgestel deur die individuele komponente daarvan asook die logiese funksies wat daartussen opereer. Gebare, daarenteen, dra eerder “holisties sintetiese” betekenis, aangesien die geheel nie noodwendig semanties bestaan uit die betekenis van die afsonderlike dele nie. Die geheel is eerder die resultaat van die integrasie van die dele. Die dele verkry betekenis op grond van die betekenis van die geheel (McNeill, 1992:20).

Party deskundiges beweer onomwonde dat betekenis sowel geskep word om sin te maak vir die produseerders van handgebare as vir die interpreteerders daarvan. Volgens Novack en Goldin-Meadow (2017:381) is daar egter steeds nie algemene konsensus of gebare primêr die denkprosesse van die doener/spreker reflekteer, en of hulle intensioneel aan die gehoor of gespreksgenoot, of beide, gekommunikeer word nie. Vir die doel van hierdie bydrae is dit nie noodsaaklik om 'n uitspraak hieroor te lewer nie. Dit word as voldoende beskou om die gebare te identifiseer wat deel uitmaak van multimodale ensembles, waarin mondelinge diskoers (spraak) die primêre modus van kommunikasie uitmaak. Verder word aanvaar dat handgebare wel kommunikatiewe waarde het, ongeag of hulle intensioneel of nie-intensioneel gebruik word, en dat mense gebare gebruik in ooreenstemming met hulle kommunikatiewe doelwitte (alhoewel verskillende sprekers dikwels verskillende gebare gebruik om dieselfde betekenis uit te druk). Met ander woorde, daar is minder konvensionaliteit in die gebruik van gebare as in taal (Müller, Bressen & Ladewig, 2013:713).

Ten spyte van die verskillende beskouings oor hoe spraak en gebare ontstaan en geprosesseer word, beskou die meeste vakkundiges vandag taal en gebare as semiotiese sisteme waarvan die tekens vorm en betekenis het. Daar word ook algemeen aanvaar dat gebarestudies hulle eie “woordeskatte” het vir die formele kenmerke van modusse. Hier onder word 'n oorsig gegee van die gewildste tipologieë en die nomenklatuur wat voorgestel is vir die beskrywing van semantiese en formele kenmerke.

## 2.1 Gebaretipologieë

Die meeste semiotiese (sommige eksperte gebruik “semantiese”) gebaretipologieë het die lig eers in die 1940's gesien. Een van die bekendes is “Kendon se kontinuum” (so benoem deur McNeill, 1992; 2010). Van links na regs beweeg die tipologie vanaf gebare waar taal 'n verpligte komplement is van die taal-gebaar-sisteem; verder regs neem die mate waarin spraak 'n verpligte komponent van die gebaar uitmaak, af:

1	2	3	4	5
Ko-taalgebare	→ Taal-omraamde gebare	→ Embleme	→ Pantomimes	→ Gebaretale

Van links na regs kan gebare soos volg getipeer word:

- (1) Ko-taalgebare: Bewegings wat verbind kan word met die gepaardgaande spraak.
- (2) Taalomraamde gebare: Gebare wat deel van die sin self uitmaak en dus die plek van taal inneem.
- (3) Embleme: Handgebare wat relatief gekonvensionaliseer is in spesifieke spraakgemeenskappe, byvoorbeeld die duim vertikaal uitgestrek en die ander vingers ingekrul in die rigting van die hoorder. Embleme is gewoonlik ook selfstandig betekenisvol – d.w.s. in die afwesigheid van taal.
- (4) Pantomimes: 'n Klanklose vertoning, 'n gebaar of opeenvolging van gebare met 'n narratiewe strekking, d.w.s. 'n storie vertel sonder die gebruik van taal.
- (5) Gebaretale: Outonome tale wat deur bepaalde gemeenskappe (bv. dowe gemeenskappe) gebruik word (McNeill, 1992:73). Gebaretale het hulle eie leksikale items en linguistiese strukture, insluitende grammatikale patrone en morfologiese patrone (bv. *American Sign Language*) (McNeill, 2010).

Volgens Roth (2001:370) baseer opvoedkundige navorsers gewoonlik hulle werk op die tipologie wat deur McNeill (1992) voorgestel is. Hy identifiseer vier tipes spontane gebare wat met spraak gekombineer word: *ikone, metafore, deiktiese tekens en slaggebare (beats)*. Laasgenoemde is herhalende pendulumbewegings van die hand en arm, byvoorbeeld heen en weer, of op en af. Efron (1972) asook Ekman en Friesen (1969) identifiseer 'n vyfde klas, naamlik die *embleem*.

Müller (1998) bied 'n alternatiewe drieledige tipologie aan, bestaande uit *diskoersgebare, performatiewe gebare* en *referensiële gebare*. Volgens hierdie tipologie struktureer diskoersgebare 'n uiting, soos byvoorbeeld beklemtoning of die uittel van die spreker se hoofpunte op die vingers. Diskoersgebare word ook vermeld in sommige van die handleidings oor mondelinge kommunikasie (Gregory, 1990; Belknap, 2015; Murphy, 2015; Van der Laaken & Van der Laaken, 2007; Becker & Becker, 1994). Performatiewe gebare ekspliseer taalhandelinge, soos byvoorbeeld om iets te vra deur die hand uit te hou met die palm na bo. Referensiële gebare verwys na 'n konkrete of abstrakte entiteit; d.w.s. hulle is vergelykbaar met ikone en metafore.

In hierdie bydrae word pantomimes nie in die tipologie vir mondelinge aanbiedings ingesluit nie, aangesien hulle feitlik nooit daarin figureer nie. Diskoersgebare, waarvan die hoof funksie is om as diskoersmerkers op te tree, word wel ingesluit. Slagbewegings, waarvan die funksie foneties-temporeel is, word nie as diskoersgebare ingesluit nie. Hier onder word 'n kort oorsig gegee oor elkeen van die vyf hooftipes van die aangepaste tipologie, met voorbeelde ter illustrasie.

*Ikoniese gebare* is gebare wat in 'n noue formele verhouding tot die inhoud van die spraak optree (McNeill, 1992:12-13; Tenjes, 2001:306). Hulle word soms ook representatiewe gebare (Roth, 2001:370) genoem, aangesien hulle in 'n perseptuele verhouding tot konkrete entiteite, ruimtelike entiteite en gebeure staan (Roth, 2001:370; Tenjes, 2001:308). Ikoniese gebare verteenwoordig voorwerpe en/of bewegings (Seyfeddinipur, 2011:150). Kita en Özyürek (2003) haal 'n voorbeeld aan uit die hervertelling van 'n storie uit 'n Sylvester en Tweetybird-strokiesprent. Sylvester sluk 'n rolbal in, en rol dan in die straat af met die bal in sy maag terwyl die verteller sê: “He rolls down the street into a bowling alley”. Ooreenstemmend met die onderstreepte frase voer die spreker 'n spiraalbeweging met die indeksvinger van sy regterhand uit, terwyl sy hand diagonaal afwaarts na die spreker se regterkant beweeg.

*Metaforiese gebare* is soortgelyk aan ikoniese gebare deurdat hulle ook representatief is, maar die inhoud druk 'n abstrakte eerder as 'n konkrete gedagte of gebeurtenis uit (McNeill, 1992:14; Tenjes, 2001:306). Gedurende die metaforiese proses, word 'n abstrakte eerder as 'n konkrete entiteit of beweging visueel voorgestel (Seyfeddinipur, 2011:150). Die verhouding met die betekenis wat verteenwoordig word, is nie op 'n ooreenkoms met 'n eksterne entiteit gebaseer nie; dit word deur kognisie geskep (McNeill, 1992:145). 'n Voorbeeld is die frase “die vergadering het aangehou en aangehou”, gepaardgaande met albei hande wat 'n roterende beweging uitvoer (Tenjes, 2001:305); dus word 'n kontinue beweging in tyd uitgedruk as 'n iteratiewe beweging in ruimte.

*Deiktiese* kan vergelyk word met aanwysing (McNeill, 1992:18). Deiktiese gebare dui aspekte van die inhoud van die spraak in die ruimte rondom die verteller aan (Tenjes, 2001:306). Tenjes (2001:312) verdeel deiktiese handeling in drie kategorieë: (1) aanduiding van die werklike objekte in die ruimte rondom die deelnemers; (2) aanduiding van objekte wat 'n fisiese lokaliteit het, maar nie in die onmiddellike gespreksomgewing teenwoordig is nie; (3) referente wat geen objekstatus het nie en waarin daar aan abstrakte konsepte 'n ruimtelike posisie gegee word. Hierdie ruimte word aangedui deur aanwysing (in 'n spesifieke rigting) met die vinger(s) of hand(e) (McNeill, 1992:173). De Ridder (2007) stel dit soos volg: “pointing gestures have conventionalized form-meaning mappings shared within a given linguistic community”. Ek moet egter van hierdie stelling verskil, aangesien daar in die navorsing wat vir hierdie bydrae uitgevoer is, nie volledige konvensionaliteit by verwysingsgebare (deiktiese gebare) gevind is nie. Vergelyk die afdeling “Bevindings” hier onder, veral met betrekking tot deiktiese verwysing met die oop hand.

*Slagbewegings* is ritmiese bewegings van die arm, hand of vingers, wat 'n temporele of emfatiese struktuur aan die kommunikasie verleen (Roth, 2001:370), byvoorbeeld op en af of heen en weer (McNeill, 1992:15), terwyl hulle ritmies op die prosodiese pieke van spraak ingestel is. Slagbewegings het tipies geen semantiese inhoud nie, en bepaalde bronne in die literatuur beskou hulle dus as deel van die pragmatiese eerder as die semantiese inhoud van taalgebruik (Holler & Beattie, 2002:31). Volgens McNeill (2010) is slaggebare vergelykbaar met 'n geel neonmerken.

*Embleme* is gekonvensionaliseerde, formuleagtige gebare met kultureel gedefinieerde verbale vertalings (Holler & Beattie, 2002:31; Cienki, 2008:2; Seyfeddinipur, 2011:149), bv. die “OK”-gebaar, wat in sommige gemeenskappe (bv. die VSA) gemaak word deurdat die punt van die voorvinger aan die punt van die middelvinger raak en 'n ring vorm. Die ringvinger en die pinkie is na bo gelig. In ander gemeenskappe, byvoorbeeld Suid-Afrika, word die betekenis van “dis reg so” uitgedruk deur die duim vertikaal te posisioneer en die ander vier vingers na binne te krul.

Hier onder is 'n skematiese oorsig van McNeill (1992) se tipologie, waarin Tenjes (2001) se verfyning van deiktiese gebare en Müller (1998; 2004) se diskoersgebare geïnkorporeer is:

#### Representasioneel

Konkreet: Ikonies

Abstrak: Metafories

#### Referensieel

Konkreet (referent aanwesig in gespreksruimte)

Konkreet (referent nie in gespreksruimte aanwesig nie)

Abstrak (metafories)

Embleme

Slagbewegings

Diskoersgebare

Vanuit 'n formele perspektief, word gebare meestal beskryf in terme van hulle “sintaksis” of struktuur, sowel as hulle formele konfigurasies en tipiese bewegings. Hierdie aspekte word vervolgens kortliks bespreek.

## 2.2 Sintaksis


Gebare bestaan tipies uit drie fases: voorbereiding (*preparation*), piek (*stroke*) en terugkeer (*retraction*). Die persoon wat die handeling uitvoer, begin by 'n rusposisie, beweeg weg van hierdie posisie af en keer terug na die rusposisie (Roth, 2001:369). Die piek vorm die kern van die beweging, en bevat gewoonlik die hoofbetekenis van die gebaar (McNeill, 1992:375). Özyürek (2017:4) het bevind dat, in 90% van alle spraakgebaarpare, die piek tesame met die relevante spraaksegment uitmaak, wat 'n enkel leksikale item of 'n frase kan wees. Hierdie bevinding is waar vir ikoniese, metaforiese en deiktiese gebare, asook vir embleme. Soos reeds hier bo aangedui, het slagbewegings egter net twee, meestal herhalende, bewegingsfases (in-uit, op-af, links-regs, ensovoorts.) (McNeill, 2010).

## 2.3 Konfigurasie en kinetika

Soortgelyk aan ander semiotiese sisteme, bestaan gebare uit 'n stel herhalende formele kenmerke (in terme van konfigurasie en oriëntasie) en kinetiese kenmerke (Müller, 2004:235). Die vyf parameters waarvolgens gebare tipies beskryf word, sluit die volgende in: handigheid (links, regs of beide), handvorm (wat soms ook die vingers vermeld), oriëntasie (van die palm en die vingers), beweging (wat die rigting en vorm, of trajek van die beweging beskryf), asook posisie in die gebareveld (die ruimte, bokant, langs, voor en onderkant die bolyf, waar die gebare gestalte kry) (McNeill, 1992:81; Syfeddinipur, 2011:152; Müller, Bressemer & Ladewig, 2013:1104).

Sommige gebarenavorsers gebruik Amerikaanse gebaretaal (*American Sign Language*) om handvorme te beskryf (McNeill, 1992:86-88). Mittelberg (2008) wys egter uit dat dit dikwels moeilik is om relatiewe “los” (onkonvensionele) handvorme te belyn met die duidelik gedefinieerde ASL-teken. Mittelberg (2008) doen aan die hand dat navorsers die korpus van gebaredata waarmee hulle werk, moet ondersoek vir prominente handvorme en bewegingspatrone, om sodoende 'n datagedrewe tipologie op te stel. Hierdie riglyn is deur Müller (2004) gevolg in haar beskrywing van variante van die gebarefamilie wat met 'n oop handpalm na bo gevorm word. Die *Palm up Open Hand* word volgens Müller (2004) gekarakteriseer deur 'n spesifieke handvorm en -oriëntasie: die palm is oop, die vingers is losserig uitgestrek, en die palm wys opwaarts. 'n Afkorting is vir elke oophandgebaar geformuleer op grond van die oopheid en oriëntasie van die handpalm, plus 'n “naam” en 'n aanduiding van die hand wat gebruik is. Vir hande met die palm na bo en gekrulde vingers wat 'n denkbeeldige plat houervorm, het sy byvoorbeeld *puoh-tray-lh/rh/bh* gebruik. Met ander woorde die palms is oop en word horisontaal met die binnekant na bo gehou terwyl die vingerpunte ietwat na bo gekrul is om die rand van 'n skinkbord te verteenwoordig. Eers word die linkerhand uitgestrek, en dan die regterhand. Beide hande word dan in hierdie houding in 'n rusposisie gehou.

In my analise van die teologiestudentegebarekorpus (voortaan afgekort as TGK) het ek 'n tipologie gebruik wat gebaseer is op handvorme wat ten minste drie keer voorkom. Prominente handvorme in die TGK is die oop hand, koppie/skulp, pistool, C-vorm, plat C-vorm, ster, reghoek, uitgestrekte duim, en vingerbondel. Hierdie handvorme word afgebeeld in Figuur 1 hier onder. Die konfigurasie van die vingers is nie eksplisiet ingesluit nie, hoewel handvorm en konfigurasie van die vingers dikwels op bepaalde wyses konvensioneel is: In die geval van die pistool wys die wysvinger gewoonlik reguit vorentoe en die duim is diagonaal uitgestrek, terwyl die ander drie vingers teen die handpalm ingekrul is.




**Figuur 1:** Prominente handvorme in die TGK

1. oop hand; 2. skulp/koppie; 3. pistool; 4. C-vorm; 5. plat C-vorm; 6. ster; 7. reghoek; 8. uitgestrekte duim; 9. vingerbondel.

Gebare wat *beweging* uitdruk, dui sowel rigting (opwaarts, afwaarts of horisontaal) as 'n trajek (reguit, roterend, golwend, ellipties, ensovoorts.) aan. As gevolg van die groot verskeidenheid bewegingstipes in die TGK, stel ek nie 'n tipologie daarvan voor nie en bespreek ek ook nie sistematies die trajek wat ter sprake is nie.

#### 2.4 Die gebareveld

McNeill (1992:86-87) deel die gebareveld soos volg in (vergelyk Figuur 2 hier onder): Die Middel-Middel (*Center-Center*) is die area reg voor die bors tussen die arms; die Middel is die gedeelte rondom die Middel-Middel, en strek tot by die skouers bo en die middellyf onder (dit sluit nie die voorarms en hande in nie); die Periferie is die deel rondom die Middel, wat wel die voorarms en hande insluit; die Ekstreme Periferie strek vanaf die voorkop opwaarts, omring die linker- en regterperiferie en strek vanaf die bobene afwaarts (vgl. Figuur 2).



**Figuur 2:** Die gebareveld (McNeill, 1992:86-87)

In die res van die artikel word die teorie en tipologieë wat hier bo bespreek is, toegepas op empiries versamelde navorsingsdata. Eers word agtergrond tot die TGK-projek gegee, die metode van data-insameling en analise word beskryf, en dan volg 'n detailbespreking van die data onder die drie hoofstipes gebare, naamlik deiktiese, ikoniese en metaforiese gebare, met hul unieke sintaktiese eienskappe.

### 3. Gebare in die TGK

#### 3.1 Metodologie

Die data waarop die studie berus, is gebaseer op 17 oudiovisuele groeppaanbiedings deur studente wat in 2017 geregistreer was vir die module "Academic Literacy for Theology" aan die Universiteit van Pretoria (sedert 2015 word die module slegs in Engels aangebied). Elke groep het uit vier lede bestaan, behalwe groep 2, wat slegs drie lede gehad het. Altesame het die respondente bestaan uit 22 swart vroue, sewe swart mans, 13 wit vroue, 17 wit mans, een Indiërvrou en een bruin man. Die data wat deur groep 16 gegenereer is, het die kern van die onderwerp gemis, en is daarom nie in die datakorpus ingesluit nie. Al die studente het vrywillig toestemming gegee dat die video-opname van hulle aanbiedings vir navorsing gebruik kan word, asook hulle demografiese data en 'n elektroniese kopie van hulle PowerPoint-skyfies. Toestemming om die navorsing te doen, is ook verkry van die Dekaan van die Fakulteit Teologie en die Registrateur, en die projek is eties geklaar deur die Navorsingsetiekkomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe (GW20170821HS).

Elkeen van die groepe moes tien kerkwebwerwe evalueer volgens die kriteria wat bespreek word in 'n akademiese artikel (Waters & Tindall, 2010), hulle evaluering insluitel op 'n Excel-sprei tabel, die spreibladdatabelle na grafieke omskakel, die data interpreteer, evalueer hoe goed elkeen van die webwerwe aan die kriteria (behoefte van webwerfbesoekers) voldoen,

en hulle navorsingsresultate met behulp van 'n PowerPoint-aanbieding voor die dosente en die res van die klas aanbied.

Die video-opnames het in die Seminaarkamer van die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid plaasgevind op drie opeenvolgende Maandae. 'n Tutor wat ingeskryf was vir 'n Magistergraad in Inligtingstechnologie is opgelei om video-opnames van die aanbiedings te maak, op 'n private YouTube-kanaal te laai en op twee rekenaars te rugsteun.

Die data is gedurende drie siklusse vasgelê:

- Eerstens is die spraak uit elke video onttrek, na geskrewe teks omgeskakel met behulp van die sagtewareprogram Subtitle Edit en gestoor in 'n Microsoft Excel-lêer.
- Al die teks is tweedens volgens aanbiedings ingedeel en daarna volgens spreekbeurte (individuele aanbieders se bydraes), in aparte Microsoft Word-lêers gestoor, en vir akkuraatheid gekontroleer deur vergelyking met die spraak op die oorspronklike video-opnames. Hoe nader die spraak van die aanbieder aan standaard-Amerikaanse uitspraak was, hoe minder korreksies was nodig.
- Die derde siklus het ingehou dat daar weer na elkeen van die video-opnames gekyk en geluister is. Drie handeling is gelyktydig uitgevoer: (1) om die bewegings wat as handeling kwalifiseer, in te deel volgens die vyf hoofipes met hulle subtypes; (2) die spraaksegmente wat met elke gebaar korreleer as 'n stilprent in 'n tabel in te trek binne die 'n Word-dokument wat as 'n interim-databasis gedien het vir die kombineering en vroeë kategorisering van videogrepe en teks; en (3) die spraaksegment wat met die gebaar-eenheid korrespondeer in kantige hakies te plaas, en die woorde wat met die piekfase korrespondeer te onderstreep.

'n Kwalitatiewe deduktiewe benadering is gevolg (met ander woorde indelings van die gebare en die ko-teks is gemaak op grond van die tipologie wat hier bo uiteengesit is. Daarna is die gebare ontleed ten opsigte van patroonmatigheede. Slegs die gebare wat duidelik geïdentifiseer kon word as ikonies, metafories, deikties, emblematies en diskursief is ingetrek – met ander woorde dié wat “manifest deliberate expressiveness” (Kendon, 2004:15) vertoon het. 'n Etiket uit die vyfledige tipologie is aan elke gebaar toegeken deur gebruik te maak van kommentaarbokse op die Microsoft Word-dokument.

### 3.2 Bevindinge

Tweehonderd drie en twintig relevante gebare is in die TGK geïdentifiseer: 96 deikties, 23 ikonies, 100 metafories, twee embleme en twee diskoersgebare. Die emblematiese gebare het een voorbeeld van die duim-in-die-lug-gebaar ingesluit. Die diskoersgebare is deur slegs een spreker uitgevoer (6.1), wat die beginsel van gebruiksgemak (*ease of use*) se drie hoofpunte gekarakteriseer het deur eerstens die linkerduim ferm op die regterduim te plaas, dan die linkerduim op die regterpinkie, en dan die linkerduim op die vingers van die regterhand.

Agt<sup>1</sup> (8,8%) van die 71 studente het 48% van die totale aantal gebare geproduseer: drie swart mans, twee wit mans, twee swart vroue en een wit vrou. Sewe-en-twintig persent van die studente het geen of geen betekenisvolle gebare geproduseer nie – hoogstens slagbewegings. Alhoewel die slagbewegings nie sistematies geanaliseer is nie, het ek bevind dat representatiewe gebare en slagbewegings nie onderling uitsluitend was nie. Ten minste vier respondente binne een gebruikskonteks, het slagbewegings op só 'n manier gebruik dat hulle in swak gedefinieerde

<sup>1</sup> Getalle tussen hakies dui die frekwensie van voorkoms in die korpus aan.

ikoniese of metaforiese gebare oorgegaan het. Spreker 2 van Groep 9, 'n manlike swart spreker, voer byvoorbeeld verskeie slagbewegings met beide oop hande (palm na bo) uit wanneer hy praat oor positiewe aspekte van 'n webwerf, soos byvoorbeeld “Most of the websites they were easy to access”. Studente wat hulle aanbiedings van 'n selfoonskerm of gedrukte notas afgelees het, het selde gebare gebruik, en indien wel, slegs slagbewegings. In die oorblywende deel van hierdie afdeling word spesifieke aandag gegee aan deiktiese, ikoniese en metaforiese gebare.

### *Deiktiese gebare*

'n Totaal van 96 deiktiese gebare is aangeteken, waarvan 66 konkrete gebare was wat na 'n entiteit in die onmiddellike ruimtelike konteks verwys het, sewe konkrete gebare wat na 'n entiteit verwys het wat ruimtelik verwyderd is van die onmiddellike ruimtelike konteks, en 23 abstrakte gebare wat slegs in die gedagterewêreld van die sprekers bestaan het. Ongeveer 60% van deiktiese gebare vind in die periferie of ekstreme periferie van die gebareruimte plaas, en ongeveer 40% in die middel. Hoewel 'n mens 'n groter frekwensie in die perifere areas sou verwag, moet onthou word dat persone soms met die duim oor die skouer agtertoe na die skerm wys, en dat soms na abstrakte entiteite wat nie in die konkrete situasie teenwoordig is nie met behulp van een hand wat in die Middelruimte 'n koppie- of skulp vorm gewys word.

'n Voorbeeld van abstrakte aanwysing is waar Spreker 18.3 terugwaarts met sy linkerduim wys, terwyl hy sê [my vertaling]: “as hulle inligting wil hê wat hulle wil navors oor iets, gaan hulle eenvoudig na die internet (.) hulle gaan eenvoudig na die webblad wat baie belangrik is (.) en dan neem hulle hulle hulle hulle dit nie ernstig op om terug te gaan nie”:



**Figuur 3:** *Abstrakte deiktiese gebaar met 'n uitgestrekte regterduim wat agtertoe na die skerm wys*

Dit is interessant dat aanwysing met 'n oop hand dominant is (67 van die 96 gebare = 69,8%). 'n Voorbeeld van aanwysing met die oop hand (konkrete deiksis, waar die referent afwesig is) kom voor waar Spreker 18.4 die volgende uiting maak: “Mount Zion Christian Centre is in Hammersdale”, terwyl hy met sy oop regterhand vorentoe wys met die vingerpunte in die rigting van die gehoor.




**Figuur 4:** *Konkrete deiktiese gebaar (referent afwesig) met 'n oop hand*

Daarna, terwyl hy sê “nommer vier (.) Saint, Saint Andrews Presbiteriaanse Kerk in Kaapstad”, wys hy vanuit die regterkantste ekstreme periferie met sy oop regterhand, met die palm na die gehoor gedraai.




**Figuur 5:** *Konkrete deiktiese gebaar (referent afwesig) met 'n oop hand*

Soos opgesom in Figuur 6 is die pistoolhandvorm in slegs agt gebare gebruik (in totaal 8,3%). In tien deiktiese gebare word 'n koppie- of skulpvorm gebruik (10,4%). In die oorblywende deiktiese gebare word 'n plat C-vorm (4 gevalle), en 'n hibried tussen 'n oop hand en 'n pistoolvorm (1) gebruik; 'n uitgestrekte duim, met die ander vingers ingekrul (4):



**Figuur 6:** Frekwensies van handvorme in die deiktiese subkorpus

Ses-en-vyftig (58,3%) aanwysende gebare is met die regterhand uitgevoer, en 35 (36,5%), met die linkerhand; terwyl vyf (5,2%) gebare met beide hande uitgevoer is.



**Figuur 7:** Frekwensie van "handigheid" in die deiktiese subkorpus

Drie-en-twintig ikoniese gebare, met een uitsondering, is geïdentifiseer, naamlik 'n spreker wat 'n episode naboots waartydens 'n gemeentelid huil gedurende 'n doopseremonie, terwyl die spreker sê “As iemand gedoop word, huil hulle” (terwyl sy met haar twee voorvingers afwaarts lyne teen die wange trek vanaf die binnehoeke van die oë). In al die ander gevalle word slegs kenmerke van webblaai ikonies nageboots. Elf ikoniese gebare verteenwoordig statiese elemente van webwerwe, terwyl 11 na bewegende elemente verwys. Eersgenoemde sluit in 'n webblad (2), logo (2), prent (1), opskrif (1), hiperteksskakel (1), horisontale balk (1), oortjie (*tab*), e-posadres (1) en staaf op 'n staafgrafiek (1). Spreker 2.2 gebruik beide hande waarvan die vingerpunte aan mekaar raak, terwyl sy sê: “Ek't dit met die Hatfield Christian Church vergelyk. Soos jy kan sien is die logo baie duidelik sigbaar”.



**Figuur 8:** Ikoniese gebaar om 'n logo op 'n webblad voor te stel

Kinetiese elemente in die ikone-subkorpus sluit die volgende in: om op 'n webblad of 'n gedeelte daarvan afwaarts te rol (7), om 'n woord/frase in 'n soekenjin in te tik of gedurende programmering in te sluit sodat dit op 'n webblad sigbaar is (2), om willekeurig rond te klik op 'n webblad (1), en om oortjies (*tabs*) op 'n webwerf oop te maak (1).


Spreker 6.1 (Figuur 9) mimiek 'n tik-aksie deur beide hande horisontaal te beweeg, en gelyktydig 'n tik-aksie uit te voer deur terselfdertyd klein op-en-af-beweginkies uit te voer wanneer hy sê: “Soos julle op die prent kan sien (.) wanneer ek in Google intik die naam van die kerk, sien julle daar is 'n foto van die kerk”.



**Figuur 9:** Ikoniese gebare wat 'n tik-aksie mimiek


Tydens die simulاسie van voorwerpe en bewegings, het die studente 'n 69,5-% voorkeur getoon vir die gebruik van beide hande (16/23) en ongeveer 31,5% vir die regterhand. Die voorkeur vir beide hande spruit waarskynlik daaruit dat meerdimensionele objekte en/of hulle bewegings dikwels voorgestel word, en hiervoor het 'n mens beide jou hande nodig. Dit is nie duidelik waarom die linkerhand glad nie figureer binne die ikoniese subkorpus nie.

Die oop handvorm is dominant (14/23 = 60,9%), gevolg deur die skulp/koppie (3 = 13,1%), plat C-vorm (2 = 8,7%), reghoek (2 = 8,7%), C-vorm (1 = 4,3%), en die ster (1 = 4,3%). Figuur 10 hier onder gee 'n oorsig oor die frekwensies van ikoniese handvorme.



**Figuur 10:** Frekwensie van handvorme in die ikoniese subkorpus

Palmoriëntasie, rigting van beweging en trajek was so divers dat dit nie sinvol was om veralgemenings te maak nie. Dertien van die 23 ikoniese gebare is in die Middelruimte uitgevoer (56,5%), vier in die Periferie, een het in die Middel begin en toe in die Periferie inbeweeg, en vier het die teenoorgestelde rigting gevolg (van Periferie na Middel).



*Figuur 11: Frekwensie van plasing in die gebareveld in die ikoniese subkorpus*

### *Metaforiese gebare*

'n Totaal van 100 metaforiese gebare is geïdentifiseer. Vanuit 'n kognitief semantiese perspektief is die fokus van metaforiese gebare in die TGK op webwerwe, kerke en kommunikasie as teikendomeine gerig. Dit is nie verbasend in die lig van die voorgeskrewe tema (die evaluering van kerke se webwerwe) nie. Alhoewel die studente op 'n verskeidenheid brondomeine gesteun het vir metaforiese betekenis, het 'n paar brondomeine 'n aantal kere gefigureer. Hier onder gee ek 'n aanduiding van die mees voorkomende brondomeine, hoe hulle in terme van beweging voorgestel is, en wat hulle metafories voorgestel het (teikendomeine).

- Brondomein: 'n roterende masjien (gesimuleer deur 'n spiraalbeweging met een of beide hande – oop of met reguit wysvingers); teikendomein: die deurlees van 'n webblad, van bo na onder (8);
- Brondomein: 'n houër (aangedui deur die buitelyne van 'n denkbeeldige sirkel met oop of skulpvormige hande te trek); teikendomein: 'n webblad (5);
- Brondomein: die menslike hart (aangedui deur 'n oop hand op of naby die bors te hou); teikendomein: die kerk as instelling of die webwerf van die plaaslike kerk (7); Spreker 17.2 (figuur 12) beweeg byvoorbeeld 'n skulpvormige regterhand nader aan haar bors (waar haar hart as die setel van haar geloof en haar kerk is) wanneer sy sê: “Ons het bevind dat op hierdie blad in 'n webwerf die meeste webwerwe 'n manier gevind het om te verseker dat die besoekers aanhou terugkom.”



**Figuur 12:** *Metaforiese gebaar waartydens 'n skulpvormige hand in die rigting van die bors beweeg (die brondomein is die menslike hart en die teikendomein is die kerk)*

- Brondomein: om inhoud al langs 'n horisontale pad (reguit of geboë) met beide hande van die middel af na die ekstreme periferieë te “strooi”; teikendomein: verspreiding van die Evangelie of van 'n bepaalde boodskap (11);
- Brondomein: leë hande (oop hand met palm na bo; dikwels gekombineer met skouers wat opgetrek word); teikendomein: om nie te weet nie, nie te handel nie, iets nie te vind nie, of om 'n taak eenvoudig te vind (m.a.w. sonder moeite te kan uitvoer) (10); Spreker 7.2 gebruik die oop-hand-palm-opwaarts-gebaar 'n paar keer saam met die optrek van sy skouers. In Figuur 13 gebruik hy hierdie gebaar om te verwys na sy pa se vrugtelose poging om bepaalde inligting op 'n sekere webwerf te vind, terwyl hy sê: “en hy het omtrent 'n halfuur daaraan spandeer om op die webwerf rond te soek na die dienstye, maar kon dit nie vind nie.”



**Figuur 13:** *Die oop-hand-palm-na-bo-gebaar saam met die optrek van die skouers om metafories 'n vrugtelose soektog aan te dui.*

- Brondomein: 'n reghoekige handvorm – palm vertikaal en vingers horisontaal; teikendomein: aanduiding van 'n spesifieke hoeveelheid/aantal (5). 'n Voorbeeld is Spreker 4.1 (Figuur 14) wat sy linkerhand effe ophig, met vingers diagonaal en palm vertikaal, terwyl hy sê: “u::h (...) ons het eerste na Hillsong Wonderboom gekyk, wat in die geheel die hoogste punte van al die webwerwe gekyk het”.



**Figuur 14:** Die gebruik van 'n reghoekige handvorm (hier diagonaal geposisioneer) om 'n bepaalde kwantiteit (hoog of laag) aan te dui.

- Brondomein: 'n uitgestrekte horisontale ruimte, gewoonlik aangedui vanaf die Middel-Middel na regs in 'n reguit of geboë trajek (5); teikendomein: 'n ongespesifiseerde hoeveelheid. Spreker 10.1 (Figuur 15) sprei haar hande uit van die Middel af uitwaarts (twee maal), terwyl sy sê: “So as jy 'n webwerf het wat die jeug eerste vang, sal lede van die jeug 'n vriend saambring, die vriend sal nog 'n vriend saambring, en so vermeerder die aantal nuwe lede van die kerk”.




**Figuur 15:** Beide oop hande word uitgesprei van die Middel af uitwaarts om 'n vermeerdering van nuwe lede aan te dui.

- Brondomein: 'n houer (gesimuleer deur 'n sirkel of U-vormige beweging met beide hande te trek); teikendomein: 'n abstrakte linguistiese konsep soos 'n aanbieding, konklusie, bespreking, skedule of styl (5);
- Brondomein: 'n roterende masjien (gesimuleer deur 'n rollende beweging met een hand of beide hande afwisselend, met oop hande of uitgestrekte voorvingers); teikendomein: kommunikasie (4). 'n Voorbeeld is Spreker 3.3 (Figuur 16), wat beide oop hande gebruik in 'n voorwaartse rotasie binne die Middelruimte, terwyl hy sê: “maar soos julle kan sien, het ek daarvoor [die webwerf] 'n redelike hoë punt gegee omdat dit met die mense gekommunikeer het”.


Die oop handvorm het ook in metaforiese gebare gedomineer (69%), gevolg deur die skulp/koppie (11%), vingerbondel (7%), pistool (5%), reghoek (5%), en C-vorm (3%). Vir 71% van die gebare is beide hande gebruik, terwyl 20% met die regterhand gevorm is en 9% met die linkerhand. Drie-en-sestig persent van die gebare is in die Middelruimte uitgevoer, 20% in die Periferie, en in 17% van die gevalle het dit in die Middel begin, en dan na die Periferie of Ekstreme Periferie beweeg. Figure 17, 18 en 19 gee onderskeidelik 'n oorsig oor die frekwensie waarin bepaalde handvorms voorkom, die “handigheid” by metaforiese gebare in die korpus, en die voorkeurposisie in die gebareruimte:




**Figuur 16:** 'n Rotasiegebaar met beide hande blyk 'n generiese handeling te wees, waarvan die kernbetekenis “chronologiese voortgang” is, soos die aflaai van materiaal op 'n webwerf en kommunikasie.



**Figuur 17:** Frekwensie van handvorme in die metaforiese subkorpus



**Figuur 18:** Frekwensie van "handigheid" in die metaforiese subkorpus



**Figuur 19:** Frekwensie van plasing in die gebareruimte by metafore

3.3 *Bespreking*

Formele aspekte van die gebare in die TGK word samevattend in Tabel 1 opgesom.

**TABEL 1:** Formele kenmerke van die drie hooftipes gebare in die TGK, en hulle frekwensies uitgedruk as persentasies

	Handigheid %		Posisie in gebareveld %				Handvorm %								
	Links of Regs	Beide	Middel	Periferie	Middel na Periferie	Periferie na Middel	Oop	Pistool	Skulp/ Koppie	C-vorm	Plat C-vorm	Uitgestrekte duim	Vingerbondel	Reghoek	Ster
Deikties	94.8	5.2	38.0	62.0			69.8	8.3	10.4		4.2	4.2	3.1		
Ikonies	31.5	69.5	65.5	17.4	4.4	21.7	60.9		13.1	4.3	5.7			8.7	4.3
Metafories	29.0	71.0	63.0	20.0	17.0		69.0	5.0	11.0	3.0			7.0	5.0	

Tabel 1 vertoon dat beide hande gebruik word om meer as twee derdes van die ikoniese en metaforiese gebare te vorm, terwyl deiktiese gebare ongeveer sonder uitsondering met slegs een hand uitgevoer word. Dit is nie verrassend nie, aangesien deiktiese gebare 'n aanwysingsfunksie het waarvoor slegs een hand nodig is, terwyl ikoniese en metaforiese gebare 'n representatiewe funksie het, wat ten beste met beide hande uitgevoer word.

Die bevindinge rakende die gebareveld strook grootliks met bevindinge in die literatuur. McNeill (1992:86-87) beweer byvoorbeeld dat ikoniese en metaforiese gebare in die Middelruimte uitgevoer word, en deiktiese gebare tot in die Periferie strek. Alhoewel McNeill (1992) se aanspraak grootliks deur die studentedata ondersteun word, kom slegs 62% van die deiktiese gebare in die TGK in die Periferie voor, en tussen 63% en 65% van die metaforiese en ikoniese gebare kom in die Middelruimte voor. Die studentedata bring ook 'n addisionele dimensie na vore, naamlik dat sowel ikoniese as metaforiese gebare soms die grens tussen Middel en Periferie oorstek. In die geval van ikoniese gebare is dit waar vir 25% van die voorkomste, en in die geval van metaforiese gebare vir 17%. Wanneer die grens oorgesteek word, is metaforiese gebare geneig om van die Middel na die Periferie te beweeg, terwyl die omgekeerde waar is vir ikoniese gebare. McNeill (1992:87) se aanspraak dat “[m]etaphorics congregate below in the lower center space” is nie deur die TGK ondersteun nie. In die studenteaanbiedings kom 'n derde van die metaforiese gebare in die Middel-Middel voor, en die oorblywende twee derdes is versprei oor verskillende dele van die Middel: Boonste Middel, Onderste Middel en Regterkantste Middel.

'n Onverwagte bevinding was dat die voorkeurhandvorm vir 63% van die deiktiese gebare, die oop hand is, terwyl die pistoolhandvorm (wat stereotipies met aanwysing geassosieer word) slegs in 8,3% van die deiktiese gevalle voorgekom het. Dit is verblydend, aangesien die aanwysing met 'n uitgestrekte voorvinger in die rigting van die gehoor in die adviesliteratuur as aggressief beskou word (Belknap 2015; Murphy, 2015). Wat die C-vorm en sy variante betref, is dit nie volkome verrassend dat dit in 14% van die ikoniese gebare voorgekom het nie, om onder andere 'n logo, skakel, balk, oortjie (*tab*) of e-posadres voor te stel. 'n Ander handvorm wat prominent figureer, is die skulp of vlak koppie, wat in meer as 10% van al drie hoofgebarekategorieë voorkom. Deur hierdie handvorm vir metaforiese gebare te gebruik is veral betekenisvol waar die *HOUER*-metafoor deel uitmaak van die brondomein se betekenis.

#### 4. Slotsom en toepassing

Slegs 8,8% van die studente was vir ongeveer die helfte (48%) van die totale aantal gebare in die TGK verantwoordelik, en hierdie 8,8% is versprei oor bevolkingsgroepe. Dus het slegs 'n klein persentasie van die studente gereeld gebare gebruik, ongeag die moedertaal en kulturele agtergrond. Verder was studente minder geneig om gebare te gebruik wanneer hulle lees, byvoorbeeld van 'n selfoonskerm of indekskaarte. Dit mag daarop dui dat om direk uit die geheue te praat, 'n groter kognitiewe lading plaas as wanneer 'n mens lees. Die vashou van indekskaarte het egter ook waarskynlik 'n invloed op die uitvoer van gebare. Daaruit kan afgelei word dat die addisionele modaliteit die spreker help om betekenis te skep. Hierdie afleiding strook met die bevindinge van navorsingstudies wat Novack en Goldin-Meadow (2017:385) aanhaal. Volgens hierdie outeurs (*ibid.*) het die genoemde studies bewys dat “Gesturing while explaining a concept reduces a speaker’s cognitive load”.

Daar is nie 'n verhouding gevind tussen die aantal of aard van die gebare en die aanbiedingskwaliteit (punte behaal vir die aanbiedings) nie. Die groepe waarvan minder as 10% van die sprekers vir ongeveer die helfte van die gebare verantwoordelik was, het nie noodwendig hoër punte behaal as dié groepe waarvan die meeste lede nie dikwels gebare gebruik het nie. Dit is 'n kwessie wat beslis verdere ondersoek regverdig, byvoorbeeld deur retrospektiewe onderhoude met die sprekers te voer wat heelwat gebare gebruik het, en te probeer vasstel watter rol dit volgens hulle in hulle aanbiedings speel.

Die feit dat “TED talks”, waarin sprekers volop gebare gebruik, besonder gewild (“viral”) (Murphy, 2015) is, kan moontlik verduidelik word aan die hand van die aard en doel van sulke praatjies, naamlik om die gehoor te oorreed van 'n bepaalde standpunt en eintlik 'n verhoogvertoning op te voer. Soos wat in talle handleidings beweer word, doen vinnig opeenvolgende slagbewegings afbreuk aan die gehalte van die aanbiedings, eerder as om die effek te verhoog. Insgelyks doen terugwaartse gebare (soos om met 'n uitgestrekte duim na die projeksieskerm te wys) ook afbreuk aan die gehalte van die aanbieding, aangesien die gesig van die spreker gedeeltelik verberg is, en die spraak onduidelik is.

Uit die navorsing is dit duidelik dat die riglyne oor die gebruik van handgebare oor die algemeen grootliks deur oorlewering voortbestaan en dat sowel gebruikers van gebare as hulle gehore grootliks intuïtief hiermee omgaan. Studente wat mondelinge aanbiedings as deel van mediageletterdhedskurrikula moet doen om hulle voor te berei vir beroepe waar inligting op 'n gereelde basis oudiovisueel oorgedra word, behoort baat te vind by 'n stel riglyne wat gedeeltelik op die akademiese literatuur gebaseer is, maar ook 'n empiriese basis het. Kommunikasiehandleidings wat vir hierdie studente geskryf word, kan moontlik die volgende insluit in afdelings oor akademiese en professionele redevoering:

1. Gebruikers behoort daarvan bewus gemaak te word dat die verwagtinge van die gehoor en die aard van die aanbieding 'n rol speel in die keuse van gebare. 'n Aanbieding met kommersiële oogmerke is tipies daarop gerig om die gehoor te oorreed om 'n bepaalde keuse uit te oefen, terwyl 'n akademiese aanbieding die gehoor wil oortuig van die spreker se kennis van die onderwerp en die geloofwaardigheid van die navorsing.
2. Handleidings oor die gebruik van lyftaal behoort te beklemtoon dat handgebare by voorkeur in 'n duidelike verhouding met die gepaardgaande spraak moet staan.
3. Daar kan bygevoeg word dat gebare verkieslik outentiek moet wees, en nie voorkom asof dit ingeoefen is nie. Sommige sprekers gebruik natuurlikerwys meer gebare as ander.

4. Hierbenewens is dit belangrik om by te voeg dat 'n spreker geheuekaarte, 'n tablet of 'n selfoon byderhand kan hou, maar dat dit die spreker se keuse van gebare sal beperk tot betekenislose slagbewegings. Indien beide hande vry is, moet die spreker egter daarteen waak om in sakke te vrotel, kledingstukke reg te trek of aan die hare te vat.
5. Gebruikers van handleidings mag 'n vereenvoudigde tipologie van gebare waardevol vind om krities te besin oor hulle eie gebruik van gebare. Dit sou beoordelaars van mondelinge aanbiedings positief kon beïnvloed in hulle evaluering van aanbiedings:
  - a. *Gebare wat hand aan hand gaan met spraakritme (slaggebare)* – waarvoor 'n verskeidenheid handvorme gebruik kan word. Hulle moet egter gemaak word teen die oorgebruik van slagbewegings, aangesien dit die gehoor se aandag kan aftrek, eerder as om die inhoud van die verbale boodskap te komplementeer.
  - b. *Gebare wat entiteite aanwys, konkreet of abstrak (deiktiese gebare), gewoonlik deur aanwysing met die hand of voorvinger (deiktiese gebare)*. Gebruikers moet daarvan bewus gemaak word dat aanwysing met die indeksvinger met omsigtigheid gedoen moet word en dat daar verkieslik nie direk na die gehoor gewys moet word nie, aangesien dit as onhoflik en dreigend geïnterpreteer kan word.
  - c. *Gebare wat entiteite beskryf of hulle verteenwoordig, (ikoniese en metaforiese gebare)*. Die gebruikers van handleidings moet daarvan bewus gemaak word dat sowel handvorme as trajekte en rigting van beweging grootliks sal afhang van die tema/genre van die aanbieding, hoe sprekers die konsep verstaan waaroor hulle praat, en selfs die taalkeuses wat hulle maak.
  - d. *Gekonvensionaliseerde gebare wat alledaagse kulturele kennis, gevoelens of houdings uitdruk, en wat aan alle sprekers van 'n bepaalde spraakgemeenskap bekend is (embleme)*. Hier kan 'n aantal goed gekose voorbeelde gebruik word, met verwysings na universele bronne oor emblematiese gebare.
  - e. *Gebare wat diskoerse struktureer (diskoersgebare)*. Hierdie gebare kan funksioneel wees, byvoorbeeld wanneer getalle visueel voorgestel word, hoofpunte opgenoem word, of wanneer opponerende of komplementêre gedagtes uitgedruk word.
6. Alhoewel die benutting van die gebareveld meer buigsaam is as wat in die teoretiese literatuur gesuggereer word, mag dit vir sprekers en beoordelaars nuttig wees om kennis te neem van wat empiriese navorsing bevind het in verband met voorkeursruimtes vir bepaalde gebaretipes.

Ten slotte word voorgestel dat lyntekeninge, foto's en videogrepe van gebare in handleidings ingesluit word. Op hierdie manier word die gebruiker bewus gemaak van die unieke eienskappe van verskillende modusse van betekenisgeving: Waar teks meer effektief is om opeenvolgende stappe te beskryf, is lyntekeninge (vergesel van pyle) baie nuttig om die trajek en rigting van beweging aan te dui. Foto's of lyntekeninge kan ook baie effektief wees om handvorme en die oriëntasie van die palm en vingers in die gespreksruimte duidelik te maak. Sonder illustrasies vereis laasgenoemde uitgebreide verbale verduideliking, wat in elk geval nie voldoende is om 'n mentale beeld van die betrokke gebaar te vorm nie.

## ERKENNINGS

Ek bedank graag die volgende persone vir hulle bydraes:

- André du Plessis (senior videograaf) vir sy leiding rondom die gebruik van die sagtewareprogram Subtitle Edit, fotografie en redigering van die verskillende handvorme, en anonimisering van die videogrepe.
- Wyle Linda Alston (dosent), vir reëlings rondom die oudiovisuele aanbiedings asook haar hulp met die datainsameling.
- Sannah Gomba (departementele administrateur) wat as fotografiese model gedien het vir handvorme in die TGK.

## BIBLIOGRAFIE

- Beattie, G. 2003. *Visible thought: The new psychology of body language*. London: Routledge.
- Becker, D & Becker, PB. 1994. *Powerful Presentation Skills*. New York: Irwin Professional Publishing.
- Belknap, L. 2015. What to do with your hands during presentations. <https://www.ethos3.com/2015/11/what-to-do-with-your-hands-during-presentations/> [19 Mei 2018].
- Bezemer, JM & Kress, G. 2008. Writing in multimodal texts: A social semiotic account of designs for learning. *Written Communication*, 25(2):66-195.
- Binsbergen, P. 2016. The response of art education to the challenges of a multimodal world. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Pretoria.
- Canagarajah, S. 2011. Codemeshing in academic writing: Identifying teachable strategies in translanguaging. *The Modern Language Journal*, 95(3):401-417.
- Cienki, A. 2008. Why study metaphor and gesture? In Cienki & Müller (eds). *Metaphor and gesture*. Amsterdam: John Benjamins.
- Cienki, A & Müller, C (eds). 2008. *Metaphor and gesture*. Amsterdam: John Benjamins.
- De Ridder, JP. 2007. Postcards from the mind. The relationship between speech imagistic gesture, and thought. *Gesture*, 7(1):2007:21-38.
- Efron, D. 1972 (1941). *Gesture, race and culture*. The Hague: Mouton.
- Ekman, P & Friesen, W. 1969. The repertoire of nonverbal behaviour. *Semiotica*, 11:49-98.
- Fricke, E. 2013. Towards a unified grammar of gesture and speech: A multimodal approach. In Müller, Cienki, Fricke, Ladewig, McNeill & Tessorf (eds). *Body-Language-Communication: An International Handbook on Multimodality in Human Interaction*. Berlin, Boston: De Gruyter Mouton.
- Garcia, O & Li, W. 2014. *Translanguaging, Language, Bilingualism and Education*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Garcia, O. 2009. Education, multilingualism and translanguaging in the 21st century. In Skutnabb-Kangas, Phillipson, Mohanty & Pand (eds). *Social justice through multilingual education*. Bristol: Multilingual Matters.
- Holler, J. & Beattie, G. 2002. A micro-analytic investigation of how iconic gestures and speech represent core semantic features in talk. *Semiotica*, 142-1/4:31-69.
- Kendon, A. 1980. Gesticulation and speech: Two aspects of the process of utterance. In Key (ed.). *The relationship of verbal and non-verbal communication*. The Hague: Mouton.
- Kendon, A. 2004. *Gesture. Visible action as utterance*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kita, S & Özyürek, A. 2003. What does cross-linguistic variation in semantic coordination of speech and gesture reveal? Evidence for an interface representation of spatial thinking and speaking. *Journal of Memory and Language*, 48:16-32.
- Kress, G. 2003. *Literacy in the new media age*. London: Routledge.
- Kress, G. 2010. *Multimodality, as social semiotic approach to contemporary communication*. New York: Routledge.
- Kress, G & Van Leeuwen, T. 1996. *Reading images: The grammar of visual design*. London: Routledge.

- Kress, G & Van Leeuwen, T. 2001. *Multimodal discourse: The modes and media of contemporary communication*. London: Hodder Arnold.
- Ladewig, SH. 2011. Putting the cyclic gesture on a cognitive basis. *CogniTextes* 6. <https://journals.openedition.org/cognitextes/406> [12 Junie 2020].
- Mazak, CM. 2017. Introduction: theorizing translanguaging practices in higher education. In Mazak & Carroll (eds). *Beyond Monolingual Ideologies. Translanguaging in Higher Education*, Bristol: Multilingual Matters.
- Mazak, CM & Carroll, KS. (eds). 2017. *Translanguaging in higher education. Beyond monolingual ideologies*. Bristol: Multilingual Matters.
- McNeill, D. 1992. *Hand and mind: What gestures reveal about thought*. Chicago: University of Chicago Press.
- Mittelberg, I. 2008. Peircean semiotics meets conceptual metaphor. Iconic modes. In Cienki & Müller (eds). *Metaphor and gesture*. Amsterdam: John Benjamins.
- Müller, C. 1998. *Redebegleitende Gesten. Kulturgeschichte – Theorie – Sprachvergleich*, Berlin: Berlin Verlag.
- Müller, C. 2004. Forms and uses of the Palm Up Open Hand: A case of a gesture family? In The semantics and pragmatics of everyday gestures. Verrigtinge van die Berlynse Konferensie, April 1998. Berlyn: Weidler.
- Müller, C, Cienki, A, Fricke, E, Ladewig, SH, McNeill, D & Tessendorf, S. (eds). 2013. *Body-Language-Communication: An International Handbook on Multimodality in Human Interaction*. Berlin, Boston: De Gruyter Mouton.
- Müller, C, Bressemer, J & Ladewig, SH. 2013. Towards a grammar of gesture – a form based view. In Müller, Cienki, Fricke, Ladewig, McNeill & Tessendorf (eds). *Body-Language-Communication: An International Handbook on Multimodality in Human Interaction*. Berlin, Boston: De Gruyter Mouton.
- Murphy, PA. 2015. Hand gestures say a lot about your intelligence. Business Insider South Africa. <http://www.businessinsider.com/hand-gestures-say-a-lot-about-your-intelligence-2015-7?IR=T>. [18 Mei 2018]
- Olivier, JAK. 2018. Multimodaling and multilanguaging: charting student (open) access and (communal) success through multiliteracies. Intreerede, Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit.
- Roth, W-M. 2001. Gestures: Their role in teaching and learning. *Review of Educational Research*, 71(3):365-392.
- Tenjes, S. 2001. Gestures as pre-positions in talk. *TRAMES* 4:302-320.
- Van der Laaken, M & Van der Laaken, B. 2007. *Presentation techniques*. Bussum: Coutinho Uitgewers.
- Waters, RD & Tindall, NTJ. 2010. Marketing churches on the Internet: an analysis of the dialogic potential of Christian web sites. *International Journal of Nonprofit and Voluntary Sector Marketing*, 15:369-380.

# Idiomatiese taalgebruik as 'n vorm van teikenmarkbeelding in Afrikaanstalige advertensies: 'n Relevansieteorie-onderzoek

*Idiomatic language as an instrument to create an image of the intended target audience: Insights from relevance theory*

ANGELIQUE VAN NIEKERK

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

Bloemfontein

Suid-Afrika

E-pos: vnieka@ufs.ac.za



Angelique van  
Niekerk

ANGELIQUE VAN NIEKERK is 'n medeprofessor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar belangstelling in vreemdetaalonderrig, spesifiek Afrikaans en Nederlands, lei tot die totstandkoming van geakkrediteerde formele kortleerprogramme vir Afrikaans en Nederlands as vreemdetaal aan die UV.

Haar dissiplinêre fokus is toegepaste linguistiek binne die dissiplinêre velde van die semantiek, pragmatiek en diskoersanalise, asook die talige aard van advertensiekommunikasie in die besonder. Sy lewer talle geakkrediteerde publikasies binne die Afrikaanse taalkunde sowel as kommunikasiewetenskappe.

ANGELIQUE VAN NIEKERK is an associate professor in the Department of Afrikaans and Dutch, German and French at the University of the Free State. Her interest in foreign language teaching, specifically Afrikaans and Dutch, resulted in the establishment of two formal accredited short learning programmes for Afrikaans and Dutch as foreign languages at the University of the Free State.

Her disciplinary focus is applied linguistics research within the disciplines of semantics, pragmatics and discourse analysis, as well as linguistic aspects of communication in advertising in particular. Papers focusing on Afrikaans linguistics and Communication Sciences have been published in accredited journals.

**Datums:**

Ontvang: 2021-04-30

Goedgekeur: 2021-10-11

Gepubliseer: Desember 2021

**ABSTRACT*****Idiomatic language as an instrument to create an image of the intended target audience: Insights from relevance theory***

*The spontaneity with which idiomatic expressions are included and adapted in spoken language is clearly seen in the use of multi-lexical items (MLIs) such as, “Die kalf is op die spit”, instead of, “Die kalf is in die put” (meaning a complex situation difficult to solve) and the expression, “Van ’n kers ’n kandelaar maak”, instead of the conventional idiomatic expression, “Sy maak van ’n molshoop ’n berg” (meaning to exaggerate).*

*The use, adaption and interplay with the literality of MLIs in printed advertising is the focus of this investigation to determine:*

- *the thematic patterns in MLIs in printed advertising in Afrikaans and*
- *the link between MLIs and market segmentation.*

*A pilot investigation revealed that 91 examples of the total data set of 200 advertisements in magazines gathered between 2009–2019 for a copy-writing project including MLIs such as idioms, proverbs and biblical proverbs that were all linked to one of four themes in terms of literality.*

*For this investigation, all Afrikaans printed advertisements in the 2019 and 2020 Pendorring advertising competition that included any of the above-mentioned MLIs were analysed, as is evident in Table 1. A thematic pattern in terms of literality was evident from the start. All examples could be placed in one of four categories (Table 1, Column A), namely spirituality (biblical reference), food, nature and human character.*

*The three articles by Bosman on MLIs in 2000 were a central part of the theoretical point of departure in the investigation. Insights from the Relevance Theory of Wilson and Sperber (2004) formed the basis of the analysis, as can be seen in Table 1 and in the headings, “Cognitive effort” and “Cognitive effect”.*

*The analysis in Table 1, Column E also highlights another interesting pattern in the use of MLIs in the dataset. In all instances the implied marketing message communicated something positive about the target audience and almost nothing about the brand name/ (product/service) per se.*

*The use of MLIs such as idioms, proverbs and biblical proverbs can directly be linked to market segmentation, since the comprehension of complex structures such as MLIs is aimed at a very specific audience that can associate or at least comprehend the implied message as target audience.*

*The analysis in Table 1 indicates the cognitive leap required from the non-conventional meaning (Column A to Column F). This cognitive distance is justified in the description by Bosman (2000a:36) focusing on the fixedness of meaning, idiomaticity and the meaning of the unit (and not individual words).*

*Based on the information in Columns A and F of Table 1, the intended Afrikaans target audience of the Pendorring advertisements in 2019 and 2020 is characterised by one or more of the following characteristics:*

- *Pride in language, which includes an active idiomatic language knowledge;*
- *A person with a love for nature and animals;*
- *Spiritual awareness and/or active knowledge of the Bible;*
- *Human character known for intense emotion, a belief in hard work and an appreciation for feeling at home.*

*Language choice in advertisements and the use of higher-order language forms such as MLIs (idioms, proverbs) can be regarded as a form of market segmentation. Only the intended target audience will be able to identify the MLI and the relevant meaning put into the effort to reach the implied marketing message (Column F) in Table 1.*

**KEYWORDS:** Multi-lexical item (MLI), proverbs, idioms, fixed expression, Relevance theory, advertising language, cognitive effect

**TREFWOORDE:** Meerwoordige leksikale item (MLI), spreekwoorde, idiome, vaste uitdrukking, relevansieteorie, advertensietaal, kognitiewe effek

## OPSOMMING

Die ondersoek na idiome, uitdrukkings en spreekwoorde as drie tipes meerwoordige leksikale items (MLI) bou voort op die beskrywende ondersoek van Bosman (2000a, 2000b, 2000c) oor MLI's. Die veelvuldige gebruik, verdraaiing en aanpassing van MLI's in gesproke taal blyk ook neerslag te vind in gedrukte advertensiekommunikasie. Die analise van die MLI's in advertensies wat in 2019 en 2020 op die *Pendoring*-reklamekompetisie se webblad verskyn het, is vir bepaalde patroonmatighede ondersoek. Aan die hand van die relevansieteorie (Wilson & Sperber, 2004) se onderskeid tussen kognitiewe poging (*effort*) aan die een kant en kognitiewe effek (*effect*) aan die ander kant is 'n analiseraamwerk opgestel vir die ontleding van alle advertensies in die datastel wat 'n MLI ingesluit het. In terme van letterlikheid (*literality*) het vier tematiese kategorieë duidelik geblyk. Die analiseraamwerk het ook getoon dat die MLI's konsekwent meer oor die bedoelde teikenmark gekommunikeer het as wat daar iets oor die handelsmerk gekommunikeer is. Die gebruik van MLI's blyk dus mee te werk tot mark-segmentering. Daar word 'n opgaaf gebied van die beskrywing (tekening) van die teikenmark, aldus die MLI's wat in 2019 en 2020 in die *Pendoring*-advertensies ingesluit is.

## 1. Inleiding


Die spontane skep van idiomatiese uitdrukkings in die spreektaal, soos “'n Ander kamp se koei”, met verwysing na mense wat verskil van die spreker se eie groep, is tekenend dat idiomatiese uitdrukkings deel is van moderne kommunikasie. Die vernuwing en verdraaiing van idiomatiese uitdrukkings in die spreektaal het die ondersoeker opgeval. Hier word onder andere verwys na die “vernuwing” van 'n vaste idiomatiese uitdrukking soos “Die kalf is op die spit” 'n hedendaagse aanpassing van die verbleekte bybelse spreuk, “Die kalf is in die put”, (met verwysing na 'n netelige situasie wat moeilik te beredder is) en die verdraaiing van 'n vaste idiomatiese uitdrukking, “Van 'n kers 'n kandelaar maak” in plaas van die konvensionele idiomatiese uitdrukking, “Sy maak van 'n molshoop 'n berg (De Wet, 2010:44,392).

As 'n loodsondersoek is 91 advertensievoorbiede wat idiomatiese uitdrukkings bevat uit 'n bestaande datastel van 200 advertensies (figuurlike taalgebruik) geïdentifiseer. Hierdie voorbeelde het tussen 2009 en 2018 in Afrikaanstalige tydskrifte verskyn. Dit was van meet af aan duidelik dat Afrikaanstalige advertensies talle meerwoordige leksikale items (MLI's) bevat. Ter wille van dié ondersoek is al die 2019- en 2020-*Pendoring*-reklamekompetisie (*Pendoringreklame*, s.j.) se Afrikaanse voorbeelde ontleed, soos blyk uit die opsomming in tabel 1. Die bedoeling was om vas te stel of enige patroonmatighede geïdentifiseer kan word. Die aanwesigheid van bepaalde tipes MLI's was opmerklik en in terme van letterlikheid het die tematiese patroonmatighede van die begin af geblyk, soos duidelik is in die analisetabel. Al 29 meerwoordige leksikale items in die gelyste 23 advertensies (in die tabel) kon in een of


meer van die volgende vier kategorieë van letterlikheid geplaas word: kos (voedsel); geesteswêreld; diereryk/natuur; menslike aard. Dit word só aangedui in kolom A van tabel 1.

'n Tipiese advertensievoorbeeld in elk van die vier kategorieë van letterlikheid kan gevind word in figuur 1 tot figuur 4.

Vergelyk onder andere die verwysings na koffie, tee, suiker en anysbeskuit, ook in tabel 1, ter wille van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap in voorbeeld 19: *Ricoffy*-koffiedrinkers is ook by die werk aangename kollegas wanneer daar 'n teepouse is en hul dan koffie drink.



**Figuur 1:** *Ricoffy* (kitskoffie)



**Figuur 2:** *Safespaces (organisasie wat vroueslagoffers van misdaad ondersteun)*

Vergelyk onder andere die verwysing na *lig* teenoor *donker* in tabel 1 met die ter sake teksversverwysings ter wille van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap van voorbeeld 11: Die organisasie, *Safespaces*, erken die bydrae wat vroue maak en wil misdaad teen vroue bekamp deur vroue wat slagoffers van misdaad is te ondersteun.

Vergelyk onder andere die verwysing na Jan Tuisbly se karretjie en plaaslike produkte in tabel 1 ter wille van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap van advertensievoorbeeld 7 (in tabel 1):

*Woolworths* laat jou tuis voel, want hul ondersteun en verkoop plaaslik vervaardigde produkte.

## Jan Tuisbly se karretjie

### Woolworths

This tactical newspaper ad for Woolworths was created as a response to South Africa going into lockdown and would run in The Rapport newspaper. The ad campaign highlights that with Woolworths you can get your South African favourite foods, that are locally made (and not imported) while you stay at home.

Jan Tuisbly se karretjie is an Afrikaans idiom that means they are riding Jans "stay at home" car. So it is a fun way to say we prefer to stay at home.

Translation  
Headline: Melkert & Koeksisters

Tagline: Ons verkies Jan Tuisbly se karretjie can be loosely translated to "We prefer staying at home"

Hashtag: #plaaslikvervaardig translates to locally made.

WOOLWORTHS

# MELKERT & KOEKSISTERS

Ons verkies Jan Tuisbly se karretjie!

W
#plaaslikvervaardig

**Figuur 3:** Woolworths afdelingswinkel en voedselkettinggroep

## MANI'S EN PEDI'S IS

### NIE SY FORTÉ NIE



DOEN JOU DEEL EN BEWAAR ONS OSEANE  
SODAT JEROME NIE 'N VIS OP DROË  
GROND WORD NIE.

Fisherman's Friend  
"n vriend van die see"



Every year, one million sea birds and 100, 000 marine animals are killed from plastic in our oceans.

Fisherman's Friend loves the oceans and its fishermen. Our print ads are a call for consumers to make better decisions so that pollution doesn't continue to kill the marine life and thus the livelihood of fishermen.

Partnering with Oceanic Preservation Society, Fisherman's Friend is a brand that truly cares about the sea.

**Figuur 4:** Oceans preservation society en Fischerman's friends:

Vergelyk onder andere die verwysing na die oseane, vissersbedryf en plastiekvervuiling ter wille van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap in voorbeelde 8 in tabel 1:

*Ocean's preservation society*, in samewerking met *Fisherman's friends* (suiglekkers), benodig die ondersteuning van teikenmarklede om die oseane te bewaar (van onder andere plastiekvervuiling) en werksgeleenthede te behou in die groter vissergemeenskap/bedryf.

Die opskrif en subopskrif in 'n advertensieteks is naas die slagspreuk en handelsnaam die belangrikste deel van die geskrewe teks. Bosman (2000) se drieluik artikels in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* oor MLI's as oorkoepelende term vir wat in haar literatuuronderzoek ook fraseologie genoem word, is teoreties van kardinale belang in die ondersoek. Die drieluik (Bosman 2000a; 2000b; 2000c) bevat onder andere 'n deeglike definiëring en afbakening van konstruksie soos idioom, uitdrukking, spreuk, ensovoorts.

Die gebruik van drie spesifieke tipes MLI's, naamlik idiome, (vaste) uitdrukkings en spreuke (bybelse aanhalings), met 'n duidelike pragmatiese funksie is die fokus van die ondersoek. Die fokus val op die mate waarin die (idiomatiese) items in die advertensieopskrif in 'n afgegrensde datastel nie net aandag vra nie, maar ook 'n vorm van teikenmarkbeelding verskaf, aangesien die teikenmarklede hierdie "hoër orde" – taalgebruik moet begryp en direk relevant moet maak vir die konstruksie van 'n geïmpliseerde bemarkingsboodskap.

Die konsekwente gebruik van bepaalde MLI's, soos idiome, spreuke en uitdrukkings kan meehelp in die skep van handelsmerkidentiteit. Só byvoorbeeld is kontroversie as meganisme al sinoniem met *Nando's* gebraaide-hoender-advertensies in Suid-Afrika. Die gebruik van idiomatiese uitdrukkings in die *Virseker*-advertensies (2019-, 2020-voorbeelde in die ondersoek) en die *Oranje Rivier*-wynkelder-advertensies (in die loodsondersoek), is tipiese voorbeelde van sodanige handelsmerkidentiteit gekoppel aan die taalstrategie wat gebruik is.

Teen die agtergrond van die onderskeid en definiëring van MLI's in Bosman (2000) se drieluik artikels word hier gefokus op idiomatiese items met 'n pragmatiese doel, waarvan die komposisionele betekenis tekenend veel groter is as die betekenis van die onderdele (letterlikheid in kolom A van die analise).

Vir die doel van die spesifieke ondersoek is slegs die onderskeid tussen idioom, uitdrukking en spreuk (aanhaling) as tipes MLI's ter sake, aangesien daar op dié drie kategorieë in advertensietaal gefokus word. Die pragmatiese doel van die MLI's as deel van advertensieopskrifte sluit dikwels ook die afwyking van die geleksikaliseerde en konvensionele eenheidsbetekenis (kolom D van die analise) in. Die patroonmatige en onkonvensionele betekenisopsie word gevolglik ook in die analisetabel (kolom A) gemeld.

Die ter sake letterlike (onkonvensionele) betekenis (kolom A) van die items in die datastel en die geleksikaliseerde vorm en verklaring (konvensionele betekenis, kolom B en D) is deurgaans geïdentifiseer ten einde die kognitiewe sprong (inset) te toon (uit die relevansieteorie) vir die konstruksie van 'n relevante bemarkingsboodskap. Die verwydering tussen die letterlike onkonvensionele betekenis (kolom A) en die pragmatiese doel (kolom F) hou verband met Bosman (2000a:36) se samevattende kwalifisering van MLI's waarvan die betekenis veel groter is as die betekenis van die onderdele:

'n MLI is 'n leksikale item wat uit meer as een woord bestaan, wat nie groter as 'n sin is nie en wat wisselende grade van vastheid en semantiese spesialisering vertoon. Hulle geleksikaliseerdheid is die resultaat van hulle vastheid en idiomatisiteit. (Bosman, 2000a:36)

## 1.1 *Ondersoekdoelwitte en probleemstelling*

Die bereiking van die ondersoekdoelwitte sal ten slotte 'n aanduiding kan gee van die verband tussen meerwoordige leksikale items (MLI's) en handelsmerkidentiteit al dan nie.

Die ondersoek sal die aard van drie tipes MLI's in advertensietaal in Afrikaans aantoon deur:

- 'n omskrywing te bied van MLI's en die subkategorieë, idiome, uitdrukkings en spreuke ter sake vir die ondersoek na idiomatiese uitdrukkings in advertensietaal; (Die onderskeid van Bosman [2000a;2000b; 2000c] tussen *idiome* [vaste uitdrukkings], *aanhalinge* en *uitdrukkings* [spreekwoorde] geld as vertrekpunt.)
- die datastel uit die (*Pendoring*-advertensie-argief) aan die hand van die relevansieteorie te ontleed deur die kognitiewe beloning (*effect*) te weeg teen die kognitiewe inset/poging (*effort*) ten einde die bemarkingsboodskap (kolom F van die analisetabel) te identifiseer; en om
- die afstand tussen die letterlikheid en die onkonvensionele geleksikaliseerde betekenis van die spesifieke bepaalde MLI's se rol in die gedeelde kennis en beelding van die teikenmarkgebruiker (kolom E van die analisetabel) te toon.

## 2. Teoretiese raamwerk

### 2.1 *Advertensies as datastel*

Volgens Dictionary.com (s.j.) is advertensies gerig op die beplanning, ontwerp en skryf van inligting om aandag van die publiek te kry vir 'n produk, diens of behoefte.

Vele ondersoekers binne die bemarkingskommunikasie, sielkunde, sosialewetenskappe en toegepaste linguistiek hou hulle besig met die aard van advertensietaal en die fokus in hierdie ondersoek val op die gebruik van idiomatiese uitdrukkings in advertensietaal as 'n vorm van gesofistikeerde artistieke kreatiwiteit. (Vergelyk in dié verband ook Koslow, Sasser en Riordan, 2006.)

29 Afrikaanse idiomatiese uitdrukkings is uit die totale aantal 2019- en 2020-*Pendoring* finalisadvertensies in die gedrukte kategorie geïdentifiseer.

Die *Pendoring*-reklamekompetisie (*Pendoring*reklame s.j.) is in 2021 reeds 25 jaar oud en alhoewel die aanvanklike fokus met die *Pendoring*s in 1995 die bevordering van Afrikaanse reklame was, is *Pendoring* sedert 2016 daarop gefokus om al tien inheemse Suid-Afrikaanse tale se kreatiwiteit te bevorder soos dit op hul webblad verwoord word: “ ... quite simply, at *Pendoring*, we speak South African.” (<https://www.pendoring.co.za/>)

Die vier kriteria vir MLI's (Bosman, 2000a:28-34), naamlik meerwoordigheid, (leksikale en semantiese) vastheid, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid het as keuringsbeginsel gedien in die datastel voorbeelde uit die *Pendoring*-advertensie-inskrywings van 2019 en 2020.

### 2.2 *Idioom, uitdrukking en spreuk – 'n werksdefinisie*

Bosman (2000) bied 'n omvattende en historiese oorsig van MLI's waarvan idiome, uitdrukkings en spreuke 'n onderdeel uitmaak. Die historiese plasing van MLI's en die terme *fraseologie* en *idiomaties* van Bosman (2000a:27, 28) verskaf 'n ter sake breër teoretiese konteks vir die spesifieke ondersoek na drie spesifieke tipes MLI's. Hierdie plasing en definiëring (ook binne die Afrikaanse vakliteratuur) deur Bosman, wys op die warboel terminologie

wat betref meerwoordige leksikale items (MLI's). (Vergelyk in hierdie verband ook Mathiot, 1967 en Zgusta, 1967; 1971.)

Bosman (2000a:34) verwys pertinent na relatiewe leksikale integriteit wanneer sy verduidelik dat woorde in MLI's hul semantiese en sintaktiese onafhanklikheid prysgee. Die vraag bly egter of die teikenmarklede van advertensies waarin hierdie MLI's ingesluit word, die MLI as eenheid herken en begryp en of die letterlikheid van die MLI hoegenaamd 'n rol speel in die kreatiewe taalspel met die MLI en die onderdele van die item aan die een kant en die handelsmerk aan die ander kant. Daar word om hierdie rede in die analiseraamwerk telkens onder meer die letterlikheid, naas die MLI, as eenheid geïdentifiseer en verklaar uit naslaanbronne soos idioomwoordeboeke en/of die Bybel ten einde die geïmpliseerde bemerkingsboodskap te konstrueer. Die kognitiewe afstand tussen die letterlikheid van die MLI (kolom A) en die bemerkingsboodskap (kolom F in die analise) dui op die mate waarin die spesifieke drie tipes MLI's teikenmark-afbakening impliseer. Die bedoelde teikenmarklede sal die MLI's moet herken en kan begryp as deel van die veronderstelde gedeelde kennis waarmee die geïmpliseerde boodskap gekonstrueer kan word.

Beuke-Muir (1999) toon in haar ondersoek dat die term *idioom* gebruik word om idiomatiese uitdrukking en spreekwoord in te sluit en hierdie eenselwige hantering van idiome en spreekwoorde strook ook met die titels van die gelyste drie idioomwoordeboeke in die bronnelys. Bosman (2000) wys in al drie die artikels pertinent daarop dat die kategorie-onderskeidings binne MLI's nie rigied is nie, soos wat ook duidelik blyk uit die analyses waarin die grens tussen bybelse spreuk (teksvers) en idioom nie eksak is nie.

Die volgende definisies is hier geldig:

### **idioom**

**1** Uitdrukking eie aan 'n taal, taaleie. **2** Segswyse, uitdrukking, ens. wat eie is aan 'n bepaalde volksgroep, streektaal (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, 2021).

### **spreekwoord**

Tipe idiomatiese uitdrukking waarin 'n lewenswysheid, lewenswaarheid of algemeen menslike ervaring kort en kernagtig, dikwels m.b.v. 'n beeld, uitgedruk word (*Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, 2021).

Vergelyk ook die volgende definisie van *spreuk*, *spreekwoord* (uitdrukking) en *idioom* van die webblad, *Gesegdes.co.za*

- 'n Spreuk, bv. dié van Salomo en Langenhoven, bevat altyd 'n sedeles.
- 'n Spreekwoord is 'n stukkie waarheid of wysheid wat in die volksmond ontstaan het en wat as 'n algemene waarheid beskou word.
- 'n Idioom is ook 'n spreekwoord, maar het gewoonlik 'n dieper betekenis wat uit die tradisies, geskiedenis en leefwyse van 'n volk gegroei het. Dis waarom idiome in Afrikaans nie noodwendig in Engels beskikbaar is nie. Dit is nie altyd moontlik om die betekenis van 'n idioom uit die woorde af te lei nie (Gesegdes.co.za, s.j.).

Idiome word ook gesegdes of segswyses genoem, terwyl party mense dit ook spreekwoorde noem. Die betekenis van die uitdrukking is nie altyd duidelik nie en word gewoonlik aangeleer. Idiome is ook dikwels (maar nie altyd nie) deel van 'n sin en kan tot 'n beperkte mate variasie vertoon. Byvoorbeeld:

- *Hy draai mos altyd so maklik sy mantel na die wind.*
- *Jong, kyk maar die kat eers goed uit die boom.*

Ander idiome is meer versteend. Byvoorbeeld:

- *Aardjie na sy/haar vaartjie.*

Spreuke word deur sommige mense spreekwoorde of spreekwoordelike uitdrukkings genoem. Dit is dikwels vaste sinne wat een of ander waarheid verkondig en waarvan die betekenis maklik afgelei kan word uit die woorde van die sin. Byvoorbeeld:

- *My oupa het altyd gesê: "Jy krap met 'n kort stokkie aan 'n groot leeu se gat."*
- *Salomo het gesê: "Gelukkig die mens wat wysheid gevind het, en die mens wat verstand verkry."*

Spreuke is gewoonlik nie deel van die woordeskat nie, maar word wel as geheel aangeleer (Beter Afrikaans, s.j.). Uit die analisetabel (voorbeeld 10, 21, ensovoorts) is dit duidelik dat sommige spreuke maklik begrypbaar is (kolom A se letterlikheid teenoor kolom F se implikasie).

Vir die doel van die ondersoek geld die volgende onderskeid ook op basis van Bosman (2000) se ondersoek na MLI's:

- Idiome beskik oor die kenmerke vastheid, idiomatisiteit en geleksikaliseerdheid. Verder word idiome gekenmerk aan hul gebrek aan komposisionaleiteit en hul letterlike onvertaalbaarheid (Bosman, 2000b:121-122). Vergelyk die idiome, "Die koeël is deur die kerk" en "Die kat in die donker knyp", ens., in die analisetabel waarin ook die advertensie die onvertaalbaarheid van die idioom uitwys.
- Vaste uitdrukkings (spreekwoorde): Hierdie MLI's verskil van idiome daarin dat hul as volledige sinne as tipe mikrotekste gebruik word, byvoorbeeld "Beproef alle dinge en ..." Spreekwoorde is in 'n mate semanties deursigtig, verskyn dikwels in 'n elliptiese vorm en bevat gewoonlik 'n algemene waarheid (sedeles) (Bosman, 2000c:214).
- Spreuke/(bybelse) aanhaling: Bosman (2000c:216, 218) noem dat daar 'n vloeibare oorgang tussen verskillende MLI's bestaan, maar dat daar in die geval van aanhalings 'n sterker band met die outeur is, byvoorbeeld Prediker (Bybel). In die geval van aanhalings, byvoorbeeld bybelse spreuke, word daar 'n beroep gedoen op die gesag van die outeur/bron, byvoorbeeld 'n politieke leier, of in die geval van die advertensievoorbeelde, die Bybel as gesaghebbende bron.

### Idiomatiese taalgebruik

Bosman (2000) verwys na die rol van die Bybel in die vorming van bepaalde idiome soos wat pertinent ook aangedui word in die spesifieke datasteladvertensies met idiomatiese uitdrukkings. Sy noem in die derde artikel (Bosman, 2000c:216, 217) dat MLI's wat die gevolg is van aanhalings uit advertensies byvoorbeeld, 'n korte lewensduur het. Dit is noodwendig so omdat bemerkingsveldtogte voortdurend vernuwe word, maar sommige handelsmerke word in naam en identiteit volksbesit lank nadat die advertensieveldtog uitgedien is, soos *Melrose*-kaas: "Aj jai, Ma't gesorg vir *Melrose*", of *Ouma*-beskuit: "Doop 'n ouma", ensovoorts.

Die bepaalde ondersoek na idiomatiese uitdrukkings in advertensies setel wel nie in slagspreuke en klingels gekoppel aan bepaalde geliefde handelsmerke nie, maar op die gebruik van vaste idiomatiese uitdrukkings (MLI's) as talige aandagpunt in die skep van 'n bemerkingsboodskap. In die geval van die ondersoek gaan dit gevolglik nie om aanhalings wat meestal komposisioneel en deursigtig is nie.

Die voorbeelde van idiomatiese uitdrukkings in advertensies in die ondersoek is almal hoogs geleksikaliseerd en meestal terug te vind in woordeboeke en spesifieke bybelverse soos aangedui word in die analise. (Vergelyk ook Bosman, 2000c 3:218.)

Bosman (2000c:219-221) identifiseer die kategorie, Pragmatiese MLI's, wat vormlik vas is, sintaktiese verskeidenheid toon en waarin pragmatiese funksie voorop staan. Die gebruik van idiomatiese uitdrukkings in advertensieopskrifte sou myns insiens saam onder die noemer tuisgebring kan word vanweë die baie spesifieke pragmatiese funksie (effek) wat opgesluit is in die insluiting van die idiomatiese uitdrukking as deel van die opskrif en geïmpliseerde bemarkingsboodskap.

Bosman (2000c:281) onderskryf, soos ander ondersoekers in die afdeling, ook die verband tussen idiomatiese uitdrukkings en kultuur wanneer sy meld dat kennis van aanhalings (en spreekwoorde) onbetwisbaar deel is van 'n taalgebruiker se kennis van 'n bepaalde taal en kultuur. In advertensietaal word daar juis 'n appèl gemaak op hierdie gedeelde kennis wat veronderstel word sodat die geïmpliseerde bemarkingsboodskap geskep kan word (kolom F van die analisetabel).

Goshkheteliani (2019:18) benoem die idiomatiese uitdrukkings waarna in die ondersoek verwys word as “*multiword fixed expressions*” wat die ekspressiewe, kleurvolle deel van taal bevat en die uitdrukkings bied 'n skets van die gewoontes, tradisies, vooroordele en volksherinneringe. Die verwysing na die gewoontes, tradisies, vooroordele, ensovoorts, vind neerslag in die analiseraamwerk waarin die veronderstelde gedeelde kennis van die teikenmark verwoord word in kolom E. Die gedeelde kennis in kolom E is sentraal tot die skep van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap in kolom F. Sy wys in haar vergelykende linguïstiese ondersoek na somatiese idiome in Engels en Georgies (1 536 idiome in Georgies) daarop dat die tipe uitdrukkings veranderinge ondergaan as gevolg van kulturele en historiese invloed.

Die omvangryke lys uitdrukkings in Afrikaans wat byvoorbeeld met die Afrikaner se ossewa(-trek) verband hou, is byvoorbeeld tipies in hierdie verband, soos: “Voor op die wa”, “Skouer aan die wiel”, “'n Regte remskoen wees”, ensovoorts.

In 'n 2013-ondersoek van dieselfde ondersoeker meld sy:

The idiom is storage of a system of values, public morals; it expresses the relation to the world around. At the same time, it serves as a 'mirror' in which the society identifies the national consciousness; it reflects a special vision of the world. (Goshkheteliani, 2013:19)

In die ondersoek van Goshkheteliani (2019:20-21) word aangedui dat idiomatiese uitdrukkings die psigologiese aard van verskillende nasionaliteite aandui, omdat dit sekere maniere van leef impliseer. Die kulturele uniekhede van 'n nasie word aldus Goshkheteliani verbaal gesimboliseer deur idiomatiese uitdrukkings.

Goshkheteliani (2019:21) wys daarop dat bybelse aanhalings weens hul gemeenskaplike oorsprong as internasionaal beskou word. In dié opsig behoort spreuke wat in bybelverse teruggespoor word wat kognitiewe uitdaging betref, makliker as eenheid geprosesseer te word. Direkte bybelse verwysings is ook gevind in die 2019- en 2020-voorbeelde in die *Pendoring*-kompetisie, sowel as in die ouer Afrikaanse advertensiedata (in die loodsondersoek).

Verskeie ondersoekers soos Van Mulken, Van Encshot en Hoeken (2005) en andere het al gewys op die impak van figuurlike taal as oorredingsmeganisme in advertensiekommunikasie. Lim, Ang, Lee en Leong (2009) se ondersoek na die prosessering van idiome bou hierop voort en dit is van besondere waarde in die ondersoek na die aard en prosessering van idiomatiese taalgebruik in Afrikaanstalige advertensies.

Lim *et al.* (2009:1779) se beklemtoning van drie faktore wat idioomprosessering beïnvloed, naamlik bekendheid (*familiarity*), komposisionaaliteit (*compositionality*) en letterlikheid (*literality*), was van groot waarde in die ontwikkeling van ’n analiseraamwerk in hierdie ondersoek. In die ondersoek word letterlikheid geïnkorporeer as tematiese ankerpunt naas die identifisering van die idiomatiese uitdrukking in die advertensie en die bekendheid met die betekenis (kolom D van die analise).

Die empiriese ondersoek van Lim *et al.* (2009) is relevant vir die kwalitatiewe ondersoek, veral wat twee aspekte betref: prosesseringsuitdaging en teikenmarkrespons (onthou van die handelsmerk en houding jeens die handelsmerk). Hierdie aspekte toon empiries dat idiomatiese bekendheid (*familiarity*) die enkel belangrikste faktor is in die houding van die teikenmark en dat dit ’n direkte impak het op teikenmarklede se vermoë om ’n idioom as ’n idioom te herken. Daarnaas is die ontleedbaarheid (*decomposability*) van ’n idioom veral belangrik in die geval van ’n minderbekende idioom waarvan die betekenis met kognitiewe pogings aan die kant van die teikenmark herwin kan word ter bereiking van die gewenste kognitiewe effek (bemarkingsboodskap, kolom F in die analise). Dit is veral ter sake vir internasionale bemarking (vertalings) en globale veldtogte waarin bemarkers seker moet wees van die talige vermoë van hul teikenmark en verkieslik bekende idiomatiese uitdrukkings of idiomatiese uitdrukkings – wat letterlik ook herwinbaar is uit die konteks – moet gebruik ter wille van die gunstige houding van die teikenmark.

Lim *et al.* (2009:1791) bevind:

Implicitly, it is proposed that recall tends to depend on both processing time and comprehension, while attitude responses improve with comprehension. Hence, marketers who want to enhance recall of ad claims communicated using idioms must ensure that consumers either understand the idioms used or that they have sufficient resources for processing the idiomatic ad. Additionally, marketers intending to use idioms should ensure that consumers are able to comprehend the ad message as conveyed by an idiom’s figurative meaning for enhanced attitude (i.e. idioms used must be familiar and/or decomposable in nature).

Hierdie bevinding het as motivering gedien vir die gebruik van die relevansieteorie (kognitiewe uitdaging teenoor kognitiewe effek/beloning) in die ontleding van die data (letterlikheid teenoor die bemarkingsboodskap) in die ondersoek na Afrikaanstalige idiomatiese uitdrukkings in advertensies.

Mvanyashe (2019) se ondersoek na Xhosa-spreekwoorde en -uitdrukkings meld dat die gebruik van idiomatiese uitdrukkings ’n gevoel van trots kweek. Die veelvuldige gebruik van idiomatiese items wat primêr iets kommunikeer oor die aard van teikenmarklede as ’n groep blyk in kolom E van die analisetabel. *Taaltrots* kom herhaaldelik voor in kolom F as deel van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap, en ’n inherente taaltrots is iets wat in meerdere bronne met Afrikaanssprekendes geassosieer word (vergelyk byvoorbeeld Giliomee (2003) en Steyn (2014)).

Mvanyashe (2019:12) wys daarop dat die studie van Xhosa-idiome ’n bron van inheemse kennis oor die Xhosa-kultuur en -geskiedenis is: “*Idioms and proverbs are a source of indigenous knowledge.*”

’n Toekomstige historiese ondersoek na idiomatiese uitdrukkings in Afrikaans behoort interessante bevindinge te kan oplewer as beelding van die betrokke taalgemeenskap se geskiedenis.

'n Empiriese en neurofisiologiese studie van Ellis, Kuipers, Thierry, Lovett, Turnbull en Jones (2015:1392), gerig op volledig tweetalige Engels/Walliese sprekers, toon dat die taal wat iemand praat direk geskakel word met die kulturele identiteit van die persoon, wat weer 'n direkte impak op prosessering en begrip het. Die skakeling van kulturele identiteit met prosessering (*processing*) en begrip (*comprehension*) is wel relevant vir die analisemodel. Die ondersoek se analise steun primêr op die relevansieteorie van Wilson en Sperber (2004) waarin kognitiewe poging (*effort*) en kognitiewe beloning (*effect*) voorop staan. Die studie van Ellis *et al.* (2015:1394) het 'n beduidende verband tussen taal, kulturele relevansie en waarheidswaarde gevind:

the first demonstration that information intimately linked with the native language (e.g. because of the emotional context in which knowledge is acquired) is processed more readily in that language than in another language acquired subsequently.

'n Studie deur Akanmu (2019), met alkohol-advertensies versamel in Lagos en Ògùn, toon die kontekstualisering en verbande van alkohol-advertensies met erotiek in Nigerië deur die letterlike ankerpunte van die idiome in die advertensies te identifiseer. Die ondersoek van Akanmu was daarop gerig om die stilistiese en kommunikatiewe relevansie van die idiome te identifiseer.

Binne die sosiale identiteitsteorie word aanvaar dat 'n individu terselfdertyd deel is van verskillende groepsidentiteite, maar dat dit wat op die voorgrond in 'n bepaalde konteks is, noodwendig sal wissel. Die ondersoek het egter nie op identiteitsteorie gefokus nie. Vergelyk in hierdie verband die hoofstuk oor identiteit en lidmaatskap in *The Routledge Handbook of Pragmatics* (Van de Mierop, 2017:184-196).

### 3. Analitiese raamwerk aan die hand van die relevansieteorie

Vanuit die pragmatiek is die taalondersoeker bewus van die vereistes van koöperatiewe samewerking en die rol van die relevansieteorie om sinvol te kommunikeer sodat die bedoeling van die spreker die hoorder kan bereik.

Die studie van Ellis *et al.* (2015:1932) waarin pertinent melding gemaak word van die rol van persoonlike identiteit van die individu in die prosessering en begrip van kommunikasie aan hom gerig, vind neerslag in die analise-model waarin aangedui word wat die idiomatiese uitdrukkings deurgaans oor die teikenmarkgebruiker kommunikeer:

Our findings show that even in highly proficient bilinguals, language interacts with factors associated with personal identity, such as culture, to modulate online semantic processing.

#### 3.1 Die relevansieteorie

Die relevansieteorie van Wilson en Sperber (2004) vorm die rugsteun van die teoretiese invalshoek vir die ontleding van ekonomiese taalgebruik, soos tekenend van advertensietaal waarin die relevansie van die enkele (min) talige en visuele tekens die maksimum effek as doelwit het. Die relevansieteorie was die teoretiese basis ook vir die analiseraamwerk. Die analiseraamwerk toon dat die beloning (kognitiewe effek wat setel in die bemarkingsboodskap) van die advertensie verband hou met die mate van inset wat geverg word om 'n relevante boodskap te konstrueer. Die kreatiewe taalgebruik in advertensies vorm as't ware 'n tipe intellektuele spel met slegs die bedoelde teikenmark, wat kognitief beloon voel wanneer hul die geimpliseerde boodskap begryp.

Paragraaf 3.1 bevat 'n oorsigtelike omskrywing van die relevansieteorie (Wilson & Sperber, 2004) en die konstruerte kontekstuele raamwerk, kommunikatiewe doelwit en kognitiewe doelwit as raamwerk vir analise van die advertensievoorbeelde.

Wilson en Sperber (2004) se relevansieteorie staan in Engels ook bekend as “*inferential pragmatics*” en die verwysing na die rol van gevolgtrekking in die vind van relevansie in kommunikasie tussen spreker en hoorder was geldig in die ondersoek na idiomatiese taalgebruik in advertensiekommunikasie. Wilson en Sperber (2004:609) wys pertinent daarop dat hoorders 'n ingeligte raaskoot waag, omdat die vind van relevansie 'n basiese kognitiewe menslike behoefte is wat versterk word deur positiewe kognitiewe effek. In die geval van advertensiekommunikasie setel daardie effek (impak) in die konstruksie van die bedoelde bemarkingsboodskap (kolom F) wat ook setel in die interpretasie van die kontekstuele leidrade.

Wilson en Sperber (2004) onderskei in hierdie verband tussen geïmpliseerde veronderstellings (*implicated premises*) en geïmpliseerde afleidings (*implicated conclusions*).

Assimakopoulos (2017:317) wys in dié verband op die sentrale rol van die spreker (in hierdie geval die handelsmerkeienaar by monde van die kopieskrywer) soos verwoord in die onderskeid tussen *bedoelde sprekerafleidings* (bemarkingsboodskap – my beklemtoning) en *geïmpliseerde veronderstellings*. Die bemarkingsboodskap is geanker in die verwagting van die spreker (handelsmerkeienaar) oor die ontvanger se gedeelde kennis en in dié geval gedeelde kennis van die idiomatiese uitdrukking.

Die geïmpliseerde veronderstelling (herroep en begrip van die idiomatiese uitdrukking – kolom B en D), tesame met die kontekstuele gegewe (onderskrywing en inkoop in die onderliggende gedeelde kennis ingebed in die idiomatiese uitdrukking) is nodig as die ontvanger die bedoelde spreker se bedoeling, oftewel bemarkingsboodskap, wil begryp (kolom F in die analisetabel).

Die relevansieteorie van Wilson en Sperber (2004) steun veral op twee beginsels of vertrekpunte: eerstens die kommunikatiewe beginsel en daarna die kognitiewe beginsel. In terme van die prosessering van byvoorbeeld idiomatiese gedrukte advertensies, moet die bedoelde teikenmark eerstens die boodskap en spesifiek die idiomatiese uitdrukking herken as 'n inherente deel van die advertensie gerig aan die persoon/teikenmarklid wat genoegsaam aandag wil gee. Die kognitiewe beginsel veronderstel dat teikenmarklede aandag gee aan inligting wat hul die relevantste vind binne 'n bepaalde konteks (advertensie) en tweedens hul afleidings baseer op die aspek wat die sterkste positiewe kognitiewe effek teweeg sal bring. Dit hou gevolglik in dat ontvangers of teikenmarklede slegs prosesseer wat vir hulle sin maak, en kognitiewe opsies ignoreer wat vir hul interpretasie minder relevant blyk te wees.

Hierdie sterkste of relevantste interpretasie hou verband met die onderskeid tussen informatiewe en kommunikatiewe intensie. Kontekstueel word aanvaar dat advertensies die informatiewe bedoeling het om iets positiefs te kommunikeer oor die handelsmerk en/of gebruikers van die handelsmerk (Wilson & Sperber, 2004:615-617).

Die kommunikatiewe bedoeling word in die geval van die ondersoek aangedui deur gebruik te maak van reeds bekende idiomatiese uitdrukkings en spreekwoorde in Afrikaanstalige advertensies wat ten doel het om die maksimum kognitiewe effek (beloning) teweeg te bring. Dit hou in dat prosessering stop sodra die kognitiewe effek bereik is. Die eerste stap is die identifisering van die boodskap as 'n advertensie en 'n advertensie gerig op 'n spesifieke Afrikaanstalige mark vertrou met die idiomatiese uitdrukking wat die fokus (aandagpunt) in die advertensie vorm:

From the relevance-theoretic perspective, this suggests that the recognition of a communicative intention instantly triggers the ostension processor, which will in turn

automatically start formulating hypotheses about our communicator's informative intention on the basis of her chosen stimulus. (Wilson & Sperber, 2004:615-617)

Conradie (2013:125) wys in sy ondersoek na intertekstualiteit en metaforiek aan die hand van die relevansieteorie (Wilson & Sperber, 2004) tereg daarop dat dit hier gaan om 'n balans tussen die hoeveelheid kognitiewe inset en kognitiewe beloning aan die ontvanger (teikenmark) en nie noodwendig oor so min as moontlik prosessering of uitdaging nie.

Assimakopoulos (2017:312) verwoord relevansie en gevolglik die interafhanklikheid tussen kognitiewe inset en kognitiewe beloning soos volg: "In this setting, relevance is described as a trade-off between what relevance theorists call positive cognitive effects and processing effort." Assimakopoulos (2017:312), in navolging van die insigte van Wilson en Sperber, wys verder daarop dat hoe groter die kognitiewe effek (beloning) vir die individu is, hoe meer relevant sal die inligting op die betrokke oomblik geag word. Die ander kant van die muntstuk is dat, hoe meer kognitiewe uitdaging (inset) daar van die individu gevra word, hoe minder relevant sal die inligting op die gegewe moment geag word.

Dit is gevolglik belangrik dat kopieskrywers, ook wat die gebruik van idiomatiese uitdrukkings betref, dit sal gebruik wat baie bekend (hoogs geleksikaliseerd) is, of alternatiewelik idiomatiese uitdrukkings waarvan die letterlike waardes (tematiese ankers) begripsmatig die konstruering van 'n relevante bemarkingsboodskap (kognitiewe effek) sal vergemaklik.

Die analisetabel van die *Pendoring*-advertensies in 2019 en 2020 toon in kolom F die bemarkingsboodskap (bedoelde kognitiewe effek) wat op sigwaarde (tematiese ankerpunt, kolom A) heelwat verskil en daarom 'n groot kognitiewe effek (beloning) inhou indien die teikenmarklede vinnig die bedoelde bemarkingsboodskap kon identifiseer, soos aangetoon in kolom F.

Die insigte uit die relevansieteorie sal gebruik word om elke voorbeeld te ontleed wat betref:

- tematiese ankerpunt/letterlikheid;
- kognitiewe poging (*effort*) soos dit neerslag vind in die uitdrukking se geleksikaliseerde betekenis (betekenisverklaring, kategorie D) ook los van die advertensieteks; en
- kognitiewe impak/effek (*effect*) soos vergestalt in die bemarkingsboodskap, kategorie F en dus geïmpliseer deur die idiomatiese uitdrukking se insluiting.

Die geïmpliseerde bemarkingsboodskappe in die datastel sal in die bevindinge geïntegreer word in 'n poging om die veronderstelde gedeelde kennis uit die 2019- en 2020-*Pendoring*-advertensies weer te gee.

Die kennis van die idiomatiese uitdrukking slaan op die gedeelde kennis waaroor daar veronderstel word teikenmarklede reeds beskik (of op inkoop), sodat die idiomatiese uitdrukking relevant sal wees vir die bedoelde bemarkingsboodskap (kolom F).

### 3.2 Analise

'n Derde van die totale 2019- en 2020- gedrukte advertensievoorbeelde uit die *Pendoring*-kompetisie bevat MLI's (idiomatiese uitdrukkings). Die 29 uitdrukkings word in die analisetabel 1 kursief gelys soos wat dit in die opskrif van die advertensie verskyn. Die volledige opskrif (direk aangehaal uit die advertensie) verskyn in kolom C van die analisetabel en waar die idiomatiese uitdrukking slegs 'n deel van die opskrif uitmaak, is die gedeelte (in kolom C) as deel van die opskrif in kursief gedruk.

Die relevante en geïmpliseerde bemerkingsboodskap in elk van die advertensies word in kolom F aangedui. In sommige advertensies/voorbeelde word daar meer as een idiomatiese uitdrukking gestring, soos in die analisetabel blyk (een advertensie bevat byvoorbeeld in voorbeeld 8 en 9 in die tabel verskillende idiomatiese uitdrukkings).

Die letterlike ankerpunt in die soeke na die relevantste betekenis indien die idiomatiese uitdrukking nie bekend aan die ontvanger sou wees nie, word onderstreep. Die letterlike ankerpunt (kolom A) wys op die sprong wat gemaak moet word tussen die letterlike en die geïmpliseerde boodskap (kolom F), of tussen die begrip van die idiomatiese uitdrukking (kolom D) en die geïmpliseerde boodskap (kolom F).

Die voorbeelde blyk almal wat die letterlike aspek betref, verband te hou met verwysings na die volgende vier aspekte: geesteswêreld, diereryk/natuurlewe, kos, menslike kwaliteite (eienskappe).

### 3.3 *Analisetabel*

Die sentrale beginsels van die relevansieteorie, kognitiewe poging (*effort*) teenoor kognitiewe effek (*effect*) en Bosman (2000) se teoretiese onderskeidings is gebruik om al die idiomatiese voorbeelde uit die (gedrukte kategorie) 2019- en 2020- *Pendoring*-argief te ontleed. Die volledige advertensieopskrif verskyn telkens in kolom C.

Die teoretiese konstrakte van die relevansieteorie (kognitiewe poging en kognitiewe effek) is die oorhoofse noemers in die analisetabel.

### 3.4 *Bevindings*

Drie tipes idiomatiese uitdrukkings binne die groter raamwerk van meerwoordige leksikale items (MLI's) in advertensietaal veronderstel bepaalde gedeelde kennis en gee daarom 'n spesifieke beeld van die Afrikaanse taalgemeenskap, maar net vir 'n spesifieke tydgleuf (2019-2020-datstel) en net binne 'n kommersiële en bemerkingskonteks.

Die feit dat die Afrikaanssprekende mark kenmerkend taaltrots is, word ondersteun deur die deurlopende aanwesigheid van die bepaalde drie tipes idiomatiese uitdrukkings in die advertensies as datstel (voorbeelde uit die *Pendoring* 2019-, 2020-argief en in die 91 voorbeelde in die loodsondersoek).

Die eerste bevinding uit die analisetabel sentreer rondom die herhalende tematiese patrone (letterlike verankering) wat geïdentifiseer is in die idiomatiese uitdrukkings in advertensietaal in Afrikaans.

Dieselfde tematiese patrone wat in die voorafondersoek (met 91 voorbeelde) gegeld het, is gebruik (kolom A) in die ontleding aan die hand van die relevansieteorie. Die kategorieë is:

- o Diereryk en natuurlewe
- o Geesteswêreld
- o Kos (Voedsel)
- o Menslike aard: intense emosie, werk en ywer, tuis en ontuis voel

Die kommunikatiewe en kognitiewe aspek van die relevansieteorie (Wilson & Sperber, 2004) maak dit moontlik vir bedoelde teikenmarklede om die relevante bemerkingsboodskap binne die kontekstuele raamwerk van die genre-aard van advertensies te konstrueer.

TABEL 1: (in landskapformaat)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)						Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	G) Handelsnaam
A) Letterlikheid (ter sake nie-kompositionele betekenis); Kos (voedsel); Geesteswêreld; Diereryk/Natuur; Menslike aard.	B) Klassifikasietoepassing binne MLI: <b>Type idiomatiese uitdrukking:</b> B1 Idioom B2 Uitdrukking (ségoed) B3 Spreuk (bybelse aanhaling)	C) <b>Uitdrukking</b> en volledige advertensie-opskrif:	D) <b>Verklaring</b> aan die hand van 'n naslaanbron/verwysings-bron:	E) <b>Teikenmark-beelding</b> aan die hand van die <b>gedeelde kennis</b> ingebed in die idiomatiese uitdrukking:	F) <b>Geimpliseerde bemarkings-boodskap:</b>	<i>Pendoring-reklame-kompetisie</i>	
I. Diereryk/natuur En Menslike aard [tuis/ontuis voel]	Idioom Die kat in die donker knyp.	<i>Pinch the cat in the dark (As dit nie in Engels werk nie, werk dit vir ons.)</i>	Skynheilig wees. Iets ongeoorloofs doen (Prinsloo, 1997:114)	Teikenmark-lede is nie mense wat die kat in die donker knyp nie; Teikenmarklede glo dat sekere dinge net in Afrikaans (hul huistaal) oorgedra kan word.	<i>Pendoring-reklame ondersteun Afrikaanstalige advertensies, want sekere dinge kan net in Afrikaans gekommunikeer word.</i>		

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevantieteorie)					
<b>A)</b> 2. Geesteswêreld En Menslike aard [tuis/ontuis voel]	<b>B)</b> Idioom Die koeël is deur die kerk.	<b>C)</b> <i>The bullet is through the church. (As dit nie in Engels werk nie, werk dit vir ons.)</i>	<b>D)</b> Die besluit is geneem; die saak is beslis. (Botha, Kroes & Winckler, 1994:181)	<b>E)</b> Teikenmarklede glo dat sekere sake nie tydig opgelos /voorkom kan word nie.  Teikenmarklede glo dat sekere dinge net in Afrikaans (hul huistaal) oorgedra kan word.	<b>F)</b> <i>Pendoring</i> -reklame ondersteun Afrikaanstalige advertensies, want sekere dinge kan net in Afrikaans gekommunikeer word.
<b>G)</b> <i>Pendoring</i> -reklame-kompetisie					
<b>3. Kos en Geesteswêreld</b>	<b>Uitdrukking en</b> (bybelse) spreuk Julle is die sout van die aarde; Sout van die aarde (Matt 5:13)	<i>(Cerebos) sout van die aarde</i>	Julle is mense met besondere deugde van wie daar 'n invloed op ander moet uitgaan. (Botha, Kroes & Winckler, 1994:335)	Teikenmarklede vereenselwig hul met die (bybelse) wysshede soos om die sout van die aarde te wees en deugsaaam te wees.	<i>Cerebos</i> is net so 'n noodsaaklike bestanddeel in kos soos die opdrag in die bybel aan gelowiges om God se woord te versprei.

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)					Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
A) 4. Diereryk/ Natuur	B) Idioom Om katjie van die baan te wees.	C) <i>Wees die katjie van die baan.</i>	D) Om die leier te wees by 'n plesierdoenery. (Botha, Kroes & Winckler, 1994:168)	E) Teikenmarklede vereenselwig hul daarmee dat mense na 'n sopie alkohol soms soos die katjie van die baan voel of kan optree.	F) <i>Bos</i> is die perfekte mengeldrankie om saam met alkohol te gebruik en katjie van die baan te voel.	G) <i>Bos</i> -ysteedrankie
5. Diereryk/ natuur	Uitdrukking (Ségoed)  Om die dam onder die eend uit te ruk	<i>Ruk die dam onder die eend uit.</i>	Om oorboord te gaan met iets. (Afrikaner, 2018)	Teikenmarklede vereenselwig hul daarmee dat mense na 'n sopie alkohol soms lekker kan ontspan en byna oorboord kan gaan.	<i>Bos</i> is die perfekte mengeldrankie om saam met alkohol te gebruik en byna 'n bietjie oorboord te kan gaan.	<i>Bos</i> -ysteedrankie
6. Diereryk/ natuur	Uitdrukking (Ségoed)  Om bos te gaan	Gaan <i>Bos</i>	Om wild of woese te kere te gaan. (Quizlet, 2021)	Teikenmarklede het nodig om te ontspan en buite die grense te leef soos in die ongerepte natuurlike bos.	<i>Bos</i> is die perfekte mengeldrankie om saam met alkohol te gebruik en jousef te veroorloof om buite die imperkende grense van ekstreme fasioenlikheid te funksioneer.	

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)						Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)
A) 7. Menslike aard [tuis/ontuis voel]	B) Idioom Om met Jan Tuisbly se karretjie te ry	C) <i>Ons verkies Jan. tuisbly se karretjie</i>	D) Om nie iewers heen te gaan nie, maar tuis te bly. (Botha, Kroes & Winckler, 1994:160)	E) Teikenmarklede verkies in sommige tye om tuis te bly en "veilig" en gemaklik te voel/leef by hul eie huise.	F) <i>Woolworths</i> laat jou tuis voel want hul ondersteun en verkoop plaaslik vervaardigde produkte.	G) <i>Woolworths</i> kettingwinkel
8. Diere-ryk/natuur	Idioom Soos 'n vis op droë grond	<i>Doen jou deel en bewaar ons oseane sodat Jerome nie 'n vis op droë grond word nie (Mami's en Pedi's is nie sy forté nie)</i>	Heeltemal magtelos/ ontuis/ verlore; in 'n omgewing te wees waar jy nie kan aanpas nie. (Botha, Kroes & Winckler, 1994:401)	Teikenmarklede wil tuis en nie uit plek voel waar hul woon en werk nie.	<i>Ocean's preservation society</i> in samewerking met Fisherman's friends (suiglekkers) benodig die ondersteuning van teikenmarklede om die oseane te bewaar van o.a. plastiekvervuiling en ook die werk te behou in die groter vissergemeenskap/-bedryf.	<i>Ocean's preservation organisation</i> gerig op omgewingsbewaring en <i>Fischerman's friend</i> lekkers

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)		Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
A) Menslike aard [tuis/ontuis voel]	B) Idioom Iemand se forte	C) <i>Mani's en Pedi's is nie sy forté nie (Doen jou deel en bewaar ons oseane sodat Jerome nie 'n vis op droë grond word nie)</i>	D) Iemand se sterkpunt (Prinsloo, 1997:57)
		E) Teikenmarklede oordeel dat elke mens sy sterkpunt (werk) en voorkeur (ontspanning) het wat mag verskil van iemand anders s'n.	F) <i>Oceanic preservation society</i> doen 'n beroep op teikenmarklede vir die bewaring van die oseaan se natuurlewe en ter wille van diegene wat afhanklik is van inkomste uit die sec.
10. Diereryk/natuur	Idioom By 'n nooi vlerk sleep/ vlerksleep	<i>Vlerksleep</i> –	Na 'n nooi vry (Prinsloo, 1997:266)
			G) <i>Oceanic preservation</i> organisasie en <i>Fisherma's friend</i> -suiglekkers
			Die selfoontoe-passing, <i>Koer</i> , maak dit moontlik om iemand te vind by wie jy romanties betrokke wil wees en gevolglik wil imponeer.
		Teikenmarklede wat romantiese belangstelling in iemand toon, probeer soos in die natuur die ander persoon te imponeer met allerlei talente.	<i>Koer</i> selfoontoe-passing (vir mense wat 'n lewensmetgesel soek)

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)					Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
A) Geesteswêreld	B) Spreuk (bybelse wysheid): Joh. 8:12 Psalm 119:105 1 Joh. 1:5 Ef. 5:8  Om iets aan die lig te bring.	C) <i>Werp lig op misdad teen vroue</i>	D) Om iets te openbaar (Botha, Kroes & Winckler, 1994:223)	E) Teikenmarklede wil probleme oplos deur dit in die lig/ope te bring.	F) Die organisasie, Safespaces, erken die bydrae wat vroue maak en wil misdaad teen vroue bekamp deur vroue wat slagoffers van misdaad is te ondersteun.	G) <i>Safespaces</i> organisasie gerig op die bekamping van geweld teen vroue
12. Menslike aard [intense emosie]	Idioom Om 'n dik vel te hê/ dikvellig wees.	<i>Dikvellig van kop tot toon</i>	Om ongevoelig te wees vir beledigings/wenke (Botha, Kroes & Winckler, 1994:56)	Teikenmarklede vind dit onaantoonbaar as mense nie sensitief is vir ander en dus dikvellig is.	<i>Veldskoene</i> vellies (skoene) is letterlik sterk genoeg om jou lank en gemaklik aan die stap te hou.	<i>Veldskoene</i> skoene-produk
13. Menslike aard [intense emosie]	Idioom Om hare op die tande te hê	<i>Hare op jou tande, hare op jou vellies</i>	Om baie durf en deursettingsvermoë te hê (Botha, Kroes & Winckler, 1994:125)	Teikenmarklede het waardering vir mense wat psigies sterk is.	<i>Veldskoene</i> vellies (skoene) het letterlik natuurlike vel/hare, want dis van egte leer gemaak.	<i>Veldskoene</i> skoene-produk

TABEL 1: (in landskapformaat) (*vervolg*)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)						Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
<b>A)</b> 14. Diereryk/ natuur en Menslike aard [tuis/ontuis voel]	<b>B)</b> Uitdrukking (Sêgoed) Dis jou dam se ganse.	<b>C)</b> <i>Al jou <u>dam</u> se kanse</i> (inspeling op ganse)	<b>D)</b> Ons kies mense wat soos ons dink en praat. (Ngkwonderboom, 2018) N.a.v. “Birds of a feather flock together.”	<b>E)</b> Teikenmarklede assosieer graag met mense wat soos hul dink en doen.	<b>F)</b> Die <i>Koer</i> selfoon- toepassing sal jou in romantiese kontak bring met die tipe mense van wie jy sal hou en met wie jy kan assosieer.	<b>G)</b> <i>Koer</i> selfoon- toepassing vir mense wat 'n lewensmetgesel wil vind	
15. Kos en Menslike aard [tuis/ontuis voel]	Uitdrukking (Sêgoed) So 'n bek moet <i>jam</i> kry.	<i>So 'n <u>bek</u> kort <u>jam</u></i>	Wanneer iemand iets sê waarmee jy saamstem. ( <i>The South African</i> , 2019)	Teikenmarklede beloon graag mense wat die regte ding op die regte tyd kommunikeer.	Erfenisdag in Suid-Afrika loop hand aan hand met braaikultuur (en braatbroodjies wat soms met kaas en konfynt ( <i>jam</i> ) gemaak word.)	<i>Erfenisdag</i> 24 September (Suid-Afrika)	
16. Kos	Uitdrukking (Sêgoed) Jou brood aan albei kante gebottter hê.	<i>Jy kan jou brood aan albei kante gebottter hê</i>	Om dit gelukkig te tref, meer as wat jy verdien (Afrikaanse spreekwoorde, s.j.)	Teikenmarklede onderskryf billik- heid met die implikasie dat daar gevolge is vir keuses wat mense uitoefen.	Erfenisdag in Suid-Afrika loop hand aan hand met braaikultuur en braatbroodjies (wat sommige mense wel aan die buite- en binnekant bottter.)	<i>Erfenisdag</i> 24 September (Suid-Afrika)	

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevante teorie)						Kognitiewe effek (effect in die relevante teorie)
A) Menslike aard [intense emosie]	B) Idioom Om sterk te staan	C) 'n <i>Man wat sterk staan vir sy gesin</i>	D) Om in 'n stewige posisie te wees (Botha, Kroes & Winckler, 1994:350)	E) Teikenmarklede bewonder mans wat gesinswaardes onderskryf en hul nie skuldig maak aan gesinsgeweld nie.	F) <i>Carling Black Label</i> is die bier vir mans wat hul manlikheid wys in 'n moeilike tyd sonder alkohol (Covid 19) en steeds hul gesinslede se belange dra.	G) <i>Carling Black Label</i> -bierveldtog teen gesinsgeweld
18. Menslike aard [intense emosie]	Idioom Om snot en trane te huil	<i>Salmon snot en trane: Kom vir die kos, bly vir die drama</i>	Om verskriklik te huil (Botha, Kroes & Winckler, 1994:331)	Teikenmarklede erken en begryp intense emosie en het 'n nuuskierigheid oor wat agter die emosie skuil.	DSTV se kanaal 101 bied 'n eksotiese kosprogram wat naas eksotiese bestanddele soos salm ook intense emosie met snot en trane insluit.	DSTV- televisiekanal
19. Kos (smake – koffie) en Menslike aard [intense emosie]	Uitdrukking (Ségoed) Iemand is 'n bitterbek.	<i>Iemand is 'n bitterbal</i>	“Bitterbek” is ook 'n rassistiese term aldis die WAT alhoewel die betekenis nie hier wees nie (“bitter mouth”, <i>brown or black person</i> )	Teikenmarklede het 'n afkeer in mense met 'n suur/ bitter lewenshouding.	<i>Ricoffy</i> -koffie-drinkers is aangenam kollegas ook by die werk wanneer daar koffiepouse is.	<i>Ricoffy</i> -kitskoffie

**TABEL 1:** (in landskapformaat) (*vervolg*)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)						Kognitiewe effek (effect in die relevansieteorie)
A)	B)	C)	D)	E)	F)	G)
20. Diereryk/ natuur	Idioom 'n Gat van jou/ iemand maak.	<i>Jy maak jou naam gat</i>	Jou (iemand) belaglik maak (Prinsloo, 1997:60)	Teikenmarklede se (goeie) naam is vir hul belangrik en hul sal dit nie in oneer wil bring nie.	<i>Ricoffy</i> -drinkers hoef nie verleë te voel oor hul smaak voor ander mense en hul kollegas nie.	
21. Menslike aard [intense emosie] en Geesteswêreld	Uitdrukking (Sêgoed) en (bybelse) spreuk Inspeling: Iemand het 'n swart siel. Matt. 6:21 Luk. 6:45 Spr. 4:23	<i>Sy siel is swart</i>	Hy is "suiwer van hart/ goeie hart" word algemeen gebruik.	Teikenmarklede het 'n afkeur van mense wat nie (bybelse) lig uitstraal nie.	Teikenmarklede verkies koffie bo tee en drink ook teetyd <i>Ricoffy</i> .	<i>Ricoffy</i> -kitskoffie
22. Menslike aard [tuis/ontuis voel]	Uitdrukking (Sêgoed)  Soort soek soort; en	<i>'n Boetie en 'n bhuti stap by 'n kroeg in. 'n Slagter en 'n veganis stap in 'n kroeg in.</i>	Eenderse mense gaan graag met mekaar om (Botha, Kroes & Winkler, 1994:334)	Teikenmarklede met dieselfde lewensuiptyk, sal normaalweg ook saam sosiaal verkeer bv. in 'n kroeg/by sosiale geleenthede.	Met <i>Castle</i> -bier sal mense wat baie verskil ten opsigte van lewensuiptyk ook vriende wees en saam sosiaal verkeer.	<i>Castle</i> -bier

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)					Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
A)	B)	C)	D)	E)	F)	G)
23. Kos en Menslike aard [tuis/ontuis voel]	Meng jou met die semels, dan vreet die varke jou. en (bybelse) spreuk Spr. 13:20	<i>'n Sangoma en 'n chirurg stap in 'n kroeg in. 'n Bleskop en 'n haarkapper stap in 'n kroeg in.</i>	Om baie gasvry te wees (Botha, Kroes & Winckler, 1994:365)	Teikenmarklede is van die opinie dat naasteliefde en gasvryheid im- pliseer mense eet saam ongeag hoe min jy te deel het.	<i>Micro (NGO) her- inner mense in die arm gemeenskap in Mitchellsplein aan die hoop wat daar bestaan in die gemeenskap se aard ten spyte van kriminaliteit.</i>	<i>Micro (NGO) organisasie gerig op arm gemeenskappe</i>
24. Menslike aard [intense emosie]	Uitdrukking (Sêgoed) Sekere emosies soos pyn is universeel in enige taal	<i>Pyn praat in elke taal</i>	Elke hart het sy eie smart: elke persoon het sy eie moeilikheid. (Die "hart" in Afrikaanse uitdrukkings en idiome, 2014)	Teikenmarklede onderskrif die bestaan van universele menslike emosies soos pyn (liefde, hartseer, ens)	<i>Benadryl kan verskeie soorte pyn as gevolg van insekbyte verlig vir verskillende mense.</i>	<i>Benadryl medisinale salf</i>

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)					Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)	
A) Menslike aard [tuis/ontuis voel en ywer/ werk]	B) Uitdrukking (Ségoed) Om iets in die hoogste rat te doen.	C) ( <i>Virseker: <u>Jou</u> mense, <u>Jou taal</u> Karversekering <u>in</u> <u>die hoogste rat</u></i> )	D) <i>“In hoogste rat” word wel baie gebruik in die media.</i>	E) Teikenmarklede is trots Afrikaans en het waardering vir prosesse en diens wat teen die beste kapasiteit gelewer word.	F) <i>Virseker</i> is trots Afrikaans en lewer uitmuntende diens wat ook motorversekering insluit.	G) <i>Virseker</i> versekerings- makelaar
26. Menslike aard [tuis/ontuis voel] en Diereryk/ natuur en Geesteswêreld	Uitdrukking (Ségoed) en (Bybelse) Spreuk Spr. 16:9 Spr. 19:21	( <i>Virseker: <u>Jou</u> mense, <u>Jou mense</u> <u>Jou taal</u> <i>Ons is daar vir jou <u>mooiweersdae</u> en <u>donderslag-</u> <u>oomblikke</u></i></i> )	Mooiweers- vriende: wanneer jy vriendelik is met iemand t.w.v. eie voordeel. Mooiweers-dae: samenstelling wat dui op aangename, sonnige of lekker weer. (Taaltoffie: “Mooiweer” of “mooi weer”?) 2013)	Teikenmarklede is trots Afrikaans en het waardering vir onder steuning en diens in moeilike tye en nie net tye van voorspoed nie.	<i>Virseker</i> is trots Afrikaans en lewer gemoedsrus vir die onvoorsiene dinge in die toekoms.	<i>Virseker</i> versekerings- makelaar

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)		Kognitiewe effek (effect) in die relevansie-teorie)	
A) 27. Geesteswêreld	B) Spruk (bybelse wysheid): Moet jou nie oor die dag van môre bekommer nie. Matt. 6:25-26	C) <i>(Virseker: Jou mense, jou taal)</i> <i>Ons is daar vir jou</i> tevredenheid met vandag en wonder oor môre	D) Donderslag-oom-blikke (onvoorsiene, verwy-sings in Spruke) Van die dood in die wêreld gekom het, is 'n mens nie seker van jou lewe nie: 'n mens kan nooit seker wees wat in die toekoms sal gebeur nie. (Afrikaanse idioome met hul verklarings, s.j.) en inspeling op die teenoorgestelde as die teksvers: "Met die helm gebore wees" (gawe om om voorruit te sien) (Afrikaanse idioome met hul verklarings, s.j.)
		E) Teikenmarklede is trots Afrikaans en het waardering vir dinge van die hede en begryp dat die toekoms onseker is vir die mens.	F) <i>Virseker</i> is trots Afrikaans en waarborg goeie diens in die hede en die toekoms.
			G) <i>Virseker</i> versekerings-makelaar

TABEL 1: (in landskapformaat) (vervolg)

Kognitiewe poging (effort in die relevansieteorie)			Kognitiewe effek (effect in die relevansie-teorie)		
A) Geesteswêreld en Menslike aard [Tuis/ontuis voel]	B) Uitdrukking (Ségoed) en Spreuk (bybelse wysheid):  Drome droom en gesigte sien Joël 2:28	C) ( <i>Virseker: <u>Jou</u>, <u>mense</u>, <u>Jou taal</u></i> ) <i>Ons is daar vir jou woorde van vandag en drome van môre.</i>	D) Van die dood in die wêreld gekom het, is 'n mens nie seker van jou lewe nie: 'n mens kan nooit seker wees wat in die toekoms sal gebeur nie. (Afrikaanse idioome met hul verklarings, s.j.)	E) Teikenmarklede is trots Afrikaans en wil voorsiening maak vir die toekoms.	G) <i>Virseker</i> versekeringsmakelaar
29. Menslike aard [Ywer/werk] en Geesteswêreld	Spreuk (bybelse wysheid)  Genesis 3:19	<i>(Virseker: Jou mense, jou taal)</i> <i>Ons is daar vir jou sweet van jou aangegisig en trots-op-jou-eie-plekkie</i>	Jou brood in die sweet van jou aangegisig eet: baie swaar 'n bestaan maak. (Afrikaanse idioome met hul verklarings, s.j.)	Teikenmarklede is trots Afrikaans en is van mening dat 'n mens se harde werk beloon word en hul het waardering vir hul woonplek as tuiste om op trots te wees.	<i>Virseker</i> versekeringsmakelaar <i>Virseker</i> versekeringsmakelaar
					F) <i>Virseker</i> is trots Afrikaans en deel 'n passie vir Afrikaans en teikenmarklede se voorsiening vir die toekoms van hul kinders.
					<i>Virseker</i> is trots Afrikaans en begryp die finansiële risiko's van huiseienaarskap.

Hoe minder relevant die konvensionele en geleksikaliseerde idiomatiese uitdrukking (kolom B en D) vir die geïmpliseerde bemarkingsboodskap (kolom F) is, hoe groter die uitdaging en hoe meer kognitiewe inset sal van die teikenmark vereis word, aldus die relevansieteorie. 'n Nabye verhouding tussen konvensionele betekenis en die bemarkingsboodskap is dus geldig om die bemarkingsdoelwit te bereik.

Die tweede bevinding het te make met die (ver)beelding van die teikenmark. Die vereenvoudigde beelding uit die 29 idiomatiese uitdrukkings (ondersteun deur die voorafondersoek se 91 advertensies) van die bedoelde teikenmark sou soos volg verwoord kon word:

Die bedoelde Afrikaanstalige teikenmarklid in 2019 en 2020 het/is een of meer van die volgende kenmerke (maar nie noodwendig almal nie):

- 'n taaltrots wat 'n aktiewe idiomatiese taalkennis insluit;
- 'n liefhebber van die natuur-/diereryk;
- iemand wat graag saam ander eet/sosiaal verkeer, tyd, ensovoorts;
- 'n geestelike bewussyn en/of aktiewe kennis van die Bybel; en
- 'n menslike aard wat vertrou is met (intense) emosie, glo aan harde werk (ywer) en 'n waardering vir die gevoel van tuis wees.

Die derde bevinding hang saam met die beelding uit die advertensies, wat geblyk het slegs op die teikenmarkgebruiker te fokus en nie op die handelsmerk nie. Die begrip van die idiomatiese uitdrukking word as gedeelde kennis beskou waarop die teikenmark moet inkoop om sin te maak van die geïmpliseerde bemarkingsboodskap.

Daar word algemeen in advertensieteorie aanvaar dat teikenmarklede gedefinieer word deur die handelsmerke wat hul gebruik/koop. (Vergelyk ook die inleiding in Myers, 1994.) Die taalgebruik in die voorbeelde definieer dus ook die teikenmarkgebruiker. Taalkeuses in advertensies en die gebruik van hoërde taalvorms soos idiomatiese uitdrukkings is in dié verband ook 'n vorm van marksegmentering. Slegs bedoelde teikenmarklede sal die idiomatiese uitdrukkings herken en/of die kognitiewe inset lewer om by die relevante bemarkingsboodskap (kognitiewe effek, kolom F), aldus die relevansieteorie te arriveer.

#### 4. Slot

Die kognitiewe sprong tussen die letterlikheid (betekenis) van 'n MLI (idiome, spreekwoorde, uitdrukkings) en die geïmpliseerde bemarkingsboodskap strek konsekwent wyd soos duidelik is in die analyses (in tabel 1). Dit is egter juis in hierdie (groter) afstand waarin die kognitiewe beloning (intellektuele spel) van die ontvanger (teikenmark) gesetel is. Ten spyte van die oënskynlike kognitiewe uitdagings in terme van interpretasie om die geïmpliseerde bemarkingsboodskap te bereik, is die verhoogde effek (in terme van die relevansieteorie) die risiko werd vir die spreker, oftewel die handelsmerkeienaar.

Die taalgebruik in die advertensie skakel na aanleiding van die bevindinge direk met hoe die teikenmarklede in kolom E voorgestel (geteken) word. Die teikenmark van die Afrikaanstalige advertensies kan dus uit die *Pendoring*-reklamekompertisie se voorbeelde in 2019 en 2020 oorhoofs soos volg beskryf word:

- Teikenmarklede is nie mense wat die kat in die donker knyp nie; hulle is eerlik.
- Teikenmarklede glo dat sekere dinge net in Afrikaans (hul huistaal) oorgedra kan word.
- Teikenmarklede glo dat sekere sake nie tydig opgelos/voorkom kan word nie.

- Teikenmarklede vereenselwig hulle met die (bybelse) wysshede soos om die sout van die aarde te wees en deugszaam te wees.
- Teikenmarklede vereenselwig hulle daarmee dat mense na 'n sopie alkohol soms soos die katjie [Kaatjie] van die baan voel of kan optree.
- Teikenmarklede vereenselwig hulle daarmee dat mense na 'n sopie alkohol soms lekker kan ontspan en byna oorboord kan gaan.
- Teikenmarklede het nodig om te ontspan en soms in die ongerepte natuurlike bos te leef.
- Teikenmarklede verkies soms om tuis te bly en “veilig” en gemaklik by hul eie huise te voel/leef.
- Teikenmarklede wil tuis en nie uit plek voel waar hul woon en werk nie.
- Teikenmarklede oordeel dat elke mens sy sterkpunt (werk) en voorkeur (ontspanning) het, wat mag verskil van iemand anders s'n.
- Teikenmarklede wat romantiese belangstelling in iemand toon, probeer soos in die natuur die ander persoon met allerlei talente te imponeer.
- Teikenmarklede wil probleme oplos deur dit in die lig/ope te bring.
- Teikenmarklede vind dit onaanvaarbaar as mense nie sensitief is vir ander nie en dus dikvellig is.
- Teikenmarklede het waardering vir mense wat psigies sterk is.
- Teikenmarklede assosieer graag met mense wat soos hul dink en doen.
- Teikenmarklede het waardering vir mense wat die regte ding op die regte tyd kommunikeer.
- Teikenmarklede onderskryf billikheid, met die implikasie dat daar gevolge is vir keuses wat mense uitoefen.
- Teikenmarklede bewonder mans wat gesinswaardes onderskryf en hul nie skuldig maak aan gesinsgeweld nie.
- Teikenmarklede erken en begryp intense emosie en het 'n nuuskierigheid oor wat agter die emosie skuil.
- Teikenmarklede het 'n afkeer van mense met 'n suur/bitter lewenshouding.
- Teikenmarklede se (goeie) naam is vir hul belangrik en hul sal dit nie in oneer wil bring nie.
- Teikenmarklede het 'n afkeer van mense wat nie (bybelse) lig uitstraal nie.
- Teikenmarklede met dieselfde lewensuitkyk, sal normaalweg ook saam sosiaal verkeer bv. in 'n kroeg/by sosiale geleenthede.
- Teikenmarklede is van die opinie dat naasteliefde en gasvryheid impliseer dat mense saam eet, ongeag hoe min jy te deel het.
- Teikenmarklede onderskryf die bestaan van universele menslike emosies soos pyn (liefde, hartseer, ens.).
- Teikenmarklede is trots Afrikaans.
- Teikenmarklede het waardering vir prosesse en diens wat teen die beste kapasiteit gelewer word.
- Teikenmarklede het waardering vir ondersteuning en diens in moeilike tye en nie net in tye van voorspoed nie.
- Teikenmarklede het waardering vir dinge van die hede en begryp dat die toekoms onseker is vir die mens.
- Teikenmarklede wil voorsiening maak vir die toekoms.
- Teikenmarklede is van mening dat 'n mens se harde werk beloon word.
- Teikenmarklede heg waarde aan 'n woonplek as tuiste om op trots te wees.

## BIBLIOGRAFIE

- Akanmu, D. 2019. Communicative and stylistic potential of New Yoruba idioms and idiomatic expressions on the label of alcoholic drinks. *Jurnal Arbitrer*, 6(2). <http://arbitrer.fib.unand.ac.id> [25 Maart 2021].
- Assimakopoulos, S. 2017. In Barron, A, Gu, Y & Steen, G. (eds). *The Routledge handbook of pragmatics*. London: Routledge.
- Barron, A, Gu, Y & Steen, G. (eds). *The Routledge handbook of pragmatics*. London: Routledge.
- Beter Afrikaans. s.j. <https://beterafrikaans.co.za/website/index.php?pag=187> [5 April 2021].
- Beuke-Muir, C. 1999. Afrikaanse Spreekwoorde en uitdrukkings: 'n makrostrukturele beskouing. *Lexikos*, 9:258-268.
- Bosman, N. 2000a. Die MLI in Afrikaans. Deel 1: Kenmerke en definiëring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(1):27-38.
- Bosman, N. 2000b. Die MLI in Afrikaans. Deel 2: Verskillende soorte MLI's – die kerngroep. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(2):115-127.
- Bosman, N. 2000c. Die MLI in Afrikaans. Deel 3: Verskillende soorte MLI's: 'n randgroep en 'n paar spesiale soorte. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(3):213-224.
- Botha, RP, Kroes, G & Winckler, CH. 1994. *Afrikaanse idioome en ander vaste uitdrukkings*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.
- Conradie, MS. 2013. Signposting the inferencing route: a relevance theoretic analysis of intertextuality and metaphors in print advertising. *Acta Academica*, 45(2):122-149.
- De Wet, J. 2010. *Wat praat jy! Afrikaanse idioome, gesegdes en vaste uitdrukkings met verklarings*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Dictionary.com*. <https://www.dictionary.com/browse/advertising>. [21 April 2021].
- Die Bybel in Afrikaans*. Hersiene uitgawe. 1964. Kaapstad, Johannesburg, Durban: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel – Nuwe vertaling*. 1983. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.
- Die "hart" in Afrikaanse uitdrukkings en idioome*. 2014. <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/idiome-en-uitdrukkings/die-hart-in-afrikaanse-uitdrukkings-en-idiome/> [5 April 2021].
- Ellis, C, Kuipers, JR, Thierry, C, Lovett, V, Turnbull, O & Jones, MW. 2015. Language and culture modulate online semantic processing. *Social Cognitive and Affective Neuroscience*, 10(10):1392-1396. <https://doi.org/10.1093/scan/nsv028> [26 Maart 2021].
- Gesegdes.co.za*. s.j. <http://www.gesegdes.co.za/watiswat.html> [5 April 2021].
- Giliomee, H. 2003. *The Afrikaners. Biography of a People*. London: Hurst & Company.
- Goshkheteliani, I. 2013. Lingua-cultural approach to teaching English idioms to Georgian students. *Revista Espanola de Linguistica Aplicada*, 13. <http://doi.org/10.13140/RG.2.2.11591.60328> [2 April 2021].
- Goshkheteliani, I. 2019. Culture as reflected in Somatic idioms. *Filolog*, 20(20):17-33. <http://doi.org/10.21618/fil1920017g> [2 April 2021].
- Harteveld, P & Van Niekerk, AE. 1995. Policy for the Treatment of Insulting and Sensitive. Lexical Items in the Woordeboek van die Afrikaanse Taal. *Lexikos*, 5:249-266. <http://lexikos.journals.ac.za> [5 April 2021].
- Horn, LR & Ward, G. (eds). 2004. *The handbook of Pragmatics*. Oxford: Blackwell.
- Koslow, S, Sasser, SL & Riordan, EA. 2006. Do marketers get the advertising they need or the advertising they deserve? Agency views of how clients influence creativity. *Journal of Advertising*, 35(3): 81-102.
- Lim, EAC, Ang, SH, Lee, YH & Leong, SW. 2009. Processing idioms in advertising discourse: effects of familiarity, literality, and compositionality on consumer ad response. *Journal of Pragmatics*, 41(9):1778-1793.
- Mathiot, M. 1967. The place of the dictionary in linguistic description: problems and implications. *Language*, 43:703-724.
- Mvanyashe, A. 2019. IsiXhosa proverbs and idioms as a reflection of indigenous knowledge systems and an education tool. *Southern African Journal for Folklore Studies*, 29(2). <https://upjournals.co.za/index.php/SAJFS/article/view/5615> [3 April 2021].

- Ngkerkwonderboom*. 2018. <https://ngkerkwonderboom.co.za/www/index.php/argiewe/dagstukkie/2283-ons-en-hulle> [20 April 2021].
- Pendoring-reklame*: <https://www.pendoring.co.za/> [13 Februarie 2021].
- Prinsloo, AF. 1997. *Afrikaanse spreekwoorde en uitdrukkings: met Engelse ekwivalente en 'n omvattende tweetalige indeks*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.
- Quizlet*. 2021. <https://quizlet.com/165117483/afrikaans-chapter-7-flash-cards/> [20 April 2021].
- Steyn, JC. 2014. "Ons gaan 'n taal maak": *Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal Uitgewers.
- Taaltoffie*: "mooiweer" of "mooi weer"? 2013. <https://maroelamedia.co.za/afrikaans/taaltoffie/taaltoffie-mooiweer-mooi-weer/> [20 April 2021].
- The South African*. 2019. <https://www.thesouthafrican.com/lifestyle/afrikaans-idioms-translated-to-english/> [20 April 2021].
- Van De Mieroop, D. 2017. In Barron, A, Gu, Y & Steen, G (eds). *The Routledge handbook of pragmatics*. London: Routledge.
- Van Mulken, M, Van Enschoot, R & Hoeken, H. 2005. Puns, relevance and appreciation in advertisements. *Journal of Pragmatics*, 37:707-721.
- Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. 2021. <https://www.pharosaanlyn.co.za/tuis> [5 April 2021].
- Wilson, D & Sperber, D. 2004. In Horn, LR & Ward, G (eds). *The handbook of Pragmatics*. Oxford: Blackwell.
- Zgusta, L. 1967. Multiword Lexical Units. *Word*, 23:578-587.
- Zgusta, L. 1971. *A Manual of lexicography*. Den Haag: Mouton.

# 'n Verkenning van multimodale metafore in die poësiefilm *Stad in die mis* (Opperman)

*Investigating multimodal metaphors in the poetry film "Stad in die mis" (Opperman)*

LINETTE VAN DER MERWE

Departement Geesteswetenskaplike Opvoedkunde

Universiteit van Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: linette.vandermerwe@up.ac.za



Linette van der Merwe

**LINETTE VAN DER MERWE** is dosent in die Fakulteit Opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria by die Departement Geesteswetenskaplike Opvoedkunde. Sy is tans besig met haar PhD-navorsing betreffende multimodale metafore in *Filmverse I en II*, 'n poësie-animasieprojek van die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging). Sy doseer Geletterdhede in die Onderwys, Taalmetodologieë en Toegepaste Taalkunde op voorgraadse en nagraadse vlak. Linette dien as voorsitter van die Pretoria Werkgemeenskap Komitee van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en kuns en is ook die voorsitter van die Orde van den Prince, 'n Vlaams-Nederlandse vereniging vir die bevordering van die Nederlandse taal en kultuur.

**LINETTE VAN DER MERWE** is a lecturer in the Faculty of Education at the University of Pretoria in the department Humanities Education. For purposes of a PhD she is currently researching the topic of multimodal metaphors in *Filmverse I and II*, a poetry animation project by the ATKV (Afrikaans Language and Culture Association). She teaches Literacies in Education, Methodology of Languages as well as Applied Language Studies at undergraduate and postgraduate levels. Linette serves as chair of the Pretoria Werkgemeenskap Committee of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns and acts as the chairperson of the Orde van den Prince, a Flemish-Dutch society for the promotion of the language and culture of the Netherlands (Belgium and the Netherlands).

**Datums:**

Ontvang: 2021-06-28

Goedgekeur: 2021-10-15

Gepubliseer: Desember 2021

**ABSTRACT*****Investigating multimodal metaphors in the poetry film “Stad in die mis” (Opperman)***

*Visual artists, performing artists and literary artists have been inspiring one another since time immemorial. Simonides of Keos (c. 556-468 BC) confirmed this in his “poema pictura loquens” – “a poem is a talking picture” or in a more modern expression, “a picture is worth a thousand words”. Jonckheere (1989) calls this an ancient relationship, and Vanbrussel (1972) holds the opinion that imitating one art form to create another art form is a form of translation, transposition, contemplation, and discovery of artistic impressions, showing parallel interpretations rather than physical comparison.*

*Kress and Van Leeuwen (2001) define multimodality as “[t]he use of several semiotic modes in the design of a semiotic product or event”. It is this kind of research (see Kress & Van Leeuwen (2001), Jewitt (2009) and O’Halloran & Smith (2010) in the field of multimodal studies in the social semantic tradition that forms the nucleus of multimodality). O’Halloran and Smith (2010) note that cross-pollination between disciplines increased during the 21st century, and that interdisciplinary and transdisciplinary cooperation are at the core of research and social challenges. Jewitt (2013) adds to this by defining multimodality as “an interdisciplinary approach that understands communication and representation to be more than about language”. The poetry film as a transposed verbal text to a multimodal text can be viewed as a hybrid, transdisciplinary and multimodal artform, combining poetry and film. Cook (2017) emphasised the fact that poetry film is an intertwined entity of word, sound, and visual image. It is an attempt to transpose and transform a poem to become a new artwork that makes the poem more accessible to people who are not necessarily open to the written word and will in effect attract a larger audience to a genre that usually has a limited market.*

*Animated poetry film is a goldmine for discovering, amongst others, multimodal metaphors, particularly because it uses a vast variety of creative modes of meaning-making modes. It is well-known that conventional researchers of the Conceptual Metaphor Theory (CMT) limit their studies mainly to the conceptual metaphor as a verbal-linguistic expression. Little to no attention is paid to the nonverbal manifestations of metaphors as such (Jacobs et al., 2013: 490). Forceville (1996, 2002, 2006, 2008, 2009) and other researchers (Carrol, 1994; Cienki & Müller, 2006; Zbikowski, 2008; Koller, 2009; El Refaie, 2009; Urios-Aparisi, 2009 among others) use the CMT as a conceptual framework for the research of multimodal metaphors. Forceville (2002) defines multimodal metaphor as follows: “A phenomenon that is experienced as a unified object or gestalt is represented in its entirety in such a manner that it resembles another object or gestalt even without contextual cues.” Various source- and target domains in verbal language are used, as well as domains in nonverbal communication, sounds and music to irrefutably form a complex network through which meaning is created.*

*This article explores poetry film as a multimodal translation/transposition of a poem text into an animated poetry film with specific reference to Jac and Wessel Hamman’s poetry film by DJ Opperman, “Stad in die Mis”, and the extent to which multimodal metaphors are present in the transposed version.*

**KEYWORDS:** Poetry film, animated poetry film, poetic metaphor, conceptual metaphor, monomodal metaphor, multimodal metaphor, semiotic metaphor, multimodality

**TREFWOORDE:** Poësiefilm, geanimeerde poësiefilm, poësiemetafoor, konseptuele metafoor, monomodale metafoor, multimodale metafoor, semiotiese metafoor, multimodaliteit

## OPSOMMING

Visuele kunstenaars, uitvoerende kunstenaars en literêre kunstenaars het mekaar oor die eeue heen geïnspireer. Jonckheere (1989) noem dit ’n oeroue verbintenis en Vanbrussel (1972) is van mening dat die produk wat geskep word vanweë die inspirasie as ’n tipe vertaling, transponering en ondersoek na dieper betekenis beskou moet word. Die poësiefilm as ’n vorm van ’n vertaling van die woordteks na ’n beeldteks, kan benader word as ’n hibriede, transdissiplinêre en multimodale kunsvorm wat die poësie en film met mekaar verbind. In die besonder geanimeerde poësiefilms bied ’n vrugbare ontdekkingsveld vir die verkenning van multimodale metafore. Die draai van die millennium het ’n toename in die belangstelling in die ondersoek van multimodale kommunikasie met betrekking tot die onderskeie semiotiese modusse teweeggebring. Forceville (2015) is van mening dat animasiefilms ideaal is vir die ondersoek van beeldskemas wat op multimodale metafore betrekking het. Die keuse van die poësiefilm as toepassingsdomein stel in die vooruitsig dat kennis ontwikkel word met betrekking tot multimodale metafore in Jac en Wessel Hamman se poësiefilm van DJ Opperman se “Stad in die mis”.

### 1. Inleiding

Oor die eeue heen het visuele kunstenaars, woordkunstenaars en uitvoerende kunstenaars mekaar wederkerend geïnspireer. Simonides van Keos (c. 556-468 v.C.) se uitspraak, “poema pictura loquens” – die gedig is ’n pratende beeld – en die bekende Engelse gesegde “a picture is worth a thousand words” bevestig immers die onderlinge betrekking tussen die woordkuns en die beeldende en uitvoerende kunste. Die produk wat tot stand kom as gevolg van die inspirasie tussen kunsvorme kan beskou word as ’n tipe vertaling, transponering, oordenking en ontdekking van artistieke indrukke wat navorsers lei tot inter- en transdissiplinêre navorsing.

Die draai van die millennium het ’n toename en belangstelling in die ondersoek van veral multimodale kommunikasie met betrekking tot die onderskeie semiotiese modusse teweeggebring. Die analise van multimodale diskoers betrek as sodanig gedetailleerde inligting wat elkeen van die betrokke modusse (visuele beeld, gebare, gesproke en geskrewe taal, klank, musiek en so meer) in die boodskap oordra. Gegewe die alomteenwoordigheid van visuele tekens in die eietydse kommunikasielandskap, is dit nie verbasend dat visuele metafore al hoe meer die fokus van ondersoek geword het nie. Steen (2015:69) bevestig dat verskeie navorsers hulle werk toenemend interdissiplinêr fokus en dat multimodaliteit ’n natuurlike vertakking daarvan is. Verder wys Steen (2015) daarop dat die etiket *multimodale metafoor* as sodanig voldoen aan die huidige tendense binne metafoornavorsing.

In hierdie artikel word die poësiefilm as ’n multimodale vertaling/transponering van ’n gedigteks na ’n geanimeerde poësiefilm verken, met spesifieke verwysing na Jac en Wessel Hamman se poësiefilm van DJ Opperman se gedig “Stad in die mis” (*Filmverse II*, 2016); daar word nagegaan in welke mate die multimodale metafore geïdentifiseer, ontleed en gekategoriseer kan word.

’n Oorsig oor die kernkonsepte ter sprake word eers gegee, waarna die konseptuele metafore in Opperman se gedig, “Stad in die mis” bespreek word en laastens word die multimodale metafore in die gelyknamige geanimeerde poësiefilm (Hamman & Hamman in *Filmverse II*, 2016) ondersoek.

## 2. Begripsverheldering en agtergrond

### 2.1 Multimodaliteit

Multimodaliteit behels die gelyktydige lees, produksie en/of interaksie met 'n verskeidenheid modusse (gedrukte media, beelde, beweging, grafika, animasie, klank, musiek en gebare). Daar word dikwels na hierdie verskeidenheid van modusse verwys as semiotiese bronne (Kress & van Leeuwen, 2001) omdat die modusse simboolsisteme is waarbinne betekenisgewing plaasvind.

### 2.2 Multimodale metafore (MMM)

Forceville (2008a) definieer die fenomeen *multimodale metafoor* soos volg:

A phenomenon that is experienced as a unified object or gestalt is represented in its entirety in such a manner that it resembles another object or gestalt even without contextual cues.

Forceville (2006:358) wys daarop dat die meerderheid multimodale metafore se doel- en brondomeine terselfdertyd binne meer as een modus manifesteer. Volgens Forceville (2009:24) is 'n multimodale metafoor per definisie 'n metafoor waar die basisdomein en die doeldomein elkeen eksklusief en oorwegend gelyktydig in meer as een modus geskep word (MMM word in paragraaf 3 in meer besonderhede bespreek).

### 2.3 Poëtiese / literêre metafore

Die Konseptuele Metafoorteorie (KMT) berus daarop dat taalgebruikers se hele konseptuele stelsel, wat gedryf word deur gedagtes en handelinge, staatmaak op 'n sisteem van metaforiese ekstrapolering van konkrete na abstrakte kennis na aanleiding van sistematiese kruisdomein-kartering. Lakoff en Turner (1989) stel dat literêre, oorgesetsynde poëtiese taalgebruik, nie eksklusief behoort tot die letterkunde nie, omdat taalgebruikers dieselfde konseptuele denkprosesse met digters deel. Hulle stel voor dat metaforiese kreatiwiteit in die poësie die resultaat is van vier konseptuele meganismes waarvan digters gebruik maak om konseptuele metafore te manipuleer, te wete verlenging, uitbreiding, bevraagtekening en samestelling (Lakoff & Turner, 1989:68-70).

### 2.4 Poësiefilm

Die konsepte poësiefilm, filmpoësie, videopoësie, poësievideo, kuberpoësie, cine-poësie, kinetiese poësie, digitale poësie is enkele van vele neologismes wat gebruik word om 'n naam te gee aan dié hibriediese, transdissiplinêre kunsvorm. In die literatuur word daar 'n onderskeid getref tussen die konsepte poësiefilm en filmpoësie. In die geval van filmpoësie word die film eerste gekonseptualiseer en daarna vind die filmmaker die gepaste gedig om die visuele beelde te komplementeer (Wees, 1984:110). Poësiefilms daarenteen, begin met die filmmaker se besluit om 'n bestaande gedig te gebruik as die bron, of te wel die draaiboek vir die maak van 'n kort, narratiewe film (Koneyves, 2012). Grobler (2021:32-34) se definisie van poësiefilms dien as die werksdefinisie vir die doeleindes van hierdie studie: poësiefilms is 'n unieke kortfilmgenre wat gewoonlik drie hoofelemente kombineer, die oorspronklike gedig as verbale boodskap en inspirasie, die bewegende filmbeeld, en diëgetiese en addisionele nedieëgetiese klanke of musiek wat 'n klankbeeld skep.

Die poësiefilmgenre in Suid-Afrika, en spesifiek in Afrikaans, het eers die afgelope vyftien jaar in Suid-Afrika 'n opbloeï beleef met Fopspeen Moving Pictures wat in 2004 deur die kunstenaars Diek Grobler en Charles Badenhorst gestig is. Die eerste erkende Afrikaanse poësiefilms wat nagespoor kan word, is in 2009 deur Fopspeen Moving Pictures geproduseer. Twee gedigte van Danie Marais “In Duitsland waar die wolke in gelid marsjeer” (<https://youtu.be/Czw1Urp6fyM>), en “Saturday night live” (<https://youtu.be/H7PWM2V1cf8>) is in 2009 deur Diek Grobler getransponeer na geanimeerde poësiefilms.

### 2.5 Oor *Filmverse I* (2014) en *Filmverse II* (2016)

*Filmverse I* (2014) en *Filmverse II* (2016) is 'n digkuns-animasieprojek wat in opdrag van die ATKV (Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) en deur sameroeper Diek Grobler (artistieke regisseur van Fopspeen Films) geskep is. Afrikaanse gedigte, almal voorgeskrewe vir Huistaal of Eerste Addisionele Taal, is “vertaal” in animasiekortfilms ([argief.atkv.co.za](http://argief.atkv.co.za)). In die voorwoord van *Filmverse I* (2014) se inlasboekie skryf Grobler (2014:2) dat die inspirasie vir Afrikaanse poësiefilms spruit uit sy fassinatie met die poëtiese aspekte van animasie, “die skep van lewe met 'n paar lyne, die skep van 'n wêreld met 'n paar visuele beelde, die manier hoe dit 'n mens kan aangryp en die hele spektrum van menslike emosies kan weergee”. Grobler (2016:7) sit die drie hoofdoelwitte van die *Filmverse*-projek in *Filmverse II* (2016:7) se voorwoord soos volg uiteen:

- Om 'n forum vir onafhanklike animasie in Suid-Afrika te skep.
- Om Afrikaanse poësie meer sigbaar en toeganklik te maak.
- Om Afrikaanse animasiefilms van internasionale gehalte te maak.

Grobler (2021:85) wys daarop dat die keuse van die gedigte vir só 'n omvattende poësie-filmprojek op voorafbepaalde vereistes en beperkinge berus het. Buiten dat die gekose gedigte in Afrikaans moes wees, moes die gedigte ook voldoen aan drie spesifieke riglyne, naamlik lengte, ritme, inhoud en geskiktheid om visueel getransponeer te word. Voorts beklemtoon Grobler (2021:88) dat die poësiefilmmaker in diens staan van die oorspronklike teks, die gedig, en dat

the artist's visualisation, stylistic approach and filmic intervention in terms of plotting, timing and editing, spoken word poetry and visual images are fused together to create meanings and connotations stronger than those suggested by the poetry alone.

### 3. Monomodale metafore versus multimodale metafore (MMM)

Dit is bekend dat konvensionele navorsers van die KMT hul studies hoofsaaklik beperk tot die konsepuele metafoer as 'n verbaal-linguistiese uitdrukking en dat min tot geen aandag gewy is aan die nieverbale manifestasies van metafore as sodanig nie. Forceville (1996, 2002, 2006, 2008a, 2008b, 2009) en ander navorsers (onder andere Carrol, 1994; Cienki & Müller, 2006; Zbikowski, 2009; Koller, 2009; El Refaie, 2009; Urios-Aparisi, 2009) gebruik die KMT as konsepuele raamwerk om multimodale metafore na te vors. Kövecses (2010:78-79) en Forceville (2016) wys daarop dat twee KMT-vriendelike rigtings hieruit ontstaan. Eerstens ondersoek dit nieverbale metafore met betrekking tot gebare in gesproke taal en die tweede rigting omvat navorsing betreffende metafore wat visueel van aard is. Kernstudies wat verband hou met die rol wat gebare in gesproke taal speel, is onder andere deur Müller (2008) en Cienki

en Müller (2008) onderneem met die uitgangspunt dat verbale metafore versterk, beklemtoon en selfs per geleentheid weerspreek word deur die gebare wat sprekers gebruik om te kommunikeer. 'n Voorbeeld sou wees wanneer die spreker die voor- en nadele van 'n saak opweeg deur beide hande voor die liggaam met die palms na bo tydens die gesproke boodskap vertikaal op en af te beweeg asof dit 'n skaal is.

Die tweede rigting wat KMT-navorsing ingeslaan het, is volgens Kövecses (2010:78-79) en Forceville (2016:32) gebaseer op die uitgangspunt dat metafore nie net in taal voorkom nie, maar ook in statiese en bewegende visuele beelde. Forceville (2009:19) is van mening dat dit onafwendbaar is dat metafore in ander modusse, bo en behalwe die verbaal-linguistiese modus, voorkom omdat daar van die veronderstelling uitgegaan word dat denke in meer as een modus verwesenlik word. Trouens, hy wys daarop dat die genre en/of die modus 'n belangrike rol speel in die samestelling en interpretasie van 'n metafoer. Forceville (1996, 2002, 2006, 2009) maak 'n onderskeid tussen monomodale metafore en multimodale metafore.

Onder **monomodale metafore** verstaan Forceville en Urios-Aparisi (2009:4) metafore wat deur middel van een uitdrukkingsmodus geënkodeer word. Sommige geskrewe vorme van kommunikasie soos byvoorbeeld gedrukte koerantartikels, boeke en mediese voorskrifte wat slegs deur middel van die modus van geskrewe teks geskep is, word as monomodaal beskou. 'n Metafoer waarvan die doeldomein en brondomein in slegs een uitdrukkingsmodus gerealiseer word, byvoorbeeld deur slegs die modus van geskrewe teks, spraak, kleur, uitleg, beweging, 'n gebaar, kan gevolglik as 'n monomodale metafoer gedefinieer word. Forceville en Urios-Aparisi (2009) stel ook dat die ondersoek van monomodale metafore sedert die aanvang van metafoerstudies in die geestes-, sosiale en natuurwetenskappe eksklusief die onderwerp van navorsing was.

Forceville (2009) onderskei tussen vier basiese visuele metafore, te wete die hibriede visuele metafoer, kontekstuele metafoer, visuele vergelykings en geïntegreerde visuele metafoer. Die laasgenoemde kategorie word deur Forceville (2002:213-227) beskryf as 'n sub tipe of 'n superordinaatkategorie wat hy etiketteer as die multimodale metafoer (MMM) en vervolgens bespreek word.

Forceville (2009) verduidelik dat 'n **multimodale metafoer** alleenlik kan funksioneer wanneer die waargenome brondomein ('n woord, frase, beeld, klank, musikale tema, 'n smaak, 'n aangeraakte oppervlak) aan drie vereistes voldoen, naamlik dat dit eerstens herkenbaar is; tweedens een of meer konnotasies oproep en dat die konnotasies in die derde plek elemente van die doeldomein komplementeer. Die volgende voorbeelde word deur Forceville (2009) voorgelê waar moontlike klankkonnotasies teenwoordig is in die MMM:

Forceville (2008b:469) stel voor dat multimodale metafore aan die volgende drie vereistes moet voldoen:

1. Die twee fenomene (domeine) moet tot verskillende kategorieë behoort, gegewe die konteks waarin hulle voorkom.
2. Die twee fenomene kan herken word as die doeldomein en brondomein, en beskryf word deur die A is B-formule toe te pas.
3. Die twee fenomene behoort tot twee verskillende tekensisteme, sintuiglike modusse of beide (hierdie vereiste is dan ook die eksklusiewe kriterium waaraan multimodale metafore moet voldoen).

Forceville (2008b:470) benadruk dat die sender ooglopende leidrade sal verskaf indien hy/sy wil hê die ontvanger moet die metafoer herken. Die aard van die leidrade hang af van die tekensisteem beskikbaar waarbinne die metafoer geskep word en die sensoriese organe wat

**TABEL 2:** Voorbeelde van multimodale metafore

<b>Multimodale metafoor</b>	<b>Klankkonnotasies</b>
singende teeketel	<ul style="list-style-type: none"> <li>• teemaakproses</li> <li>• huislik/gesellig</li> <li>• 'n waarskuwing dat iets onmiddellike aandag vereis (bv. ketel moet afgesit word of tee moet gemaak word)</li> </ul>
'n polisie sirene	<ul style="list-style-type: none"> <li>• hulp is op pad</li> <li>• algemene gevaar</li> <li>• 'n waarskuwing dat iets onmiddellike aandag vereis</li> </ul>
'n sleutel wat knars in 'n slot	<ul style="list-style-type: none"> <li>• opwinding of vrees dat iemand (eggenoot/ouer) terugkeer</li> <li>• 'n poging om toegang te kry tot 'n ruimte</li> </ul>
'n klingelende stel sleutels	<ul style="list-style-type: none"> <li>• gevangenskap</li> <li>• mag oor ander</li> <li>• wag hou</li> </ul>
die ratelende klank van 'n rekenaarsleutelbord	<ul style="list-style-type: none"> <li>• kantoorwerk</li> <li>• dataverwerking</li> <li>• skeppende skryfwerk</li> </ul>
reën teen 'n vensterruit	<ul style="list-style-type: none"> <li>• melankolie</li> <li>• vrugbaarheid</li> <li>• varsheid</li> </ul>

nodig is om dit te denoteer. Gelyktydige aanbieding van die twee domeine (byvoorbeeld 'n foto en 'n klank, 'n klank en 'n reuk, 'n visuele beeld en 'n smaak) kan 'n rol speel, net soos ooreenkomste in onder andere vorm of styl (byvoorbeeld 'n visuele beeld van 'n voorwerp en die lettertipe van 'n woord, die ritme van 'n reeks kameraskote en die ritme van 'n reeks geluide, 'n onaangename klank wat 'n onaangename reuk verteenwoordig) of die ooglopende geplaasde posisies (byvoorbeeld twee voorwerpe wat mekaar se spieëlbeeld is op 'n as, of om 'n voorwerp presies te plaas waar 'n ander voorwerp verwag word).

Volgens Forceville (2007:20) moet beide die bron- en doeldomein van multimodale metafore herkenbaar wees op een van die volgende maniere:

- a. Dit word visueel verteenwoordig op sodanige wyse dat dit óf as die bron-/doeldomein self uitgebeeld word, óf as een of meer elemente wat verband hou met en tot die multimodale metafoor geïdentifiseer kan word.
- b. Dit word klankmatig verteenwoordig, óf as 'n niemusikale, nieverbale klank wat ondubbelsinnig geassosieer kan word met die domein waarvan die klank 'n leidraad is.
- c. Dit word musikaal verteenwoordig op so 'n wyse dat die musikale tema ondubbelsinnig geassosieer kan word met die domein waarvan die musiek 'n leidraad is.
- d. Dit word deur gesproke taal verteenwoordig, op so 'n wyse dat dit onmiskenbaar as een van die domeine herken kan word.

- e. Dit word deur geskrewe taal verteenwoordig, op so 'n wyse dat dit as een of meer elemente wat verband hou met die multimodale metafoor geïdentifiseer kan word in geskrewe vorm binne die visuele raam.

Forceville (2009) se waarneming in die seminale publikasie *Multimodal metaphor* (2009), dat metafore nie alleenlik verbaal van aard is nie en dat nieverbale metafore nog nie omvattend ondersoek is nie, dien as basis vir die navorsing wat onderneem is.

### 3.3 Multimodale metafore binne die veld van die kognitiewe semiotiek

#### 3.3.1 Semiotiese metafoor

Peirce en Fisch (Peirce Edition Project, 1998:277) beskou die semiotiese metafoor as 'n onderafdeling van die ikoniese teken en gaan van die standpunt uit dat die semiotiese metafoor “represents the representative character of an object representing a parallelism in something else”. Hiervolgens word een aspek van 'n teken uitgelig, maar ook met betrekking tot die ander aspek van 'n teken beklemtoon.

Die kognitiewe semiotiek definieer 'n *teken* as 'n semiotiese betekeniskeppingsproses wat berus op die drie kategorieë wat die semiotiese tekensisteem onderlê, naamlik *ikoniese*, *indeksiewe* en *simboliese* aard van tekens (Zlatev, 2009).

Roman Jakobson (1965:23-24) definieer die semiotiese tekentipes soos volg:

- a. *Icoon* – 'n bykans juiste weergawe van die teken waarna dit verwys, byvoorbeeld 'n foto van 'n perd en die perd wat gefotografeer is se betekenis is presies dieselfde.
- b. *Indeks* – daar bestaan 'n arbitrêre betekenisheenywysing of -verwysing na die objek waarvan dit 'n teken is, byvoorbeeld rook is 'n indeks van 'n vuur en roep onmiddellik die spreekwoord op “waar daar 'n rokie trek, brand daar 'n vuurtjie”.
- c. *Simbool* – daar bestaan as 'n reël 'n vaste, konvensionele betekenis tussen die betekende (denotasie) en die betekenaar (konnotasie), byvoorbeeld 'n wit duif simboliseer vrede. Daar is gewoonlik geen logiese verband tussen die betekenaar en die betekende nie.

Parallel met Forceville (1996, 2006, 2009) se teorie betreffende visuele en multimodale metafore het die veld van multimodale semiotiek, gebaseer op Halliday (1994) se sosiale semiotiekteorie (ook bekend as sistemies-funksionele grammatika/linguistiek) ontwikkel. Volgens hierdie benadering word die taalkunde tweeledig beskou as 1) 'n paradigmatische sisteem van keuses wat as sisteemnetwerke verteenwoordig word, en 2) dat taal gelyklopend middele voorsien vir die skep van drie metafunksies: ideatiewe (begripvormende) betekenis, interpersoonlike betekenis en tekstuele betekenis. Montoro (2010:33) wys daarop dat die benadering tot semiotiese metafore ontwikkel het vanuit die sistemies-funksionele grammatika (O'Halloran, 2004) en dat multimodale metafore se basis dié van die kognitiewe metafoorteorie is (Forceville, 1996, 2006, 2007) en definieer die semiotiese metafoor as “capable of encoding meaning by mapping semantic content from one specific semiotic code onto another”.

Volgens Chandler (2007:127), betrek 'n semiotiese metafoor 'n betekende (denotasie) wat as die betekenaar (konnotasie) optree met verwysing na 'n ander betekende (metafoor), met ander woorde een teken se eienskappe word gekarteer op 'n ander teken se eienskappe. Chandler (2007:127-128) wys verder daarop dat semiotiese metafore hoofsaaklik ikonies van aard is, maar wanneer die ooreenkomste en eienskappe van die twee tekens ter sprake dubbelsinnig voorkom, kan semiotiese metafore indeksief en simbolies optree. Hy sluit aan

by Forceville (1996) en meld dat metafore nie net verbaal van aard is nie, maar dat visuele metafore gebruik maak van metaforiese beelde en dikwels die boodskap impliseer wat nie noodwendig deur 'n verbale teks oorgedra word nie. Chandler (2007) en Montoro (2010) lê klem daarop dat Forceville (1996) se definisie van multimodale metafore doelmatig dui op semiotiese modusse wat gebruik word as doel- en brondomeine in die multimodale uitdrukking van konseptuele metafore. In dié sin enkodeer semiotiese metafore betekenis deur semantiese inhoud van een semiotiese kode op 'n ander semiotiese kode te karteer.

### 3.4 *Multimodale metafooridentifikasieproblematiek*

Die huidige stand van die multimodale diskoersanalise toon dat visuele beelde hoofsaaklik geanaliseer word op grond van twee teoretiese paradigmas, naamlik Halliday (1994) se Sistemies-Funksionele Grammatika/Sosiale Semiotiek en Lakoff en Johnson (1980) se Kognitiewe Metafoorteorie. Hierdie twee teoretiese grondslae het aanleiding gegee tot twee benaderings vir visuele analise te wete die Sistemies-Funksionele Visuele Grammatika (Kress & Van Leeuwen, 2006) en die Multimodale Metafoorteorie (Forceville, 1996; Forceville & Urios-Aparisi, 2009).

Pérez-Sobrino (2017:77) verklaar dat daar tot op hede nog geen betroubare prosedures bestaan wat die identifikasie en analise van multimodale metafore betref nie. Pérez-Sobrino (2017:77) skryf dié metodologiese leemte in multimodale metafoornavorsing toe aan die feit dat “conceptual mappings are not linked to particular verbal or multimodal forms”. Bobrova (2015:113) skryf die behoefte aan 'n betroubare metodologie vir multimodale metafooranalise eerstens toe aan die feit dat navorsers van metafore nie daarin slaag om betroubare en geldige kriteria, waaraan metafore, hetsy mono- of multimodaal, moet voldoen, te ekspliseer nie en in die tweede plek maak navorsers dikwels te veel staat op hul intuïsie met betrekking tot die identifikasieproses, dikwels sonder om eers 'n gedetailleerde uiteensetting te gee van hul besluite oor hoe metaforiese betekenis geskep word.

Daar bestaan verskeie metafooridentifikasie-instrumente waaronder die Praggeljaz-groep se MIP wat deur die Vrije Universiteit uitgebrei is na die MIPVU (Steen *et al.*, 2010); die DMIP (Reijnierse *et al.*, 2018), VISMIP (Negro, Šorm & Steen, 2017), FILMIP (Bort-Mir, 2019) asook verskeie Multimodale Metafooridentifikasieprosesse (Forceville, 1996; Bobrova, 2015; Pérez-Sobrino & Littlemore, 2017; Stampoulidis & Bolognesi, 2019). Volgens Pérez-Sobrino en Littlemore (2017:77) is daar twee moontlike maniere om die metodologiese tekortkominge betreffende multimodale metafoornavorsing te oorbrug. Om mee te begin, kan reeds bestaande raamwerke en metodologieë wat geldig en betroubaar bewys is, aangepas word vir die identifisering van metafore in die bestudering van multimodale diskoers soos die VISMIP (Negro, Šorm & Steen, 2017) wat swaar steun op die insigte van Steen *et al.* se MIPVU (2010) vir verbale (monomodale) metafooridentifikasie. 'n Tweede moontlikheid wat Pérez-Sobrino en Littlemore (2017:78) voorstel, is om nuwe analitiese metodes te formuleer wat gerig is op die bestudering van multimodale metafore deur te steun op navorsers se professionele kundigheid en intuïsie. Bestaande metodes in multimodale metafooranalise het gevolglik aanvanklik ontstaan na aanleiding van die ondersoek na linguïstiese metafore en mettertyd is metodes ontwikkel vanuit die agtergrond van multimodaliteit vir die verkenning van multimodale metafore. Pérez-Sobrino en Littlemore (2017:78) beklemtoon dat beide benaderings tot die verkenning van multimodale metafore nog nie wasdom bereik het nie, en dat dit nodig is om herhaalbare protokolle te ontwikkel om die veralgemening van die reeds bestaande bevindinge te bekragtig. Die uitdaging vir die navorser is om geïdentifiseerde verbale

metafore in gedigtekste in verband te probeer bring met die weergawes van dieselfde tekste in kort geanimeerde poësiefilms en om vas te stel of die geanimeerde weergawes dieselfde onderliggende konseptuele metafore vergestalt.

### 3.4.1 Metodologie vir multimodale metafooranalise

Tot op hede bestaan daar nie gestandaardiseerde identifikasieprosesse en analisemetodes met betrekking tot multimodale metafore nie en is daar in soverre dié navorser se kennis strek relatief min navorsing onderneem rakende multimodale metafore in Afrikaans.

Die metode wat gevolg is vir die analise van multimodale metafore in Jac en Wessel Hamman se poësiefilmweergawe van Opperman se “Stad in die mis” in *Filmverse II* (2016) kan soos volg opgesom word: Monomodale konseptuele metafore is eers geïdentifiseer en beskryf in die geskrewe gedig, daarna is multimodale metafore wat in die poësiefilm verskyn, geïdentifiseer en aangebied volgens Forceville (2009:31-32) se identifikasieproses in ’n tabelformaat. Vir hierdie doel is Bobrova (2015:115) se tabelformaat aangepas vir die bespreking van die multimodale metafore wat in die poësiefilm-weergawes na vore kom. Benewens die identifiseringsproses, is daar ook bepaal of die semiotiese tekens wat die multimodale metafore uitmaak, ikonies, indeks of simbolies is.

## 4. Analise

Die opvatting dat konseptuele kennis en beliggaamde ervarings sentraal staan tot die begrip van literêre metafore, is deeglik ondersoek in Turner se *The literary mind* (1996) en Lakoff en Turner se *More than cool reason* (1989), *The body in the mind* (Johnson, 1987) en *Women, fire and dangerous things* (Lakoff, 1987). Volgens Lakoff en Turner (1989) blyk metaforiese kreatiwiteit in die poësie die kernresultaat te wees van universele instrumente wat digters gebruik om konseptuele metafore te manipuleer wat hulle met alledaagse taalgebruikers deel. Dit verklaar ook waarom lesers van poësie, soos voorgestel deur Lakoff en Turner (1989:xi-xii), by voorkeur gebruik maak van universele konseptuele karterings eerder as om nuwe metaforiese karterings te skep om poëtiese taal te interpreteer. Kövecses (2018:155) vestig die aandag daarop dat “metaphorical universality and variation are general properties of the human mind, regardless of the domain (everyday vs. poetic) in which metaphors are used”. Hierdie toedrag van sake is waarskynlik te danke aan die feit dat die poësie universele kwessies onder die loep neem, soos onder meer liefde, vryheid, skoonheid, ouderdom, tyd, lewe, natuur, smart en lyding. Dit is almal abstrakte begrippe wat uitstekende teikendomeine verteenwoordig tydens metaforiese konseptualisering. Volgens Kövecses (2018:155) tree konseptuele metafore SOOS LIEFDE IS VUUR, TYD IS BEWEGING, LIEFDE/LEWE IS ’N REIS nie net potensieel op as universele metafore binne alledaagse taalgebruik nie, maar ook binne die letterkunde.

Die proses wat gevolg is, verloop kortliks soos volg:

- Identifiseer en omskryf moontlike konseptuele monomodale metafore op leksikale vlak (eerste analise).
- Herken konvensionele metafore, bv. LEWE IS ’N REIS en LEEFTYD IS ’N SEISOEN.
- Bepaal die oudiovisuele elemente in die geanimeerde poësiefilm volgens Forceville (2009: 31-32) se identifikasie metode vir die identifisering van multimodale metafore (multimodale metafoor kan slegs funksioneer as die waargenome brondomein (’n woord of frase, ’n beeld of beeldreeks; ’n klank, ’n musikale tema, ’n reuk, ’n smaak, ’n aangeraakte oppervlak) (1) word herken; en (2) roep een of meer konnotasies op.)

- Bepaal of die semiotiese tekens wat die multimodale metafore konstateer ikonies, indekseer of simbolies is.
- Tabelleer die karteringsproses tussen bron- en teikendomeine.

#### 4.1 *Eerste analise van “Stad in die mis” (D.J. Opperman)*

1. Met gespanne spier
2. loop ek deur die mis
3. want om my sluip ’n dier
4. onder wit duisternis;
5. ek hoor hom knor en in oop mote
6. waggel sy pilare-pote
7. en sy kantelende rug metaal;
8. op hoeke van die strate blink
9. sy oë bloedbelope,
10. en met sy hap sluit staal op staal.

Opperman se “Stad in die mis” verskyn in sy debuutbundel *Heilige beeste* wat in 1945 die lig sien. Kannemeyer (1983:100) beskryf die afdeling van die bundel waarin die gedig verskyn soos volg:

In die eerste afdeling van die bundel val die aksent in die besonder op die ‘aardse’, soos dit homself vertoon in die stad wat met sy meganiek, oppervlakkigheid en steriliteit die geluk van die mens vernietig, terwyl sy landelike bestaan en verhouding tot ander bevolkingsgroepe deur ekonomiese wantoestande of ’n afsydige Godheid bedreig word.

Grové (1984:38) omskryf “Stad in die mis” (Opperman, 1945) as “fel-ekspressionisties”. Die gedig handel oor die stad as ’n milieu van vervreemding waar die mens hom nie tuis voel in ’n kil, kunsmatige en gevoellose omgewing nie.

Metaforiese samestelling (vergelyk hier 3.4) word veral opgemerk in “Stad in die mis” (Opperman 1945). In dié gedig word die konvensionele metafore “BADNESS IS DARKNESS” (Lakoff, Espenson & Schwartz, 1991:190) en “DARKNESS IS A COVER” (1991:79) gelyktydig gebruik in die paradoksale beeld van die mis wat ’n “wit duisternis” skep waarin die spreker homself bevind. Die boosheid van die stad kry deur die “pilare-pote” (reël 6), “kantelende rug metaal” (reël 7) en “oë bloedbelope” (reël 9) die fisieke gedaante van ’n dier wat “sluip”.

Voorts is metaforiese verlenging ook in die gedig teenwoordig – die metafoor MENS IS DIER (Lakoff, Espenson & Schwartz, 1991:162) word in “Stad in die mis” (Opperman, 1945) verleng na STAD IS BOOS/DIER deur die kartering van die eienskappe van ’n monsteragtige dier op die “stad” soos wat in die tabel hiernaas voorgestel word op dieselfde wyse wat Evans en Greene (2006:295) metafoorkartering tabuleer.

“Stad in die mis” (Opperman 1945) kan in totaliteit beskou word as die metafoor STAD IS BOOS/DIER. Die metaforiese konstruksies in die gedig is kenmerkend van die konteks van die postdepressiejare waar die stad dikwels voorgestel is as ’n milieu waar geestelike verval en agteruitgang aan die orde van die dag was soos gesien deur die digter se “omvorming van die stad tot ’n dreigende monster” (Grové, 1990:93). Die ek-spreker in die gedig leef in vrees, “met gespanne spier” (reël 1) vir die staal-en-beton-dier wat dreig om die spreker te verswelg soos die “wit duisternis” (reël 4) waardeur die spreker beweeg. Binne die stadsmilieu sou die “wit duisternis” (reël 4) ook kon dui op die rookmis wat die resultaat is van lugbesoedeling en die leser saam laat griesel met die spreekwoordelike aanskoue van die boosaardige dier wat sy slagoffers met kake van staal verorber.

**TABEL 3:** Metafoorkarterings van STAD IS BOOS/DIER

Versreël	DOELDOMEIN	Kartering	BRONDOMEIN	
	Stad		Boos / Dier	
3	Stad	→	Monster	sluip 'n dier
5	Stadsgeluide	→	grom	ek hoor hom knor
5	Strate	→	“valleie” tussen die geboue	oop mote
6	Stadsgeboue	→	waggel	pilare-pote
7	Stedelike boukonstruksies, dakke van geboue	→	vinne van 'n draak	kantelende rug metaal
9	Verkeersligte	→	Monsteragtige oë	sy oë bloedbelope
10	Kake van 'n skopgraaf, deure van voertuie of hysbakke	→	kake/tande van staal	sy hap sluit staal op staal

Kövecses (2018:165) wys daarop dat konseptuele metafore in beide poëtiese en alledaagse taalgebruik kenmerkend is van menslike kognisie en sluit aan by Lakoff en Turner (1989:xii) se siening dat metafore in die poësie nie verskil van alledaagse konseptuele metafore nie. In die voorafgaande bespreking van “Stad in die mis” (Opperman, 1945) is dit veral opvallend hoeveel die poëtiese metafore op reeds geïdentifiseerde konseptuele metafore of beeldskemas steun.

### 3.2 Verkenning van multimodale metafore in die poësiefilm *Stad in die mis* (Filmverse II, 2016)

Die animasiekunstenaars van *Stad in die mis* (Filmverse II, 2016 – <https://vimeo.com/241656918>) het 'n illustratiewe benadering vir hul transponering van die teks na animasiefilm gekies. Die poësiefilm is geskei van die voordrag van die gedig juis omdat dit volgens die Hammans (2016) “so sterk visueel is” en ’n “uitbeelding skep wat ruimte laat vir die gehoor se eie interpretasie terwyl beelde opgeroep word in die voorlesing”. Van Dyk (2016) beskryf die poësiefilm van *Stad in die mis* as “’n liniêre narratief waarin die filmkarakter (die gedig se spreker) gespanne in die stad rondwaal”.

Die geanimeerde poësiefilm speel af in ’n mistige stadsmilieu waar ’n onidentifiseerbare silhoeët van ’n persoon op die skerm verskyn en verdwyn; kronkelende paaie transformeer na kronkelende, sissende slange; padtekens en straatligte verander na wrede, gloeiende oë en plotseling eindig in ’n toneel van toringgeboue en hyskrane wat verswelg word deur die misduisternis terwyl die verteller die gedig voordra (met Engelse onderskrifte). Die atmosferiese klankbaan dra deurlopend by om die visuele beelde en narratief uit te hef en die tema van Opperman (1945) se gedig visueel uit te beeld. Van Dyk (2016) som dit raak op in sy resensie van *Filmverse II* (2016):

Hierdie skeiding van die visuele en die voorlesing is veral effektief omdat dit die visuele medium se mag om jou vasgenael te hou, beklemtoon, maar so ook die beskrywende mag van die gedig.

Die monomodale metafore, *STAD IS BOOS/DIER*, in Opperman (1945) se geskrewe gedig kry 'n multimodale gestalte in Jac en Wessel Hamman se geanimeerde poësiefilmweergawe soos hiernaas uiteengesit word deur die analise van enkele skermgrepe van die gedig.

Mis, Opperman se “wit duisternis”, is deurlopend in die poësiefilm sigbaar (vergelyk die skermgrepe in Tabel 4). Mis simboliseer dikwels die onbekende, die oorgang van hierdie werklikheid na 'n alternatiewe dimensie, 'n onwerklikheid (soos dié van drome, visioene, die esoteriese). In die poësiefilm bekragtig die slegende mis die atmosfeer van onheil of boosheid wat deur die animasiekunstenaars geskep word en bereik dit 'n hoogtepunt in skermgreep 01:26 wanneer die mis tesame met die lig die kyker letterlik blind laat, in 'n misduisternis hul.

Die metafore *BOOS IS DONKER* en *DONKER IS 'N BEDEKKING* (Lakoff, Espenson & Schwartz, 1991:190, 179) word deur middel van die visuele tekens op die skerm gebeeldstaaf. Die monomodale metafoor *STAD IS BOOS/DIER* word getransponeer na die multimodale saamgestelde metafoor *STAD IS 'N BOSE DIER*. Verkeerstekens tree op as die dier se “bloedbelope oë”, ore, tande; betonpilare verbeeld die “pilare-pote” en silhoeëtte van metaalkonstruksies is die dier se “kantelende rug metaal”. Die multimodale metafoor word verder ondersteun deur kronkelende betonmotorbrûe met rooi, gloeiende ligbane wat metamorfeer na 'n kronkelende bakkopslang met gloeiende oë. Die meegaande klankbaan met onheilspellende agtergrondmusiek, fladderklanke en sissende geluide intensiveer die visuele tekens se betekenisdraende krag. Voorts intensiveer die animasiekunstenaars die negatiewe enkodering en dekodering van die letterlike en figuurlike beeld van Opperman (1945) se “wit duisternis” met die alomteenwoordige, slegende mis/rookmis in die film wat alles omvou en infiltreer.







Die primêre metafore *GOED IS WIT/LIG* (Lakoff, Espenson & Schwartz, 1991:190) word deur die animasiekunstenaars verleng na *SLEG IS WIT/LIG* deur die deurlopende gebruik van wit ligte, ligskynsels, ligbane en die bakkopslang se gloeiende oë wat transformeer na straatligte. Die lig(te) kan gedekodeer word as alomteenwoordige oë wat kyk, volg en gluur – die spreekwoordelike “evil eye” of selfs George Orwell se asiende “Big Brother” in sy distopiese roman *1984* (1949). Die bose oog kry verdere gedaante in die rooi glimligte wat aangebied word as Opperman (1945) se “bloedbelope oë” (skermgreep 00:33), die ligskynsels wat tesame met die donker skaduwees verwronge, monsteragtige gesigte skep met oë wat gloei (skermgrepe 01:09 en 01:21) en die onbekende silhoeëtfiguur wie se oë aan die einde van die poësiefilm gloei in die donker (skermgreep 01:23). Die primêre metafoor *SLEG IS SWART/DONKER* word deur die gebruik van donker kleure, silhoeëtvorme (geboue, onbekende figuur) visueel uitgelig en bekragtig saam met die metafoor *SLEG IS WIT/LIG* en die saamgestelde metafoor *STAD IS 'N BOSE DIER*.

Forceville (2008b:475) wys daarop dat animasie 'n besonders geskikte medium is vir die ondersoek van multimodale metafore juis omdat die medium toelaat dat metafore in klank, beeld en taal vergestalt word. 'n Talige uitdrukking soos “die stad is 'n dier” kan kwalik anders as 'n metafoor interpreteer word, maar die animasiefilm beskik oor eindelose moontlikhede waardeur konsepte as metafore gesuggereer word. In die geanimeerde poësiefilm *Stad in die mis* (2016) word die fenomene donker en lig onder andere nie net as binêre opposisies aangebied nie, maar as ekwivalente eensoortiges, wat die angswekkendheid van die stedelike monster wat die individu insluk en gesigloos laat, beklemtoon.











**TABEL 4:** Multimodale metafoorkarterings van STAD IS BOOS/DIER

<b>AUDIOVISUELE SKERMGREEP</b>	<b>DOELDOMEIN STAD</b>	<b>MODUS</b>	<b>SEMIOTIESE TEKEN</b>	<b>BRONDOMEIN DIER/BOOS</b>
00:33 	Mis  Geel-oranje verkeerswaarskuwingsligte	VIS  VIS	Icoon Indeks Indeks Simbool Icoon	Onheil  Gloeiende oë, pote van staander lyk soos slagatande Gevaar
OnheilsPELLende agtergrondmusiek Fladderklank	Verkeerskeëls – waarskuwingsteken  Padwerkwaarskuwingsteken	VIS  VIS	Indeks Simbool Icoon Indeks Simbool Icoon	Gepunte ore Gevaar  Wees versigtig Gevaar
01:09	Mis	OUD  VIS	Indeks	➤ Onheil  Onheil

**TABEL 4:** Multimodale metafoorkarterings van STAD IS BOOS/DIER (*vervolg*)

	Onidentifiseerbare ligskynsels	VIS	Indeks	Monstragtige, maskergesig met gloeiende oë
	OnheilsPELLende agtergrondmusiek	LOUD	Indeks	Onheil
	Mis	VIS	Ikkoon Indeks	Onheil
	Donker silhoeëffiguur links onder	VIS	Ikkoon Indeks	Boosheid, onbekende, vrees
	Wit ligte regs bo	VIS	Indeks	Gloeiende oë
	Rooi lig regs onder	VIS	Indeks	Gevaar
	Twee wit ligte regs onder	VIS	Indeks	Gloeiende oë
	OnheilsPELLende agtergrondmusiek	LOUD	Indeks	➤ Onheil
	Voetstappe	LOUD	Ikkoon/indeks	➤ Onheil
	Onidentifiseerbare oë domineer skerm	VIS	Ikkoon Indeks	Boosheid, onheil

**TABEL 4:** Multimodale metafoorkarterings van STAD IS BOOS/DIER (vervolg)

	Wit ligbane	VIS	Indeks	Naels, krapmerke, tande van monster
	 <p>Onheilspellende agtergrondmusiek doof uit tot plotselinge stilte</p>	OUD	Indeks	 <p>Onheil, vrees</p>
 <p><b>01:34-02:05</b></p> 	Silhoeëtte van hyskrane, geboue	VIS	Icoon Indeks	Verstedeliking
	Digte mis	VIS	Icoon Indeks	Onheil
	Teks van Engelse vertaling	VIS	Icoon	
	Onheilspellende agtergrondmusiek	OUD	Indeks	 <p>Onheil</p>
	Gedigvooriesing	OUD	Icoon	

## 6. Samevatting

Hierdie artikel is saamgestel uit onderhawige PhD-navorsing van die skrywer. 'n Oorsig van die poësiefilm as genre, literêre konseptuele metafore in die poësie, multimodale metafoorteorieë en die manifestasie van multimodale metafore in die poësiefilm is aangebied. Daar is aandag gegee aan die belangrike rol wat die kognitiewe metafoorteorie speel in betekenis-skepping binne alle modusse. Die multimodale aard van metafore is ondersoek deur 'n oorsig van teoretiese aannames ten opsigte van multimodaliteit daar te stel en 'n oorsig te gee oor die ontwikkeling van multimodale metafore. In 'n poging om 'n identifikasie-model, waardeur multimodale metafore binne poësiefilms verken kan word, te skep, is die manifestasie van literêre monomodale metafore in DJ Opperman se gedig "Stad in die mis" ondersoek asook die teenwoordigheid van multimodale metafore in die gelyknamige geanimeerde poësiefilm deur middel van 'n geïntegreerde identifikasieproses. Die multimodale metafooranalise van die geanimeerde poësiefilm *Stad in die mis* kan as 'n rigtingwyser vir toekomstige navorsers van multimodale metafore dien en dui daarop dat geanimeerde poësiefilms 'n vrugbare ontdekkingsveld vir multimodale metafore bied juis omdat 'n ryk verskeidenheid van betekenis-skeppende modusse betrek word. Nie net word verskeie bron- en doeldomeine in verbale taal betrek nie, maar ook diesulke domeine betreffende nieverbale kommunikasie, klanke en musiek vorm onweerlegbaar 'n komplekse netwerk waardeur betekenis geskep word.

## BIBLIOGRAFIE

- Bobrova, L. 2015. A procedure for identifying potential multimodal metaphors in TV commercials. *Multimodal Communication*, 4(2).
- Bort-Mir, L. 2019. *FILMIP: The Filmic Metaphor Identification Procedure*. Universitat Jaume I: (PhD Thesis). <http://filmip.uji.es/the-method/>.
- Chandler, D. 2007. *Semiotics: the basics*. New York: Routledge.
- Cienki, AJ & Müller, C. 2008. *Metaphor and gesture*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins, Cop.
- Evans, V. & Greene, M. 2006. *Cognitive linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Fopspeen Moving Pictures. 2008. In *Duitsland waar die wolke in gelid marsjeer deur Danie Marais*. <https://www.youtube.com/watch?v=Czw1Urp6fyM> [19 Junie 2021].
- Fopspeen Moving Pictures. 2009. *Saturday Nite Live deur Danie Marais*. <https://www.youtube.com/watch?v=H7PWM2VIcf8> [19 Junie 2021].
- Forceville, C. 1996. *Pictorial metaphor in advertising*. London: Routledge.
- Forceville, C. 2002. The identification of target and source in pictorial metaphors. *Journal of Pragmatics*, 34(1):1-14.
- Forceville, C. 2006. Non-verbal and multimodal metaphor in a cognitivist framework: agendas for research. In *Cognitive linguistics: Current applications and future perspectives*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter, pp. 379-402.
- Forceville, C. 2007. Multimodal Metaphor in Ten Dutch TV Commercials. *Public Journal of Semiotics*, 1(1):15-34.
- Forceville, C. 2008a. *Semiotics Institute Online | A Course in Pictorial and Multimodal Metaphor*. *Semiotics Institute Online*. <https://semioticon.com/sio/courses/pictorial-multimodal-metaphor/> Date of access: 17 Jun. 2021.
- Forceville, C. 2008b. Metaphor in pictures and multimodal representations. In *The Cambridge handbook of metaphor and thought*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 462-482.
- Forceville, C. & Urios-Aparisi, E. 2009. *Multimodal metaphor*. New York: Mouton De Gruyter.
- Forceville, C. 2016. Visual and multimodal metaphor in film: charting the field. In Fahlenbrach, K., *Embodied metaphors in film, television and video games: cognitive approaches*. London: Routledge, pp. 17-32.

- Forceville, C & Urios-Aparisi, E. 2009. *Multimodal metaphor*. Berlin/New York: Mouton De Gruyter.
- Grobler, D. 2014. *Filmverse I*. Randburg: ATKV.
- Grobler, D. 2016. *Filmverse II*. Randburg: ATKV.
- Grobler, D. 2020. *Essay – Diek Grobler*. <http://diekgrobler.co.za/>. <http://diekgrobler.co.za/making-animated-poetry/expanding-on-borrowed-words/> [19 Junie 2021].
- Grobler, D. 2021. Making Animated Poetry. UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA: (PhD Thesis in the subject of Art. DEPARTMENT OF ART AND MUSIC).
- Grové, AP. 1990. Die simboliseringsproses by D .J. Opperman. *Literator*. 11(1):91-195.
- Halliday, MAK. 1994. *An introduction to functional grammar*. London: Arnold; New York.
- Hamman, J & Hamman, W. 2016. *STAD IN DIE MIS with English Subtitles*. *vimeo.com*. <https://vimeo.com/241656918> [18 Junie 2021].
- Jakobson, R. 1965. Quest for the Essence of Language. *Diogenes*, 13(51):21-37.
- Johnson, M. 1987. *The Body in the mind: The bodily basis of meaning, imagination, and reason*. Chicago: University Of Chicago Press.
- Kannemeyer, JC. 1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 2*. Kaapstad: Academica.
- Koller, V. 2009. Brand images: Multimodal metaphor in corporate branding messages. In *Multimodal Metaphor*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter, pp. 45-71.
- Kövecses, Z. 2010. *Metaphor: A Practical Introduction*. New York: Oxford University Press.
- Kövecses, Z. 2018. Metaphor universals in literature. *Antares: letras e humanidades*, 10(20):154-168.
- Kress, G & Van Leeuwen, T. 2001. *Multimodal discourse*. London: Routledge.
- Kress, GR & Van Leeuwen, T. 2006. *Reading images: the grammar of visual design*. London: Routledge.
- Lakoff, G. 1987. *Women, fire, and dangerous things: what categories reveal about the mind*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G & Johnson, M. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago: University of Chicago Press.
- Lakoff, G & Turner, M. 1989. *More than cool reason: a field guide to poetic metaphor*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Lakoff, G, Espenson, J & Schwartz, A. 1991. *Master metaphor list*. Second ed. Berkeley, California: University of California.
- Montoro, R. 2010. A multimodal approach to mind style. In Page (ed). *New perspectives on narrative and multimodality*. New York: Routledge, pp. 31-49.
- Negro, I, Šorm, E & Steen, G. 2017. General image understanding in visual metaphor identification. *ODISEA. Revista de estudios ingleses*, 18:113-131.
- O'Halloran, KL. 2004. *Multimodal Discourse Analysis: Systemic-functional Perspectives*. London: Continuum.
- Opperman, DJ. 1945. *Heilige beeste*. Worcester: Braille Drukkers.
- Orwell, G. 1949. *1984*. Harlow: Pearson Education.
- Peirce, CS & Fisch, MH. 1998. *Writings of Charles S. Peirce: a chronological edition*. Indiana: Indiana University. <https://peirce.iupui.edu/>
- Pérez-Sobrino, P. 2017. *Multimodal metaphor and metonymy in advertising*. Amsterdam: John Benjamins Publishing Company.
- Pérez-Sobrino, P & Littlemore, J. 2017. Facing methodological challenges in multimodal metaphor research. In Baicchi & Pinelli. *Cognitive modelling in language and discourse across cultures*. Newcastle UK: Cambridge Scholars Publishing.
- Pragglejaz Group. 2007. MIP: A method for identifying metaphorically used words in discourse. *Metaphor and Symbol*, 22(1):1-39.
- Reijnierse, WG, Burgers, C, Krennmayr, T & Steen, GJ. 2018. DMIP: a method for identifying potentially deliberate metaphor in language use. *Corpus Pragmatics*, 2(2):129-147.
- Stampoulidis, G & Bolognesi, M. 2019. Bringing metaphors back to the streets: a corpus-based study for the identification and interpretation of rhetorical figures in street art. *Visual Communication*, 0(0):1-35.
- Steen, G. 2015. Developing, testing and interpreting deliberate metaphor theory. *Journal of Pragmatics*, 90:67-72.
- Steen, G Hermann, JB, Kaal, AA, Krennmayr, T, Pasma, T, Steen, G, et al. 2010. *Method for linguistic metaphor identification: from MIP to MIPVU*. Amsterdam: John Benjamins.

- Turner, M. 1996. *The literary mind*. New York: Oxford.
- Van Dyk, A. 2016. *Resensie: ATKV se Filmverse 2 spreek beelde*. *LitNet*. <https://www.litnet.co.za/resensie-atkv-se-filmverse-2-spreek-beelde/> [18 Junie 2021].
- Wees, WC. 1984. *Light moving in time: studies in the visual aesthetics of avant-garde film*. Berkeley, California: University of California Press.
- Zbikowski, LM. 2009. Music, language, and multimodal metaphor. In Forceville & Urios-Aparisi. *Multimodal metaphor*. Berlin/New York: Mouton de Gruyter, pp. 297-328.
- Zlatev, J. 2009. Levels of meaning, embodiment and communication. *Cybernetics and Human Knowing*, 14(3/4):149-174.

# Is dekolonialisasie 'n mite?<sup>1</sup>

*Is decolonialisation a myth?*

**WILLEM J BOTHA**

Departement Afrikaans  
Universiteit van Johannesburg  
Suid-Afrika  
E-pos: wjb03@telkomsa.net



Willem Botha

**WILLEM BOTHA** se fokusgebiede binne die taalkunde is semantiek en sintaksis. Sy semantieknavorsing bedryf hy veral vanuit die raamwerk van die kognitiewe linguistiek. Hy was sedert die stigting van die International Cognitive Linguistics Association (ICLA) 'n lid daarvan, het baie jare lank aktief aan die bedrywighede van die vereniging deelgeneem en het by talle kongresse referate gelewer. Van sy navorsing is ook onder die vaandel van die betrokke vereniging internasionaal gepubliseer.

**WILLEM BOTHA** focusses his linguistic activities on semantics and syntax. His research in semantics is done mainly within the framework of cognitive linguistics. He has been a member of the International Cognitive Linguistics Association (ICLA) since its establishment, has for many years actively taken part in its activities and has read papers at numerous conferences. Many of his articles have been published internationally under the auspices of this association.

## ABSTRACT

### *Is decolonialisation a myth?*

*South Africa is a former British colony. The British colonial influence expanded over a multitude of facets of a diverse South African community. Initially the English language as a vehicle of education was one of the major contributors to the idealised assimilation of the colonised people. After the Second Anglo-Boer war Lord Alfred Milner, British High Commissioner in South Africa, proclaimed in a letter to the Natal governor that it had been his policy “to make English indispensable in the future, and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it, but to admit Dutch until the Anglicising process is consummated” (cf. Steyn, 2014:52).*

<sup>1</sup> Daar bestaan 'n subtiele betekenisverskil tussen die woorde *dekolonialisering* en *dekolonialisasie*. Eersgenoemde benoem die proses terwyl laasgenoemde die verskynsel benoem. In die betoog wat volg, is hierdie onderskeid nie ter sake nie.

#### Datums:

Ontvang: 2021-05-04

Goedgekeur: 2021-06-14

Gepubliseer: Desember 2021

*In 1961 the Union of South Africa was decolonised and became the Republic of South Africa. Decolonialisation of certain aspects of the South African society took place as a natural outcome.*

*In 1994 an ANC government took over the rule of the country.*

*For the first few years after 1994 changes concerning the South African society, according to the new constitution, took a natural cause. Round about 2016 emotions within specific sections of the community erupted because expectations for a new South Africa (that they imagined) had not been achieved. These beliefs related to the fact that the new South Africa was not as Afrocentric as they wished it to be. Skirmishes took place and slogans like #ScienceMustFall, #FeesMustFall, and #AfrikaansMustFall were often heard. All these slogans accumulated in the slogan #WhitenessMustFall. And the #WhitenessMustFall slogan linked intimately with the demand that South Africa had to be decolonialised because whiteness was associated with former colonists and colonialisation.*

*In almost all the instances of the demands for decolonialisation the verb used was decolonise – as if there were no difference between the meanings of the verbs decolonise and decolonialise.*

*The point of view taken in this article is that there exists a definite difference between the meanings of the two verbs. The difference in the meanings of the two verbs is investigated against the background of theoretical linguistic findings.*

*Firstly, lexical definitions from different dictionaries (Afrikaans, Dutch, German and English) of the relevant verbs and their derivatives are scrutinised. It reveals that most of the dictionaries do not make a clear distinction between the different meanings. In some instances, a difference in meanings is only implicitly defined. It results in some confusion.*

*To look for further clarification, a linguistic theoretical approach comes to the fore.*

*Taylor (2002) distinguishes three general approaches to the study of meaning, namely the language-world approach, in which meaning is studied as the relationship between linguistic expressions and states of affairs in the world. Secondly, the language-internal approach, in which meaning is studied in terms of relations between expressions within a language, and thirdly, a conceptualist approach, in which the meaning of an expression is equated with a conceptualisation in the mind of a language user.*

*The language-world approach is not applicable for the examination of the meaning of the relevant verbs; consequently, the scrutinisation is done from the perspective of the language-internal approach and the conceptualist approach. Two linguistic phenomena, namely the grammatical category “aspect” and “conceptual blending” (or integration) are taken into consideration.*

*According to Handke (2014) the “term aspect refers to a grammatical category which reflects the way in which the action denoted by the verb is regarded or experienced with respect to time.” Lyons (1968:313) postulates that aspect refers to the distinction of “perfective” and “imperfective”, within the meaning of the relevant verb, not with regard to the time of utterance. The analysis of the relevant verbs reveals that colonise and decolonise should be regarded to have perfect aspect, while colonialise and decolonialise exhibit imperfect (durative) aspect.*

*Intricately linked to aspect, the conceptualist approach reveals that the meanings of the verbs colonise and colonialise blend with each other, the former referring to a process that comes to an end and the latter to the continuation of the instigated process referred to by using the verb colonise.*

*In the remainder of the article conceptual differences in different languages are outlined. If one takes the claims of Lakoff and Johnson (1980) seriously, namely that “our concepts*

*structure what we perceive, how we get around in the world, and how we relate to other people” and “our conceptual system ... plays a central role in defining our everyday realities”, then the question arises whether it is possible to decolonialise a country with eleven official languages (implicating different conceptual structures) if one of the languages (the colonial language English) is forced upon the peoples of the country – in an effort to decolonialise.*

*Therefore, the question arises whether genuine decolonialisation is only a myth?*

**KEYWORDS:** aspect, meaning, thought structures, colonise, decolonise, colonialise, decolonialise, blending, time, colour

**TREFWOORDE:** aspek, betekenis, denkstrukture, koloniseer, dekoloniseer, kolonialiseer, dekolonialiseer, versmelting, tyd, kleur

### OPSOMMING

Suid-Afrika is ’n voormalige Britse kolonie. Die Britse koloniale invloed het oor die hele spektrum van die samelewing beslag gekry, veral gedra deur die koloniale taal Engels. Lord Alfred Milner, Britse Hoë kommissaris in Suid-Afrika was ná die Tweede Anglo-Boereoorlog terdeë bewus van die krag van taal ter uitbreiding en bevordering van kolonialisme toe hy aan die Natalse goewerneur skryf hulle doelwit was “to make English indispensable in the future, and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it, but to admit Dutch until the Anglicizing process is consummated” (vergelyk Steyn, 2014:52).

In 1961 is die Unie van Suid-Afrika gedekoloniseer en het die status van die land verander na die Republiek van Suid-Afrika. Sekere aspekte van dekolonialisasie daarna het as ’n natuurlike proses gevolg om by die omstandighede en aard van die nuwe Republiek te pas.

In 1994 het die ANC die regering oorgeneem.

Veranderinge het noodwendig gevolg, maar later (so onlangs as 2016) het dramatiese eise (gepaard met geweldpleging) gevolg. Die onderbou van die slagspreuke wat daarmee gepaard gegaan het, was gerig op versnelde en dramatiese dekolonialisasie van die land. Die werkwoorde *dekoloniseer* en *dekolonialiseer* is afwisselend gebruik sonder dat daar enige onderskeid tussen die betekenisse van die twee woorde getref is.

In hierdie artikel word die verskil in betekenisse van die tersaaklike werkwoorde eers ontleed. Dit word gedoen vanuit taalkundige oorwegings. Daar word uitgegaan van die beskouing dat die ontleding van woordbetekenis vanuit drie verskillende benaderings gedoen kan word, naamlik ’n woord-wêreld-benadering, ’n taal-interne benadering en ’n konseptuele benadering. Omdat die genoemde werkwoorde na abstrakte prosesse en handelingte verwys, is die woord-wêreld-benadering nie geskik vir die ontleding nie. ’n Taal-interne benadering veronderstel dat daar ook kennis geneem moet word van woordeboekdefinisies. ’n Vergelyking tussen verskillende woordeboeke (Afrikaans, Nederlands, Duits en Engels) se leksikale definisies met betrekking tot die betekenisse van *koloniseer* en *kolonialiseer* (en hulle afgeleide vorme) bring geen duidelikheid nie.

Twee taalkundige verskynsels, naamlik “aspek” en “konseptuele versmelting” (dus aansluitend by die konseptuele benadering) bring meer helderheid op grond waarvan die gevolgtrekking gemaak kan word dat daar ’n besliste betekenisverskil bestaan ten opsigte van die twee werkwoorde. Die werkwoord *koloniseer* het perfektiewe aspek, wat beteken dat die handelingte en prosesse waarna dit verwys, ’n eindpunt het – dat dit termineer. Aansluitend by *koloniseer* – en afhanklik van die prosesse en handelingte waarna koloniseer verwys – versmelt

(of integreer) die betekenis van *kolonialiseer* met die betekenis van *koloniseer*, maar met die inherente aspektiese waarde imperfektief of duratief.

Vervolgens word die verhouding tussen taal en denke ondersoek. Tale se denkstrukture verskil van mekaar. Dit word duidelik wanneer verskillende tale se taalmanifestasies van bepaalde konsepte vergelyk word.

Die uitwerking wat kolonialisasie op Afrikaans gehad het, word kortliks onder die loep geneem.

Teen die agtergrond van die hele betoog word tot die gevolgtrekking gekom dat indien aanvaar word dat dekolonialisasie “gedra” word deur die koloniale taal Engels, ware dekolonialisasie nie moontlik is nie – dat ware dekolonialisasie ’n mite is.

## 1. Inleiding

Betogings, opstand en (dikwels) voortspruitende geweld gaan gewoonlik gepaard met slagkrete en slagspreuke. Slagkrete en slagspreuke is self ook dade (taaldade), alhoewel daar waarskynlik ’n intensiteitsverskil tussen ’n slagkreet en ’n slagspreuk bestaan. Na die postuumverskyning van die Oxford-taalfilosoof (JL Austin) se *How to do things with words* in 1962 het daar talle navorsingsartikels verskyn wat die aard van die taaldaad ondersoek het; ook het daar sedertdien navorsingsresultate oor die gespreksveranderlikes wat bepaalde taaldade (taalhandelinge) instigeer en onderhou, verskyn. Hieruit het geblyk dat die taaldaad nie net die fisiese (en psigiese) dade voorafgaan nie, maar dat dit ook heg geïntegreer is met die gepaardgaande fisiese/psigiese dade.

Die woorde *slagkreet* en *slagspreuk* het die fisiese daad “om (letterlik) te slaan” in hulle betekenis ingebou, as selfstandige naamwoorde van die werkwoord *slaan*. In die *Afrikaanse woordeboek. Verklarend met woordafleidings* word *slagkreet* byvoorbeeld gedefinieer as “geroep nadat ’n slag gelewer is, oorlogskreet, uitroep om aandag te trek”. In die geval van die woord *slagspreuk* word die betekenis verruim om weens “... frekwensie van gebruik verbind (te) word aan ’n groep, party, vereniging”, aldus dieselfde woordeboek. Vergelyk ook woorde soos *slagveld*, *slagoffer* en ander in hierdie verband.

Die betekenisinhoud van ’n besondere slagkreet instigeer meestal die rigting en/of die aard en intensiteit van die gepaardgaande fisiese handelinge, maar verbleek (semanties) dikwels later tot slegs slagspreuk, die semantiese vangnet vir die vergestaltung van verskillende fisiese/psigiese opwellings as gemene deler. In hierdie opsig kan verwys word na hoedat die *#FeesMustFall*-slagkreet (veral gedurende September/Okttober 2016 gebruik) op grond van die geweld wat daarmee gepaard gegaan het, gemene deler geword het van *#ScienceMustFall*-, *#WhitenessMustFall*-, *#AfrikaansMustFall*- en ander tersaaklike slagkrete. Dit is veral gebruik teen die agtergrond van die eis dat Westerse universiteitsonderwys gedekolonialiseer en Afrosentries<sup>2</sup> gemaak moet word. Daar sou ’n saak daarvoor uitgemaak kon word dat binne die betrokke geweldskontekste die *#WhitenessMustFall*-slagkreet die onderbou van die onderliggende *#X-MustFall*-slagkrete konstitueer.

Die geskiedenis verhaal talle slagkrete en slagspreuke wat gepaard gegaan het met fisiese geweld. Gedurende die Franse rewolusie was “*liberté, égalité, fraternité*” (“vryheid, gelykheid,

<sup>2</sup> In ’n artikel getitel “’n Nuwe geskiedenis vir SA” berig Landi Slatter (2018) dat ’n ministeriële taakspan destyds aangestel is om (in opdrag van die minister van basiese onderwys) skoolgeskiedenis kurrikula te ondersoek om die sogenaamde “leuens, onwaarhede en halwe waarhede” oor die verlede reg te stel – met die oog daarop om dit meer Afrosentries te maak (<https://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/n-nuwe-geskiedenis-vir-sa-20181223>).

broederskap”) byvoorbeeld een van die prominentste slagkrete van die tyd. Dit sal insiggewend wees om die aard van verskillende slagkrete en slagspreuke binne verskillende historiese geweldskontekste te ondersoek, maar dit is nie die doel met hierdie betoog nie.

Teen die voorgaande agtergrond word hierdie artikel gewy aan ’n ontleding van die begrippe DEKOLONISASIE<sup>3</sup> en DEKOLONIALISASIE<sup>4</sup> en tot welke mate dekolonialisasie binne verskillende Suid-Afrikaanse kontekste werklik sinvol gestalte kan kry.

Dit sal eerstens nodig wees om ’n onderskeid te tref tussen die verskillende benaderings waaruit betekenis (in taal) beoordeel kan word. Sodanige onderskeid tussen die verskillende benaderings sal noodwendig meebring dat die verhouding tussen taal en denke aan bod sal moet kom.

Die prosesse en handeling wat met kolonialisasie/dekolonialisasie verband hou, is omvattend en divers. Dit is daarom onmoontlik om al die terreine wat met dekolonialisasie verband hou binne die bestek van hierdie uiteensetting aan te raak. In hierdie artikel word taal in die kollig geplaas – ook omdat taal so ’n wesenlike (en veral dominante) veranderlike in die hele proses van kolonialisasie is. Verder aan word verwys na hoedat koloniale tale steeds amptelike status geniet ná dekolonisering van verskeie Afrikastate, ’n aanduiding van die kardinale rol wat die taal van die koloniseerder ná kolonisering (en gevolglike kolonialisering) gespeel het.

Die effek wat kolonialisering op Afrikaans gehad het, word ook onder die loep geneem.

## 2. Betekenisbenaderings

In ’n hoofstuk getitel “Meaning, profile, base, and domain” onderskei Taylor (2002) drie benaderings met betrekking tot die ontleding van betekenis in taal.

’n **Taal-wêreld-betekenisbenadering** veronderstel dat ’n taalgebruiker deur ’n bepaalde taaluitdrukking – dit wat Lyons (1977:177) die “referring expression” noem – ’n betrokke referent binne ’n bepaalde tyd-ruimtelike (werklike of fiktiewe) situasie identifiseer. Sodanige identifikasie hang nou saam met die ooreenkoms wat die onderhawige referent het met die prototipe van die kategorie waartoe die referent behoort. Op ’n universiteitskampus sou die woord *student* byvoorbeeld na ’n bepaalde individu binne ’n bepaalde kontekstuele kategorie verwys. Subkategorieë, soos byvoorbeeld *betogende studente*, is maklik onderskeibaar op grond van optrede. Hierdie benadering werk goed indien die moontlike referente konkreet is; vir abstrakte en fiktiewe referente is hierdie benadering onhoudbaar, soos in die geval van woorde soos *koloniseer*, *kolonialiseer*, *dekoloniseer*, *dekolonialiseer* – en alle afgeleide vorme van die betrokke woorde.<sup>5</sup>

’n Abstrakter benadering (ten opsigte van die ontleding van betekenis) hou in dat die betekenis van ’n woord beoordeel word op grond van die bepaalde woord se betekenisrelasies met ander woorde in die betrokke leksikon (teoretiese woordeboek van ’n taal) – ’n **taalinterne**

<sup>3</sup> Begripstatus word met klein hoofletters aangedui. Woordstatus word kursief aangedui.

<sup>4</sup> Binne die bestek van hierdie betoog word geredeneer dat daar ’n besliste betekenisverskil bestaan tussen die woorde *dekolonisasie* en *dekolonialisasie*. Du Toit (2020:239) erken ook sodanige betekenisverskil maar vind “die term ‘dekolonialisasie’ ... lomp” en daarom verkies sy om “die korter vorm, ‘dekolonisasie’”, in haar betoog te gebruik, verwysend na die betekenis van *dekolonialisasie*.

<sup>5</sup> Hierby word ook ingesluit die woord se afgeleide adjektiewiese vorme, soos *gedekolonialiseerde*, *gedekoloniseerde* en *koloniale* – en ook afgeleide substantiewe soos *Kolonianer*, *kolonialis*, *kolonialisme*, *kolonie*, *kolonis*, *kolonisasie*.

**benadering.** Sodanige relasies vind gestalte in woordeboeke en tesourusse van die betrokke taal, maar ook in vertalings van die betrokke woorde in ander tale omdat daar nie noodwendig 'n een-tot-een-betekenisverhouding tussen die woorde van verskillende tale bestaan nie en die betekenisverskille verhelderend kan wees. Die abstrakte aard van hierdie benadering berus op die feit dat onder andere rekening gehou moet word met betekenisimplikasies, die verskynsel dat een woord meerdere betekenisonderskeidings mag hê (polisemie), maar ook met betekenisrelasies soos betekenisoorvleueling (sinonimie), betekensteenoorgesteldheid (antonimie), betekenisinsluiting (hiponimie) en woordafleidings en woordsamestellings (morfologiese verskynsels).

As vertrekpunt vir 'n ontleding van die betekenisontwikkeling van die woord *dekolonialisasie* word die werkwoord *koloniseer* as uitgangspunt geneem, juis omdat die primêre handeling “koloniseer” in die sentrum staan van die afgeleide betekenis en vorme van die woord. Die werkwoord *koloniseer* benoem die prosesse/handeling (politie ook genoem *imperialisme*) wat aan die begin van die 15de eeu<sup>6</sup> 'n aanvang geneem het met die ontdekkingsreise van die Portugese en Spanjaarde, later gevolg deur die Engelse, Nederlanders, Franse en Duitsers.<sup>7</sup>

Dit sal dus nodig wees om 'n paar leksikale definisies van die woord *koloniseer* eers onder die loep te neem. Uit 'n ontleding van verskillende leksikografiese definisies sal dit blyk dat die betrokke woord (en afgeleide vorme van die woord) geensins eenduidig verstaan word nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat die werkwoord *koloniseer* 'n soort superordinaat-geaardheid openbaar; dus 'n sambreelterm wat 'n verskeidenheid geïnstigeerde handeling (= die afdwing van ...) omvat.

Du Toit (2020:338) onderskei ook nog 'n woord *coloniality* (wat eintlik die begrip COLONIALITY verteenwoordig), 'n begrip wat “verwys na 'n mentaliteit, 'n kennisteorie en 'n denkstruktuur wat langdurig die ‘koloniale bewussyn’ reflekteer”. Sy noem verder dat *coloniality* wyd verstaan word om “kennissisteme, wêreldhandel, talige oorheersing, kulturele verdringing, rassisme en baie ander verskynsels in te sluit”. Hierdie betekeniswydlopigheid van die begrip COLONIALITY illustreer eintlik die superordinaat-hiponiem-verhouding (maar ook meer as dit) wat daar tussen die werkwoord *kolonialiseer* (superordinaat) en die afdwing van kennissisteme (hiponiem<sub>1</sub>), talige oorheersing (hiponiem<sub>2</sub>), ensovoorts bestaan.

Ko-hiponieme (dus hiponieme onder dieselfde superordinaat) impliseer hulle superordinaat. Omgekeerd impliseer die superordinaat óf hiponiem<sub>1</sub>, óf hiponiem<sub>2</sub>, ensovoorts. Dit is egter nie hier die geval nie, want die superordinaat (*kolonialiseer*) impliseer eintlik al die genoemde hiponieme. Daarom die formulering superordinaat**geaardheid**, omdat hier ook sprake is van sinonimiteit. Ons het dus hier te doen met 'n betekenisversmelting van implikasierelasies: hiponimie veronderstel 'n eensydige betekenisimplikasie terwyl sinonimie berus op 'n wedersydse betekenisimplikasie.

Die kompleksiteit en wydlopigheid van die betekenis van die woorde *koloniseer* en *kolonialiseer* blyk ook uit die wyse waarop dit leksikografies hanteer word.

<sup>6</sup> Vergelyk <https://nl.wikipedia.org/wiki/Koloniasie> vir 'n uiteensetting van kolonialisasie in antieke tye.

<sup>7</sup> Die behoefte aan die benoeming van dekolonisering/dekolonialisasie sou eers ontstaan toe die proses die eerste keer sy verskyning gemaak het. Op grond daarvan postuleer die *Online Etymology Dictionary* dat die woord *decolonization* die eerste keer in 1853 vanuit 'n politieke konteks in Amerikaanse Engels gebruik is alhoewel die VSA sy onafhanklikheid van Brittanje reeds in 1776 verklaar het. Vroeër was die woord slegs 'n mediese term.

## Leksikografiese verwarring

Die woord *koloniseer* word onder andere beskryf as

- “to send colonists to or establish a colony in (an area); to settle in (an area) as colonists; (tr) to transform (a community, etc.) into a colony” (*Collins English Dictionary*);
- “send settlers to (a place) and establish political control over it; settle among and establish control over (the indigenous people of an area); appropriate (a place or domain) for one’s own use” (*Oxford Dictionary of English*).
- “tot koloniën maken; betekenisverwante termen: hyperoniem: *inlijv* en *synoniem(en)*: kolonialiseren (*figuurlijk*) in beslag nemen, inpikken” (*Gratis Van Dale*);
- “mbt. gebieden koloniën vormen, nederzettingen vestigen in ...; mbt. personen in een kolonie onderbrengen, tot een kolonie verenigen” (*Dikke Van Dale*).
- “stig (in, op); ook, tot kolonie maak” teenoor *kolonialiseer* wat beskryf word as “koloniaal maak deur kolonialistiese onderwerping” (*WAT*);
- “’n volksplanting vestig in; jou in ’n kolonie vestig; kolonialiseer” (*HAT*).
- “(ein Gebiet) zu einer Kolonie machen” (*Duden*).

Ander sinonieme vir *koloniseer* (uit verskillende woordeboeke) dui op die wye spektrum betekenisonderskeidings wat binne verskillende kontekste geaktiveer kan word, onder andere “people”, “populate”, “pioneer”, “open up”, “found”; “overrun”, “occupy”, “take over”, “seize”, “capture”, “take possession of”, “annex”, “subjugate”, “hegemonize”.

Van die voorgaande leksikale definisies, wat baie algemeen geformuleer word om so omvattend as moontlik die betrokke woord se betekenis te omskryf, hou ’n paar betekenisimplikasies in.

- Die definisies dui eerstens op verskillende versweë agente van die handeling: diegene wat mense stuur, diegene wat gestuur word, diegene wat uit eie wil vestig.
- ’n Tweede betekenisimplikasie (vergestalt in die betekenisbeskrywings “to transform”, ook die gebruik van die komplementwerkwoordkonstruksie “tot koloniën maken” en gebruik van die superordinaat “inlijv” om *koloniseer* as hiponiem te impliseer) dui op ’n sekere politieke of ideologiese opset met betrekking tot ’n te stigte kolonie.
- Die betrokke definisies is egter moreel neutraal geformuleer ten opsigte van die aard van die koloniseringsdaad. *Van Dale* en *HAT* beskou *kolonialiseren/kolonialiseer* as sinonieme van *koloniseer* sonder dat daar ’n noemenswaardige aanduiding van betekenisverskil is, alhoewel *Van Dale* tog *kolonialiseren* as figuurlike gebruik aandui.
- Daarteenoor word die betekenis van *kolonialiseer* (*kolonialiseren*) in Duits vaag beskryf as ’n handeling uitgevoer om ’n bepaalde objek se politieke of sosiale status te verander.
- Uit die betrokke leksikale definisies blyk dit dat alhoewel ’n betekenisverskil tussen *koloniseer* en *kolonialiseer* nie geëkspliseer word nie, daar tog ’n suggestie van ’n betekenisverskil is. Sommige woordeboeke erken selfs ook nie die leksikale item *kolonialiseer* nie (vergelyk *Duden* en *Oxford Dictionary of English*), waaruit die afleiding gemaak kan word dat hulle die woorde *koloniseer* en *kolonialiseer* se betekenis as identies beskou.

’n Belangrike aanduiding van die feit dat die werkwoord *koloniseer* op ’n afgeslote handeling dui, lê in die gebruik van die volgende (komplement)werkwoorde saam met hulle onderstreepte (werkwoord)komplemente in die leksikale definisies van die betrokke woord: *transform* (“into

a colony”) – *Collins English Dictionary*; maken “tot koloniën” – *Gratis Van Dale*; vereniging (“tot een kolonie”) – *Dikke Van Dale*; maak (“tot kolonie”) – (*WAT*) en *machen* “zu einer Kolonie” (*Duden*).


Ponelis (1979:216) noem komplementwerkwoorde bewerkingswerkwoorde en voer aan dat die komplemente by bewerkingswerkwoorde die resultaat van die bewerking uitdruk, “sodat dié konstruksie(s) korreleer met kopulakonstruksies met veranderingswerkwoorde (soos *word, raak, kom*).” Vergelyk die volgende uiteensetting vanuit ’n TG-perspektief:

Ontvangsin: X transforms Y  
 Inlyfsin: √ becomes a colony  
 Resultaat: X transforms Y (to) a colony.

Bewerkings:

- Die komplementwerkwoord is altyd ’n oorganklike werkwoord.
- Die ontvangsin se voorwerp is identies aan die inlyfsin se onderwerp, met die gevolg dat die bewerking genaamd identiese NS-skrapping die onderwerp van die inlyfsin skrap.
- Die koppelwerkwoord (*to become* – ’n veranderingswerkwoord) word semanties geamalgameer met die hoofwerkwoord van die ontvangsin – en val dus weg.
- Al restant van die inlyfsin is die kopulapredikaat (*a colony*) wat die werkwoordkomplement genoem word. Die werkwoordkomplement dui die aard van die verandering aan wat die voorwerp-NS (van die ontvangsin) ondergaan het.
- Die toevoeging van die voorsetsel *to* dui aan dat die verandering op ’n bepaalde plek of omstandighede getermineer is – dus voltrek is.

Uit die leksikografiese inligting in die voorgaande leksikale definisies kan ’n koloniaseringskontinuum afgelei word wat diagrammaties soos volg voorgestel kan word:



**Figuur 1:** Koloniaseringskontinuum

- Die stippellynraam in kolom 1 dui aan dat die konsep *KOLONIALISME* (as denkrioting/beleid van potensieële koloniseerders) handeling en prosesse voorafgaan voordat kolonisering plaasvind.
- In kolom 2 dui die werkwoord *koloniseer* daarop dat prosesse/handeling plaasvind wat die beoogde landstreek se status tot kolonie **voltrek**. Die pyl vanuit kolom 2 tot by kolom 4 dui die **resultaat** van die koloniseringshandelin(e) aan. Daarom word die werkwoord *koloniseer* grammatikaal gemerk as perfektief (wat verder aan verklaar word) – dus **afgehandel** of **voltrek**, ook aangedui deur die boonste pyl in kolom 2, wat voor 'n grens te staan kom: die vertikale stippellyn. Na die voltrekking van die koloniseringshandeling volg noodwendige kolonialiseringshandeling<sup>8</sup> (aangedui deur 'n stippellynpyl). Die stippellynpyl dui aan dat die handeling benoem deur die werkwoord *kolonialiseer* nie 'n afsluitingsgrens het nie. Die gearseerde kolom 4 het geen raam nie, wat daarop dui dat die kolonialiseringshandeling nie op 'n bepaalde stadium as **voltrek** beskou kan word nie. Daarom word *kolonialiseer* in kolom 3 grammatikaal as duratief gemerk.
- Die pyl-eindpunte is sodanig gekies dat dit dui op óf 'n proses wat **voltrek** is, óf 'n proses wat **durend** is.

Die betekenisverskil tussen *koloniseer* en *kolonialiseer* word duideliker wanneer die omgekeerde handeling, vergestalt in die werkwoorde *dekoloniseer* en *dekolonialiseer*, onder oë geneem word.


Allereers is dit nodig om daarop te let dat die voorvoegsel (prefiks) *de-* die volgende betekeniswaarde kan hê in ooreenstemming met die betekenis van die daaropvolgende werkwoord: “omkeer”; dus die proses van kolonisering omkeer, óf die proses van kolonialisering omkeer.

Dekolonisering vind meestal plaas op grond van toegewings deur die koloniseerder en sy gevolglike bestuur van die proses. In die geval van dekolonialisering vind die inisiatief daarvoor – en die gepaardgaande handeling – gewoonlik plaas vanuit die beheersende punt van die gekolonialiseerde.

In ooreenstemming met die kolonialiseringskontinuum in Figuur 1 kan dekolonialisering in die onderstaande diagram (Figuur 2) voorgestel word. Die diagram is in 'n groot mate selfverklarend. Wat egter benadruk moet word (soos in die diagram aangedui), is die feit dat die werkwoord *dekoloniseer* dui op 'n handeling wat **voltrek** is (**afgehandel** is), terwyl *dekolonialiseer* dui op handeling wat **voortgaan**.

---

<sup>8</sup> Kolonialiseringshandeling hoe nie in alle gevalle die gevolg van koloniseringshandeling te wees nie, soos in die geval van neokolonialisme, deur *Oxford English Dictionary* gedefinieer as “the use of economic, political, cultural, or other pressures to control or influence other countries, especially former dependencies”. Die woordkeuse *especially* dui daarop dat neokolonialisme nie net betrekking het op gekoloniseerders nie. Volgens *Encyclopedia Britannica* (aanlyn) “its meaning soon broadened to apply, more generally, to places where the power of developed countries was used to produce a colonial-like exploitation”, soos byvoorbeeld neokolonialisme as 'n uitvloeisel van kapitalisme.



**Figuur 2:** Dekolonialiseringskontinuum

Uit die voorgaande twee kontinue is daar twee taalkundige verskynsels wat verdere verduideliking verg, naamlik die grammatikale kategorie **aspek** en die kognitiewe proses **konseptuele versmelting**.

### *Aspek*<sup>9</sup>


In 'n internetlesing verduidelik prof. Jürgen Handke van die Universiteit Marburg in Duitsland die begrip **ASPEK** as 'n funksie van die werkwoord: “The term aspect refers to a grammatical category which reflects the way in which the action denoted by the verb is regarded or experienced with respect to time” (vergelyk Handke, 2014).

Tyd moet egter nie hier verstaan word as tempus nie, met ander woorde die tyd van die taaluitdrukking relatief tot die tyd waarna die taaluitdrukking verwys nie.<sup>10</sup> Ponelis (1979:244) praat van die aspektiese waarde van die werkwoord. Hy gebruik die werkwoorde *begin* (aanvang), *aanhou* en *bly* (voortgang/herhaling), en *ophou* (afloop) ter illustrasie. Dit dui, volgens Ponelis, op die werkwoord se “betekenisprofiel”.

Twee van die genoemde aspektiese waardes is dus relevant vir 'n ontleding van die werkwoorde *dekoloniseer* en *dekolonialiseer*. Handke illustreer hierdie tersaaklike aspektiese waardes van die werkwoord met die volgende diagram:

<sup>9</sup> Lyons (1968:313) noem dat die term *aspek* (wat 'n vertaling van die Russiese woord *вид* is) aanvanklik gebruik is “to refer to the distinction of ‘perfective’ and ‘imperfective’.” Vergelyk ook Evans & Green (2006:387 e.v.).

<sup>10</sup> Lyons (1968:315) beklemtoon die feit dat “(a)spect, unlike tense, is not a deictic category; it is not relative to the time of utterance.”



**Figuur 3:** Onderskeid tussen perfektiewe en duratiewe aspek

Voortspruitende uit die vorige analises kan die ontwikkeling van die werkwoorde *dekoloniseer* en *dekolonialiseer*, wat betekenisontwikkeling en struktuurontwikkeling betref, onderskeidelik soos volg voorgestel word:

dekoloniseer                      < kolonialiseer                      < koloniseer

<< dekolonialiseer      < dekoloniseer                      < kolonialiseer                      < koloniseer

Gebruiksvoorbeelde toon aan dat daar by bepaalde (Afrikaanse) taalgebruikers – ook wat bepaalde woordeboeke betref – weinig onderskeid getref word en dat die twee woorde afwisselend sinonimies gebruik word. Vergelyk byvoorbeeld hoedat *dekolonisering* en *dekolonialiseer* (werkwoordvorm van *dekolonialisasie*) in die volgende voorbeelde sinonimies gebruik word ten opsigte van dieselfde konteks sonder aanduiding van noemenswaardige betekenisverskil:

“Maar dit is presies ook die rede waarom ons moet omgee oor *dekolonisering* van die wetenskap.” (*Rapport Weekliks*, 23 Oktober 2016, p. 4)

“Dit is die rede waarom ’n doelbewuste poging om wetenskap te *dekolonialiseer* waardevol is en Suid-Afrikaanse universiteite het die geleentheid om die proses te lei.” (*Rapport Weekliks*, 23 Oktober 2016, p. 4)

’n Volgende benadering op grond waarvan die betekenis van woorde (eintlik begrippe of konsepte) ondersoek kan word, staan bekend as die begripsbenadering (ook genoem konseptuele benadering). In kort beteken hierdie benadering dat die betekenis van ’n woord gelykgestel word aan die begrip of begrippe wat dit by die taalgebruiker oproep tydens die gebruik van die woord. Die woord *dekolonialisasie* se betekenis staan dus in noue verband met die begrip DEKOLONIALISASIE. Die afwisselende gebruik van die woorde *dekoloniseer* en *dekolonialiseer* (met inbegrip van hulle afgeleide vorme) – asof hulle betekenis identies is, soos in die voorbeelde hier bo – dui daarop dat rekenskap gegee moet word van die konseptuele prosesse wat in sodanige gevalle werksaam is.

### *Konseptuele versmelting*

Konseptuele versmelting is ’n fundamentele kognitiewe proses ten opsigte van nie net die daarstelling van die metafoer en analogie nie, maar ook vir die totstandkoming van kontrasterende denke, grammatikale strukture, neurologiese prosesse en literêre en musikale skeppinge (vergelyk Oakley, 1998:322).

Fauconnier & Turner (1996:113) beskryf konseptuele versmelting as “a general cognitive process ... that operates over mental spaces as inputs”.<sup>11</sup> Oakley (1998:323/324) wys daarop

<sup>11</sup> In ’n artikel getitel “Breyten Breytenbach as konseptuele versmelter” ontleed Botha (2009) byvoorbeeld die **kompleksiteit** van konseptuele versmelting in enkele Breytenbach-gedigte.


dat konseptuele versmelting sodanig werk dat dit agtergrondaannames in ooreenstemmende taalvorme neerslag laat vind. In hierdie artikel verwys agtergrondaannames na konseptuele ervarings/aannames met betrekking tot die tersaaklike werkwoorde.

Daar is reeds gepostuleer dat *koloniseer* en *kolonialiseer*, en hulle omgekeerdes, nie na dieselfde prosesse verwys nie. Die betekenis van die een [(de)kolonialiseer] is meestal ingesluit by die betekenis van die ander [(de)koloniseer]. Hier is dus sprake van 'n implikasieverhouding<sup>12</sup> – maar op 'n ander vlak as wat vroeër oor betoog is toe daar na hiponimie en sinonimie verwys is.

Die implikasieverhouding kan soos volg geformuleer word:

- Die handeling benoem deur die werkwoord *koloniseer* impliseer dat handeling (benoem deur die werkwoord *kolonialiseer*) 'n noodwendige gevolg is. Dit is onwaarskynlik dat daar ná kolonisering nie kolonialisering sal plaasvind nie, sy dit formeel of informeel, subtiel of dramaties.
- Die handeling benoem deur die werkwoord *kolonialiseer* impliseer dat dit voorafgegaan word deur kolonisering – behalwe in sekere gevalle van neokolonialisering.
- Die handeling benoem deur die werkwoord *dekolonialiseer* impliseer dat dit verwys na handeling wat volg ná dekolonisering – nie noodwenig in sekere gevalle van neokolonialisering nie, omdat daar nie noodwendig 'n voorafgaande formele proses van dekolonisering plaasgevind het nie.

Die konseptuele integrasie (van implikasies) is van so 'n aard dat die betekenis waarna die werkwoorde *koloniseer/kolonialiseer* en *dekoloniseer/dekolonialiseer* onderskeidelik verwys, as betekenisgestalts (as resultaat van konseptuele versmelting/integrasie) beskou kan word. Dit word in die volgende figure diagrammaties voorgestel.




**Figuur 4:** Die werkwoorde *koloniseer/dekoloniseer* as fokale denkrumtes

Figuur 4 stel die (konseptuele) versmeltingskonfigurasië voor (dus twee denkrumtes wat geïntegreer is). Die gearseerde pyl stel die konsepte voor wat opgeroep word deur die gebruik van die werkwoord(e) *koloniseer/dekoloniseer*. In die betrokke konfigurasië stel dit die fokale denkrumte(s)<sup>13</sup> voor. Die stippellynpyl dui op 'n sekondêre denkrumte wat in die agtergrond figureer.

<sup>12</sup> 'n Artikel deur Fauconnier & Turner (2003), "Polysemy and conceptual blending", onderskryf die relevansie van konseptuele versmelting ook op leksikale vlak.

<sup>13</sup> Vergelyk Botha (2009) vir 'n ontleding van fokale en ander denkrumtes in 'n ontleding van Bart Nel se woorde wanneer hy sê: "Ek is Bart Nel van toe af. En ek is nog hy".

Die volgende diagram stel die omgekeerde fokus-denkruimte voor.



**Figuur 5:** Die werkwoorde kolonialiseer/dekolonialiseer as fokale denkruimtes

Verknoop aan die begrip DEKOLONIALISASIE – en vir die verstaan daarvan – is dit nodig om verskeie veranderlikes ter oorweging te neem. Dit sluit onder andere die volgende in: historiese, kulturele, politieke, sosiale, kontekstuele, talige (alhoewel talige by implikasie die meeste hiervan ondervang omdat taal denke struktureer) en ander faktore.

Dit sal dus nodig wees om die rol van taal (in verhouding tot denke) in hierdie verband onder die soeklig te plaas.

### 3. Taal en denke

Die kognitiewe (taal)wetenskap het die afgelope dertig tot veertig jaar talle nuwe en insiggewende bevindinge oor die verhouding tussen taal en denke die lig laat sien. Enkele van hierdie insigte word kortliks aangestip om 'n opvatting te ondersteun dat kolonialisasie deur taal ook gekoloniseerders se denke “kolonialiseer” (by wyse van spreke).

Daar word beraam dat daar tussen drieduisend en tienduisend tale op aarde bestaan (vergelyk Crystal, 1987:284). 'n Presiese syfer is nie moontlik nie omdat daar tale is wat uitsterf, en omdat daar ook nie altyd konsensus is oor die dialektiese status van bepaalde taalvariëteite nie, synde selfstandige taal of dialek.

Elke taal beskik oor sy eie unieke kognitiewe apparatuur. Sommiges se apparatuur sal meer ooreenstemmend wees, terwyl ander geheel van mekaar sal verskil op grond van hulle taalfamiliale verbintenisse. Die feit dat 'n pasgeborene in enige taalomgewing die betrokke taal as moedertaal kan aanleer, laat vermoed dat daar sekere universalialia moet bestaan wat die aanleer moontlik maak. Sodanige universalialia bestaan wel, maar nie as taaluniversalialia nie – wel as ervaringsuniversalialia. Die begrips- en taalaanlerende individu berg vanuit die staanspoor ervarings (bekend as beeldskemas) in die kognitiewe onbewuste, “the vast system of concepts and cognitive mechanisms that operates beneath the level of consciousness, structuring both our experience and our mode of conceptualizing the world”, volgens Lakoff & Johnson (1997). Die kognitiewe onbewuste bevat onder andere prekonseptuele ervarings van ruimte, ruimtelike oriëntasie, deel-geheel-relasies, proksimiteit (nabyheid/verwydering) en nog 'n aantal ander.

Die begrips-/taalaanlerende individu se liggaamlike (ruimtelike) ervaring van die werklikheid kry in hierdie proses kognitief beslag. Die werklikheid waarin hy/sy geplaas is, kom aanvanklik as 'n diffuse (verspreide/onsamehangende) kontinuum voor. Deur taal kry hy/sy 'n kognitiewe greep op die werklikheid, want deur taal word die “elemente van die werklikheid” benoem. Die werklikheid word dus gekategoriseer. In hierdie verband voer Taylor

(1995:2) aan dat “categories we perceive in the world are not objectively there ... they have been forced upon us by the categories encoded in the language that we happen to have been brought up with. ... (D)ifferent languages will encode different categorizations.” Dienooreenkomstig vind daar ’n bewuswording van sy/haar onmiddellike werklikheid plaas, die eie identiteit en diegene wat na aan die eie identiteit funksioneer, die onmiddellike ruimtelike omgewing – en later die tydsdimensie. Later word hierdie bestaanskoördinate (identiteit, ruimtelike plasing en tydsplasing) na abstrakter dimensies getransponeer, juis ook omdat hierdie koördinate as sodanig baie abstrakte elemente bevat.

Die proses van konseptualisering (en dus ook benoeming deur taal) vind egter divers plaas in ooreenstemming met die betrokke taal se kognitiewe apparatuur. Hieroor sê Evans & Green (2006:101) “(T)he ways in which different languages ‘cut up’ and ‘label’ the world can differentially influence non-linguistic thought and action.” Op grond van die betrokke taal-omgewing word die besondere taal se begripstrukture dus eintlik inherent deel van die taalaanlerende individu se kognitiewe apparatuur.

Vervolgens word slegs enkele voorbeelde oorsigtelik genoem om aan te dui hoedat deur taal verskillende tale se taalgelbruikers se ervaring van die werklikheid verskil. ’n Volledige bespreking van die voorbeelde val nie binne die bestek van hierdie betoog nie.

### *Ruimtelike ervaring*

Op grond van kulturele en ander faktore, bestaan daar tale wat nie die behoefte aan ruimtelike verwysing in die onmiddellike omgewing van die spreker het nie. Windrigtingaanduidings is vir hulle voldoende.


Dan is daar ook tale (soos Hausa en Djerma wat in Nigerië gepraat word) wat ’n teenoorgestelde verwysingsstelsel het – in vergelyking met Westerse tale – wanneer daar na die lokaliteit van ’n objek in verhouding tot ’n ander objek verwys word. Die uitdrukking “voor die boom” sal byvoorbeeld na ’n teenoorgestelde lokaliteit verwys as wat dit die geval in Afrikaans of Engels sou wees. Vergelyk Schwerdtfeger (1982:52-63) en Lakoff (1987:310).

### *Tydervaring*

TYD is ’n baie abstrakte konsep en die ervaring van tyd berus op kognitiewe tydmodelle<sup>14</sup> wat op konseptuele tydmetafore gebaseer is, aldus Evans & Green (2006:84). ’n Verdere kompliserende aspek van tyd is die feit dat dit saamhang met ruimte en dat ons ervaring daarvan berus op twee basiese domeine binne die kognitiewe onbewuste (en dan natuurlik binne tersaaklike generiese ruimtes) – RUIMTE en TYD as konseptuele domeine. Die primêre onderskeid tussen die betrokke twee domeine berus op die feit dat TYD die eienskap **progressie** (dus beweging) het terwyl RUIMTE **staties** is.

Op grond van die progressie-eienskap van tyd, word daar drie kognitiewe modelle vir TYD onderskei, diagrammaties soos volg voorgestel:

<sup>14</sup> Evans & Green (2006:84) definieer ’n kognitiewe model as ’n “level of organisation in which various lexical concepts are integrated, together with their patterns of conventional imagery.” Op grond daarvan is kognitiewe modelle dus “larger-scale knowledge structures than individual lexical concepts”.



**Figuur 6:** Kognitiewe modelle vir TYD

Die ego se oriëntasie ten opsigte van tyd en die integrasie van tydmodelle sal nie hier bespreek word nie (vergelyk Evans & Green (2006:84-87) vir ’n vollediger bespreking). Wat in hierdie betoog van belang is, is die feit dat tydverwysing in verskillende tale op verskillende modelle berus.

Op grond van liggaamlike oriëntasie word in sommige tale na die verlede verwys as “agter” en na die toekoms as “voor”. In ander tale is die proses omgekeerd. In sommige tale word die beweging van tyd begripsmatig van links na regs ervaar, terwyl ander dit weer andersom (regs na links ervaar) in ooreenstemming met die rigting waarin geskryf word. Verskillende tale het ook verskillende tydmodelle op grond waarvan die beweging van tyd in verhouding tot die ego ervaar word.

### *Kleurwaarneming*

Daar kom baie voorbeelde in die literatuur voor van tale wat verskil ten opsigte van die aantal kleure wat hulle benoem. Hierdie verskynsel illustreer baie duidelik dat die kategorieë wat ons waarneem, nie as sodanig in die objektiewe werklikheid bestaan nie. Die talige onderskeiding van die betrokke kategorieë is ’n kultuurverskynsel wat ons deur die aanleer van die betrokke moedertaal verwerf het. Taylor (1995:1-20) wy ’n hele hoofstuk aan kleurkategorisering, waarin hy onder andere aandui dat verskillende tale – soos onder andere Russies, Frans, Tsonga en andere – nie ooreenstemmende kleure talig onderskei nie.

Ons sou kon voortgaan om verskille te lys wat deur die ontleding van taal aandui dat sprekers van verskillende moedertale verskillende begripservarings van die werklikheid het. Wat egter vir hierdie betoog van belang is, is die feit dat wanneer kolonisering (en gevolglike kolonialisering) van ’n bepaalde grondgebied en hulle inwoners plaasvind, die koloniseerder (in sy/haar rol as kolonialiseerder) se moedertaal een van die eerste elemente is wat op die gekoloniseerders (gevolglik uiteindelik gekolonialiseerdes) afgedwing word. Dit beteken dat die koloniseerder se kognitiewe taalapparatuur deel word van die gekolonialiseerde se begripsweefsel, dikwels radikaal teenstrydig met byvoorbeeld die begripsmetafore wat binne die onderskeie tale bestaan. Wanneer dit eers deel geword het van die gekolonialiseerde se denkwêreld (gewoonlik omdat hy/sy onder dwang is om die hoër funksies van die kolonialiseerder se moedertaal te bemeester om binne die nuwe sosiale, maatskaplike, regs- en ander terreine te funksioneer), word die bewindhebber se moedertaal geredelik aanvaar en van geslag tot geslag oorgedra, selfs lank ná dekolonisering. Vergelyk byvoorbeeld die amptelike tale van verskeie Afrikastate wat lank reeds gedekoloniseer is (in bepaalde gevalle naas die inheemse

taal van die streek), onder andere Burkina Faso (Frans), Burundi (Frans), Kameroen (Engels en Frans), Republiek van die Kongo (Frans), Gaboen (Frans), Gambië (Engels), Ghana (Engels), Kenia (Engels), Mosambiek (Portugees), Namibië (Engels), Suid-Afrika (Engels dominant) – en nog andere ook.

Bogenoemde indringing van koloniale tale binne die Afrikakonteks is in ’n sekere sin verklaarbaar as in ag geneem word dat die onderskeie koloniale tale onder meer onderlinge kommunikasie moes moontlik maak in ’n vasteland waarin daar ongeveer 2 000 tale gepraat word (vergelyk [https://en.wikipedia.org/wiki/Languages\\_of\\_Africa#cite\\_note-0](https://en.wikipedia.org/wiki/Languages_of_Africa#cite_note-0)). Dieselfde bron skryf ook die ontwikkeling van kreooltale aan onder andere koloniale invloed toe: “Due partly to its multilingualism and its colonial past, a substantial proportion of the world’s creole languages are to be found in Africa.” Daar bestaan by bepaalde taalkundiges die opvatting dat Afrikaans ook ’n kreooltaal is. Tasch (1995:28) beweer byvoorbeeld: “Afrikaans ist gemäss neueren Untersuchungen eine ‘kreolisierte’ germanische Sprache, die hauptsächlich in der Republik Südafrika, Namibia, Zimbabwe und vereinzelt auch in Botswana und Swaziland gesprochen wird.” Inheemse tale is in bepaalde gevalle nie net verdring nie, maar ook grammatikaal, leksikaal en andersins deur die koloniale tale beïnvloed.

Vervolgens enkele gedagtes oor die wyse waarop Afrikaans (en by implikasie Afrikaanssprekendes) deur kolonialisasie beïnvloed is.

#### 4. Afrikaans en kolonialisasie

Ten opsigte van Afrikaans kan twee vlakke van “kolonialisering” onderskei word: ekstern en intern.

Die eksterne kolonialisering van Afrikaans het eintlik ná die Anglo-Boereoorlog (ook die Suid-Afrikaanse Oorlog genoem) sy beslag gekry in ’n brief wat die destydse superintendent van onderwys in Transvaal en die Oranjerivierkolonie, EB Sargent, aan lord Alfred Milner, Britse hoë kommissaris vir Suid-Afrika, geskryf het:

“We must appeal to England, and ask the sisters and daughters of those who have been fighting for the Empire to come out and complete that part of the work which their male relatives are unable to accomplish. Our military police had gathered the greater part of the child population into these camps and ... I feel that the opportunity during the next year of getting them all to speak English is golden.” (vergelyk Steyn, 2014:52)

Hierdie oproep is ’n duidelike illustrasie van die leksikale definisie wat die *Advanced English Dictionary* onder andere vir die betekenis van *colonialism* gee: “exploitation by a stronger country of weaker one”.

Die ontwikkeling van Afrikaans se posisie tot amptelike status en daarna val nie binne die bestek van hierdie artikel nie. Wat wel ter sake is, is die feit dat Afrikaans ná 1994 sy 50%-aandeel as amptelike taal kwyt was, met die onpraktiese veronderstelling dat hy gelyke amptelike status met tien ander tale sou hê. Die gevolge was nie moeilik voorspelbaar nie: Afrikaans se verlies aan hoë funksies, ook die ander amptelike Afrikatale se verswakende posisie ten opsigte van die *de facto*- amptelike taal, Engels. Baie redes kan hiervoor aangevoer word, maar dit is nie nou ter sake nie. Dit kan nagelees word in Steyn (2014), wat indringend skryf oor die ontwikkeling en “lotgevalle” van Afrikaans.

Word die kragte wat tans teen Afrikaans werksaam is – en teen die agtergrond van die voorgaande ontleding van die betekenisontwikkelings van *koloniseer/dekoloniseer* en

*kolonialiseer/dekolonialiseer* – krities oorweeg, sal die volgende afleiding waarskynlik nie te vergesog wees nie:

Die blatante (en soms subtiële) afdwinging van die koloniale taal Engels (dus ook die denkstrukture van Engels) op die bestuur, administrasie – en veral die onderwys – van die land is geen dekolonialisering nie. Dit is herkolonialisering, nou nie deur ’n voormalige koloniale moondheid nie, maar deur gekolonialiseerde maghebbers (op verskillende vlakke). Dit kan nie nagelaat word nie om ook te noem dat die invloed van kolonialisasie – nou nie meer deur bewindhebbers nie, maar as gevolg van die intrinsieke krag van Engels as wêreldtaal – neerslag gevind het in Afrikaans se interne grammatikale en leksikale strukture. Voorbeelde daarvan is talryk en kan nageslaan word in *The influence of English on Afrikaans* deur BC Donaldson. In ’n insiggewende en deeglike resensie van die betrokke publikasie postuleer Conradie (1988) “Die bydrae wat die boek tot die taalpraktyk lewer, is veral geleë in die magdom goed waargenome gegewens met betrekking tot Engelse invloed in die breedste sin wat dit bevat. Al skep enkele van hulle die indruk van eendagvlieë, sal dit baie kortsigtig wees om op grond hiervan die diepgaande invloed van Engels op die hele struktuur van Afrikaans te probeer ontken, te meer omdat Donaldson ook aantoon dat die faktore wat vir hierdie invloed verantwoordelik is, nog steeds aanwesig is en in die toekoms waarskynlik net sterker sal word.” Dat Afrikaans wel ook ’n invloed op Suid-Afrikaanse Engels gehad het, is waar.

## 5. Ten slotte

Talle reste van kolonialisme is steeds in Suid-Afrika aanwesig, en sal waarskynlik steeds bly voortbestaan, niteenstaande die feit dat op die sigbare vlak werklike of gewaande koloniale standbeelde vervang of vernietig word, plekname verander word – en nog baie meer.

Die onsigbare vlak (die konseptuele vlak), waar, volgens Lakoff en Johnson (1980), “our concepts structure what we perceive, how we get around in the world, and how we relate to other people”, die vlak waarop “our conceptual system ... plays a central role in defining our everyday realities”, verskil van moedertaalspreker tot moedertaalspreker – en word verskillend talig gemanifesteer in verskillende tale. Dit is dus ook die vlak waarop gekolonialiseerde denkstrukture van ’n gedwonge koloniale taal ontwikkel is en word.

Is werklike dekolonialisasie dus ’n onbereikbare ideaal, vir diegene wat dit begeer onmoontlik, omdat kolonialisme in taal gedrenk is – dus ’n mite, omdat in die strewe daarna die wese van kolonialisme eintlik bevorder word indien dit deur ’n koloniale taal gedra moet word?

## BIBLIOGRAFIE

- Advanced English Dictionary*. (Aanlyn woordeboek) <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.orangeannoe.englishdictionary&hl=en&gl=US>.
- Austin, J.L. 1962. *How to do things with words*. Oxford: Clarendon Press.
- Beolingus* (Aanlyn woordeboek) <http://dict.tu-chemnitz.de/dings.cgi?service=deen&opterrors=0&optpro=0&query=kolonialiseren&iservice>.
- Botha, Willem J. 2009. “Breyten Breytenbach as konseptuele versmelter”. *Die tand van die tyd. Opstelle opgedra aan Jac Conradie*. Stellenbosch: Sun Press.
- Conradie, C.J. 1988. “Anglismes soms ’n bate, meen taalkenner.” *Beeld*, 14 Desember 1988.
- Crystal, David. 1987. *The Cambridge encyclopedia of language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Dictionary.com* (Aanlyn woordeboek), <http://www.dictionary.com/browse/colonialize>
- Donaldson, Bruce C. 1988. *The Influence of English on Afrikaans: A Case Study of Linguistic Change in a Language Contact Situation*. Pretoria: Serva Publishers.

- Dikke Van Dale*. (aanlyn). <https://www.vandale.nl/zoeken/zoeken.do>. Februarie 2021 geraadpleeg.
- Duden*. (Aanlyn woordeboek). <https://www.duden.de/suchen/dudenonline/kolonialisieren>. Februarie 2021 geraadpleeg.
- Du Toit, Louise. 2020. “Die pot kook oral’: NP van Wyk Louw, Johannes Degenaar en Afrikaanse dekoloniserings”. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 60(2):336-350, Junie 2020 doi.10.17159/2224-7912/2020/v60n2a6.
- Encyclopedia Britannica* (aanlyn). <https://www.britannica.com/topic/neocolonialism>. Februarie 2021 geraadpleeg.
- Evans, V & Green, M. 2006. *Cognitive linguistics. An introduction*. Edinburgh: Edinburgh University Press.
- Fauconnier, Gilles & Mark Turner. 1996. Blending as a central process of grammar. In: Goldberg, Adele (ed.). *Conceptual structure, discourse and language*. Stanford, CA: CSLI Publications, pp. 113-187.
- Fauconnier, Gilles & Mark Turner. 2003. “Polysemy and Conceptual Blending.” In *Polysemy: Flexible Patterns of Meaning in Mind and Language*. Edited by Brigitte Nerlich, Vimala Herman, Zazie Todd, and David Clarke. Berlin & New York: Mouton de Gruyter, pp. 79-94. A volume in the series *Trends in Linguistics*.
- Gratis Van Dale. Gratis woordenboek* (Aanlyn woordeboek). <https://www.vandale.nl/gratis-woordenboek/nederlands/betekenis/koloniseren#.YCTvGGhLguE>. Februarie 2021 geraadpleeg.
- Handke, Jürgen. 2014. *The function of the verb. Part II – Aspect and voice*. The virtual linguistics campus. [www.linguistics-online.com](http://www.linguistics-online.com). Februarie 2021 geraadpleeg.
- Hanks, Patrick (ed.). 1979. *Collins Dictionary of the English Language*. London & Glasgow: Collins.
- Lakoff, George & Mark Johnson. 1980. *Metaphors we live by*. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Lakoff, George. 1987. *Women, fire, and dangerous things. What categories reveal about the mind*. Chicago & London: The University of Chicago Press.
- Lakoff, George & Mark Johnson. 1997. *Philosophy in the flesh*. Elektroniese kopie.
- Lyons, John. 1968. *Introduction to theoretical linguistics*. London & New York: Cambridge University Press.
- Lyons, John. 1977. *Semantics I*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Oakley, Todd V. 1998. Conceptual blending, narrative discourse, and rhetoric. *Cognitive linguistics*, 9(4):321-360.
- Oxford Dictionary of English*. 2012. Oxford University Press. Elektroniese kopie.
- Online Etymology Dictionary*. [https://www.etymonline.com/word/colonization?ref=etymonline\\_crossreference](https://www.etymonline.com/word/colonization?ref=etymonline_crossreference). Januarie 2016 geraadpleeg.
- Ponelis, FA. 1979. *Afrikaanse sintaksis*. Pretoria: Van Schaik.
- Schwerdtfeger, AM. 1982. “Deiksis: oriëntasie en konfrontasie in die ruimte”. *Klasgids*, 17(2). Pretoria: Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie.
- Slatter, Landi. 2018. ‘n Nuwe geskiedenis vir SA. (<https://www.netwerk24.com/Nuus/Onderwys/n-nuwe-geskiedenis-vir-sa-20181223>). Januarie 2021 geraadpleeg.
- Steyn, JC. 2014. ‘*Ons gaan ’n taal maak*’. *Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Pretoria: Kraal Uitgewers.
- Tasch, Meike. 1995. *Empirische Untersuchung zu Sprechereinstellungen in Südafrika*. Duisburg: Gerhard-Mercator – Gesamthochschule – Duisburg.
- Taylor, John R. 1995. *Linguistic categorization. Prototypes in linguistic theory*. Oxford: Clarendon Press.
- Taylor, JR. 2002. *Cognitive grammar*. Elektroniese kopie.
- Terblanche, HJ & JJ. Odendal. 1966. *Afrikaanse woordeboek. Verklarend met woordaflerings*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-Boekhandel.
- Van Melle, J. 1960. *Bart Nel*. Pretoria: Van Schaik.
- Wikipedia. Oktober 2016. *Languages of Africa*. ([https://en.wikipedia.org/wiki/Languages\\_of\\_Africa#cite\\_note-0](https://en.wikipedia.org/wiki/Languages_of_Africa#cite_note-0)).

# Propagandataal: Kwantifiseerders en voor-naamwoorde<sup>1</sup>

*Propaganda language: Quantifiers and pronouns*

**ANSIE MARITZ**

Fakulteit Geesteswetenskappe

Universiteit van Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: ansie.maritz@up.ac.za



Ansie Maritz

**ANSIE MARITZ** is 'n lektor in die Afrikaanse Departement aan die Universiteit van Pretoria. Sy het haar loopbaan eers as student en later as dosent aan die Noordwes-Universiteit (NWU) begin. Sy het haar BA-, BAHons- en MA-grade, asook 'n NGOS by die Potchefstroomkampus van die NWU voltooi en het later 'n PhD aan die Vaaldriehoekkampus van die NWU behaal. Ansie se primêre navorsingsbelangstelling is die wyse waarop taal in die Suid-Afrikaanse politieke konteks gebruik word, spesifiek ook in propaganda. Sy stel ook belang in Afrikaanse varietaalkunde, onder meer die taalhoudings teenoor verskillende variëteite van Afrikaans.

**ANSIE MARITZ** is a lecturer in the Afrikaans Department of the University of Pretoria. She started her career first as a student and later as a lecturer at the North-West University (NWU). She completed her BA, BAHons and MA degrees, as well as a PGCE at the Potchefstroom campus of the NWU and later did a PhD at the Vaal Triangle campus of the NWU. Ansie's primary research interest is the way in which language is used in the South African political context, specifically with regard to propaganda. She is also interested in Afrikaans variational linguistics and language attitudes towards the different varieties of Afrikaans.

<sup>1</sup> Hierdie artikel is gebaseer op 'n PhD getitel *Die linguistiese eienskappe van propaganda*, wat die outeur aan die Noordwes-Universiteit onder leiding van professor Bertus van Rooy voltooi het. Die navorsing het befondsing van die UPSET (Understanding and Processing Language in Complex Settings) navorsingseenheid ontvang om die PhD te voltooi.

**Datums:**

Ontvang: 2021-04-12

Goedgekeur: 2021-06-14

Gepubliseer: Desember 2021

**ABSTRACT*****Propaganda language: Quantifiers and pronouns***

*A variety of studies have been conducted on the language used in propaganda, but often from a critical discourse perspective, which emphasises power relations and frequently draws text-specific conclusions. To draw conclusions about the systematic aspects of the language used in propaganda texts, Systemic Functional Linguistics was used in this study.*

*After using a content-based identification model to sort the texts used in this study as either non-propaganda (as a control group) or propaganda texts, the quantifiers and pronouns were analysed in both text groups. This is a qualitative study: each text group consists of eight texts of which six texts are in English and two in Afrikaans. The texts thematically pertain to former South African president Jacob Zuma and his involvement in the Nkandla and state capture scandals.*

*The conclusions of this study include the following: by analysing quantifiers according to specificity, certain differences between the text groups can be identified. Non-specific quantifiers can be used in propaganda texts to hide true information as they can be used to create the idea that there is either more or less than what would constitute an accurate representation of reality.*

*Where specific quantifiers are used in non-propaganda texts to report events accurately, specific quantifiers can be used in propaganda texts to imitate scientific discourse (which should include media discourse and therefore points to the expansion of the technique) in order to increase the validity of a text.*

*With reference to the use of pronouns in general, more pronouns are used in the propaganda text group than in the non-propaganda text group and certain types of pronouns are only present in the propaganda text group.*

*Personal pronouns feature more frequently in propaganda texts, namely 61,1% (of the total number of pronouns in both text groups), as opposed to possessive pronouns, namely 23,4% (of the total number of pronouns in both text groups). When comparing the number of personal pronouns in non-propaganda texts with those used in propaganda texts, there is a smaller difference between the two text groups than the difference in respect of the number of possessive pronouns in the text groups under discussion. Possessive and personal pronouns are used for similar propaganda techniques, such as dysphemism, polarisation and deflection being used for purposes of creating a smokescreen. Some of these pronouns – for example the personal pronoun “we” – can be used to create a feeling of inclusivity between the propagandist and the reader and can also be used to enhance exclusivity.*

*Pronouns can be used in non-propaganda texts to describe and, if necessary, create links of ownership according to facts. In comparison to this function, pronouns can be used to make strategic ownership links if or when they suit the propagandist’s cause. Sometimes a similar function can be seen in non-propaganda texts, but it is usually due to referencing and can therefore not be ascribed to the text author directly, but to the referenced source.*

*When demonstrative pronouns in propaganda texts are compared to non-propaganda texts, it is necessary to further analyse this pronoun group in order to better understand its functions. Anaphoric pronouns feature in a similar way in both text groups, except when a propagandist, for example, places a pronoun strategically, with a specific aim in mind. Apart from its normal cohesion function, certain pronouns are repeated strategically, adding an extra semantic layer to a text.*

*Cataphoric pronouns are only present in propaganda texts and can be used to create distance between a propagandist and a certain action in order to deflect attention. Similar to*

*anaphoric pronouns, the placing of cataphoric pronouns can be done strategically. There are no emphatic pronouns in the non-propaganda texts of this study. These pronouns are used in propaganda to, from a distant position, show disapproval and to integrate dysphemism in this way.*

*Although there are similarities between the text groups regarding the ideational metafunction, a propagandist depends on the interpersonal metafunction in order to integrate subjective meaning in the text.*

**KEYWORDS:** propaganda; language properties of propaganda; language characteristics of propaganda; political language; South African politics; Jacob Zuma; Nkandla; state capture; Guptas; Systemic Functional Linguistics; textual analysis; discourse analysis

**TREFWOORDE:** propaganda; taaleienskappe van propaganda; politieke taalgebruik; Suid-Afrikaanse politiek; Jacob Zuma; Nkandla; staatskaping; Guptas; Sistemies Funksionele Linguistiek; tekstuele analise; diskoersanalise

## OPSOMMING

Verskeie studies is al oor die taalgebruik van propaganda gedoen, maar dikwels met behulp van kritiese diskoersanalise, wat die klem op magsverhoudinge plaas en wat dikwels gebruik word om teksspesifieke afleidings te maak. Met die doel om gesistematiseerde afleidings oor die taaleienskappe van propaganda in die breë te maak, word Sistemies Funksionele Linguistiek in hierdie artikel gebruik.

Ná die sortering van tekste as propaganda- of niepropagandatekste (as kontrolegroep) met behulp van 'n inhoudelik-gebaseerde sorteringsmodel, is die gebruik van kwantifiseerders en voornaamwoorde in beide teksgroepe geanaliseer. Die studie is 'n kwalitatiewe studie: elke teksgroep bestaan uit agt tekste waarvan ses tekste Engels en twee Afrikaans is. Die tema van die tekste is oudpresident Jacob Zuma se betrokkenheid by die Nkandla- en staatskapingskandale in Suid-Afrika.

Die gevolgtrekkings sluit die volgende in: niespesifieke kwantifiseerders kan in propagandatekste gebruik word om ware inligting te verdoesel en spesifieke kwantifiseerders kan weer gebruik word om wetenskapsdiskoers (wat mediadiskoers moet insluit) na te boots om geloofwaardigheid te verhoog. Voornaamwoorde kan gebruik word om spesifieke eienaarskapskakels te maak, maar soos dit die propagandis se saak pas. Kataforiese voornaamwoorde (as deel van aanwysende voornaamwoorde) kan weer gebruik word om afstand te skep, wat die propagandis help om defleksie te bewerkstellig. Buiten vir die gewone kohesiefunksie, word die herhaling van sekere voornaamwoorde vir strategiese doeleindes gebruik.

Alhoewel daar 'n ooreenkoms in beide teksgroepe bestaan wat die ideasionale metafunksie betref, maak 'n propagandis in 'n groter mate op die interpersoonlike funksie staat om 'n ekstra betekenislaag in die teks te integreer.

## 1. Inleiding

Verskeie studies is reeds oor die taalgebruik van propaganda gedoen. Hiërdie taalstudies word dikwels aangepak met behulp van kritiese diskoersanalise. Deur 'n sistematiese benadering met behulp van die woordgroepeindings binne die Sistemies Funksionele Linguistiek (voortaan SFL) te gebruik, kan meer algemene gevolgtrekkings oor die taaleienskappe van propaganda gemaak word. In hierdie artikel word die rol van kwantifiseerders en voornaamwoorde in

propaganda met behulp van ’n kwalitatiewe teksanalise op tekste rakende oudpresident Jacob Zuma ondersoek.

Ná basiese agtergrondinligting volg die literatuuroorsig, waarin die rol van taal in propaganda uitgelig word, hoe kwantifiseerders en voornaamwoorde in sistemies-funksionele linguistiek omskryf kan word en wat reeds bekend is rakende die gebruik van kwantifiseerders en voornaamwoorde in propaganda. Hierná volg ’n metodologiese oorsig en die data-analise.

### 1.1 Agtergrondinligting

Die inhoudelike fokus van die gebruikte tekste is op twee verbandhoudende korrupsiesake in die eietydse Suid-Afrikaanse politiek – die sekuriteitsopgraderings aan oudpresident Jacob Zuma se privaat woning te Nkandla, en die staatskaping wat gevolg het uit die samewerking tussen oudpresident Zuma en die Guptafamilie. Beide hierdie gebeurtenisse het uitgebreide openbare verslaggewing opgelewer. Meningsvormers het van verskillende hoeke probeer om tot die gesprek toe te tree en die openbare mening op spesifieke wyses te kleur.

Die twee sake behels eerstens Zuma se privaat woning te Nkandla, ten opsigte waarvan daar korrupsie gepleeg is tydens die sogenaamde sekuriteitsopgraderings en, tweedens, die Guptafamilie wat van staatskaping beskuldig word. Die Guptas het met behulp van die skakelmaatskappy Bell Pottinger en Zuma se seun Duduzane Zuma ’n propagandaveldtog in Suid-Afrika in hulle eie guns geloods.

Die tekste wat in hierdie artikel gebruik word, handel dus tematies oor oudpresident Zuma en sy betrokkenheid by hierdie twee definiërende gebeurtenisse in die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis. In beide gebeurtenisse is daar duidelike polarisering van die partye wat aan die bevoordeelde en aan die benadeelde kant van die saak staan. Hierdie sake vorm daarom ’n gunstige konteks vir en bron van propaganda- en niepropagandatekste.

Propaganda kan vir Suid-Afrika as demokratiese land groot probleme meebring. Stanley (2015:11) verduidelik dat ’n demokrasie wat “ingeval” word deur propaganda die probleem het dat die woordeskat van ’n liberale demokrasie gebruik word om ’n ondemokratiese realiteit te verberg. Sodoende kan ’n regering poog om die burgers, maar ook die buiteland, te mislei. Effektiewe propaganda ontgin en versterk as’t ware foutiewe ideologie en word dikwels deur mense aanvaar wat groot materiële ongelykhede ervaar (vgl. Stanley, 2015:8). Só byvoorbeeld word die hoop op ekonomiese verligting as lokaas gebruik om armes se stemme vir ’n politieke party te werf.

Dit wil voorkom of bepaalde vals ideologieë (met behulp van propaganda) maklik as die waarheid aanvaar is ten tye van die afspeel van hierdie gebeure. In hierdie artikel (wat deel is van ’n groter studie) word daar onder meer beoog om ’n bydrae te lewer om die identifisering van propaganda te vergemaklik.

## 2. Literatuuroorsig

*Propaganda* word in hierdie artikel gedefinieer as die gevolg van ’n doelbewuste en ontwerpte poging deur ’n propagandis om sy of haar teikengehoor se houdings op só ’n manier te definieer dat dit op gunstige aksies op die regte tyd sal uitloop. Hiërdie aksies is onderhewig aan die propagandis se hoofdoel, waarvan die direkte uitkomst slegs of hoofsaaklik tot voordeel van die propagandis en sy of haar geassosieerde partye is (vgl. Ellul, 1965:61; Jenkins, 2014:1; Kolenda, 2013:2; Lasswell, 1927:627; Miller, 1937:210; O’Keefe, 2002:4; Qualter, 1962:27).

Deur die jare is propaganda vanuit verskillende studievelds ontleed, onder meer vanuit die politiek, kommunikasiekunde, sosiologie, psigologie, geskiedenis en taalkunde.<sup>2</sup> Binne

die taalkunde word propaganda grotendeels ontleed met behulp van kritiese diskoersanalise (vgl. Ahmadian & Farahani, 2014; Bosinelli & Maguire, 1984; Fairclough, 2001; Gee, 2011a, b; Wodak, 2007). Die diskoers- en kontekstuele elemente van die gekose teks(te) in 'n bepaalde studie geniet binne hierdie raamwerk aandag, maar hierdie analyses het nie ten doel om 'n stel taaleienskappe van propaganda oor die algemeen te ondersoek nie.

Die fokus van hierdie artikel is daarom 'n taalkundige analise om sistematiese patrone in die taalgebruik van propaganda bloot te lê. Die artikel vorm deel van 'n groter studie wat ten doel het om 'n veralgemening oor die linguïstiese kenmerke van propaganda as tekstipe te maak deur nie slegs op afleidings vanuit die interpretasie van 'n spesifieke stuk propaganda te steun nie, maar deur vergelykend te werk. Om hierdie rede word verskillende soorte tekste gebruik en word die taalkenmerke van propaganda ook aan 'n kontrolegroep van nie-propagandatekste getoets. Met behulp van die kontrolegroep niepropagandatekste word betroubaarheid aan die studie verleen en kan daar met groter sekerheid aangedui word of die taaleienskappe, wat in reeds bestaande literatuur aan propaganda toegeskryf is, wel kenmerkend van propaganda is en nie bloot gedeelde eienskappe verteenwoordig wat ook in niepropagandatekste voorkom nie.

In hierdie artikel is die raamwerk van die kritiese diskoersanalise belangrik, aangesien dit breedweg ooreenstem met die funksionele benadering van die SFL, asook met kognitiewe linguïstiek (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004; Martin & White, 2005). Binne die kritiese diskoersanalise speel konteks, asook die invloed van magsverhoudinge op taalgebruik, 'n belangrike rol (Fairclough, 1995:185; Fairclough, 2001). Soos reeds aangedui, word kritiese diskoersanalise nie as analiseringsraamwerk gebruik nie, aangesien hierdie studie die algemene linguïstiese eienskappe van propaganda wil bepaal. Hiervoor kan die metafunksies binne die SFL as teoretiese raamwerk gebruik word. Sodoende kan bepaal word hoe die belangrikste taalstukke lyk in elkeen van hierdie metafunksies in propaganda- en niepropagandatekste (vgl. Halliday & Matthiessen, 2004:29-31).

In die volgende afdelings word die belangrike rol van taal in propaganda vanuit die literatuur bespreek, waarna die aard van kwantifiseerders en voornaamwoorde binne sistemies funksionele linguïstiek verduidelik word. Hierná volg 'n uiteensetting van die propaganda-funksie waarvoor kwantifiseerders en voornaamwoorde, volgens die literatuur, gebruik kan word.

## 2.1 *Taal en propaganda*

Taal word as 'n integrale deel van propaganda beskou, aangesien taal die medium is waarmee 'n propagandis propaganda kan bewerkstellig (Black, 2001:133-134; Gambrell, 2012:297-318; Jowett & O'Donnell, 2012:303). Boardman (1978:80) verduidelik dat die term "propaganda" aanvanklik 'n soortgelyke betekeniswaarde as die term "retoriek" gehad het. Mettertyd het hierdie betekeniswaarde verander in kwaadwillige taal en verbale strategieë wat misleidend is, of wat die ware motiewe van die propagandis verdoesel. Boardman (1978:84) verwys ook verder na propaganda as 'n verbale, politiese strategie.

---

<sup>2</sup> Vergelyk Bernays (1928); Black (2001); Ellul (1965); Gambrell (2012); Herman & Chomsky (2008); Jowett & O'Donnell (2012); Lasswell (1927), (1949); Lippmann (1920), (1922); Monama (2014) en Wodak (2007).

Deur die funksie van kwantifiseerders en voornaamwoorde as deel van die nominale groep in SFL na te gaan, kan die funksionele gebruikswaarde daarvan in propagandatekste geantisepeer word.

## 2.2 *Sistemies funksionele linguistiek: kwantifiseerders en voornaamwoorde*

Woordtipes wat onder 'n spesifieke woordgroep val, is geneig om 'n soortgelyke funksie te vervul (Halliday & Matthiessen, 2004:50-52). Daarom kan spesifieke woorde tydens die analise van die tekste geïdentifiseer word as behorend tot 'n spesifieke woordgroep met die oog om die funksionele rol daarvan te identifiseer. Die funksie van hierdie woordgroepe kan binne die Sistemies Funksionele raamwerk vanuit 'n propagandahoek benader word. Die taalteoretiese raamwerk self maak dit vir die analis moontlik om steeds die funksies van taal in propaganda in die konteks van die algemene rol van taal te kan interpreteer.

Die nominale groep verwys na spesifieke woordklasse, naamlik naamwoorde, adjektiewe, kwantifiseerders en bepalers (Halliday & Matthiessen, 2004:52). Naamwoorde kan weer verdeel word in algemene naamwoorde, eiename en voornaamwoorde (Halliday & Matthiessen, 2004:52). Die element waarna as “ding” verwys word, is die semantiese kern van die nominale groep en kan algemene naamwoorde, eiename of (persoonlike) voornaamwoorde wees (Halliday & Matthiessen, 2004:325).

By persoonlike voornaamwoorde word die referent interpersoonlik gedefinieer en by eiename word die referent eksperiënsieel gedefinieer (Halliday & Matthiessen, 2004:325). Beide kom dus dikwels voor sonder verdere spesifikasie en daarom sonder enige ander lede van die nominale groep (Halliday & Matthiessen, 2004:325). Hulle kan wel soms 'n eksperiënsiële beskrywingsadjektief dra, byvoorbeeld “mooi klein Marie” of selfs beide soorte beskrywingsadjektiewe, byvoorbeeld “mooi klein Marie van Biesiesvlei” (Halliday & Matthiessen, 2004:325).

Numerering as 'n onderafdeling van 'n “ding” kan verdeel word in hoeveelheid of orde en spesifiek of niespesifiek wees (Halliday & Matthiessen, 2004:317). Kwantitatiewe numereerders spesifiseer óf 'n spesifieke aantal, byvoorbeeld *twee* treine, óf 'n niespesifieke hoeveelheid, byvoorbeeld *baie* treine (Halliday & Matthiessen, 2004:318).

## 2.3 *Bestaande eienskappe: kwantifiseerders en voornaamwoorde*

Stanley (2015:164-165) dui die ooreenstemmende funksie aan wat beide kwantifiseerders en voornaamwoorde in propaganda kan speel met dié dat voornaamwoorde reeds 'n soort kwantifisering veronderstel (bv. enkelvoud “jy” teenoor meervoud “julle”). Beide kwantifiseerders en voornaamwoorde kan gebruik word om 'n verdraaiing van realiteit voor te stel deur nie duidelikheid te bied oor wat presies met woorde soos “ons” of “baie” ingesluit word nie. Die afwesigheid van konteksspesifieke inligting in sommige uitlatings maak hierdie funksie moontlik (Stanley, 2015:164). Die domeinbepערking van kwantifiseerders (wat voornaamwoorde kan insluit) kan as 'n meganisme gebruik word om redelikheid te erodeer (Stanley, 2015:164). Een manier hoe só 'n funksie kan realiseer is deur voornaamwoorde soos “ons” te gebruik om aktief uit te sluit (Stanley, 2015:165).

Gambrill (2012:310-311) verwys na die gebruik van “vae kwantitatiewe begrippe” in propaganda wat dus met die analise van kwantifiseerders nagegaan kan word. In propaganda is dit moontlik om beide vorme te gebruik: spesifieke hoeveelhede om 'n propagandateks as 'n informatiewe teks, en daarom met wetenskapsdiskoers te verdoesel, en 'n niespesifieke

hoeveelheid om veralgemenings te kan maak en sodoende die propagandis se saak te versterk.

Deur algemene numereerders soos “alles” of “niks” en “baie” of “geen” te gebruik, word ’n saak juis op gepolariseerde wyse aan die leser aangebied. Dit is ook moontlik om niespesifieke telwoorde te gebruik wat so na as moontlik aan die “ja”-of-“nee”-pool en die “alles”-of-“niks”-pool lê, om sodoende ’n vorm te gebruik wat absolute veronderstel waar daar nie noodwendig absolute uitsluiting is nie.

Algemene, vae woorde en frases soos “hoë risiko” en “gewoonlik”, tesame met elkeen se ervaringsraamwerk van sekere betekenis, kan groot verwarring meebring (Gambrill, 2012:310). Die hoofgebruik van vaagheid is om die kans te vergroot dat mense positief op die propagandis se saak sal reageer (vgl. Gambrill, 2012:311). Vae, kwantitatiewe begrippe soos “baie” en “min” word hierby ingesluit (Gambrill, 2012:310). Vaagheid kan gebruik word om, onder meer, swak redenering te versluier (Gambrill, 2012:311). Die funksie waarvoor hierdie woorde ingespan word, dui juis ’n ooreenkoms aan met “woorde met illusie”, aangesien die illusie van betroubaarheid en ingeligtheid geskep word, maar die terme eintlik gebruik word om ’n tekort aan betroubaarheid te verdoesel (vgl. Gambrill, 2012:311).

Hierteenoor kan spesifieke numereerders as ’n soort kenmerk van die objektiwiteit van wetenskapsdiskoers gebruik word om die idee te skep dat die outeurs goed ingelig en objektief is, en daarom vertrou kan word. Die noukeurige gebruik van numereerders getuig van gehaltejoernalistiek en word verwag in niepropaganda omdat feitelike korrektheid verwag word. Die propagandis sou die meervoudige gebruik van byvoorbeeld numereerders kon inspan om sy of haar teks meer geloofwaardig te laat voorkom. Hierdie numereerders kan akkuraat wees, maar word inderwaarheid bloot ingespan om die “groter doel” van die teks, wat tot die propagandis se voordeel strek, te laat realiseer.

By die analise in afdeling 4 word die numereringselemente in die artikel kollektief benoem as kwantifiseerders. Hierdie term dien as omvattende term om spesifieke en algemene numereerders in te sluit en te identifiseer.

Voornaamwoorde kan ook gebruik word om te polariseer deur letterlik “ek” of “ons” aan die propagandis se kant te stel, teenoor die “hy”, “sy”, “hulle” of “julle” van die teenparty (Boardman, 1978:79). Dit is ook moontlik dat hierdie vaste indelings van groepe of individue deur die propagandis gekies word om sodoende defleksie as tegniek te gebruik (Black, 2001:132). Die fokus van die leser kan deur die propagandis direk omgeswaai word na die teenparty. Gepaardgaande met hierdie twee tegnieke kan disfemisme ook die propagandis handig te pas kom (Bolinger, 1980:89-90, 119).

Herhaling van gekose kwantifiseerders en voornaamwoorde, om sodoende beklemtoning deur herhaling te bewerkstellig, sou ook as ’n soort metategniek gebruik kon word, met behulp van referensiële kohesie (vgl. Doob, 1950:435; Goebbels soos aangehaal deur Trevor-Roper, 1979:xx; Hitler<sup>3</sup> 1992:15, 164, 165, 167).

### 3. Metodologie

Hierdie studie is met behulp van ’n tekstuele analise, gebaseer op SFL, gedoen. Sodoende kan bepaal word of sekere gebruikaspekte van kwantifiseerders en voornaamwoorde as algemene eienskappe van propaganda beskou kan word en, indien wel, wat hierdie eienskappe is. Die doel is dus nie om teksspesifieke afleidings te maak nie, maar om afleidings te maak wat van toepassing op propaganda in die algemeen is. Die studie is gedoen deur van ’n groep

<sup>3</sup> Hitler was (ongelukkig) ’n baie effektiewe propagandis en word daarom as verwysing ingesluit.

propagandatekste en 'n groep niepropagandatekste uit die Nkandla- en staatskapingsake gebruik te maak. *Neutrale tekste* verwys na tekste wat aan die verwagte kommunikasienorme en standaarde voldoen en word in die artikel as *niepropagandatekste* benoem (Farber, 2009:23, 26-27; Jowett & O'Donnell, 2012:30-31).

Dieselfde funksionele eienskappe van kwantifiseerders en voornaamwoorde in propaganda, wat reeds deur vorige studies as eienskappe van propaganda vasgestel is, is in beide teksgroepe getoets. Sodoende is bepaal of sekere taalelemente uitsluitlik kenmerkend is van die propagandagroep tekste en of dié taalelemente by beide groepe voorkom. Die talige vormanalise volg na afloop van 'n sorteerproses, waartydens elke teks afsonderlik en inhoudelik aan die hand van die nielinguistiese propaganda-identifiseringsmodel geanaliseer en as propaganda of niepropaganda geklassifiseer is.

Die analise word gedoen ten einde die doel van die teks so akkuraat as moontlik te bepaal. Die doel van die teks kan dan as bepalende faktor gebruik word om te bepaal of 'n teks wel propaganda is al dan nie (Jenkins, 2014:1; Jowett & O'Donnell, 2012:7). Op hierdie manier word taal nie gebruik om tekste te klassifiseer net om weer talige afleidings van daardie tekste se aard te maak nie. Die model is saamgestel met behulp van inhoudelike eienskappe en tegnieke van propaganda, reeds bestaande propaganda-analiseringsmodelle, asook die narratologie.<sup>4</sup>

### 3.1 Datadomein

Met hierdie studie is beoog om tekste vanuit sogenaamde oorlogsomstandighede te gebruik, aangesien 'n oorlog gewaarborg is om beide propagandatekste en niepropagandatekste op te lewer. 'n Onweglaatbare oorweging is die moontlikheid dat die skrywers en samestellers van 'n teks, hetsy 'n joernalis of 'n redaksiespan, wetend of onwetend ook hul standpuntstempel op die teks kan afdruk (Martin & White, 2005:178).

Beide groepe tekste bestaan uit agt tekste waarvan twee Afrikaans en ses Engels is. Sodoende kan afleidings wat nie taalspesifiek is nie gemaak word. Die tekste is aanvanklik geselekteer op grond van aanvangsindruk, volgens kommunikasiedomeine wat onderskeidelik met propaganda en niepropaganda geassosieer word, én volgens die vooraf vasgestelde getalle en algehele tekslengte per groep. Die tekste is vervolgens individueel volgens die nielinguistiese model ontleed en as propaganda of niepropaganda gesorteer. Grensgevaltekste is nie ingesluit nie.

Tekste in die propagandateksgroep bestaan hoofsaaklik uit persverklarings en tekste wat deur individue geskryf is, byvoorbeeld 'n meningstuk of 'n ope brief. Hierteenoor is daar hoofsaaklik van koerantberigte in die niepropagandateksgroep gebruik gemaak. Die tekste is almal in die openbare domein versprei deur aanlyn mediaplatforms.

## 4. Data-analise

Alhoewel die studie 'n kwalitatiewe studie is, word soortgelyke metodes soos dié in die korpuslinguistiek gebruik om nie net 'n alternatiewe benadering tot die ontleding van propagandatekste te volg nie, maar om ook 'n minder kontekstueel georiënteerde benadering te gebruik. Hierdie metode van analise bied ook die geleentheid om die analise sistematies aan te pak en om 'n kwantitatiewe analise as vertrekpunt te gebruik, waarna die kwalitatiewe analise volg.

<sup>4</sup> Verwys na Maritz (2019) vir 'n volledige uiteensetting van die model.

Die konteks is gebruik om die aanvanklike sortering van die tekste as propaganda en niepropaganda te doen, maar word by die talige ontleding wat volg sover moontlik gereduseer. Sodoende kan die taalkenmerke, wat gedurende die ontleding na vore kom, as algemene of tipiese taalkenmerke van propaganda beskou word. Op hierdie manier word 'n teksspesifieke interpretasie van die data, soos wat dikwels in die verlede by die talige ontleding van propaganda gebruik is, sover moontlik vermy.

Kwantifiseerders is as niespesifieke en spesifieke kwantifiseerders gekategoriseer. By voornaamwoorde is onderskei tussen besittlike voornaamwoorde, persoonlike voornaamwoorde en aanwysende voornaamwoorde, waar laasgenoemde verder volgens anaforiese, kataforiese en emfatiese gebruik ingedeel is.

Die navorser se klassifisering van kwantifiseerders en voornaamwoorde is onafhanklik deur nog 'n beoordelaar nagegaan ná afloop van oorleg oor die klassifiseringskriteria. Enige verskille in oordeel is gesamentlik opgelos.

In die analise word daar telkens eers 'n versameling voorbeelde vanuit die relevante teksgroepe in tabelformaat aangebied om 'n algemene indruk te gee. Hierná word geselekteerde voorbeelde (wat nie noodwendig in die tabel aangedui is nie) in konteks aangebied.

#### 4.1 Kwantifiseerders

Kwantifiseerders word telkens eers volgens die relevante tipe kwantifiseerder ingedeel (niespesifiek of spesifiek)<sup>5</sup> waarna voorbeelde eers vanuit die niepropagandateksgroep en dan vanuit die propagandateksgroep aangedui en dan bespreek word.

##### 4.1.1 Niespesifieke kwantifiseerders

###### *Niepropaganda*

<b>any</b> information	<b>baie</b> redes	<b>any</b> project	<b>mostly</b> women
<b>some</b> members	<b>multi-billion</b> dollar	<b>more</b> of such visits	<b>many</b> of these parties

- (1) ... Adrian Moodley said there are **some** documents relating to phase two ...

Teks: Nkandla's cost: *Trapping the mole in the bunker*

- (2) ... dat Nkandla weelderig is en die beste en hoenders daar 'n beter lewe het as **baie** Suid-Afrikaners ...

Teks: *NASIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: "Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie"*

<sup>5</sup> Kwantifiseerders soos "all", "every" en "no" is in hierdie artikel as *spesifiek* hanteer alhoewel dit normaalweg onder *niespesifiek* sou kon sorteer (Halliday & Matthiessen, 2004:315). Die gebruikskonteks kan sekere niespesifieke kwantifiseerders spesifiek maak, en andersom (Halliday & Matthiessen, 2004:318). Buiten daarvoor word hierdie kwantifiseerders weens hul totaliteitswaarde, wat 'n soort spesifiekheid aan hulle verleen, as spesifiek hanteer aangesien dié kwantifiseerders 'n propagandis toelaat om dit te laat voorkom of hulle met só 'n verwysing spesifiek is deurdat alles (die geheel) of niks veronderstel word.

- (3) ... and for **many** people in South Africa ...

Teks: *Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa?*

- (4) Outside the perimeter of the Zuma household, a **few** metres from the house ...

Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

### Propaganda

<b> baie </b> redes	'n <b> paar </b> wittes	<b> any </b> money	<b> some </b> ammunition
<b> many </b> of the opposition	<b> many </b> of these	not <b> only </b> the ANC	how <b> much </b>

- (5) ... and spending **millions** of rands of public funds ...

Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

- (6) The corrective measures suggested are similar. **Many** of them are in advanced stages ...

Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

- (7) **Meeste** koerante gaan aandrang ...

Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

- (8) Ramaphosa die kitsmiljardêr wat **miljarde** uit niks (lees: Amerikaanse hupstoot) gemaak het ...

Teks: *Mag Zuma nog 'n bietjie uithou*

Daar is ongeveer dubbel soveel niespesifieke kwantifiseerders in propagandatekste as in niepropagandatekste. Niespesifieke kwantifiseerders kom 12 keer (5,2% van die totale aantal kwantifiseerders in die teksgroep) in niepropagandatekste en 24 keer (10,5% van die totale aantal kwantifiseerders in die teksgroep) in propagandatekste voor. 'n Groter aantal van hierdie kwantifiseerders in propagandatekste is moontlik omdat 'n propagandis die veralgemenings- en oordrywingspotensiaal wat juis in die niespesifiekheid van hierdie kwantifiseerders gesetel is, benodig. Hierteenoor kan die outeurs van niepropagandatekste die algemeenheid of niespesifiekheid van hierdie kwantifiseerders gebruik om 'n aanduiding aan die leser te gee, maar ook om sodoende onsekerheid aan te dui.

In voorbeeld (3) van die niepropagandatekste word die woord "many" gebruik om die aantal Suid-Afrikaners wat ongelukkig is oor staatskaping aan 'n internasionale lesersgroep te kwantifiseer. Hierdie vorme kan ook deur die propagandis gebruik word om te oordryf; byvoorbeeld die woord "many" kan eintlik na 'n kleiner getal verwys, maar die term verleen hom daartoe dat die leser 'n groter aantal as wat daar werklik is kan aflei, wat weer die propagandis se saak versterk. Voorbeeld (6) van die propagandatekste verwys na die korrektiewe maatreëls waaraan die ANC (African National Congress) aandag moet gee. Die propagandis wil die leser gerusstel dat iets aan die saak gedoen word en dat die ANC in beheer is deur aan te dui dat "many" of baie van die prosesse reeds in gevorderde stadia is. Aangesien die propagandis tipies in so 'n geval genoeg inligting sou hê om spesifiek te kan aandui hoeveel prosesse op dreef is, wil dit voorkom of die propagandis kies om nie spesifiek te wees nie en sodoende beskermend teenoor die ANC op te tree.

## 4.1.2 Spesifieke kwantifiseerders

*Niepropaganda*

<b>all</b> the support	<b>nothing</b> private	<b>hele</b> EFF-koukus	<b>R203m</b> budget
<b>three</b> Gupta brothers	<b>two</b> months ago	<b>vyfde</b> parlement	<b>first</b> time

(9) ... parking lot with parking for at least **40** vehicles ...

Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

(10) Phase one of the project, comprising **two** houses, **one** of them a double-storey structure ...

Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

(11) Public Works Minister Thulas Nxesi has defended his department's decision to splurge ... saying there was **nothing** private about Zuma's house.

Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*

(12) ... the department said the **R36-million** budget was for the construction of **10** houses ...

Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*

*Propaganda*

<b>zero</b> tolerance	these <b>two</b>	<b>nothing</b> to offer	current <b>47%</b>
<b>all</b> parties	<b>six</b> door mats	<b>geen</b> kabinetsminister	<b>both</b> reports

(13) ... taxed at the applicable marginal rate of **40%** ...

Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

(14) ... defending Zuma in **every** court at **every** level ...

Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

(15) **All** public officials, officials and private sector companies involved in any maladministration ...

Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

(16) **Both** reports came to the same conclusions in the following areas ...

Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

Wat spesifieke kwantifiseerders betref, is daar ietwat meer vorme wat in niepropagandatekste voorkom, naamlik 101 (44,1% van die totale aantal kwantifiseerders in die teksgroep), teenoor 92 gevalle in propagandatekste (40,2% van die totale aantal kwantifiseerders in die teksgroep). Wanneer niespesifieke en spesifieke kwantifiseerders met mekaar in niepropaganda en propaganda vergelyk word, is daar duidelik veel meer spesifieke kwantifiseerders in beide groepe tekste. Sekere propagandatekste (soos *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* en *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*) vertoon veral 'n groot aantal spesifieke kwantifiseerders, soortgelyk aan informatief gelaaië berigte (soos *Zuma's R65m Nkandla splurge* en *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*). Hierdeur kan die propagandategniek "misbruik van wetenskapsdiskoers" duidelik geïdentifiseer word.

Deur feite in die tekste in te weef, kom die DA (Demokratiese Alliansie) as ingelig, gesaghebbend en deskundig voor (vgl. voorbeeld (13) van die propagandatekste). Die feite vervat in die voorgemelde voorbeeld kom ook juis korrek voor om sodoende die boodskap van die teks te versterk deur die DA se betroubaarheid aan te praat en daardeur hopelik die leser se stem te werf. In voorbeeld (14) van die propagandatekste word die spesifieke kwantifiseerder "every" twee maal gebruik. Hier word die spesifiekheid of totaliteit van die term weer gebruik om die propagandis se saak te ondersteun deur die propagandis as noukeurig, doelgerig en vasberade voor te stel. Die spesifieke kwantifiseerders wat in propagandatekste voorkom kan in hoofsaak aan 'n teks soos *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records* gekoppel word. Daarom sou spesifieke kwantifiseerders steeds eerder kenmerkend van niepropagandatekste wees en by uitsondering deur propagandiste gebruik word wanneer die propagandis die propagandateks betroubaar wil laat voorkom.

Wanneer die linguïstiese kenmerke van niepropagandatekste nageboots word deur propagandatekste kan dit die uitken van 'n propagandateks bemoeilik. Die gebruik van spesifieke kwantifiseerders en bronverwysings in 'n teks moet daarom in samehang met ander taalkenmerke van 'n teks oorweeg word, en binne die groter raam van die doel van die betrokke teks geplaas word. Die gebruik van spesifieke kwantifiseerders en bronverwysings in 'n niepropagandateks het ten doel om die leser in te lig; daarteenoor het die gebruik van hiërdie linguïstiese eienskappe in 'n propagandateks dikwels die implisiete doel om die leser te mislei.

#### 4.2 Voornaamwoorde

Voornaamwoorde word, soos in afdeling 4.1, telkens eers volgens die relevante tipe voornaamwoord ingedeel (besitlik, persoonlik en aanwysend), waarna voorbeelde eers vanuit die niepropagandateksgroep en dan vanuit die propagandateksgroep aangedui en bespreek word. Aanwysende voornaamwoorde word verder verdeel en bespreek.

Voornaamwoorde kom 290 keer (44% van die totale aantal voornaamwoorde) in die niepropagandatekste voor, teenoor 372 keer (56% van die totale aantal voornaamwoorde) in die propagandatekste. Die 12% meer voornaamwoorde in propagandatekste verteenwoordig nie 'n groot verskil tussen die twee teksgroepe nie. Die verskille in die gebruik van tipes voornaamwoorde in die teksgroepe is daarom aan die hand van besitlike, persoonlike en aanwysende voornaamwoorde in die twee teksgroepe ondersoek. Aanwysende voornaamwoorde word ook verder ontleed, aangesien daar 'n groot verskil in die aantal aanwysende voornaamwoorde in propaganda- teenoor niepropagandatekste is.

#### 4.2.1 Besitlike voornaamwoorde

##### Niepropaganda

(17) Sou die komitee voortgaan met **sy** werk, en dit is nie afgehandel teen 7 Mei nie ...

Teks: *Nkandla: wat nou?*

(18) Nxesi refuted claims that **his** department lied when it told the M&G last November that the budget for the upgrading of Zuma's home was R36-million.

Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*

(19) "Why now? **Your** newspaper published the story in November last year."

Teks: *Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker*

(20) He mentioned the amphitheatre, cattle kraal, chicken run, visitor's centre, and the swimming pool, which the public protector had ordered him to pay for out of **his own** pocket.

Teks: *Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings*

(21) "If government communicators make it impossible for us to trust them with basic courtesy, we will struggle to share information with them, and two things will suffer: **their** ability to try and shape **our** opinions, and the willingness of journalists to seek all sides of every story. Ultimately, that is bad for democracy."

Teks: *Zuma's R65m Nkandla splurge*

##### Propaganda

(22) "**My** residence in Nkandla was paid for by the Zuma family."

Teks: *DA responds to Sunday Times' Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

(23) This is what he and **his** white-minority-capital kith and kin network really talk about ...

Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

(24) Only a DA government can stop corruption and ensure that jobs are created and quality services delivered to **our** people.

Teks: *Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records*

(25) Daar was oordadige getuienis van noord van **ons** grense oor wat in sogenaamde Afrika-demokrasieë ná Oehoeroe gebeur. Nietemin het 'n meerderheid van blanke kiesers in 1992 **ons** ore uitgeleen aan die pers ...

Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

(26) Laat ek dus nie spekulêr of hulle a) nie die verstandelike kapasiteit het om tussen reg en verkeerd te onderskei nie, of b) die plunder van belastinggeld nie in **hulle** kultuur as verkeerd beskou nie.

Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Besitlike voornaamwoorde vorm 23,4% van die totale aantal voornaamwoorde, met 8,2% besitlike voornaamwoorde in die niepropagandateksgroep en 15,3% van die besitlike voornaamwoorde wat in die propagandateksgroep voorkom. Met 54 besitlike voornaamwoorde (34,8% van die totale aantal besitlike voornaamwoorde) in die niepropagandateksgroep, teenoor 101 (65,2% van die totale aantal besitlike voornaamwoorde) in die propagandateksgroep, is daar byna dubbel soveel besitlike voornaamwoorde in laasgenoemde. In voorbeelde (17) (niepropaganda) en (22) (propaganda) word generiese, besitlike voornaamwoorde gebruik. In voorbeelde (18) (niepropaganda) en (23) (propaganda) word die voornaamwoord “his” gebruik. In die niepropagandateksvoorbeeld (18) word “his” gebruik om na Nxesi se departement te verwys. Hierdie skakel tussen Nxesi en sy departement word drie maal in die teks aangetoon. Die outeur kon dit moontlik gedoen het om te beklemtoon dat Nxesi verantwoordelik is vir sy departement se optrede en om Nxesi as bron se relevansie aan die leser te toon. In voorbeeld (23) van die propagandatekste word Gordhan met behulp van “his” verbind aan ’n “white-minority-capital kith and kin network” wat hom in eienaarskap met ’n negatiewe entiteit verbind.

Nxesi word dus in eienaarskap geplaas van die departement waarvoor hy verantwoordelikheid dra. Hierteenoor word aan Gordhan, deur middel van ’n atipiese besitskonstruksie, valslik eienaarskap toegeken van ’n sogenaamde witmonopoliekapitaalnetwerk, wat op sy beurt deel vorm van die diskoers wat gebruik is om die aandag van staatskaping te deflekteer. Gordhan word sodoende in ’n verantwoordelike posisie geplaas wat bydra tot etikettering as deel van ’n poging om hom te diskrediteer. Die propagandis skep aktief sekere assosiasies by die leser rakende sy teenpartye, wat uiteindelik dan weer gekritiseer word. In voorbeeld (19) van die niepropagandatekste kom die gebruik van “your” voor wat moontlik deel kan vorm van defleksie deurdat Nxesi spesifiek die koerant se tydsberekening beklemtoon in plaas daarvan om die ware probleem aan te spreek.

Polarisering kan ook bewerkstellig word deur die gebruik van “verteenwoordigende” voornaamwoorde aan elke kant. In voorbeeld (21) van die niepropagandatekste word “their” en “our” gebruik om na die Presidensie en na die *Mail & Guardian* (selfs as verteenwoordigend van die groter mediakorps) te verwys. Hierdie onderskeid tussen groepe lyk anders as die onderskeid tussen voorbeeld (25) se “ons” en voorbeeld (26) se “hulle” van die propagandatekste. In voorbeeld (25) word die onderskeid tussen die groepe op grond van die instelling self gemaak. In (26) onderskei die outeur die groepe volgens ’n sosiale, kulturele faktor. Die “ons” en die “hulle” dui op ’n onderskeid tussen mense as hetsy “wit” of “swart”, met die doel om die groepe afsonderlik in die teks te hanteer. Sodoende kan die outeur swart mense op ’n disfemistiese manier in die teks hanteer. Selfs al kritiseer die outeur die “ons”-groep, of wit mense, is die kritiek van so ’n aard dat swart mense steeds negatief in die teks voorgestel word. Die outeur kritiseer wit mense omdat hulle politieke verkeerde besluite in die verlede geneem het deurdat hulle vroeër, volgens die propagandis, swart mense in hul vertroue geneem het. In voorbeeld (26) word die term “hulle” ook op ’n eufemistiese manier gebruik deurdat die outeur nie direk van swart mense praat nie, hoewel die betekenis van hierdie voornaamwoord kontekstueel steeds duidelik na vore kom.

#### 4.2.2 Persoonlike voornaamwoorde

##### *Niepropaganda*

(27) “What do **you** do when President Obama or an African head of state visits him? You can’t send them to a hotel.”

Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*

(28) “**I** would like to state categorically that everything that has been approved and carried out at the private residence of the current president is in line ...”

Teks: *Nkandla: Minister to probe City Press*

(29) “**Ek** pleit skuldig,” het Buti Manamela, ANC-LP, gesê. “As ANC-LP’s is **ons** hier om die werk van die ANC te doen. **Ons** verteenwoordig die ANC.”

Teks: *Nkandla: wat nou?*

(30) “If a story represents problems for them **they** attempt to provide convincing answers, or spin, **they** do not torpedo **us** by releasing press statements to our competitors before we can publish.” “If government communicators make it impossible for **us** to trust ...”

Teks: *Zuma’s R65m Nkandla splurge*

### *Propaganda*

(31) **He** never hears the investor confidence-building messages of President Zuma which the loony radicals castigate him for.

Teks: *Don’t undermine Zuma’s leadership*

(32) This privileged boy from Sastri College shows **us** that he would defend whites and their appointed crumb eaters ...

Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

(33) They have bought the apartheid lie that their skin and race puts **them** as a higher level and caste than the native African majority of this country. They should come out and tell the country and the world where **they** have made their wealth ...

Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

(34) Intussen hoop **ek** Zuma kan nog ’n bietjie uithou sodat elkeen sy ware kleure kan wys.

Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*

(35) As the ANC **we** will continue to defend the integrity of the various electoral processes conducted in our country.

Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*

(36) Die waarheid is dat Zuma sou wees soos die een voor hom en die een na hom sal wees soos hy. Maar in droomland kan **ons** mos maar aanhou droom, of hoe?

Teks: *Mag Zuma nog ’n bietjie uithou*

(37) As jy iemand wil verkwalik vir Nkandla, meneer die meerderheid blankes, is daardie gesig in **jou** spieël ’n goeie beginpunt.

Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Persoonlike voornaamwoorde vorm 61,1% van die totale aantal voornaamwoorde, met 31,5% persoonlike voornaamwoorde in die niepropagandateksgroep en 29,7% persoonlike voornaamwoorde in die propagandateksgroep. Aan persoonlike voornaamwoorde sou soort-

gelyke funksies as dié van besitlike voornaamwoorde toegeskryf kon word, veral byvoorbeeld die polariseringstegniek. In die niepropagandatekste is daar 208 persoonlike voornaamwoorde (51,5% van die totale aantal persoonlike voornaamwoorde), teenoor 196 (48,5% van die totale aantal persoonlike voornaamwoorde) gevalle in die propagandatekste. Die aantal persoonlike voornaamwoorde in niepropaganda- en propagandatekste onderskeidelik is veel nader aan mekaar as by besitlike voornaamwoorde.

In voorbeeld (27) van die niepropagandatekste plaas die woordvoerder die aangesprokene(s) in die posisie om hulself te moet indink wat hulle in die woordvoerder se situasie sou doen. Die woordvoerder verduidelik sodoende die “moeilike” situasie waarin Zuma hom bevind as deel van ’n regverdiging vir die omvang van die Nkandlawoning en waarom die Staat finansiële daarvoor moet instaan. Hierdie tegniek, wat gebruik word om ’n rookskerm te skep om Nkandla “weg te steek”, kom in die niepropagandagroep voor, maar is ’n direkte aanhaling van die president se woordvoerder en dit kan daarom nie direk aan die outeur – of aan die tekstipe – toegeskryf word nie.

In voorbeelde (28) en (29) van die niepropagandatekste word die eerstepersoon gebruik, naamlik “I” en “ek”, wat die outeur se direkte betrokkenheid in die teks kon aandui. Dit is egter ook deel van direkte aanhalings, soortgelyk aan voorbeeld (27), en is daarom toe te skryf aan die bron wat aangehaal word. In voorbeeld (30) van die niepropagandatekste (soortgelyk aan voorbeeld (21) van die niepropagandatekste) word ’n onderskeid tussen “them”/“they” en “us”/“we” getref. Anders as by ’n propagandategniek, word hierdie onderskeid nie getref met die doel om die ander party met behulp van disfemisme te polariseer nie, maar om op rapporterende wyse ’n onderskeid tussen die Presidensie en die *Mail & Guardian* (die media) te tref. Voornaamwoorde word dikwels gebruik om bloot te verwys, hetsy deikties of anafories, en dit vorm dus nie noodwendig direk deel van hoe die teks uitspeel met behulp van ekstra betekenislae of funksies nie.

Persoonlike voornaamwoorde in propagandatekste kan help om heelwat propagandategnieke te skep. In voorbeeld (31) begin die propagandis die sin met “he”. Soortgelyke sinskonstruksies kom altesaam vier keer voor. Deur “he” voorop te stel kan die propagandis, met behulp van herhaling, Mkhabela telkens in ’n posisie plaas om blaam te dra, om sodoende ’n soort beskuldiging te formuleer en Mkhabela uiteindelik te diskrediteer. Referensiële kohesie speel hier ’n belangrike rol om beklemtoning deur herhaling in die teks te integreer. Op dieselfde manier kan polarisering deur die propagandis bewerkstellig word. In voorbeeld (32) word die frase “show us” gebruik. Hierdie frase kom twee keer in die teks voor en skep die gevoel van eenheid tussen die outeur en die lesers, wat saam as ’n eenheid voorgestel word, teenoor die teenparty as ’n soort antagonis. In voorbeeld (33) word polarisering alternatiewelik uitgebrei deur die gebruik van “them” en “they” as verwysing na die “ander kant” of die ander “pool”, meer spesifiek Hanekom en Gordhan.

Soortgelyk aan die niepropagandateksvoorbeeld (28), word die eerstepersoon in voorbeeld (34) gebruik deurdat die outeur “ek” implementeer, waardeur die outeur se direkte betrokkenheid aangedui word. Anders as in niepropagandatekste, kan die gebruik van “ek” direk aan die outeur gekoppel of toegeskryf word, aangesien die outeur nie ’n bronverwysing doen nie, maar in eie hoedanigheid ’n stelling maak. Die gebruik van “ek” mag in dié spesifieke teks eie wees aan die tekstipe en daarom nie noodwendig gebruik word om ’n sekere tegniek in die teks te integreer nie.

In voorbeeld (35) van die propagandatekste word die gebruik van “we” nie as polarisering gebruik nie, maar om eerder die gevoel van ’n span, eenheid en samehorigheid te skep, teenoor voorbeeld (36) waar die propagandis met ’n sarkastiese ondertoon die persoonlike voor-

naamwoord “ons” gebruik. Die outeur gee voor om homself by die “ons” in te sluit, maar die voornaamwoord verwys eintlik na die persone wat naïef genoeg is om te dink dat sake in die land ten goede kan verander met die aanstelling van ’n (waarskynlik swart) opvolger vir Jacob Zuma.

Voorbeeld (37) is uniek in dié sin dat die outeur die persoonlike voornaamwoord “jou” gebruik en sodoende vanuit die teks die leser persoonlik aanspreek. Hierdie tegniek kan gebruik word om die boodskap, oftewel beskuldiging, persoonlik te maak en die leser sodoende te laat selfondersoek doen.

Samevattend, persoonlike voornaamwoorde word gebruik om soortgelyke propagandategnieke as besittlike voornaamwoorde, waaronder disfemisme, polarisering en defleksie, uit te voer. Hierdie propagandategnieke word ingespan om ’n rookskerm te skep en om ’n gevoel van inklusiwiteit te bewerkstellig (wat dikwels ook eksklusiwiteit tot gevolg het). Hierteenoor word persoonlike voornaamwoorde in niepropagandatekste gebruik om te beskryf en, indien nodig, eienaarskap toe te ken op grond van feite en nie valshede nie. Indien propagandategnieke in hierdie tekste voorkom, is dit wanneer ’n bron direk aangehaal word. Hierdie onderskeid tussen die direkte woorde van die outeur en die direkte woorde van ’n bron kom telkens as belangrik voor. In beide niepropagandatekste en propagandatekste word voornaamwoorde gebruik om ’n gewone deiktiese of anaforiese verwysingsfunksie te vervul en sodoende as tekstuele kohesiemiddel te dien. Voornaamwoorde word egter in propagandatekste só geïntegreer dat addisionele betekenislae geskep word.

#### 4.2.3 Aanwysende voornaamwoorde

Aanwysende voornaamwoorde vorm 15,4% van die totale aantal voornaamwoorde met 4,2% aanwysende voornaamwoorde in die niepropagandateksgroep en 11,2% aanwysende voornaamwoorde in die propagandateksgroep. Anders as by besittlike en persoonlike voornaamwoorde, is daar ’n groot verskil in die aantal kere wat aanwysende voornaamwoorde in die twee teksgroepe voorkom, naamlik 28 keer (27,5% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde) in die niepropagandatekste teenoor 74 keer (72,5% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde) in die propagandatekste. Die verskille tussen die niepropagandatekste en propagandatekste word hier onder bespreek deur te verwys na anaforiese, kataforiese en emfatiëse aanwysende voornaamwoorde.

Anaforiese aanwysende voornaamwoorde kan gebruik word as verwysing na die voorafgaande teks en kataforiese aanwysende voornaamwoorde om na die daaropvolgende teks te verwys (Halliday & Matthiessen, 2004:37). Emfatiëse voornaamwoorde kan gebruik word om beklemtoning te bewerkstellig (Leech, 2006:37).

##### 4.2.3.1 Anaforiese aanwysende voornaamwoorde

###### *Niepropaganda*

(38) **S6** het ’n senior ANC-LP Dinsdag in die Nasionale Vergadering (NV) gesê.

Teks: *NATIONALE VERGADERING AANVAAR VERSLAG: “Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie”*

(39) “Which country do you know where people can talk about the president’s bunkers? Which country has done that? That’s why **this** thing makes us so mad.”

Teks: *Nkandla’s cost: Trapping the mole in the bunker*

*Propaganda*

(40) **This** judgement is proof of the many lies that the DA tells about the ANC ...

Teks: *Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma*

(41) **These** are the views Hanekom deeply harbours about the black majority and our leaders.

Teks: *Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

Anaforiese voornaamwoorde kom 23 keer (22,5% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde) in die niepropagandatekste en heelwat meer in die propagandatekste voor, naamlik 56 keer (54,9% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde). Die gebruik tussen die twee groepe tekste lyk vergelykbaar, behalwe in voorbeeld (41) van die propagandateksgroep. Hier wil dit voorkom asof die voornaamwoord “these” deur die propagandis voorop geplaas word om sodoende verder kommentaar in die sin te kan lewer oor die voorafgaande “views”.

#### 4.2.3.2 *Kataforiese aanwysende voornaamwoorde*

*Propaganda*

(42) Finally, I want to send a clear message to **those** both in the public and private sector that corruption eats away ...

Teks: *DA responds to Sunday Times’ Nkandla article; SUB: Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades*

(43) As asserted before, it is our view that the state must pursue all **those** who accessed state funds fraudulently.

Teks: *Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla*

(44) Daar is weliswaar ’n paar vroe wat agv politieke korrektheid en kruiperigheid nie in die pers gevra gaan word nie. En van **hierdie** vroe is: Wat is die doel van ’n amp soos die Openbare Beskermer s’n? Goed, sy het aanbevelings gemaak ...

Teks: *Nkandla: Die ware skuldiges*

Geen kataforiese voornaamwoorde kom in die niepropagandatekste voor nie en slegs drie in die propagandatekste (2,9% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde). In voorbeeld (42) wil dit voorkom asof die gebruik van “those” slegs ten doel het om algemeen te verwys na die persone wat in die privaat- en die openbare sektor betrokke is. In voorbeeld (43) kan “those” gebruik word om afstand te skep tussen die ANC en die persone wat oortree het. Uiteindelik word afstand ook geskep tussen die skuldiges en Zuma en op hierdie manier kan aangetoon word dat die ANC en Zuma nie deel van “daardie” groepering is nie. ’n Soort defleksie word hierdeur in plek gestel.

In voorbeeld (44) word die voornaamwoord “hierdie” as deel van ’n byna amptelike aankondiging deur die propagandis gebruik om die leser se aandag te vestig. Hierdie “inleiding” gee ook die propagandis die geleentheid om die vroe op ’n sekere manier aan te bied deur ’n vraag-en-antwoordstruktuur te skep, maar waar hierdie “sessie” deur die outeur self gefasiliteer kan word. Op hierdie manier kan die propagandis die leser se aandag na voorkeure lei.

### 4.2.3.3 *Emfatiese aanwysende voornaamwoorde*

#### *Propaganda*

(45) This gutter discourse, **this** show of ingrained white paternalism and condescending sewer talk against our native black people and their dispossession exposes Hanekom ...

*Teks: Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan*

(46) ... en **daardie** twaalf miljoen stemvee sal steeds vir die ANC stem.

*Teks: Nkandla: Die ware skuldiges*

Ook by empatiese voornaamwoorde is daar geen gevalle in die niepropagandateksgroep nie, maar wel ses gevalle (5,9% van die totale aantal aanwysende voornaamwoorde) in die propagandateksgroep. Hierdie ses gevalle kom slegs uit twee propagandatekste, waarvan een voorbeeld uit elk aangebied word. In beide hierdie voorbeelde word “this” en “daardie” gebruik om afkeur te toon en ook om sodoende afstand te doen van die aangewese groepe wat hierna volg. ’n Soort disfemistiese ondertoon word hierdeur geskep.

### 4.2.4 *Samevatting*

Voornaamwoorde word in niepropagandatekste hoofsaaklik vir ’n tekstuele funksie gebruik en dus nie om noodwendig ekstra betekenislae te skep nie. Dieselfde gebeur ook dikwels in propagandatekste, maar net meer oordrewe. Propagandatekste maak graag gebruik van voornaamwoorde wat ekstra betekenislae skep. Hierdie voorkeur word duidelik uit die feit dat kataforiese en empatiese gebruike van voornaamwoorde slegs in propagandatekste voorkom. Empatiese voornaamwoorde word in propaganda gebruik om vanuit ’n afstandsposisie afkeur aan te toon en sodoende disfemisties te wees teenoor die propagandis se teenparty. Propagandatekste toon daarom ’n voorkeur vir hierdie vorme wat gebruik kan word om afstand te skep en sodoende aandag te deflekteer. Weer eens kan die plasing van ’n voornaamwoord strategies deur die propagandis gedoen word, soos in die voorbeeld, om ’n vraag-en-antwoordstruktuur op te stel en sodoende die leser se aandag te lei.

Voornaamwoorde kan ook op ’n tekstuele vlak gebruik word om te beklemtoon – ’n strategie wat slegs in propagandatekste voorkom. By oorweging van referensiële kohesie, bied dit ruimte vir die propagandis om deur die verloop van die teks met behulp van verskillende voornaamwoorde na ’n karakter te verwys. Op hiërdie manier kan die propagandis deurlopende en meer genuanseerde verwysings maak op gepaste tye in die teks, wat ’n karakter op ’n spesifieke manier aan die leser ten toon stel.

## 5. **Samevatting en gevolgtrekking**

Deur kwantifiseerders volgens spesifiekheid in te deel, kan sekere verskille tussen die teksgroepe geïdentifiseer word. Niespesifieke kwantifiseerders kan gebruik word om in niepropagandatekste beskrywend te wees of om die geleentheid vir algemeenheid oop te hou waar daar nog nie sekerheid is nie. In propagandatekste kan niespesifieke kwantifiseerders gebruik word om die idee van meer of minder te gee as wat daar werklik is, of om spesifieke inligting wat wel tot die propagandis se beskikking is te verdoesel.

Waar spesifieke kwantifiseerders in niepropagandatekste gebruik word om ’n gebeurtenis so akkuraat en duidelik as moontlik aan die leser te stel, kan ’n soort misbruik van weten-

skapsdiskoers plaasvind wanneer 'n propagandis niepropagandatekste naboots deur spesifiek te wees met, in hierdie geval, kwantifiseerders om sodoende die leser se vertroue te wen. Spesifieke kwantifiseerders kan daarom steeds eerder met niepropagandatekste geassosieer word, behalwe as 'n propagandis nodig het om betroubaarheid te bewerkstellig. Volgens hierdie voorbeelde lyk die misbruik van wetenskapsdiskoers eerder soos die misbruik van mediadiskoers, wat 'n wysiging of uitbreiding van die term en tegniek voorstel.

Die gebruik van voornaamwoorde kom oor die algemeen meer voor in propagandatekste as in niepropagandatekste en sekere soorte voornaamwoorde kom selfs slegs in propagandatekste voor en kan daarom verder ondersoek word. Persoonlike voornaamwoorde kom heelwat meer as besitlike voornaamwoorde in propagandatekste voor. Die verskil in die aantal persoonlike voornaamwoorde in niepropaganda- en propagandatekste is wel heelwat nader aan mekaar as die verskil in die aantal besitlike voornaamwoorde in niepropaganda- en propagandatekste. Besitlike en persoonlike voornaamwoorde word gebruik om soortgelyke propagandategnieke toe te pas, waaronder disfemisme, polarisering en defleksie gebruik word om 'n rookskerm mee te skep. Sommige van hierdie voornaamwoorde – soos byvoorbeeld die persoonlike voornaamwoord “we” of “ons” – kan gebruik word om 'n gevoel van inklusiwiteit tussen die propagandis en die leser te skep en kan ook gebruik word om op hierdie manier eksklusiwiteit te bevorder.

Anders as die voornaamwoorde in propagandatekste, word voornaamwoorde in niepropagandatekste gebruik om te beskryf en, indien nodig, skakels van eienaarskap te maak op grond van feite en nie op grond van valshede, soos soms in propagandatekste gemaak word nie. Die gebruik van die ideasionele metafunksie kom daarom in beide teksgroepe sterk na vore aangesien die voornaamwoorde bloot vir hul basiese intreevlakbetekenis gebruik word. Die belangrikheid om vas te stel of 'n outeur self die woorde in 'n teks gebruik en of die outeur 'n bron aanhaal kom hier ook na vore. Sommige propagandategnieke kom voor in niepropagandatekste, maar kan nie direk aan die outeur toegeskryf word nie.

Met heelwat meer aanwysende voornaamwoorde in propagandatekste as in niepropagandatekste, is dit nodig om tipes aanwysende voornaamwoorde verder te verdeel om die funksie daarvan beter te verstaan. By anaforiese voornaamwoorde is daar ooreenkomste tussen die groepe tekste, behalwe wanneer die propagandis 'n voornaamwoord byvoorbeeld strategies plaas vir 'n spesifieke doel. Buiten vir die gewone kohesiefunksie word die herhaling van sekere voornaamwoorde ook soms vir 'n ekstra betekenislaag gebruik.

Kataforiese voornaamwoorde kom slegs in die propagandatekste voor en kan gebruik word om afstand te skep tussen byvoorbeeld 'n propagandis en 'n sekere daad om sodoende aandag te deflekter. Soortgelyk aan anaforiese voornaamwoorde, kan die plasing van 'n kataforiese voornaamwoord strategies deur die propagandis gedoen word. Daar is ook geen emfatiese voornaamwoorde wat in die niepropagandatekste voorkom nie. Hierdie voornaamwoorde word in propaganda gebruik om, vanuit 'n afstandsposisie, afkeur aan te dui en sodoende disfemisme as propagandategniek te gebruik. Die interpersoonlike funksie van voornaamwoorde word daarom duidelik deur die propagandis gebruik om subjektiewe betekenis te implementeer in 'n teks.

## BIBLIOGRAFIE

- Ahmadian, M. & Farahani, E. 2014. Critical discourse analysis of *The Los Angeles Times* and *Tehran Times* on the representation of Iran's nuclear program. *Theory and Practice in Language Studies*, 4(10):2114-2122.

- Basson, A. 2012. Nkandla: Minister to probe City Press. *City Press*, 2 Oct. <http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Nkandla-Minister-to-probe-City-Press-20121002>: [2 Aug. 2018].
- Bernays, EL. 1928. *Propaganda*. New York: IG Publishers.
- Black, J. 2001. Semantics and ethics of propaganda. *Journal of Mass Media Ethics*, 16(2&3):121-137.
- Boardman, PC. 1978. "BEWARE THE SEMANTIC TRAP": Language and propaganda. *ETC: A Review of General Semantics*, 35(1):78-85.
- Bolinger, D. 1980. *Language – The loaded weapon*. New York: Longman.
- Bosinelli, RM. & Maguire, D. 1984. Linguistic analysis of political propaganda: Proposal for a coding procedure. In George, S. (ed.). *From the linguistic to the social context*. Bologna: CLUEB, pp. 101-146.
- Delpont, M. 2014. Nkandla: Die ware skuldiges. *Praag*. <http://praag.co.za/?p=23238> [2 Aug. 2018].
- Doob, LW. 1950. Goebbels' principles of propaganda. *The Public Opinion Quarterly*, 14(3):419-442.
- Ellul, J. 1965. *Propaganda: The formation of men's attitudes*. New York: Vintage.
- Fairclough, N. 1995. *Critical discourse analysis*. New York: Longman.
- Fairclough, N. 2001. *Language and power*, 2<sup>nd</sup> ed. Essex: Pearson Education.
- Farber, T. 2009. *The basic tools of newspaper journalism – a pocketbook*. [http://iaj.org.za/wp-content/uploads/2017/06/The\\_basic\\_tools\\_of\\_newspaper\\_journalism-1.pdf](http://iaj.org.za/wp-content/uploads/2017/06/The_basic_tools_of_newspaper_journalism-1.pdf) [21 June 2016].
- Gambrill, E. 2012. *Propaganda in the helping professions*. New York: Oxford University Press.
- Gee, JP. 2011a. *How to do discourse analysis: A toolkit*. New York: Routledge.
- Gee, JP. 2011b. *An introduction to discourse analysis, theory and method*, 3<sup>rd</sup> ed. New York: Routledge.
- Gqirana, T. 2016. Zuma explains Nkandla bond, denies knowledge of Gupta dealings. *News24*, 17 May. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/zuma-explains-nkandla-bond-denies-knowledge-of-gupta-dealings-20160517> [2 Aug. 2018].
- Gregan, S. 2016. Mag Zuma nog 'n bietjie uithou. *Praag*. <http://praag.co.za/?p=37319> [2 Aug. 2018].
- Halliday, MAK & Matthiessen, CMIM. 2004. *An introduction to functional grammar*, 3<sup>rd</sup> ed. Oxford University Press.
- Herman, ES. & Chomsky, N. 2008. *Manufacturing consent: The political economy of the mass media*. London: The Bodley Head.
- Hitler, A. 1992. *Mein Kampf* (Translated by R. Manheim, with an introduction by DC Watt). London: Pimlico.
- Jenkins, R. 2014. The thin line between propaganda and persuasion. Carbondale: Southern Illinois University Carbondale. (Dissertation – MA).
- Jowett, GS & O'Donnell, V. 2012. *Propaganda & persuasion*, 5<sup>th</sup> ed. Thousand Oaks, CA: Sage.
- Kolenda, N. 2013. *Methods of persuasion: how to use psychology to influence human behavior*. [S.I.]: Kolenda Entertainment.
- Lamprecht, M & Styan, JB. 2014. Nkandla: wat nou? *Netwerk24*, 29 Apr. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Nkandla-wat-nou-20140429#loggedin> [2 Aug. 2018].
- Lamprecht, M & Styan, JB. 2015. Nasionale Vergadering aanvaar verslag: Stories oor Jacob Zuma en Nkandla is fiksie. *Netwerk24*, 19 Aug. <https://www.netwerk24.com/Nuus/Politiek/Stories-oor-Jacob-Zuma-en-Nkandla-is-fiksie-20150819> [2 Aug. 2018].
- Lasswell, H.D. 1927. The theory of political propaganda. *The American Political Science Review*, 21(3):627-631.
- Lasswell, HD. 1949. Why be quantitative. In Lasswell, HD, Leites, N, Fadner, R, Goldsen, JM, Grey, A, Janis, IL, Kaplan, A, Kaplan, D, Mintz, A, De Sola Pool, I & Jakobson, S. (eds). *Language of politics: studies in quantitative semantics*. Cambridge: MIT Press, pp. 40-52.
- Leech, GN. 2006. *A glossary of English grammar*. Edinburgh University Press.
- Letsoalo, M. 2012. Nkandla's cost: Trapping the mole in the bunker. *Mail & Guardian*, 5 Oct. <https://mg.co.za/article/2012-10-05-00-trapping-the-mole-in-the-bunker> [2 Aug. 2018].
- Lippmann, W. 1920. *Liberty and the news*. New York: Harcourt, Brace and Howe.
- Lippmann, W. 1922. *Public opinion*. New York: Macmillan.
- Maimane, M. 2016a. Nkandla: Zuma must personally pay R63.9 million in fringe benefits tax and release tax records. DA media statement. [https://drive.google.com/file/d/0B\\_-slGu8-FTxX3ZQamxXd2EtUWM/view](https://drive.google.com/file/d/0B_-slGu8-FTxX3ZQamxXd2EtUWM/view) [2 Aug. 2018].

- Maimane, M. 2016b. DA responds to Sunday Time's Nkandla article; Nkandla: Invoices show Jacob Zuma personally benefitted from palace upgrades. *News24*, 27 March. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/full-text-da-responds-to-sunday-times-nkandla-article-20160327> [2 Aug. 2018].
- Mantashe, G. 2014. Statement following release of Public Protector Final Report into security upgrades in Nkandla. ANC media statement. <http://www.anc.org.za/content/statement-following-release-public-protector-final-report-security-upgrades-nkandla> [2 Aug. 2018].
- Maritz, AP. 2019. *Linguistiese eienskappe van propaganda*. PhD-tesis, Noordwes-Universiteit, Vaaldrichhoek.
- Martin, JR & White, PRR. 2005. *The language of evaluation: appraisal in English*. New York: Palgrave Macmillan.
- Miller, CR. 1937. How to detect propaganda. *Propaganda Analysis*, 1(2):210-218.
- Mngadi, M. 2017. Zuma appointed construction company ahead of tender process – Nkandla hearings. *News24*, 20 July. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/zuma-appointed-construction-company-ahead-of-tender-process-nkandla-hearings-20170720> [2 Aug. 2018].
- Monama, FL. 2014. *Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945*. MA dissertation, University of Stellenbosch.
- Mthembu, J. 2014. Electoral Court orders DA to retract false accusation against President Zuma. ANC press release. <http://anc.org.za/content/electoral-court-orders-da-retract-false-accusation-against-president-zuma> [2 Aug. 2018].
- O'Keefe, DJ. 2002. *Persuasion: theory & research*, 2<sup>nd</sup> ed. Thousand Oaks, Ca: Sage.
- Qualter, TH. 1962. *Propaganda and psychological warfare*. New York: Random House.
- Rana, M. 2017. Zuma no-confidence vote: Will 'the Zuptas' fall in South Africa. *BBC News*, 8 Aug. <http://www.bbc.com/news/world-africa-40848363> [2 Aug. 2018].
- Rossouw, M. 2009. Zuma's R65m Nkandla splurge. *Mail & Guardian*, 4 Dec. <http://mg.co.za/article/2009-12-04-zumas-r65m-nkandla-splurge> [21 Jun. 2016].
- Shabala, V. 2016. Don't undermine Zuma's leadership. *Sowetan LIVE*, 22 Jan. <https://www.pressreader.com/south-africa/sowetan/20160122/281973196665402> [2 Aug. 2018].
- Stanley, J. 2015. *How propaganda works*. Princeton University Press.
- Trevor-Roper, H. 1979. *The Goebbels diaries: The last days*. London: Pan Books.
- Wodak, R. 2007. Pragmatics and critical discourse analysis: A cross-disciplinary inquiry. *Pragmatics & Cognition*, 15(1):203-225.
- Zuma, E. 2017. Edward Zuma open letter to Derek Hanekom and Pravin Gordhan. *Investide*, 17 June. <https://investide.co.za/2017/07/27/edward-zuma-open-letter-derek-hanekom-pravin-gordhan/> [2 Aug. 2018].

# Onverpersoonlikingstrategieë in Afrikaans

## *Impersonalisation strategies in Afrikaans*

### ADRI BREED

Vakgroep Afrikaans en Nederlands  
Skool vir Tale  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom, Suid-Afrika  
E-pos: adri.breed@nwu.ac.za



Adri Breed



Daniël van Olmen

### DR DANIEL VAN OLMEN

Department: Linguistics and English Language  
Lancaster University, United Kingdom  
E-pos: d.vanolgen@lancaster.ac.uk

### JO-ANN CHAN

Vakgroep Grafiese Ontwerp  
Skool vir kommunikasiekunde  
Noordwes-Universiteit  
Potchefstroom, Suid-Afrika  
E-pos: jo-ann@nwuletters.co.za  
Tel: 018 299 4051



Jo-Ann Chan

**ADRI BREED** is 'n NRF-gegradeerde medeprofessor in Afrikaanse beskrywende taalkunde aan die Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseer in Afrikaanse sintaksis en semantiek, met 'n spesiale fokus op die grammatikalisering van tempus- en aspekkonstruksies in Afrikaans en ander Wes-Germaanse tale. Sy het vyf grade aan die NWU voltooi, naamlik Bedryfskommunikasie (BBK, 2005), Teologie met Tale (BTh Tale, 2005), 'n Honneurs in Afrikaanse Taalkunde (BA Hons, 2007), 'n Meestersgraad in Afrikaanse letterkunde (MA, 2007), en 'n doktorsgraad in Afrikaanse Taalkunde (PhD, 2012). Tydens haar doktorsale studies spandeer sy ongeveer tien maande aan Antwerpen Universiteit in België as medewerker van die *Center for Grammar, Cognition and Typology*. Sy is voorsitter van die Potchefstroom-kampus se Vakgroep Afrikaans en Nederlands. Sy dien op die bestuur van die Suider-Afrikaanse

**ADRI BREED** is an NRF-rated associate professor of Afrikaans descriptive linguistics at the North-West University's Potchefstroom Campus. She specialises in syntax and semantics, with a particular focus on the grammaticalisation of tense and aspect constructions in Afrikaans and Dutch. She completed five degrees at the NWU, namely a degree in Business Communication (BBK, 2005), a degree in Theology with languages (BTh Languages, 2005), an Honours degree in Afrikaans Linguistics (BA Hons, 2007), a Master's degree in Afrikaans Literature (MA, 2007) and a PhD in Afrikaans Linguistics in 2012. During her doctoral studies, she spent roughly ten months at the University of Antwerp, Belgium as a research member of the UA's Center for Grammar, Cognition and Typology. She is subject head of the Subject Group: Afrikaans and Dutch Studies on the Potchefstroom Campus. She is vice-chair

#### Datums:

Ontvang: 2021-06-14

Goedgekeur: 2021-10-26

Gepubliseer: Desember 2021

<p>Vereniging vir Neerlandistiek, en is lid van PanSAT se Afrikaanse Nasionale Taalliggaam (ANLB). Sy is een van die outeurs en moderators van <i>Taalportaal</i> (<a href="http://www.Taalportaal.org">www.Taalportaal.org</a>), en ook eindredakteur van die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) se <i>Taalonderrigportaal</i>.</p>	<p>of the South African Association for Dutch Studies (SAVN) and a managerial member of the Dutch Language Union's South African Northern Knowledge Network. She is a member of PanSALB's Afrikaans Language Body. Adri is one of the authors of <i>Taalportaal</i> – an international project constructing a comprehensive and authoritative scientific grammar website for Dutch, Frisian and Afrikaans. She is an associate editor for the ISI-accredited journal, <i>South African Language and Applied Language Studies</i>. Currently, she is the editor-in-chief for the Virtual Institute of Afrikaans' general Afrikaans grammar and language education portal.</p>
<p><b>DANIËL VAN OLMEN</b> is 'n medeprofessor aan die Universiteit van Lancaster (Verenigde Koninkryk). Sy navorsing fokus op tempus, modus, modaliteit, pragmatiese merkers, onbepaalde konstruksies en ontkenning vanuit die perspektiewe van kontrastiewe taalkunde, taalkundige tipologie, historiese taalkunde, arealiteit en korpuslinguistiek. Hy het in internasionale tydskrifte gepubliseer oor onder andere “menslike onpersoonlike voornaamwoorde” in Wes-Germaanse tale, konstruksies van verwyd in die tale van Europa en prohibitiese ontkenningskonstruksies in die tale van die wêreld. Hy tree as mederedakteur op van akademiese boeke wat handel oor grammatikalisering, taalkundige variasie en imperatiewe en direkte strategieë. Hy is tans een van die twee hoofredakteurs van <i>De Gruyter se Trends in Linguistics – Studies and Monographs</i> book series (<a href="https://www.degruyter.com/view/serial/TILSM-B">https://www.degruyter.com/view/serial/TILSM-B</a>).</p>	<p><b>DANIËL VAN OLMEN</b> is an associate professor at the University of Lancaster (United Kingdom). His research focusses on tense, mode, modality, pragmatic markers, impersonal constructions and negation from the perspectives of contrastive linguistics, linguistic typology, historical linguistics, a-reality and corpus linguistics. He has published in international journals on human impersonal pronouns in West Germanic languages, constructions of resentment in the languages of Europe and prohibitive negation constructions in the languages of the world. He is the co-editor of academic books on grammaticalization, linguistic variation, and imperative and directive strategies. He is one of the editors of <i>De Gruyter's Trends in Linguistics Studies and Monographs</i> book series (<a href="https://www.degruyter.com/view/serial/TILSM-B">https://www.degruyter.com/view/serial/TILSM-B</a>).</p>
<p><b>Jo-ANN CHAN</b> is 'n dosent aan die Noordwes-Universiteit (NWU). Sy het 'n BA-graad (2013) en praktykgebaseerde Meestersgraad (2017) in grafiese ontwerp aan die NWU voltooi. Haar Meestersgraadnavorsingsprojek, naamlik <i>Visualising the voices of Redan: an experimental application of forensic anthropology and narrative identity to a disappearing landscape</i> het haar belangstelling in kunstenaarsboeke, illustrasie en interdisiplinêre praktyke ontwikkel. Saam met ontwerpsepedagogiek vir tersiêre onderrig, vorm hierdie belangstellings ook haar navorsingsfokusse. Sy is aktief in die Suid-Afrikaanse kunstgemeenskap as 'n vryskutillustreerder en ontwerper, onafhanklike kunstenaar en lid van die <i>ABC</i> kunskollektief. Sy het al aan verskeie plaaslike groeputstallings deelgeneem, waar haar werk die oorvleueling tussen die visuele en taalkundige modaliteite ondersoek. In 2019 hou sy haar eerste solo-uitstalling by die Wits Origins Centre Museum in Johannesburg.</p>	<p><b>Jo-ANN CHAN</b> is a lecturer at the North-West University (NWU). She obtained a BA in 2013 and a practice-based MA in graphic design in 2017 – both from the NWU. Her MA project entitled <i>Visualising the voices of Redan: an experimental application of forensic anthropology and narrative identity to a disappearing landscape</i> developed her interest in artist's books, illustration, and interdisciplinary practices. Along with the pedagogy of design, these topics form her research focusses. She is an active member of the South African art community as a freelance illustrator and designer, independent artist, and member of the ABC art collective. She has participated in several art exhibitions where her work investigates the overlap between the visual and linguistic modalities. She gave her first solo exhibition at the Wits Origins Centre Museum in Johannesburg in 2019.</p>

**ABSTRACT*****Impersonalisation strategies in Afrikaans***

*In this article, we examine impersonal constructions in Afrikaans, i.e. constructions without a referential subject or, put differently, constructions where the (implicit) subject can be paraphrased as “people in general”, “someone” or “some people”. This topic has already received considerable attention in the literature but the focus has generally been on a limited number of strategies, such as human impersonal pronouns (e.g. mens leef net een keer “one only lives once”) and the passive construction (e.g. my kar is gesteel “my car has been stolen”). In our view, this narrow focus in the literature is at least partly due to the limitations of the language-based methods (e.g. corpus studies and questionnaires) currently used in the research. These methods essentially facilitate a deductive approach by investigating a predetermined set of more or less established impersonal constructions.*

*The present study, by contrast, adopts a more open-ended approach in order to get a better sense of the range of possible strategies that speakers of Afrikaans can use in different impersonal contexts and of the constructions that they prefer to employ in those various impersonal uses. We therefore draw on a visual questionnaire with few linguistic cues. Each scene in this questionnaire depicts a particular impersonal context – based on the distinguishing criteria found in the existing semantic maps of the domain of impersonalisation (such as quantification, perspective and veridicality) and respondents are encouraged to provide a sentence that captures the situation. The questionnaire was published online, promoted via social media and completed by more than 400 respondents.*

*The findings show first of all that there exist numerous alternatives to the well-known strategies of impersonalisation. In addition to pronouns (e.g. jy “you” in wat gebeur as jy die knoppie druk? “what happens when you press that button?”) and passives (e.g. is gepluk “were picked” in terwyl jy geslaap het, is al die appels gepluk “while you were asleep, all the apples were picked”), the types of constructions identified in our study include but are not restricted to: nouns with the meaning “people” and an extra evaluative connotation (e.g. morsjorse “litterbugs” in morsjorse het gister hier gesit en drink “litterbugs were drinking here yesterday”), the generic use of the imperative (e.g. onthou “remember” in onthou om altyd jou sitplekgordel vas te maak! “remember always to fasten your seat belt!”), nominalisations (e.g. koud kry “getting cold” in die winter is vir koud kry gemaak “winter is made for getting cold”) and free-choice constructions (e.g. wie ook al “whoever” in wie ook al gister hier sokker gespeel het, het hul bal vergeet “whoever played soccer here yesterday forgot their ball”).*

*Our results are furthermore suggestive of the impersonal constructions that are clearly favoured by speakers of Afrikaans. They indicate, for instance, that the established but still comparatively under-researched strategy of passivisation is used across all impersonal contexts and is even regularly preferred to the better-studied pronouns in certain uses (e.g. daar is al weer terreuraanvalle uitgevoer “terror attacks have again been carried out” instead of hulle het al weer terreuraanvalle uitgevoer “they have again carried out terror attacks”). Indefinite pronouns too are found to be among the most common constructions – especially, though not only, in contexts assuming the existence of a particular unidentified person responsible for some event (e.g. iemand “someone” in iemand het al die appels gepluk “someone has picked all the apples”). Nouns with the meaning “people”, finally, also appear to be quite favoured by speakers of Afrikaans and they occur in a variety of impersonal uses, such as statements about people in general that do not, however, include the speaker or the addressee (e.g. mense “people” in in China eet mense rys “in China, people eat rice”).*

**KEYWORDS:** impersonal; impersonalisation; agensless passive; human impersonal pronouns; universal; existential; impersonalisation strategy

**TREFWOORDE:** onpersoonlik; onverpersoonliking; agenslose passief; menslike onpersoonlike voornaamwoord; universeel; eksistensiële; onverpersoonlikingstrategie.

## OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die verskillende strategieë wat Afrikaanse sprekers gebruik om aan te dui dat 'n konstruksie onpersoonlik is. Onpersoonlike konstruksies is konstruksies waar die (soms implisiete) subjek geparafraseer kan word as “mense in die algemeen”, “'n onbekende persoon” of “sommige mense”. Hierdie onderwerp het al baie aandag in die taalkundeliteratuur gekry, maar die fokus was meestal op 'n beperkte aantal onverpersoonlikingstrategieë, soos die gebruik van persoonlike voornaamwoorde (bv. *Jy leef net een keer*), onbepaalde voornaamwoorde (byvoorbeeld *Iemand het my beursie gesteel!*) en passiewe konstruksies (byvoorbeeld *My kar is gesteel*). Volgens ons kan dié nou fokus in die literatuur toegeskryf word aan die feit dat die navorsingsmetodes (byvoorbeeld korpusstudies en vraelyste) wat tot op hede gebruik is om onverpersoonlikingstrategieë te ondersoek, navorsers slegs in staat stel om op deduktiewe wyse na die strategieë te kyk. Tot op hede is daar nog nie 'n studie uitgevoer om te bepaal i) watter *verskillende moonlike* onverpersoonlikingstrategieë deur Afrikaanse sprekers aangewend kan word nie, en ii) of daar bepaalde *voorkeure* vir sprekers bestaan oor watter strategieë om te gebruik in die verskillende en onderskeibare onpersoonlike kontekste. Hierdie ondersoek beantwoord hierdie twee vrae deur die resultate van 'n *visuele vraelys* – wat aan ongeveer 450 Afrikaanssprekende respondente gegee is om te beantwoord – te bestudeer.

### 1. Kontekstualisering<sup>1</sup>

Onpersoonlike konstruksies kan gedefinieer word as konstruksies wat geen referensiële subjek bevat nie (Malchukov & Siewierska, 2015:20). Onpersoonlike konstruksies het dus óf i) geen grammatikale subjek nie, óf ii) die subjek wat wel in die sin aangetref word, verrig slegs 'n pleonastiese funksie. Die subjek (hetsy gemarkeerd of ongemarkeerd) is dus inderwaarheid semanties leeg (vergelyk Siewierska, 2008).

'n Subjek van 'n sin is met ander woorde onpersoonlik (semanties leeg) wanneer dit niereferensiële gebruik word, en nie na 'n gespesifiseerde persoon of groep persone verwys nie. Só 'n subjek kan geparafraseer word as “mense in die algemeen”, “'n onbekende persoon” of “sommige mense”.

Daar is hoofsaaklik twee niereferensiële kontekste waarin 'n subjek onpersoonlik aangewend word (vergelyk Gast & van der Auwera, 2013). Eerstens is dit wanneer die subjek te generies is om na 'n spesifieke persoon of persone te verwys. Hierdie konteks word 'n *universele* onpersoonlike konteks genoem, en sinne 1 en 2 hier onder dien as voorbeelde.<sup>2</sup>

<sup>1</sup> Die eerste afdelings van hierdie artikel, sluit baie sterk aan by die kontekstualisering en teoretisering wat in Breed *et al.* (2021) aangebied word. Die huidige publikasie lewer verslag van die resultaat van die vraelysontwerpproses wat in Breed *et al.* (2021) omskryf word. Aangesien die kontekstualisering en teoretiese raamwerk ook vir hierdie artikel relevant is, word dit hier ook tot dieselfde mate en omvang aangebied.

<sup>2</sup> Alle voorbeeldsinne in hierdie artikel is geneem uit VivA Korpusportaal: Omvattend (VivA, 2020) of uit die vraelys se antwoorde. In sommige gevalle is sinne minimaal aangepas. Waar geskikte voorbeelde nie in die korpusportaal gevind is nie, is eie voorbeelde geskep. Eie voorbeelde word telkens aangedui.

- 1 *Jy leef net een keer, maar as jy dit reg doen, is een keer genoeg.*
- 2 *Mens mag nie foto's neem in die grotte nie.*

Die konteks in voorbeeld 1 betrek alle persone in die mensdom. Voorbeeld 2 het betrekking op alle persone wat relevant is tot die konteks, naamlik alle mense wat die grotte besoek. Mense wat nie die grotte besoek nie, word nie by die stelling ingesluit nie. Die sinsubjekte, naamlik *jy* in sin 1 en *mens* in sin 2, is dus in beide gevalle niereferensieel, aangesien dit 'n generiese of universele verwysing het na ongespesifiseerde persone.

Tweedens word 'n onpersoonlike subjek soms aangewend omdat die spreker nie na 'n spesifieke persoon kán of wíl verwys nie. Hierdie konteks word 'n *eksistensiële* onpersoonlike konteks genoem, en sinne 3 en 4 is voorbeelde hiervan.

- 3 *Hulle sê trou is nie perdekoop nie.*
- 4 *Hulle het al weer jou ma se pos hier afgelewer, Elizabeth!*

Die voornaamwoordelike subjek *hulle* in sin 3 verwys na 'n ongespesifiseerde groep mense wat op een of ander stadium 'n opinie oor die daad van trou uitgespreek het. Dit is egter nie vir die spreker moontlik om die presiese persone te identifiseer wat die uiting gemaak het nie. Eweneens word dieselfde voornaamwoord, *hulle*, in sin 4 gebruik om te verwys na die instelling of organisasie wat die pos afgelewer het. Die instansie is na alle waarskynlikheid bekend aan of afleibaar vir die spreker en die hoorder. Die spreker vind dit daarom nie nodig om die subjek op referensieel wyse te spesifiseer nie, aangesien dit uit die konteks duidelik is dat die subjek waarskynlik die Suid-Afrikaanse Poskantoor of 'n ander bekende koerierdiens is.

Daar is verskeie maniere waarop 'n Afrikaanse spreker 'n konstruksie onpersoonlik<sup>3</sup> kan maak, byvoorbeeld deur gebruik te maak van persoonlike voornaamwoorde wat onpersoonlik aangewend word (geïllustreer in voorbeeldsinne 1 en 5), onbepaalde voornaamwoorde (soos in voorbeeldsin 6), sommige naamwoorde of naamwoordstukke (byvoorbeeld sinne 2 en 7), of passiefkonstruksies (voorbeeld 8).

- 5 *Ons moet altyd ons medemens respekteer.*
- 6 *'n Motor het nader gery en iemand het my daaruit geskiet.*
- 7 *Die mense wil behoorlike rugby sien.*
- 8 *Die skool se naam is in 1946 verander na die Paul Roos-gimnasium.*

Onpersoonlike konstruksies is 'n gewilde studieonderwerp in resente taalkundenavorsing. Vergelyk byvoorbeeld onder andere die navorsing van Kitagawa en Lehrer (1990), Luukka en Markkanen (1997), Egerland (2003), Hoekstra (2010), Siewierska en Papastathi (2011) en Gast en van der Auwera (2013). Ook in Afrikaans het onpersoonlike konstruksies heelwat aandag gekry die afgelope paar jaar, byvoorbeeld deur Kirsten (2016), Van Olmen en Breed (2018a; 2018b), Van Olmen, *et al.* (2019), Breed en Van Olmen (2021), Groenen (2021) en Fouché en Kapp (2020).

Die temas van hierdie genoemde navorsing – spesifiek ook die navorsing oor Afrikaanse onpersoonlike konstruksies – het egter byna uitsluitlik gefokus op voornaamwoordelike strategieë van onverpersoonliking. Slegs een Afrikaanse publikasie, naamlik Breed en Van

---

<sup>3</sup> Die woord “onpersoonlik” het verskeie konnotasies in Afrikaans (Botha, 2019; Pharos, 2006). In hierdie artikel word die woord egter altyd gebruik om – binne konteks van beskrywende taalkunde – te verwys na gevalle waar die subjek nie op referensieel wyse na die 'n spesifieke persoon of groep persone verwys nie.

Olmen (2021), betrek ook 'n ander moontlike onverpersoonlikingsstrategie, te wete die passiefkonstruksie. Tot dusver is min inligting beskikbaar oor die ander moontlike strategieë van onverpersoonliking. Daar is byvoorbeeld nog nie vantevore 'n ondersoek geloods om i) te bepaal watter verskillende strategieë daar tot Afrikaanse sprekers se beskikking is om kontekste as onpersoonlik uit te druk nie, en ook nie ii) watter onverpersoonlikingsstrategieë Afrikaanse sprekers verkies om bo ander strategieë te gebruik in verskillende onpersoonlike kontekste<sup>4</sup> nie.

Hierdie tweeledige leemte geld egter nie net in Afrikaanse taalkunde nie, maar ook vir navorsing oor ander tale. Naas Siewierska (2008) se artikel, *Ways of impersonalizing*, blyk daar tot op hede nie juis bronne beskikbaar te wees wat ten doel het om aan te toon watter moontlike onverpersoonlikingsstrategieë daar vir taalsprekers beskikbaar is nie, asook nie wat die spesifieke voorkeuronverpersoonlikingsstrategieë in die verskillende onpersoonlike kontekste is nie. Boonop lyk dit nie asof Siewierska poog om 'n omvattende lys van moontlike onverpersoonlikingsstrategieë aan te bied nie, maar eerder op eksemplariese wyse te illustreer hoe verskillende tale onpersoonlike betekenis kan uitdruk. Hoewel sy 'n aantal strategieë aantoon wat nie algemeen in die literatuur oor onpersoonlike konstruksies aangebied of bespreek word nie, is haar voorbeelde hoofsaaklik gebaseer op beskikbare grammatikas en die insette van eerstetaalsprekers van verskillende tale. In haar artikel word dus geen sistematiese of uitgebreide analise van 'n taaldatastel gemaak nie.

'n Moontlike rede vir die gebrek aan beskikbare navorsing oor moontlike onverpersoonlikingsstrategieë, is die feit dat dit regtig uitdagend is om hierdie fenomeen in taalgebruik te ondersoek. Tot op hede is hoofsaaklik drie metodes gebruik om onpersoonlike konstruksies in spesifieke tale te bestudeer of te bepaal: eerstens word beskikbare grammatikas geraadpleeg of informele vrae aan eerstetaalsprekende taalkundiges gestel (bv. Siewierska, 2011; Gast & van der Auwera, 2013), tweedens word korpusse ondersoek, (bv. Marin-Arrese, Caro & Becerril, 2001; Coussé & van der Auwera, 2012), en derdens word sprekers van 'n bepaalde taal gewerf om 'n taalkundige vraelys in te vul (bv. Siewierska, 2008; Garcia, Sallandre & L'Huillier, 2018). Breed *et al.* (2021) dui omvattend aan waarom hierdie metodes nie voldoende is om die verskillende moontlike strategieë van onverpersoonliking te ondersoek nie. Opsommend kan hier genoem word i) dat ál die metodes onpersoonlike konstruksies op deduktiewe wyse ondersoek, en dus aanneem dat alle moontlike onverpersoonlikingsstrategieë reeds aan ons bekend is, ii) dat spesifiek 'n korpusondersoek na onverpersoonlikingsstrategieë nie ideaal is nie, aangesien nie alle onpersoonlike kontekste frekwent in taalgebruik voorkom nie, en dus nie lei tot goeie taalkundige afleidings oor onverpersoonlikingsstrategieë nie, en iii) dat die vraelys wat tot op hede in navorsing oor onpersoonlike konstruksies gebruik is, die moontlike antwoorde van die respondente beperk tot bepaalde woordkeuse of formulering. In die metodologieafdeling van hierdie artikel sal meer oor die laaste aspek uitgebrei word.

Die doel van hierdie artikel is om die twee gestelde leemtes vir Afrikaans te vul, naamlik om eerstens te bepaal watter moontlike onverpersoonlikingsstrategieë deur sprekers aangewend kan word, en tweedens te sien of daar bepaalde voorkeure vir sprekers bestaan oor watter strategieë om te gebruik in verskillende en onderskeibare onpersoonlike kontekste. Die hoop

<sup>4</sup> In die volgende afdeling van die artikel sal aangetoon word dat vir die twee onpersoonlike gebruike, naamlik die universele en eksistensiële onpersoonlike gebruike, ook meerdere kontekste onderskei kan word. Daar kan naamlik vier universele onpersoonlike kontekste onderskei word, en agt eksistensiële onpersoonlike kontekste (vergelyk Van Olmen & Breed, 2019).

is dat die ondersoek na die Afrikaanse onpersoonlike konstruksies, ook bruikbaar kan wees vir ondersoeke na die onpersoonlike konstruksies in ander tale.

Hierdie artikel bestaan voorts uit vier dele. In die volgende afdeling, Afdeling 2, word 'n kort beskrywing gegee van die verskillende onpersoonlike kontekste wat op grond van bepaalde kriteria onderskei kan word. Afdeling 3 betrek die metode van ondersoek wat in hierdie projek aangewend word. Hier word kortliks aangetoon watter beperkinge vorige ondersoeke na onpersoonlike konstruksies in Afrikaans (en ook ander Wes-Germaanse tale) gehad het. Die afdeling sit ook kortom die aanpak van hiërdie studie uiteen. Die vierde afdeling van die artikel bespreek die resultate van die ondersoek, en in die vyfde afdeling word 'n samevatting gemaak rakende die verskillende moontlike onverpersoonlikingsstrategieë wat Afrikaanse sprekers kan gebruik, asook watter strategieë voorkeur geniet bo ander in die onderskeie onpersoonlike kontekste.

## 2. Twaalf onderskeibare onpersoonlike kontekste en hul bepalende kriteria

In Van Olmen en Breed (2018b) word – gebaseer op Siewierska en Papastathi (2011) en Gast en van der Auwera (2012) – twaalf onpersoonlike kontekste onderskei. Die kontekste kan van mekaar onderskei word op grond van sewe kriteria vir onverpersoonliking, naamlik i) kwantifisering, ii) perspektief, iii) waarheidsgetrouheid, iv) modaliteit, v) (on)bekendheid, vi) getal en vii) spraakhandeling. Die verskillende onpersoonlike kontekste, sowel as 'n Afrikaanse voorbeeld van elkeen, word in die tabel hier onder aangebied, gevolg deur 'n kort beskrywing van die sewe onpersoonlike kriteria of maatstawwe.

**TABEL 1:** Twaalf onpersoonlike kontekste

	<b>Onpersoonlike konteks</b>	<b>Afrikaanse voorbeeld</b>
1	UNI-INT-NVER-NMOD	9 <i>Maar wat gebeur as mens afgedank word?</i>
2	UNI-INT-NVER-MOD	10 <i>Mens mag nie ondankbaar wees nie.</i>
3	UNI-INT-VER	11 <i>Jy leef net een keer.</i>
4	UNI-EXT	12 <i>In Suidwes eet hulle nie pap en vleis nie.</i>
5	EXI-COR	13 <i>Gebruikers van die tunnel moet bedag wees op verskeie spoedkameras wat in die tunnel geïnstalleer is.</i>
6	EXI-VAG-PL	14 <i>Jou hond is op 'n paar plekke in die dorp gesien. (eie voorbeeld)</i>
7	EXI-VAG-NN	15 <i>Iemand het sy klere gesteel.</i>
8	EXI-INF-PL	16 <i>As ons na die argeologiese bewyse kyk, sien ons hulle het 'n nedersetting hier gevestig. (eie voorbeeld)</i>
9	EXI-INF-NN	17 <i>Tinus botstil staan en wys na gebreekte takke en graspolle wat vertrap is. Iemand het hier geloop. (aangepas)</i>
10	EXI-SPE-PL	18 <i>Hulle klop gelyktydig aan die voordeur en die agterdeur. (eie voorbeeld)</i>
11	EXI-SPE-NN	19 <i>Ek is bietjie haastig. Iemand wag vir my langs die pad.</i>
12	SAV	20 <i>Hulle sê daar is bewyse dat lyfstraf 'n gewelddadige kultuur vestig.</i>

Die eerste kriterium, naamlik **kwantifisering** (*quantification*), dui aan of die onderwerp van die sin 'n universele kwantifisering (UNI) het. Verder is dit ook van toepassing op almal wat relevant is vir die konteks of wat in die spesifieke konteks ingesluit is (vergelyk voorbeelde 9 tot 12 hier bo) of dat dit 'n eksistensiële kwantifisering het (EXI) en aanvaar dat daar 'n spesifieke, maar nie-geïdentifiseerde (groep) individu(e) is waarop die toedrag van sake van toepassing is, soos in voorbeelde 13 tot 20.

**Perspektief** (*perspective*), as die tweede maatstaf, het betrekking op die spreker en/of die geadresseerde. Daar word gesê dat 'n onpersoonlike konteks as 'n konteks met 'n interne perspektief (INT) gereken word, wanneer die spreker hom- of haarself, of die hoorder by die konteks inreken (vergelyk ook Gast & van der Auwera, 2013:139). Sinne 9 tot 11 dien as voorbeelde van onpersoonlike kontekste met 'n interne perspektief. Daarteenoor is sin 12 'n voorbeeld van 'n onpersoonlike konteks met 'n eksterne perspektief (EXT), aangesien die spreker en geadresseerde uitgesluit is by die perspektief.

Die derde maatstaf, **waarheidsgetrouheid** (*veridicality*), het te make met die waarheid van die toedrag van sake. 'n Konteks is waarheidsgetrou, oftewel veridies (VER), as die stand of toedrag van sake deur die spreker aangebied word as die waarheid of as geldend, soos in 11. 'n Konteks is niewaarheidsgetrou, oftewel nieveridies (NVER) as daar nie aangeneem kan word dat die stand of toedrag van sake waar of geldend is nie, en met ander woorde slegs hipoteties is, soos in 9 en 10.

**Modaliteit** (*modality*), die vierde maatstaf, het te make met die modale of niemodale vorm van 'n uiting. 'n Konteks is modaal (MOD) as die niewaarheidsgetrouheid daarvan deur middel van 'n modale vorm uitgedruk word, soos die werkwoord *moet* in 10. 'n Konteks is niemodaal (NMOD) wanneer die niewaarheidsgetrouheid daarvan op 'n ander manier oorgedra word as 'n modale uitdrukking, soos in die voorwaardesin in voorbeeld 9.

**(On)bekendheid** (*(un)knownness*), as die vyfde maatstaf, het betrekking op die hoeveelheid inligting rakende die (geïmpliseerde) subjek wat aan die spreker bekend is. Vier soorte (on)bekendhede kan onderskei word, naamlik i) deels bekend (*partly known*), ii) vaag (*vague*), iii) afgelei (*inferred*) en iv) spesifiek (*specific*). 'n Konteks is **deels bekend** as dit min of meer duidelik is uit die toedrag van sake wie die persoon of persone is wat daarvoor verantwoordelik is, alhoewel hulle nie eksplisiet genoem word nie (vergelyk voorbeeld 13). In sulke kontekste word die term “korporatief” (COR) dikwels gebruik. 'n Gebruik is **vaag** (VAG) wanneer die spreker weet van die spesifieke gebeurtenis wat beskryf word, maar nie die spesifieke persoon of persone wat daarvoor verantwoordelik is, kan identifiseer op grond van die beskikbare bewyse nie, soos in 14 en 15. 'n Gebruik word **afgelei** (INF) wanneer die werklike gebeurtenis nie bekend is nie, maar afgelei word van enkele tekens of bewyse in die situasie en die bestaan van die persoon of persone wat dit veroorsaak het, word ook aanvaar, soos in sinne 16 en 17. Laastens is 'n gebruik **spesifiek** (SPE) wanneer die spreker op dieselfde tyd en plek is as die persoon of persone wat die geleentheid daar en dan voltrek, en daarom 'n sterk vermoede kan hê oor wie die persoon of persone is, maar hulle steeds nie identifiseer nie, soos in sinne 18 en 19.

Die sesde maatstaf, **getal** (*number*), dui die aantal mense aan wat by die (geïmpliseerde) subjek ingesluit is. 'n Gebruik is meervoudig (*plural*) (PL) wanneer die onderwerp net meer as een persoon kan wees, soos in sinne 14, 16 en 18. 'n Gebruik is getalneutraal (*number neutral*) (NN) wanneer die getal van die (geïmpliseerde) subjek nie bekend is nie en dit kan een persoon of meer as een persoon wees, soos in sinne 15, 17 en 19.

Die sewende en laaste kriterium het te make met 'n gebruik waarin 'n **spraakhandeling-werkwoord** (*speech act verb*) (SAV) soos “sê” en “beweer” voorkom en die (geïmpliseerde)

subjek maklik deur “mense” vervang kan word. Dit het ’n bewysfunksie deurdat die spreker ’n uiting toeskryf aan ’n onbepaalde stel individue. Sin 20 is ’n voorbeeld.

### 3. Metode van ondersoek

Soos vroeër aangetoon, kan bepaalde beperkinge uitgelig word in die wyse waarop vorige metodes onpersoonlike konstruksies probeer bestudeer het. Naas die feit dat die genoemde metodes nie geleentheid bied vir navorsers om moontlik nuwe of onbekende onverpersoonlikingsstrategieë te identifiseer nie, en ook naas die feit dat korpora nie altyd genoegsame voorbeelde van al twaalf onpersoonlike kontekste bevat nie, is ook die vraelyste wat tot op hede gebruik is, te beperkend om werklik tot sinvolle insigte te lei rondom nuwe of voorkeurstrategieë van onverpersoonliking.

Die vraelysgebaseerde ondersoek van Van Olmen en Breed (2018a; 2018b) kan hier as voorbeeld dien om die beperkinge rondom die gebruik van vraelyste om onverpersoonlikingsstrategieë te ondersoek, te illustreer. In hul studie is ’n sogenaamde “dubbelvraelys-gebaseerdebenadering” gevolg. Met ander woorde, twee verskillende vraelyste, naamlik ’n aanvaarbaarheidsoordeeltaak (AOT) en ’n voltooiataak (VT), is gebruik om data in te samel rakende onverpersoonlikingsstrategieë in drie Wes-Germaanse tale – Afrikaans, Nederlands en Engels.

Albei vraelyste is ontwerp om die gebruik van verskillende persoonlike voornaamwoorde in twaalf onpersoonlike kontekste deur sprekers van elk van die drie tale te toets. Elke konteks is geskommel aan die respondent aangebied as twee verskillende scenario’s. Die vraelys het dus uit 24 vrae bestaan. Die respondente moes dan, afhangende van die vraelys wat hul beantwoord, ’n spesifieke taak uitvoer om die aanvaarbaarheid van ’n spesifieke onpersoonlike voornaamwoord te toets of om hul eie voorkeuronverpersoonlikingsstrategie te verskaf (maar beperk tot voornaamwoordelike of naamwoordelike strategie). Figuur 1 is ’n uittreksel uit die Afrikaanse AOT.

Soos hier bo gesien kan word, is verskillende scenario’s wat die onderskeibare onpersoonlike kontekste uitbeeld, aan die respondent voorgehou. Die respondent is daarna gevra om op ’n skaal van 1 tot 5 aan te dui (1 is heeltemal onaanvaarbaar en 5 is heeltemal aanvaarbaar) tot watter mate hy of sy die gebruik van elk van die verskillende Afrikaanse voornaamwoorde in die gegewe konteks aanvaarbaar vind. Figuur 2 is ’n uittreksel uit die Afrikaanse VT.

Die VT is gebaseer op dieselfde twaalf kontekste (wat twee keer in verskillende scenario’s aangebied is en dus net soos die AOT uit 24 vrae bestaan het). Die verskil tussen die AOT en die VT was egter dat die sintaktiese posisie waarin die verskillende persoonlike voornaamwoorde in die AOT aan die respondente voorgehou is, in die VT oopgelaat is. Die respondent moes sy of haar eie moontlike antwoord verskaf. Met ander woorde, die voorbeelde hier bo dui aan hoe die VT gebruik is om te bepaal wat die voorkeurstrategie van elk van die respondente in die EXI-INF-NN-konteks sou wees (vergelyk weer Tabel 1). Dit sou dus vir die respondent moontlik wees om ’n persoonlike voornaamwoord soos *hy* en *hulle* in te vul, maar ook ’n ander moontlike strategie, byvoorbeeld ’n onbepaalde voornaamwoord soos *iemand*. Die VT was egter beperk tot onpersoonlike strategieë wat as subjek funksioneer, en dit was nie vir die respondent moontlik om die antwoord te herskryf of te herformuleer nie. Dit was byvoorbeeld nie moontlik vir die respondent om ’n passiewe antwoord te gee in plaas daarvan om ’n voornaamwoordelike of naamwoordelike subjek te gebruik nie.

’n Vraelysbenadering is egter steeds voordelig vir taalkundige studie, aangesien dit o.a. ruimte laat om – soos inderdaad die geval is met sommige onpersoonlike kontekste –

Jy en jou vriendin vat jou kinders een oggend parkie toe om te gaan speel. Daar lê 'n klomp leë bierblikkies in die parkie rond en jy sê vir jou vriendin:

	1	2	3	4	5
"Mens het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
"n Mens het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
"Man het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
"n Man het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
"Hulle het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>
"Jy het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>	<input type="radio"/>

**Figuur 1:** Uittreksel uit die Afrikaanse aanvaarbaarheidsoordeeltaak van Van Olmen & Breed (2018a; 2018b)

8. Jy en jou vriendin vat jou kinders een oggend parkie toe om te gaan speel. Daar lê 'n klomp leë bierblikkies in die parkie rond en jy sê vir jou vriendin:

"\_\_\_\_\_ het hier bymekaargekom vir 'n partytjie."

Jou antwoord \_\_\_\_\_

**Figuur 2:** Uittreksel uit die Afrikaanse voltooiataak van Van Olmen & Breed (2018a, 2018b)

taalstrukture te ondersoek wat nie frekvent in taalgebruik, en derhalwe in korpora, voorkom nie. Indien dus van 'n vraelys gebruik gemaak word om eerstens die *moontlike* en tweedens die *voorkeurstrategieë* van onverpersoonliking in Afrikaans en ander tale te bestudeer, moet 'n vraelys gebruik word, wat i) nie die moontlike talige antwoorde van respondente beperk nie, ii) in staat is om enige moontlike onverpersoonlikingstrategie te akkommodeer, iii) geen bevooroordeelde, leidende of beperkende taalkundige leidrade of instruksies bevat nie, en iv) rekening hou met al die kriteria waarvolgens die twaalf onpersoonlike gebruike van mekaar onderskei word.

Daar is dus besluit om vir hierdie projek 'n soortgelyke vraelys as dié van Van Olmen en Breed (2018a, 2018b) te ontwikkel. 'n Ander benadering word egter gevolg: In plaas daarvan om die onpersoonlike kontekste in die vraelys aan te bied in die vorm van geformuleerde beskrywings van scenario's, word die kontekste eerder as visuele voorstellings aangebied. Respondente sou dus die kontekste kon evalueer en antwoorde kon bedink sonder om 'n spesifieke formulering hoef te gebruik.


Figuur 3 is 'n uittreksel uit die visuele vraelys wat vir hierdie projek ontwerp<sup>5</sup> is. Die konteks wat aangebied word, is ook – net soos die uittreksels uit die AOT en VT – van 'n EXI-INF-NN-konteks. Die doel van hierdie visuele vraelys was uitsluitlik om i) 'n verskeidenheid van *moontlike* onverpersoonlikingstrategieë te identifiseer, en ii) te sien of sprekers bepaalde voorkeurstrategieë aanwend in sekere onpersoonlike kontekste.

Die visuele vraelys het bestaan uit 12 vrae. Elke vraag het een van die twaalf onderskeibare onpersoonlike kontekste deur 'n visuele illustrasie voorgestel. Die voorstelling van die SAV-konteks het egter te min bruikbare antwoorde opgelewer, en word derhalwe nie by die resultate ingesluit nie. Ter wille daarvan om soveel as moontlike bruikbare antwoorde te bekom, is die illustrasies ook met kontekstuele leidrade toegelig. Die kontekstuele leidrade was meestal slegs 'n versoek dat die respondent 'n spesifieke werkwoord, en soms ook 'n bykomende bywoord of naamwoord moet gebruik om die visuele voorstelling te beskryf. 'n Kopie van die elektroniese vraelys wat aan respondente voorgehou is, kan aanlyn<sup>6</sup> beskou word. Figuur 3 hier onder bied voorbeelde van geskikte antwoorde wat deur respondente aangebied is wat die visuele vraelys beantwoord het. Elkeen van die antwoorde beskryf 'n ander onpersoonlike konteks.

---

<sup>5</sup> Hierdie projek het die vorm aangeneem van 'n samewerkende, interdisiplinêre projek wat gegrond is in die taalkundeteorie oor onverpersoonliking en die visuele kommunikasieteorie op woordlose visuele narratiewe (*wordless visual narratives*) (vergelyk Nodelman, 1990; Horwat, 2018:176; Arif & Hashim, 2008:121). Die interdisiplinêre groep van agtien medewerkers bestaan uit twee taalkundiges, een dosent in grafiese ontwerp en vyftien studente in die grafiese ontwerp. Die ontwikkeling van die vraelys is uitgevoer as 'n praktykgebaseerde navorsingsprojek, met die onderrig- en leerdoel om studente in grafiese ontwerp op te lei om die beperkinge en interaksies van 'n kliëntopdrag te navigeer. Die twee taalkundiges het die rol van die kliënt aangeneem en die kommissieopdrag het gestel dat die vyftien studente, onder leiding van hul dosent, verantwoordelik was daarvoor om die visuele voorstellings van die onpersoonlike gebruike wat as "visuele vrae of aanwysings" gebruik sal word, te illustreer vir die vraelys. In Breed *et al.* (2021) word hierdie ontwerp- en evalueringsproses omvattend beskryf, en dit word daarom nie in hierdie artikel verder bespreek nie.

<sup>6</sup> Die vraelys kan by die volgende skakel beskou word: <https://forms.gle/WgNaFXWhojKejKo9>



[0.098] Formuleer asseblief die stelling wat in die spraakborrel gemaak word. Gebruik asseblief die werkwoord "drink"/"gedrink" en die woorde "hier" en "gister" in jou antwoord. \*

Jou antwoord

**Figuur 3:** Uittreksel uit die visuele vraelys oor onverpersoonlikingsstrategieë

**TABEL 2:** Bruikbare antwoorde vanuit die visuele vraelys vir elke onpersoonlike konteks

	Onpersoonlike konteks	Geskikte voorbeelde vanuit antwoorde van visuele vraelys
1	UNI-INT-NVER-NMOD	21 <i>Wat gebeur as mens dié rooi knoppie druk?</i>
2	UNI-INT-NVER-MOD	22 <i>'n Mens moet altyd jou siuplekgordel vasmaak as jy motor bestuur.</i>
3	UNI-INT-VER	23 <i>Almal kry koud in die winter.</i>
4	UNI-EXT	24 <i>Mense in China eet baie rys.</i>
5	EXI-COR	25 <i>Hulle werk alweer aan die pad.</i>
6	EXI-VAG-PL	26 <i>Hulle het terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad uitgevoer.</i>
7	EXI-VAG-NN	27 <i>Iemand het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het!</i>
8	EXI-INF-PL	28 <i>Lyk of iemand gister hier sokker gespeel het.</i>
9	EXI-INF-NN	29 <i>Hulle het natuurlik gister hier gedrink en nie skoon gemaak nie.</i>
10	EXI-SPE-PL	30 <i>Iemand het sowaar al die koek opgeëet!</i>
11	EXI-SPE-NN	31 <i>O gats! Iemand het my gehoor!</i>

Die vraelys is op sosiale media versprei en in totaal het 451 Afrikaanssprekende respondente die aanlyn vraelys voltooi en ingedien. Deelname was anoniem en vrywillig, maar deelnemers kon aandui of hul wil deelneem aan 'n lukrake en gelukkige e-postrekking waardeur vier deelnemers 'n geskenkbewys van 'n aanlyn winkel ontvang het. Die deelnemers se kontakbesonderhede is nie in die datastel opgeneem nie.

Persone vanuit verskillende ouderdomsgroepe het die vraelys voltooi, asook persone van verskillende geslagte. Alle respondente was eerstetaalsprekers van Afrikaans, of meertalige sprekers wat aangedui het dat hul Afrikaans so goed as eerstetaalsprekers handhaaf. Hoewel nie alle antwoorde wat respondente aangebied het, bruikbaar was om die onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans te ondersoek nie, was alle vraelyste bruikbaar en almal is in die datastel opgeneem. Soos reeds genoem, is die vraag oor die SAV-konteks nié by die studie ingesluit nie. Slegs 11 vroe se antwoorde is derhalwe in die studie betrek.

#### 4. Die resultate

Soos genoem, het 451 respondente in totaal aan die vraelys deelgeneem. 'n Paar opmerkings is hier ter sake. Eerstens, hoewel die meeste respondente alle vroe in die vraelyste beantwoord het, is daar enkele vraelyste waarin nie alle vroe deur die respondent beantwoord is nie. Tweedens het 'n respondent soms 'n vraag só beantwoord, dat die antwoord nie bruikbaar was vir die betrokke onpersoonlike konteks wat getoets word nie, maar eerder 'n ander onpersoonlike konteks. Daar was byvoorbeeld sommige respondente wat die UNI-EXT (met *Mense in China eet baie rys* as geskikte voorbeeld) beantwoord het as 'n UNI-INT-VER-konteks (byvoorbeeld *In China eet mens rys*). In 'n INT-konteks, beskou die spreker hom- of haarself as 'n persoon wat self ook rys sal eet wanneer hy of sy China besoek, terwyl 'n EXT-konteks die spreker by die situasie uitsluit. As vroe dus anders beantwoord is as waarvoor die betrokke visuele vraag ontwerp is, is die antwoorde nie by die resultate opgeneem nie. Dertens het sommige respondente meer as een onverpersoonlikingsstrategie in hul antwoorde aangewend. Elke onderskeibare strategie is apart gemerk. Vir 'n UNI-INT-NVER-MOD-antwoord soos

“Maak seker die sitplekgordel is stewig vasgemaak” sal byvoorbeeld aangedui word of die respondent ’n bevelsvorm as onverpersoonlikingsstrategie gebruik het, asook ’n agenslose passief. Laastens was sommige antwoorde meerduidig in terme van ’n persoonlike of onpersoonlike interpretasie. Dit was byvoorbeeld nie duidelik in ’n antwoord soos *Ek moet my sitplekgordel vasmaak*, of die respondent bedoel het om na hom- of haarself te verwys, of na die totale mensdom – waarbinne hy of sy hom- of haarself inreken (vergelyk ook Zobel, 2015 oor die Duitse *ich*) nie. Alle gevalle wat op hierdie wyse meerduidig<sup>7</sup> was, is by die resultate ingereken. Hoewel daar in totaal 451 vraelyste ontvang is, en hoewel elke vraelys een vraag per onpersoonlike konteks bevat het, is daar dus nie vir elke konteks noodwendig presies 451 antwoorde verskaf nie. Tabel 3 bied ’n opsomming van die aantal bruikbare antwoorde wat deur die respondente aangebied is.

**TABEL 3:** Opsomming van bruikbare antwoorde

Konteks	TOTAAL BRUIKBAAR	TOTAAL ONBRUIKBAAR	TOTAAL
UNI-INT-NVER-NMOD	382	68	450
UNI-INT-NVER-MOD	360	92	452
UNI-INT-VER	119	335	454
UNI-EXT	288	165	453
EXI-COR	362	77	439
EXI-VAG-PL	424	25	449
EXI-VAG-NN	343	107	450
EXI-INF-PL	221	227	448
EXI-INF-NN	371	78	449
EXI-SPE-PL	245	206	451
EXI-SPE-NN	187	224	411
TOTAAL	3302	1604	4906

In totaal is 4 906 antwoorde ontvang (’n gemiddeld van 446 antwoorde per konteks). Ongeveer ’n derde van die antwoorde (1 604 antwoorde) was egter nie bruikbaar vir hierdie studie nie, aangesien dit óf nie voorbeelde was van onverpersoonlikingsstrategieë nie, óf die respondent het nie die relevante onpersoonlike konteks met sy of haar antwoord beskryf nie. Hierdie aantal onbruikbare antwoorde is nie heeltemal onverwags nie, gegewe die aard van die vraelys (wat baie oop is) en die aard van die semantiese domein wat ondersoek word (wat baie moeilik is om te visualiseer en uit te lok). Nietemin is in totaal meer as 3 300 antwoorde aangebied wat wél as geskikte en bruikbare voorbeelde van onverpersoonlikingsstrategieë gereken kan word. Vir alle kontekste (met die uitsondering van die SAV-konteks) is boonop genoeg antwoorde aangebied om ’n verskeidenheid van moontlike onverpersoonlikingsstrategieë te

<sup>7</sup> ’n Toets vir ’n moontlike meerduidige antwoord, was of die meerduidige konstruksie sinvol deur ’n ander onpersoonlike strategie, byvoorbeeld ’n onbepaalde voornaamwoord vervang kan word. Dit was byvoorbeeld moontlik om die 1.SG-voornaamwoord, *ek*, te vervang met die onbepaalde voornaamwoord *almal*. Die interpretasie van die sin sou dan sonder twyfel onpersoonlik wees. Daar sou egter antwoorde kon wees wat vir ons as taalkundiges meerduidig was, maar wat die respondente nie as onpersoonlik bedoel het nie.

identifiseer, asook om voorlopige gevolgtrekkings te kan maak oor voorkeurstrategieë wat sprekers binne spesifieke kontekste aanwend.

Uit Tabel 3 is dit ook duidelik dat vir sommige kontekste meer bruikbare antwoorde verskaf is as ander kontekste. Vir die EXI-VAG-PL-konteks is byvoorbeeld 424 bruikbare antwoorde aangebied, terwyl vir die UNI-INT-VER-konteks slegs 119 bruikbare antwoorde aangebied is. Ons is egter van mening dat daar vir alle kontekste 'n genoegsame hoeveelheid bruikbare antwoorde verskaf is om sinvolle afleidings te maak oor die *moonlike* en *voorkeurstrategieë* van onverpersoonliking in Afrikaans.

Die resultate word vanuit drie perspektiewe bespreek. Eerstens word die totale resultate as 'n geheelbeeld geïnterpreteer. Tweedens word elke onderskeibare onverpersoonlikingstrategie aangebied en bespreek en derdens kry die verskillende strategieë wat in elke afsonderlike onpersoonlike konteks gebruik is, aandag.

#### 4.1 Totale resultate van alle vraelyste se antwoorde

Vanuit die literatuur wat vroeër genoem is, is veral vier onverpersoonlikingstrategieë bekend wat in Afrikaans (maar ook ander Wes-Germaanse tale) gebruik word, naamlik i) persoonlike voornaamwoorde wat op onpersoonlike wyse aangewend word, soos *hy* en *hulle*; ii) die naamwoordstukke (*'n mens* en (*die*) *mense*; iii) onbepaalde voornaamwoorde soos *iemand* en *almal*; en iv) passiefkonstruksies.


Tabel 4 en Figuur 4 bied 'n opsomming van al die onverpersoonlikingstrategieë wat in al die antwoorde in al die vraelyste aangebied is deur Afrikaanse sprekers. Hier sien ons dat die genoemde vier strategieë inderdaad algemeen in Afrikaans aangewend word in onpersoonlike kontekste. Naas hierdie vier bekende strategieë, het respondente egter ook 'n aantal strategieë aangebied wat nog nie vantevore as onverpersoonlikingstrategieë in Afrikaans geïdentifiseer is nie. Hierdie strategieë sal in Afdeling 4.2 meer spesifieke aandag kry.

'n Aantal belangrike of opvallende afleidings kan gemaak word deur na die totale van die verskillende onverpersoonlikingstrategieë te kyk. Eerstens is dit duidelik dat die voornaamwoordelike strategie – maar meer spesifiek, die gebruik van persoonlike voornaamwoorde in onpersoonlike kontekste – die algemeenste wyse is waarop 'n Afrikaanse spreker aantoon dat 'n bepaalde konteks onpersoonlik is. Dié resultate bevestig die belangrikheid van persoonlike voornaamwoorde<sup>8</sup> as onverpersoonlikingstrategie in taalgebruik wat deur 'n aantal navorsers aangetoon is (vergelyk byvoorbeeld – om maar enkeles te noem – van der Auwera *et al.*, 2012; Malamud, 2012; Deringer *et al.*, 2015; en Rudolf, 2014). Feitlik al die persoonlike voornaamwoorde (met die uitsondering van 3.SG) is in die resultate van ons vraelyste aangewend as onverpersoonlikingstrategieë. Die hoë frekwensie van die 2.SG en 3.PL kan verklaar word deur die verduidelikings van Van Olmen & Breed (2018a, 2018b), naamlik dat die gebruik van 2.SG 'n onverpersoonlikingstrategie is wat gereeld gebruik word in die UNI-INT-kontekste, terwyl die 3.PL die primêre onverpersoonlikingstrategie is wat gebruik word in alle EXI-kontekste, sowel as UNI-EXT-kontekste. Die hoë frekwensie van 1.SG skryf ons toe aan die

<sup>8</sup> In die literatuur oor onpersoonlike konstruksies, word meestal na persoonlike voornaamwoorde wat in onpersoonlike kontekste aangewend word, verwys as “menslike onpersoonlike voornaamwoorde” (*human impersonal pronouns*). Hierdie onpersoonlike voornaamwoorde kan gedefinieer word as die “pronominal expression of impersonalization, i.e. the process of filling an argument position of a predicate with a variable ranging over sets of human participants without establishing a referential link to any entity from the universe of discourse” (Gast & van der Auwera, 2013:124).

**TABEL 4:** Opsomming van alle bruikbare antwoorde uit die visuele vraelys oor onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans

Onverpersoonlikingsstrategie		Sub-totaal	Totaal	Bruikbare voorbeeld uit vraelys
Persoonlike voornaamwoorde (PN.PERS)	PN.PERS.1.SG	306	1006	32 <i>Ek maak altyd my sitplekgordel vas. (UNI-INT-NVER-MOD)</i>
	PN.PERS.2.SG	127		33 <i>Wat gebeur as jy die knoppie druk? (UNI-INT-NVER-NMOD)</i>
	PN.PERS.1.PL	16		34 <i>In die winter kry ons koud. (UNI-INT-VER)</i>
	PN.PERS.2.PL	3		35 <i>Maak seker dat julle sitplekgordels vasgemaak is wanneer julle ry. (UNI-INT-NVER-MOD)</i>
	PN.PERS.3.PL	554		36 <i>Hulle werk alweer aan die pad. (EXI-COR)</i>
Onbepaalde voornaamwoorde (PN.INDF)	iemand	473	515	38 <i>Ek dink iemand het my gehoor. (EXI-VAG-NN)</i>
	almal	40		39 <i>Almal moet hulle sitplekgordel vasmaak. (UNI-INT-NVER-MOD)</i>
	elkeen	2		40 <i>Elkeen moet hul sitplekgordel vasmaak. (UNI-INT-NVER-MOD)</i>
				41
Gegrammatikaliseerde naamwoorde of naamwoordstukke (NP)	(’n) mens	123	312	42 <i>In die winter kry mens koud. (UNI-INT-VER)</i>
	(die) mense	189		43 <i>Mense in China eet baie rys. (UNI-EXT)</i>
				44
Passiefkonstruksies (PASS)			955	45 <i>Terwyl jy geslaap het is al die appels gepluk. (EXI-VAG-NN)</i>
Ander moontlike onverpersoonlikingsstrategieë			510	
TOTAAL			3298	

**Figuur 4:** Opsomming van alle bruikbare antwoorde uit die visuele vraelys oor onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans

meerduidige aard van die meeste van die antwoorde in die drie UNI-INT-kontekste, waar dit telkens nie heeltemal duidelik is of die respondent bedoel om op referensiële wyse na hom- of haarself te verwys (byvoorbeeld sin 32), of eerder op 'n niereferensiële wyse bedoel dat hy of sy deel vorm van die universele groep persone wat in die konteks ter sprake is (byvoorbeeld 34) nie.

'n Tweede, taamlik verrassende afleiding wat uit die resultate gemaak kan word, is dat die gebruik van 'n passiefkonstruksie byna 'n ewe algemene onverpersoonlikingstrategie is as die voornaamwoordelike strategie. Byna 30% van alle onverpersoonlikingstrategieë wat Afrikaanse sprekers gebruik het, was passiefkonstruksies. Hoewel die literatuur oor onpersoonlike konstruksies die passief aandui as 'n moontlike strategie van onverpersoonliking, is daar onsens insiens nie in enige literatuur aangedui hoe belangrik die funksie wat die passiefkonstruksie as onverpersoonlikingstrategie verrig, werklik vir Afrikaanse sprekers is nie.

'n Derde interessante bevinding is die hoë frekwensie van die persoonlike voornaamwoord  *jy*  as onverpersoonlikingstrategie om die visuele onpersoonlike kontekste te beskryf. Van Olmen *et al.* (2019) dui aan dat beide  *jy*  en (*'n*)  *mens*  as onverpersoonlikingstrategieë in die vier UNI-kontekste aangewend kan word. Dié twee strategieë is sinonimies en is derhalwe uitwisselbaar. Die respondente van die Afrikaanse voltooiataak (vergelyk weer Figuur 2), het albei strategieë gebruik om die UNI-kontekste in hierdie vraelys te beantwoord. Van die twee strategieë, is die gebruik van (*'n*)  *mens*  egter by verre meer gereeld deur respondente in die VT ingevul. In totaal is (*'n*)  *mens*  318 keer deur respondente as onverpersoonlikingstrategie by UNI-kontekste ingevul, terwyl  *jy*  slegs 58 keer ingevul is. Ons het dus verwag dat respondente die UNI-kontekste in die visuele vraelys ook sou formuleer deur hoofsaaklik gebruik te maak van (*'n*)  *mens* . In hierdie vraelys is die twee strategieë egter byna ewe gereeld gebruik – daar is in 127 antwoorde van  *jy* <sup>9</sup> gebruik gemaak, en in 123 antwoorde van (*'n*)  *mens* . Die saak sal ook verder bespreek word in Afdeling 4.2.

Aangesien daar heelwat in die literatuur oor Afrikaanse onpersoonlike konstruksies (vergelyk Breed & Van Olmen, 2017; Van Olmen & Breed, 2018a; Van Olmen & Breed, 2018b; Van Olmen *et al.*, 2019; Breed *et al.*, 2021; Groenen, 2021) oor dié onverpersoonlikingstrategieë bekend is, gaan daar nie verder in die artikel aandag gegee word aan die vier reeds bekende strategieë nie.

#### 4.2 Die onderskeibare onverpersoonlikingstrategieë

In Tabel 4 is 'n opsomming gegee van die verskillende onverpersoonlikingstrategieë wat deur respondente gebruik is om die visuele onpersoonlike kontekste te illustreer. Daar is ook aangedui dat in 510 antwoorde ánder onverpersoonlikingstrategieë aangewend is as die vier reeds bekende strategieë. Hierdie antwoorde is verder gegroepeer en gekategoriseer, en word in Tabel 5 opgesom.

<sup>9</sup> Weereens was dit nie altyd noodwendig duidelik of die respondente  *jy*  as persoonlik of onpersoonlik bedoel het nie. Maar aangesien alle 2.SG-antwoorde 'n meerduidige interpretasie kan hê, is dit wel hier gereken as 'n onverpersoonlikingstrategie.

**TABEL 5:** Opsomming van ander onverpersoonlikingstrategieë

Beskrywing van strategie	Geskikte voorbeeld	TOTAAL
Gespesifiseerde NP	46 <i>Kwajongens het sowaar al die appels gepluk terwyl jy geslaap het. (EXI-VAG-NN)</i>	221
Imperatief	47 <i>Maak nie saak wie jy is nie, maak altyd jou sitplekgordel vas! (UNI-INT-NVER-MOD)</i>	124
NP + PN.REL	48 <i>Die mense wat gister hier sokker gespeel het, het hul bal hier vergeet. (EXI-INF-PL)</i>	81
Infinitief	49 <i>Kyk hoe lyk die verkeer! Is dit nou 'n tyd om aan die pad te werk? (EXI-COR)</i>	38
Nominalisering	50 <i>Vasmaak van 'n sitplekgordel is verpligtend. (UNI-INT-NVER-MOD)</i>	12
Die NP impliseer 'n betrokke agens	51 <i>Daar was terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad gewees. (EXI-VAG-PL)</i>	16
Subjunktiewe Q-WHs	52 <i>Watter vraat het al die koek opgeëet? (EXI-SPE-PL)</i>	8
Vryekeuse-items (FKI)	53 <i>Enige iemand wat 'n motor wil bestuur, moet hul vasmaak met 'n sitplekgordel. (UNI-INT-NVER-NMOD)</i>	3
Kwantifiseerder + NP	54 <i>Meeste mense kry koud in die winter. (UNI-INT-VER)</i>	4
Ken agensskap aan die NP toe	55 <i>Wat doen die knoppie? (UNI-INT-NVER-NMOD)</i>	2
Persoon of persone	56 <i>Daar het sekerlik meer as 3 persone hier gedrink gister. (EXI-INF-NN)</i>	1
TOTAAL		510

'n Eerste strategie wat sprekers gebruik het om nie die subjek referensieel te spesifiseer nie, is 'n strategie wat ons as “ander strategieë” geklassifiseer het. Hierdie strategie is egter nie werklik 'n onverpersoonlikingstrategie nie, maar eerder 'n strategie om 'n subjek as onbepaald uit te druk. Sprekers het in hierdie konteks veral gebruik gemaak van 'n **gespesifiseerde naamwoord** om niereferensieel na 'n persoon of groep persone te verwys. Die naamwoord is meestal 'n naamwoord wat relevant is tot die bepaalde konteks, en 'n naamwoord wat byvoorbeeld die aksie wat die subjek uitvoer, insluit. So is die naamwoord “terroriste” byvoorbeeld gebruik om te verwys na “mense wat terroristiese aanvalle uitvoer” of die naamwoord “motorbestuurders” gebruik om te verwys na “mense wat motors bestuur”. Hoewel die naamwoorde dus verwys na 'n spesifieke persoon of persone binne 'n bepaalde konteks, is dit – net soos die naamwoordstuk *die mense* – 'n niereferensiele verwysing na 'n groep mense. Hierdie strategie word hoofsaaklik in eksistensiële kontekste gebruik, hoewel enkele gebruike hiervan ook in die UNI-INT-NVER-MOD-konteks voorkom (vergelyk sinne 57–65).

57 *Twee spanne het gister hier sokker gespeel. (EXI-INF-PL)*

58 *Morsjorse het gister hier gesit en drink. (EXI-INF-NN)*

59 *Die klomp vrate het al die koek opgeëet voordat ek by die huis gekom het. (EXI-SPE-PL)*

- 60 **Die padwerkers** werk al twee weke aan die pad. (EXI-COR)  
 61 *O gaats, die huismense* het my verseker nou gehoor. (EXI-SPE-NN)  
 62 **Alle motorbestuurders** moet ten alle tye hulle sitplekgordel vasmaak. (UNI-INT-NVER-MOD)  
 63 **Die terroriste** het verskeie terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad uitgevoer. (EXI-VAG-PL)  
 64 **Chinese** in China eet rys soos wat Suid-Afrikaners pap eet. (UNI-EXT)  
 65 **Swernote** het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het! (EXI-VAG-NN)

Tweedens is 'n strategie aangewend om 'n uitdrukking in die **imperatiewe** vorm, oftewel as 'n bevelsin, uit te druk. Al 124 antwoorde is egter aangebied in die UNI-INT-NVER-MOD-konteks, en die antwoorde was soortgelyk aan die sin wat in voorbeeld 47 aangebied is. Dit is dus duidelik dat die gebruik van die imperatief 'n onverpersoonlikingsstrategie is wat spesifiek tot modale onpersoonlike kontekste is, en na alle waarskynlikheid beperk is tot modale kontekste wat 'n verpligting (byvoorbeeld 47), verbod (byvoorbeeld *Moenie links draai by daai kruispad vandag nie*), toestemming (byvoorbeeld *Gooi sigaretstompies hier weg*) of aanbeveling (byvoorbeeld *Besoek gerus hulle webwerf*) uitdruk.

'n Derde algemene onverpersoonlikingsstrategie wat in ons resultate geïdentifiseer is, is om na die onpersoonlike subjek te verwys deur 'n menslike naamwoord te kies (byvoorbeeld *die mense* of *die ou*) en dan **met 'n betreklike bysin** te spesifiseer dat die persoon of persone relevant is tot die konteks wat beskryf word. Dit is daarom nie verrassend dat hiërdie strategie slegs in eksistensiële kontekste gebruik word nie. Die strategie is veral in die twee INF-kontekste aangewend, naamlik 73 keer (vergelyk voorbeelde 66 en 67). Die strategie is egter ook 5 keer gebruik om die subjek in die EXI-COR-konteks te beskryf (byvoorbeeld 68), en telkens 'n enkele keer om die EXI-SPE-PL-, EXI-VAG-NN- en EXI-VAG-PL-kontekste se onpersoonlike subjekte te omskryf (vergelyk voorbeeldsinne 69–71).

- 66 **Die mense** wat gister hier gedrink het, het hulle gemors net hier gelos. (EXI-INF-NN)  
 67 **Die ouens** wat gister hier sokker gespeel het, het hulle bal hier vergeet. (EXI-INF-PL)  
 68 Ek hoop **die mense** wat aan die pad werk maak gou daarmee. Dit veroorsaak te veel verkeersknoppe. (EXI-COR)  
 69 Ek gaan **die ou** wat al die koek opgeëet het nou 'n koekhou slaan! (EXI-SPE-PL)  
 70 **Hy wie** al die appels gepluk het terwyl j geslaap het sal saam die vòëls 'n ander deuntjie sing. (EXI-VAG-NN)  
 71 Ek hoop hulle vang **die mense** wat die terreuraanvalle uitvoer en sit 'n bom onder hulle. (EXI-VAG-PL)

Die gebruik van die **infinitiese vorm** van die werkwoord in die bysin waarin die onpersoonlike subjek voorkom, is 'n onverpersoonlikingsstrategie wat in beide universele en eksistensiële kontekste gebruik word. In ons resultate is dié strategie 38 keer gebruik, naamlik 14 keer in EXI-COR-kontekste (byvoorbeeld 72), een keer in EXI-VAG-PL (byvoorbeeld 73), 16 keer in UNI-INT-NVER-MOD (byvoorbeeld 74), twee keer in UNI-EXI (byvoorbeeld 75), en vyf keer in UNI-INT-VER (byvoorbeeld 76).

- 72 Dink hoe gevaarlik dit is om só langs die pad **te werk!** (EXI-COR)  
 73 Blykbaar is die enigste manier **om** inwoners **te laat hardloop** is **om** terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad **uit te voer**. (EXI-VAG-PL)  
 74 Dis veiliger **om te ry** wanneer jy jou veiligheids gordel vasmaak. (UNI-INT-NVER-MOD)

75 *Die rys prys in China is laag genoeg om heeldag dit te kan eet. (UNI-EXI)*

76 *In die winter is dit sleg om koud te kry. (UNI-INT-VER)*

**Nominalisering van die werkwoord** in die bysin waarin die onpersoonlike subjek voorkom, is ook 'n onverpersoonlikingsstrategie wat in beide universele en eksistensiële kontekste gebruik is. In ons resultate is hiërdie strategie sewe keer in EXI-kontekste gebruik (vergelyk voorbeelde 77 tot 79), en tien keer in UNI-kontekste (vergelyk 80 tot 82)

77 *Die gewerk aan die pad mors my tyd! (EXI-COR)*

78 *Gister was hier weer 'n groot gedrink en rinkink! (EXI-INF-NN)*

79 *Die uitvoer van terreuraanvalle op n paar plekke in die stad, is skrikwekkend. (EXI-VAG-PL)*

80 *Die eet van rys met amper alle maaltye in China is algemeen. (UNI-EXT)*

81 *Die vasmaak van jou sitplekgordel is verpligtend. (UNI-INT-NVER-MOD)*

82 *Die winter is vir koud kry gemaak. (UNI-INT-VER)*

Die twee laasgenoemde strategieë, die gebruik van die infinitiewe vorm van die werkwoord en die nominalisering van die werkwoord, hou egter sterk met mekaar verband, aangesien dit albei strategieë is wat die **niefiniete** (*non-finite*) vorm van die werkwoord gebruik wat geen subjek neem nie (vergelyk Biber *et al.*, 1999:125).

Twee ander strategieë wat ook met mekaar verband hou, is die kies van naamwoorde of werkwoorde wat 'n deelnemende **agens impliseer** (byvoorbeeld sinne 83 tot 85), en om aan 'n nielewendende naamwoord die eienskap van **agensskap toe te ken** (wat op sigself dan ook 'n deelnemende agens impliseer, byvoorbeeld sin 55 en 86). Hierdie twee strategieë word ook in beide UNI- en EXI-kontekste gebruik.

83 *Daar is nog baie werk wat voorlê voor hierdie pad gebruik kan word. (EXI-COR)*

84 *Daar was terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad gewees (EXI-VAG-PL)*

85 *Rys is China se stapelvoedsel. (UNI-EXT)*

86 *Die padwerke vorder goed. Hulle werk nou al drie weke om die pad klaar te maak. (EXI-COR)*

Hoewel die grafiese ontwerpers wat die visuele vrae geïllustreer het, dit nié doelbewus gedoen het nie, het 'n aantal van die kontekste wat in die vraelys aangebied is, 'n negatiewe betekeniskonnotasie, soos verwyf, beskuldiging of skok (vergelyk die respondentantwoorde wat in sinne 87 tot 89 aangebied word.) Dit wil voorkom asof 'n onpersoonlike strategie wat respondente in hierdie kontekste aanwend, is om van “**subjektiewe vraagwoorde**” gebruik te maak om na die skuldige, dog onpersoonlike, agenssubjek te verwys. Hierdie vraagwoorde sal dan ook dikwels gekombineer word met 'n vloek- of skelwoorduitdrukking (byvoorbeeld *wie die moer*, *wie die hel* en *wie de fok*), of 'n beledigende naamwoord (byvoorbeeld *duiwel*, *varke* of *vrate*) om die subjek te beskryf. Hierdie strategie is egter beperk tot gebruik in onpersoonlike kontekste waaroor die sprekers sterk negatiewe emosies toon.

87 *Watse varke het gister hier geëet en drink en alles langs die asblik gegooi? (EXI-INF-NN)*

88 *Wie de fok het al die koek opgeëet?! (EXI-SPE-PL)*

89 *Wie de moer het al die appels gepluk terwyl jy gelê en slaap het? (EXI-VAG-NN)*

**Vryekeuse-items** (*free choice items*), oftewel VKI, is as onverpersoonlikingsstrategie gebruik in 'n aantal antwoorde. Vendler (1967:80) verduidelik dat VKI aandui dat daar 'n vryheid van

keuse vir die spreker en hoorder bestaan oor wie of wat bedoel of verstaan word, letterlik dus “no matter whom you select from among...”. Daar is slegs drie onpersoonlike kontekste waarin hierdie strategie gebruik is, naamlik drie voorbeelde van EXI-INF-NN (byvoorbeeld sin 90), twee voorbeelde van EXI-INF-PL- (byvoorbeeld sin 91), en twee voorbeelde van UNI-INT-NVER-MOD-kontekste (byvoorbeeld sin 94).

- 90 **Wie ookal** gister hier gesit en drink het, het 'n groot gemors agtergelaat. (EXI-INF-NN)  
 91 **Wie ook al** gister sokker gespeel het, het hulle sokkerbal hier vergeet. (EXI-INF-PL)  
 92 **Wie ookal** gister hier sokker gespeel het, het hul bal vergeet. (EXI-INF-PL)  
 93 **Enige iemand** wat 'n motor wil bestuur, moet hul vasmaak met 'n sitplekgordel. (UNI-INT-NVER-MOD)  
 94 **Maak nie saak wie jy is nie**, maak altyd jou sitplekgordel vas! (UNI-INT-NVER-MOD)

Een van die minder algemene strategieë wat sommige respondente gebruik het in van die UNI-INT-kontekste, is om 'n naamwoord soos **mense** of 'n naamwoord wat 'n groep mense spesifiseer soos *motorbestuurders* te **kwantifiseer** om op so 'n wyse te spesifiseer watter persoon of persone by die konteks ingereken word. In die antwoorde op ons vraelyste is hoofsaaklik die telwoorde *meeste* (byvoorbeeld sin 95), *alle* (byvoorbeeld sin 96) en *elke* (byvoorbeeld 97), gebruik, maar ander telwoorde, byvoorbeeld *sommige* en *enkele* sou ook in hierdie strategie gebruik kan word.

- 95 **Meeste mense** kry koud in die winter. (UNI-INT-NVER)  
 96 **Alle mense** moet ten alle tye hulle veiligheids gordel dra wanneer hulle bestuur. (UNI-INT-NVER-MOD)  
 97 **Elke bestuurder** moet sorg dat sy of haar sitplekgordel vasgemaak is. (UNI-INT-NVER-MOD)

'n Laaste strategie wat ons raakgesien het, en waaroor ons eintlik verbaas is dat dit so min aangewend is deur die respondente, is die gebruik van die naamwoord *persoon* of *persone* om die subjek te beskryf. Gegewe die feit dat die naamwoord beteken “menslike wese, hetsy man, vrou of kind, wat nie nader bepaal of geïdentifiseer word nie” (WAT, 2020), is dit eintlik die ideale woord om te gebruik om na die onpersoonlike subjek in onpersoonlike kontekste te verwys. Nietemin is hierdie strategie slegs een keer in ons resultate aangetref (vergelyk sin 98).

- 98 **Daar het sekerlik meer as 3 persone** hier gedrink gister. (EXI-INF-NN)


#### 4.3 Voorkeuronverpersoonlikingsstrategieë vir elke onpersoonlike konteks

Die verskillende onverpersoonlikingsstrategieë wat in elkeen van die elf onpersoonlike kontekste deur die respondente aangebied is, word in Tabel 6 opgesom.

Hoewel 'n verskeidenheid van onverpersoonlikingsstrategieë in 'n verskeidenheid van onpersoonlike kontekste aangewend word, is dit opvallend dat daar wel vir sekere kontekste sterk voorkeure bestaan. In totaal is vyftien moontlike onverpersoonlikingsstrategieë in ons resultate raakgesien, maar nie alle strategieë is in alle kontekste aangewend nie, en sommige strategieë is heelwat meer frekwent in sommige kontekste aangewend as in ander.

**TABEL 6:** Opsomming van onverpersoonlikingstrategieë wat in elke onpersoonlike konteks gebruik is.

	PN.PRS	PN.INDF	Passief	(ART) + mens/mense	Spesifieke NP	Imperatief	NP + PN.REL	Infinitief	NP impliseer 'n betrokke agens	Nominalisering	WH-Q	Persoon/personeQuantifier + NP	VKI	Ken agentskap aan NP toe	Persoon/persone	TOTAAL
UNI-INT-NVER-NMOD	302	6	26	47	0	0	0	0	0	0	0	0	0	1	0	382
UNI-INT-NVER-MOD	111	23	38	22	24	124	0	16	0	0	0	1	1	0	0	360
UNI-INT-VER	39	9	4	57	0	0	0	5	0	3	0	2	0	0	0	119
UNI-EXT	67	7	107	87	13	0	0	2	3	2	0	0	0	0	0	288
EXI-COR	198	4	119	12	0	0	5	14	6	3	0	0	0	1	0	362
EXI-VAG-PL	25	9	350	0	30	0	1	1	7	1	0	0	0	0	0	424
EXI-VAG-NN	38	166	63	1	73	0	1	0	0	0	1	0	0	0	0	343
EXI-INF-PL	41	89	49	3	24	0	12	0	0	0	0	0	2	0	0	220
EXI-INF-NN	29	54	88	75	55	0	61	0	0	3	1	1	0	0	1	368
EXI-SPE-PL	84	44	106	2	2	0	1	0	0	0	6	0	0	0	0	245
EXI-SPE-NN	72	104	5	6	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	0	187
TOTAAL	1006	515	955	312	221	124	81	38	16	12	8	4	3	2	1	3298



**Figuur 5:** Onverpersoonlikingstrategieë van die UNI-INT-NVER-NMOD-konteks

#### 4.3.1 UNI-INT-NVER-NMOD

In die UNI-INT-NVER-NMOD-konteks is slegs vyf verskillende onverpersoonlikingsstrategieë aangewend (vergelyk voorbeelde 99 tot 103), maar die persoonlike voornaamwoord is die strategie wat die meeste hier aangewend is.

99 *Wat gaan gebeur indien **ek** hierdie knoppie druk?* (PN.PRS.1.SG)

100 *Wat gebeur **as jy** die knoppie druk?* (PN.PRS.2.SG)

101 *Wat sal gebeur **as iemand** die rooi knoppie druk?* (PN.INDF)

102 *Wat gebeur **as mens** die rooi knoppie druk?* (mens)

103 *Wat sal gebeur **as dié knoppie gedruk word?*** (passief)

104 *Wat **doen die knoppie?*** (ken agensskap aan NP toe)

Die rede vir die hoë frekwensie van persoonlike voornaamwoorde kan egter ook toegeskryf word aan die feit dat dit hoofsaaklik die 1.SG-voornaamwoord is wat gebruik is om dié visuele vraag te beantwoord, en dié antwoord is – soos ons reeds verduidelik het – meerduidig, want dit kan beide 'n persoonlike en onpersoonlike interpretasie hê. Die 2.SG (vergelyk sin 100) is slegs 13 keer as antwoord aangebied, en die vraag kan daarom gevra word of die persoonlike voornaamwoord dan wêrelik 'n voorkeuronverpersoonlikingsstrategie vir UNI-INT-NVER-NMOD-kontekste is. Dit wil dus voorkom asof Afrikaanse sprekers graag van (**'n**) mens en die **passiefkonstruksie** gebruik maak om 'n UNI-UNI-NVER-NMOD-konteks te beskryf.


#### 4.3.2 UNI-INT-NVER-MOD

'n Groot verskeidenheid onverpersoonlikingsstrategieë is deur respondente aangebied om die UNI-UNT-NVER-MOD-kontekste te beskryf (vergelyk 105 tot 114).

105 ***Jy** moet jou sitplekgordel vasmaak.* (PN.PRS)

106 ***Elkeen** moet hul sitplekgordel vasmaak.* (PN.INDF)

107 ***'n Mens** moet **'n mens** se sitplekgordel vasmaak.* (ART+mens)



**Figuur 6:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die UNI-INT-NVER-MOD-konteks

- 108 'n Sitplekgordel moet **vasgemaak word**. (passief)  
 109 **Alle bestuurders** moet hulle sitplekgordel vasmaak. (spesifieke NP)  
 110 Onthou om altyd jou sitplekgordel vas te maak. (imperatief)  
 111 Dit is baie belangrik om altyd jou sitplekgordel **vas te maak**. (infinitief)  
 112 **Vasmaak van 'n sitplekgordel** is verpligtend. (nominalisering)  
 113 **Alle mense** moet te alle tye hulle veiligheids gordel dra wanneer hulle bestuur. (Quantifier + NP)  
 114 **Enige iemand** wat 'n motor wil bestuur, moet hul vasmaak met 'n sitplekgordel. (VKI)

Veral drie onverpersoonlikingsstrategieë het taamlik voorkeur geniet by respondente, naamlik persoonlike voornaamwoorde, die imperatief en die passiefkonstruksie.


Ons het egter 'n ander patroonmatige formulering van die MOD-kontekste raakgesien, naamlik dat respondente die konteks met 'n komplekse sin beskryf, waarin die modale betekenis in die hoofsin uitgedruk word, en die onverpersoonlikingsstrategie in die komplementbysin (vergelyk sinne 115 en 116).

- 115 **Die wet vereis dat** jy jou sitplekgordel vasmaak.  
 116 **Dit is belangrik dat** die sitplekgordel vasgemaak word.

Altesaam twaalf respondente het die MOD-onpersoonlike konteks op hierdie manier omskryf.

#### 4.3.3 UNI-INT-VER

Hoewel ten minste sewe verskillende onverpersoonlikingsstrategieë aangewend is om die UNI-INT-VER-konteks te beskryf, is dit duidelik dat daar veral twee voorkeurstrategieë onder Afrikaanse respondente was, naamlik die gebruik van persoonlike voornaamwoorde en die gebruik van ('n) mens. Wat egter opmerklik is, is dat daar van meer as een persoonlike voornaamwoord gebruik is om hierdie konteks te omskryf. Dit is wel moontlik dat sommige antwoorde waarin persoonlike voornaamwoorde as 'n strategie gebruik is, 'n meerduidige (dus hetsy as persoonlik of onpersoonlik) interpretasie kan hê, maar in alle gevalle is dit wel moontlik




**Figuur 7:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die UNI-INT-VER -konteks

om ook te kon aflei dat die spreker die voornaamwoord só gebruik het om na die hele mensdom te verwys (waarby hy of sy hom of haarself byreken).

- 117 *In die winter kry **ek** koud.* (PN.PRS.1.SG)  
 118 *In die winter kry  **jy**  koud.* (PN.PRS.2.SG)  
 119 *In die winter kry  **ons**  koud.* (PN.PRS.3.SG)  
 120 ***Almal** kry koud in die winter!* (PN.INDF)  
 121 *Die winter sal daar **koud gekry word.*** (passief)  
 122 ***Mens** kry in die winter koud.* (mens)  
 123 *In die winter is dit sleg **om koud te kry.*** (infinitief)  
 124 *Die winter is **vir koud kry** gemaak.* (nominalisering)  
 125 ***Meeste mense** kry koud in die winter.* (Kwantifiseerder + NP)

#### 4.3.4 UNI-EXT

Agt verskillende onverpersoonlikingsstrategieë is gebruik om die UNI-EXT-konteks te beskryf, maar daar blyk 'n sterk voorkeurstrategie te wees vir hierdie konteks, naamlik die passiefkonstruksie.<sup>10</sup> Verder is ook net een persoonlike voornaamwoord hier gebruik, naamlik 3.PL, oftewel *hulle*.




**Figuur 8:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die UNI-EXT-konteks

<sup>10</sup> Vanweë die feit dat die agens in 'n onpersoonlike passiefkonstruksie verswyg word, is dit ook moontlik dat die respondente hulself by die konteks sou kon inreken (dus as UNI-INT). Aangesien die antwoorde wél ook die vraag beantwoord het wat ons aan die respondente gebied het, het ons die antwoorde hier gereken as 'n onpersoonlike strategie.

- 126 *In China eet **hulle** rys. (PN.PRS)*  
 127 *In China eet **almal** baie rys. (PN.INDF)*  
 128 *Orals in China **word** daar rys **geëet**. (passief)*  
 129 ***Chinese** eet baie rys. (spesifieke NP)*  
 130 *In China is dit algemeen **om** rys saam met die meeste etes **te eet**. (infinitief)*  
 131 *Rys is China se **stapelvoedsel**. (NP impliseer 'n betrokke agens)*  
 132 ***Die eet van rys** met amper alle maaltye in China is algemeen. (nominalisering)*

#### 4.3.5 EXI-COR

Veral twee strategieë is algemeen gebruik om die EXI-COR-konteks te beskryf, naamlik die gebruik van persoonlike voornaamwoorde (spesifiek PN.PRS.3.PL) en die passiefkonstruksie. Naas hierdie twee strategieë, het respondente ook nog sewe ander onverpersoonlikingsstrategieë aangewend (vergelyk sinne 133 tot 141).




**Figuur 9:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-COR-konteks

- 133 ***Hulle** werk alweer aan die pad. (PN.PRS)*  
 134 ***Iemand** werk daar voor in die pad. (PN.INDF)*  
 135 ***Daar word aan die pad gewerk.** (passief)*  
 136 ***Die mense** werk alweer aan die pad. (ART+mense)*  
 137 *Ek hoop **die mense wat** aan die pad werk maak gou daarmee. Dit veroorsaak te veel verkeersknope. (NP+PN.REL)*  
 138 *Jissie, **om** so aan die pad **te werk** is harde werk. (infinitief)*  
 139 *Hoekom is daar altyd **padwerke** in die oggend op die pad as jy moet gaan werk? (NP impliseer 'n betrokke agens)*  
 140 ***Die gewerk aan die pad** mors my tyd! (nominalisering)*  
 141 *Die **padwerke vorder** goed. (ken agentskap aan NP toe)*

Wat vir ons opmerklik was, is dat daar in hierdie konteks nie deur 'n enkele respondent gebruik gemaak is van spesifieke naamwoorde (soos *padwerkers*) om die situasie te beskryf nie. Selfs al het die situasie hom daartoe geleen om van hierdie strategie gebruik te maak, het respondente van ander meer eksplisiete onpersoonlike strategieë gebruik gemaak.

## 4.3.6 EXI-VAG-PL

Die passiefkonstruksie is 'n besondere algemene onverpersoonlikingstrategie in die EXI-VAG-PL-kontekste. Hoewel agt verskillende strategieë deur respondente aangebied is, is nie een van die ander strategieë werklik produktief aangewend nie. Slegs 25 respondente het byvoorbeeld van persoonlike voornaamwoorde gebruik gemaak, en slegs 30 respondente van spesifieke naamwoorde om na die onpersoonlike subjek ('n onbekende groep persone) te verwys.




**Figuur 10:** Onverpersoonlikingstrategieë van die EXI-VAG-PL-konteks

- 142 **Hulle** het terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad uitgevoer. (PN.PRS)  
 143 **Iemand** het om 05h35 drie terreuraanvalle uitgevoer in die stad. (PN.INDF)  
 144 Daar **is** al weer terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad **uitgevoer**. (passief)  
 145 **Die terroriste** het terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad uitgevoer. (spesifieke NP)  
 146 Ek hoop hulle vang **die mense wat** die terreuraanvalle uitvoer en sit 'n bom onder hulle. (NP + PN.REL)  
 147 Blykbaar is die enigste manier om inwoners te laat hardloop is om terreuraanvalle op 'n paar plekke in die stad **uit te voer**. (infinitief)  
 148 Die **terreuraanvalle** het op 'n paar plekke in die stad plaasgevind! (NP impliseer 'n betrokke agens)  
 149 Die uitvoer van **terreuraanvalle** op 'n paar plekke in die stad, is skrikwekkend. (nominalisering)


## 4.3.7 EXI-VAG-NN

Onbepaalde voornaamwoorde (spesifiek die voornaamwoord *iemand*) is die voorkeurstrategie vir EXI-VAG-NN-kontekste. Ook die passiefkonstruksie en spesifieke naamwoorde is strategieë wat gereeld deur respondente gebruik is om hierdie konteks te beskryf.

- 150 **Hulle** het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het. (PN.PRS)  
 151 **Iemand** het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het! (PN.INDF)  
 152 Terwyl jy geslaap het, **is** al die appels **gepluk**. (passief)  
 153 **Die mense** het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het! (ART+mense)  
 154 **Diewe** het al die appels gepluk terwyl jy geslaap het. (spesifieke NP)  
 155 **Hy wie** al die appels gepluk het terwyl jy geslaap het sal saam die vòëls n ander deuntjie sing. (NP+PN.REL)  
 156 **Wie de moer** het al die appels gepluk gepluk terwyl jy gelê en slaap het? (WH-Q)



**Figuur 11:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-VAG-NN-konteks



**Figuur 12:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-INF-PL-konteks


## 4.3.8 EXI-INF-PL

Sewe verskillende onverpersoonlikingsstrategieë is deur respondente gebruik om die EXI-INF-PL-konteks te beskryf. Veral drie strategieë is deur heelwat respondente gebruik, naamlik persoonlike voornaamwoorde, onbepaalde voornaamwoorde en die passiefkonstruksie. Meer as 20 respondente het ook spesifieke naamwoorde gebruik om na die niereferensiële groep persone te verwys.

- 157 **Hulle** het gister hier sokker gespeel. (PN.PRS)  
 158 Ek sien **iemand** het gister hier sokker gespeel. (PN.IDF)  
 159 Hier **was** gister sokker **gespeel**. (passief)  
 160 Gister het **mense** hier sokker gespeel. (mense)  
 161 **Twee spanne** het gister hier sokker gespeel. (spesifieke NP)  
 162 Die bal behoort aan **die span wat** gister hier sokker gespeel het. (NP+PN.REL)  
 163 **Wie ook al** gister sokker gespeel het, het hulle sokkerbal hier vergeet. (VKI)

## 4.3.9 EXI-INF-NN

'n Hele aantal onverpersoonlikingsstrategieë is produktief in die EXI-INF-NN-konteks aangewend. In totaal is tien verskillende strategieë in hierdie konteks aangewend, met die passief en *mense* as die mees frekwente strategieë. Die rede hiervoor is waarskynlik omdat alle getalneutrale kontekste óók as meervoud geïnterpreteer kan word, en derhalwe is *mense* 'n geskikte strategie.




**Figuur 13:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-INF-NN-konteks

- 164 **Hulle** het duidelik gister hier gedrink. (PN.PRS)  
 165 **Iemand** het gister vreeslik hier gedrink. (PN.IDF)  
 166 Hier **is** gister groot **gedrink**. (passief)  
 167 **Mense** het gister hier baie gedrink. (mense)  
 168 Daar het **'n klomp morskorse** gister hier sit en drink. (spesifieke NP)  
 169 Kom ons tel **die mense wat** gister hier gedrink het se gemors op. (NP+PN.REL)

- 170 *Gister was hier weer 'n groot gedrink en rinkink!* (nominalisering)  
 171 *Watse varke het gister hier geëet en drink en alles langs die asblik gegooi.* (WH-Q)  
 172 *Een of ander vent het gister hier gedrink* (Kwantifiseerder+NP)  
 173 *Daar het sekerlik meer as 3 persone hier gedrink gister.* (persoon)

#### 4.3.10 EXI-SPE-PL

Ook in die EXI-SPE-PL-kontekste<sup>11</sup> is die passief die voorkeur onverpersoonlikingsstrategie, maar die twee voornaamwoordelike strategieë is ook gereeld deur respondente gebruik. Sewe verskillende strategieë is deur respondente gebruik om hierdie konteks te beskryf.




**Figuur 14:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-SPE-PL-konteks

- 174 *Hulle het wragtig al die koek opgeëet!* (PN.PRS)  
 175 *Iemand het sowaar al die koek opgeëet!* (PN.INDF)  
 176 *Al die koek is opgeëet!* (passief)  
 177 *Die mense het al die koek opgeëet!* (ART+mense)  
 178 *Die klomp vrate het al die koek opgeëet voordat ek by die huis gekom het.* (spesifieke NP)  
 179 *Ek gaan die ou wat al die koek opgeëet het nou 'n koekhou slaan!* (NP+PN.REL)  
 180 *Wie der duiwel het al die koek opgeëet!* (WH-Q)

<sup>11</sup> Vanuit die antwoorde wat deur die respondente aangebied is, is ons nie heeltemal seker of die respondente die konteks as EXI-SPE-PL- of as EXI-VAG/INF geïnterpreteer het nie. Ons is egter van mening dat die resultate vir ons insigte bied oor die wyse waarop Afrikaanse sprekers 'n SPE-konteks sou kon beantwoord, en derhalwe interpreteer ons die antwoorde van dié konteks, soos aangebied deur die respondente.

## 4.3.11 EXI-SPE-NN

Slegs vier onverpersoonlikingsstrategieë is gebruik om die EXI-SPE-NN-konteks te beskryf, en die twee voornaamwoordelike strategieë is die algemeenste. Enkele respondente het ook van 'n passiefkonstruksie en *mense* gebruik gemaak as 'n strategie.



**Figuur 15:** Onverpersoonlikingsstrategieë van die EXI-SPE-NN-konteks

181 **Hulle** het my gehoor! (PN.PRS)

182 **Iemand** het dit gehoor! (PN.INDF)

183 'n Geluid **is gehoor** (passief)

184 Nou het **die mense** my beslis gehoor! (ART+mense)

## 5. Samevatting

Die doel van hierdie artikel was om eerstens te bepaal watter moontlike onverpersoonlikingsstrategieë deur Afrikaanse sprekers aangewend word om onpersoonlike kontekste te beskryf, en tweedens te sien of daar bepaalde voorkeure vir sprekers bestaan oor watter strategieë om te gebruik in verskillende en onderskeibare onpersoonlike kontekste.

Die resultate van die visuele vraelys het dit wél moontlik gemaak om 'n verskeidenheid moontlike onverpersoonlikingsstrategieë te identifiseer. In vorige literatuur oor onverpersoonlikingsstrategieë in Afrikaans (maar ook Wes-Germaans) is slegs vier strategieë aangebied as moontlike maniere waarop sprekers kontekste as onpersoonlik beskryf. Die resultate van ons vraelys het ons egter gewys dat daar meerdere strategieë tot Afrikaanssprekers se beskikking is, en in totaal is daar van **vyftien onderskeibare onverpersoonlikingsstrategieë** gebruik gemaak om die kontekste in ons vraelys te beskryf. Die vraelys sou volgens ons ook bruikbaar kan wees om 'n verskeidenheid onverpersoonlikingsstrategieë in ander tale te kan identifiseer en op kontrastiewe wyse die resultate van die verskillende tale met mekaar te kan vergelyk, om sodoende die lys van moontlike onverpersoonlikingsstrategieë in Wes-Germaans aan te vul.

Die resultate het ook 'n aantal voorkeurstrategieë aangedui vir elke onderskeibare onpersoonlike konteks. Drie strategieë is bruikbaar in alle onpersoonlike kontekste, naamlik die gebruik van persoonlike voornaamwoorde, onbepaalde voornaamwoorde en die passief. Verder is die naamwoordstukke, naamlik ('n) *mens* en (*die*) *mense*, ook strategieë wat gereeld aangewend word, hoewel nie in VAG-kontekste nie, ook tot 'n mindere mate in die SPE-kontekste.

## BIBLIOGRAFIE

- Arif, MM & Hashim, F. 2008. Reading from the Wordless: A Case Study on the Use of Wordless Picture Books. *English Language Teaching*, 1(1):121-126.
- Botha, WF (red.). 2019. *e-WAT: elektroniese woordeboek van die Afrikaanse taal*. <http://www.woordeboek.co.za.nwulib.nwu.ac.za/> [19 Oktober 2019].
- Breed, A & Van Olmen, D. 2017. Menslike onpersoonlike voornaamwoorde in Nederlands vanuit 'n dubbelvraelysaanpak – 'n vergelyking met Afrikaans. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 2017(2): 3-38.
- Breed, A & Van Olmen, D. 2021. The passive as an impersonalisation strategy in Afrikaans and Dutch: A corpus investigation. *Dutch Crossing*, 45(2):171-207.
- Breed, A, Chan, JA & Van Olmen, D. 2021. Developing and validating a visual questionnaire for the study of impersonalisation strategies: A design thinking approach. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 39(2):152-176.
- Coussé, E & van der Auwera, J. 2012. Human impersonal pronouns in Swedish and Dutch: A contrastive study of man and men. *Languages in Contrast*, 12:121-138.
- Deringer, L, Gast, V, Haas, F & Rudolf, O. 2015. *Human impersonal pronouns in populist discourse*. Invited talk at workshop "Interdisciplinary perspectives on populist discourse in Germany and Poland", August 20-21, 2015. Institut für Anglistik/Amerikanistik, Friedrich-Schiller-Universität Jena. [https://scholar.google.com/scholar?hl=nl&as\\_sdt=0%2C5&q=%22human+impersonal+pronouns%22+haas&btnG=](https://scholar.google.com/scholar?hl=nl&as_sdt=0%2C5&q=%22human+impersonal+pronouns%22+haas&btnG=) [20 Oktober 2020].
- Egerland, V. 2003. Impersonal Pronouns in Scandinavian and Romance. *Working Papers in Scandinavian Syntax*. Department of Scandinavian Languages, Lund University, pp. 75-102.
- Fouché, N & Kapp, S. 2020. Persoonlike voornaamwoorde. *Taalonderrigportaal*. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). [https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal?link=Afdeling-Woordsoorte%2FVoornaamwoord%2FAAG\\_Woordsoort\\_PN\\_Soorte\\_Persoonlik.html](https://viva-afrikaans.org/portale/taalonderrigportaal?link=Afdeling-Woordsoorte%2FVoornaamwoord%2FAAG_Woordsoort_PN_Soorte_Persoonlik.html). [20 Oktober 2020].
- Garcia, B, Sallandre, M & L'Huillier, M. 2018. Impersonal human reference in French Sign Language (LSF). *Sign Language and Linguistics*, 21(2):307-333.
- Gast, V & van der Auwera, J. 2013. Towards a distributional typology of human impersonal pronouns, based on data from European languages. In Bakker & Haspelmath (eds). *Languages Across Boundaries: Studies in the Memory of Anna Siewierska*. Berlin: Mouton de Gruyter, pp. 119-158.
- Groenen, G. 2021. Hoe onpersoonlik is persoonlik?: Een contrastief corpusonderzoek van de Afrikaanse en Nederlandse persoonlike voornaamwoorden jy/je en hulle/ze. Potchefstroom: Noorwes-Universiteit. [MA-verhandeling].
- Hoekstra, J. 2010. On the impersonal pronoun men in Modern West Frisian. *The Journal of Comparative Germanic Linguistics*, 13(1):31-59.
- Horwat, J. 2018. Too subtle for words: doing wordless narrative research. *Art/Research International: A Transdisciplinary Journal*, 3(2):172-195.
- Kirsten, J. 2016. Grammatikale Verandering in Afrikaans van 1911-2010. Vanderbijlpark: North-West University. [ PhD-proefskrif].
- Kitagawa, C & Lehrer, A. 1990. Impersonal uses of personal pronouns. *Journal of Pragmatics*, 14(5):739-759.
- Luukka, M & Markkanen, R. 1997. Impersonalisation as a form of hedging. In Markkanen & Schröder (eds). *Hedging and Discourse: Approaches to the Analysis of a Pragmatic Phenomenon in Academic, Research in Text Theory*. Berlin: De Gruyter, pp. 168-187.
- Malamud, SA. 2012. Impersonal Indexicals: One, You, Man, and Du. *The Journal of Comparative Germanic Linguistics*, 15(1):1-48.

- Malchukov, AL & Siewierska, A. 2015. *Impersonal Constructions: A cross-linguistic perspective*. Amsterdam: John Benjamins.
- Marin-Arrese, EM, Neff, J, Pérez de Ayala Becerril, S, Gómez, MLB & Ávila, CM. 2001. A corpus study of impersonalisation strategies in newspaper discourse in English and Spanish. In Rayson, Wilson, McEnery, Hardie & Khoja (eds). *Proceedings of the Corpus linguistics 2001 Conference, 29 March – 2 April 2001, Lancaster; UK. University Centre for Computer Corpus Research on Language*. Lancaster: UCREL, 13:369-377.
- Nodelman, P. 1990. *Words about pictures*. Georgia: University of Georgia Press.
- Pharos. 2006. “Onpersoonlik”. *Sinonieme en verwante woorde*. Kaapstad: NB Uitgewers.
- Rudolf, O. 2014. A Corpus-Based Study of Human Impersonal Constructions in Russian, In Witkos & Sylwester (eds). *New Insights into Slavic Linguistics-Series Title Sprachund Kulturkontakte in Europas Mitte*. Bern: Peter Lang, pp. 329-343.
- Siewierska, A & Papastathi, M. 2011. Towards a typology of third personal plural impersonals. *Linguistics*, 49(3):575-610.
- Siewierska, A. 2008. Ways of impersonalising: Pronominal vs verbal strategies. In de los Ángeles Gómez, Maria, Mackenzie & González Álvarez (eds). *Current Trends in Contrastive Linguistics: Functional and cognitive perspectives*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 3-26.
- Siewierska, A. 2011. Overlap and complementarity in reference impersonals: Man-constructions vs. third person plural-impersonal in the languages of Europe. In Malchukov & Siewierska (eds). *Impersonal Constructions: A Cross-Linguistic Perspective*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 57-89.
- Van der Auwera, J, Gast, V & Vanderbiesen, J. 2012. Human impersonal pronouns in English, Dutch and German. *Leuvense Bijdragen*, 98(1):27-64.
- Van Olmen, D & Breed, A. 2018a. Human impersonal pronouns in Afrikaans: A double questionnaire-based study. *Language Sciences*, 69:1-29, September. <https://doi.org/10.1016/j.langsci.2018.05.002> [20 Oktober 2020]
- Van Olmen, D & Breed, A. 2018b. Human impersonal pronouns in West Germanic: A questionnaire-based comparative study of Afrikaans, Dutch and English. *Studies in Language*, 42(4):798-846
- Van Olmen, D, Breed, A & Verhoeven, B. 2019. A corpus-based study of the human impersonal pronoun ('n) mens in Afrikaans. *Languages in Contrast*, 19(1): 9-105. <https://doi.org/10.1075/lic.17004.van> [19 Oktober 2020]
- Vendler, Z. 1967. *Linguistics in Philosophy*. Ithaca: Cornell University Press
- Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2020. *Korpusportaal: Omvattend 1.7*. <http://viva-afrikaans.org>. [19 Oktober 2020].
- Zobel, S. 2015. A pragmatic analysis of German impersonally used first person singular 'ICH'. In: The referential ambiguity of personal pronouns and its pragmatic consequences. De Cock & Kluge (eds). *Pragmatics*, 26(3):379-416.

# “dit en dat” en “al daai goed”: ’n Korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers in gesproke Afrikaans

*“dit en dat” (“this and that”) and “al daai goed” (“all that stuff”): A corpus-linguistic study of pragmatic markers in spoken Afrikaans*

**ELVIS SAAL**

Departement Afrikaans en Algemene  
Literatuurwetenskap  
Universiteit van Suid-Afrika  
Pretoria, Suid-Afrika  
E-pos: saale@unisa.ac.za



Elvis Saal



Annamarie Fourie

**ANNAMARIE FOURIE**

Akademie vir Reformatoriese Onderwys en Opleiding  
(AROS)  
Pretoria, Suid-Afrika

**ELVIS SAAL** is ’n medeprofessor in die Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy doseer Afrikaanse taalkunde op voorgraadse en nagraadse vlak, in die besonder sosiolinguistiek en dokumentontwerp. Hy studeer aan die Universiteit van Wes-Kaapland (BA, BA Hons en MA) en Radboud Universiteit Nijmegen (PhD). Sy navorsingsgebiede sluit sosiolinguistiek en dokumentontwerp in. Hy publiseer verskeie artikels hieroor in akademiese tydskrifte en woon gereeld plaaslike en internasionale kongresse by. Hy is ’n voormalige voorsitter van die Afrikaanse Taalmuseum en -Monument.

**ELVIS SAAL** is an associate professor in the Department of Afrikaans and Theory of Literature at the University of South Africa. He teaches Afrikaans linguistics at undergraduate and post-graduate level, in particular sociolinguistics and document design. He studied at the University of the Western Cape (BA, BA Hons and MA) and Radboud University Nijmegen (PhD). His areas of research include sociolinguistics and document design. He published several articles in academic journals and regularly attends local and international conferences. He is a previous chairperson of the Afrikaans Language Museum and Monument.

**ANNAMARIE FOURIE** is tans ’n lektor by die Akademie vir Reformatoriese Onderwys en Opleiding (AROS) en is betrokke by die modules Afrikaans Huistaalonderrig in die Intermediêre fase. Sy behaal ’n BIS-graad in Uitgewerswese en ’n HonsBA in Afrikaans met lof aan die

**ANNAMARIE FOURIE** is currently employed as a lecturer at the Akademie vir Reformatoriese Onderwys en Opleiding (AROS) and she teaches Afrikaans Home Language Teaching modules to BEd (Intersen)-students. She obtains a BIS (Publishing) degree and a HonsBA (cum laude)

**Datums:**

Ontvang: 2021-01-11

Goedgekeur: 2021-08-30

Gepubliseer: Desember 2021

Universiteit van Pretoria. Sy voltooi 'n Nagraadse Onderwysertifikaat aan Unisa en in 2020 'n MA-graad in Afrikaanse taalkunde ('n Korpus-linguistiese ondersoek na Omgangsafrikaans) met lof aan UNISA.

Annamarie was vroeër werksaam as onderwyseres, junior lektor in Afrikaanse taalkunde by UNISA en redakteur van Afrikaanse publikasies by Protea Boekhuis.

in Afrikaans at the University of Pretoria. She also holds a Postgraduate certificate in Education and a Master's degree (cum laude) in Afrikaans linguistics from Unisa.

Annamarie previously worked as teacher, junior lecturer for Afrikaans at Unisa and editor of Afrikaans publications at Protea Bookhouse.

## ABSTRACT

### ***“dit en dat” (“this and that”) and “al daai goed” (“all that stuff”): A corpus-linguistic study of pragmatic markers in spoken Afrikaans***

*Pragmatic markers are a frequent phenomenon in spoken language. However, there have been very few studies on pragmatic markers in spoken Afrikaans. Pragmatic markers act as important contextualization cues in the sense that it directs interlocutors in terms of the relevance of an utterance and enables the speaker to succinctly reveal an attitude towards the proposition of the utterance. In this study the focus is on a specific type of pragmatic marker, namely vague category markers. Vague category markers (henceforth VCMs) are a subcategory of pragmatic markers which include a multiword lexical unit or word cluster such as “and things/stuff” (“en goed”) and “or something” (“of iets”). VCMs are a specific realisation of vague language. Vague language refers to language use that is intentionally vague. Although VCMs are prevalent in many languages, it has not been studied by way of corpus-linguistic methods in Afrikaans.*

*The present study uses corpus-linguistic methods to identify, categorise and analyse vague category markers in a self-compiled spoken corpus namely the Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (Pretoria corpus of Colloquial Afrikaans) (henceforth PO corpus). The PO corpus consists of transcribed conversations of native Afrikaans speakers recorded in Pretoria between 2015 and 2018.*

*The data shows that VCMs do occur frequently in spoken Afrikaans. Table 1, attached as an addendum, gives a detailed account of the various VCMs as well as their normalised frequencies in the PO corpus. The two most frequent VCMs are “en goed” (“and things/stuff”) and “of iets” (“or something”) and variations thereof.*

*In the literature, a distinction is made between adjunct and disjunct VCMs. The adjunct VCMs typically start with “and” and enable the speaker to comply with Grice’s maxim of quantity indicating that more could be said. Disjunct VCMs typically start with “or” and enable the speaker to comply with Grice’s maxim of quality, indicating that the given information might not be completely accurate. In Afrikaans, both adjunct and disjunct VCMs are found – the adjunct form starting with “en” (“and”) and the disjunct form with “of” (“or”).*

*VCMs function on textual, epistemic and sociopragmatic levels. On textual level, it acts as an anaphoric device indicating that the previous element(s) could be understood as an example of a more general set of elements thereby creating textual cohesion. On epistemic level, it can function as a hedge to soften expectations regarding the truth or accuracy of an utterance. On sociopragmatic level, it creates common ground between speaker and listener and confirms ingroup membership.*

*In this article, the relevance theory is used as theoretical framework to describe and analyse VCMs. According to the relevance theory, communication is intentional. An utterance is relevant when it has a cognitive effect on the listener without requiring high processing. Pragmatic markers, including VCMs, are seen as ostensive stimuli that enable the listener to understand the speaker's communicative intent.*

*Three basic forms of adjunct VCMs were identified in the corpus data: "en goed" ("and things/stuff"), "en so (aan)" ("and so on") and "en alles" ("and everthing"). "En goed" has many variations (see table 1) and is the most frequent form. It has a clear textual function and refers back to vague referents – mostly physical objects, but also actions / events and abstract referents. "En so (aan)" is used specially to comply with Grice's maxim of quality by indicating that more could be said. It is often used in conjunction with more abstract categories. "En alles" is often used in situations where sensitive and emotional sentiments are shared.*

*The most frequent disjunct VCMs in the corpus data were "of iets" ("or something"), "of wat ook al" ("or whatever") and "of so" ("or so"). "Of iets" and its variations are the most common form. It is a versatile VCM used for textual, epistemic and sociopragmatic functions. It seems to be the preferred form to use when indicating that a number should be taken as an indication rather than an accurate fact. "Of wat ook al" displays predominantly textual functions by acting as anaphoric reference to a vague referent but also indicating that the speaker has given enough information to enable the listener to fill in the missing information. "Of so" collocates rather often with vague categories of place and time but is also used for epistemic and sociopragmatic functions.*

*The following general trends can be identified by studying the VCMs in the PO corpus.*

- *VCMs are used to refer to vague categories. The nature of these categories differs. Some VCMs like "en goed" are predominantly used with vague categories containing concrete examples while others are more often used with abstract categories.*
- *The reach of different VCMs differ. Some only refer to what immediately precedes them in an utterance while others refer to more general ideas or feelings emanating from the utterance.*
- *VCMs show differing degrees of flexibility concerning their form. Some like "en goed" and "of iets" leave room for the inclusion of other words. Others, like "en alles" are fixed and do not allow any insertion of additional words.*
- *Most of the VCMs appear at the end of an utterance or intonation segment, but some VCMs such as "of so" can also appear in the middle section.*
- *VCMs serve textual, epistemic and/or sociopragmatic functions, but the dominant function is context specific.*
- *Some VCMs (such as "of wat ook al") have become fillers for some speakers which might indicate an advanced state of semantic bleaching. In this case, it loses its anaphoric function and becomes a mechanism which aids with processing.*

**KEYWORDS:** pragmatic markers, vague category markers, relevance theory, pragmatics, corpus-linguistics, hedges, vague language, quality principle, quantity principle, politeness strategies

**TREFWOORDE:** pragmatiese merkers, vaekategoriemerkers, relevansieteorie, pragmatiek, korpuslinguistiek, skermers, vae taal, kwaliteitsbeginsel, kwantiteitsbeginsel, hofflikheidsstrategieë

## OPSOMMING

Pragmatiese merkers is 'n frekwente verskynsel van gesproke taal. Daar is egter nog baie min studies onderneem na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans. Pragmatiese merkers tree op as belangrike kontekstualiseringswenke deurdat dit gespreksgenote rig in terme van die relevansie van die uiting, en die spreker in staat stel om, op bondige wyse, 'n houding teenoor die proposisie van die uiting te openbaar. In hierdie studie word gefokus op 'n bepaalde tipe pragmatiese merker, naamlik vaekategoriemerkers (VKM's). Vaekategoriemerkers in Afrikaans is 'n meerwoordige leksikale eenheid, of woordkluster, wat as pragmatiese merker optree, byvoorbeeld “en goed” en “of iets”. Hierdie ondersoek het ten doel om aan die hand van korpuslinguistiese metodes te bepaal watter vaekategoriemerkers in Omgangsafrikaans gebruik word en watter pragmatiese funksies dit verrig.

### 1. Inleiding

Dit is nie ongewoon om uitdrukkings soos “en sulke goed”, “of wat ook al” en “of iets” in Afrikaans te hoor of te gebruik nie. Hierdie woordgroepe kan as 'n tipe pragmatiese merker geklassifiseer word. In die literatuur word na soortgelyke merkers verwys as vaekategorie-merkers<sup>1</sup> (voortaan VKM's) (vgl. Fourie, 2020:29; Marais, 2005:72; Murphy, 2010:85). Pragmatiese merkers, en by implikasie VKM's, kan kortliks beskryf word as talige elemente wat losstaande van die proposisionele inhoud van 'n uiting optree en bykomende, hoofsaaklik pragmatiese, inligting oordra wat die interpretasie van 'n uiting beïnvloed. VKM's as tipe pragmatiese merkers toon bepaalde raakvlakke met die leksikale semantiek deurdat VKM's veral op tekstuele vlak as verwysingsmiddel (anaforiese middel) ingespan kan word (vgl. Bosman & Pienaar, 2017:306-307, 310). As sodanig wil hierdie studie aansluiting vind by en erkenning bied aan die navorsing van Nerina Bosman oor die leksikale semantiek (vgl. Bosman, 2015).

In aansluiting by Bosman en Pienaar (2017:304) wat argumenteer dat 'n korpus 'n belangrike element vorm by navorsing oor woorde en hul betekenis, word in hierdie studie korpuslinguistiese metodes ingespan om VKM's te bestudeer. Vir hierdie studie is voorbeelde van VKM's onttrek vanuit die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (voortaan PO-korpus genoem) wat in die tydperk tussen 2015 en 2018 in Pretoria opgeneem is (Fourie, 2020:61-63). Die PO-korpus bestaan uit transkripsies van informele Afrikaanse gesprekke wat onder moedertaalsprekers van Afrikaans in Pretoria opgeneem is.

Die PO-korpus toon duidelik dat VKM's frekwent in Afrikaanse gesprekke voorkom en dus 'n integrale deel uitmaak van alledaagse kommunikasiestrukture (sien Tabel 1 in Bylae A). Desondanks is dit 'n verskynsel wat sover vasgestel kon word, nog nie sistematies in Afrikaans ondersoek is nie.

Hierdie ondersoek het gevolglik ten doel om aan die hand van korpuslinguistiese metodes te bepaal watter VKM's in Omgangsafrikaans gebruik word en watter funksies dit verrig. Van die frekwentste VKM's in die PO-korpus is “**en goed**”, “**of iets**” en “**en alles**” – sien Tabel 1 in Bylae A vir 'n volledige uiteensetting van die frekwensies van die VKM's wat in die PO-korpus voorkom.

Die artikel is soos volg gestruktureer: Eerstens word die algemene aard en rol van VKM's bespreek soos dit blyk uit navorsing oor Engelse en Duitse realiserings daarvan. Tweedens

<sup>1</sup> In die Engelse literatuur staan dit bekend as *general extenders* (Martinez, 2011), *tags* (Channel, 1994) en *vague category markers* (Murphy, 2010).

word die voorbeelde van VKM's wat in die PO-korpus voorkom, bespreek en sekere gevolgtrekkings gemaak op grond van die korpusdata.

## 2. Struktuur en funksie van vaekategoriemerkers (VKM's)

Vaekategoriemerkers (VKM's) word gesien as 'n tipe pragmatiese merker. Pragmatiese merkers word in die konteks van hierdie studie gedefinieer as verbale kontekstuele leidrade (woorde of kort frases) wat losweg verbind is aan die sintaktiese en semantiese raamwerk van 'n uiting waardeur pragmatiese inligting oorgedra word, en wat gevolglik die wyse waarop 'n uiting verstaan word, kan beïnvloed (vgl. Aijmer, 2002:2; Andersen, 2014:17; Torgersen, Gabrielatos, Hoffmann & Fox, 2011:95). Tydens gesproke kommunikasie dra hierdie woorde of woordklusters by tot gespreksamehang en die sosiale interaksie tussen gespreksgenote deur op 'n bondige wyse metalinguistiese inligting rakende 'n uiting te impliseer (vgl. Foolen, 2012:217; Erman, 2001:1339; Schiffrin, 1987:22).

VKM's tree dienooreenkomstig op en bevat bykomende, hoofsaaklik pragmatiese, inligting wat die interpretasie van 'n uiting beïnvloed. Verder vervul VKM's ook 'n tekstuele en sosiopragmatiese funksie – sien die bespreking oor die funksie van VKM's in afdeling 2.2.

### 2.1 *VKM's as vae taal*

VKM's kan gesien word as 'n onderafdeling van vae taal. Vae taal verwys na taal wat inherent en doelbewus onnoukeurig is; dit is oppervlakstrukture wat kan verwys na óf spesifieke entiteite óf na niks in besonder nie (Cutting, 2007:4). Channell (1994:196-198) stel die volgende drie kriteria waaraan vae taal gemeet kan word: 1) dit kan gekontrasteer word met 'n ander woord of uitdrukking wat dieselfde proposisie kan oplewer; 2) dit is doelbewus en onbeskaamd vaag, of 3) die betekenis spruit juis uit die intrinsieke onduidelikheid daarvan.

Vaekategoriemerkers (VKM's) is spesifieke realiserings van vae taal en sluit uitdrukkings in soos “en goed / goeters(e)”, “en alles”, “of iets” en “of wat ook al” wat gewoonlik 'n vae kategorie oproep en tipies aan die einde van die uiting en/of tooneenheid voorkom. In haar ondersoek na Tienerafrikaans identifiseer Marais (2004:72) voorbeelde soos “en sulke stuff”, “en als”, en “en goed” in haar data as vae verwysings.

### 2.2 *Die funksies van VKM's*

VKM's funksioneer tekstueel, epistemies en sosiopragmaties. Op tekstuele vlak kan dit as anaforiese middel samehang bewerk wanneer dit aandui dat die voorafgaande element verstaan kan word as 'n voorbeeld van 'n meer algemene versameling (Cutting, 2015:110; Stenström, Andersen & Hasund, 2002:98-99). Voorbeeld 1 illustreer hierdie samehang.

- 1) ... sodat hy goeters kan gaan haal vir sy ma vir die ... vir die kamp waar, jy weet, en dit was soos, jy weet, twintig komberse en soveel kussingslope **en al daai goeters** ... (Spreker 76, vroulik, 18-29 jaar)

Op epistemiese vlak kan VKM's optree as skermers wat aandui dat die spreker hom/haar nie te sterk wil verbind tot die waarheid of akkuraatheid van die uiting nie (vgl. Cutting, 2015:110). Voorbeeld 2 uit die PO-korpus toon aan dat die spreker nie heeltemal seker is oor die persentasie nie.

- 2) Mens dink ... jy dink dalk dis baie en dan is dit maar twee persent **of iets** as jy dit nou uitwerk ... (Spreker 110, vroulik, 30-59 jaar)

Op sosiopragmatiese vlak verrig VKM's belangrike sosiale funksies soos om 'n ontspanne atmosfeer en interpersoonlike aanklank te skep en te behou. Dit kan ook gebruik word as hoflikheidsstrategie om byvoorbeeld die aansien van gespreksgenote te beskerm of om minder outoritêr of direk en dus meer tegemoetkomend oor te kom. Die gebruik van VKM's maak staat op gedeelde kennis en beklemtoon nabyheid, intimiteit of groeplidmaatskap. 'n Voorbeeld hiervan uit die PO-korpus is die onderstaande uiting wat verwys na 'n beroemde gholfspeler. Die spreker neem aan dat die gespreksgenote kennis dra van die gebeure waarna hy verwys.

- 3) Ja, toe hy met daai slag daai ... wat noem mens dit ... skandaal wat hy gehad het met die vrou **en goeterse**. Toe dit gebeur het, toe't dit maar net ... als het gegaan. (Spreker 114, manlik, 30-59 jaar)

Dieselfde VKM's wat gebruik word om mense in te sluit, kan egter ander mense uitsluit wat nie hierdie kennis met die spreker deel nie.

### 2.3 *Sintaktiese struktuur van VKM's*

Prototipiese VKM's bestaan uit ten minste twee woorde, maar word soms uitgebrei tot vier of vyf woorde (vgl. Tabel 1 in Bylae A). Hierdie woordklusters begin met die voegwoorde "en" of "of" en kom tipies aan die einde van 'n uiting of uitingsegment voor vanwaar dit terugwerkend anafories optree. VKM's kan moontlik beskou word as "leksikale uitdrukkings" (Ponelis, 1989:49) of "meerwoordige leksikale items" (Bosman, 2000:27) gebaseer op die betreklike vastheid van hul vorm en geleksikaliseerde gebruik.

Daar word in die literatuur 'n onderskeid getref tussen adjunkte en disjunkte VKM's (Romero-Trillo, 2015:55). Adjunkte VKM's bestaan uit "en" ("and") plus 'n algemene vae naamwoordklous, byvoorbeeld "and all that", en disjunkte VKM's bestaan uit "of" ("or") plus 'n algemene vae naamwoordklous, byvoorbeeld "or something". Volgens Cutting (2015:109) voldoen adjunkte VKM's oor die algemeen aan Grice se kwantiteitsbeginsel wat impliseer dat meer gesê sou kon word (vgl. voorbeeld 1 en 3 hier bo). Die disjunkte VKM's word oor die algemeen gebruik om te voldoen aan die kwaliteitsbeginsel om aan te dui dat wat gesê word, moontlik nie akkuraat is nie (vgl. voorbeeld 2 hier bo).

Die algemene naamwoordklous by die adjunkte VKM's bestaan soms uit slegs een woord. Die tweewoord-VKM's is van die algemeenste vorme en kan beskou word as die standaardvorme: "en goed/goeters(e)/goedjies/dinge", "en alles/als" en "en so". "En so aan" is die enigste driewoordkluster wat in die PO-korpus 'n frekwensie bo 0.1 per 1 000 woorde bereik. Sommige van hierdie standaardklusters kan dan oënskynlik na willekeur aangevul word met aanwysende woorde soos "sulke", "daai", "hierdie" en "dié"; kwantors soos "al"; adjektiewe soos "allerhande" en "ander"; en naamwoorde soos "tipe". In die PO-korpus is die enigste Engelse woord wat met "en" verbind om 'n VKM te vorm, "stuff" wat drie keer deur dieselfde spreker gebruik word.

Die algemeenste disjunkte VKM's in die PO-korpus is "of iets", "of so" en "of wat ook al". Die onbepaalde voornaamwoord "iets" varieer soms met "iemand" om menslike referente te benoem en die vraende voornaamwoord "wat" varieer soms met "wie". Reduksie en uitbreiding van die basiese disjunkte vorme kom voor, maar hierdie variasie kom beperkend voor in vergelyking met die adjunkte vorme. "Of iets" word uitgebrei na byvoorbeeld "of iets soos dit". Alhoewel "of 'n ding" twee keer as VKM gebruik word, is daar geen voorbeelde

waar “of goed” in hierdie korpus as VKM gebruik word nie. Vae Engelse woorde word ook in enkele gevalle gebruik in die PO-korpus om disjunkte VKM’s te vorm, maar in elke geval saam met die Afrikaanse “of”: “anything” (1 voorkoms), “whatever” (2 voorkomste) en “something / something like that” (3 voorkomste).

Die woorde wat gebruik word om VKM’s te vorm, is – soos verwag kan word – oorwegend vaag en onspesifiek. Die enigste uitsondering is die aanwysende “hierdie” en “dié” wat ’n skyn van spesifiekheid het.

### 3. Die relevansieteorie as teoretiese vertrekpunt

Die fundamentele aannames van die relevansieteorie (Sperber & Wilson, 2006) word as teoretiese vertrekpunt gebruik om die verskynsel van VKM’s te probeer verklaar.

Volgens die relevansieteorie is kommunikasie intensioneel. Die spreker moet die doel (of intensie) van die kommunikasie uitdruk en die gespreksgenoot moet dit kan herken. Die uiting is relevant wanneer dit ’n kognitiewe effek op die hoorder het. Kommunikasie is vervolgens ook ostensief, met ander woorde dit dien ’n dubbele doel, naamlik om inligting oor te dra, maar ook om die hoorder bewus te maak van die spreker se kommunikatiewe bedoeling. Om dit te bereik, bevat spraak dikwels ostensiewe stimuli wat die hoorder se aandag trek en dit op die spreker se bedoeling vestig sonder om die verwerkingsinspanning te verhoog (Fourie, 2020:35). Dit impliseer dat kommunikasie afhanklik is van die maak van afleidings en dat alle inligting nie woordeliks of letterlik gekommunikeer sal word nie.

Relevante kommunikasie behels dat kommunikasie die optimale balans tussen kontekstuele effek en verwerkingsinspanning bereik (vgl. Retief, 1988:71). VKM’s, en ander pragmatiese merkers, tree op as ostensiewe stimuli wat maklik deur die hoorder herken word en hom/haar in staat stel om afleidings te maak wat uiteindelik die spreker se bedoelde kognitiewe effek by die hoorder sal bewerkstellig.

### 4. Metode van ondersoek

In die tydperk 2015–2018 is klankopnames gemaak van Afrikaanse informele gesprekke. Die deelnemers is by wyse van ’n gerieflikheidsteekproef versamel en het bestaan uit deelnemers tussen die ouderdomme van 18 en 94, wat ten tyde van die opnames in Pretoria en onmiddellike omstreke gewoon het. Al die deelnemers is moedertaalsprekers van Afrikaans. Daar is deurgaans gepoog om die gesprekke baie informeel en gemaklik te hou. Die waarnemersparadoks is tot die minimum beperk deur sprekers die vryheid te gee om oor enige onderwerp te praat in groepe waarin sprekers gemaklik was. Die meeste opnames is met ’n selfoon gemaak, omdat dit geblyk het dat sprekers gewoon was daaraan en dit dus die gesprek minimaal beïnvloed het.

Die opnames is voorts ortografies getranskribeer en geannoteer. Die transkripsies is geformateer tot ’n formaat wat gelees kan word deur die korpussagtewareprogram AntConc 3.5.8 (Anthony, 2012). Dié korpus staan bekend as die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans (PO-korpus) en bestaan uit 99 933 woorde en sluit 162 sprekers in.

Korpuslinguistiese metodes is gebruik om na outentieke taalvoorbeelde te kyk in die PO-korpus. Die sagtewareprogram ANTC Conc (Anthony, 2012) is gebruik om VKM’s in die PO-korpus te identifiseer en te tel deur van die Clusters/N-gram-funksie gebruik te maak.<sup>2</sup>

<sup>2</sup> Die n-gram-funksie stel die gebruiker in staat om vaste woordkombinasies wat frekvent voorkom, op te spoor. Die “n” in n-gram verwys na die veranderlike hoeveelheid woorde wat ingesluit kan word in hierdie soektoeg. Die gebruiker besluit dus of ’n twee-, drie-, vier- of vyfwoordkluster

Die Concordance-funksie is gebruik om die voorkomste in konteks te beskou en voorkomste wat nie VKM's was nie, is met die hand uitgeskakel. Daarna is die VKM's ontleed binne die konteks van die uiting en die gesprekke waarin hulle verskyn.

## 5. Bevindinge van die studie

Die resultate van die adjunkte VKM's word eerstens bespreek, gevolg deur die disjunkte VKM's.

### 5.1 Adjunkte VKM's

Die algemeenste adjunkte VKM's wat in die PO-korpus voorkom, is “en goed”, “en alles” en “en so”. Die drie basiese vorme van adjunkte VKM's in die PO-korpus is:

- “en” + “goed/goeters(e)/dinge/goedjies/stuff” met opsionele aanwysende woorde, kwantors en adjektiewe.
- “en” + “so (aan)”
- “en” + “alles/als”

Twee ander onverwante voorbeelde is opgespoor, naamlik “en dit en dat” en “ensovoorts, ensovoorts”.

#### 5.1.1 “en” + “goed/goeters(e)/dinge/goedjies/stuff”

Indien die basisvorm “en goed/goeters/goedjies/dinge” en variasies daarvan as één VKM beskou word, is dit verreweg die algemeenste vorm met 82 voorkomste in die PO-korpus ('n genormaliseerde frekwensie van 0.82 voorkomste per 1 000 woorde – sien Tabel 1 in Bylae A).

Hierdie VKM laat ruimte vir die invoeging van die volgende woorde asook kombinasies daarvan: “sulke” (16 voorkomste), “daai” (9 voorkomste), “al” (8 voorkomste), “tipe” (3 voorkomste), “allerhande” (2 voorkomste), “ander”, “hierdie”, “soos” en “dié” (1 voorkoms elk). Voorbeeld 4 illustreer een so 'n invoeging:

- 4) Ja, dit is nie op freakin <naam van universiteit se aanlyn platform> nie. So, hulle is letterlik ... hulle sit nou daar al jou semester tussen al jou goed en al jou notas **en al daai goed** daarop ... (Spreker 25, manlik, 18-29 jaar)

Die verskeidenheid vorme wat hierdie VKM kan aanneem, kan die rede wees waarom dit so frekvent voorkom – dit is buigsaam en elke spreker kan die vorm manipuleer soos dit by sy/haar gesprekstyl pas. Dit is ook buigsaam wat plasing betref. Dit word algemeen in die middelposisie gebruik – vergelyk voorbeeld 5, 6 en 7 hier onder.

“En goed” verwys terugwerkend anafories na verskeie (meestal konkrete) referente.

In die volgende voorbeelde verwys die VKM na fisiese objekte:

---

gesoek moet word. Die gebruiker bepaal ook wat die minimum frekwensie van die woordkluster in die korpus moet wees. Die n-gram-funksie lewer 'n resultaat soortgelyk aan die woordelys-funksie, maar toon die frekwensie van sekere woordkombinasies aan. Aangesien VKM's 'n kombinasie is van woorde wat met spesifieke kernwoorde kollokeer, duik dit op in 'n n-gramsoektog.

- 5) Maar hulle het sulke uhm salmon tacos **en goed** wat moer lekker is. (Spreker 68, vroulik, 18-29 jaar)
- 6) Ja, nou weet ek ... my my e seun het my altyd ... as dit nou ... hulle weet wanneer gaan hy ... gaan daar soort van meer ligte wees en dan gooi hy vir my ... dis nou diep goed, diep lê die sneeu ... Dan gooi hy vir my oor die sneeu eers 'n seil en dan e donskomberse **en goed**. Dan maak hulle my toe en dan kan ek lê en noord-noorderligte kyk <lag> (Spreker 141, vroulik, 60-100 jaar)

Dit kan ook anafories na aksies of gebeure verwys:

- 7) Ja, hier is darem nie soos oukei wel nog nie rêrig iets soos toi-tois **en goed** hier gewees dat ons hier is nie. (Spreker 4, manlik, 18-29 jaar)

Daar is ook ander gevalle waar dit minder duidelik is waarna die VKM presies verwys. In hierdie gevalle is die referent waarna verwys word minder konkreet en meer abstrak soos in voorbeeld 8 hier onder:

- 8) Maar ek dink dit is 'n ding maar vir volgende jaar. Hulle begin volgende jaar ... ek dink dit is maar omdat die World Cup ook in Japan is **en goed** lat hulle die ding ... maar ek sal daai fliek nogal wil kyk. (Spreker 42, manlik, 18-29 jaar)

Hier kan “en goed” moontlik aandui dat daar meer redes kan wees vir die maak van 'n film oor Japan se rugby-oorwinning oor die Springbokke. Maar dit wil voorkom asof die VKM eintlik gebruik word om aan te dui dat die spreker nie te seker is van sy saak nie of dat hy nie te outoritêr wil oorkom nie. Dit is ook waarskynlik dat “en goed” hier as stopwoord<sup>3</sup> gebruik word.

Dit blyk uit die gebruiksvoorbeelde in die PO-korpus dat “en goed” en die variasies daarvan die gewildste VKM onder die respondente is. Dit vervul 'n duidelike tekstuele funksie deur anafories terugwerkend te verwys na vae referente wat merendeels uit fisiese objekte bestaan (38 voorkomste), gevolg deur aksies en gebeure (28 voorkomste) en abstrakte referente (17 voorkomste). Dit word ook epistemies aangewend om sprekers se erkenning van onsekerheid of onakkuraatheid aan te dui.

### 5.1.2 “en” + “so (aan)”

Die VKM “en so (aan)” is 'n meer stabiele vorm as “en goed” en toon nie soveel variasie en moontlikhede vir invoegings nie. Die enigste variasies is “en so” en “en so aan” met slegs een spreker wat die vorm “en so-so-so” gebruik. Wat plasing betref, het hierdie VKM 'n definitiewe voorkeurposisie: in die PO-korpus kom “en so aan” altyd aan die einde van 'n uiting of uitingsegment voor. Die vorm “en so” kom in die PO-korpus slegs twee uit 19 keer in die middelposisie voor.

Dié VKM word gebruik om aan te dui dat die referent waarna daar in die voorafgaande verwys word, steeds verder uitgebrei kan word, soos in voorbeeld 9 hier onder waar “en so aan” duidelik aandui dat die slange aan enige instansies wat in dieselfde kategorie as “dieretuine” en “slangparke” val, verkoop kan word.

---

<sup>3</sup> Die term “stopwoord” verwys in hierdie konteks na woorde wat semanties byna geheel en al verbleek het en deur sprekers gebruik word om hulself tyd te gee om hul woorde agtermekaar te kry.

- 9) Nee, hulle gee dit eintlik ... Dis 'n baie skaars inheemse Suid-Afrikaanse uh luislang. Hulle verkoop dit aan die dieretuine en die slangparke **en so aan** ... (Spreker 127, manlik, 30-59 jaar)

Die VKM “en so aan” word in ander gevalle gebruik om 'n meer abstrakte betekenis van “en alles wat daarmee saamgaan” oor te dra. In voorbeeld 10 hier onder dui die spreker aan dat “gesels” en “kuier” en alles wat daarmee saamgaan, nodig is vir die mens as sosiale wese. “En so aan” verwys hier moontlik nie net na die uiterlike aksies nie, maar ook na wat innerlik met 'n mens gebeur wanneer daar gesosialiseer word.

- 10) Ja, want mens het tog nodig om bietjie met ander mense te gesels en te kuier **en so aan** (Spreker 126, vroulik, 30-59)

Ook in voorbeeld 11 hier onder gee die spreker “die vriende het begin kinders kry en so” as rede waarom hy so lanklaas geduik het. Dit is duidelik dat hy na 'n hele proses van verandering verwys wat begin het met die koms van die kinders.

- 11) Kyk ek was nou baie lanklaas bietjie ... Ek het letterlik, ek dink, 2009 laas geduik, so dis 'n klomp jaar terug. Is maar net – al die vriende het begin kinders kry **en so** en en ... Soos ek sê, ek het vir 'n klomp jare geduik, so ek is orraait daarmee. Ek het dit geniet vir dit. (Spreker 122, manlik, 30-59 jaar)

Dit kan egter ook aandui dat die hoorder nou self afleidings moet maak, aangesien die spreker dit nie nodig ag om in verdere besonderhede in te gaan of verder wil vertel nie. Die spreker neem dus aan dat hy reeds aan die kwantiteitsbeginsel voldoen het en dat die gespreksgenoot oor die nodige inligting beskik om self die res in te vul – soos voorbeeld 12 ook illustreer.

- 12) Uhm van die see af dan het die visverkopers dit dadelik opgelaai en deur die strate gery van Kaapstad tot in Wellington en Paarl, Stellenbosch **en so** en dan het hulle daarso 'n 'n beuel geblaas en as dié beuel blaas dan weet ons hierdie vis is nou hierso. (Spreker 146, manlik, 60-100 jaar)

Dit blyk dus uit die PO-korpus dat die VKM “en so (aan)” veral aan Grice (1989) se kwantiteitsbeginsel voldoen deur aan te dui dat daar nog meer gesê kan word. Dit speel 'n sosiopragmatiese rol om gespreksgenote by betekenisgeving te betrek deur die ontbrekende inligting self af te lei. Sodoende verhoog dit die relevansie van die uiting deur die kommunikatiewe bedoeling duidelik te stel, sonder om die verwerkingskoste te verhoog.

### 5.1.3 “en” + “alles/als”

Die VKM “en alles/als” toon, behalwe vir die gebruik van die wisselvorme “alles” en “als”, geen ander variasie nie. Dit is dus 'n meer vaste vorm as “en goed”. Die voorkeurplasing vir dié VKM is aan die einde van die uiting of tooneenheid. Slegs 7 uit die 31 plasings het nie aan die heel einde van die uiting of tooneenheid voorgekom nie, met 4 van hierdie 7 plasings wat opgevolg is deur 'n ander pragmatiese merker soos “jy weet” en “nè”. Van die oorblywende drie plasings is slegs 1 plasing in die middelposisie, terwyl die ander 2 steeds naby aan die einde – op die rand – van die uiting voorkom.

Uit die voorbeelde in die PO-korpus lyk dit asof “en alles” gebruik word op grond van die kernbetekenis van omvattendheid. Die referent waarna hierdie VKM verwys, is dikwels meer abstrak as by “en goed” en dra by tot die beklemtoning van die omvang van die voorafgaande. In die volgende uiting verwys “en alles” nie net na “goed soos 'n studielening” nie, maar ook én veral na die omvang van die struikelblokke wat die betrokke persoon ervaar.

- 13) ... soos kyk na <naam>. Sy kom van niks af nie. Sy het haarself hier uitgekry. Sy is op 'n studielening **en alles** en sy probeer dit doen, maar dan is mense soos van: “Wel, jy gaan druipe, jy gaan pluk ...” (Spreker 16, vroulik, 18-29 jaar)

Ook in die volgende voorbeeld dui die VKM meer op die gewigtigheid en sensitiwiteit van die aangeleentheid as wat dit na die uitbreiding van 'n konsep verwys.

- 14) ... ek weet nie. Het ek jou al vertel van my tannie wat op die plaas bly wat kanker het wat eintlik soos my pa se pa... ma is **en alles?** So my pa het gister plaas toe ... nie vir my of my ma gesê nie ... toe vind ek later deur die dag uit. (Spreker 44, vroulik, 19-29 jaar)

Dit blyk dus uit gebruiksvoorbeelde in die PO-korpus dat “en alles/als” ’n belangrike sosiopragmatiese rol speel in gesprekke. Dit is taamlik opvallend dat dit in die PO-korpus die voorkeur-VKM is in ernstige gesprekke met vertrouelinge waar sprekers oor sensitiewe of emosionele onderwerpe praat (net meer as 45% van die voorkomste) en wanneer sprekers heimwee het na die verlede (bykans 23% van die voorkomste). Dié merker dra moontlik daartoe by dat gespreksgenote onder die indruk kom van die omvang van die bespreekte gebeure en die invloed daarvan op die emosionele toestand van die spreker.

## 5.2 *Disjunkte VKM's*

Die algemeenste disjunkte VKM's wat in die PO-korpus voorkom, is “of iets”, “of wat ook al” en “of so”. By eerste oorweging lyk dit of “of iets” en “of so” kombineer in die variasie “of so iets(ie)”, maar die manier waarop dit in die korpus gebruik word, weerlê hierdie aanname (sien bespreking van “of so”) en daarom word dit hier as afsonderlike kategorieë hanteer.

### 5.2.1 *“of iets”*

Die VKM “of iets” is meer stabiel wat vorm betref as “en goed”, maar toon wel 'n paar variasies. Die “iets” word byvoorbeeld aangepas na “iemand” wanneer daar na mense verwys word. Die woord “so” word ook soms ingevoeg om “of so iets” te vorm en die woord “iets” word ook in een geval verklein na “ietsie”. Die kombinasie van “of” met die Engelse woord “something” en “something like that” word by hierdie kategorie ingesluit op grond van die semantiese ooreenkoms – hierdie kombinasie word egter slegs in een gesprek tussen twee jong, vroulike sprekers in die PO-korpus gevind. Die kombinasie van “of iets” met “soos dit” word twee keer in die PO-korpus gevind. Indien al hierdie variasies saamgetel word, kom hierdie VKM 55 keer in die korpus voor (’n genormaliseerde waarde van 0.55 per 1 000 woorde).

Die VKM “of iets” tree terugwerkend anafories op om na 'n referent te verwys. In die volgende voorbeeld verwys dit na enige van die kos wat op die tafel voor die gespreksgenote staan.

- 15) Hier's nog braaivleis. Wil jy braai= wil jy wors **of iets** hê? Vat <naam>, gaan mal. ‘Seblief vat. (Spreker 111, manlik, 30-59)

“Of iets” word in die PO-korpus gereeld saam met getalle of hoeveelhede gebruik (5 voorkomste) en dui in hierdie gevalle aan dat die spreker toegee dat die uiting waarskynlik nie heeltemal akkuraat is nie, soos in voorbeeld 16.

- 16) As jy vat, wat dit is ... soos honderd-en-vyf, honderd-en-agt rand **of iets** vir 'n 3D-ticket. (Spreker 151, manlik, 30-59)

“Of iets” dui egter nie slegs onsekerheid of onakkuraatheid aan wanneer dit saam met getalle gebruik word nie. Dit is in ander gevalle ook 'n sterk aanduider dat die spreker spekuleer oor die saak waarna die VKM verwys, soos in voorbeeld 17.

- 17) Ja, ek dink hulle is almal mense wat *gym*. So hulle voel dalk dat dit soos 'n meisie gaan beïndruk **of iets**. (Spreker 10, vroulik, 18-29)

“Of iets” word voorts onderhandelend gebruik om aan te dui dat die spreker oop is vir voorstelle van die gespreksgenote af. In voorbeeld 18 onderhandel 'n meisie en haar kêrel oor plekke waarheen hulle kan gaan om werksonderwinding op te doen. Die kêrel is nie vreeslik lus om êrens heen te gaan nie, daarom moet die meisie haar voorstelle baie taktvol stel.

- 18) Dit voel vir my asof ons eerder Kaap toe moet gaan **of iets** (Spreker 80, vroulik, 18-29 jaar)

Dit blyk dus uit die PO-korpus dat die disjunkte VKM “of iets” 'n veelsydige disjunkte VKM is wat duidelike tekstuele, epistemiese en sosiopragmatiese funksies in gesprekke verrig.

### 5.2.2 “of wat ook al”

Die VKM “of wat ook al” is 'n vaste uitdrukking en geen voorbeelde word in die PO-korpus gevind waar veranderinge aan die basiese struktuur gemaak word nie. Die “wat” kan egter vervang word met “wie” wanneer daar na mense verwys word. Twee voorkomste van “of wie ook al” en een voorkoms van “of wie” word in die PO-korpus aangetref. Daar is een gebruiksvoorbeeld in die korpus waar 'n klous aan die einde bygevoeg word om “of wat ook al jy dit nou wil noem” te vorm. Hierby is daar twee voorkomste van “of whatever” wat in dieselfde semantiese kategorie as hierdie VKM kan val. Die “of wat ook al”-vorm kom heelwat minder voor as die meer algemene “of iets” met slegs 24 voorkomste.

“Of wat ook al” word in die korpus dikwels aan die einde van 'n uitingsegment geplaas voor voegwoorde soos “dan” (6 voorkomste), “en” (16 voorkomste) en “maar” (2 voorkomste elk). Dit kom nooit in die middelposisie voor nie.

“Of wat ook al” kan, soos ander VKM's, bloot verwys na 'n vae kategorie, soos in die volgende voorbeeld.

- 19) Want ek bedoel as die ding my nou pik of hy my nou wurg **of wat ook al** dan hulle ten minste my laaste woorde inkry. (Spreker 127, manlik, 30-59)

Dit kan egter ook aandui dat die spreker nie seker is oor die benaming of rede nie (soos in voorbeeld 20), maar dat dit nie werklik ter sake is vir die vertelling nie, of dat die spreker vertrou die gespreksgenote beskik oor genoeg inligting om te weet waarna hy verwys.

- 20) Dan't ons met hulle daar in die kerksaal gejaag, want dis mos nou gladde vloere en dis lekker lekker groot. Dis soos een twee drie vier sê ... wat's daai bane? Daai volleybal-bane **of wat ook al**. Dan jaag ons so om en om en om en om. (Spreker 108, manlik, 30-59)

Voorbeeld 21 is egter interessant, aangesien die spreker duidelik weet wat die toep se naam is deur dit te meld. Waarom sou sy dan die naam “Findmyphone” opvolg met “of wat ook al”? Moontlik kon die naam, nadat sy dit uitgespreek het, nie meer reg geklink het nie, of anders

gebruik sy die VKM om die uiting minder outoritêr te laat klink, met ander woorde vir sosiopragmatiese redes. 'n Ander moontlikheid is dat “of wat ook al” semanties soveel verbleek het dat die persoon dit bloot as stopwoord gebruik.

- 21) Hulle het dadelik gaan kyk en toe *trace* ons hom met Findmyphone **of wat ook al** en toe's hy toe sien jy hoe gaan hy daar op die uhm op die pad tussen Villiers en Vryheid.

“Of wat ook al” kan ook epistemies optree deur die spreker se onsekerheid oor feite weer te gee, soos in voorbeeld 22.

- 22) Hy't so honderdduisendrand se lens gekoop, **of wat ook al**. (Spreker 102, manlik, 30-59 jaar)

Die gebruiksvoorbeelde uit die PO-korpus dui aan dat “of wat ook al” tekstueel funksioneer, nie net deur terugwerkend te verwys na 'n vae kategorie nie, maar ook om aan te dui dat die presiese benaming nie so belangrik is nie en dat die spreker dus nou sal voortgaan met die vertelling. Hierdie VKM speel in sommige gevalle 'n epistemiese rol wat aandui dat die spreker onsekerheid ervaar oor byvoorbeeld feite of woordkeuse. “Of wat ook al” word voorts ook sosiopragmaties ingespan om die spreker minder outoritêr te laat oorkom en gespreksgenote te laat voel dat hulle gemeenskaplike kennis deel. Die moontlikheid bestaan dat “of wat ook al” vir sommige sprekers semanties so verbleek het dat dit as blote stopwoord aangewend word.

### 5.2.3 “of so”

Alhoewel “of so”, wat struktuur en woordgebruik betref, grootliks ooreenstem met “of so iets”, word dit anders aangewend, en dit kan in baie gevalle nie met “of so iets” vervang word nie. “Of so” is 'n vaste vorm – geen voorbeelde kon in die PO-korpus gevind word waar dié VKM uitgebrei is nie. Daarteenoor blyk die plasing van “of so” redelik buigsaam te wees. Alhoewel 6 van die 11 voorkomste in die korpus in die tradisionele eindposisie voorkom, is daar 5 gevalle waar “of so” in die middel van die uiting geplaas is.

In die volgende voorbeeld verwys die VKM “of so” na die kategorie van vakansieverblyf. “Of iets” is egter nie geskik om hier te gebruik nie, miskien aangesien die kategorie nie werklik goed/dinge bevat nie, maar plekke – die aard van die vae kategorie is dus anders. In die korpus is 3 van die 11 voorkomste van “of so” saam met verwysings na plekke gebruik.

- 23) Toe die kinders beginne grootword het en ons nie geld het om in hotelle en vakansieplekke **of so** te gaan nie, jy weet. Die karavaan het vir ons baie baie gehelp, baie gehelp. (Spreker 144, vroulik, 60-100)

Dit lyk ook of “of so” maklik saam met 'n vae tydsaanduiding gebruik word. Daar is 3 voorkomste hiervan, waarvan voorbeeld 24 een is. Sover vasgestel kon word, word nie een van die ander disjunkte VKM's wat hier bespreek word in die korpus verbind met vae tyds- en plekaanwysings nie.

- 24) Tien minute **of so**. <ander spreker praat> Maar toe word dit 'n uur en toe is die begeleiding eers 'n uur laat. (Spreker 115, manlik, 30-59)

Die aanwending van “of so” in voorbeeld 25 is minder duidelik. Die gesprek waaruit dié voorbeeld verkry is, handel oor waar 'n universiteit geld kry om studente te help met hul studies ná betogings op kampusse. In hierdie geval verwys “of so” dus nie werklik na 'n vae

referent waarvan geld een voorbeeld is nie. In hierdie geval het dit moontlik semanties verbleek en kan dit beskou word as 'n stopwoord. 'n Ander verklaring sou kon wees dat dit aansluit by die algemene onsekerheid van die spreker oor die aangeleentheid in welke geval die reikwydte van die VKM in hierdie geval groter is as net die paar woorde wat dit voorafgaan. Sodoende funksioneer dit dan as bykomende ostensiewe stimuli (saam met die ontkenningssuitering “Ek weet nie ...”) om die onsekerheid van die spreker te beklemtoon.

- 25) Ek weet nie ... ek weet nie waar kry hulle nou die geld **of so** nie, ja. (Spreker 4, manlik, 18-29 jaar)

Net soos die VKM “of so iets” word “of so” ook onderhandelend gebruik, soos in voorbeeld 26 waar die spreker 'n voorstel maak vir iemand wat soos Peter Pan wil aantrek vir 'n partytjie.

- 26) Dan sit jy net 'n veer in jou hare, **of so**. (Spreker 156, vroulik, 18-29 jaar)

Die gebruiksvoorbeelde van “of so” in die PO-korpus toon dat hierdie VKM in die meeste gevalle nie afwisselend met “of so iets” gebruik kan word nie. Die VKM kollokeer betreklik gereeld met vae plek- en tydsaanwysings wat dit onderskei van ander disjunkte VKM's. Dié VKM word egter ook soos die ander VKM's gebruik om epistemiese en sosiopragmatiese funksies te vervul.

## 6. Samevatting

Afrikaanse vaekategoriemerkers (VKM's) kan, soos VKM's in ander tale, gekategoriseer word in terme van adjunkte of disjunkte vorme. Die adjunkte word hoofsaaklik gebruik om aan die kwantiteitsbeginsel te voldoen. Die Afrikaanse disjunkte vorme ondervang egter nie net die kwaliteitsbeginsel van Grice (1989) se gespreksreëls nie, maar word ook gebruik om die kwantiteitsbeginsel te ondervang.

Die volgende algemene tendense wat VKM's in gesproke Afrikaans betref, kan waargeneem word uit die gesproke korpus:

- Afrikaanse VKM's tree tekstueel, epistemies en sosiopragmaties op, maar die dominante funksie is konteksspesifiek. Gebruiksvoorbeelde uit 'n korpus is dus besonder gepas vir die bestudering van VKM's.
- VKM's word veral gebruik om terugwerkend anafories na 'n vae kategorie te verwys. Sommige VKM's (soos die “en goed”-variasies) assosieer sterker met meer konkrete kategorieë, terwyl ander (soos “en so aan” en “of so”) meer dikwels verwys na aksies en abstrakte kategorieë.
- Die reikwydte van die VKM's verskil – sommige (soos “en goed” en “of iets”) verwys slegs na die woorde wat dit direk voorafgaan terwyl ander (soos “en alles”) verwys na algemene idees en gevoelens wat in die uiting na vore kom.
- Enkele VKM's (soos “en goed” en “of iets”) is buigsamer wat vorm betref en laat ruimte vir die insluiting van ander woorde in die struktuur toe. Die buigsamer vorme is ook die meer frekwente vorme, waarskynlik omdat sprekers dit kan aanpas om by hul konteks en persoonlike praatstyl te laat pas. Ander VKM's (soos “of wat ook al”) het 'n vaster struktuur en laat nie ruimte vir invoegings toe nie.
- Sommige VKM's (soos “en so aan”) se plasing toon taamlik vaste posisionering binne die sinstruktuur en word slegs aan die einde van die uiting of uitingsegment gevind, terwyl ander (soos “of iets”) groter variasie toon wat plasing betref en soms ook in die middelposisie aangetref word.

- VKM's toon potensiaal om as stopwoorde gebruik te word wanneer dit semanties sodanig verbleek dat die anaforiese funksie verlore gaan. Hier word die woordkluster eerder gebruik as prosesseringsmeganisme wat die spreker tyd gee om sy gedagtes agtermekaar te kry. Dit lyk of die gebruik van VKM's as stopwoorde veral by sekere sprekers in die PO-korpus voorkom. Dit sal egter verder ondersoek moet word om konkreter afleidings te maak.
- Die Afrikaanse vorme van VKM's word verkies bo dié wat met die Engelse woorde kombineer. Slegs enkele sprekers gebruik Engelse woorde soos “stuff”, “something (like that)” en “whatever” saam met die Afrikaanse “en” en “of”.

Dit is dus duidelik dat vaekategoriemerkers as belangrike pragmatiese merkers en kommunikatiewe meganismes in gesproke Afrikaans funksioneer. Buiten die enkele gevalle waar VKM's as stopwoorde gebruik word, dra dit by om die relevansie van die uiting te verhoog deur onontbeerlike pragmatiese inligting bondig oor te dra.

## BIBLIOGRAFIE

- Aijmer, K. 2002. *English discourse particles. Evidence from a corpus*. Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins.
- Andersen, G. 2014. Pragmatic Borrowing. *Journal of Pragmatics*, 67:17-33.
- Anthony, L. 2012. AntConc (Version 3.3.5) [Rekenaarsagteware]. Tokio: Waseda University. Beskikbaar: <http://www.antlab.sci.waseda.ac.jp/>. (13 Februarie 2019).
- Bosman, N. 2000. Die meerwoordige leksikale item in Afrikaans. Deel 1: Kenmerke en definiëring. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 40(1):27-38.
- Bosman, N. 2015. EET en DRINK in Afrikaans – ’n leksikaal-semantiese ondersoek. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 55(1):123:145.
- Bosman, N & Pienaar, M. 2017. Afrikaanse semantiek. In WAM Carstens & N Bosman (reds.). *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Tweede uitgawe. Pretoria: Van Schaik.
- Channel, J. 1994. *Vague language*. New York: Oxford University Press.
- Cutting, J (red.). 2007. *Vague language explored*. Basingstoke: Palgrave Macmillan.
- Cutting, J. 2015. Dingsbums und so: Beliefs about German vague language. *Journal of Pragmatics*, 85:108-121.
- Erman, B. 2001. Pragmatic markers revisited with a focus on *you know* in adult and adolescent talk. *Journal of Pragmatics*, 33(9):1337-1359.
- Foolen, AP. 2012. “Pragmatic markers in a sociopragmatic perspective.” In G Andersen & K Aijmer (eds). *Pragmatics of society*. Berlyn: De Gruyter Mouton.
- Fourie, A. 2020. ’n Korpuslinguistiese ondersoek na pragmatiese merkers in Omgangsafrikaans. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Unisa.
- Grice, HP. 1989. *Studies in the way of words*. Cambridge: Harvard University Press.
- Marais, S. 2004. Afrikaanse tienertaal. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Johannesburg: Universiteit van Johannesburg.
- Murphy, B. 2010. *Corpus and sociolinguistics: investigating age and gender in female talk*. Philadelphia: John Benjamins.
- Ponelis, F. 1989. Leksikale elemente. In TJR Botha (red.). *Leksikografie en leksikologie*. Pretoria: Serva.
- Retief, R. 1988. Verskoon my, maar bedoel u nou...? (Kommunikasie, interpretasie, relevansie). *South African Journal of Linguistics*, 6(2):59-74.
- Romero-Trillo, J. 2015. Understanding vagueness: A prosodic analysis of endocentric and exocentric general extenders in English conversation. *Journal of Pragmatics*, 86:54-62.
- Schiffirin, D. 1987. *Discourse markers*. New York: Cambridge University Press.
- Sperber, D & Wilson, D. 2006. Relevance Theory. In LR Horn & G Ward (eds). *The Handbook of pragmatics*. Oxford: Blackwell.
- Stenström, A, Andersen, G & Hasund, IK. 2002. *Trends in teenage talk: corpus compilation, analysis and findings*. Amsterdam: John Benjamins.
- Torgersen, EN, Gabrielatos, C, Hoffmann, S & Fox, S. 2011. A corpus-based study of pragmatic markers in London English. *Corpus Linguistics and Linguistic Theory*, 7(1):93-118.

## BYLAE A

TABEL 1: Vaekategoriemerkers (VKM's) in die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans

VKM's	Frekwensie	Genormaliseerde frekwensie (voorkoms per 1 000 woorde)
<b>1. Adjunkte vorme</b>		
<b>“en goed”-variasies</b>	<b>82</b>	<b>0.82</b>
en goed	27	0.27
en dinge	2	0.02
en goeters	17	0.17
en goeterse	1	0.01
en sulke goed	6	0.06
en sulke goedjies	2	0.02
en sulke goeters	3	0.03
en sulke dinge	2	0.02
en al sulke dinge	1	0.01
en al sulke ander dinge	1	0.01
en al daai goed	3	0.03
en al daai goeters	1	0.01
en dié goed	3	0.03
en allerhande goed	2	0.02
en allerhande sulke goeters	1	0.01
en soos al hierdie goeters	1	0.01
en daai goed	2	0.02
en daai tipe goed	2	0.02
en al daai tipe goed	1	0.01
en stuff	3	0.03
en al dié goed	1	0.01
<b>“en so”-variasies</b>	<b>37</b>	<b>0.37</b>
en so	19	0.19
en so-so-so	1	0.01
en so aan	17	0.17
<b>“en alles”-variasies</b>	<b>31</b>	<b>0.31</b>
en alles	25	0.24
en als	6	0.06
Ander	2	0.02
en dit en dat	1	0.01
ensovoorts ensovoorts	1	0.01
<b>2. Disjunkte vorme</b>		
<b>“of wat ook al”-variasies</b>	<b>24</b>	<b>0.24</b>
of wat ook al	18	0.18
of wat ook al jy dit nou wil noem	1	0.01
of whatever	2	0.02
of wie ook al	2	0.02
of wie	1	0.01

**TABEL 1:** Vaekategoriemerkers (VKM's) in die Pretoriakorpus van Omgangsafrikaans  
(*vervolg*)

VKM's	Frekwensie	Genormaliseerde frekwensie (voorkoms per 1 000 woorde)
<b>“of iets”-variasies</b>	<b>57</b>	<b>0.57</b>
of iets	44	0.44
of iets soos dit	2	0.02
of so iets	4	0.04
of so ietsie	1	0.01
of anything	1	0.01
of enigiets of so	1	0.01
of iemand	1	0.01
of something	2	0.02
of something like that	1	0.01
<b>“of so”</b>	<b>11</b>	<b>0.11</b>
<b>Ander</b>	<b>5</b>	<b>0.05</b>
of niks nie	2	0.02
of 'n ding	2	0.02
of sulke goeters	1	0.01
<b>TOTAAL</b>	<b>247</b>	<b>2.47<sup>4</sup></b>

<sup>4</sup> Ter vergelyking: Die algemeenste woord in die korpus is “ek” met 'n genormaliseerde frekwensie van 35,9 keer per 1 000 woorde.

# Oor feekse en helleveë

*On shrews and harridans*

**GERHARD B VAN HUYSSTEEN EN ROALD EISELEN**

Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXT)

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: gerhard.vanhuysteen@nwu.ac.za

E-pos: roald.eiselen@nwu.ac.za



Gerhard van  
Huyssteen



Roald Eiselen

**GERHARD VAN HUYSSTEEN** is professor in Afrikaanse taalkunde en rekenaarlinguistiek aan die Noordwes-Universiteit. Hy dien sedert 2005 op die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; vanaf 2013 tree hy op as voorsitter van dié liggaam. Vanaf 2009–2014 dien hy op die paneel van mensetaal tegnologieskundiges van die Departement Kuns en Kultuur. Hy is ontvanger van die Elizabeth Eybers-beurs, die CL Engelbrecht-prys vir taalkundenavorsing vir sy aandeel in die publikasie van die tiende uitgawe van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, en ontvanger van die Stalsprys vir inter- en multidisiplinêre navorsing. Benewens navorsing oor Afrikaanse morfologie en mensetaal tegnologie, hou hy hom die afgelope paar jaar ook besig met multidisiplinêre navorsing oor taaltaboes, spesifiek in Afrikaans en ander tale in Afrikaans se ekosisteem.

**GERHARD VAN HUYSSTEEN** is professor of Afrikaans linguistics and computational linguistics at the North-West University. He became a member of the Language Commission (*Taalkommissie*) of the SAAWK in 2005 and has been serving as the chairperson of this commission since 2013. He served as a member of the Department of Arts and Culture's panel of human language technology experts from 2009 to 2014. He was awarded the Elizabeth Eybers bursary, and the CL Engelbrecht prize for linguistics research for his contribution to the publication of the tenth edition of the *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls*, and he was the recipient of the Stals prize for inter- and multidisciplinary research. Apart from research on Afrikaans morphology and human language technology, he is also busy with multidisciplinary research on linguistic taboos, specifically in Afrikaans and other languages in the Afrikaans ecosystem.

**ROALD EISELEN** is 'n senior onderwerpspesialis in rekenaarlinguistiek aan die Noordwes-Universiteit. Van 2005–2013 werk hy by Microsoft se natuurlike-taalprosesseringsgroep, waarna hy na die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXT) as senior lektor terugkeer. Vanaf 2017–2019 werk hy as stigterslid en tegniese bestuurder by die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Digitale Taal-

**ROALD EISELEN** is a senior subject specialist in computational linguistics at the North-West University. He worked at Microsoft's natural language processing group from 2005 to 2013, after which he returned to the Centre for Text Technology (CTeXT) as a senior lecturer. He was a founding member and technical manager of the South African Centre for Digital Language Re-

**Datums:**

Ontvang: 2021-09-14

Goedgekeur: 2021-09-22

Gepubliseer: Desember 2021

hulpbronne (SADiLaR), waartydens hy ook dien op die SABS se tegniese komitee 37. Sy primêre navorsingsfokusareas is masjienleer, en kern-tegnologie- en taalhelpbronontwikkeling vir die inheemse Suid-Afrikaanse tale. Hy het al meer as 20 sagtewareprodukte en meer as 80 taal-hulpbronne vir die Suid-Afrikaanse tale vry-gestel.

sources (SADiLaR) from 2017 to 2019. During this time, he also served on the SABS's technical committee 37. His primary research focus areas are machine learning and core technology and resource development for the indigenous South African languages. He has released more than 20 software products and more than 80 linguistic resources for the South African languages.

## ABSTRACT

### *On shrews and harridans*

*Research on swearwords (used here as a hyperonym to include other phenomena and/or synonyms, including cursing, cussing, profanity and foul language) has been done internationally for many years in a variety of scientific disciplines. In contrast, very little to no research has been done on swearing in the South African context. In this article, two research questions on two specific Afrikaans swearwords, feeks and helleveeg, are answered, viz.:*

1. *What does the constructionalisation network of the words feeks (shrew) and helleveeg (harridan) look like?; and*
2. *What are users' opinions about feeks and helleveeg, with specific reference to self-reported frequencies, taboo values, prominence, and gender connotation of the referents?*

*Since the Etimologiewoordeboek van Afrikaans (EWA) ("Etymology Dictionary of Afrikaans") was published in 2008, a number of newer etymological sources (such as the Etimologie-woordenboek van het Nederlands) have been added to Afrikaans linguists' arsenal of sources. With the help of this new information, as well as information from other sources, we are able to lay out clear constructionalisation paths for feeks and helleveeg. One of the interesting new insights is that these words have the same Proto-Indo-European stem, but that they came via different routes firstly to Dutch, and then to Afrikaans.*

*We also make a number of suggestions for visual representations of constructionalisation networks. We argue that end-users still need to be consulted about the intelligibility of our proposed visual representations, for example whether information should be presented from present to past, or vice versa. We also argue that solutions (such as those from EtymologyExplorer) should be found that would allow such visual representations to be automatically scaled to larger data sets.*

*Regarding the second question, we use data collected via short, online polls, as well as related sample sign tests, to compare the similarities and differences of people's perceptions about feeks and helleveeg. We show that these two words differ statistically significantly with respect to the following aspects:*

- *Self-reported frequency (production and perception): Feeks is said/written/heard/read more often than helleveeg;*
- *Emotional valency: Feeks is more negatively charged than helleveeg;*
- *Salience: Feeks is less salient than helleveeg;*
- *Familiarity: Feeks is better known than helleveeg; and*

- *Gender connotation: Feeks can only be used to refer to women, while helleveeg might also be used to refer to men.*

*If we compare each of the two words in terms of self-reported production and perception on the one hand, and their taboo values for the self and for others on the other hand, then we conclude that respondents think that:*

- *they themselves rarely use feeks, but they still encounter it more frequently (statistically significantly);*
- *they use helleveeg very seldom, and also encounter it very seldom; and*
- *both feeks and helleveeg are more offensive to other people than to themselves.*

*The article concludes with a number of pertinent questions for ongoing and future research.*

**KEYWORDS:** choice model; constructicography; constructionalisation; corpus linguistics; etymology; “*feeks*”; frequency; “*helleveeg*”, lexicology; network; opinion poll; related samples sign test; synonym; taboo value; usage-based

**TREFWOORDE:** etimologie; *feeks*; frekwensie; gebruiksgebaseerd; *helleveeg*; keuse-model; korpuslinguistiek; konstruksionalisering; konstruktikografie; leksikologie; meningspeiling; netwerk; sinoniem; taboewaarde; tekentoets vir verbandhoudende steekproewe

## OPSOMMING

Navorsing oor vloekwoorde (hier gebruik as ’n hiperoniem om ander verskynsels en/of sinonieme in te sluit, waaronder swets, skel, (gods)laster en vuil taal) word al internasionaal vir baie jare in ’n verskeidenheid wetenskaplike dissiplines gedoen. Daarteenoor is daar baie min tot geen navorsing oor vloek in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen nie. In hierdie artikel word twee navorsingsvrae oor twee spesifieke vloekwoorde, *feeks* en *helleveeg*, beantwoord, te wete:

1. Hoe lyk die konstruksionaliseringsnetwerk van *feeks* en *helleveeg*?
2. Wat is gebruikers se opinie oor *feeks* en *helleveeg*, met spesifieke verwysing na selfgerapporteerde frekwensies (sowel produksie (sê/skryf), as persepsie (hoor/lees)); die taboewaarde (d.i. aanstootlikheid vir self en vir ander); persepsie oor die prominensie (d.i. emosiebelaaidheid, opvallendheid en bekendheid); en die geslagskonnotasie van die referent van dié twee woorde?

Resente insigte in die etimologie van *feeks* en *helleveeg* word in detail bespreek, terwyl voorstelle vir visuele voorstellings van etimologiese inligting en konstruksionaliseringsnetwerke aan die hand gedoen word. Daar word ook uitvoerig gerapporteer oor ’n persepsie-onderzoek wat met behulp van aanlyn vraelyste oor dié twee woorde gedoen is. Met behulp van ’n tekentoets vir verbandhoudende steekproewe, word die verskillende dimensies van die twee woorde met mekaar vergelyk. Die artikel sluit af met ’n vooruitskouing op toekomswerk.

## Inleiding

As deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) se 95ste bestaansjaarvieringe in 2021, en as deel van hulle Borg ’n Woord-veldtog, het die Buro van die WAT verskeie openbare figure genooi om ’n woord te borg. Elke persoon moes dan ’n kort motivering skryf waarom s/hy die spesifieke woord gekies het. Een van die deelnemers was die bekende Afrikaanse

skrywer Riana Scheepers, wat die woord *feeks* geborg het. Haar motivering word in Figuur 1 weergegee.

**Die WAT is 95! Vier saam met ons die rykheid, verskeidenheid en relevansie van Afrikaans.**

SKRYWER

# Riana Scheepers

borg die woord:

## feeks

Die woord is die titel van een van my kortverhaalbundels. Die woord “feeks” word grootliks beskou as ’n skeldwoord, ’n woord om ’n bepaalde soort vrou te beledig en te verkleineer. Mense reageer ook sonder uitsondering emosioneel op dié woord. Vir my is dit ’n woord met verstommende dimensies en evokatiewe lading. Die woord is ’n sametrekking van die woord “Fee” (wat meestal positief, magies geïnterpreteer word) en “Heks” (wat meestal ’n negatiewe, boosaardige betekenis lading het). Vir my persoonlik sê die woord “feeks” dat elke vrou iets van ’n fee, en iets van ’n heks in haar het. En dat vroue met ’n uitsonderlike sterk persoonlikheid gewoonlik as ’n feeks uitgekryt word.



Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal vier vanjaar sy 95ste bestaansjaar. Dra by tot die vaslegging van Afrikaans deur ook ’n woord te borg of te koop. Besoek [wat.co.za](http://wat.co.za).



95

1926–2021

**Figuur 1:** Riana Scheepers se motivering vir die woord “feeks”

In ’n persoonlike telefoongesprek met Scheepers op 9 Junie 2021 bevestig sy dat haar etimologiese uitleg van *feeks* haar eie geestesprodukt is: Dit is hoe sý die woord interpreteer en beleef, hoe sy wil hê die woord tot lewe moes gekom het. Sy as skrywer gun haar die kreatiewe vryheid om binne die konteks van die Borg ’n Woord-veldtog doelbewus ’n volksetimologie te skep, ten einde iets oor haar eie siening van vroue en vrouwees weer te gee.

Hierdie volksetimologie van Scheepers het direk aanleiding tot hierdie artikel gegee: Steek daar dalk enige waarheid in haar uitleg? Indien nie, waar kom *feeks* dan wel vandaan? Watter ander woorde is deel van *feeks* se woordfamilie? Wat is die etimologie van ’n sinoniem soos *helleveeg* (Luther *et al.*, 2015)? Is *feeks* en *helleveeg* skelname; so ja, wat is hulle taboewaarde? En is dit woorde wat slegs op vroue van toepassing is, of kan hulle ook manlike of ander referente hê?

Die doel van hierdie artikel is om antwoorde op hierdie vrae te verskaf, en meer spesifiek:

1. **Etimologieonderzoek:** Hoe lyk die konstruksionaliseringsnetwerk van *feeks* en *helleveeg*?
2. **Persepsieonderzoek:** Wat is gebruikers se opinie oor *feeks* en *helleveeg*, met spesifieke verwysing na die:
  - a. selfgerapporteerde frekwensie (produksie (sê/skryf) en persepsie (hoor/lees));
  - b. taboewaarde (d.i. aanstootlikheid vir self en vir ander);
  - c. prominensie (d.i. emosiebelaaideid, opvallendheid en bekendheid); en
  - d. geslagskonnotasie van die referent

van dié woorde?

Hierdie twee aspekte van die woorde is verskillende, nieverbandhoudende inligtingskomponente (d.i. onderafdelings) van 'n tipe vloekwoordeboek, die sogenaamde Afrikaanse Vloekopedia, wat tans ontwikkel word. In die eerste afdeling word daarom 'n bondige kontekstualisering van die navorsing gegee, met spesifieke aandag aan konstruktikografie en die skep van hierdie Afrikaanse vloekkonstruktikon (die Vloekopedia). In die daaropvolgende afdeling word resente insigte in die etimologie van *feeks* en *helleveeg* in detail bespreek, en die afdeling word afgesluit met voorstelle vir visuele voorstellings van etimologiese inligting en konstruksionaliseringsnetwerke in die Vloekopedia. Die afdeling daarna se fokus is op 'n persepsieonderzoek wat met behulp van aanlyn vraelyste oor dié twee woorde gedoen is; die analise word met behulp van 'n tekentoets vir verbandhoudende steekproewe gedoen. Dié gebruiksinligting sal ook uiteindelik in die Vloekopedia teregkom, byvoorbeeld om aan te toon wat die taboewaarde van 'n woord is. Die artikel sluit af met 'n vooruitskouing op toekomswerk.

Die wesensaard van hierdie artikel is beskrywend: Daar word nie gepoog om 'n teoretiese bydrae tot die konstruksiegrammatika, konstruktikografie en konstruksionaliseringsteorie te maak nie. Die artikel het daarom ook nie ten doel om hierdie teoretiese konsepte uit te lê en krities te oorweeg nie – kennis van en insig in die literatuur oor hierdie raamwerke word vooronderstel.

## Navorsingskonteks

Die navorsing word uitgevoer binne 'n projek van die Noordwes-Universiteit (NWU) getiteld “Wat de Vloekwoord! Multidissiplinêre navorsing en wetenskapskommunikasie oor vloek”. Navorsing oor vloekwoorde (hier gebruik as 'n hiperoniem om ander verskynsels en/of sinonieme in te sluit, waaronder swets, skel, (gods)laster, haatspraak, belediging, vulgariteit, taboetaal,<sup>1</sup> en vuil taal) word al internasionaal vir baie jare in 'n verskeidenheid wetenskaplike dissiplines gedoen: literêre studies, joernalistiek en kommunikasiestudies, sielkunde, sosiologie, die regte, filosofie en etiek, kulturele antropologie en geskiedenis, pediatrie, neurologie en ander neurowetenskappe, en les bes, linguistiek. In die linguistiek word ook verskeie velde betrek: vergelykende etimologie, leksikologie en leksikografie, tipologie, grammatika, eerste- en tweedetaalverwerwing, sosiolinguistiek en dialektologie, gebaretaal, kinetiek en reke-naarlinguistiek. Die grootste deel van die navorsingsliteratuur handel egter oor vloek in Engels, hoewel studies ook oor ander tale gedoen is, waaronder Deens, Fins, Frans, Italiaans, Japannees,

<sup>1</sup> Daar sou motiverings vir twee skryfwyses kon wees, naamlik *taboe taal* (“taal wat taboe is”) óf *taboetaal* (“taal wat 'n taboe is”); ons kies laasgenoemde, ter wille van eenvormigheid met *taboewaarde* (“waarde van die taboe”).

Kantonees, Latyn, Nederlands, en Russies. Die titels van 'n paar standaard- en resente bronne dien ter illustrasie: *The Oxford Handbook of Taboo Words and Language* (Allan, 2019); *Advances in swearing research: New languages and new contexts* (Beers Fägersten & Stapleton, 2017); *Linguistic Taboo Revisited: Novel Insights from Cognitive Perspectives* (Pizarro Pedraza, 2018); *What the F – What swearing reveals about our language, our brains, and ourselves* (Bergen, 2016); *Why we curse: A neuro-psycho-social theory of speech* (Jay, 2000); *Nine nasty words: English in the gutter: then, now, and forever* (McWhorter, 2021); *Offensive Language: Taboo, offence and social control* (O'Driscoll, 2020); en *Rot lekker zelf op: Over politiek incorrect en ander ongepast taalgebruik* (Van Sterkenburg, 2019).

Daarteenoor is daar baie min tot geen navorsing oor vloek in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen nie, wat enigsins verbasend is, aangesien die gebruik van sekere vloekwoorde (spesifiek rassistiese skelwoorde) volgens die wet strafbaar is. Die meeste van die taalkundige navorsing het op die leksikografiese hantering van vloek gefokus (byvoorbeeld Dekker, 1991; Van Huyssteen, 1998), terwyl slegs 'n handjievol studies op grammatikale aspekte van vloek gefokus het (byvoorbeeld Calitz, 1979; Feinauer, 1981; Van Huyssteen, 1996). Onlangs het Van der Walt (2019) se MA-verhandeling aan die Noordwes-Universiteit (NWU) 'n afdeling oor vloekwoorde gehad as deel van haar ontleding van Zefrikaans ('n informele variëteit van Afrikaans). Op ander terreine was navorsing ook yl; byvoorbeeld, in Coetzee se 2018-artikel oor kinders se vloekgedrag in meertalige kontekste, is daar slegs drie verwysings na ander (socio)linguistiese navorsing wat in die Suid-Afrikaanse konteks gedoen is.

Om hierdie leemte te vul, het ons begin met 'n multidissiplinêre projek wat sy primêre wortels in die digitale geesteswetenskappe het, en met insette van en implikasies vir (onder andere) taalkunde, letterkunde, kommunikasiestudies, neurologie, sielkunde, sosiologie, rekenaarwetenskappe en die regte. Hierdie projek (en spesifiek die onderwerp van vloek) het die potensiaal om insigte oor menslike kennis en sosiale interaksie te bied, terwyl dit breedweg binne die kader van die Vierde Industriële Revolusie geplaas kan word. Die projek het in Julie 2019 begin, en die eerste wetenskaplike publikasies het in 2019 (Van Huyssteen, 2019) en 2021 (Eiselen & Van Huyssteen, 2021; Van Huyssteen, 2021) verskyn.

In een van die subprojekte, Vloekopedia, word 'n gesaghebbende, navorsingsgebaseerde, gebruikgebaseerde, ensiklopediese, aanlyn konstruktikon van Afrikaanse vloektaal ontwikkel. Die Vloekopedia word teoreties binne die kader van die kognitiewe konstruksiegrammatika geplaas, spesifiek as 'n konstruktikon, d.i. "a theoretical conception of language as a structured inventory of constructions, and ... a collection of construction descriptions, essentially a practical instantiation of the former concept" (Lyngfelt *et al.*, 2018:1). So gesien is die Vloekopedia meer as net 'n vloekwoordeboek: Dit is 'n nuwerwetse manier om taal-in-gebruik op te teken, inklusief korpusvoorbeelde, taboe- morfologiese en sintaktiese konstruksies wat nie noodwendig taboewoorde bevat nie, frekwensiegebaseerde kollokasies, multimediaelemente, verbande met ander tale, etimologiese inligting, uitgebreide pragmatiese etikette, en so meer. Met betrekking tot *feeks* en *helleveeg*, is die fokus in hierdie artikel spesifiek op laasgenoemde twee aspekte.

## **Etimologieondersoek**

Die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (EWA; Liebenberg *et al.*, 2003) bevat inskrywings vir beide die lemmas *feeks* (1) en *helleveeg* (2). Daarbenewens word beide woorde uitvoerig in talle Nederlandse etimologiewoordeboeke behandel (kyk etymologiebank.nl).

(1) *feeks* s.nw.

Bitsige, nydige vrou.

Uit Ndl. *feeks* (1607) ‘lastige vrou’, eers uit die 17de eeu bekend, maar mntl. veel ouer.

Ndl. *feeks* met toegevoegde *-s* uit Fries *fekke*, *fikke*, *fikkert*, mntl. te verbind met Oudsaksies *fēkn*, Oudhoogduits *feihhan*, Oudengels *fācn* ‘lis, bedrog’ en Oudnoors *feikn* ‘ramp, verderf’.

Dial. D. *feks* ‘sluwe, onsedelike vrou’.

Vgl. *helleveeg*.

(2) *helleveeg* s.nw.

Boosaardige, kwaai vrou.

Uit Ndl. *helleveeg* (1567), ’n samestelling van *hel* ‘hel’ en *veeg* ‘flinke vrou’.

Vgl. *feeks*.

’n Mens sou dan kon vra waarom verdere ondersoek in ’n wetenskaplike artikel nodig is. Onses insiens is daar ten minste twee potensieële aspekte wat met die oog op die saamstel van ’n *Vloekedia* aandag sou kon kry, te wete korrektheid en volledigheid, en gebruikersvriendelikheid. Elk van dié aspekte word in die volgende subafdelings behandel.

### 1.1 Korrektheid en volledigheid

Enige woordeboekinskrywing is altyd aan verdere ondersoek onderworpe, hetsy om verandering in die taal by te werk (tipies in ’n standaardhandwoordeboek), of om nuwe kennis en insigte te inkorporeer (byvoorbeeld in ’n etimologiewoordeboek). Indien alle inligting by nadere ondersoek korrek en volledig blyk te wees, is daar natuurlik verder niks oor die betrokke inskrywing te sê nie.

EWA het in sy redaksionele beleid ’n doelbewuste (en geregverdigde, onses insiens) keuse gemaak met betrekking tot die hoeveelheid inligting wat aangebied word. Vir erfgoed word as ’n reël slegs plaaslike ontwikkelinge aangedui, terug tot by die oorsprong in Nederlands; (2) is ’n tipiese voorbeeld. Die veronderstelling is dat die geïnteresseerde leser dan verder in Nederlandse bronne sou kon gaan soek om meer inligting oor die voorgeskiedenis te kry, terwyl die “gewone gebruiker” (d.i. ander gebruikers as taalkundiges, leksikograwe of historici) nie oorlaai word met te veel inligting nie. Daar is natuurlik geen fout te vinde met so ’n redaksionele beleid nie, maar vir die *Vloekedia* – wat júis ensiklopedies wil wees – is meer eerder as minder inligting wenslik.

EWA is nou byna 20 jaar gelede gepubliseer en word nie deurentyd met nuwe kennis en insigte bygewerk nie, waaronder byvoorbeeld dié in Philippa *et al.* (2003-2009) se *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands* (EWN) wat ná EWA se publikasie verskyn het, of nuwerwetser bronne soos Wiktionary vir Engels (en.wiktionary.org), Nederlands (nl.wiktionary.org) en Afrikaans (af.wiktionary.org). Ook is daar in (1) én (2) inligting waarvan die korrektheid bevraagteken sou kon word, en aangesien EWA geen bronverwysings by inskrywings verskaf nie (anders as byvoorbeeld in Boshoff en Nienaber (1967) of De Vries (1971)), is dit ook nie moontlik om hulle bronne met nuwer bronne te vergelyk nie.

In Tabel 1 word ’n vergelyking getref tussen die inligting by die lemma *feeks* in onderskeidelik EWA en EWN; ooglopende verskille tussen hulle word in die EWA-kolom in vetdruk gemerk. Die volgende verskille is onses insiens weselik:

- EWA dui aan dat die woord uit 1607 kom as *feeks*, terwyl EWN aandui dat dié spelling eers in die agtiende eeu verskyn het. Sterker nog, EWN gee ook 1607 as eerste optekening aan, maar dan eksplisiet met die spelling *feex*. Vir die navorsers of geïnteresseerde persoon wat *feeks* se voorgeskiedenis wil naspur, is hierdie inligting dus gewoon verkeerd.
- EWA dui aan dat *feeks* uit Fries kom. Behalwe vir die inskrywing in die Nederlandse Wiktionary wat hierdie standpunt ondersteun, is daar in geen ander bron op Etymologiebank.nl. sprake daarvan dat *feeks* uit Fries ontstaan het nie. De Vries (1971) sê: “wellicht uit fries *fekke*, *fikke*, *fikkert*, met toegevoegde s”, wat ’n mens laat vermoed dat EWA hulle inligting hier gekry het, aangesien hulle ook verwys na “met toegevoegde -s”. Wat egter oorgesien is deur EWA, is dat De Vries (1971) duidelik aandui dat dit móóntlik (“wellicht”) uit Fries uit kom – nie definitief nie. Wat dié teorie egter waarskynlik op sy kop keer, is dat die aanlyn, gesaghebbende *Wurdboek fan de Fryske taal* (WFT; Van der Veen en Boer 1984–2010) by die lemma **fekke** onder “Etymologie” vermeld dat dié woord uit Nederlandse *feeks* ontstaan het (met datering 1900, en antedatering 1822 – twee honderd jaar ná die vroegste Nederlandse datering).
- EWA dateer nóg *feeks*, nóg *helleveeg* se eerste optekening in Afrikaans. Vir eersgenoemde vind ons ’n eerste leksikografiese bewerking pas in AWS<sup>4</sup> (1931); laasgenoemde kon ons in ’n betekenisverklaring in SJ du Toit se *Afrikaanse taalskat fan spreekwyse, gesegdes en uitdrukkings* uit 1908 opspoor (Van der Merwe, 1971).

Die feit dat daar geen Nederlandse optekening voor die 17e eeu is nie, maak EWN se teorie dat dit ’n leenwoord uit Rynlands (*Fēks*) is, des te aanneemliker, ook gegewe die gerekte uitspraak van die vokaal in *Fēks*. De Vries (1915) rekonstrueer oortuigend ’n Protogermaanse *\*faihisō* (‘vroulike bedrieër’) by *\*faih-* (‘vyandig’), via die Oudsaksiese *fēkn* (‘boosaardigheid, bedrog’) en ander vorme in Oudhoogduits, Oudengels, Oudnoors en Goties, asook Latyn en Oudiers (kyk Tabel 1).

Wat nóg in EWA, nóg in EWN verreken word, is die perspektief van die *Woordenboek der Nederlandsche taal* (WNT; De Vries *et al.*, 1864–998). By die lemma **feeks** sê hulle dat dit blykbaar kom uit die stam van die Hoogduitse en Nederduitse (d.i. Platduitse) woorde wat by die lemma **huikafaak** vermeld word. By dié lemma word gesê dat *faak(s)* (‘veragtelike persoon’) die stam van onder andere die Nederlandse *feeks* en *fikfakken* (‘om te gesel; om te bedrieg’) is en dat dit verwant is aan die Hoogduitse *fachs* (‘grap’), *fächs* of *fäx* (‘grapmaker, swaap’) en *feix* of *veix* (‘onbeholpe persoon’). Dit is volgens die WNT ook verwant aan onder andere die Nederduitse *feks* (oftewel *Fēks*, soos hier bo bespreek) asook die Wesfaalse *fiks* (‘veragtelike wese’).

As ons dan *faak(s)* as stam neem, dan sê die WNT by die lemma **fikfakken** dat dit teruggaan op die Middelnederduitse *fickfacken* (‘om te bedrieg’), wat onder andere terug te vinde is in Schiller en Lübber (1875) as *fickfacker* en in Von Fallersleben (1845) as *vikvacker*. Van die Middelnederduits gaan ons dan terug op die Oudsaksiese *fēkn* (of *fēkni* ‘vals; boos’; Köbler, 2014), en van daar af na De Vries (1915) se rekonstruksie van die Protogermaanse *\*faihisō* (‘vroulike bedrieër’) by *\*faih-* (‘vyandig’). Vanaf *\*faih-* neem EWA ons verder terug na die Proto-Indo-Europese *\*peig-* of *\*peik-* (‘vyandiggesind’) (Pokorny 1959). Die eenvoudigste etimologiese roete wat ’n mens dus sou kon loop, is:

**TABEL 1:** *Vergelyking van feeks in EWA (2003) en EWN (2003–2009)*

<i>feeks</i>	<i>EWA</i>	<i>EWN</i>
Woordsoort	selfstandige naamwoord	selfstandige naamwoord
Betekenis	bitsige, nydige vrou	<i>helleveeg</i> , kreng
Betekenisontwikkeling	–	lastige, opvlieënde vrou (1848)
Antedatering	1607 ( <b>Nederlands</b> )	1607 (Vroegnieunederlands)
Spelling van antedatering	<i>feeks</i>	<i>feex</i> (“de spelling <i>feeks</i> verskijnt pas in de 18e eeuw”)
Verbandhoudende woorde	Dialekties Duitse <i>feks</i> ‘sluwe, onsedelike vrou’	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Friese <i>fekke</i>, <i>fikke</i></li> <li>• Groningse <i>fikke</i></li> <li>• Rynlandse dialektiese vorm <i>Fēks</i> ‘sluwe, onsedelike vrou’</li> </ul>
Voorgeskiedenis	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Moontlik veel ouer as 17e eeu</li> <li>• Die Nederlandse <i>feeks</i> met toegevoegde <b>·s kom uit Friese <i>fekke</i>, <i>fikke</i>, <i>fikkert</i></b></li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Herkoms onseker</li> <li>• Moontlik verbandhoudend met Protogermaanse <i>*faihisō</i> (‘bedriegster’), wat verband hou met <i>*faih</i> · ‘vyandig’, soos in <i>helleveeg</i> (De Vries, 1915)</li> <li>• Die Protogermaanse <i>*faih</i> · kom uit die Proto-Indo-Europese wortel <i>*peig-</i>, <i>*peik-</i> ‘vyandig’</li> </ul>
Histories verbandhoudende woorde	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Friese <i>fekke</i>, <i>fikke</i>, <i>fikkert</i> hou verband met Oudsaksies <i>fēkn</i>, Oudhoogduits <i>feihhan</i>, Oudengels <i>fācn</i> ‘lis, bedrog’ en Oudnoors <i>feikn</i> ‘ramp, verderf’</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Protogermaanse <i>*faih</i> · hou verband met Oudsaksies <i>fēkn</i> ‘boosaardigheid, bedrog’; Oudhoogduits <i>feihan</i> ‘id.’; Oudengels <i>fācen</i> ‘id.’; Oudnoors <i>feikn</i> ‘ramp, verderf’; Goties <i>bifaihōn</i> ‘bedrieg’</li> <li>• Ook Latynse piger ‘lui’; Oudierse <i>pisuna</i> ‘boosaardig, verraderlik’</li> </ul>

*feeks* (Afrikaans) < *feex* (Vroegnieunederlands) < *Fēks* (Rynlands) < *faak(s)* (Middelnederduits) < *fēkn* (Oudsaksies) < *\*faihisō* (Protogermaans) ≈ *\*faih-* (Protogermaans) < *\*peig-* of *\*peik-* (Proto-Indo-Europees)

Die etimologiese verbande tussen *feeks* en *helleveeg* is in EWA nie voor die hand liggend nie, aangesien EWA by die tradisie van onder meer De Vries (1971) en Van Wijk (1936 [1912]) aansluit, soos saamgevat kan word in die inskrywing in (2) hier bo. Die argument is basies dat 'n *veeg* 'n flink persoon is, en in samestelling met *hel* sou dit dui op iemand ('n vrou) wat verdien om die hel te vee. Van Wijk (1936 [1912]) sê dit klop met “ons taalgevoel” en dat die woord waarskynlik so geïnterpreteer is so lank as wat dit bestaan. Maar soos De Vries (1971), vind ons dit minder waarskynlik “wegens de sterk afwijkende betekenis” (vanaf die positiewe ‘flink persoon’, tot by die negatiewe ‘boosaardige, kwaai vrou’).

Veel aanneemliker lyk dus sy teorie (De Vries, 1971) dat die oorsprong daarvan in Middelnederlandse *helletēve* (‘helhond’) sou lê (kyk ook Van Wijk, 1936 [1912]), wat volgens hom náás *hellefeeks* bestaan het. Van Veen en Van der Sijs (1997) sluit hierby aan as hulle sê dat *helletēve* 'n sinoniem is van *helleueghe* (*helleveeg*), maar nié dat dit die oorsprong daarvan is nie. Hulle teorie is dat dit 'n Middelnederlandse kompositum uit 1567 is: *helle* (‘hel’) + *vegen* (‘vyandig behandel’). Verwijs en Verdam (1885–929) dateer *vegen* tussen 1370 en 1378 en toon aan dat dit ook *vete* (‘tradisionele vyandskap’) ten gronde lê. Die stap vanaf *vegen* (‘vyandig behandel’) na De Vries (1915) se Protogermaanse *\*faih-* (‘vyandig’) en verder terug lyk vir ons veel waarskynliker as die teorie dat hierdie *veeg* na 'n flink persoon sou verwys, en ons kan dus die volgende etimologiese roete vir *helleveeg* konstrueer:

*helleveeg* (Afrikaans) < *helleveeg* en *helleueghe* (Vroegnieunederlands) < *helle+vegen* (Middelnederlands) < *\*faih-* (Protogermaans) < *\*peig-* of *\*peik-* (Proto-Indo-Europees)

Ons kan uit die etimologiese roetes van *feeks* en *helleveeg* nou 'n samehangende prentjie skets: Uit die Proto-Indo-Europese *\*peig-* of *\*peik-* (‘vyandiggesind’) ontwikkel die Protogermaanse *\*faih-* (‘vyandig’). In Middelnederlands lewer dit *vegen* (‘vyandig behandel’) op, terwyl die afleiding *\*faihisō* (‘vroulike bedrieër’) in Middelnederduits *faak(s)* (‘om te bedrieg’) word. Via die een ontwikkelingsroete (Middelnederlands) kry ons die kompositum *helle* (‘hel’) + *vegen* (‘vyandig behandel’) wat later *helleueghe* en *helleveeg* in Vroegnieunederlands word, terwyl die ander ontwikkelingsroete (Middelnederduits) in Rynlands *Fēks* (‘sluwe, onsedelike vrou’) word en later geleen word as *feex* in Vroegnieunederlands. Ons kry dus in dieselfde periode 'n klompie woorde met ongeveer dieselfde betekenis wat mekaar as mikrokonstruksionaliserings (Traugott & Trousdale, 2013) onderling versterk, naamlik *helleteve*, *helleveeg/helleueghe*, *hellefeeks/-feex* en *feex*. Afrikaans erf uiteindelik *helleveeg* en *feeks* by Vroegnieunederlands.

## 1.2 Gebruikersvriendelikheid

Selfs al sou ons wou glo dat die samevattende paragraaf aan die einde van die vorige afdeling helder en duidelik is, is en bly dit inligting wat waarskynlik nie gereedelik toeganklik vir die deursneetaalgebruiker sal wees nie. Etimologiese woordeboeke is immers daarvoor berug dat dit dikwels vir die gewone gebruiker moeilik is om inligting uit die digte tekste te ontrafel. So byvoorbeeld bied etimologiese woordeboeke soms konstruksionaliseringsroetes vanaf die verlede tot en met die hede aan (byvoorbeeld die eerste paragraaf in die inskrywing van die lemma *feeks* in Philippa *et al.* (2003–2009) – kyk (3)), of andersins vanaf die hede teruglopend in tyd (byvoorbeeld die res van die inskrywing in (3)). Die tallose afkortings vir taalname en

bronne, jaartalle, verskillende simbole (byvoorbeeld < teenoor →), spellingvariante van woorde, vreemde letters en alfabette, terminologie, ensovoorts, maak etimologiesoordeboeke des te meer besondere inligtingsdigte en moeilike tekste om te lees.

(3) *feeks* zn. ‘helleveeg, krenge’

Vnnl. ‘boosaardige vrou’ in *de boze feex* ‘id.’ [1607; WNT]; die spelling *feeks* verskyn pas in die 18<sup>e</sup> eeu. Tegenwoordig ook in verzwakte betekenis ‘lastige, opvliegende vrou’ [1848; WNT].


Herkoms onduidelik. Men dink wel aan saamenhang met Fries *fekke, fikke* ‘id.’ [1822] en Gronings *fikke* ‘id.’. De Vries (1915) reconstrueer pgm. *\*faihisō* ‘bedriegster’ (by *\*faih-* ‘vijandig’, soos in → *helleveeg*), waaruit dan in het Duits, Fries en Nedersaksisch vorme met /ks/ verwag word; deze zijn echter geen van alle geattesteerd. Het Rijnlandse dialect kent echter wel *Fēks* ‘sluwe, onzedelijke vrou’, zodat ontleening aan het Rijnlands tot de mogelijkheden behoort.

Bij pgm. *\*faih-* ‘vijandig’ horen wellicht: os. *fēkn* ‘boosaardigheid, bedrog’; ohd. *feihan* ‘id.’; oe. *fācen* ‘id.’; on. *feikn* ‘ramp, bederf’; got. *bifaihōn* ‘bedriegen’.

Met pgm *\*faih-* zijn verwant: Latijn *piger* ‘lui’; Oudiers *pisuna* ‘boosaardig, verraderlik’; bij de wortel pie. *\*peig-, peik-* ‘vijandig’ (IEW 795).

Lit.: W. de Vries (1915), ‘Etymologische aantekeningen: *feeks*’, in: *TNTL* 34, 9; H.Fr. Rosenfeld (1956), ‘Germ. *Fis(t)* in seiner Entfaltung in übertragenem Sinn’, in: *Beiträge zur Geschichte der deutschen Sprache und Literatur* 78, 411-413

Verskeie woordeboeke, veral aanlyn woordeboeke, probeer toenemend om hierdie tipe inligting meer toeganklik te maak. So byvoorbeeld gebruik die aanlyn weergawe van die *Oxford English Dictionary* ([www.oed.com](http://www.oed.com)) nie meer afkortings vir taalname nie, maar skryf die name uit; in Etymologiebank.nl word vol vorme van afkortings in mini-opwipvensters vertoon; Google vertoon gegeneerde grafiese voorstellings (kyk Figuur 2) in hulle woordeboekinligtingsboksies ([research.google.com/bigpicture/dictionary.html](http://research.google.com/bigpicture/dictionary.html)); die Engelse Wiktionary ([en.wiktionary.org](http://en.wiktionary.org)) maak ruim van hiperteks gebruik, sodat ’n leser per woord kan deurklik na ’n volgende bladsy, eerder as wat alle inligting op een blad vertoon word.




**Figuur 2:** Grafiese inligting by “harridan” ([google.com](http://google.com))

Gegewe die doelwit dat die Vloekopedia ’n omvattende aanlyn hulpbron sal wees (en dus nie aan die beperkinge van papier gebonde is nie), bestaan die geleentheid om allerlei inligting meer gebruikersvriendelik aan te bied. So byvoorbeeld sou die etimologiese inligting van (sommige) woorde visueel aangebied kon word, byvoorbeeld as konstruksionaliseringsnetwerke (“constructionalization networks”).

Die konsep **konstruksienetwerke** (of **konstruksionele netwerke**; “constructional networks”) is nie nuut in die kognitiewe linguïstiek en spesifiek konstruksiegebaseerde benaderings tot die grammatika nie. Langacker (1987) se beskrywing van die grammatika as ’n “structured inventory of symbolic units” wat in dinamiese netwerke aan mekaar verbind is, word meer as 30 jaar later steeds as een van die basiese uitgangspunte van gebruikgebaseerde konstruksiegrammatika beskou. Oor die afgelope dekade het die konsep **konstruksionalisering** ook deeglik posevat in diachroniese konstruksiegrammatika (Colleman, 2015, 2016; Enghels & Garachana Camarero, 2021; Hilpert, 2013; Traugott & Trousdale, 2013).


Soos wat ’n mens konstruksienetwerke vir bepaalde woorde/konstruksies sou kon optrek, sou ’n mens onses insiens ook konstruksionaliseringsnetwerke kon saamstel om die ontwikkeling van konstruksies met verloop van tyd (dus met ’n tyddimensie as deel van die netwerk) aan te dui. Figuur 3 is ’n voorstelling van ’n moontlike konstruksionaliseringsnetwerk vir *feeks* en *helleveeg*, gebaseer op die inligting wat hier bo gebruik is.<sup>2</sup> Aan die regterkant word verskillende tydskritte aangedui waarin die tipiese ontwikkelingsfasies van Afrikaans se Germaanse stratum verdeel kan word, byvoorbeeld Vroegnieunederlands van 1500–1600, Middelnederlands van 1200–1500, Oudnederlands van 500–1200, ensovoorts. Gewone pyle dui op die rigting van verandering (d.i. konstruksionalisering), terwyl stippelpyle (indirekte invloed (d.i. bronne vir analogisering, neoanalise en vestiging) aandui.



**Figuur 3:** Konstruksionaliseringsnetwerk van “feeks” en “helleveeg”

<sup>2</sup> Ter wille van oorsigtelikheid word die redelik ingewikkelde en uitgebreide etimologie van *hel* nie in hierdie netwerk aangedui nie.


Daar is onses insiens potensieel twee problematiese aspekte aan 'n voorstelling soos in Figuur 3. Aan die een kant kan so 'n konstruksionaliseringsnetwerk vir die gewone persoon (d.i. niespesialis) met 'n belangstelling in vloekwoorde dalk steeds te ingewikkeld, tegnies of abstrak wees. Om die inligting meer toeganklik en gebruikersvriendelik te maak, kan dit as eenvoudiger, populêrder etimologiese “padkaarte” aangebied word, soos in Figuur 4. In dié voorstellings word die inligting nie net visueel aantrekliker aangebied nie, maar word sommige aspekte van die inligting ook vereenvoudig (byvoorbeeld om diakritiese tekens by ouer tale te verwyder). Let ook daarop dat die voorstelling in Figuur 3 die ontwikkeling van verlede tot hede aanbied, terwyl dit in Figuur 4 andersom gedoen word (van hede tot verlede). Die keuse vir laasgenoemde is gebaseer op 'n informele vraag aan nege vriende en kollegas waar hulle hulle voorkeur moes aandui vir 'n voorstelling van hede tot verlede, of verlede tot hede. Sewe van die mense het aangedui dat hulle dit enigsins makliker vind om die inligting van hede tot verlede te interpreteer, maar niemand het besonders sterk daarvoor gevoel nie. Dit is dus 'n aspek wat in die toekoms verder ondersoek kan word.



**Figuur 4:** Eenvoudiger etimologiese inligting vir “feeks” en “helleveeg”

Die ander problematiese aspek het betrekking op die uitbreikbaarheid van hierdie visuele voorstellings. Die uitbreikbaarheid van enige visuele oplossing (d.i. “designing systems to handle large amounts of data gracefully”; Munzner, 2015:15), moet in gedagte gehou word wanneer dit vir ’n bepaalde probleem voorgelê word. Veronderstel daar is 3 000 inskrywings in die Vloekopedia, dan is dit ’n haas onbegonne taak om sulke konstruksionaliseringsnetwerke handmatig vir elke inskrywing te teken – laat staan nog om dit elke keer wanneer nuwe inligting/insigte verkry word, by te werk. ’n Geoutomatiseerde benadering tot sulke leksikale data is dus eintlik ’n voorvereiste.

In dié verband lyk dit asof die benadering van *EtymologyExplorer* (etymologyexplorer.com) moontlik ’n oplossing kan bied. Deur gebruik te maak van natuurliketaalprosessering, diepmasjienleertegniese en wolkrekenartegnologie, gee hierdie mobiele toepassing visuele voorstellings van data wat oop en vrylik op Wiktionary beskikbaar is. Figuur 5 is ’n skermgreep van *veechte*, soos outomaties voorgestel in die toepassing. In oorleg met die ontwikkelaars van *EtymologyExplorer* sou ’n soortgelyke toepassing dus spesifiek vir die Vloekopedia gemaak kon word; dit is egter toekomsnuus wat verder ondersoek moet word.



**Figuur 5:** *EtymologyExplorer* se voorstelling van “veechte”

## Persepsieondersoek

### 1.3 Data-insameling

Om gebruikersopinies oor vloekwoorde in te samel, word aanlyn meningspeilings van tyd tot tyd op die projekwebwerf, vloek.co.za, gepubliseer en via sosialemediaplatforms bekendgestel. Respondente registreer uit eie wil/belang op die webwerf wat deur middel van (sosiale) media en mondelinge metodes bemark word. 'n Mens kan daarom aanvaar dat die steekproefmetode respondentgedrewe sal wees, soos uiteengesit en geformaliseer deur Heckathorn (1997). Die voordeel van hierdie benadering is dat dit toegang bied tot sogenaamde “verborgte populasies”, dit is respondente wat andersins nie bereid sou wees om aan navorsing oor vloek deel te neem nie.

Aangesien hierdie projek nie op besluitneming gerig is nie (soos om medisyne te toets, om te besluit oor sielkundige ingrepe, besluite oor produkte en pryse, ensovoorts), maar eerder op 'n beskrywing van die taalkundige (spesifiek leksikale) geleentheid en keuses van 'n geïnteresseerde groep mense, is statistiese verteenwoordigheid nie 'n vereiste nie. Aktiewe stratifikasie van die respondentgroep is dus nie belangrik nie, aangesien bevindinge (byvoorbeeld opmerkings oor leksikale keuses) aan die betrokke groep gekoppel sal wees,<sup>3</sup> sonder om na die algemene bevolking te ekstrapoleer (tensy die respondentgroep per abuis verteenwoordigend van die algemene bevolking is). Gevolglik is niewaarskynlikheidsbenaderings tot steekproefneming van respondente in orde, waarvan geleentheid-/gerieflikheidssteekproewe die bekendste is en wyd in soortgelyke taalkundige navorsing gebruik word (Rasinger, 2008).

Tydens registrasie moet geregistreerde gebruikers 23 demografiese vrae beantwoord; daarna hoef hulle nie weer vir elke woord dieselfde inligting te verskaf nie. Meningspeilings oor woorde kan daarom slegs deur geregistreerde gebruikers voltooi word. Aangesien daar nie in hierdie artikel van demografiese veranderlikes gebruik gemaak word nie, laat ons 'n bespreking van hierdie aspek van die navorsingsprojek daar.

Hoewel sulke kort meningspeilings verskeie voordele vir die respondente inhou (waarvan die belangrikste is dat dit nie te veel van hulle tyd op 'n slag opeis nie), is daar ook verskeie nadele aan hierdie benadering waarvan navorsers bewus moet wees.<sup>4</sup> Die een is dat meningspeilings vir verskillende woorde nie gelyktydig gedoen word nie, aangesien meningspeilings

---

<sup>3</sup> Demografiese gegewens word nie in hierdie artikel as veranderlikes gebruik nie. Ter wille van volledigheid, word slegs enkele demografiese inligting van die oorvleuelende steekproefgroep ( $N = 94$ ) hier gegee; persentasies word afgerond. Die groep bestaan uit 51% mans en 49% vroue; 83% van die respondente is jonger as 60. Op een na het alle respondente aangedui dat hulle wit is. 75% van die respondente het 'n Baccalaureus-, honneurs-, meesters- of doktorsgraad, terwyl 70% van die respondente in die gerealiseerde of hoë middelklas is. Behalwe een Namibiër, woon al die respondente in Suid-Afrika, waarvan 51% in Gauteng woonagtig is.

<sup>4</sup> Een van die sekondêre doelwitte van hierdie projek is juis om die wetenskaplike aanneemlikheid en geldigheid van die gebruik van kort, aanlyn meningspeilings (en baie kort meningsopnames) te ondersoek, veral in 'n poging om vraelysvoosheid te probeer bekamp. 'n Potensiële respondent moet as gebruiker op die webwerf vloek.co.za registreer en sy/haar basiese demografiese inligting (byvoorbeeld geslag, ouderdom, huistaal, kwalifikasies) invul as deel van sy/haar private profiel, terwyl ook eenmalig toestemming gegee word om aan die navorsingsprojek deel te neem. Vervolgens kan geregistreerde gebruikers deelneem aan kort, aanlyn meningspeilings (en meningsopnames) oor die onderwerp, sonder om telkens deur die moeisame proses te gaan om demografiese inligting te verskaf elke keer as 'n nuwe meningspeiling of meningsopname gepubliseer word.

vir individuele woorde met gereelde tussenposes op die webwerf gepubliseer word. Dit impliseer ook dat dieselfde gebruikers nie noodwendig die peilings vir verskillende woorde voltooi nie, wat kan lei tot verskeie ongelykhede in die onderskeie datastelle. Aangesien die peilings oop bly vir nuut geregistreerde gebruikers om ook te voltooi, kan die resultate ook mettertyd (effens) wissel.

Die peiling vir *feeks* is byvoorbeeld op 30 Maart 2020 vrygestel, en 183 respondente het tot en met 04 Augustus 2021 deelgeneem. In teenstelling hiermee is *helleveeg* se peiling op 11 April 2020 vrygestel, maar slegs 130 mense het tot en met 04 Augustus 2021 daarop gereageer. Toe ons egter op 01 Julie 2021 die data afgelaai het vir doeleindes van hierdie artikel, was daar vir *feeks* nog slegs 151 respondente en vir *helleveeg* slegs 99 respondente; ons gebruik die data soos op 01 Julie 2021 in die res van hierdie artikel. Waar ons *feeks* en *helleveeg* met mekaar vergelyk, gebruik ons slegs die antwoorde van mense wat aan beide peilings deelgeneem het, vir 'n totaal van 94 respondente. Vir die vergelykings tussen verbandhoudende vrae gebruik ons egter al die data vir elke woord (*feeks*:  $N = 151$ ; *helleveeg*:  $N = 99$ ). In toekomstige navorsing sal ons ook statistiese metodes ondersoek om ongelykwaardige datastelle soos hierdie met mekaar te vergelyk.

Om taboewaardes vir Afrikaanse woorde te verkry, volg ons breedweg die metodiek van Beers Fägersten (2007, 2012). Anders as Beers Fägersten wat 'n 10-punt- Likertagtige skaal vir woordgraderings gebruik het, volg ons Jay (1992) in die gebruik van 'n 9-punt- Likertagtige skaal, waar slegs die tellings aan die twee uiterste eindes beskrywend gekategoriseer word. Dit versterk die idee dat daar gelyke afstande tussen elke punt op die skaal is (Endresen & Janda, 2017). Respondente word in elke meningspeiling (kyk Figuur 6 vir 'n voorbeeld) versoek om hul uitsprake oor elk van die volgende agt vrae in vier kategorieë te rapporteer:

### **Selfgerapporteerde frekwensie**

1. Hoe gereeld sê of skryf jy die woord? (Glad nie ... Baie) (produksie)
2. Hoe gereeld hoor of lees jy die woord? (Glad nie ... Baie) (persepsie)

### **Taboewaarde**

3. Hoe aanstootlik vind jy die woord persoonlik? (Glad nie ... Baie)
4. Hoe taboe of sosiaal onaanvaarbaar is die woord vir mense in die algemeen? (Glad nie ... Baie)

### **Prominensie**

5. In watter mate is die woord vir jou emosioneel gelaai? (Baie negatief ... Baie positief)
6. Hoe prominent is die woord? (Glad nie ... Baie)
7. Hoe goed weet jy wat die woord beteken? (Glad nie ... Baie goed)

### **Geslagskonnotasie van referent**

8. Word die woord slegs vir mans, mans en vroue, of slegs vroue gebruik? (Slegs mans ... Slegs vroue)

☼ "helleveeg"

Die onderstaande vrae handel oor die woord *helleveeg*, soos byvoorbeeld in:  
*Sy is 'n helleveeg.*

---

Hoe gereeld **gebruik jy self** die woord as jy praat of skryf? \*

Gebruik die skuiver of klik/tik op die skaal om jou keuse aan te dui

— Baie  
 —  
 —  
 —  
 —  
 —  
 —  
 —  
 — Glad nie

— Skuif om te kies

---

Hoe gereeld **hoor of lees jy** die woord? (Byvoorbeeld in gesprekke, oor die radio, op TV, in tydskrifte, boeke, die internet, ens.) \*

Gebruik die skuiver of klik/tik op die skaal om jou keuse aan te dui

— Baie  
 —  
 —  
 —  
 —  
 —  
 —  
 — Glad nie

— Skuif om te kies

**Figuur 6:** Voorbeeld van eerste twee vrae in 'n meningspeiling

#### 1.4 Data-analise

Aangesien die data nie normaal versprei is nie, kan geen van die statistiese toetse wat 'n normaalverspreiding vooronderstel, gebruik word nie. Twee toetse wat van toepassing is op ordinale data waar 'n normaalverspreiding nie vereis word nie, is Wilcoxon se rangtekeningtoets (WRTT) en die tekeningtoets vir verbandhoudende steekproewe (VSTT). Hierdie twee toetse deel die volgende eienskappe:

- Vir elkeen van die vrae word die waardes van een antwoordstel van die ander afgetrek (byvoorbeeld persoon A se response op *feeks* by vraag 1, minus persoon A se respons op *helleveeg* by vraag 1) om die verskil tussen die antwoordstelle te kry. Slegs hierdie verskilwaardes word vir die statistiese analises gebruik.
- Die mediaan is die puntwaarde waar die een helfte van die verskilwaardes groter as die mediaanwaarde is en die ander helfte kleiner as die mediaanwaarde is. Dit is nie noodwendig dieselfde as die gemiddeld van die verskilwaardes nie.
- Beide hierdie toetse bepaal of daar 'n statisties beduidende verskil ( $p < 0.05$ ) tussen die twee antwoordstelle se verskilwaardes is.
- Nulhipotese ( $H_0$ ): Die mediaan van verskille tussen die waardes van die afhanklike veranderlike is gelyk aan nul.
- Indien daar 'n statisties beduidende onderskeid tussen die verskilverspreiding is, word die nulhipotese verwerp (met ander woorde dat die mediaan van verskille tussen die waardes nie gelyk aan nul is nie).

Daar is egter ook belangrike verskille tussen die twee toetse:

- WRTT neem die werklike verskil tussen respondente se antwoorde in ag, terwyl VSTT slegs in ag neem of die verskil positief of negatief is (met ander woorde nie die grootte van die verskil nie).
- WRTT vereis dat die verspreiding van verskille simmetries om die mediaan moet wees, terwyl VSTT geen sulke vereistes/aannames het nie.
- WRTT het daarom eintlik meer beskrywingskrag as VSTT.


Aangesien geen van ons datastelle hierdie verspreidingsaanname van WSTT nakom nie, het ons geen ander keuse om deurgaans VSTT te gebruik nie. Dit is wel enigsins interessant om op te merk dat die statistiese beduidendheid van die WRTT's presies dieselfde as dié van die VSTT's is, ten spyte van die feit dat die aanname van WRTT nie nagekom is nie. Die rede hiervoor sou in toekomstige navorsing verder ondersoek kon word. (Hier onder rapporteer ons telkens die  $z$ - en  $p$ -waardes van beide toetse.)

Gegewe ons datastelle vir twee woorde (*feeks* en *helleveeg*) met agt vrae in vier kategorieë oor elk, doen ons twee stelle vergelykings:

- a. Vergelyking tussen *feeks* en *helleveeg* van die antwoorde op dieselfde vrae (byvoorbeeld of daar 'n verskil is tussen *feeks* se emosiebelaaidheid en *helleveeg* se emosiebelaaidheid).
- b. Vergelyking van die antwoorde op verbandhoudende vrae binne 'n enkele woord (byvoorbeeld of daar 'n verskil is tussen die selfgerapporteerde frekwensie vir *sê/skryf teenoor hoor/lees by feeks*); dit word slegs vir die selfgerapporteerde frekwensies en die taboewaardes gedoen.

## 1.5 Resultate: *feeks* vs. *helleveeg*

Die resultate van hierdie gedeelte word in Figuur 7 opgesom. Die besonderhede word in die hieropvolgende subafdelings bespreek.



**Figuur 7:** Resultate van “*feeks*” vs. “*helleveeg*”

### 1.5.1 Selfgerapporteerde frekwensie: produksie

’n VSTT is gedoen om te bepaal of daar ’n verskil in die selfgerapporteerde produksie (d.i. sê en skryf) van *feeks* en *helleveeg* is. As ons die nege opsies op die Likertskaal in drie groepe verdeel (min, gemiddeld, baie), dan het 59.1% van die respondente aangedui dat hulle *feeks* min gebruik (dus opsies 1 tot 3); hiervan het 23.4% van die totale getal respondente opsie 1 (“nooit”) gekies. In teenstelling hiermee het 85.1% van respondente aangedui dat hulle die woord *helleveeg* min (opsies 1 tot 3) gebruik, waarvan 67% van die totaal gesê het dat hulle dit nooit gebruik nie. Daar is ’n statisties beduidende verskil in die mediaan van die verskille tussen die gebruik van *feeks* teenoor *helleveeg*, en ons kan dus die nulhipotese verwerp (VSTT:  $z = -5.139$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = -4.948$ ,  $p < 0.005$ ). Die selfgerapporteerde gebruik van *helleveeg* is dus baie laer as *feeks*.

### 1.5.2 Selfgerapporteerde frekwensie: persepsie

’n VSTT is gedoen om te bepaal of daar ’n verskil in die selfgerapporteerde persepsie (d.i. hoor en lees) van *feeks* en *helleveeg* is in die media wat die respondent gebruik. Hier het 33% van die respondente aangedui dat hulle *feeks* min teëkom (opsies 1 tot 3), met 7% van die totaal wat aangedui het dat hulle nooit die woord lees of hoor nie. 45.7% het aangedui dat hulle dit gemiddeld (opsies 4 tot 6) teëkom, terwyl 22.3% meen dat hulle dit baie (opsies 7 tot 9) hoor of lees.

*Helleveeg* word baie minder gehoor en gelees, met 80.9% van die respondente wat aangedui het dat hulle dit min hoor of lees, waarvan 47.9% van die totaal dit nooit teëkom nie. Slegs 2.1% van die respondente het aangedui dat hulle dit baie gereeld hoor of lees (opsies 7 tot 9),

maar niemand het opsies 8 of 9 gekies nie. Dit is dus duidelik dat *helleveeg* nie 'n woord is wat die respondente baie hoor of lees nie.

Ook hier is daar 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen *feeks* en *helleveeg*, en die nulhipotese kan insgelyks verwerp word (VSTT:  $z = -8.162$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = -7.590$ ,  $p < 0.005$ ).

### 1.5.3 Taboewaarde: self

Om te bepaal of daar 'n verskil in die taboewaarde van *feeks* en *helleveeg* vir die respondente self is, is 'n VSTT ook gedoen. *Feeks* blyk nie vreeslik aanstootlik vir die respondente te wees nie, aangesien 72.3% aangedui het dat die woord min aanstoot gee (opsies 1 tot 3), met 44.7% van die totale getal respondente wat opsie 1 ("glad nie") gekies het. Slegs 12.8% van die respondente het aangedui dat die woord meer as gemiddeld aanstootlik is (opsies 7 tot 9).

Soortgelyk aan *feeks*, word *helleveeg* nie as aanstootlik gesien nie, met 75.5% wat min aandui (opsies 1 tot 3) en 55.3% wat sê dit is glad nie vir hulle aanstootlik nie (opsie 1). Slegs twee respondente (2.1%) het aangedui dat die woord baie aanstootlik is (opsie 9); niemand het opsie 7 of 8 gekies nie.

In hierdie geval is daar nie 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die aanstootlikheid van *feeks* teenoor *helleveeg* nie, en die nulhipotese kan nie verwerp word nie (VSTT:  $z = -1.905$ ,  $p = 0.057$ ; WRTT:  $z = -1.603$ ,  $p = 0.109$ ).

### 1.5.4 Taboewaarde: ander

Ten opsigte van die aanstootlikheid van *feeks* vir ander persone, toon die meerderheid respondente ook aan dat die woord nie werklik as aanstootlik gesien kan word nie: 47.9% van die respondente kies opsies 1 tot 3, waarvan 16% van die totale getal respondente sê dat die woord glad nie aanstootlik (opsie 1) vir ander is nie. Slegs 14.9% van die respondente het in hierdie geval opsies 7 tot 9 gekies.

Soortgelyk dui 50% van die respondente aan dat *helleveeg* vir ander mense min aanstootlik is (opsies 1 tot 3), met 27.7% van die totaal wat aandui dat dit glad nie aanstootlik is nie. Slegs 5.3% dui aan dat *helleveeg* baie aanstootlik is (opsies 7 tot 9).

Die VSTT toon aan dat daar nie 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die aanstootlikheid van *feeks* teenoor *helleveeg* is nie (VSTT:  $z = -1.661$ ,  $p = 0.097$ ; WRTT:  $z = -1.467$ ,  $p = 0.142$ ). Die nulhipotese kan dus nie verwerp word nie.

### 1.5.5 Persepsie: Emosiebelaaidheid

Emosiebelaaidheid gaan oor die mate waartoe 'n woord negatief (opsies 1 tot 3), gemiddeld (opsies 4 tot 6), of positief (opsies 7 tot 9) gelaai is. Die emosiebelaaidheid van *feeks* word grotendeels as negatief gesien, met 46.8% van die respondente wat die woord as negatief sien en 'n verdere 45.8% wat die woord as gemiddeld gelaai sien. Slegs sewe respondente (7.4%) dui aan dat *feeks* positief gelaai is.

*Helleveeg* word aansienlik positiewer deur die respondente ervaar: 33% van respondente merk *helleveeg* as negatief, maar die meerderheid (61.7%) kies gemiddeld (opsies 4 tot 6). Soortgelyk aan *feeks*, sien 'n baie klein persentasie (5.3%) die woord as positief.

'n VSTT dui aan dat daar 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die emosiebelaaidheid van *feeks* teenoor *helleveeg* is (VSTT:  $z = 2.384$ ,  $p = 0.017$ ; WRTT:  $z = 2.560$ ,  $p = 0.010$ ). Die nulhipotese kan daarom verwerp word.

### 1.5.6 Persepsie: Opvallendheid

*Feeks* word grotendeels as meer (opsies 7 tot 9) eerder as minder (opsies 1 tot 3) opvallend gesien, hoewel daar 'n eenvormiger verspreiding oor die skaal (van 1 tot 9) is. 24.5% van die respondente sien *feeks* as minder opvallend, 43.6% sien die woord as gemiddeld opvallend, en die oorblywende 31.9% sien die woord as meer opvallend.

In teenstelling met *feeks*, word *helleveeg* duidelik as meer opvallend gesien, met 63.8% van die respondente wat *helleveeg* as meer opvallend beskou. 45 van die respondente (d.i. 47.9% van die totale getal respondente) ervaar die woord selfs as baie opvallend (opsie 9).

Ook in hierdie geval kan die nulhipotese met behulp van die VSTT verwerp word. Daar is 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die emosiebelaaideid van *feeks* teenoor *helleveeg* (VSTT:  $z = 3.276$ ,  $p = 0.001$ ; WRTT:  $z = 3.166$ ,  $p = 0.002$ ). Hieruit sou 'n mens al kon vermoed dat die opvallender woord (*helleveeg*) minder bekend is as die onopvallender woord (*feeks*), soos inderdaad ook in die volgende afdeling bevestig word.

### 1.5.7 Persepsie: Bekendheid

'n VSTT bevestig inderdaad dat daar 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die bekendheid van *feeks* teenoor *helleveeg* is (VSTT:  $z = -5.543$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = -5.359$ ,  $p < 0.005$ ), sodat die nulhipotese verwerp kan word. *Feeks* is volgens die respondente 'n bekender woord (opsies 7 tot 9), met 81.9% van respondente wat aandui dat hulle baie (opsie 9) bekend met die woord is. Slegs vyf (5.3%) van die respondente dui aan dat die woord nie vir hulle baie bekend is nie (opsies 1 tot 6).

Hoewel die meerderheid respondente (63.8%) aandui dat hulle goed bekend is met *helleveeg* (opsies 7 tot 9), is daar wel 11.7% van respondente wat aandui dat hulle glad nie (opsie 1) bekend is met die woord nie. 'n Totaal van 21.3% van die respondente dui aan dat hulle nie eintlik juis bekend met die woord is nie (opsies 1 tot 3).

### 1.5.8 Persepsie: Geslagskonnotasie

Word die woorde *feeks* en *helleveeg* meestal gebruik om na vroue te verwys, of kan 'n man ook 'n *feeks* of *helleveeg* genoem word? Die oorgrote meerderheid respondente (85.1%) dui aan dat *feeks* uitsluitlik na vroue verwys (opsie 9). Slegs een respondent het aangedui dat dit uitsluitlik vir mans gebruik word. Hoewel die meerderheid van respondente aandui dat *helleveeg* uitsluitlik vir vroue gebruik word (62.8% kies opsie 9) en 72.3% dat dit grotendeels na vroue verwys (opsies 7 tot 9), is daar verbasend genoeg 'n redelik groterige groep respondente (26.6%) wat aandui dat 'n man én vrou 'n *helleveeg* kan wees (opsies 4 tot 6).


Met behulp van 'n VSTT kan ons inderdaad ook hierdie nulhipotese verwerp. Daar is 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die geslagskonnotasie vir *feeks* teenoor *helleveeg* (VSTT:  $z = -3.944$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = -4.026$ ,  $p < 0.005$ ).

## 1.6 Resultate: verbandhoudende vrae

Die tweede tipe vergelyking wat ons doen, is 'n vergelyking van die selfgerapporteerde frekwensie vir sê/skryf (produksie) teenoor hoor/lees (persepsie) by *feeks* en *helleveeg* onderskeidelik, asook die taboewaardes vir die respondente self teenoor dié vir ander mense vir elk van die twee woorde. Die volgende vrae word dus vir elke woord gestel:

- Sê/skryf die respondente woord X meer as wat hulle die woord hoor/lees?
- Is woord X meer taboe vir respondente self as wat hulle dink dit vir ander mense is?

Anders as by die vergelykings van die twee woorde met mekaar, waar slegs die response van respondente gebruik kon word wat vrae vir beide *feeks* en *helleveeg* beantwoord het ( $N = 94$ ), kan al die respondente wat onderskeidelik *feeks* ( $N = 151$ ) en *helleveeg* ( $N = 99$ ) se vrae beantwoord het, ingesluit word in die onderstaande analyses. Figuur 8 gee 'n opsomming van die resultate soos dit in besonderhede in die onderstaande subafdelings bespreek word.



**Figuur 8:** Resultate van verwante vrae by “feeks” en “helleveeg”

### 1.6.1 Selfgerapporteerde frekwensie: produksie vs. persepsie

#### *Feeks*

'n VSTT is gedoen om te bepaal of daar 'n verskil is in hoe gereeld respondente dink hulle die woord *feeks* sê of skryf, teenoor hoe gereeld hulle dink hulle die woord hoor of lees. Die meerderheid van die respondente (59.6%) het aangedui dat hulle *feeks* min gebruik (opsies 1 tot 3); slegs 8.5% dink hulle gebruik die woord baie (opsies 7 tot 9). In teenstelling hiermee, dui 45.7% van die respondente aan dat hulle dink dat hulle *feeks* tog wel met 'n gemiddelde frekwensie hoor en lees (opsies 4 tot 6), maar daar is steeds 'n groot groep (33%) wat die woord min teëkom (opsies 1 tot 3).

Die VSTT toon aan dat daar 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die selfgerapporteerde frekwensie van produksie teenoor persepsie is (VSTT:  $z = 5.953$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = 6.066$ ,  $p < 0.005$ ). Die nulhipotese kan dus verwerp word, sodat ons tot die gevolgtrekking kom dat respondente dink dat hulle die woord meer hoor en lees as wat hulle dit self sê of skryf.

## **Helleveeg**

Nog 'n groter deel van die respondente (85.1%) dui aan dat hulle *helleveeg* min (opsies 1 tot 3) self sê of skryf, terwyl slegs ses respondente (6.4%) beweer dat hulle die woord meer gereeld gebruik. Hulle dui insgelyks aan dat hulle die woord min hoor of lees (80.9%), met slegs twee persone (2%) wat meen hulle kom die woord enigins meer gereeld (opsie 7) teë. Niemand het opsie 8 of 9 ("baie gereeld") gekies nie.

Anders as by *feeks* kan die nulhipotese in hierdie geval nie verwerp word nie. Aangesien daar nie 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen produksie teenoor persepsie is nie (VSTT:  $z = 1.960$ ,  $p = 0.050$ ; WRTT:  $z = 1.464$ ,  $p < 0.143$ ), kan ons tot die gevolgtrekking kom dat respondente *helleveeg* min self gebruik en teëkom.

### *1.6.2 Taboewaarde: self vs. ander*

#### **Feeks**

*Feeks* word oor die algemeen nie as baie aanstootlik deur respondente self ervaar nie, met 72.3% van die respondente wat die woord as minder aanstootlik (opsies 1 tot 3) ervaar. Slegs 12.8% van die respondente vind *feeks* meer as gemiddeld aanstootlik (opsies 7 tot 9). Respondente se persepsie van hoe ander mense die woord ervaar, is egter wel anders as hul eie ervaring daarvan. Hoewel 47.9% van die respondente steeds aandui dat *feeks* as minder aanstootlik deur ander ervaar behoort te word (opsie 1 tot 3), is daar 'n groterige groep (37.2%) wat dink dat 'n mens tog versigtig met die woord moet omgaan (opsies 4 tot 6). Daar is egter ook baie min respondente (14.9%) wat dink dat *feeks* meer as gemiddeld aanstootlik vir ander mense kan wees.

Dit blyk inderdaad met behulp van 'n VSTT dat die nulhipotese verwerp kan word. Daar is 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen die taboewaarde vir die self teenoor vir ander mense (VSTT:  $z = 5.818$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = 5.535$ ,  $p < 0.005$ ).

#### **Helleveeg**

Soos vir die ander gevalle is 'n VSTT ook gebruik om te bepaal of daar 'n verskil is in die taboewaarde vir die self teenoor dié vir ander vir die woord *helleveeg*. Ook hier kan die nulhipotese verwerp word, aangesien daar 'n statisties beduidende verskil in die mediaan van verskille tussen eie taboewaarde en taboewaarde vir ander is (VSTT:  $z = 4.286$ ,  $p < 0.005$ ; WRTT:  $z = 5.187$ ,  $p < 0.005$ ).

Soortgelyk aan *feeks*, sien respondente nie self *helleveeg* as 'n besonder aanstootlike woord nie, met 75.5% van die respondente wat aandui dat die woord hulle min aanstoot gee (opsies 1 tot 3). Slegs twee respondente (2%) dui aan dat die woord baie aanstootlik (opsie 9) vir hulle is, maar niemand kies opsies 7 of 8 nie.

Die siening van ander se persepsie oor die taboewaarde van *helleveeg*, word soos by *feeks* ook meer konserwatief ingeskat: Slegs 50.0% van die respondente dink dat ander mense die woord as minder aanstootlik sal ervaar. 44.7% van die respondente dink ander mense ervaar *helleveeg* as gemiddeld aanstootlik (opsies 4 tot 6), en 'n klein persentasie (5.3%) van die respondente dink ander mense ervaar *helleveeg* meer as gemiddeld aanstootlik.

In hierdie artikel wou ons antwoorde op twee spesifieke vrae verskaf:

**1. Hoe lyk die konstruksionaliseringsnetwerk van *feeks* en *helleveeg*?**

Sedert die EWA in 2008 verskyn het, is 'n aantal nuwer etimologiese bronne (soos die EWN) tot Afrikaanse taalkundiges se arsenaal van bronne toegevoeg. Aan die hand van hierdie nuwe inligting, asook inligting uit ander bronne, kon ons duidelike ontwikkelingsroetes vir *feeks* en *helleveeg* uitlê. Een van die interessante nuwe insigte is dat dié woorde dieselfde Proto-Indo-Europese stam het, maar dat hulle via verskillende roetes eers in Nederlands en daarna in Afrikaans tereg gekom het.

Ons het ook 'n aantal voorstelle vir visuele voorstellings van konstruksionaliseringsnetwerke gemaak. Daar is aangetoon dat eindgebruikers nog geraadpleeg moet word oor die verstaanbaarheid van sulke voorstellings, byvoorbeeld of inligting van hede tot verlede aangebied moet word, of juis andersom. Ons het ook geargumenteer dat oplossings (soos dié van EtymologyExplorer) gevind moet word wat dit moontlik sal maak om die visuele voorstellings outomaties na meer data uit te brei.

**2. Wat is gebruikers se opinie oor *feeks* en *helleveeg*, met spesifieke verwysing na selfgerapporteerde frekwensies, taboewaardes, prominensie en geslagskonnotasie van die referente?**

Aan die hand van data wat via kort, aanlyn meningspeilings ingesamel is, en deur gebruik te maak van VSTT's, kon ons die ooreenkomste en verskille van mense se persepsies oor *feeks* en *helleveeg* met mekaar vergelyk. Ons het aangetoon dat hulle statisties beduidend van mekaar verskil ten aansien van die volgende aspekte:

- Selfgerapporteerde frekwensie (produksie en persepsie): *Feeks* word meer gesê/-skryf/-hoor/-lees as *helleveeg*;
- Emosiebelaaideid: *Feeks* is negatiewer as *helleveeg* gelaai;
- Opvallendheid: *Feeks* is minder opvallend as *helleveeg*;
- Bekendheid: *Feeks* is bekender as *helleveeg*; en
- Geslagskonnotasie: *Feeks* kan slegs vir vroue gebruik word, terwyl *helleveeg* dalk ook vir mans gebruik sou kon word.

As ons per woord die produksie en persepsie, en die taboewaarde vir die self en vir ander met mekaar vergelyk, dan sien ons dat respondente meen dat:

- hulle self *feeks* min gebruik, maar dit tog meer gereeld teëkom;
- hulle *helleveeg* min gebruik en min teëkom;
- beide *feeks* en *helleveeg* aanstootliker vir ander mense is as vir hulle self.

Hoewel hierdie resultate op sigself interessant is, is die vrae vir toekomstige navorsing (oor ander woorde) selfs interessanter, byvoorbeeld:

- Is die VSTT 'n gepaste statistiese toets om hierdie tipe data mee te analiseer? Waarom is die statistiese beduidendheid van die WSTT telkens presies dieselfde as dié van die VSTT, ten spyte van die feit dat die aanname van WSTT nie nagekom is nie?
- Is daar metodes (byvoorbeeld statistiese toetse) wat 'n mens kan gebruik om datastelle te vergelyk met ongelykhede (soos byvoorbeeld meer respondente vir

woord X as vir woord Y)? Hoe kan ons sulke ongelyke datastelle normaliseer om hulle wel vergelykbaar te maak?

- Hoe kan ons die betroubaarheid van hierdie data aan die hand van ander bronne verifieer? Byvoorbeeld, die selfgerapporteerde frekwensies kan met korpusdata vergelyk word om te bepaal of die verskille tussen woorde ook in ander data gereflekteer word.
- Die verskil tussen die taboewaarde vir die self teenoor die taboewaarde vir ander mense is nie verrassend nie: Mens sal geneig wees om te sê dat hulle minder aanstoot sal neem as ander mense. Is daar dalk ander maniere as selfrapportering wat 'n mens kan gebruik om die taboewaarde van woorde meer akkuraat te bepaal?
- Tot slot, hoe kan hierdie insigte uit die data geoperasionaliseer word om van praktiese waarde te wees, byvoorbeeld vir uitgewers, film- en TV-vervaardigers, regsgeleerdes, en so meer?

## ERKENNING

Finansiële ondersteuning deur die Suid-Afrikaans Akademie vir Wetenskap en Kuns maak hierdie navorsing ten dele moontlik. Die in natura-bydraes van BlueTek Computers, WatKykJy.co.za, Afrikaans.com en Maroela Media word ook hiermee met dank erken. Dank ook aan die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT), *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) en die Sentrum vir Tekstegnologie (CTeXt) van die Noordwes-Universiteit wat materiaal uit hulle onderskeie databasisse met ons gedeel het.

Verskeie medewerkers en studente werk aan verskeie aspekte van die projek en hierdie navorsing spesifiek; hulle name verskyn by <https://vloek.co.za/oor-ons>.

## BELANGEVERKLARING

Ten einde die navorsing ten beste te operasionaliseer, is daar in oorleg met die Noordwes-Universiteit besluit dat 'n onafhanklike projekwebblad vir die projek opgerig en onderhou word. Dié webblad, **vloek.co.za**, is ontwikkel en word besit deur Viridevert NPC (2016/411799/08), 'n maatskappy sonder winsbejag wat by die SAID geregistreer is as 'n opvoedkundige openbare weldaadsorganisasie (OWO) met belastingvrystelling ('n sogenaamde “artikel 18(a)-maatskappy”) en met 'n eie bankrekening by FNB. Gerhard B van Huyssteen is een van die direkteure van die maatskappy.

## ETIEKKLARING

Die projek se oorhoofse etiekklaring is op 21 Mei 2019 by die Noordwes-Universiteit se Language Matters Ethics Committee geregistreer; die registrasienommer is NWU-00632-19-A7.

## BIBLIOGRAFIE

- Allan, K (ed.) 2019. *The Oxford Handbook of Taboo Words and Language*. Oxford: Oxford University Press.
- AWS<sup>4</sup>: Boshoff, SPE, Bosman, DB, Le Roux, TH & Malherbe, DF., in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns. 1931. *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. 4e uitgawe. Bloemfontein, Kaapstad & Stellenbosch: Nasionale Pers.
- Beers Fägersten, K. 2007. *A sociolinguistic analysis of swearword offensiveness*. Saarbrücken: Universität des Saarlands. [https://www.researchgate.net/publication/265009714\\_A\\_sociolinguistic\\_analysis\\_of\\_swearword\\_offensiveness](https://www.researchgate.net/publication/265009714_A_sociolinguistic_analysis_of_swearword_offensiveness) [22 August 2021].
- Beers Fägersten, K. 2012. *Who's Swearing Now? The Social Aspects of Conversational Swearing*. Newcastle upon Tyne: Cambridge Scholars Publishing.
- Beers Fägersten, K & Stapleton, K (eds). 2017. *Advances in Swearing Research: New Languages and New Contexts*. Amsterdam: John Benjamins.
- Bergen, BK. 2016. *What the F: What Swearing Reveals About Our Language, Our Brains, and Ourselves*. New York: Basic Books.
- Boshoff, SPE & Nienaber, GS. 1967. *Afrikaanse etimologieë*. Pretoria: Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.
- Calitz, FC. 1979. Spot, skel en verwante verskynsels in Afrikaans. PhD-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Coetzee, F. 2018. "Hy leer dit nie hier nie ("He doesn't learn it here"): talking about children's swearing in extended families in multilingual South Africa." *International Journal of Multilingualism*, 15(3): 291-305.
- Colleman, T. 2015. Constructionalization and post-constructionalization: The constructional semantics of the Dutch krijgen-passive in a diachronic perspective. In: Barödal, J, Smirnova, E, Sommerer, L & Gildea, S. *Diachronic Construction Grammar*. Amsterdam: John Benjamins, pp. 213-255.
- Colleman, T. 2016. A reflection on constructionalization and constructional borrowing, inspired by an emerging Dutch replica of the 'time'-away construction. *Belgian Journal of Linguistics*, 30:91-113.
- Dekker, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: Hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. *Lexikos*, 1:52-60.
- De Vries, J. 1971. *Nederlands Etymologisch Woordenboek*. Leiden: Brill.
- De Vries, M, Te Winkel, L A e.a. 1864–1998. *Woordenboek der Nederlandsche taal*. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- De Vries, W. 1915. Etymologiese aantekeninge: *feeks*. *Tijdschrift voor Nederlandse Taal- en Letterkunde*, 34:10.
- Eiselen, ER & Van Huyssteen, GB. 2021. Using ordinal logistic regression to analyse self-reported usage of, and attitudes towards swearwords. *Proceedings of the International Conference of the Digital Humanities Association of Southern Africa 2021*, 29 November to 3 December, DHASA, South Africa.
- Endresen, A & Janda, LA. 2017. Five statistical models for Likert-type experimental data on acceptability judgments. *Journal of Research Design and Statistics in Linguistics and Communication Science*, 3(2):217-250.
- Enghels, R & Garachana Camarero, M. 2021. Grammaticalization, Lexicalization, and Constructionalization. In: Wen, X & Taylor, JR (eds). *The Routledge Handbook of Cognitive Linguistics*. New York: Routledge, pp. 314-332.
- Feinauer, AE. 1981. Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans. MA-verhandeling, Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Heckathorn, DD. 1997. Respondent-Driven Sampling: A New Approach to the Study of Hidden Populations. *Social Problems*, 44(2):174-199.
- Hilpert, M. 2013. *Constructional change in English: Developments in allomorphy, word formation, and syntax*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Jay, T. 1992. *Cursing in America: A psycholinguistic study of dirty language in the courts, in the movies, in the schoolyards and on the streets*. Amsterdam: John Benjamins.
- Jay, T. 2000. *Why we curse: A neuro-psycho-social theory of speech*. Amsterdam: John Benjamins.

- Köbler, G. 2014. *Altsächsisches Wörterbuch*. 5th ed. <http://www.koeblergerhard.de/aswbhinw.html> [10 September 2021].
- Liebenberg, H, Lubbe, J, Cloete, A, Jordaan, A & Van Wyk, G. 2003. *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Stellenbosch: Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal.
- Luther, J, Pfeiffer, F & Gouws, RH (reds.). 2015. *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. 6e uitgawe. Kaapstad: Pearson.
- Lyngfelt, B, Borin, L, Ohara, K & Torrent, TT (eds). 2018. *Constructicography: Constructicon development across languages*. Amsterdam: John Benjamins.
- McWhorter, JH. 2021. *Nine nasty words: English in the gutter: then, now, and forever*, Kindle ed. New York: Penguin.
- Munzner, T. 2015. *Visualization Analysis and Design*. Kindle ed. AK Peters Visualization Series. Boca Raton: CRC Press.
- O'Driscoll, J. 2020. *Offensive Language: Taboo, offence and social control*. London: Bloomsbury.
- Philippa, M, Debrabandere, F, Quak, A, Schoonheim, T & Van der Sijs, N. 2003–2009. *Etymologisch Woordenboek van het Nederlands*. 4 volumes. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Pizarro Pedraza, A. 2018. *Linguistic Taboo Revisited: Novel Insights from Cognitive Perspectives*. Cognitive Linguistics Research [CLR]. Berlin: De Gruyter Mouton.
- Pokorny, J. 1959 [2007]. *Indogermanisches etymologisches Wörterbuch: An Etymological Dictionary of the Proto-Indo-European Language*. Bern: Francke.
- Rasinger, SM. 2008. *Quantitative research in linguistics*. London: Continuum.
- Scheepers, R. 2021. "Riana Scheepers borg die woord: *feeks*". Facebookplasing, <https://www.facebook.com/diewoordeboek/posts/10159460135944085> [22 August 2021].
- Schiller, K & Lübben, A. 1875. *Mittelniederdeutsches Wörterbuch*. Volume 5. Bremen: J. Kührtmann.
- Traugott, EC & Trousdale, G. 2013. *Constructionalization and constructional changes*. Oxford: Oxford University Press.
- Van der Merwe, HJJM. 1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste*. Pretoria: JL van Schaik.
- Van der Veen, KF & Boer, RD (reds.). 1984–2010. *Wurdboek fan de Fryske taal / Woordenboek der Friese taal*. 25 volumes. Ljouwert/Leeuwarden: Fryske Akademy.
- Van der Walt, A. 2019. *Linguistiese eienskappe en konvensionalisering in Zefrikaans op die WatKykJy?-blog: 'n korpuslinguistiese ondersoek*. MA-verhandeling. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit.
- Van Huyssteen, GB. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator*, 17(3):119-135.
- Van Huyssteen, GB. 1998. Die leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 16(2):63-71.
- Van Huyssteen, GB. 2019. *Vloek Afrikaanssprekendes regtig? Betroubaarheid van 'n eerste grootskaalse meningspeiling se resultate*. Vloek.co.za. <https://vloek.co.za/blogs/navorsing/vloek-afrikaanssprekendes-regtig> [16 Augustus 2021].
- Van Huyssteen, GB. 2021. *Swearing in South Africa: Multidisciplinary research on language taboos*. International Conference of the Digital Humanities Association of Southern Africa 2021, South Africa, 29 November to 3 December.
- Van Sterkenburg, PGJ. 2019. *Rot lekker zelf op: Over politiek incorrect en ander ongepast taalgebruik*. Schiedam: Scriptorium.
- Van Veen, PAF & Van der Sijs, N. 1997. *Etymologisch woordenboek: de herkomst van onze woorden*. 2e uitgawe. Utrecht/Antwerpen: Van Dale Lexicografie.
- Van Wijk, N. 1936 [1912]. *Franck's Etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal*. 2e uitgawe. Den Haag: M. Nijhoff.
- Verwijs, E & Verdam, J. 1885–1929. *Middelnederlandsch Woordenboek (MNW)*. 6 volumes. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.
- Von Fallersleben, H. 1845. *Niederländische Glossare des XIV. und XV. Jahrhunderts nebst einem Niederdeutschen*. Leipzig: Engelmann.

# Op pad na 'n omvattende aanlyn woordeboek – met spesifieke verwysing na die *Woordeboek van die Afrikaanse taal*

*Towards a comprehensive online dictionary – with specific reference to the Woordeboek van die Afrikaanse taal*

**RUFUS GOUWS**

Departement Afrikaans en Nederlands  
Universteit Stellenbosch  
Stellenbosch  
Suid-Afrika  
E-pos: rhg@sun.ac.za



Rufus Gouws

**RUFUS GOUWS** is Professor in Afrikaanse Taalkunde in die Departement Afrikaans en Nederlands aan die Universiteit Stellenbosch. Sy navorsing, onderrig en nagraadse studieleiding is primêr gerig op die metaleksikografie – 'n navorsingsveld waarbinne hy wye nasionale en internasionale erkenning geniet. Sy publikasies sluit talle artikels, hoofstukke in boeke en boeke in. Hy is medesamesteller van die gesaghebbende *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography* asook van die *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of Lexicography and Dictionary Research*. Hy is medesamesteller van verskeie woordeboeke waaronder die toonaangewende *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) en die *Frequency Dictionary Afrikaans/Frekwensiewoordeboek van Afrikaans*. Gouws is een van die redakteurs van die Duitse uitgewer De Gruyter se tydskrif *Lexicographica* asook die boekreeks *Lexicographica Series Maior*.

Hy is 'n NNS-geëvalueerde navorser en die ontvanger van verskeie pryse en toekennings, onder meer die CJ Langenhovenprys vir Taal-

**RUFUS GOUWS** is Professor of Afrikaans linguistics in the Department of Afrikaans and Dutch at Stellenbosch University. His research, teaching and postgraduate supervision primarily focus on metalexigraphy – a research field in which he enjoys significant national and international recognition. His publications include many papers, chapters in books and books. He is co-author of the authoritative *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography* and the *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of Lexicography and Dictionary Research*. He is co-editor of a number of dictionaries, including the leading *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) and the *Frequency Dictionary Afrikaans/Frekwensiewoordeboek van Afrikaans*. Gouws is one of the editors of the German publisher De Gruyter's journal *Lexicographica* as well as the book series *Lexicographica Series Maior*.

He is an NRF-rated researcher and the recipient of a number of prizes and awards inter alia the CJ Langenhoven prize for Linguistics and the NP van Wyk Louw medal, both awarded

**Datums:**

Ontvang: 2021-02-19

Goedgekeur: 2021-05-20

Gepubliseer: Desember 2021

wetenskap en die NP van Wyk Louw-medalje, albei toegeken deur die SAAkademie vir Wetenskap en Kuns, die Toekenning vir Taalwetenskap van die SA Linguistevereniging, die Deense Vilhelm Kann Rasmussen Stigting se toekenning vir besoekende professore en die Kanseljaarstoekenning vir navorsing aan sy tuisuniversiteit.

by the South African Academy for Science and Arts, the Award for Linguistics, awarded by the SA Linguistics Association, the Danish Vilhelm Kann Rasmussen Foundation's award for visiting professors and the Chancellor's Award for Research from his home university.

## ABSTRACT

### ***Towards a comprehensive online dictionary – with specific reference to the Woordeboek van die Afrikaanse taal***

*Similar to other comprehensive dictionaries, the Woordeboek van die Afrikaanse Taal (Dictionary of the Afrikaans Language) has been planned and compiled in a print format. Although some completed comprehensive dictionaries have been adapted to some kind of electronic dictionary they can often only be regarded as print dictionaries in digital format because there is not an optimal utilisation of the possibilities offered by the online environment. Changing such a dictionary to a fully fledged online dictionary demands critical thinking, the formulation of a new dictionary conceptualisation plan and a meticulous awareness of insights from both the lexicographic practice and metalexicography.*

*Work on the comprehensive Woordeboek van die Afrikaanse taal (WAT) was commenced in 1926 and the last volume of this dictionary should be completed in 2028. During the last decades the editors adapted the dictionary to the digital format to complement the printed version. The final volumes of this dictionary will only be produced in electronic format. After 2028 the editors will have the opportunity to embark on a complete revision of the dictionary – also to ensure that work done in the previous century is on par with the latest version of the lexicographic process of this dictionary and that presentation and treatment are executed in a consistent way. It will also be an opportunity for the editors to make a transition to a true online dictionary in which the possibilities of this medium are optimally used.*

*This paper focuses on this transition to a complete online version. In this regard attention is given to the typological nature of a comprehensive dictionary and some of the possible adjustments the editors might consider when revising this dictionary are discussed. It is shown how important it is to introduce a data distribution structure that can ensure that lexicographic data are accommodated in the best possible venues. The use of outer features to complement the central list is briefly discussed. The online environment allows a transition from a static to a dynamic and multi-layered article structure. Suggestions are made to use such a multi-layered article structure in which non-typographical indicators are replaced by data-identifiers to assist the user in a rapid access to the required data.*

*Using a new type of article structure can also be supported by new ventures with regard to the microstructure. Instead of the integrated microstructure currently prevailing in the WAT a new version of a semi-integrated microstructure is suggested. This structure will accommodate a limited number of co-text items in integrated text blocks in the various sub-comments on semantics to ensure that the text production function can be achieved. In addition, non-integrated text blocks will be introduced to accommodate the majority of co-text items. Seeing the dictionary as a component of a search universe, lexicographers could give their users access not only to the curated co-text items in the dictionary but also to non-curated data in*

*the corpus of the dictionary. This approach will strengthen the WAT as reference source and will be an added value for researchers in linguistics.*

*Although the default articles in the WAT do not contain items giving the etymology of words, the editors of this dictionary have already compiled an etymological dictionary. The WAT and the etymological dictionary can both feature in a dictionary portal and from the articles of the WAT users can be referred to an item in the etymological dictionary. Such a search domain will also be able to accommodate other lexicographic products to which dictionary users can be referred.*

*Lexicographic functions need to be negotiated in the planning of the online WAT. Currently this multifunctional dictionary responds to the diverse needs of users by achieving both communicative and cognitive functions. Due to the original planning of this dictionary, users often are not aware of its functions. In this contribution it is shown how various procedures could be followed to enhance the multifunctional value of an online version of this comprehensive dictionary. Besides the use of outer texts, it is shown how a semi-integrated microstructure could be used in an innovative way to separate semantic and encyclopaedic data in dictionary articles. A text block that focuses on encyclopaedic data can enhance the response of the WAT to the cognitive needs of its users.*

**KEYWORDS:** cognitive function, co-text, data distribution structure, data-identifiers, frame structure, lexicographical functions, outer features, search area, search domain, search field, search universe, search zone, semi-integrated microstructure, structural indicators

**TREFWOORDE:** buitekenmerke, data-identifiseerders, dataverspreidingstruktuur, kognitiewe funksie, koteks, leksikografiese funksies, raamstruktuur, semi-geïntegreerde mikrostruktuur, soekdomein, soekgebied, soek-universum, soeksone, soekveld, struktuurmerkers

## **OPSOMMING**

Soos verskeie ander tale se omvattende woordeboeke is die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* as gedrukte woordeboek beplan en saamgestel. Die hele woordeboek is intussen in elektroniese formaat beskikbaar en die laaste dele sal glad nie in gedrukte formaat verskyn nie. Na voltooiing van die werk in 2028 het die Redaksie die geleentheid om die hele woordeboek te herbewerk en ook om dit as 'n volwaardige aanlyn woordeboek beskikbaar te stel. So 'n herbewerking vereis die formulering van 'n nuwe woordeboekkonseptualiseringsplan wat erkenning gee aan werk wat in die leksikografiepraktyk asook in die metaleksikografie gedoen is.

Hierdie bydrae wys op 'n aantal aspekte waaraan die Redaksie kan aandag gee in hulle benutting van die moontlikhede van die aanlyn omgewing. Die fokus is op die aard van 'n omvattende woordeboek, die nuwe dataverspreidingstruktuur, 'n nuwe artikeluitleg, 'n veranderde mikrostruktuur wat ook aanpassings in die aard en omvang van die aanduiders insluit, asook 'n besinning oor die tersaaklike leksikografiese funksies.

## **1. Inleiding**

Vir gedrukte woordeboeke bestaan daar uitvoerige tipologiese klassifikasies, vergelyk byvoorbeeld Zgusta (1971:198-222). Alhoewel daar oorvleueling tussen sommige woordeboeksoorte bestaan, maak die tradisionele klassifikasietodes dit moontlik om 'n

woordeboek in 'n tipologiese klas te plaas op grond van bepaalde klaskenmerke waaraan die betrokke woordeboek voldoen. Tradisionele klassifikasie werk grootliks met kenmerke soos omvang, inhoud en, in 'n mindere mate, die aangewese gebruiker. Ontwikkeling in die teoretiese leksikografie en 'n veel sterker gebruikersgerigtheid as vroeër, met die leksikografiese funksies van 'n woordeboek wat baie meer bepalend geraak het, het gelei tot voorstelle vir 'n soepeler klassifikasie wat eerder op die leksikografiese funksies van 'n bepaalde woordeboek, as net sy tradisionele tipologiese kenmerke moet berus (Gouws, 2007).

Die oorgang vanaf gedrukte na aanlyn woordeboeke kan met reg beskou word as een van die ingrypendste veranderings in die historiese ontwikkeling van die leksikografie. Vergelyk in hierdie verband Rundell (2012:72). Die invloed van hierdie oorgang op woordeboektipologie is nog nie genoegsaam ondersoek nie, maar die omvang daarvan mag nie onderskat word nie. Leksikograwe moet bewus wees van moontlike veranderinge wat in die leksikografiese praktyk haalbaar is, en vanuit die metaleksikografie moet leiding gegee word oor nuwe tipologiese moontlikhede en aanpassings wat in hierdie verband gemaak kan word. Leksikograwe moet in die beplanning en opstel van aanlyn woordeboeke, asook in die omskakeling van gedrukte na aanlyn woordeboeke, sekere kennis afleer, (vergelyk Gouws, 2011), ook ten opsigte van sommige tipologiese kenmerke wat vir 'n gedrukte woordeboek geld.

Nog geen omvattende woordeboek is van meet af beplan en saamgestel as 'n aanlyn produk nie. Omvattende woordeboeke soos die *Oxford English Dictionary* (die OED) en die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* (die WNT) is in die pre-aanlyn era voltooi. Die koms van die digitale tydperk het wel daartoe gelei dat hierdie woordeboeke in elektroniese formaat beskikbaar gestel is en selfs ook aanlyn toeganklik is. Die inhoud en leksikografiese bewerking van hierdie woordeboeke weerspieël steeds die werk wat ten gunste van die gedrukte weergawes gedoen is en hierdie woordeboeke benut die moontlikhede van aanlyn leksikografie in 'n beperkte mate.

Die *Woordeboek van die Afrikaanse taal* (die WAT) is as gedrukte woordeboek beplan en vir 'n lang tyd slegs in dié formaat saamgestel. Aangesien die oorgang na die digitale era, sowel die elektroniese as die aanlyn, tydens die voortgaande werk aan die WAT plaasgevind het, het die onvoltooide weergawe van hierdie woordeboek as 'n elektroniese weergawe (in CD-ROM-formaat) sowel as 'n aanlyn weergawe verskyn. Om verstaanbare en voor die hand liggende redes, soos wat die geval ook met onder meer die OED en die WNT is, benut hierdie aanlyn weergawe van die WAT nie naastenby alle moontlikhede van die betrokke medium nie.

Volgens die WAT se tienjaarplan behoort die woordeboek teen 2028 voltooi te wees. Dan kan die Redaksie begin om die hele WAT te herbewerk, want in die eeu wat daar aan die voltooiing van dié woordeboek gewerk is, het die ontwikkeling van Afrikaans daartoe gelei dat talle byvoegings en aanpassings in die bestaande woordeboek nodig is. Hierdie herbe- werking bied nie net die geleentheid om inhoudelike vernuwing te verseker nie, maar dit behoort die Redaksie te dwing om 'n nuwe woordeboekplan te formuleer en in werking te stel. So 'n woordeboekplan sluit 'n woordeboekkonseptualisering in, vergelyk Wiegand (1998:137), en moet ook voorsiening maak vir die gepaste medium waarin die woordeboek aangebied moet word.

Die impak van die leksikografieteorie op die leksikografiepraktyk, en meer spesifiek op die werk aan die WAT, het reeds herhaaldelik aandag gekry. Vergelyk in hierdie verband onder meer Feinauer (1996) en Botha (2003). Vanuit sowel die metaleksikografie as die bestaande woordeboekpraktyk bestaan daar nog nie uitvoerige leiding oor wat die impak van die leksikografieteorie op die herbe- werking en volledige oorgang van 'n gedrukte na 'n volwaardige aanlyn weergawe van 'n omvattende woordeboek is en hoe hierdie proses aangepak en

deurgevoer moet word nie. In hierdie bydrae word enkele moontlike aanpassings bespreek wat in die herbewerking van die WAT in die oorgang na die aanlyn omgewing gemaak sou kon word. Dit word gedoen teen die agtergrond van die inhoud van die gedrukte weergawe maar met inagneming van die ontwikkeling in die metaleksikografie en woordeboektipologie.

## 2. Enkele tipologiese kenmerke van 'n omvattende woordeboek met verwysing na die WAT

Dit is veral die omvang van 'n omvattende woordeboek wat hierdie woordeboeksoort op verskillende vlakke van ander eentalige verklarende woordeboeke onderskei. Die omvattendheid van 'n omvattende woordeboek is onder meer merkbaar in die keuse van items om as lemmas opgeneem te word, in die aantal datatipes wat in die bewerking gebruik word en ook in die omvang van die bewerking per datatipe (Gouws, 2017:442).

### 2.1 Keuse van lemmas

Per tipologiese opdrag moet 'n omvattende woordeboek so wyd as moontlik verslag doen van die leksikon van die betrokke taal wat in die woordeboek behandel word. Daarom het 'n omvattende woordeboek meestal 'n historiese aanslag deurdat lemmakandidate sowel 'n sinchroniese as 'n diachroniese benadering weerspieël. Die WAT se benoeming as 'n omvattende woordeboek “wat oorwegend sinchronies van aard is” (WAT XV:ix) dui eintlik op 'n inherente teëspraak – “omvattend” behoort nie deur “sinchronies” beperk te word nie. Dit is egter 'n beperking wat die redaksie van die WAT self ingebou het en wat hulle in hulle opnamebeleid toegepas het. Hulle dui aan dat die sinchroniese aard veral neerslag vind in die ordening van betekenisonderskeidinge wat nie chronologies gerangskik word nie, maar volgens 'n empiriese ordeningsmetode.

Ook in die keuse van lemmas speel dit 'n rol. Die WAT se keuse van lemmas weerspieël in 'n hoë mate die hedendaagse taalgebruik in sy spektrum van variëteite en registers, maar, getrou aan sy omvattende tipologie, is daar wel ook talle woorde opgeneem wat ouer taalgebruik verteenwoordig. Dit is die gevolg van die diachroniese perspektief van hierdie woordeboek. Dit spruit ook daaruit voort dat in 'n meerdelige woordeboek wat oor so 'n lang tyd as die WAT voltooi word, dit onvermydelik is dat sommige woorde wat in die vroeë dele vir opname gekwalifiseer het nie noodwendig meer in latere fases van die werk vir opname sou kwalifiseer nie, aangesien hulle nie byvoorbeeld in 2015 die verlangde gebruiksfrekwensie het wat hulle byvoorbeeld in 1950 gehad het nie.

Die “sinchroniese” karakter van die WAT mag dus nie as absoluut verstaan word nie en die Redaksie noem dit dan ook (WAT XV:ix) dat die samestellers van die WAT hulle nie net toelê op die taal van die hede en die onlangse verlede nie maar ook op die Afrikaans van vroeëre jare. Dit bring dan mee dat hierdie woordeboek in sy keuse van lemmas ook sekere diachroniese kenmerke het – en dit bevorder sy omvattende aard en sy weerspieëling van 'n groot deel van die leksikon van Afrikaans.

### 2.2 Datatipes

Die datadigtheid, dit wil sê die kwantitatiewe verhouding tussen makro- en mikrostruktuurelemente, van 'n omvattende woordeboek moet hoog wees, dit wil sê daar moet 'n groot aantal datatipes in die mikrostrukturele bewerking van elke makrostruktuurelement

gebied word. Die artikelstruktuur van 'n omvattende woordeboek moet so beplan word dat dit ruimte bied vir 'n verskeidenheid soeksones wat deur die toepassing van die dataverspreidingsproses beset kan word. Die leksikografiese bewerking wat in 'n omvattende woordeboek aangebied word, behoort daardie spektrum van datatipes te bevat waaraan die tipiese teikengebruiker 'n behoefte het. Die WAT spesifiseer byvoorbeeld hierdie teikengebruiker as "... alle sprekers van Afrikaans ... maar veral die spektrum gebruikers wat strek vanaf senior hoërskoolleerders tot Afrikaansakademici." (WAT XV:ix) Juis hierdie spektrum van teikengebruikers noop die leksikograaf om data aan te bied wat nie eerstens vir die behoefte van die toevallige gebruiker daar is nie, maar vir gebruikers wat 'n behoefte het aan 'n betroubare taalkundige bron. Daarom word 'n omvattende woordeboek ook 'n naslaanwoordeboek genoem (vergelyk Garvin, 1947). Dit bevat data waaraan die teikengebruikers meer inligting moet kan onttrek as aan die aanbod in kleiner woordeboeke soos standaard- en aanleerderwoordeboeke.

'n Omvattende versameling datatipes sluit regstreeks aan by die omvattendheid van so 'n woordeboek as naslaanbron – kleiner woordeboeke kan nie alle datatipes bevat nie en gebruikers beroep hulle dus op omvattende woordeboeke vir, onder meer, daardie data wat nie in ander woordeboeke te vind is nie. Die verpligte mikrostruktuur se aanduiders van onder meer ortografie, woordsoort, betekenisverklaring en koteks, soos te vinde in kleiner woordeboeke, moet in 'n omvattende woordeboek byvoorbeeld aangevul word met aanduiders wat uitspraak gee. Uitspraak is 'n tipe taalkundige leiding wat meestal op 'n baie beperkte manier in ander eentalige verklarende woordeboeke verstrekkend word. Daarom behoort 'n omvattende woordeboek uitvoerige leiding in hierdie verband te gee.

Die uitgebreide mikrostruktuur van 'n omvattende woordeboek behoort ook voorsiening te maak vir aanduiders wat die herkoms van leksikale items verstrekkend. Selfs al het 'n omvattende woordeboek, dalk ten onregte, 'n sinchroniese benadering is etimologie 'n datatipe waaraan nie net taalkundiges nie maar ook talle ander woordeboekgebruikers 'n behoefte het. Hier behoort 'n omvattende woordeboek nie sy gebruikers teleur te stel nie.

### 2.3 *Bewerkingsomvang*

Omvangrykheid en volledigheid in die bewerking van elke datatipe is 'n kenmerk van omvattende woordeboeke. Vanuit sy tipologiese opdrag moet 'n omvattende woordeboek aan sy gebruikers 'n bepaalde toegevoegde waarde bied vergeleke met die data-aanbod wat in ander woordeboeke gevind word. Waar 'n standaardwoordeboek in sy ortografiese leiding miskien net een vorm van 'n woord aandui, behoort 'n omvattende woordeboek ook die ortografiese variante te verstrekkend. Wat uitspraakleiding betref, sal 'n kleiner woordeboek volstaan met die aanbieding van byvoorbeeld hoofklem en sillabeerverdeling. Die omvattende woordeboek behoort daarnaas ook die fonetiese transkripsie te bied van die woorde wat deur die lemmas verteenwoordig word. Ook in die verklaring van betekenis moet die betekenisparafrase (vergelyk Wiegand, 1989:546 e.v.) so geformuleer word dat dit meer as 'n kernagtige verklaring is en reg laat geskied aan die kognitiewe funksie wat in 'n omvattende woordeboek bevredig moet word, vergelyk Feinauer (2007:270).

## 3. **Van gedrukte woordeboek na aanlyn woordeboek**

Vir enige woordeboek moet die oorgang vanaf die gedrukte na die aanlyn formaat veel meer wees as net die gedrukte woordeboek wat in digitale formaat geplaas en aanlyn beskikbaar

gestel word. Dit vereis 'n ingrypende en kritiese beplanning en die formulering van 'n nuwe komponent in die bestaande, oorhoofse woordeboekplan se woordeboekkonseptualiseringsafdeling. Volgens Wiegand (1998:138) bestaan 'n oorhoofse woordeboekplan uit twee hoofafdelings, te wete 'n organisasieplan en 'n woordeboekkonseptualiseringsplan. Die laasgenoemde afdeling bestaan uit 'n algemene deel en 'n deel wat die sogenaamde instruksieboek bevat. Hierin kom onder meer aspekte soos die woordeboekbasis, die artikelformulering en die uitleg- en drukvoorbereiding voor. In hierdie afdeling kan 'n nuwe komponent gevoeg word, te wete die omskakeling vanaf die gedrukte na 'n aanlyn weergawe. Dit word dan 'n formele deel van die woordeboekplan.

Die afgelede dekades se ontwikkeling in die metaleksikografie het die fokus op veral drie kernaspekte van enige leksikografiese projek geplaas, te wete die inhoud, die strukture en die funksies (Gouws, 2005). In die beplanning van 'n nuwe woordeboek moet die leksikograaf bepaal wie die teikengebruiker van daardie woordeboek is, asook wat die leksikografiese behoeftes en naslaanvaardighede van daardie teikengebruiker is. Dit lei tot 'n vasstelling van die leksikografiese funksies wat deur die woordeboek bevredig moet word, tot die keuse van lemmakandidate en datatipes wat daardie funksie kan help bevredig en tot die vasstelling van strukture vir die aanbieding van die gekose aanduiders.

Met sy voltooiing in 2028 sal die WAT as omvattende woordeboek 'n hibridiese aard hê deurdat dit as 'n gedrukte woordeboek beplan is, en dat die grootste aantal dele dien-ooreenkomstig saamgestel en gepubliseer is, maar dat die bestaande woordeboekdele later ook in 'n digitale formaat verskyn het, en die laaste dele uitsluitlik digitaal – na 'n uitvoerige herbeplanning van die e-bewerking.

Indien 'n mens die voltooide WAT as 'n afgehandelde produk sou beskou, hoef daar niks verder daaraan gedoen te word nie. Indien dit egter beskou word as 'n voortgaande projek wat deurentyd verslag wil doen van die ontwikkelinge in die leksikon van Afrikaans, moet daar besin word oor hoe die voortgaande werk moet geskied. Eerstens sou die bestaande artikels waar nodig geredigeer kon word en sou nuwe artikels bygevoeg kon word. 'n Alternatief tot so 'n benadering sou wees om 'n volledig nuwe beplanning te hê wat ten opsigte van sowel die redigering en instandhouding van die bestaande woordeboek as die toevoeging van nuwe materiaal geld en ook gerig is op die inwerkingstelling van nuwe leksikografiese metodes en 'n aanpassing by die aanlyn omgewing. Dit is die benadering wat in hierdie bydrae bepleit word en ten opsigte waarvan enkele voorstelle gemaak word.

#### **4. Uitbreiding in die omvattendheid van 'n omvattende woordeboek**

In die omskakeling van die WAT na 'n volwaardige aanlyn woordeboek wat die moontlikhede van die medium optimaal benut, moet talle aspekte van die bestaande woordeboek behou word. Dit raak uiteraard ook die tipologiese klassifikasie. Wat al die belangrikste tipologiese kriteria betref, moet hierdie woordeboek aan sy tipologiese opdrag getrou bly, maar die behoud daarvan impliseer nie die afwesigheid van verandering nie. In 'n aanlyn weergawe van 'n omvattende woordeboek kan daar juis 'n veel beter aanbieding van alle vlakke van die verlangde omvattendheid gebied word.

##### *4.1 Aanpassings in die dataverspreidingstruktuur*

Woordeboeke is draers van tekssoorte (Wiegand, 1995:465). In die beplanning van woordeboeke, en dit geld ook die beplanning van die herbewerking van woordeboeke, speel besluite oor die dataverspreidingstruktuur 'n wesenlike rol. Die dataverspreidingstruktuur bepaal hoe

die data wat in 'n woordeboek as 'n draer van tekssoorte opgeneem word in die verskillende leksikografiese soekposisies van daardie woordeboek geplaas moet word. Vergelyk in hierdie verband Bergenholtz, Tarp en Wiegand (1999) asook Gouws (2018, 2018a).

Elkeen van die gedrukte dele van die WAT vertoon 'n raamstruktuur, vergelyk Kammerer en Wiegand (1998). Die buitetekste sluit telkens voor- en agtertekste in met die voortekste wat die spesifieke deel se titelblad en inhoudsopgawe bevat, asook bepaalde redaksionele tekste, skematiese voorstelling van artikels, toeligtigstekste, ensovoorts. Die agtertekste weerspieël 'n baie beperkte verskeidenheid met die fokus op regstellings, voorlopige byvoegings asook bronnelyste ten opsigte van die spesifieke deel. Wat die WAT as 'n geheel betref, moet al hierdie voor- en agtertekste as sekondêre buitetekste beskou word wat telkens aan die bepaalde deel 'n primêre raamstruktuur verleen, maar wat as sekondêre raamstruktuur van die woordeboek as geheel optree, vergelyk Gouws (2004).

In 'n nuwe aanlyn weergawe kan die buitetekste van die individuele dele verdwyn en die woordeboek kan 'n primêre raamstruktuur hê met buitetekste wat onmiddellike stukke van die woordeboek as geheel is. In 'n aanlyn weergawe verval die onderskeid tussen voor- en agtertekste omdat daar nie 'n vasgestelde opeenvolging van tekste bestaan nie. Die inhoud van die bestaande voortekste, byvoorbeeld die skematiese voorstelling van artikels, die toeligtigstekste, redaksionele opmerkings, ensovoorts kan steeds as buitetekste aangebied word. Vanuit die bestaande agtertekste kan een geamalgameerde bronnelys as buitetekste aangebied word wat al die bronne bevat waarna daar in die sentrale teks verwys word.

Die dataverspreidingsstruktuur van 'n aanlyn weergawe kan die buitetekste met vrug gebruik om én bestaande én nuwe data te akkommodeer. Tematiese sketsreekse soos die vlac in Deel II, die wildsbokke in Deel IV en die klipwerktuie in Deel VI kan as buitetekste aangebied word. Vergelykbare temareekse kan bygevoeg word – met 'n ingeboude skakel daarheen in die relevante artikels in die sentrale teks. Die bevrediging van die kognitiewe funksie van die woordeboek kan sodoende uitgebrei word deur ook ander datatipes buite die sentrale teks aan te bied.

Klosa en Gouws (2015) verwys eerder na *buitekenmerke* as *buitetekste* omdat dit in veral aanlyn woordeboeke nie net tekste is wat buite die sentrale teks, maar steeds binne die woordeboek, as datadraers optree nie. Oudio- en videomateriaal kan ook in sulke soekposisies verstrek word. Ook hier kan die WAT vernuwe word deur 'n verskeidenheid video- en klankopnames wat binne bestek van die woordeboek se kognitiewe funksie, die teikengebruikers aansienlik kan help. Om taalkundige hulp te bied, kan daar byvoorbeeld klankopnames van verskillende Afrikaanse dialekte verstrek word. As deel van die ensiklopediese data wat die kognitiewe funksie help bevredig, kan opnames van voëlgeluide naas video-opnames van Suid-Afrikaanse voëls verstrek word. Die buitekenmerke bied posisies aan die leksikograaf wat deur die dataverspreiding beset kan word en die leksikografiese bewerking van 'n omvattende woordeboek nog omvattender maak. Vir die WAT-redaksie kan die benutting van buitekenmerke 'n uitdagende maar leksikografies bevredigende taak word.

Die dataverspreidingsstruktuur van die aanlyn WAT kan ondersteun word deur 'n inligtingsonttrekkingstruktuur (vergelyk Gouws, 2021) wat die gebruiker lei om nie net data in die woordeboek self te vind nie, maar ook toegang bied tot woordeboek-eksterne bronne, veral die woordeboekkorpus, asook die internet. Die soekuniversum kan benut word as die woordeboek 'n datatrekkingstruktuur het (vergelyk Müller-Spitzer, 2013; Gouws, 2018, 2021) wat dit vir die gebruiker moontlik maak om inligting aan data te onttrek wat nie noodwendig leksikografies bewerk is nie. (Vergelyk ook paragraaf 4.3.2 in hierdie bydrae.) Daardeur word die moontlikhede van die omvattende woordeboek as 'n inligtingsbron ingrypend vermeerder.

Verskeie aanpassings in die dataverspreiding binne die sentrale teks is moontlik en selfs gewens. Een tipe aanpassing geld ten opsigte van die artikelstruktuur en -uitleg. Dit word in die volgende afdeling bespreek.

#### 4.2 Artikelstruktuur en -uitleg

Met inagneming daarvan dat die omvattende kenmerk van die WAT gehandhaaf word ten opsigte van onder meer lemmakeuse, die aantal datatipes wat telkens verskyn, asook die uitgebreidheid van die leksikografiese bewerking, moet daar aandag gegee word aan die artikelstruktuur en artikeluitleg. Volgens Wiegand, Feinauer en Gouws (2013:317) is 'n woordeboekartikel 'n toeganklike woordeboekinskrywing met die volgende drie kenmerke: dit het minstens een eksterne toegangselement; dit is 'n konstituent van 'n woordelys en dit bevat toeganklike leksikografiese data. Gouws (2014) toon aan hoe hierdie kenmerke ook in die woordeboekartikels van aanlyn woordeboeke geld.

In sommige aanlyn woordeboeke, onder andere die huidige weergawe van die WAT, word 'n soortgelyke artikelstruktuur gehandhaaf as wat in die gedrukte weergawe voorkom. Dit is 'n onderbenutting van die moontlikhede wat die aanlyn omgewing bied. Gouws (2014) wys gevolglik daarop dat aanlyn woordeboeke 'n volledig nuwe artikelstruktuur, die sogenaamde veelvlakkige artikelstruktuur, kan gebruik. 'n Veelvlakkige artikelstruktuur is byvoorbeeld te vind in die Duitse aanlyn woordeboek *lexico*, 'n produk van die Institut für deutsche Sprache in Mannheim, Duitsland se projek OWID ("Online-Wortschatz-Informationssystem Deutsch"). In hierdie woordeboek sien die gebruiker nooit die artikel as 'n geheel nie. Die opening-skermkoot bied 'n oorsig oor die twee hoofkomponente van die artikel en daarna word die gebruiker via die interne toegangstruktuur na skermkote gelei waar die gewenste data aangebied word en waaraan die gebruiker die tersaaklike inligting kan onttrek. Figuur 1-3 wys verskillende sulke artikelvlakke in die artikel van die lemma *Buch*.

Figuur 1 bied 'n deel van die openingskermskoot van die artikel van die lemma *Buch*. Hierdie skermkoot bevat twee hoofgedeeltes wat vergelykbaar is met die vormkommentaar en die semantiese kommentaar in die artikel van 'n gedrukte woordeboek. Die eerste deel is die "Lesartenübergreifende Angabe", dit is die aanduiders wat vir alle betekenisonderskeidinge geld, en die tweede afdeling is die "Lesartenbezogene Angaben", dit is die aanduiders ten opsigte van spesifieke betekenisonderskeidinge van die woord wat deur die lemma verteenwoordig word. Hierdie afdeling bied in vetdruk 'n semantiese identifisering van die betrokke betekenisonderskeiding. Daarna volg die kort betekenisparafrase.

Deur op die skakel "weiter" (verder) te klik, word die gebruiker na 'n volgende skermkoot geneem, byvoorbeeld die skermkoot in figuur 2. Hierdie skermkoot bied aan die gebruiker die vertrekpunt vir die bewerking van die eerste betekenisonderskeiding van *Buch*. Sentraal in hierdie skermkoot staan die data-identifiseerder wat die aanduiders van die betekenisparafrase merk. Onder die betekenisparafrase is twee verdere data-identifiseerders, te wete "Belege" (voorbeelde) en "Illustrationen" (illustriasies). Langs elk van hierdie twee identifiseerders is die skakel "anzeigen" (wys) en 'n klik daarop lei die gebruiker na voorbeeldaanduiders of illustrasie-aanduiders. Bokant die betekenisparafrase is 'n balk met verskeie ander data-identifiseerders wat elk 'n bepaalde datatipe aandui. Dit bied aan die gebruiker 'n kitstoegang tot hierdie soeksones – en vervang die gebruik van die tradisionele nietipografiese struktuurmerkers.



ellexiko

# Buch

---

**Lesartenübergreifende Angaben**

**Orthografie**  
 Normgerechte Schreibung: Buch  
 Worttrennung: Dieses Wort ist nicht trennbar.

**Wortbildung**  
 Vgl. die Angaben bei den einzelnen Lesarten.

**Herkunft und Wandel**  
 Etymologische Angaben: [anzeigen »](#)  
 Wandel 1700 bis 1945: -  
 Wandel seit 1945: -

**Wortbildungsprodukte**  
 (automatisch ermittelt) [weiter »](#)

---

**Lesartenbezogene Angaben** ⓘ

Lesart '**Druckerzeugnis**' [weiter »](#)  
 Mit *Buch* bezeichnet man ein gebundenes Druckerzeugnis mit Text und/oder Bildern.

Lesart '**gebundenes Erzeugnis**' [weiter »](#)  
 Mit *Buch* bezeichnet man ein aus mehreren Papierseiten bestehendes, gebundenes und meist unbedrucktes Erzeugnis, in dem man etwas eintragen kann.

Lesart '**Filmvorlage**' [weiter »](#)  
 Mit *Buch* bezeichnet man die inhaltliche Vorlage zu einem Film.

*Figuur 1*

'n Klik op so 'n data-identifiseerder lei die gebruiker na die soeksone wat die aanduiders bevat wat draers van die betrokke datatipe is. So sal 'n klik op "Grammatik" die gebruiker lei na die skermkoot wat in figuur 3 aangedui word en die soeksone bevat met grammatiese data oor *Buch* met betrekking tot sy eerste betekenisonderskeiding.

In 'n aanlyn weergawe van die WAT sou 'n veelvlakkige artikelstruktuur met so 'n vergestaltung van die interne toegangstruktuur 'n groot verbetering wees.

Volgens Wiegand (1989a:428) is 'n gestandaardiseerde woordeboekartikel as deelt eks van die sentrale teks 'n geordende versameling van funksionele leksikografiese tekssegmente. Die funksionele tekssegmente val in twee tipes uiteen (Wiegand, 1989a:427), te wete aanduiders en struktuurmerkers. Aanduiders is tekssegmente wat datadraers is en waaraan die gebruiker inligting kan onttrek wat aangebied is as deel van die bewerking van die lemma. Dit sluit



elexiko

# Buch

Lesart: 'Druckerzeugnis'

zur Übersichtsseite Lesarten im Überblick

Bedeutungserläuterung Kollokationen Konstruktionen Sinnverwandte Wörter Gebrauchsbesonderheiten Grammatik

## Erläuterung der Bedeutung / Funktion

Mit **Buch** bezeichnet man ein gebundenes Druckerzeugnis mit Text und/oder Bildern.

Belege anzeigen » Illustrationen anzeigen »

Wortklasse: Individuativum

Figuur 2



elexiko

# Buch

Lesart: 'Druckerzeugnis'

zur Übersichtsseite Lesarten im Überblick

Bedeutungserläuterung Kollokationen Konstruktionen Sinnverwandte Wörter **Gebrauchsbesonderheiten** Grammatik

## Grammatik

Wortart:	<b>Nomen</b> (Neutrum)
Nominativ Singular:	(das/ein) Buch
Genitiv Singular:	(des/eines) Buches (oft) (des/eines) Buchs (auch)
Nominativ Plural:	(die) Bücher

Figuur 3

byvoorbeeld betekensaanduiders, morfologieaanduiders, uitspraakaanduiders, koteksaan-  
 uiders, ensovoorts in. Struktuurmerkers is nie datadraers nie, maar funksionele tekssegmente  
 wat die gebruiker help om aanduiders te identifiseer en van mekaar te onderskei. Struk-  
 tuurmerkers word verdeel in tipografiese (byvoorbeeld kursiefdruk, vetdruk, romein) en  
 nietipografiese struktuurmerkers (byvoorbeeld tekens soos 'n driehoek of vierkant om 'n  
 bepaalde soeksone te merk).

Die gedrukte WAT het uiteraard talle aanduiders – wat in die aanlyn weergawe behou  
 moet word, maar daar is ook 'n verskeidenheid tipografiese en nietipografiese struktuurmerkers.  
 In 'n aanlyn woordeboek kan tipografiese struktuurmerkers in 'n beperkter mate gebruik word,  
 maar in plaas van nietipografiese struktuurmerkers kan eksplisiete data-identifiseerders gebruik  
 word om die gebruiker 'n kitstoegang tot bepaalde soeksone en aanduiders te gee. Vergelyk  
 weer die aanbieding in figuur 1-3 uit *ellexiko* waar sulke data-identifiseerders gebruik word in  
 plaas van nietipografiese struktuurmerkers. Alhoewel dieselfde data wat in die gedrukte  
 weergawe van die WAT voorkom ook in die aanlyn weergawe aangebied kan word, kan die  
 vindbaarheid van aanduiders en die soeksone waarin hulle verskyn, asook die onttrekking  
 van inligting veel vinniger geskied deur die artikelstruktuur se nietipografiese struktuurmerkers  
 met data-identifiseerders te vervang. In 'n veelvlakkige artikelstruktuur bied dit aan gebruikers  
 die moontlikheid om vinnig by die datatipes waaraan hulle 'n behoefte het, uit te kom sonder  
 deur die hele woordeboekartikel te hoef te beweeg.

In die herbewerking van die WAT om 'n volwaardige aanlyn woordeboek daar te stel wat  
 veel meer moontlikhede benut wat die aanlyn omgewing bied, sal dit goed wees om die  
 artikelstruktuur aan te pas. Die data in die bestaande artikels kan grootliks behou word met  
 aanpassings en wysigings waar nodig (vergelyk paragraaf 4.3. van hierdie bydrae) maar die  
 aanlyn weergawe bied nuwe verpakings- en aanbiedingsmoontlikhede. Die vasstelling van  
 die dataverspreidingsstruktuur van die woordeboek kan veel meer gebruikersukses bring, veral  
 vir 'n nuwe generasie woordeboekgebruikers, deur 'n veelvlakkige artikelstruktuur waarin  
 data-identifiseerders gebruik word, in te voer.

### 4.3 Die mikrostruktuur

#### 4.3.1 Mikrostruktuurtype en datatipes

In die beplanning van 'n aanlyn WAT sal aandag gegee moet word aan die tipe mikrostruktuur  
 wat benut word, asook aan die datatipes wat as aanduiders in die verskillende soeksone van  
 die woordeboekartikels verskyn, maar aandag moet ook gegee word aan data wat elders as  
 deel van die leksikografiese aanbod verstrekk word. In die volgende paragrawe word enkele  
 aspekte hiervan bespreek, met 'n fokus op die tipes mikrostruktuur, die benutting van 'n  
 soekuniversum, koteksaanuiders, etimologiese data en uitspraakleiding.

#### 4.3.2 Koteksaanuiders in 'n veranderde mikrostruktuur

In die artikels van die gedrukte weergawe van die WAT word 'n geïntegreerde mikrostruktuur  
 gehandhaaf, vergelyk Wiegand (1989b:482). As deel van die WAT se opdrag as omvattende  
 woordeboek, bevat baie artikels 'n beduidende aantal koteksaanuiders – sowel voorbeeldsinne  
 as kollokasies. In die geval van artikels waar die lemma 'n polisemiese leksikale item  
 verteenwoordig en die geïntegreerde mikrostruktuur dus duidelik blyk, is die verskillende  
 semantiese subkommentare dikwels verswaar. Alhoewel die groot aantal koteksaanuiders

die leksikografiese waarde van die WAT verhoog, kan 'n aangepaste verspreiding van hierdie data deur middel van 'n veranderde tipe mikrostruktuur die gebruiker in 'n hoër mate ter wille wees.

Ook hier kan 'n veelvlakkige artikelstruktuur help. Vir die aanlyn weergawe kan 'n aangepaste toepassing van 'n geïntegreerde mikrostruktuur gebruik word. In die geval van artikels met meerdere semantiese subkommentare kan die openingskermskoot van die artikel 'n verdeling vergelykbaar met dié van *lexiko* hê met 'n afsonderlike segment wat kort betekenisparafrases van elke semantiese subkommentaar bevat. 'n Klik op een van hierdie inskrywings lei die gebruiker dan na 'n sekondêre openingskermskoot, te wete dié van die betrokke semantiese subkommentaar. In hierdie skermskoot kom 'n nuwe weergawe van 'n geïntegreerde mikrostruktuur aan die orde – nie net koteksaanduiders nie maar ook ander aanduiders soos verwante woorde is per klik op 'n data-identifiseerder bereikbaar as inskrywings in dieselfde integraat. Vir die gebruiker van die aanlyn WAT wat op soek is na enkele koteksaanduiders ter bevrediging van 'n teksproduksiebehoefte, kan die groot aantal voorbeeldsinne oorweldigend wees. Vergelyk in hierdie verband figuur 4 met die talle koteksaanduiders in die eerste semantiese subkommentaar van die WAT-lemma *kerk* se artikel.

**kerk**  
**1 s.n.w., kerke; kerke.**  
**1 a** Gebou opgerig en gereserveer vir, gewy aan die openlike beoefening van die Christelike godsdiens in die vorm van bv. openbare erediens, bidure, misse en die bediening van die sakramente, asook vir die uitoefening van bepaalde ander funksies van kerkele aard deur kerkele ampsdraers, soos die waarnem van bv. huweliks-, begrafnis- en kroningsplegtigheid; kerkegebou, Christelike godsdiens-, bedehuis; godshuis, Gods huis, huis van God, huis van die Here: 'n Kerk word opgerig, herstel, ingewy, geresoureer. In die kerk gedoop, voorgestel, in die huwelik bevestig word. (Van)uit die kerk begrawe word, met 'n seremonie wat met 'n diens in die kerk aanvang. Daar heers 'n gewyde atmosfeer in hierdie kerk. 'n Mens gedra jou nie lui/rugtig in 'n kerk nie. 'n Kerk wy (Rooms-Katolie), deur bepaalde rituele handeling aan die diens van God wy; vgl. KERKWOEDING. Die altaar, beuk, dwarsskip, konsistorie, koor, (middel)skip, ringmuur, syskip, toring, transep van 'n kerk. 'n Kerk word dikwels genoem na of aangedui volgens o.a. (a) 'n heilige, 'n voorwerp van vereering, of 'n gebeurtenis in die Christelike geskiedenis, bv. die St. Pieterskerk, die St. Martinikerk, die Kerk van die Heilige Hart, van die Aankomping van die Drie-eenheid, die Grafkerk; (b) die boustyl, vorm of ander uiterlike kenmerk, bv. 'n Bisantynse, Gotiese, Romaanse kerk; 'n Barok-, dom-, halle-, hout-, klip-, koepeel-, kruis-, Renaissance-, strooitak-, (twee)toringkerk; (c) die taal- of geloofsgemeenskap wat dit gewoonlik gebruik, bv. die Afrikaanse, Anglikaanse, Apostoliese, Duitse, Engelse, Hervormde, Katolieke, Lutherse, Presbiteriaanse, Protestantse, Verenigde kerk; Metodiste-, Baptistekerke; (d) die land, landstreek, lokaliteit of plek waar dit geleë is, bv. 'n Franse, Italiaanse, Kaapse, Normandiese, Russiese kerk; 'n buite-, dorps-, kelder-, klooster-, kript-, onder-, plaas-, slot-, strandkerk; die Noorder-, Suiderkerk; (e) sy belangrikheid of posisie in die kerkmag van die betrokke geloofsgemeenskap, bv. die Grote Kerk; 'n katedrale, kollegiale, paragonale kerk; 'n broeder-, by-, dom-, hoof-, hulp-, kapittel-, moeder-, paragon-, tittel-, wykskerk; (f) die rasse- of ander gemeenskapsgroep vir wie dit meer bepaald bedoel is, bv. die leer-, sending-, studente-, vloot-, weermagskerk; (g) historiese omstandighede, bv. 'n nuwe, ou kerk; 'n gedek-, die Gelofte-, Voortrekkerkerk; (h) die bepaalde doel waarvoor dit gebou of gebruik word, bv. 'n doopkerk. Die preekstoel van die Lutherse Kerk en die Grote Kerk in Kaapstad is deur Anton Anreth ontwerp en uitgevoer. Die Griekse woord waarop ons kerk teruggevoer met woorde, is *kurion*, wat gedurende die vierde eeu 'n populêre verkorting van *kuriacon* in die Oos-Romeinse keiserryk was; *kuriacon* is 'n afleiding van *kurios* "heer", en dit beteken letterlik "huis" behorende aan die Heer" (J.J. Smith). Die Kerk was later die sterkste mag in al die lande van Wes-Europa, en steeds meer en meer aanskuilkerkerke en katedrale is opgerig (Magda Sauer). By Rooms-Katolieke en Anglikaanse heet die hoofkerk van 'n bisdom die katedraal; dit is die kerk waar die setel van die biskop gevestig is (J.J. Smith). Die meeste geboue van hierdie (Bisantynse) styl is die groot Christelike kerk van die Heilige Sofa (ontrent die jaar 550 n.c. gebou) (Magda Sauer). Die klooster is gewoonlik rondom die kerk gebou; so 'n kerk word dan abdy genoem (Brand van Niekerk). 'n Kapel beteken vandag 'n klein kerke, of ook wel 'n onderdeel van 'n groot kerk (J.J. Smith). Die "Platz" van Duitsland bekoor ons weer op 'n heel ander manier met hoe Gotiese bewind na 1643 min orrels in die kerke oorgee (J.P. Maian). Die trappies wat opvoer na die Kerk van die Drie-eenheid in die Piazza del Spagna (in Rome) is ook net so beroemd (Magda Sauer). Aan die Kaap is lyke rondom die kerkegebou of in die vloer van die kerk begrawe (C.W. Hudson). Die kerk was van eenvoudige klip, afgewit, met 'n gedekte skip en toring, omring deur 'n kerhof met 'n muur daaromheen (Joy Collier). Nie 'n sinagoge of tempel, nie 'n kerk of katedraal nie, maar hemel en aarde is die grootste getuies van Jesus se woorde (J.D. du Toit). Die bruidspaar, gevolg deur die stroomjunker en stroomsejie ... stap stadig die kerk binne en neem plaas voor die preekstoel (G.J. Otto). Daar was (klippe) wat so groot soos kerke was (C.J. Langenhoven). Net so beroemd as die Aya Sofia is 'n ander Bisantynse kerk, die San Marco, in Venesie (Brand van Niekerk). Anders as die Gotiese kerke, wat van die eenvoudige materiaal gebou is, is die geboue van die Renaissance versier met die rykste marmar van alle soorte (Magda Sauer). Die (Notre Dame van) Parys is in die vorm van 'n Latynse kruis gebou; byna al die Gotiese kerke is so gebou (Brand van Niekerk). Katedrale kerk (verouderd), katedraal (bet. J.J.). Vandag nog kan 'n mens van 'n katedrale kerk praat; maar in die reël is katedraal darem nou 'n selfstandige naamwoord (J.J. Smith). Kollegiale kerk (Rooms-Katolieke, Anglikaanse), vername kerk wat eger nie 'n katedrale kerk is nie, maar waaraan 'n kollege van kanunnike verbonde is; vgl. KAPITTELKERK.  
Vgl. KAPEL, J. A. 1. A.; KATEDRAAL; KERKHUIS, 2.  
**b** Enige (openbare) gebou, lokaal waarin of plek waar 'n aantal Christelike geloofsgenote of 'n Christelike gemeente telkens byeenkom om 'n gesamentlike godsdiensbeoefening te hou of godsdiensplegtige te volbring: Die Raadsaal van die Kasteel in Kaapstad was tegelyk die hofsaal en die kerk, want tot in 1704 is die openbare dienste hier gehou. \* Op sy bevel word die kerk, 'n ou skuur, bestorm en man, vrou en kind vermoor (A.J.

**Figuur 4**

Vir 'n omvattende aanlyn woordeboek sou 'n herinterpretasie van Wiegand (1996) se semigeïntegreerde mikrostruktuur tot 'n verbeterde toepassingsmoontlikheid kon lei. In die geïntegreerde komponent wat via die data-identifiseringsaanduiding of die sekondêre openingskermskoot bereikbaar is, kan 'n beperkte aantal koteksaanduiders verstrek word – genoeg om teksbegrip- en beperkte teksproduksiehulp te verleen.

Soos in figuur 1 aangedui, bevat die openingskermskoot van 'n artikel in *lexiko* twee hoofgedeeltes wat vergelykbaar is met die vormkommentaar en die semantiese kommentaar in die artikel van 'n gedrukte woordeboek. 'n Vergelykbare benadering in die aanlyn WAT sou die geïntegreerde optredes van koteksaanduiders in elk van die onderskeie semantiese subkommentare van hierdie semantiese kommentaar kon laat optree.

Vóór die lysing van die verskillende semantiese subkommentare in hierdie oorsigskerm-skoot sou die leksikograwe van die WAT vir die artikel 'n semigeïntegreerde mikrostruktuur kon verseker deur 'n bykomende teksblok aan te bring waarin die data van die niegeïntegreerde komponent (vergelyk Wiegand, 1989b:482) van die semigeïntegreerde mikrostruktuur aangebied word. In hierdie niegeïntegreerde teksblok kan al daardie koteksaanduiders uit al die semantiese subkommentare van die betrokke artikel van die gedrukte weergawe van die WAT verstrekkend word wat nie in die geïntegreerde komponente van die aanlyn weergawe verskyn nie. So 'n teksblok vertoon geen arbitrêre rangskikking van koteksaanduiders nie, maar handhaaf die nommering wat elders vir die verskillende semantiese subkommentare gebruik word sodat gebruikers probleemloos 'n bepaalde koteksaanduiders in die niegeïntegreerde teksblok met 'n betekenisonderskeiding in 'n bepaalde semantiese subkommentaar kan verbind en die koteksaanduiders laat aansluit by dié wat in die geïntegreerde teksblokke optree. Soos daar in die geïntegreerde teksblokke voorsiening gemaak kan word vir 'n onderskeid tussen voorbeeldsinne en kollokasies, kan dieselfde onderskeid ook in die niegeïntegreerde teksblok gemaak word.

'n Vernuwing wat in die niegeïntegreerde teksblok ingevoer kan word en wat reg sal laat geskied aan die omvattende benadering wat ook vir 'n historiese perspektief op taal voorsiening maak, is die chronologiese ordening van voorbeeldmateriaal. In die gedrukte WAT is daar tans voorbeeldmateriaal wat verteenwoordigend is van 'n wye tydsomvang. Daar is egter geen chronologiese ordening nie. Byvoorbeeld, vir die eerste betekenisonderskeiding van *rammel* is daar sitate uit 1996, 1932, 1931 en 1956 en vir *reun* kom die sitate uit 2005, 1950, 1969 en 1961. Vanuit 'n taalontwikkelingsperspektief sou dit waarde kon hê indien die herbewerking van 'n nuwe aanlyn WAT die voorbeeldmateriaal in chronologiese orde kan aanbied. Dit sou ook, veral in die niegeïntegreerde teksblok, 'n beter insig gee in die ontwikkeling in die gebruik van die betrokke woord. Hier kan die WAT in sy oorgang van gedrukte na aanlyn weergawe presies dieselfde data behou, maar die aanbieding kan die leksikografiese en taalkundige waarde daarvan verhoog.

Die toegang tot voorbeeldmateriaal wat 'n aanlyn omvattende woordeboek aan gebruikers bied, hoef nie beperk te word tot daardie voorbeeldsinne en kollokasies wat die leksikograaf kies om as koteksaanduiders opgeneem te word nie. Die aanlyn omgewing bied aan leksikograwe die moontlikheid om met behulp van 'n omvattende dataverspreidingsstruktuur en 'n inligtingsherwinningstruktuur (vergelyk Gouws, 2021) aan hulle gebruikers toegang tot data te bied wat buite die woordeboek as soekstreek val (vergelyk Gouws, 2018a:228). Die benutting van 'n soekuniversum (vergelyk Gouws, 2021) maak dit moontlik om inligting aan woordeboeksterne bronne te onttrek. Dit kan 'n wesenlike rol daarin speel om die toegang tot koteksdata meer op die spesifieke behoeftes van verskillende gebruikers te rig.

In die herbepanning van die WAT kan toegang bewerkstellig word tot bykomende voorbeeldmateriaal wat nie in die woordeboekartikels verskyn nie. In elke woordeboekartikel kan skakels ingebou word na bepaalde woordeboeksterne bronne wat in die betrokke woordeboek se soekuniversum verskyn. Figuur 5, 'n skermskoot uit *dict.cc*, wys die data-identifiseerder “i” (Inligting) wat langs verskillende aanduiders verskyn. 'n Klik op daardie aanduiders, hier langs die Engelse woord *wordbook*, lei die gebruiker na die skermskoot in figuur 6, met onder andere 'n lysie woordeboeksterne bronne – ander woordeboeke, asook google – waar bykomende tersaaklike inligting verkry kan word.

In 'n nuwe aanlyn WAT sou die woordeboekkorpus ook as 'n bron in die soekuniversum gelys kan word. Vanuit 'n woordeboekartikel sal 'n gebruiker dan na die lysie woordeboeksterne bronne en vandaar na die korpus, of selfs regstreeks vanuit die artikel na die korpus,

dict.cc English-German Dictionary

English-German translation for: Wörterbuch

Wörterbuch Search X auß...

DE ⇌ EN Options | Tips | FAQ | Abbreviations

Home | About/Extras | Vocab Trainer | Subjects | Users | Forum | Contributel Login | Sign Up

A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | U | V | W | X | Y | Z German: W

Dictionary English ← German: Wörterbuch Translation 1 - 51 of 51

English	German	Count
-	NOUN das Wörterbuch   die Wörterbücher SYNO Lexikon   Verzeichnis   Wörterbuch	edit
dictionary	Wörterbuch (n)	1553
glossary	Wörterbuch (n)	100
wordbook	Wörterbuch (n)	18
dick [school sl.]	Wörterbuch (n)	12
lexicon [dictionary]	Wörterbuch (n)	9
dicker [school sl.]	Wörterbuch (n)	5
code book	Wörterbuch (n)	
word book	Wörterbuch (n)	

2 Words: Nouns

automatic dictionary	automatisches Wörterbuch (n)
computerized dictionary	computerisiertes Wörterbuch (n)
trilingual dictionary	dreisprachiges Wörterbuch (n)
EDP dictionary	EDV-Wörterbuch (n)
monolingual dictionary	einsprachiges Wörterbuch (n)
electronical dictionary [rare] [electronic]	elektronisches Wörterbuch (n)
etymological dictionary	etymologisches Wörterbuch (n)
foreign-language dictionary	fremdsprachliches Wörterbuch (n)
grammatical dictionary	grammatikalisches Wörterbuch (n)
Grimm's dictionary	Grimm'sches Wörterbuch (n)
Grimm's dictionary	grimmisches Wörterbuch (n)

Figur 5

dict.cc English-German Dictionary

English-German translation for: Wörterbuch

Wörterbuch Search X auß...

DE ⇌ EN Options | Tips | FAQ | Abbreviations

Home | About/Extras | Vocab Trainer | Subjects | Users | Forum | Contributel Login | Sign Up

A | B | C | D | E | F | G | H | I | J | K | L | M | N | O | P | Q | R | S | T | U | V | W | X | Y | Z German: W

Dictionary English ← German: Wörterbuch Translation 1 - 51 of 51

English	German	Count
-	NOUN das Wörterbuch   die Wörterbücher SYNO Lexikon   Verzeichnis   Wörterbuch	edit
dictionary	Wörterbuch (n)	1553
glossary	Wörterbuch (n)	100
wordbook	Wörterbuch (n)	18
dick [school sl.]	Wörterbuch (n)	12
lexicon [dictionary]	Wörterbuch (n)	9
dicker [school sl.]	Wörterbuch (n)	5
code book	Wörterbuch (n)	
word book	Wörterbuch (n)	

2 Words: Nouns

automatic dictionary	automatisches Wörterbuch (n)
computerized dictionary	computerisiertes Wörterbuch (n)
trilingual dictionary	dreisprachiges Wörterbuch (n)
EDP dictionary	EDV-Wörterbuch (n)
monolingual dictionary	einsprachiges Wörterbuch (n)
electronical dictionary [rare] [electronic]	elektronisches Wörterbuch (n)
etymological dictionary	etymologisches Wörterbuch (n)
foreign-language dictionary	fremdsprachliches Wörterbuch (n)
grammatical dictionary	grammatikalisches Wörterbuch (n)
Grimm's dictionary	Grimm'sches Wörterbuch (n)
Grimm's dictionary	grimmisches Wörterbuch (n)

Context Menu:

- Voice Output
- Retranslate
- Correct a Mistake
- Source and Comments
- Forum Discussions
- Copy to Clipboard
- Google
- Wikipedia
- Wiktionary
- Leo
- PONS
- Langenscheidt
- MerrimWebster
- TheFreeDictionary
- More Links ...

Figur 6

kon beweeg. Vir die kundige woordeboekgebruiker en vir die navorser kan hierdie soort toegang 'n onbetwiste toegevoegde waarde hê. Woordeboekgebruikers moet wel daarop bedag gemaak word dat die koteksaanduiders in die woordeboekartikels geredigeerde data is, terwyl die korpus ongeredigeerde data bevat. Vergelyk ook Botma en Gouws (2020:31).

#### 4.3.3 *Etimologiese data*

Dit is reeds vroeër in hierdie artikel vermeld dat die gebruiker op grond van die opdrag aan 'n omvattende woordeboek etimologiese data in so 'n woordeboek kan verwag. Die gedrukte WAT bevat nie etimologiese data as aanduiders in die verpligte mikrostruktuur van sy artikels nie. Die behoefte aan etimologiese data in die aanlyn WAT impliseer nie noodwendig dat die mikrostrukturele aanbieding en ordening in die woordeboekartikels vir etimologie-aanduiders voorsiening moet maak nie; alhoewel dit 'n voorkeuropsie sou wees vanweë die regstreekse adressering tussen die etimologie-aanduider en die lemma van die betrokke artikel. Aanlyn woordeboeke werk met meer soekposisies as wat die geval met gedrukte woordeboeke is.

Wiegand, Beer en Gouws (2013:63) verwys na drie soekposisies in 'n gedrukte woordeboek, te wete die soekveld, dit is die sentrale teks; die soekgebied, dit is elke individuele artikel; en die soeksone, dit is die mikrostrukturele gleuwe in die artikelstruktuur wat akkommodasie bied aan aanduiders wat die onderskeie datatipes van die woordeboekartikel moet weergee. Verglyk in hierdie verband ook Wiegand (2000). Volgens Gouws (2018:225) kan 'n woordeboek as geheel, dit wil sê, die sentrale teks saam met alle buitetekste, as 'n soekstreek beskou word. Waar 'n woordeboek, tipies 'n aanlyn woordeboek, deel is van 'n woordeboekportaal vorm die portaal as soekplek 'n soekdomein.

Die Buro van die WAT het reeds as deel van sy leksikografiese aanbod die *Etimologie-woordeboek van Afrikaans* (die EWA) gepubliseer. Dit is ook 'n voortgaande projek waarvan daar reeds 'n supplement verskyn het. In die bewerking van die aanlyn WAT kan die skep van 'n woordeboekportaal wat onder meer toegang tot die aanlyn WAT asook die EWA bied, 'n soekdomein daarstel wat dit vir gebruikers moontlik maak om vanuit 'n WAT-artikel na die artikel van die ooreenstemmende lemma in die EWA gelei te word. Etimologiese inligting kan dus vanuit die aanlyn WAT onttrek word vir alle woorde wat as lemmas in die EWA verskyn.

#### 4.3.4 *Uitspraakleiding*

As omvattende woordeboek kan die WAT nie ontsnap aan sy opdrag om ook uitvoerige uitspraakleiding te bied nie. Nadat uitspraak-aanduiders in die vroeë dele van die WAT beperk is tot die gee van hoofklem en sillabeskeiding, het WAT IX-XIV volledige fonetiese transkripsies van die behandelde leksikale items gegee. Al het hierdie aanbieding soms sterk op die moontlike eerder as die werklike uitspraak gefokus, het dit 'n wesenlike rol gespeel in die bereiking van nog 'n mikpunt van 'n omvattende woordeboek. Vanaf deel XV is hierdie goeie leksikografiese leiding gestaak en is daar teruggeval op die beperkte manier van leidingverskaffing soos in die ouer WAT-dele voorgekom het.

In die herbewerking van die WAT sou die leksikograwe die tipe leiding wat in dele IX-XIV gebied is, kon uitbrei tot die res van die artikeltrajekte. In hierdie verband hoef die omvattendheid nie te impliseer dat elke moontlike uitspraakvariant aangedui hoef te word nie. In dele IX-XIV is daar soms 'n oormaat van uitspraakvorme aangedui wat nie altyd die werklike taal weerspieël het nie. In die herbewerking kan die Redaksie hulle beperk tot die algemeenste uitspraakvorm en indien daar meerdere variante is wat 'n redelike gebruiksfrekwensie het,

sou die tweede en verdere voorbeelde in afnemende gebruiksfrekwensie georden kon word.

In 'n aanlyn WAT wat die moontlikhede van die medium optimaal benut, kan die gebruiker verder gehelp word deur 'n oudiofunksie waarvolgens die uitspraak aangedui word. Soos in talle ander woordeboeke kan 'n data-identifiseerder, byvoorbeeld 'n klein luidspreker, gebruik word om die gebruiker na die oudio-aanduider te lei. Dit sou nie net 'n toegevoegde waarde vir die gebruiker bied nie, maar sou ook leksikografiese regstellende aksie ten opsigte van die WAT as omvattende woordeboek wees.

## 5. Leksikografiese funksies

In die ontwikkeling van die metaleksikografie word daar heelwat aandag gegee aan leksikografiese funksies en die belangrikheid daarvan in die beplanning en samestelling van enige woordeboek. Vergelyk in hierdie verband onder meer Bergenholtz en Tarp (2002) en Tarp (2000; 2008). Tydens die vroeë jare van die werk aan die WAT was daar min ondersteuning van metaleksikografiese aard en die belang van leksikografiese funksies het nog geen prominente rol gespeel nie. In die beplanning van die gedrukte WAT het leksikografiese funksies dus nie die keuse en aanbieding van data bepaal nie. In die herbewerking van die WAT en gepaardgaande oorgang na 'n volwaardige aanlyn woordeboek mag die belang van leksikografiese funksies nie onderskat word nie. Leksikografiese funksies moet 'n invloed op en die keuse van data én die aanbieding daarvan hê.

Wat die bevrediging van leksikografiese funksies betref, het 'n omvattende woordeboek ook 'n omvattende opdrag. So 'n woordeboek behoort 'n multifunksionele benadering te hê. Alhoewel leksikografiese funksies geen eksplisiete vermelding in die beplanning van die WAT gehad het nie, is die keuse en aanbieding van data wel van sodanige aard dat 'n multifunksionele gerigtheid duidelik merkbaar is. Die kommunikatiewe funksies van teksbegrip en teksproduksie word veral deur onderskeidelik die betekenisparafrese- en die koteksaanduiders vervul. 'n Omvattende woordeboek moet ook data bied ter bevrediging van 'n kognitiewe funksie. Soos reeds vroeër in hierdie artikel genoem, kan die aanbieding en bewerking van data wat op die kognitiewe funksie van die aanlyn WAT gerig is, grootliks uitgebrei word deur bykomende tekste in die buiteteksteafdeling. So 'n benutting van datahuisvesting elders in die soekstreek as net in die sentrale teks, benadruk nogmaals die omvattende karakter van die betrokke woordeboek.

In die betekenisparafrases van 'n omvattende woordeboek is dit onvermydelik dat nie net betekenisdata nie, maar ook 'n beperkte hoeveelheid ensiklopediese data ingesluit word. Hierdie ensiklopediese data word verstrek as deel van die uitvoering van die woordeboek se kognitiewe funksie.

In die verlede is die WAT dikwels gekritiseer vanweë 'n oordrewe ensiklopedisiteit in die leksikografiese definisies. Vergelyk in hierdie verband onder meer Combrink (1979) en Odendal (1979). In gedrukte woordeboeke is dit nie altyd maklik om betekenisdata van ensiklopediese data te skei nie. Die enkelveldvakwoordeboek vir leksikografie *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung / Dictionary of Lexicography and Dictionary Research* (die WLWF) skep wel in sy artikels ruimte vir verskillende kategorieë van aanduiders, onder meer een vir die leksikografiese definisie en een vir “verdere verklarings.” Die data in hierdie tweede gleuf is van 'n meer ensiklopediese aard en is ter vervulling van die woordeboek se kognitiewe opdrag. Vergelyk in hierdie verband figuur 7, 'n skermskoot van 'n deel van die artikel van die lemma *Findfunktion*. Die soeksones net ná die lemmateken en die vormkommentaar bevat die kort leksikografiese definisie in Duits. Daarna is daar 'n soeksones met die definisie in

Engels. Die nietipografiese struktuurmerker “•” identifiseer die soeksone waarin die verdere verklarings volg. Hierdie soeksone strek tot by die nietipografiese struktuurmerker wat die soeksone met verwysings na verwante terme identifiseer.

**Findefunktion** *die; -en*  
 Registerfunktion von allen mediostrukturellen Registern, die es einem Benutzer ermöglicht, anhand der Registerverweisangaben in einem der Zugriffssektoren des indirekten Registerzugriffsbereichs eines Registers lexicographische Daten zu finden.

**finding function** : index function of all mediostructural indexes that enables a user to find lexicographic data by means of index cross-reference items in one of the access sectors of the indirect index access area of an index.

- Als Beispiel diene der folgende Abschnitt aus einem alphabetischen zentralen Zugriffsregister, also einem solchen monodirektionalen Register, dessen indirekter Zugriffsbereich ein Wörterverzeichnis ist.

**Regiepult** 14.10 Film und Kino  
**regierbar** 9.52 Leicht  
**regieren** 15.74 Führung; 18.12 Herrschen  
**regierend** 18.12 Herrschen  
**Regierung** 15.71 Schicht; 15.74 Führung; 18.4 Politik; 18.9 Regierung; 18.10 Verwaltungsbehörde; 18.12 Herrschen  
**Regierungs-** 18.10 Verwaltungsbehörde  
 (DORNSEIFF 2004)

Ein Benutzer-in-actu, der z.B. bedeutungsverwandte Wörter zu *regierbar* sucht, muss mit dem Leitelement |regierbar| extern auf das Register zugreifen, und nachdem er den Registereintrag „**regierbar** 9.52 Leicht“ erreicht hat, anhand der Registerverweisangabe „9.52 Leicht“ einen Verweis erschließen und diesem durch die Ausführung einer Verweisbefolgungshandlung dadurch folgen, dass er eine im Handlungsausführungsbereich liegende externe Zugriffshandlung ausführt, die ihn zum Sachgruppentitel „9.52 Leicht“ bringt, in dessen zugehörigen sachgruppenbezogenen Wörterbuchartikel, der den Zugriffssektor bildet, bedeutungsverwandte Wörter zu finden sind. Die Findefunktion des vollständigen Zugriffsregisters im DORNSEIFF 2004 besteht also darin, dass ein Benutzer den geeigneten Zugriffssektor findet.

▷ *Handlungsausführungsbereich · mediostrukturelles Register · Registerfunktion · Registerzugriffsbereich · Zugriffssektor*

■ WIEGAND 2008c: 294 [HEW]  
 © af vindfunksie · bg функция за намиране ·  
 es función de localización · fr fonction de repérage ·

**Figuur 7**

Naas die rol van buitetekste ten opsigte van die kognitiewe funksie kan die artikels in die sentrale teks van die WAT ook bydra tot 'n hoër mate van bevrediging van die kognitiewe funksie. Die skermkoot van elke semantiese subkommentaar moet 'n soeksonne bevat waarin die aanduiding van die betekenisparafrase verstrekkend word. In die herbewerking van die WAT het die leksikograwe die verantwoordelikheid om die bestaande betekenisparafrases van die gedrukte WAT krities te beoordeel en waar nodig aanpassings te maak met die oog op die nuwe aanlyn weergawe. Dit is ook 'n geleentheid om die bestaande betekenisparafrases van 'n groot deel van die ensiklopediese inhoud te suiwer. Daardie ensiklopediese data moenie sonder meer uit die woordeboek geskrap word nie, maar sou 'n optrede kon kry in 'n nuwe artikelgleuf, te wete een wat vergelykbaar is met die WLWF se gleuf vir “verdere verklarings” wat ook ensiklopediese data kan huisves.

Die WAT-weergawe van die *lexiko*-skermkoot wat in figuur 2 verstrekkend is, sou 'n bykomende data-identifiseerder kon hê met behulp waarvan gebruikers by die artikelgleuf vir ensiklopediese en verdere verklarings sou kon uitkom. Hierdeur kan die gebruiker wat 'n groter teksbegrip as kognitiewe behoefte het, sy/haar verlangde inligting aan die verstrekbetekenisparafrase-aanduiding onttrek. Die gebruiker met 'n sterker kognitiewe behoefte sou baat kon vind by die data in die nuwe gleuf vir ensiklopediese en verdere verklarings.

## 6. Ter afsluiting

Die voltooiing van die WAT in 2028 bied aan die Redaksie die geleentheid om daarna die volle woordeboek te herbewerk en 'n volwaardige aanlyn produk te skep wat die moontlikhede van die digitale omgewing optimaal benut. Dit vereis 'n ingrypende herbepanning, die formulering van 'n nuwe woordeboekplan en die aktiewe benutting van insigte uit sowel die bestaande aanlyn praktyk as die metaleksikografie.

Hierdie bydrae wys op enkele aspekte waaraan die redaksie van 'n omvattende woordeboek kan aandag gee om steeds getrou te kan bly aan so 'n woordeboek se tipologiese opdrag, maar ook om die omvattende benadering te kan versterk in die oorgang vanaf 'n gedrukte na 'n aanlyn weergawe.

## BIBLIOGRAFIE

### Woordeboeke

EWA = *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*

OED = *Oxford English Dictionary*.

WAT = *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.

WNT = *Woordenboek der Nederlandsche Taal*.

WLWF = *Wörterbuch zur Lexikographie und Wörterbuchforschung/Dictionary of lexicography and dictionary research*.

*dict.cc* = <https://www.dict.cc> [19 Februarie 2021]

*lexiko* = <http://www.owid.de/wb/lexiko/start.html> [19 Februarie 2021]

### Ander bronne

Bergenholtz, H & Tarp, S. 2002. Die moderne lexikographische Funktionslehre. Diskussionsbeitrag zu neuen und alten Paradigmen, die Wörterbücher als Gebrauchsgegenstände verstehen. *Lexicographica*. 18, 253-263.

Bergenholtz, H, Tarp, S & Wiegand, HE. 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neueren Fachwörterbüchern. In Hoffmann, L *et al.* (Hrsg.) *Fachsprachen. Languages for Special Purposes. An International Handbook of Special-Language and Terminology Research*. Berlin: De Gruyter, pp.1762-1832.

- Botha, WF. 2003. Die impak van die leksikografieteorie op die samestelling van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal. Onuitgegewe proefskrif. Universiteit Stellenbosch.
- Bothma, TJD & Gouws, RH. 2020. e-Dictionaries in a Network of Information Tools in the e-Environment *Lexikos* 30, 29-56.
- Combrink, JGH. 1979. Die sesde deel van die WAT. *Standpunte* 140, 32(2), 49-64.
- Feinauer, AE. 1996. Die negende deel van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*. *Lexikos* 6, 233-271.
- Feinauer, AE. 2007. Doen die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal Deel XII* dit vir die Afrikaanse taal en die Suid-Afrikaanse leksikografie? *Lexikos* 17, 259-277.
- Garvin, PL. 1947. "Opyt obscej teorii leksikografi". *Word* 3, 128-130.
- Gouws, RH. 2004. Outer texts in bilingual dictionaries. *Lexikos* 14, 67-88.
- Gouws, RH. 2005. Meilensteine auf dem historischen Weg der Metalexikographie. *Lexicographica* 21, 158-178.
- Gouws, RH. 2007. Op pad na 'n nuwe woordeboektipologie. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 25 (3):319-331.
- Gouws, RH. 2011. Learning, unlearning and innovation in the planning of electronic dictionaries. In Fuertes-Oliviera, PA & Bergenholtz, H. (eds). 2011. *e-lexicography*. London: Continuum, pp. 17-29.
- Gouws, RH. 2014. Article Structures: Moving from Printed to e-Dictionaries. *Lexikos*, 24:155-177.
- Gouws, RH. 2017. Leksikografie. In Carstens, WAM & Bosman, N (reds.). 2017. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 429-463.
- Gouws, RH. 2018. 'n Leksikografiese datatrekkingstruktuur vir aanlyn woordeboeke *Lexikos* 28, 177-195.
- Gouws, RH. 2018a. Expanding the data distribution structure. *Lexicographica*, 34:225-237.
- Gouws, RH. 2021. Expanding the use of corpora in the lexicographic process of online dictionaries. In Taborek, J (ed.). 10. *Kolloquium zur Lexikographie und Wörterbuchforschung*. Berlin: De Gruyter.
- Gouws, RH et al. (eds). 2013. *Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography. Supplementary Volume: Recent Developments with Focus on Electronic and Computational Lexicography*. Berlin/New York: De Gruyter.
- Hausmann, FJ et al. (eds). 1989-1991. *Wörterbücher. Ein internationales Handbuch zur Lexikographie/Dictionaries. An International Encyclopedia of Lexicography/Dictionnaires. Encyclopédie internationale de lexicographie*. Berlin: De Gruyter.
- Kammerer, M & Wiegand, HE. 1998. Über die textuelle Rahmenstruktur von Printwörterbüchern. Präzisierungen und weiterführende Überlegungen. *Lexicographica*, 14:224-238.
- Klosa, A & Gouws, RH. 2015. Outer features in e-dictionaries. *Lexicographica*. 31:142-172.
- Müller-Spitzer, C. 2013. Textual structures in electronic dictionaries. In: Gouws, R.H. et al. (eds) (2013:367-381).
- Odendal, FF. 1979. Plus positief en plus negatief. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 19(1):24-41,
- Rundell, Mi. 2012. It Works in Practice but Will it Work in Theory? The Uneasy Relationship between Lexicography and Matters Theoretical. In Vatvedt F, Matilde, R & Torjusen, J (eds). 2012. *Proceedings of the 15th EURALEX International Congress, 7-11 August 2012, Oslo*: Oslo: Department of Linguistics and Scandinavian Studies, University of Oslo, pp. 47-92.
- Tarp, S. 2000. Theoretical challenges to LSP lexicography. *Lexikos*, 10:189-208.
- Tarp, S. 2008. *Lexicography in the borderland between knowledge and non-knowledge. General lexicographical theory with particular focus on learner's lexicography*. Tübingen: Niemeyer.
- Wiegand, HE. 1989. Die lexicographische Definition im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch. In Hausmann, FJ et al. (eds) 1989-1991:530-588.
- Wiegand, HE. 1989a. Der Begriff der Mikrostruktur: Geschichte, Probleme, Perspektiven. In Hausmann, FJ et al. (eds). 1989-1991:409-462.
- Wiegand, HE. 1989b. Formen von Mikrostrukturen im allgemeinen einsprachigen Wörterbuch. In Hausmann, FJ et al. (eds). 1989-1991:462-501.
- Wiegand, HE. 1995. Lexikographische Texte in einsprachigen Lernerwörterbüchern. Kritische Überlegungen anlässlich des Erscheinens von Langenscheidts Großwörterbuch Deutsch als Fremdsprache. In Popp, H (Hrsg.). *Deutsch als Fremdsprache. An den Quellen eines Faches*. München: Iudicium, pp. 463-499.

- Wiegand, HE. 1996. Das Konzept der semiintegrierten Mikrostrukturen. Ein Beitrag zur Theorie zweisprachiger Printwörterbücher. In Wiegand, HE (Hrsg.). *Wörterbücher in der Diskussion II*. Tübingen: Max Niemeyer Verlag, pp. 1-82.
- Wiegand, HE. 1998. *Wörterbuchforschung*. Berlin: De Gruyter.
- Wiegand, HE. 2000. Über Suchbereiche, Suchzonen und ihre textuellen Strukturen in Printwörterbüchern Ein Beitrag zur Theorie der Wörterbuchform. In Wiegand, HE (Hrsg.). *Wörterbücher in der Diskussion 4*. Tübingen: Max Niemeyer, pp. 233-301.
- Wiegand, HE, Beer, S & Gouws, RH. 2013. Textual structures in printed dictionaries. An overview. In Gouws, RH *et al.* (eds), pp. 31-73.
- Wiegand, HE, Feinauer, I & Gouws, RH. 2013. Types of dictionary articles in printed dictionaries. In Gouws, RH *et al.* (eds). 2013: 314-366.
- Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.

# “Harba lori fa”: ’n Tekstuele en intertekstuele reis

*“Harba lori fa”: A textual and intertextual journey*

**HEINRICH OHLHOFF**

Emeritusprofessor in Afrikaans

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: ohlhoff@icon.co.za/heinrich.ohlhoff@up.ac.za



Heinrich Ohlhoff

**(CARL) HEINRICH (FRIEDRICH) OHLHOFF** het aan die Universiteit van Pretoria studeer waar hy sy BA en BA (Hons) met lof behaal, in 1971 sy MA (met lof) verwerf met ’n verhandeling getiteld *Aspekte van die poësie van Elisabeth Eybers met toespitsing op die bundel Onderdak* en in 1981 sy DLitt met die tesis *Taalkundige insigte en literêre tekste*. In 1969 word hy aan dieselfde universiteit as onderwysassistent aangestel en in 1986 tot volle professor bevorder. Hy emeriteer aan die einde van 2013, maar bly nog etlike jare op kontrakbasis aan die departement Afrikaans verbonde. Hy het ’n hele aantal honneurs-, meesters- en doktorsale studente begelei wat navorsing gedoen het oor onder meer Afrikaanse en ouer Nederlandse letterkunde, kultuur- en mediastudie en onderwysverwante temas. Hy het verskeie bydraes oor die Afrikaanse letterkunde, die verhouding tussen taalkunde en letterkunde, Suid-Afrikaanse reistekste uit die 17de eeu en ouer Nederlandse letterkunde in vakwetenskaplike boeke en geakkrediteerde tydskrifte gepubliseer. Sy navorsingsfokusse is die Afrikaanse poësiestelsels met die klem op die Twintiger- en Dertigerperiodes, Middelnederlandse en 17de-eeuse Nederlandse letterkunde en literêre teorie. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**(CARL) HEINRICH (FRIEDRICH) OHLHOFF** studied at the University of Pretoria where he obtained his BA and BA(Hons) cum laude, his MA (cum laude) in 1971 with a dissertation titled *Aspekte van die poësie van Elisabeth Eybers met toespitsing op die bundel Onderdak* and in 1981 his DLitt with the thesis *Taalkundige insigte en literêre tekste*. In 1969 he was appointed at the same university as teaching assistant and in 1986 promoted to full professor. He became professor emeritus at the end of 2013, but remained connected to the Department of Afrikaans on a contract basis for several years. He acted as supervisor for a considerable number of honours, masters and doctoral students doing research on, inter alia, Afrikaans, and older Dutch literature, cultural and media studies, and teaching-related themes. He published several chapters and articles in specialist books and accredited journals on Afrikaans literature, the relationship between linguistics and literary studies, South African travel texts from the 17<sup>th</sup> century and older Dutch literature. His research focuses are the Afrikaans poetry systems, especially the periods of the Twintigers and Dertigers, Middle Dutch and 17<sup>th</sup> century Dutch literature and literary theory. He is a member of The South African Academy for Science and Arts.

**Datums:**

Ontvang: 2021-04-23

Goedgekeur: 2021-08-24

Gepubliseer: Desember 2021

**ABSTRACT*****“Harba lori fa”*: a textual and intertextual journey**

*This article is about three poetry texts: “Eens Meienmorgens vroe” (Early one May morning) by the 13th century Dutch minstrel Duke Jan I of Brabant, and texts by two twentieth-century poets – TT Cloete (Afrikaans) and Cees Nootboom (Dutch) – who both use the refrain from Jan I’s text (“Harba lori fa”) as title. Various interpretations of the refrain and some views on intertextuality are addressed, among others absolute and limited intertextuality and the ideas of Panagiotidou who approaches this phenomenon from a cognitive perspective. She points out, inter alia, that triggers such as words and phrases in a current text may lead readers to activate related texts and that the amount of detail (granularity) recollected is an important factor.*

*Subsequently the three texts are considered independently – as far as this is possible – regarding their nature and structure. Attention is paid, inter alia, to sound, syntactic and semantic patterns and their functions, symbolic values, especially of elements from nature that occur in all the texts, and the role, tone and attitude of the speaking voice in each text. In the case of Jan I’s text, attention is paid, for example, to spring and traditions associated with it in Western Europe and to the presence (or not?) of courtly behaviour. Some crucial aspects of Cloete’s “family poem” are the close-knit relations between parents and children as reflected by the use of “our” and the association of the members with a bed of flowers. A game is also played with the reader by concealing the names of the poet’s wife and children in neologisms like “Astert,” at the same time undergirding the garden motif further. Nootboom’s text has no full rhyme, but makes use of parallelism, the repetition of certain vowels and alliteration (“lijden en lachen”). The latter emphasizes the semantic opposition of suffering and laughter, a contrast that reverberates throughout the poem, especially when considering the symbolic values of the natural elements that readers may activate, for instance fig and laurel versus thorn and thistle. This creates a degree of ambivalence in the speaker’s attitude towards life, despite the seemingly joyful shout “harba lori fa” in the course of the poem.*

*Hereafter, the author focuses on the relationship of the Cloete and Nootboom texts (final texts) to “Eens Meienmorgens vroe” (initial text) as well as their mutual relationship with regard to, inter alia, shifts, repetition, rereading, and replacements. Important to note, however, is that Cloete’s text does not only echo Jan I’s poem, but also Psalm 128 from the Bible that is referenced in a second paratextual element: a subtitle. Both poets’ texts show a clear geographical shift: in Cloete’s case from the Dutch world of Jan I’s song and the ancient Near Eastern setting of Psalm 128 to a South African environment as indicated clearly by the plant name “kanna” (from Khoi). In Nootboom’s poem there is a shift from the Netherlands to a Mediterranean sphere. Cloete replaces the three pretty “joncfrouwen” (unmarried girls) with a wife and children and the young man hoping to find love with a happily married husband and father. The rather contentious (ideological) issue is raised of whether all readers will find this schema – also reflected in the Psalm – acceptable, confirming the ideology of a nuclear family. Nootboom’s poem mentions no women, but only a friend “who knows the story of his downfall”. Whereas the situation in the Cloete text reflects happiness and fulfilment, the speaker towards the end of Nootboom’s poem – portraying himself as a weaving spider – foresees his potential destruction. In view of the friend’s situation, this may perhaps be seen as a destabilising and doubling of the self that some critics identify in Nootboom’s work. Granularity, as it becomes evident in the intertextual relationships between Jan I’s poem and the others, is also briefly discussed.*

*To conclude: It was found that this (limited) intertextual approach not only revealed the details of each text more clearly, but that they also bring each other in full relief.*

**KEYWORDS:** Duke Jan I of Brabant, Eens Meienmorgens vroe, TT Cloete, Cees Nooteboom, Harba lori fa, symbol, intertextuality, shift, repetition, replacement, addition, rereading, cognitive stylistics, conceptual metaphor, granularity

**TREFWOORDE:** Hertog Jan I van Brabant, Eens Meienmorgens vroe, TT Cloete, Cees Nooteboom, Harba lori fa, simbool, intertekstualiteit, verskuiwing, herhaling, vervanging, byvoeging, herlesing, kognitiewe stilistiek, konseptuele metafoer, korrelrigheid/greinerigheid/spesifisiteit<sup>1</sup>

## OPSOMMING

Hierdie artikel handel oor drie gedigtekste: “Eens Meienmorgens vroe” van die 13de-eeuse Nederlandse minstreel, hertog Jan I van Brabant, en tekste van twee twintigste-eeuse digters – TT Cloete (Afrikaans) en Cees Nooteboom (Nederlands) – wat albei die refrein uit Jan I se teks (“Harba lori fa”) as titel het. Daar word ingegaan op verskillende interpretasies van die refrein en op enkele sieninge oor intertekstualiteit, onder meer absolute en beperkte intertekstualiteit. Daarna kom die drie tekste elkeen afsonderlik aan bod – vir sover so iets moontlik is – en word hulle aard en struktuur bespreek. By die Cloete- en die Nooteboom-tekste fokus die skrywer vervolgens op hierdie tekste (eindtekste) se verhouding tot “Eens Meienmorgens vroe” (begintekste) en ook die intertekstuele verband tussen die Cloete- en die Nooteboom-tekste onderling met betrekking tot transformasies soos verskuiwing, herlesing en vervanging. Insigte uit kognitiewe benaderings tot intertekstualiteit word ook, waar ter sake, gebruik, spesifiek die begrip korrelrigheid (“granularity”). Dit het geblyk dat hierdie (beperkte) intertekstuele benadering die besonderhede en eie aard van elke teks duideliker laat word en dat hulle ook aan mekaar volle reliëf gee.

## Inleiding: Drie tekste

Toe TT Cloete in 1980 met die bundel *Angelliera* gedebuteer het, het hy met die titel van die derde gedig in sy “Tuin”-reeks, “Harba lori fa”, ’n verband gelê met die Middelnederlandse minstreel, hertog Jan I van Brabant (1253–1294), se teks “Eens Meienmorgens vroe” waarin die vreemde titelwoorde van die Cloete-gedig as refrein voorkom. Dat Cloete hierdie verband kon lê, is seker nie vreemd nie, aangesien hy in sy 1963-bloemlesing van Middelnederlandse tekste, *Van Hendrik van Veldeke tot Spieghel*, dié teks opgeneem en van kommentaar voorsien het.<sup>2</sup>

Negentien jaar ná die publikasie van *Angelliera* verskyn daar weer ’n gedig met die titel “Harba lori fa”, hierdie keer uit die pen van die Nederlandse reisverhaalskrywer, outeur van romans en novelles en digter, Cees Nooteboom, en wel in sy bundel, *Zo kon het zijn: Gedichten* wat in 1999 by Atlas verskyn het.<sup>3</sup> Ook hy is klaarblyklik bekend met die Middelnederlandse literatuur. Dit blyk nie net uit sy verwysings na byvoorbeeld Hadewijch en Ruusbroec in van

<sup>1</sup> Daar bestaan nog nie ’n erkende, algemeen gebruikte vertaling vir “granularity” nie.

<sup>2</sup> Kyk ook Marais (1984:14).

<sup>3</sup> Menno Wigman, wie se versamelde gedigte in 2019 verskyn het, is, sover ek kon vasstel, die enigste ander digter wat ’n gedig met die titel “harba lori fa” gepubliseer het, maar ter wille van die beredenering en fokus, bly ek hier by Nooteboom.

sy reistekste nie, maar ook uit 'n toespeling in “Georgette B.” uit sy genoemde bundel op die beroemde “Egidiuslied” en/of die sinnetjie “Tesi samanunga was edele unde scona” (Hierdie gemeenskap was edel en kosbaar). Hierdie woorde is in 1130 – tydens die oorgang van Oudna Middelnerlands<sup>4</sup> – in die klooster van Munsterbilzen neergeskryf (Willemyns, 2013<sup>5</sup>). Nooteboom lê (uiteraard) nie 'n verband met die Cloete-teks nie, maar in die lig van die groter rol wat mettertyd aan die leser toegeken is, kan ons hulle tekste ook saam lees. In 2012 het daar ook in Italiaans 'n geskiedenis van 800 bladsye oor die Nederlandse literatuur verskyn, en die titel – *Harba lori fa!* Maar wat beteken hierdie frase?

### Die betekenis van “Harba lori fa”

Oor die betekenis van dié woorde is daar nie eenstemmigheid nie. Een siening is dat die woorde van Provensaalse oorsprong is en afgelei is van “herba flors fa” (“die plante staan in bloei” of “die gras skiet vol blomme”)<sup>6</sup> en moontlik 'n erotiese toespeling is. 'n Tweede verklaring is dat “harba” die oudste bekende Dietse naam vir Brabant is en dus op dié streek slaan en “lori fa” op “Oriflamme”. In sy artikel “A propos d'une belette de Jean Ier Duc de Brabant (1253 – 1294)”<sup>7</sup> verwys Willaert (1980:387 e.v.) na 'n ander verklaring en wel van Van den Boogaard: “harba” is 'n sekondêre of wisselvorm van “alba” en die refrein sou kon beteken “dit het vir hulle oggend geword” of “die oggend het vir hulle gekom”. In die tydskrif *Madoc* verskyn daar in 1990 'n kort reeks voorpublikasies – met die titel “Harba lori fa” – vir 'n uitgawe deur die digter Willem Wilmink en die Utrechtse Neerlandikus prof. WP Gerritsen van tekste en vertalings uit die belangrikste liriese tradisies uit die Middeleeuse Wes-Europa. In die inleiding by die reeks word hierdie verklaring bloot aanvaar: “De reekstitel Harba lori fa is ontleend aan een beroemd lied van Hertog Jan I van Brabant, waarin bij wijze van refrein een regel uit een Occitaanse alba wordt geciteerd, met de betekenis ‘De dag breekt voor hen aan.’” Dit is volgens Willaert egter te betwyfel of Jan I en sy luisteraars nog hierdie betekenis aan die woorde sou toegeken het. Hulle het dit waarskynlik eerder as 'n reeks klanknabootsings beskou. Cloete (1963:206) noem ook as moontlike vertaling “die gras skiet vol blomme”, maar vervolgdan: “Betekenislose klankrefreine was in die Provensaalse troebadoerpoësie 'n gewone verskynsel.”

In 2013 stel Pierre van Erve in 'n blog 'n interpretasie van die woorde “harba lori fa” voor wat aansluit by die moontlikheid van Brabant en Oriflamme hier bo, maar dit aansienlik uitbrei en kompliseer: “Zij [die drie ‘joncfrouwen’ van Jan I se teks] waren kennelijk geen Françaises want hun uitspraak van het Frans was knudde [niks werd, nutteloos]. Zij zongen een protestlied, getiteld “À bas l’Oriflamme” (Weg met de Orivlam!), maar dan met een beademde H vóór de À, en daarna een vreemd rollende ‘r’ en een tot lori fa (rijmt op “bas”) verbasterde l’Oriflamme<sup>8</sup>[...]“ Dit lei uiteraard ook tot 'n heel ander lesing van Jan I se teks, waarvoor later iets meer.

<sup>4</sup> Die oorgang blyk uit die voorkoms van vol sowel as neutrale vokale in onbeklemtoonde sillabes.

<sup>5</sup> Heelparty van die Kindle-uitgawes (e-boeke) waarop die skrywer aangewese is, gee nie bladsynommers nie. Dieselfde geld vir sommige ander elektroniese bronne.

<sup>6</sup> Die redakteur van Nederlands meen: “De meest waarschijnlijke vertaling van deze Provençaalse woorden luidt: ‘het gras staat in bloei.’”

<sup>7</sup> My dank aan 'n oudstudent, Carina van Niekerk, vir haar waardevolle hulp met die vertaling van die Franse teks.

<sup>8</sup> “L’Oriflamme” van Latyn “aurea flamma” (goue vlam) was 'n vuurrooi, gevurkte vlag wat, as dit gewapper het, soos 'n opvlammende vuur gelyk het, en was in die Middeleeue die oorlogsvaandel

## Benaderingswyse in die artikel

### *Algemeen*

Daar sal telkens eers opmerkings oor die drie fokustekste as sodanig gemaak word – vir sover so iets moontlik is. Soos reeds duidelik sou geword het, is daar egter ’n onmiskenbare raakpunt tussen die tekste wat die leser uitnooi om hulle nie bloot in isolasie te benader nie, naamlik die frase “harba lori fa”. Gaan dit egter hier oor intertekstualiteit, of nie?

### *Iets oor intertekstualiteit*

Dit is uiteraard nie hier die plek om uit te wei oor al die sieninge oor en benaderings tot intertekstualiteit nie (kyk onder meer Panagiotidou (2010) en Karpenko-Secombe (2010)). Allen (2005) is, vanuit ’n poststrukuralistiese perspektief en in aansluiting by Barthes en Kristeva, adamant oor wat intertekstualiteit nié is of behoort te wees nie:

[...]intertextuality should not be, but frequently is, used to refer to literary relations of *conscious influence*[...]. Intertextuality should not be, but frequently is, used to refer to the *intentional allusion* (overt or covert) to, citation or quotation of previous texts in literary texts. (Allen 2005)

Volgens Barthes en Kristeva lê die oorsprong van ’n teks nie in die bedoeling van ’n outeur nie (“The Death of the Author”), maar in die veelvuldige diskursiewe kontekste van die betrokke outeur en teks se onmiddellike kultuur. ’n Teks is intertekstueel, want sy betekenis is nie in die teks self geleë nie, maar “[...]exists in the text’s relation to the numerous other texts which go to make up the multiple discourses of culture” (Allen, 2005). Intertekstueel beskou, het ’n teks nie ’n “binnekant” nie, of presieser gestel, is die binnekant afkomstig van die kulturele diskoerse wat aan sy “buitekant” bestaan:

Intertextuality involves a recognition that meaning (or what Barthes and Kristeva often call by the French neologism *signifiance*, which might be translated as “that which is produced by signs”) lies between texts in networks which are ultimately only partially recoverable, only partially readable (or traceable). (Allen, 2005)

Cheney (2012) het ’n enigszins gematigder siening as hy beweer dat kritici in die praktyk nou aandag gee aan verwysing (“allusion”) sowel as interteks. Self kies hy om al twee te gebruik en skryf die volgende met verwysing na sy voorbeeld: “In this way, our reading of Satan’s agon can depend on both theories of influence and theories of intertextuality. Both theories seem required to read the poem with care.”

Van Bork e.a. 2012(?)<sup>9</sup> toon dan ook aan dat daar in die 1980’s ’n reaksie teen Kristeva-hulle se semiotiese benadering tot intertekstualiteit ontwikkel en ’n beperkter opvatting van die verskynsel na vore gekom het: spesifieke intertekstualiteit waar dit gaan oor die opspoor (“achterhalen”) van die stof en motiewe waaruit geput is, dus die doelbewuste verbande tussen ’n literêre teks en ander (literêre) tekste. Die uitgangspunt is dan

---

van die Franse koning. Die volledige naam was “l’Oriflamme de la mort”, want die vlag het dood en verderf gesimboliseer.

<sup>9</sup> Geen bladsynommers in hierdie bron nie; die terme is alfabeties gerangskik. Die leksikon word ook gereeld opgedateer en daar is dus nie ’n definitiewe jaartal nie.

dat de auteur zich bewust is van de toepassing van andere teksten in zijn werk en daarnaast van zijn publiek verwacht dat het de verbanden tussen zijn tekst en die andere teksten als ingrepen van hem identificeert[...]en als belangrijk voor het begrip van de tekst herkent.<sup>10</sup>

De Pourcq en De Stryker (2013:20-21) tref, in die gees hiervan, 'n onderskeid tussen intertekstualiteit as 'n teksteorie (die filosofiese variant – wat ooreenkoms toon met Moraru se absolute intertekstualiteit) en intertekstualiteit as 'n krities-hermeneutiese metode of leesstrategie (die praktiese variant – wat aansluit by beperkte intertekstualiteit). Die twee kan weliswaar nie streng van mekaar geskei word nie, maar het verskillende doelstellings:

De filosofiese variant wil laten sien wat een tekst is en welke moelikheden of beperkingen een tekst met zich meebrengr; de praktiese wil tonen hoe je tydens de interpretatie met concrete verwijzungen en verbanden moet omgaan.

Meier het trouens reeds in 1996 onderskei tussen intertekstualiteit as 'n teorie oor die bestaansvoorwaardes van tekste en intertekstualiteit as 'n interpretasieraamwerk, 'n leeswyse wat 'n leser kan kies om te gebruik en wat tot heel ander resultate lei as byvoorbeeld die biografiese of streng tegniese.

Verder sal interpretasies verskil:

De ene intertekstueel-lezende lezer zal...gedeeltelik anders concretiseren dan de andere: hij/zij zal dezelfde maar ook andere echo's horen, dezelfde maar ook andere kultuurteksten 'ruiken', andere assosiasies hebben die soms naar andere verwantschappen leiden. (Meijer, 1996:34)

Sy laat ook ruimte daarvoor dat 'n leser 'n teks se verhouding tot tekste wat dit voorafgaan sowel as tekste wat daarop volg, kan betrek (Meijer, 1996:37, endnoot 18).

Weens die aard van die drie gedigtekte en hulle verband kies ek hier die praktiese of beperkte variant. Ter wille van my uiteensetting leen ek Paul Claes se terme "argiteks" (beginteks), "fenoteks" (eindteks) en "transformasie" (die wysigings wat ten opsigte van die argiteks tot stand kom) (De Pourcq & De Stryker (2013:48-50)). Wat die tipes transformasie(s) betref, is Van Bork e.a. (2012?) se lys nuttig: Die een teks kan onder meer 'n repliek op die ander wees, of 'n herlesing, verskuiwing, verkorting, kommentaar en bewerking. Hierbenewens kan 'n teks ook in gesprek tree met genrekonvensies: generiese intertekstualiteit.

Insiggewende werk oor intertekstualiteit is ook al binne die raamwerk van kognitiewe teorie gedoen, onder andere deur Panagiotidou (2010) en Karpenko-Seccombe (2010). Panagiotidou wys daarop dat literatuurteoretici die skrywer en selfs die leser en dié se betrokkenheid by die literêre teks buite rekening gelaat het, maar

[...]if one is to account for intertextuality from a cognitive point of view, shifting the attention to the reader and the mental processes taking place during their engagement with a (literary) text is an imperative.

Waar dit lig op ons drie tekste kan werp, sal ek terugkom na enkele aspekte van haar werk en ook hier en daar uit, onder meer, die kognitiewe stilistiek put.

<sup>10</sup> Kyk ook Moraru (2005) se verwysing na die onderskeid tussen absolute/universalistiese intertekstualiteit, wat sekere geleerdes onbehelpsaam vind en intertekstualiteit beperk tot die interaksie tussen identifiseerbare, opspoorbare tekste.

## Tekste en intertekste

### *Algemeen*

Vir die doel van die artikel kan “Eens Meienmorgens vroe” volgens Claes se terminologie as beginteks en die ander twee as eindtekste beskou word, met as opvallendste raakpunt die woorde “harba lori fa” wat in al drie voorkom. Maar nou na die tekste toe.

### *Die beginteks*

#### **Eens Meienmorgens vroe**

- 1 Eens Meienmorgens vroe
- 2 Was ic upghestaen;
- 3 In een scoen boemgaerdekijn
- 4 Soudic spelen gaen.
- 5 Daar vant ic drie joncfrouwen staen,
- 6 Dene sanc voor, dander sanc na:
- 7 Harba lori fa, harba harba lori fa,
- 8 Harba lori fa!
- 9 Doe ic versach dat scone cruut
- 10 In den boemgaerdekijn,
- 11 Ende ic verhoorde dat suete gheloot
- 12 Van den magheden fijn,
- 13 Doe verblide dat herte mijn,
- 14 Dat ic moeste singhen na:
- 15 Harba lori fa, harba harba lori fa,
- 16 Harba lori fa!
- 17 Doe groettic dalrescoenste
- 18 Die daer onder stont.
- 19 Ic deetse minen arm al ombevaen
- 20 Doe ter selver stont;
- 21 Ic woudese cussen an haren mont;
- 22 Si sprac: “Laet staen, laet staen, laet staen”;
- 23 Harba lori fa, harba harba lori fa,
- 24 Harba lori fa

Die beginwoorde, wat ook as titel dien, is in minstens twee opsigte veelseggend. Dit dui die tyd as spesifiek vroegoggend aan, ’n tyd wat ook klankmatig uitgesonder word deurdat “vroe” in die gedig een van net twee reëleindwoorde is wat nie ’n rymmaat het nie. Deur hierdie tydsaanduiding vertoon die lied tog ’n skrams raakpunt met Van Boogaard se lesing van “harba” as “alba” en sy refreininterpretasie. Daar is egter ook groot en basiese verskille tussen Jan I se teks en die alba of dage-/wagterlied sodat daar nie werklik van generiese intertekstualiteit sprake kan wees nie. Dit blyk reeds uit Baldick (2015) se kernagtige omskrywing van die alba: “a song or lyric poem lamenting the arrival of dawn to separate two lovers”).

Dit is egter ook ’n vroeë oggend spesifiek in Meimaand. Dit roep die (Wes-Europese) tradisie – die-kultuurteks of destyds bestaande kulturele scenario’s (Meijer, 2013:270) – van

die Meilied en die simboliese waardes van dié maand en lente op. Die Meilied was immers oorspronklik ’n lied “waarin de vreugde van het herleven van de natuur en de wederopbloei van de liefde na de winterperiode bezongen wordt” (Van Bork e.a., 2012?). Wat die simboliek van lente betref, skryf Ferber (2007:199 e.v.) die volgende:

Spring is the most celebrated of seasons. Poets since antiquity have delighted in spring’s return and relished its many distinctive features. Certain conventions were established early that have influenced poetry up to the present.

In die Westerse kuns en astrologie word dié seisoen deur ’n kind of jong vrou met blomtakkies verteenwoordig en verbind met die godinne Afrodite/Venus (godin van erotiese liefde, skenker van skoonheid en seksuele bekoring) en Flora (’n antieke Italiaanse godin van blomme en lente) (Tresidder & March, 2014).<sup>11</sup> Kultureel/Literêr gesien, is dit dus die tyd wanneer die voëls sing, die wêreld groen en kleurvol word en “boys and girls seek each other”.

’n Hele aantal van hierdie elemente kom in Jan I se teks voor: die vreugde oor die lente en die liefde (r. 4) waar “spelen” by die musiekmotief (r. 6, 11 en ander) kan aansluit, maar ook vertaal kan word as “verlustig” en selfs eroties bedoel kan wees (“vry”) (Pijnenburg & Schoonheim, 1997)) en “verblide” (r. 13). Dit wat Allen (2005) na aanleiding van die woord “sensitivity” by Balzac noem, is iets wat die moderne leser ook by “spelen” in gedagte moet hou: Wanneer die intertekstuele potensiaal of “signifiance” van die woord oorweeg word, mag ’n vakkundige leser met kennis van die term se geskiedenis bewus wees

[...]of bringing to bear particular knowledge of the resonances of the word into play when reading but this understanding, by virtue of coming from a different time, will not be exactly the same as any contemporary understanding.

Die “eggo’s” wat hy of sy hoor, gaan ook nie noodwendig dié wees wat ander lesers hoor nie – vandaar die gedagte dat ’n teks potensieel oneindig in sy betekenis is en dat intertekstualiteit ’n belangrike deel vorm “[...]of post-structuralism’s assertion that meaning is generated in reading rather than in an original act of writing (Allen, 2005).

Verder is die tuintjie of lushof (Van Eerten) en die plante daarin mooi, gaan dit juis oor drie<sup>12</sup> (mooi<sup>13</sup>) “joncfrouwen” wat met hulle sang beurtelings ’n soet geluid laat hoor en in die plek van die tradisionele voëlgesang van die lente en ook die “locus amoenus” kom.<sup>14</sup> En dan is daar die poging tot liefdesbetuigings in die slotstrofe. Hierdie poging word egter afgewys (die rymwoorde “ombevaen” en “(laat) staen” staan ook semanties teenoor mekaar), tipies, sou ’n mens dalk kon sê, van die hoofse kultuurskenario waar die vrou gewoonlik net van ver bewonder mag word, ’n “hunkering op afstand” soos Meder (1988:133) dit beskryf. Hierby sluit die feit aan dat die verhaaltjie in ’n tuin of lushof afspeel: Wanneer die vroulike hooffiguur ’n dame of jong vrou is, ontmoet die man haar gewoonlik in ’n tuin of omringde boord, terwyl die ontmoeting met ’n herderin eerder in ’n oop stuk veld plaasvind (Willaert, 1980:395-396).

<sup>11</sup> In die vroeg-Renaissancie Jan der Noot se “Sonet” (“Ick sach mijn Nimphe”) kom verskillende van die genoemde elemente bymekaar.

<sup>12</sup> Die getal “drie” is “the most positive number not only in symbolism but in religious thought, mythology, legend and folklore where the tradition of ‘third time lucky’ is very old” (Tresidder, 2008).

<sup>13</sup> “dalrescoenste” (“die allermooiste”) in strofe drie impliseer dat die ander twee ook mooi was. Die uitsonderlikheid word ook geko-kommunikeer deurdat die woord nie ’n rymmaat het nie.

<sup>14</sup> Die feit dat hulle drie is, word geko-kommunikeer deur die drie keer dat die woorde “harba lori fa” voorkom.

Oënskynlik is die “boys and girls seek each other” hier net deels waar, maar Hogenelst en Van Oostrom (1995:195) wys tog ook op ’n “ondeugender interpretatie” van ’n klompie jare tevore waarvolgens die erotiese kontak eerder aangemoedig as afgewys word – dus polemies teenoor die hoofse diskoers. Hierby sou die een betekenisonderskeiding van “spelen” (“vry”) ook kan aansluit.

Wat die hedendaagse resepsie van die teks betref, kan op die volgende gewys word: In teenstelling met Cloete (1963:205), wat Jan I bestempel as ’n digter wat “hoofse kunsliedere skryf van ’n speelse karakter en ’n verfynde vorm, in die gees van H. van Veldeke,” beskou Willaert (1995:77) sy liedere in “literair-esthetisch opzicht verre de mindere van die van zijn beide voorgangers” (Veldeke en Hadewijch). Hy gee toe dat sy liedere blyke gee van speelsheid en humor, maar het dit teen “de grote stereotipie van het door hem gehanteerde hoofse-minnediscours” wat teruggaan op Franse en veral Duitse modelle. Soos hy dit ook stel: Die hertog gebruik hier “de zeer voorspelbare formules en het narratieve schema die we in honderden Franse pastourelles kunnen aantreffen” (Willaert, 1995:77). Volgens hom gaan die stereotipering bowendien saam met ’n fiksasie van die vorm. “Eens Meienmorgens vroe,” meen hy, vorm slegs ’n skynbare uitsondering hierop. Sonder om in besonderhede daarop in te gaan: Hy sluit aan by die kroniekskrywer Jan van Hoesem se opmerking dat Jan I, terwyl hy te perd op pad was na ’n toernooi by Bar-le-Duc (waar hy ook sou sterf) gemompel het asof hy besig was om versies oor ’n opgegewe onderwerp te maak (Willaert, 2003; vgl. Hogenelst & Van Oostrom, 1995:193 e.v.). Volgens Willaert is dit ’n teken dat die “grand chant courtois”, wat groot inspanning van byvoorbeeld Veldeke vereis het, “gebanaliseer” is tot ’n soort verbruiksliriek van makliker en korter genres wat amateurdigters as’t ware te perd kon bedink, in die geval van “Eens Meienmorgens vroe” spesifiek die “ballette” (Willaert, 2003). Willaert gebruik dus intertekstuele verbande, meer spesifiek “de modellerende invloed van genrevoorschriften” (Meijer, 2013:270) of generiese intertekstualiteit om tot ’n evaluering te kom.

Soos hier bo by die bespreking van die betekenis (indien enige) van die frase “harba lori fa” genoem is, het Van Erve in 2013 – dus ’n hele paar jaar ná die verskyning van Cloete sowel as Nootboom se tekste – met ’n heel ander, kultuurhistoriese interpretasie van die frase vorendag gekom. Dit lei hom dan vanselfsprekend ook tot ’n “afwykende” lesing van Jan I se gedigte wat staan teenoor die algemene siening dat dit ’n liefdesgedig is. Hy meen die ontmoeting van die spreker-verteller (volgens Van Erve Jan I en dus nie ’n persona nie) is moontlik met drie oorlogsweduwees, en moontlik in ’n begraaftplaas (Van Erve plaas al twee kere vraagtekens hierby). Wanneer hy dan musiek maak (“spelen,” of “spiln” in Van Erve se spelling), “kregen [die weduwees] hiervan de tranen in de ogen<sup>15</sup> en begonnen te zingen: ‘Harba Lori fa’”. Uitgaande van sy interpretasie van hierdie woorde kom Van Erve dan tot die gevolgtrekking dat “Eens meien morgens vroe” (sy skryfwyse) nie gelees moet word as ’n “braaf minnelied” nie, “maar als een knap verhuld protest tegen het onmenselijke dictaat van de Orivlam”. So gesien, kan ’n mens aanneem dat die vroue ook nie regtig gesing het nie, maar slagspreuke uitgeskree het [“scanderen”]:

Jan vertelt namelijk uitdrukkelijk dat er steeds eentje “voor” zong, en dat de anderen, hijzelf inluis, het “na” zongen. Dit nu is typerenoor elke demonstratie. “À bas lori fa” laat zich prima scanderen.

’n Mens wonder onwillekeurig of en hoe hierdie interpretasie Cloete en Nootboom se gesprek met die teks sou geraak het...

---

<sup>15</sup> Dit is nie duidelik op watter teks dit gebaseer is nie.

Maar hoe staan dit nou met die Cloete- en Nooteboomtekste wat op hierdie lied as argitekts berus en ook met die verhouding tussen hulle twee se tekste?

### Harba lori fa

Ps. 128 Vir Astert

- 1 In ons tuin staan vyf
- 2 jong bome jong olyf
- 3 in beddings blomme In ons huis altyd
- 4 gereed staan 'n stuifmeelmaaltyd
- 5 Daaromheen sit ek en my Kanna en kroos
- 6 vrolik ingebed soos
- 7 gewil deur die Here
- 8 Voëls sing sy Naam ter ere
- 9 van my Kanna en lente-selfs-Mei
- 10 en van nog daarby
- 11 vyf sterk Stam-Jolien ranke Tak-Tooï
- 12 woelblaar Koel-Attaar
- 13 dan soet-teer Mir-Heester soos almal mooi
- 14 veelkleurige Tiedosblaar

Anders as Jan I se lied met sy agtreëlige strofes, rymskema abcbdd ececcddd fbgbbdd en refrein, bestaan hierdie gesinsgedig (Marais, 1984), met die uitsondering van die laaste twee strofes, uit rymende koeplette. Die harmonieuse, gepaarde rym is funksioneel, want dit kommunikeer hier met die harmonie binne die gesin en in hulle omgewing. Die twee slotstrofes vertoon op hulle beurt kruisrym wat 'n hegte afsluiting meebring, met rymwoorde wat ook semanties met mekaar verband hou: “Tooï/mooï” en “Attaar/Tiedosblaar” waar “Attaar” herinner aan “attar,” 'n vlugtige olie wat uit blomme verkry word en so met die tuinmotief resoneer. “Tiedosblaar” skakel bowendien met “woelblaar” in die vorige strofe.

Die hegtheid van die gesin word verder gedra deur die herhaalde “ons” (“ons tuin,” “ons huis”), “my” (“my Kanna en kroos,” (r. 5); vgl. ook r. 9) en die woorde “bedding” (r. 3) en “ingebed” (r. 6). Die teks word ook nog gestruktureer rondom woorde wat as superordinate en hiponieme met tuin, bome en blomme skakel (olyf – r. 2, stuifmeel – r. 4, kanna – r. 5, 9, stam, ranke – r. 11, blare in een betekenis – r. 12, 14, mirre – r. 13), en op verskillende maniere op Cloete se vrou en kinders se name sinspeel.<sup>16</sup> Die opdrag van die bundel, “Vir Anna en die kinders”, word hier “my Kanna en kroos” wat op sy beurt met die vyf jong bome vroeër in die gedig skakel, maar waarin “Anna” en “roos” ook skuil. Marais (1984:14-15) wys daarop dat die naam in die opdrag by die gedig – “Vir Astert” – 'n samevoeging is van die beginletters van sy vrou en kinders se name in ouderdomsvolgorde: Anna, Stanus, Theo, Eduard, Riana en Thea. In “Astert” lê verder die blomnaam “aster,” volgens Pharos Online (Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Dictionary) 'n “gewilde najaarsierblom”, en ook die informele verwysing na 'n meisie verskuil. Hoewel die liriese subjek duidelike verwantskap met TT Cloete, die mens, vertoon, bring die strukturering en spel met name tog ook weer afstand tussen mens, digter en spreker.

<sup>16</sup> Kyk Marais (1984:14-15) vir 'n deeglike ontleding en interpretasie van die name. Benewens Marais gaan onder andere Venter (1995:150) en Du Plooy (2012:60) in mindere of meerdere mate op die Cloetetekse se intertekstuele verbande in, terwyl Hambidge met verwysing na Cloete uit 'n psigoanalitiese perspektief lig werp op intertekstuele gesprekke.

Maar hoekom kan lesers verder gaan en 'n intertekstuele verband tussen “Eens Meienmorgens vroe” en Cloete se “Harba lori fa” lê? Hiermee help byvoorbeeld Panagiotidou (2010). Met Adrienne Rich se “Aunt Jennifer’s Tiger” as voorbeeldteks skryf sy oor hoe intertekstualiteit tot stand kom, en ter wille van die illustrasie en verduideliking haal ek die tersaaklike opmerkings volledig aan:

It can be seen that the lexical concept [tiger] may afford access to a particular cognitive model which I term LITERARY ENTITY. This model encompasses the knowledge an individual reader possesses about the occurrences of the same lexical item in other literary texts. Once this cognitive model is accessed, the intertextual link between the two texts is created and the semantic intertextual frame is formed. The frame carries information stemming from the activated text as well as the one readers are currently engaged with. In this case it is possible that access is afforded to the cognitive model LITERARY ENTITY, which contains knowledge concerning Blake’s poem, ‘The Tiger’. The intertextual link is built on the basis of the recognition of the same lexical item present in both poems. (Panagiotidou, 2010)

In ons geval is die leksikale item wat as sneller dien, dan die frase “harba lori fa” wat by Cloete en trouens ook by Nootboom se gedig as titel gebruik word.

Daar is egter meer elemente wat die Cloete-tekste aan “Eens Meienmorgens vroe” verbind. Hou 'n mens byvoorbeeld die moontlike vertaling van die titel as “die gras skiet vol blomme” in gedagte, is daar 'n verband met r. 5 se “beddings blomme” (vgl. ook “ingebed” in r. 6) terwyl daar in r. 11 se verwysing na lente en Mei 'n eggo van die titel van Jan I se gedig<sup>17</sup> is. In die “tuin” van r. 1 keer sy lied se “boemgaerdekin” ook terug. In Claes se klassiek-retoriese terminologie (De Pourcq & De Stryker (2013:49)) is hier dus 'n mate van herhaling, terwyl 'n mens ook van vervanging en herhaling onderskeidelik sou kon praat wat betref getal en ouderdom: Drie “joncfrouwen” is nou “vyf jong bome” Daar is dus nie net van passiewe verwerking sprake nie, maar ook en veral van aktiewe bewerking (De Pourcq & De Stryker (2013:48)) wat die vorm van repliek, herlesing en verskuiwing kan aanneem.

Verskuiwing – of vervanging (“substitutie”) volgens Claes – sien 'n mens seker die duidelikste in die oorpasing van die ruimte van Brabant na Suid-Afrika met 'n woord soos “kanna” (<Khoi – aanlyn WAT). En byvoeging (“additie”) tref ons byvoorbeeld aan wanneer daar in die laaste drie strofes oor die vyf “bome” uitgewei word, met woord-(naam-)dele soos stam, ranke en tak, maar ook al in “aster” in die gedigopdrag. Uiteraard word die tuin-/plantmotief ook hierdeur versterk.

By die Cloete-gedig kom daar egter, benewens die titel, nog 'n paratekstuele element voor, te wete die subtitel wat eksplisiet 'n Bybelse interteks oproep (“traceerbare verwysing” in Meijer (2013:271) se terminologie) en as sneller funksioneer, maar op 'n enigszins ander manier as in die geval van 'n aanhaling: Ps. 128.

Ten opsigte van die psalm is daar ook sprake van verskuiwing en wel van die Ou-Testamentiese, ou Nabye Oosterse kulturele en ervaringswêreld na twintigste-eeuse Suid-Afrika. Miskien die opvallendste is egter byvoeging (en herlesing?) in die kreatiewe gebruik van hierdie psalm. Nie net word die Bybelteks se gedagte van diens aan die Here en sy seën herhaal nie (“vrolik ingebed soos/gewil deur die Here/Voëls sing sy Naam ter ere”) – vgl. Ps.

<sup>17</sup> Moontlik verklaar hierdie interteks Cloete se verwysing na Mei, wat in Suid-Afrika immers herfstyd is, maar daar is moontlik ook ander verklarings vir die vreemde kombinasie “lente-selfs-Mei”, byvoorbeeld dat die ervarings nie seisoengebonde is nie.

128:4), maar die wingerdstok en olyfbome – vir die Oosterse/antieke mens ’n ryk simbool van onder meer skoonheid, krag, goddelike seën, vrugbaarheid, vrede, veiligheid, vertroue en voorspoed – iets wat die lewe veraangenaam – word verder uitgebrei deur in die spel met die name nog plante by te voeg. Ook die voëls wat God se lof besing, kom by, en bowendien is singende voëls ’n tradisionele lente-attribuut.

Verder keer die tafel waarom die seuns/gesin in die psalm sit, by Cloete terug en herlees in die “stuifmeelmaaltyd” waarom die spreker, sy “Kanna” (vervanging van die psalm se “vrugbare wingerdstok”) en die kinders sit. Die “daaromheen” dui moontlik op ’n sirkel met hier toepaslike simboliese waardes: “Totality, perfection, unity, eternity – a symbol of completeness that can include ideas of both permanence and dynamism” (Tressider, 2008).

Die “stuifmeelmaaltyd” sluit uiteraard by die ander tuin- en plantbeelde aan, maar ook by die vrugbaarheidsimboliek van die Bybelse wingerdstok, en kan ’n erotiese konnotasie hê – veral binne die konteks van die “Tuin”-reeks en die bundeltitel (Cloete, 1996:5) en in aansluiting by sekere interpretasies van “Eens Meienmorgens vroe”. Uiteindelik het daar, sou ’n mens kon sê, ten spyte van die ooreenkomste, groot verskuiwings met betrekking tot en repliek op die Middeleeuse liefdeslied plaasgevind: Daar is nie meer sprake van ’n (potensiële) minnaar en verhouding nie, maar van die aangename en intieme saamverkeer van ’n egpaar en hulle kinders, dus teenoor hunkering/begeerte, vervulling.

Wat Burden (1991:64) oor die psalm skryf, bevestig wat tot dusver gesê is: “Die digter skets ’n gesellige en huislike toneel met die kinders rondom die tafel met etenstyd. Die geheim agter alles is dat hy godvresend is: hy het ontsag vir die Here.” Soos aangedui, weerklink hierdie ingesteldheid in r. 6 en 7 van die Cloete-gedig: “soos/gewil deur die Here”. Die gedig bevestig dus die tradisionele siening oor die kerngesin en Bybelse ideaal waarvan die uiteindelijke oorsprong waarskynlik êrens in anonieme en moeilik opspoorbare patriargale diskoerse lê<sup>18</sup> – dus ook ’n voorbeeld van interdiskursiwiteit (Franssen, 2013). Uit hierdie perspektief beskou, kan dit ook belangrik wees dat die vroue – soos trouens ook by Jan I – nie ’n stem kry nie, maar dat die man alleen die woord voer. Jeffries e.a. (2010:133) wys uit die perspektief van die kognitiewe stilistiek daarop dat, alhoewel sekere teoretici meen literêre tekste word primêr deur hulle skemaverfrissende funksie van ander tekssoorte onderskei, hulle ook as bevredigend beleef kan word omdat hulle skemabevestigend is en dus die leser se wêreldbeskouing versterk “by reflecting our schematic knowledge”. Hulle kwalifiseer dit egter deur te wys op die rol van identiteitsgebondenheid:

[...]individual readers may have a set of schemas resulting from their particular identity (as a woman, as a black person, as a lesbian, as a victim of crime and so on) and some of these schemas may be limited to the particular groups that s/he is a member of[...].

Verskillende (groepe) lesers sou dus verskillend kon reageer op die skema waarmee die Cloete-en Bybelteks werk. Hulle sou byvoorbeeld (om ideologiese redes) kon kies vir ’n “strong reading” en teen die grein van die teks en die paradigma of repertorium van die digter in te lees (McCormick & Waller, 1987). Hierdie leesmoontlikheid bestaan dan ook by die hertog en Nooteboom se teks (en enige ander teks).<sup>19</sup>

<sup>18</sup> Dit mag ook uit die werklike belewenis van die digter-persona spruit, maar dan is die vraag deur watter diskoers(e) dit help vorm is...

<sup>19</sup> Belangrik is dat dit binne hierdie perspektief nie gaan oor ’n onnoukeurige lees van ’n teks nie, maar juis oor ’n fyn lees om te bepaal wat die teks met die leser wil “doen,” en dan daarop te reageer.

Panagiotidou (2010) wys op nog 'n aspek wat vir ons doel ter sake is en waarop ek net in breë trekke ingaan, te wete “tekstuur” wat dui op “the quality of the semantic intertextual based on readerly-driven and text-driven criteria...”. Die leser-gedrewe kriteria om dit te bepaal/beoordeel, is korrelrigheid en resonansie. Eersgenoemde verwys na die hoeveelheid agtergrondkennis en die detail daarvan wat deur die leser geaktiveer word: Aan die een kant mag lesers baie spesifieke elemente uit vroeëre tekste, soos woorde of frases, kan oproep en met die onderhawige teks in verband bring; aan die ander kant mag hulle slegs vae ooreenkomste raaksien wat net verlangs met die teks, woord of frase te make het. Met verwysing na haar voorbeeld voeg sy dan nog by:

In addition, distinct specificity refers to the quality of the activated knowledge. Therefore, the readers should be able to point to a particular text as the accessed one, i.e. Blake's 'The Tyger'. In this sense, distinct specificity can be seen as a precondition for surfacing of granularity effects.

By die Cloete-teks is dit duidelik dat lesers met agtergrondkennis van die Middelnerlandse poësie op grond van die titel Jan I se teks en die kenmerke daarvan sou kon oproep en ook die ooreenkomste (byvoorbeeld plante, lenteseisoen, rol van die liriese subjek) en verskille (byvoorbeeld liefdeslied teenoor gesinsgedig en hunkering teenoor lughartigheid en vervulling) tussen die twee behoort te kan identifiseer.

Dit bring ons by die Nooteboom-teks, wat reeds met die eerste oogopslag 'n ander indruk as die ander twee skep:

### **Harba lori fa**

1 Zoveel soorten bestaan! Zoveel bevolking  
 2 om te lijden en lachen in deze heuvels vol stenen!  
 3 De vijgeboom staat gebogen in de richting van het zuiden,  
 4 boven ons het zachte snurken van een vliegtuig.  
 5 Mijn vriend wacht bij een struik met scherpe doornen.  
 6 Hij kent het verhaal van zijn ondergang,  
 7 we zien de glans van de zee  
 8 tussen galappels en distels, een zeil in de verte.  
 9 Alles slaapt. Geef mij een ander leven en ik wil het niet.  
 10 Schelpen en krekels, mijn kelk is vol eeuwige middag.  
 11 De stroom waaruit ik gisteren dronk had koel, helder water.  
 12 Ik zag de laurierboom weerspiegeld, ik zag hoe de schaduw  
 13 van de bladeren wegdreef over de bodem.  
 14 Dit was alles wat ik wilde. Harba lori fa.  
 15 Mijn leeftijd hangt aan een draad. Zo ben ik de spin  
 16 boven het pad. Die weeft zijn veelhoekige tijd  
 17 tussen braambos en braambos,  
 18 tot de wandelaar voorbijkomt op weg naar de haven,  
 19 de wandelaar die slaat met zijn stok.

Nooteboom self meen dat “Harba lori fa”, waarvoor hy in 2000 die Gedichtendagprys gekry het, hom eerder as van sy ander gedigte, soos “Het aardse gerecht”, leen tot wat hy 'n “sentimentele” leesstrategie noem:

Dat heeft te maken met het verschil tussen de sentimentele leeswijze en de essayistiese. ‘Harba lori fa’ is een gedicht dat in eerste lezing meer loslaat. ‘Heuvels vol stenen’, ‘het zachte snurken van een vliegtuig’, ‘de glans van de zee/tussen galappels en distels’ – woorden, regels die gevoelvolle beelden oproepen. Bij ‘Het aardse gerecht’ moet je je sentimenten tijdelijk uitschakelen om in het gedicht door te dringen. Wie is Lucretius, wat wordt er bedoeld met het ivoren dak, waarom is er sprake van twee boeken? Dit gedicht moet allereerst verstandelijk benaderd worden. (Steenhuis, 2000)

Die bundel waaruit “Harba lori fa” kom, dra as parateks die motto, “Shall we be thus forever?”, die slotreël uit die Ierse digter Patrick Kavanagh se gedig, “Memory of brother Michael”. Hierdie suggestie van ’n alternatiewe bestaan resoneer in Nootboom se bundeltitel en in die derde gedig in die bundel met dieselfde titel. Ook “Harba lori fa” sinspeel daarop, maar dan (skynbaar) afwysend: “Geef mij een ander leven en ik wil het niet[...]. Dat was alles wat ik wilde”.

Anders as Jan I en Cloete se tekste, vertoon Nootboom s’n nie enige eindrympatroon nie. Dit is ’n vrye vers met hier en daar assonansie en alliterasie/eindkonsonantherhaling in eindrymposisie, byvoorbeeld “water” en “schaduw,” “bos” en “stok”, “stenen”, “zuiden” en “doornen”. Ander bindingsmiddele is die sintaktiese herhaling (parallelisme) in die eerste reël en die opvallende herhaling van die [a:], [e:] en [o:]<sup>20</sup> dwarsdeur die gedig. Ook is daar reeds in die tweede reël die [l]-alliterasie in “lijden” en “lachen”. Met hierdie klankmatig beklemtoonde semantiese opposisie begin dan ’n hele reeks teenstellings wat veral deur natuurelemente gedra word.

Die sneller of opspoorbare verwysing na “Eens Meienmorgens vroe” is, soos by Cloete, die titel. Vir die (Afrikaanse) leser roep dit trouens ook die Cloete-tekste self op waarvan Nootboom heel waarskynlik nie bewus was nie. By Nootboom kom die frase egter ook in die teks self voor en wel in r. 14, waar dit soos ’n soort tussenwerpsel of uitroep klink. Daar staan dit direk ná “Dat was alles wat ik wilde”, en die woorde “[g]eef mij een ander leven en ik wil het niet” verskyn ’n paar reëls vroeër. Die frase kan dus moontlik gelees word as ’n oproep van die vreugde van Jan I se lied om die liriese subjek se eie tevredenheid met wat hy op daardie oomblik het, te benadruk. De Boer (1999) skryf dan ook in sy resensie oor die bundel onder meer die volgende:

Het oogt allemaal soepeler en minder artificieel dan voorheen. En vrolijker ook soms. Een gedicht als “Harba lori fa” – de titel, ontleend aan een minnelied van hertog Jan I van Brabant, is een soort middeleeuws “falderie” – is in feite een chic en mediterraan ingekleurd Zeg-maar-ja-tegen-het-leven: “Dit was alles wat ik wilde. Harba lori fa”!

In die algemeen merk hy op dat daar by al die wanorde en doodsbefes weldeeglik ruimte vir geluksammente is.

Die verhouding tussen hierdie teks en dié van Jan I (en Cloete) is egter nie heeltemal ongekompliseerd nie. Anders as Cloete gebruik Nootboom die natuurelemente (boom- en struikname) nie speels-metaforiserend nie, maar eerder, soos Jan I, meer letterlik, hoewel daar onder meer simboliese waardes en intertekstuele eggo’s is wat lesers mag identifiseer en aktiveer. Meer nog, in teenstelling met al twee ander gedigte is daar nie net positiewe elemente en ’n vreugdevolle en lughartige toonaard nie, maar ook negatiewes (ly en lag) sodat daar te midde van of onderliggend aan die “Zeg-maar-ja-tegen-het-leven” ’n bepaalde ambivalensie

<sup>20</sup> Hier word die Afrikaanse fonetiese waardes gebruik.

ten opsigte van die spreker se ingesteldheid teenoor die lewe na vore kom – let selfs maar op die implikasies van “soms”, “maar” en “geluksmomente”.

Wat betref die natuurelemente en hulle moontlike simboliese en konseptueel metaforiese waardes wat lesers sou kon aktiveer, is daar enersyds heuwels (r. 3, bo en op kan positiewe konnotasies hê, soos weerspieël in konseptuele metafore soos *GELUK IS OP* en *GOED IS OP*<sup>21</sup>), ’n vyeboom (r. 3, die lewensboom en simbool van oorfloed), glansende see (r. 7, die see kan op die bron van lewe dui, terwyl die chaos wat daarmee geassosieer kan word, waarskynlik “geneutraliseer” word deur “glansende”), krieke (r. 10, geluk, herlewing), stroom met helder, koel water (r. 11, suiwerheid, bron van lewe), lourierboom (r. 12, oorwinning, vrede, suiwering, beskerming en onsterflikheid – wat egter met ander teksgegewens mag bots), en andersyds klippe (r. 3), ’n struik met skerp dorings (r. 5, beskerming, maar hier veral beproewing en vir baie lesers waarskynlik sterk geassosieer met Christus se doringkroon), galappels en distels (r. 8, waar laasgenoemde heling kan beteken, maar ook martelaarskap en saam met “dorings” Bybeltekste oor straf en swaarkry oproep).

Net so is daar aan die een kant sprake van die spreker se tevredenheid en aan die ander kant van die vriend wat weet van sy ondergang en tekstueel verbind word met die struik met skerp dorings. Verder is daar die wandelaar van wie daar teen die slot sprake is en wat dus nadruk ontvang en wat, kan ’n mens aanvaar, die spinnerak met sy wandelstok slaan en by implikasie vernietig. Belangrik is dat die spinnekop as beeld vir die spreker gebruik word. Die spinnekop weer is onder meer ’n maan- en vroulike simbool wat met die weef van die mens se lotsbestemming vereenselwig word. Dit wil dus voorkom of die spreker besig is om sy lewenslot te “spin”, maar dat dit die gevaar loop om deur ander bepaal en selfs beëindig te word. Hierdie indruk word versterk deur die reël, “Mijn leeftijd hangt aan een draad”, wat op sy beurt die intertekste oor die skikgodinne oproep. Oor hulle skryf March (2014) onder meer die volgende:

Their names reveal their particular tasks: Clotho spun the thread of a man’s life, Lachesis measured it out to its allotted length, and Atropos, the smallest and most terrible of the three, cut it off with her pitiless shears when the time for death was come.

Die “harba lori fa-”uitroep lyk dus inderdaad al meer of dit op ’n vervlietende geluksbelewenis dui.

En dan is daar die herhaalde verwysings na reis (“vliegtuig” – r. 4, “zeil” – r. 8, “haven” r. 18, “pad” -r. 16, “wandelaar” – r. 18, 19). Konseptueel-metafories herinner dit aan *LEWE IS ’N REIS* wat met die spreker se lewensreis geassosieer kan word. Ook staan die ervaring van “eeuwige middag” (r. 10) – subjektiewe en nie objektiewe tyd nie – en moontlik “veelhoekige tyd” (r. 16) in teenstelling met “mijn leeftijd” (r. 15). Dit alles lyk na ’n vergestaltung van wat Grüttemeier (2006:286) die ironiese in en teenoor mekaar van verskillende werklikheidsvlakke in Nooteboom se poësie noem. En die vriend wat hier in die plek van die “joncfrouwen” gekom het, kan moontlik in die lig van Nooteboom se neiging tot destabilisering as verdubbeling van die spreker gelees word. Hierby sluit die opmerking van Grüttemeier (2006:287) aan dat Nooteboom met verwysing na die Amerikaanse digter en kultuurfilosoof, Octavio Paz, die gedagte uitgespreek het dat jy altyd twee mense met jou saamdra: een met ’n neiging na die ewige en ’n ander wat dit volmaak ironiseer.

<sup>21</sup> “boven ons het zachte snurken van een vliegtuig” en “Upgestaen” in “Eens Meienmorgens vroe” sou ook so gelees kon word.

Soos by die Cloete-teks vind hier geografiese verskuiwing plaas, maar nou van die Nederlandse wêreld na 'n Mediterreense omgewing met sy eie geografiese en natuurkenmerke wat ook anders as dié in die Cloete-gedig is. Herlesing en vervanging sien 'n mens in die feit dat dit nie 'n gedig vol liefdesverlange of huislike geluk is nie, maar een waar in die plek van “drie joncvrouwen” en 'n huisgesin 'n enkele vriend genoem word en ook maar terloops; ook nie 'n relatief ongekompliseerde beeld van liefde en geluk nie, maar van dreigende ondergang en vernietiging. Selfs in die herhaling – die natuurelemente – is daar, soos hier bo aangedui, iets hiervan in die Nootboom-teks teenwoordig. Grüttemeier (2006:286) merk trouens op dat dit in al Nootboom se werk oor dood, herinnering en tyd gaan.

Wat korrelrigheid en besondere spesifisiteit betref, geld wesenlik dieselfde as by die Cloete-teks, behalwe dat die aandag van die leser by Nootboom deur die herhaling van die “harba lori fa”-frase nog sterker op die verband gelê word. Ooreenkomste is daar wel, maar dis veral die verskille wat opval: die feit dat hier geen vrou in die prentjie is nie en veral die ambivalensie en bedreiging en ondergang wat wag ten spyte van tydelike geluismomente.

### Slot

Uit die lees van die drie tekste – hertog Jan I van Brabant se “Eens Meienmorgens vroe”, TT Cloete se “Harba lori fa” en Cees Nootboom se teks met dieselfde titel uit die refrein van Jan I se lied – afsonderlik en in gesprek met mekaar – het dit geblyk dat 'n (beperkte) intertekstuele benadering ooreenkomste en verskille helder aan die lig bring wat betref transformasies soos verskuiwing, herlesing en vervanging. So word die besonderhede en eie aard van elke teks duideliker, maar gee hulle ook oor en weer belangrike reliëf aan mekaar.

Verder het die nut van bepaalde perspektiewe uit die kognitiewe poëtika en stilistiek in verskillende opsigte na vore gekom, onder meer wat die lees van tekste en die identifisering en aard van intertekstuele verhoudings betref.

### BIBLIOGRAFIE

- Allen, G. “Intertextuality”. *The Literary Encyclopedia*. First published 24 January 2005 [http://www.litencyc.com/php/stopics.php?rec=true&UID=1229, accessed 26 September 2014.]
- Baldick, C. 2015. *The Oxford Dictionary of Literary Terms* (Oxford Quick Reference). Oxford: OUP. Kindle Edition.
- Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke (Afrikaans Edition) Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition.
- Burden, JJ. 1991. *Psalms 120-150*. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.
- Cheney, P. 2012. Intertextuality. In *The Princeton Encyclopedia of Poetry and Poetics*. Princeton University Press. Kindle Edition, pp. 716-718.
- Childs, P & Fowler, R. 2006. *The Routledge Dictionary of Literary Terms* (Routledge Dictionaries). Taylor & Francis. Kindle Edition.
- Cloete, TT. 1963. *Van Hendrik van Veldeke tot Spieghel*. Pretoria: Van Schaik.
- Cloete, TT. 1996. Hoe het Angelliera ontstaan? *Die Burger* 6 Maart, p. 5.
- De Boer, P. 1999. ‘Dit was alles wat ik wilde. Harba lori fa’. *Trouw*, 17 Julie 1999.
- De Pourcq, M & De Stryker, C. 2013. Geschiedenis van die moderne intertekstualiteitsteorie: opvattingen, denkers en concepten. In Van Dijk, Y, De Pourcq, M & De Stryker, C (reds.). *Draden in het donker: Intertekstualiteit in theorie en praktijk*. Nijmegen: Vantilt, pp. 15-59.
- Du Plooy, H. 2012. “Dit innerlijk bedrijf, verzinnelijkt”. TT Cloete en JH Leopold. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 19(2):58-85.
- Ferber, M. 2007. *A Dictionary of Literary Symbols*. Cambridge University Press. Kindle Edition.
- Franssen, G. 2013. Intertekstualiteit versus interdiscursiviteit. In Van Dijk, Y, De Pourcq, M & De Stryker, C (reds.). *Draden in het donker: Intertekstualiteit in theorie en praktijk*. Nijmegen: Vantilt, pp. 231-248.

- Grüttemeier, R. 2006. Nach dem Zweiten Weltkrieg. In Grüttemeier, R & Leuker, M (Hrsg.). *Niederländische Literaturgeschichte*. Berlin: Springer, pp. 236-308.
- Hambidge, J. 2005/7. Die hipnose van die digkuns: TT Cloete-gedenklesing. <https://www.litnet.co.za/die-hipnose-van-die-digkuns-tt-cloete-gedenklesing> [20 September 2021].
- Hogenelst, DE & Van Oostrom, F. 1995. *Handgescreven wereld. Nederlandse literatuur in de Middeleeuwen*. Amsterdam: Prometheus.
- Jaffe, E et al. 2001. *Online symbolism dictionary*.
- Jeffries, L & McIntyre, D. 2010. *Stylistics* (Cambridge Textbooks in Linguistics). Cambridge University Press. Kindle Edition.
- Karpenko-Seccombe, T. 2010. Intertextuality as cognitive modelling. University of Huddersfield. [<https://doi.org/10.1075/etc.9.2.02kar>].
- Marais, R. 1984. Gesins- en familiegedigte in die poësie van TT Cloete. *Ensovoort* 4(1):12-16.
- March, Jennifer R. 2014. *Dictionary of Classical Mythology*. Oxbow Books. Kindle Edition.
- McCormick, K & Waller, GF. 1987. Text, reader, ideology: The interactive nature of the reading situation. *Poetics*, 16(2):193-208.
- Meder, T (samenst.). 1988. *Hoofsheid is een ernstig spel*. Amsterdam: Querido. DBNL.
- Meijer, M. 1996. *In tekst gevat*. Amsterdam: Amsterdam University Press.
- Meijer, M. 2013. Intertekstualiteit en culturele studies: een pleidooi. In Van Dijk, Y, De Pourcq, M & De Strycker, C (reds.). *Draden in het donker. Intertekstualiteit in theorie en praktijk*. Nijmegen: Vantilt, pp. 267-286.
- Moraru, C. 2005. Intertextuality. In Herman, D, Jahn, M. & Ryan, M (eds). *Routledge Encyclopedia of Narrative Theory*. Taylor & Francis. Kindle Edition, pp. 256-261.
- Panagiotidou, M. 2010. Mapping Intertextuality: Towards a Cognitive Model. *Poetics and Linguistics Association*.
- Pharos Online. S.a. *Afrikaans-Engels/English-Afrikaans Dictionary*. Pharos.
- Pijnenburg, WJJ & Schoonheim, TH. 1997. *Middelnederlands lexicon*. Amsterdam: Schiphouwer & Brinkman.
- Spies, L. 1983. 'n Nuwe bloei in Afrikaans: TT Cloete se angelier, Antjie Krog se roos. In: Botha, E & Pretorius, R (reds.). *Samehang en sin*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 106-120.
- Steenhuis, PH. 2000. Nooteboom: Een lezer moet vragen stellen. *Trouw*, 14 Augustus.
- Tay, D. 2014. Lakoff and the Theory of Conceptual Metaphor. In Taylor, JR & Littlemore, J (eds). *The Bloomsbury Companion to Cognitive Linguistics* Bloomsbury Publishing. Kindle Edition, pp. 49-59.
- Tresidder, J. 2008. *The Watkins Dictionary of Symbols*. Watkins Media. Kindle Edition.
- Van Alphen, E, Duyvendak, L, Meijer, M & Peperkamp, B. 1996. *Op poëtische wijze. Handleiding voor het lezen van poëzie*. Bussum: Coutinho.
- Van Bork, GJ, Delabastita, D, Van Gorp, H, Verkruijsse, PJ & Vis, GJ. 2012(?). *Algemeen letterkundig lexicon*. DBNL.
- Van Dijk, Y & De Pourcq, M. 2013. Voorwoord. In Van Dijk, Y, De Pourcq, M & De Strycker, C (reds.). *Draden in het donker. Intertekstualiteit in theorie en praktijk*. Nijmegen: Vantilt, pp. 7-11.
- Van Eerten, L (eindredacteur). *Middelnederlandsch woordenboek*. Leiden: Instituut voor de Nederlandse taal.
- Van Oostrom, F. 2006. *Stemmen op schrift*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Venter, L. 1995. Fragmente sloer in ons ore: die reaktivering van ouer literêre tekste in die oeuvre van TT Cloete. *Literator*, 16(3):145-161.
- Willaert, F. 1980. A propos d'une balette de Jean 1<sup>er</sup> Duc de Brabant (1253-1294). *Etude Germaniques*, 35(4): 387-397.
- Willaert, F. 1995. Van luisterlied tot danslied. Het hoofse minnelyriek in het Middelnederlands tot omstreeks 1300. In Van Oostrom, FP e.a., *Grote lijnen*. Amsterdam: Prometheus, pp. 65-82. DBNL.
- Willaert, F. 2003. Een dichter te paard. De minnelyriek van Jan I van Brabant. *Queste*, 10:95-114. DBNL.
- Willemys, R. 2013. *Dutch: Biography of a Language*. Oxford University Press. Kindle Edition.

# 'n Ou skoolsaal of teater – die opvoerruimtes van die Cape Flats Players en die Eoan-groep

*An old school hall or theatre – the performance venues of the Cape Flats Players and the Eoan Group*

– vir Nerina Bosman, 'n gewaardeerde kollega, 'n fynproewer van die uitvoerende kunste wat haar oor die jare vir oop ruimtes beywer het.

## HEIN WILLEMSE

Departement Afrikaans  
Universiteit van Pretoria  
Pretoria  
Suid-Afrika  
E-pos: hein.willemse@up.ac.za



Hein Willemse

**HEIN WILLEMSE** doseer Afrikaanse letterkunde en Algemene Literatuurwetenskap aan die Universiteit van Pretoria. Hy publiseer hoofsaaklik oor kanonisering, kreolisering, marginalisering en bio-/outobiografie in die (Suid-) Afrikaanse letterkunde. Sy belangstelling sluit ook navorsing oor Afrikaanse en Afrika mondelinge tradisies in. Hy is 'n voormalige president van die International Society for the Oral Literatures of Africa (ISOLA) en was die eindredakteur van *Tydskrif vir Letterkunde* vanaf 2001 tot 2018. Hy het voorheen gedien as besoekende professor aan verskeie universiteite in Afrika, Europa, Latyns-Amerika en die VSA.

**HEIN WILLEMSE** teaches Afrikaans literature and Literary theory at the University of Pretoria. He has published mainly on canonisation, creolisation, marginalisation and bio-/autobiography in South African and Afrikaans literature. His interests include research into Afrikaans and African oral traditions. He is a former President of the International Society for the Oral Literatures of Africa (ISOLA) and was the editor-in-chief of *Tydskrif vir Letterkunde* between 2001 and 2018. He previously served as a visiting Professor at several universities in Africa, Europe, Latin America, and the USA.

### Datums:

Ontvang: 2021-05-28

Goedgekeur: 2021-09-26

Gepubliseer: Desember 2021

**ABSTRACT*****An old school hall or theatre – the performance venues of the Cape Flats Players and the Eoan Group***

*In 1983 the theatre researcher Temple Hauptfleisch raised concerns about the decline in South African amateur theatre (also called amdram). He identified several factors that could support its continued development, among them “the availability of a theatre or hall”. He states that “to produce a play one needs a theatre, and for the sophisticated public of today the old school hall is no longer good enough” (Hauptfleisch, 1983). This quotation can hardly be regarded as representative of all amateur theatre companies or communities in the South Africa of the 1980s. The sophisticated audiences and amateur companies that he referred to were limited to high middle class white audiences in cities and major towns. In most communities and rural towns such preferences would have been unimaginable.*

*This article investigates the position of the Cape Flats Players (the Players), an amateur theatre company that was established in 1973 and continued its activities until about the turn of the century. Where relevant, the fate of the Eoan Group, an amateur Cape Town opera company, is discussed. It is common cause that during the high point of apartheid very few theatres were accessible to non-white actors or patrons. For instance, the Players had no permanent rehearsal space or performance venue. They initially rehearsed in their founder, Adam Small’s garage, and later after hours in university lecture halls, a community library, or the dance hall of a local hotel.*

*Helen Southern-Holt founded the Eoan Group in 1933 as a cultural and welfare society. Under the guidance of Joseph Manca, the group became primarily known as a choir and opera company. They had their own rehearsal venue until they had to move and used the Cape Town City Hall for their performances to ethnically mixed audiences. Changes to the stage of the City Hall and the implementation of the Group Areas Act in the early 1960s forced them to relocate their activities. With the aid of private donors and government subventions they built the Joseph Stone auditorium. The close relationship of members of the Group to and their financial reliance on the Department of Coloured Affairs gave rise to criticism and eventually boycott action by anti-apartheid activists.*

*With reference to the Players the article investigates the availability of theatre spaces between 1970 and the early 1990s and the impact of apartheid legislation on their and the Eoan Group’s activities and performances. Specific attention is paid to the effects of two key apartheid statutes, viz. the Reservation of Separate Amenities Amendment Act, No. 10 of 1960 and the Group Areas Act, Act 41 of 1950 as amended by Act 77 of 1957. Theoretically, the paper is informed by various perspectives on space formulated by Michel Foucault, David Harvey, and Henri Lefebvre.*

*Foucault’s essay “Of other spaces” is relied on with reference to his notions of “heterotopia” and “heterochrony”. A key insight of Harvey, namely that “space and time are socially constructed” is used in the paper to explore the processes of social reproduction of political policy guidelines. With reference to Lefebvre’s notion of the “production of space” three key concepts are referred to in the article, namely that of spatial practice (i.e., space as perceived between daily routine and urban reality); representations of space (i.e., space as conceptualized by scientists and social engineers, among others) and representational spaces (i.e., “space as directly lived through its associated images and symbols”).*

*With respect to the Reservation of Separate Amenities Act, Act 49 of 1953 as amended it is found that the Players did not have access to any of the available theatres on university campuses in the Cape Town vicinity or surrounding towns; that the access of audiences to*

*their performances was restricted; that they had to use non-traditional spaces for their performances; that they had no control over the nature and demography of their audiences and that through their itinerant performances they created new networks of connected individuals and groups.*

*As far as the Group Areas Act, Act 41 of 1950 as amended is concerned, the obliteration of the early cultural networks of the Eoan Group and their relocation to their own theatre in a township are discussed. It is found that the anti-apartheid activists promoted the boycott of the facility, consequently seriously hampering its effective functioning for much of the 1980s. In the final instance, the Players' approach to perform in the once boycotted "whites only" Nico Malan theatre, is discussed in juxtaposition to the fate of the aforementioned boycott of the Eoan Group. It is found that by the beginning of the 1990s the political climate had change significantly from that of the early 1970s and 1980s. Although their performance at the former "whites only" facility in 1991 met with some criticism, the political and cultural climate had changed significantly. In this respect the Players could be regarded as the group whose performance signalled the end of the community boycott of the Nico Malan theatre.*

*In general, it was found that the place of performance is relational to other spaces, histories, and symbolic conceptions. The choice between "an old school and a theatre", although apparently simple, conceals complex questions on space, access, and exclusion.*

**KEYWORDS:** apartheid legislation, Reservation of Separate Amenities, Amendment Act, Group Area Act, Cape Flats Players, Eoan Group, theatre facilities, space

**TREFWOORDE:** apartheidswetgewing, Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, Groepsgebiedewet, Cape Flats Players, Eoan-groep, teatergeriewe, ruimte

## **OPSOMMING**

Die teaternavorsers Temple Hauptfleisch spreek in 1983 kommer uit oor die agteruitgang van plaaslike amateurteater. Hy identifiseer verskeie faktore om dit te stimuleer, onder meer die beskikbaarheid van 'n saal of 'n teater, verkieslik laasgenoemde, "omdat vir vandag se gesofistikeerde gehore die ou skoolsaal nie meer goed genoeg is nie". Hierdie artikel ondersoek na aanleiding van hierdie stelling die lotgevalle van die Cape Flats Players en die Eoan-groep, beide Kaapse amateursgeselskappe tydens die hoogbloei van apartheid. Die beskikbaarheid van teatergeriewe en veral die toepassing van apartheidswetgewing met verwysing na die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe en die Groepsgebiedewet, word van nader beskou. Die ondersoek vind plaas aan die hand van Michel Foucault, David Harvey en Henri Lefebvre se insigte oor die aard van plek en ruimte. Hier is bevind dat die Cape Flats Players nie toegang tot teaters gehad het nie; dat die toegang van gehore beperk was; dat hulle nie-tradisionele ruimtes moes gebruik; dat hulle geen beheer oor die aard en demografie van hulle gehore gehad het nie en dat hulle nuwe netwerke van verbandhoudende individue en groepe gevestig het. Ten opsigte van die Eoan-groep is bevind dat die apartheidswetgewing tot gevolg gehad het dat hul kulturele netwerk vernietig is. Ná die oprigting van hul eie teater, het hul onmiddellike gemeenskap die fasiliteit geboikot, hoofsaaklik vanweë die apartheidregering se geldelike steun aan die groep. Die kontrasterende ervaring van die Cape Flats Players wat in 1991 in die voorheen "slegs blankes" Nico Malan-teater opgetree het, word bespreek. Alhoewel daar kritiek teen hul optrede was, het dit ook die einde van die boikot van die teaterkompleks ingelui. In die algemeen is bevind dat opvoerruimtes verbande oproep met

ander ruimtes, geskiedenis en simbole. Die keuse tussen “’n ou skoolsaal” en “’n teater” mag eenvoudig klink, maar verdoesel verwickelde vrae oor ruimtes, toegang en uitsluiting.

## Inleiding

’n Teaternavorser, Temple Hauptfleisch spreek in 1983 kommer uit oor die agteruitgang van plaaslike amateurteater (ook genoem amdram). Hy identifiseer verskeie faktore om amdram te stimuleer, onder meer die beskikbaarheid van ’n saal of ’n teater, verkieslik laasgenoemde, “omdat vir vandag se gesofistikeerde gehore die ou skoolsaal nie meer goed genoeg is nie” (Hauptfleisch, 1983).<sup>1</sup> Die Suid-Afrika van die 1980’s wat egter opgeroep word, kan kwalik as verteenwoordigend van alle toneelgeselskappe of gemeenskappe geles word. Die gesofistikeerde gehore wat teaters, selfs vir hul amateur geselskappe sou verkies, is waarskynlik beperk tot uitgelese hoë middelklas gehore, onteenseglik wit, in stede en sekere groot dorpe. Op die meeste plattelandse dorpe sou so ’n voorkeur meestal onvoorstelbaar wees.

Teen die agtergrond van Hauptfleisch se opmerking word hier ondersoek ingestel na die posisie van die Cape Flats Players (voortaan: die Players), ’n Kaapse amateur toneelgeselskap, wat vanaf 1973 tot omstreeks die eeuwending opgetree het. Met hul oprigting het die stigter, Adam Small (1936–2016) en die groepslede hulle verbind tot die Swartbewustheidsversets-tradisie en hul oorhoofs as “swart” bestempel.<sup>2</sup> Alhoewel hulle meestal Afrikaanssprekend was, het teen die einde van die tagtigerjare enkele Xhosa-sprekers aangesluit (Blumer, 1990). Die huidige bespreking sal ook verwys na die lotgevalle van die Eoan-groep, ’n Kaapstadse amateur operageselskap waarvan die meeste lede as “bruin” geïdentifiseer het (Roos, 2018:176-179).

Tydens die hoogbloeit van apartheid (omstreeks die laat-1950’s tot die einde van die 1970’s) was daar min toeganklike teaters vir “niewit” teatermense of -belangstellendes. Apartheidswetgewing het hierdie geselskappe wesenlik beïnvloed. Die Players het geen permanente repeteer- of opvoerruimtes gehad nie. Hulle het aanvanklik in Small se garage en later in universiteitslesingsale, na-ure in ’n biblioteek of ’n hotel-danssaal gerepeteer (Gwala, 1973:110; Willemse, 2017:894). Ongeag hierdie hindernisse het die Players as reisende toneelgeselskap naam gemaak en tot die laaste dekade van die vorige eeu gereeld opgetree (Willemse, 2017:881-882).

Helen Southern-Holt het die Eoan-groep in 1933 as ’n kultuur- en welsynsvereniging opgerig. Onder Joseph Manca verwerf hul bekendheid as ’n amateur koor- en operageselskap (Roos, 2018:22-25). Die groep kon hul eie repeteerruimte bekom en in die Kaapstadse stadsaal voor etnies-gemengde gehore optree. Later is veranderinge aan die stadsaal se verhoog aangebring en met die inwerkstelling van die apartheidswetgewing moes hul ’n ander heenkome vind (Eoan History Project, 2013:174-175). Met die hulp van weldoeners en die Departement van Kleurlingsake (D.K.) is die Joseph Stone-ouditorium in 1969 opgerig. Hul verbintenis met die regering (via die D.K.) lei egter daartoe dat anti-apartheidsaktiviste sowel die groep as hul fasiliteit as politiek-gekompromitteerd voorgelou het.

<sup>1</sup> In hierdie artikel het ek in alle gevalle die vertaling gedoen.

<sup>2</sup> Die begrippe “bruin” en “wit” verwys onderskeidelik na mense wat in die praktyk as “Kleurling” of “Europeane/Blankes” benoem en as sodanig in apartheidswetgewing omskryf is, terwyl “swart” hier generies in die tradisie van die Swartbewustheidsbeweging aangewend word. Die begrip “niewit” suggereer beperkte bemiddelingsmoontlikhede (*agency*) en die gedwonge subordinasie van die benoemdes.

Uit hierdie breë kensketsing kan 'n sentrale vraagstuk met verwysing na die Players onderskei word, naamlik wat was hulle teatervoorsiening vanaf 1970 tot die vroeë 1990's? Voorts, hoe het die toepassing van apartheidswetgewing, spesifiek die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe en die Groepsgebiedewet die Players en die Eoan-groep in die 1970's en 1980's geraak? As teoretiese lens is dit sinvol om enkele opmerkings oor die aard van plek en ruimte aan die hand van Michel Foucault, David Harvey en Henri Lefebvre te maak.

In die res van die artikel sal aangetoon word dat die keuse tussen "'n ou skoolsaal en 'n teater" verskeie vraagstukke rondom die beskikbaarheid van opvoerruimtes, hul geskiedenis en die ideevorming daaromheen, verdoesel. Hier word drie van dié vraagstukke bekyk. Verskeie nagevolge van die toepassing van Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe sal eerstens met verwysing na die Players uitgewys word. Tweedens, die Groepsgebiedewet het gemeenskappe ontwortel en sodanig verstrooi dat gevestigde kultuurnetwerke in die geval van die Eoan-groep verbreek is. 'n Derde aspek is die uitwerking van anti-apartheidsaktivisme wat daartoe gelei het dat die Eoan-groep se teater geboikot is. Daarteenoor staan die Players se opvoering van *Love, Lust or Guilt* (1991) wat te midde van 'n soortgelyke boikot teen die "wit" Nico Malan Skouburg met minimale boikotaksie begroet is.

### Die produksie van ruimte

Die uitvoerende kunste het 'n plek vir uitvoering nodig, maar 'n teater as struktuur en gebou is nie noodwendig nie. Die opkoms van plek-spesifieke teater toon duidelik dat opvoerings op letterlik enige plek kan plaasvind. Die teater – die plek, ruimte, maar breedweg ook as instelling – is 'n belangrike onderdeel van 'n kultuurindustrie wat ingebed is in alledaagse sosiale praktyke, en ook in verwickelde ekonomiese, politieke en sosiale verhoudings. 'n Verskeidenheid van maatskaplike instellings het regstreekse, maar meermale onregstreekse verbintenisse en verhoudings met die welvaart van die teater, hetsy die staat oorhoofs of plaaslik 'n veelvoud van onderwys-, media-, korporatiewe en sosiale instellings. Hoe oor die teater as instelling gedink word en die plek wat dit in die sosiale lewe inneem, is eweneens van belang. Die teater as instelling roep bepaalde idees op en word op bepaalde wyse beleef. Dit is derhalwe nie waardevry nie. Dit dra betekenis en bevorder op 'n verskeidenheid van wyses bepaalde belange, óf dit nou die waardes van sosiale klas óf ander kultuurspesifieke, politieke of ekonomiese idees en waardes is.

Michel Foucault (1986:25) verwoord in sy lesing "Van ander ruimtes" die nosie van verhoudings en die uiteenlopende ruimtes wat een plek oproep. In sy woorde "die heterotopie in een plek kan 'n verskeidenheid ruimtes oproep, plekke wat in sigself onversoenbaar is". Heterotopie staan in teenstelling tot utopie (die onwerklike, die "samelewing in perfekte vorm"). Dit is in heterotopieë dat "al die reële plekke wat in 'n kultuur gevind word, terselfdertyd teenwoordig is, om meegeding of omgekeer te word" (Foucault, 1986:24). Van die "uitgangspunte" wat hy abstraheer, is dat 'n heterotopie 'n bepaalde funksie in 'n samelewing inneem waarvan die plek, betekenis en aard aangepas word. Sy voorbeeld is dié van 'n begraafplaas wat oor eeue in die Westerse kultuur aanpassings in aard, funksie en lokaliteit ondergaan het.

Foucault gebruik die begrip "heterochronie" waarmee hy die "versameling van tyd in 'n bepaalde plek" bedoel, soos in 'n algemene argief, waar "op een plek alle tye, alle epogge, alle vorme, alle smake" teenwoordig is (Foucault, 1986:26). Heterotopieë is ook nie noodwendig oop vir almal nie. In gevalle soos 'n tronk of barakke het die aangewese persoon

geen keuse nie, of by 'n tempel mag 'n reinigingsrite nodig wees om toegang te verseker, of moet bepaalde tekens verskaf word om toelating te verkry (Foucault, 1986:26). 'n Bykomende funksie is dat heterotopieë die illusie van 'n ander ruimte oproep, of selfs ander reële ruimtes, maar dan in 'n meer perfekte vorm as die oorspronklike soos die vestiging van nedersettings in Suid-Amerika op die patroon van Spaanse dorpsuitlegte (Foucault, 1986:27).

Hierdie idees kan aangevul word met dié van Henri Lefebvre (1991:39, 40) wat drie vorme van ruimte onderskei: dié wat “waargeneem”, “bedink” en/of “beleef” kan word, aspekte wat ook in die openingsparagraaf van hierdie onderafdeling verwoord is. Die eerste verwys na die fisiese ruimte wat in alledaagse verkeer “geproduseer” word, byvoorbeeld die roetes en ruimtes wat met daaglikse verkeer tussen tuiste, werk, ontspanning en private lewe opgeroep word. Uiteenlopende ruimtes word met mekaar verbind (Lefebvre, 1991:33, 38). Dié ruimtelike praktyk word empiries en nie-refleksief beleef. Tweedens is daar die “representasie van ruimte” waar ruimte kognitief ontwikkel word. Dit behels die produksie van kennis oor ruimte aan die hand van wetenskaplikes, kartograwe, beplanners, omgewingsbeplanners of teoretici oor ruimte (Lefebvre, 1991:33, 38-39). Die derde vorm van ruimte behels “die ruimtes van representasie” soos beleef deur verwikkelde versimbolisering en ideevorming (Lefebvre, 1991:33, 39).

Lefebvre (1991:53 e.v.) reken dat “elke samelewing sy eie ruimte produseer wat ander nagevolge het”. Sy voorbeeld is dié van die Europese Middeleeuse samelewing met die feodale produksiemodus wat sy eie ruimte geskep het op basis van 'n vorige epog. 'n Ruimte met netwerke van herehuise, kloosters en katedrale is gevestig, ruimtes wat kleinboere omvorm het. Dié fisiese ruimte skep sy eie simboliese (of abstrakte) ruimtes wat herkenbaar is en deur die bevolking beleef word. Dit is op hierdie fisiese ruimtes dat kapitalisme en neokapitalisme voortbou met hul eie netwerke van kapitaalakkumulاسie (banke, sakesentra, massale produksie) en globalisering (met netwerke van paaie, lughawens, lugverkeerroetes en inligting).

Vir die geograaf David Harvey (1990:419) konstrueer elke “sosiale formasie objektiewe konsepsies van ruimte en tyd, geskik vir sy eie behoeftes van materiële en sosiale reproduksie”. Die aard van kapitaalvorming in Suid-Afrika tydens die eerste helfte van die twintigste eeu skep die grondslae vir die opkoms van Afrikanernasionalisme, met Afrikanerkapitaal geskoei op die voorafgaande periode van koloniale en Engelse kapitalisme, die institutionalisering van die apartheidsbeleid, die skepping en grootskaalse verburgerliking van arm en middestand Afrikaners (Terblanche, 2002:304).

Die ruimte wat sedert die Nasionale Party-oorwinning van 1948 geskep is, word waargeneem in die skepping van fisiese infrastruktuur, die bou van netwerke of geriewe. Omgewingsbeplanners herbeplan, herbedink en lê die landelike, stedelike en dorpsinfrastruktuur uit wat saamval met die toe-heersende politieke beleidsraamwerke. Hulle ontwikkel kognitief “ruimtes van representasie” gegrond op die hegemonie van Afrikanernasionalisme en die opkoms van vroeë Afrikanerkapitaal wat ná die bewindsoorname regstreeks ook die ruimtes van alle ander Suid-Afrikaners beïnvloed het. Die abstrakte ruimte word vervat in die sentrale woord “apartheid”. Daarmee word die ideevorming en simboliek van die periode vasgevang.

Suid-Afrika beleef rondom die 1960's 'n besonder hoë ekonomiese groeikoers wat gepaardgaan met die grootskaalse herskepping van die fisiese ruimte, asook tegnologiese vooruitgang vergestalt in die inwerkingstelling van byvoorbeeld televisie-uitsendings in 1975. Die Sentrum vir SA Teaternavorsing bevind dat amdrum onder druk van dié ontwikkeling afneem. Hierdie afname word beskou as “'n verlies, 'n bewustheid dat 'n deel van ons kultuur

aan't kwyn is," en dat die tendens omgekeer moes word (Hauptfleisch, 1983). Derhalwe word 'n aantal kernfaktore uitgelig waaronder veral die beskikbaarheid van 'n teater.<sup>3</sup>

Hauptfleisch se terloopse stelling oor "vandag se gesofistikeerde gehore" spreek van die verburgerliking van die verstedelike Afrikanergemeenskap wie se ekonomiese posisie "betekenisvol verbeter is" deur "'n beleid van 'regstellende aksie'" en "verhoogde maatskaplike spandering" (Terblanche, 2002:304). Terselfdertyd geld egter die teenpool, naamlik dat ongelykheid in besteding met betrekking tot nuwe gemeenskappe aansienlik toegeneem het, 'n proses wat "in sistemiese terme verstaan moet word, as diep-gesetelde wit mag en swart magteloosheid" (Terblanche, 2002:391).<sup>4</sup>

### Die Cape Flats Players: 'n Kort oorsig

Adam Small het die Cape Flats Players in 1973 met studente van die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) opgerig. Die groep kom aanvanklik byeen om opvoerings van sy vroeë toneelstukke soos *Kanna hy kô hystoe* (met die première in 1972) en *Joanie Galant* (1973), en sy poësie- en musiekrevues, onder meer *Kitaar my kruis* (1976) en *What about 'de lô* (1980) op te voer (Willemse, 2017:881-882). Die groep verbrokkel kort ná sy oprigting, maar hergroepeer later onder leiding van Peter Braaf. Hulle verdien wye bekendheid vir hul opvoerings van hierdie Small-toneelstukke.

Sedert 1982 brei die Players hul repertorium uit met toneelstukke van Braaf (*Asseblief Miesies*, 1982), Melvin Whitebooi (*Dit sal die blêrrie dag wies!*, 1983; *Dié kant, daai kant*, 1984) en Ivan Sylvester (*Die invisibles*, 1993; *Die invisibles II*, 1998; *Dêm . . . die intolerance*, 1994) (Overbeek, 1984; Whitebooi, 1984; Short, 1984; Anon., 1993; Oosthuizen, 1998; Anon., 1994c). Met *Asseblief Miesies* maar veral *Dit sal die blêrrie dag wies!* bereik die geselskap ongekende getalle toneelgangsters. In 1984 oortref hulle selfs die bywoningsyfers van die Kaaplandse Raad vir Uitvoerende Kunste (Kruik), 'n staatsgesubsidieerde provinsiale kunsteraad (Breytenbach, 1984).

Suid-Afrika beleef tydens die jare tagtig 'n intense periode van maatskaplike en politieke onstuimigheid aangevuur deur politieke verset, teenstand teen die regering se militarisering van die samelewing en staatshervorming, en arbeidsmontering. Velerlei anti-apartheidsorganisasies onder meer die United Democratic Front (UDF, opgerig in 1983) en die New Unity Movement (NUM, 1985) word opgerig (Lodge & Nasson, 1991:34 e.v., 142 e.v.). Ook op kultuurgebied is seismiese verskuiwings aangevoel. Aktivistiese kultuurorganisasies soos die Cultural and Working Life Project van die Universiteit van Natal (CWLP, 1985), die Congress of South African Writers (Cosaw, 1987) en die Cultural Workers Congress (CWC, 1987) kom tot stand (Meintjies, 2021).

<sup>3</sup> Van die ander kernfaktore wat as noodsaaklik geag word vir die bevordering van amdrum in Suid-Afrika is: die teenwoordigheid van 'n leidende figuur, dit is 'n energieke persoonlikheid wat leiding bied en vrywilliges gebonde hou aan die taak; 'n kerngroep entoesiastiese spelers en medewerkers wat bereid is om skouer aan die wiel te sit; die beskikbaarheid van bedrewe regisseurs wat bereid is om met amateurs te werk; organisatoriese ondersteuning wat betrokke is by die verkoop van kaartjies en borgskappe vir die toneelgeselskap; en mediasteun (Hauptfleisch, 1983).

<sup>4</sup> Teenoor die nievoorsiening van opvoerruimtes vir nuwe gemeenskappe is oordadige en duur teaterkomplekse vir wit gehore opgerig wat die opgang van Afrikaner-verburgerliking simboliseer. Byvoorbeeld, die kostes (konstant vir Mei 2021) van die nuwe teaters befonds uit die staatskas wat tussen 1971 en 1985 geopen is: die Nico Malan Skouburg (1971) kos R11 miljoen (R826 milj), die Staatsteater (1981) R52 milj (R1,25 miljard) en die Sand du Plessis-teater (1985) kos R58 miljoen (R839 milj) (Anon., 1981; Anon., 1985; Eoan History Project, 2013:181).

In die suide van die land het die Players dié groeiende versetstemming aangevoel en hul repertorium sodanig aangepas. Hulle het toenemend werkswinkelproduksies opgevoer wat as politieke protes- of agitpropteater bestempel is (Thamm, 1989a). Onder dié produksies tel *Senzeni na? – What have we done?* (1986); *A luta continua – The struggle continues* (1987); *Inkululeko ngoku! – Freedom now!* (1989) en *Mix masala* (1990).

Die Players het as 'n reisende toneelgeselskap bekend geraak. Hul produksies is op reis geneem na dorpe in die Wes-Kaap, na kunstefeeste in die Oos-Kaap en elders. Sedert die middel-1980's met die toenemende verslapping van die apartheidsmaatreëls tree hulle op in teaters in Kaapstad en Johannesburg waar die artistieke bestuurders doelbewus die apartheidswetgewing verder uitgedaag het. Veral hul protesstukke word as potensieel-opruiend beskou en die veiligheidspolisie het van hul opvoerings op videoband opgeneem of verbied.

Op 2 Februarie 1990 hef die regering die verbod op verskeie verbode politieke organisasies op en word politieke gevangenes, onder meer mnr. Nelson Mandela vrygelaat (Lodge & Nasson, 1991:114-115). 'n Onsekere oorgangsperiode word beleef met sporadiese vlae van onrus, afwagtinge politieke toenadering en uiteindelik die aanname van 'n oorgangsgrondwet, gevolg deur die eerste verkiesing op 27 April 1994 vir alle Suid-Afrikaanse stemgeregtigdes.

Die Players beleef hul eie proses van toenadering wanneer hulle hul werkswinkelproduksie *Love, Lust or Guilt* (1991) in 'n eksperimentele ruimte, die Arena in die Nico Malan Skouburg, opvoer. In die laaste dekade van die vorige eeu gaan die geselskap voort met hulle reisprogram en periodieke opvoerings by teaters in Kaapstad en Johannesburg. Hulle tree toenemend op by verskeie kunstefeeste wat sedert die vroeë 1990's gevestig is (Anon., 1994a; Anon., 1994b). Rondom die eeuwending word hul optredes afgewentel en sedertdien tree die oorblywende lede van die geselskap slegs by geleentheid op (Nänny, 2006).

### **Die ou skoolsaal of teater?**

Hauptfleisch (1983) se verwysing na die beskikbaarheid van 'n saal of 'n teater kon in apartheid Suid-Afrika slegs na gegoede wit woonbuurte verwys. Behalwe die Joseph Stone-ouditorium in die Athlone-township in Kaapstad was daar vir die ganse bruin bevolking in die land en Suidwes-Afrika geen soortgelyke toegewyde teaterfasiliteit nie. Dieselfde geld vir ander niewit gemeenskappe elders in die land (kyk ook Govender, 2021; Solberg, 2011:xii-xiii).

Ten opsigte van die voorsiening van geriewe in bruin woongebiede bevind 'n kommissie aangestel deur die regering in 1976 dat

Publieke sale en teaters kan nie gedeel word nie, beskikbare sale is nie vir bepaalde werksaamhede beskikbaar nie, geriewe ontbreek veelal geheel en al, daar is 'n tekort aan gemeenskapsentrums, daar word by die beplanning van woongebiede nie altyd voldoende en behoorlik (sentrale) voorsiening vir gemeenskapsale, bioskope, ens. gemaak nie (Theron & Du Toit, 1977:77).

Die “Kommissie van Ondersoek na Aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep” wys as “knelpunte” die “toepassing” van die wette op die aanwysing van aparte geriewe en groepsgebiede uit (Theron & Du Toit, 1977:18-19). Dieselfde gevolgtrekkings kan na die meeste niewit gemeenskappe deurgetrek word. Daar is bevind dat “afsonderlike geriewe [. . .] nie op dieselfde standaard is as dié wat vir blankes verskaf word nie [. . .] [en] dat owerheidsinstansies hul pligte in dié verband verwaarloos het” (Theron & Du Toit, 1977:19).

Volgens Harvey (1990: 419) word met ruimte 'n bepaalde sosiale orde geskep deur die regimentering, die verdeling van ruimtelike eenhede en die verplasing van mense.

Administratiewe handelingte oor ruimte soos die toepassing van die reg of die toekenning van rekenkundige verpligtinge het verreikende gevolge vir die organisering van sosiale lewe. So lei “ideologiese stryde” tot verskillende perspektiewe oor die betekenis en representasie van ruimte en die identiteit van ruimtelike eenhede. Terselfdertyd bepaal mense se “toegang tot sosiale mag” hul verhouding tot ruimtes (Harvey, 1990:420). Die perspektief is inderdaad verhelderend wanneer die apartheidswetgewing rakende aparte geriewe en groepsgebiede ondersoek word.

*Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet 49 van 1953*

Kragtens die Wet op die Aanwysing van Aparte Geriewe, Wet 49 van 1953 is fasiliteite soos staatskantore, openbare vervoer, parke, strande en openbare geriewe soos teaters en bioskope statutêr gereserveer vir afsonderlike “rasse of klasse”. Persone wat nie tot die bepaalde “ras of klas” behoort nie, kon nie sonder vergunning die besondere geriewe gebruik nie (Reservation of Separate Amenities Amendment Act, No. 10 of 1960; Kaganof, 2014).

Die universiteitsteaters in Kaapstad en Stellenbosch, verskeie kleiner teaters in die Kaapse Skiereiland en in groter dorpe in die Kaapprovinsie, asook die veeldoelige burgersentrums of stadsale, is alles gereguleer deur Wet 49 van 1953. Die Players het destyds nie toegang tot een van dié geriewe gehad nie. Hulle moes desnoods hul eie verhoë bou in beskikbare ruimtes soos die kafeteria van die Universiteit van Wes-Kaapland (wat destyds nie ’n saal gehad het nie) of waar beskikbaar, van sale in die townships gebruik maak (Anon., 2016; Theron & Du Toit, 1977:37).

Die wet het die toegang van gehore beperk. Soortgelyk aan Foucault (1986:26) se tempel-heterotopie waar slegs ’n reinigingsrite toegang bied, was die apartheidskode dié van ’n staatstoegekende “ras- en klas-”identiteit. Ter illustrasie vir dié beperking sou die eerste openbare opvoerings van *Kanna hy kô hystoe* onder Small se spelleiding gebruik kon word. Verskeie wit joernaliste het namens hoofstroomkoerante daarvoor verslag gedoen wat die indruk mag wek dat die gehore geïntegreerd was, wat nie die geval was nie. Die joernaliste was daar in hul amptelike hoedanigheid, terwyl die gehore in die saal van die Nico Malan Verpleegkollege in Athlone grotendeels bruin was.<sup>5</sup> Sou enige ander wit toneelganger die geleentheid wou bywoon, moes hulle na regte vóór die opvoering spesiale toestemming van die relevante owerheid (byvoorbeeld die Departement van Gemeenskapsbou) verkry.<sup>6</sup>

’n Verdere voorval illustreer ’n ander dimensie van Wet 49, naamlik hoe in die afwesigheid van ’n toegewyde teater, nietradisionele ruimtes gebruik is om die bepalinge van die wet te omseil. Jan Rabie (1976) resenseer ’n opvoering van Small se revue *Kitaar my kruis* in die St. Georges Anglikaanse Katedraal in Kaapstad wat voor ’n gehoor plaasgevind het wat hy beskryf as: “’n stywerige klompie [. . .] wat nie altyd al die woorde kan volg nie,” dus hoofsaaklik wit, tweedetaal Afrikaanssprekers. Die stuk is in die loop van die tweede helfte van 1976 hoofsaaklik in verskeie “afgeleë of klein afskeepsaaltjies” in die bruin buurte op die

<sup>5</sup> Wilmot James (2011) vertel dat Small van die geleentheid gesê het dat aangesien hulle nie in die “slegs blankes” Nico Malan Skouburg mag optree nie, sal hulle skuif na ten minste ’n gelyknamige fasiliteit in Athlone!

<sup>6</sup> ’n Kruik-geselskap bestaande uit wit spelers het *Kanna hy kô hystoe* in 1974 in die Nico Malan-teater opgevoer, maar Small kon slegs met ’n permit die première bywoon. Hy het geweier om onder sulke omstandighede die geleentheid in 1975 by te woon. In 1980 het hy geweier dat die stuk enigsins daar opgevoer word (Cillié, 1998; Vosloo, 2001).

Kaapse Vlakte opgevoer, terwyl “sale in die vet buurte [ – noord en wes van die spoorlyn – ] waar die dakke met TV-ystervarkpenne gewapen is” ontoeganklik was (Rabie, 1976).

Teen die agtergrond van die Wet 49 is die katedraal as opvoerruimte ’n interessante keuse. Die gebruike en omskrywings van ruimtes, volgens Harvey (1990:421) dui op onderliggende konflik en stryde in samelewings. In dié opsig is die katedraal ’n goeie voorbeeld van so ’n plek van die stryd om sosiale geregtigheid. In weerwil van die wetgewing, het kerkleiers die katedraal opgehou vir die aanbidding van mense met uiteenlopende agtergronde. Die katedraal as plek van opvoering blyk in sigself belangrik te wees omdat dit as ’n anti-apartheidsruimte beskou en bedryf is (Anon., 2020). Met verwysing na Foucault word die katedraal ’n ruimte wat sonder reiniging betree kan word. Dit was nie die enigste ongewone ruimte waar die Players opgetree het nie. Later het hulle selfs in die HF Verwoerd-kantoorgebou van die parlement en by ’n kermis in die miljoenêrsbuurt Constantia opgetree – heterotopieë wat elk hul eie verhoudings, betekenis en simboliek oproep. Beide geleenthede het om uiteenlopende redes opslae gemaak (Anon., 1982; Fransman, 1982; Willemse, 2017:893).

Die Players het min inspraak in die opvoerruimtes of die aard en demografie van hul gehore gehad. Trouens, hulle het geen permanente repeteerruimte gehad nie. Aanvanklik het hulle aan huis van Small gerepeteer, en na-ure in lesingsale van die UWK, die Bellville-Suid Gemeenskapsbiblioteek of die dansaal van Swanies Inn (Willemse, 2017:894). Hierdie niepermanensie is nie onbelangrik nie. In Lefebvre (1991) se terme is ruimte nie net daar nie, dit word “geproduseer” deur menslike handeling. Sou ons Harvey (1990:422) se beredenering aanvaar dat ruimte nie net ’n wysgerige gegewe is nie, maar ’n produk van sosiale en geskiedkundige stryde, belig die gebrek aan ’n repeteer- en opvoerruimte die toe-heersende praktyk van die ondervoorsiening van geriewe en die geskiedenis van apartheidsverplasing.



**Figuur 1:** Swanies Inn, Bellville-Suid, 2021.

In dié geval is Harvey ook ter sake omdat hotelle onder die apartheidbedeling van die min besighede was wat bruin entrepreneurs in hul gebiede vir hul “ras of klas” kon oprig.


Die gebrek aan ’n permanente opvoerruimte het ’n nagevolg gehad wat van die grootste belang vir die Players was. Omdat hulle nie toegang tot ’n toegewyde teater gehad het nie, was hul behoud om as reisende geselskap veral op die platteland op te tree. Ruimte kom deur relasionele verhoudings en handelinge tot stand, volgens Lefebvre (1991:38). Dit blyk hiervolgens dat die Players nuwe netwerke of ruimtelike praktyke skep met die empiriese roetes en netwerke wat uiteenlopende ruimtes met mekaar verbind. So word die stad en platteland by die netwerk van ruimtelike eenhede of plekke ingeskakel deur die kohesie van teateropvoerings. Maar dit blyk dat dié sosiale praktyk ook simboliese tekenwaarde tot gevolg het (Lefebvre, 1991:39). Vir die Players geld dit veral ten opsigte van die gehore, hul taalvoorkeur, die aard van die stukke en stelle, die uitbreiding van kulturele aktiwiteit en verkondiging van anti-apartheidsaktiwisme (kyk ook Solberg, 2011:xii-xiii).

In die stad en omringende dorpe, het hulle deurgaans tydens hul bestaan meestal voor Afrikaanssprekende gehore in sale in bruin townships opgetree. In die breër Skiereiland was hul gehore in die noordelike voorstede hoofsaaklik bruin, Afrikaanssprekend, lae-inkomste of laer middelklas. Wat die bruin Engelse middelklas in die suidelike voorstede betref, blyk dit uit koerantberigte en resensies dat hulle daar minder getrek het. Dit is ’n ironiese feit dat die Players nie gereeld daar opgetree het nie, omdat Adam Small, hul oprigter, in dié gebied woonagtig was.

Op kleiner plattelandse dorpe langs die suidelike en westelike kusstreke, asook in dorpe in die sentrale Karoo en Klein-Karoo het die Players as reisgeselskap ’n merkbare invloed gehad. Reeds onder Small se leiding is *Kanna hy kô hystoe* in 1972 op verskeie Bolandse dorpe opgevoer (James, 2011). Ook die première van *Joanie Galant*, die eerste produksie van die Players, het in Desember 1973 op Malmesbury in die Swartland plaasgevind (Ons Korrespondent, 1973). As reisgeselskap moes hul stelle lig en maklik vervoer- en draagbaar wees en kon hulle slegs oor naweke in die spelers se vrye tyd optree (Braaf, 1986:91; Willemsse, 2017:894).

Uiteraard het dié verskillende ruimtes en gemeenskappe ’n invloed gehad op die aard van die stukke en die opkoms en samestelling van gehore. Van die Players se groot suksesse is dat hulle teater as ’n ervaring na nie-tradisionele groeperings en omgewings geneem het. Onregstreeks het die wetgewing op aparte geriewe ook daartoe gelei dat die Players protesteater kon neem na plekke wat andersins nie bereik sou word nie. Uiteenlopende ruimtes (bv. stede en dorpe) is met mekaar verbind en nuwe netwerke (nuwe skakelpersone, nuwe anti-apartheidsaktiviste en die polisie) is gevestig (vgl. Foucault, 1986:25; Lefebvre, 1991: 38-39).

In die dorpie Touwsrivier het ’n groep blykbaar voor ’n vertoning van *Senzeni na? – What have we done?* met die polisie slaags geraak en na afloop het “300 jeugdige” die groep al “dansende en singende begelei” (Anon., 1987; January, 1997:21). ’n Opvoering ter stywing van fondse vir ’n tak van die UDF is in 1986 onder die Wet op Openbare Veiligheid, 1953, Wet 3 van 1953 verbied in ’n gebied wat gewoonweg nie op die Players se radar was nie (Swart, 1986). Die bewegings van die Players is in dié tyd skynbaar deurlopend gemoniteer (January, 1997:21). In 1987 het die veiligheidspolisie op Oudtshoorn selfs ’n video- en klankopname gemaak van *Inkululeko ngoku! – Freedom now!* wat hulle as ’n opruiende stuk beskou het (Seale, 1989; January, 1997:21). Weer eens, ’n dorp wat in die apartheidstyd erg verdeeld was en destyds nie bekend was vir omarmende kultuurbeoefening nie.



**Figuur 2:** Opvoerverbod, Kaapstad, 1986.

Nieteenstaande hul sukses as 'n reisende toneelgeselskap het die Players 'n brandende begeerte gehad om hul eie teatergebou te bekom wat as basis kon dien, en blykbaar het hulle selfs grond bekom om die projek te begin (Short, 1987; Thamm, 1989b). Die gebied wat hulle daarvoor geoormerk het, was Elsiesrivier, 'n keuse bepaal deur die Groepsgebiedewet. Die omvang en bedryfskoste van dié soort ondernemings is egter duur, en sou uiteraard onvoorsiene gevolge gehad het. Die Players het uiteindelik nie die projek onderneem nie, en geen nuwe teater is sedertdien in dié gebied opgerig nie. Die lae van betekenis wat die ruimte as heterotopie suggereer, is hier duidelik. 'n Permanente plek sou 'n sin van identiteit en pleksin aan die

Players bied, wat 'n simbool van onafhanklikheid kon word. Dit sou egter ook die aard van die groep fundamenteel verander. Die geskiedenis van die Joseph Stone-ouditorium hier onder toon aan wat die slaggate en onbeplande gevolge van so 'n onderneming sou wees.

Alhoewel die Players nooit hul eie teater sou bekom nie, het mettertyd ander moontlikhede oopgegaan. Vanaf die gespanne middel-1980's het hulle gereeld in die People's Space-teater, die Kleintheater en die Baxter-teaterkompleks van die Universiteit van Kaapstad voor geïntegreerde gehore optree (Short, 1987). John Slemon, die artistieke bestuurder van die Baxter, het 'n besliste standpunt teen aparte geriewe ingeneem en aktief geleenthede geskep om nuwe toneelgangers en amateurgeselskappe na sy kompleks te bring. Die Players het reeds daar in 1981 'n suksesvolle speelvak met *Joanie Galant* en *What about de lô?* beleef (Cruywagen, 1983). In 1988 is die speelvak van die suksesvolle *Dit sal die blêrie dag wies!* in die Baxter-teater verleng.<sup>7</sup> Elders, in Johannesburg waar Mannie Manim en Barney Simon die Markteater in 1976 tot stand gebring het, het die Players ook 'n oop ruimte gekry om voor geïntegreerde gehore te speel. Elk van dié uiteenlopende ruimtes gaan gepaard met die skepping van nuwe netwerke en lei tot nuwe, ondersteunende of kontrasterende ideevorming.

### *Die Groepsgebiedewet, Wet 41 van 1950*

'n Ander apartheidstatuut het ook die bywoning van teaters en ander ontspanningsgeriewe beïnvloed. Die inwerkingstelling van die Groepsgebiedewet, Wet 41 van 1950 met latere wysigings gekonsolideer as Wet 77 van 1957 het verreikende gevolge gehad, omdat dit een van die hoekstene vir die skepping van die apartheidstaat was. 'n Geskiedskrywer beskryf die uitwerking van dié wetgewing op veral bruin gemeenskappe in emosionele terme:

As daar een wet is wat uitgesonder moet word as die een wat die meeste lyding veroorsaak het, die meeste vernedering en die meeste ontbering tot gevolg gehad het, en waaroor bruin mense vandag nog met wrokkigheid en bitterheid praat, dan is dit die Groepsgebiedewet [. . .] Die wet was niks anders as gewettigde diefstal nie [. . .] Die Groepsgebiedewet het bruin mense verarm; die Groepsgebiedewet het hulle ekonomies doodgemaak; die Groepsgebiedewet het talle fisies doodgemaak. Hierdie wet sal, in soverre dit bruin mense aangaan, in die geskiedenis bekend staan as die mees verfoeilike en vernietigende. (Du Pré, 1994:82)

Die skeiding van gemeenskappe op grond van 'n ander apartheidshoeksteen, hul bevolkingsklassifikasie (Wet 30 van 1950), het sedert die 1960's en latere dekades 'n regstreekse uitwerking gehad op mense se werk-, leef-, kultuur- en ontspanningsruimtes. Gevestigde gemeenskappe is ontwortel en verstrooi. Die apartheidbestel wou 'n alternatiewe sosiale orde skep waarvan ruimtelike herkonsepsie, herorganisasie en hertoewysing 'n sentrale uitgangspunt was. Dié ingrypende herrangskikking het tot uitgebreide konflik gelei, oor wat Harvey (1990:421) "die sosiale omskrywing van ruimte" noem.

Ruimte het 'n terrein van kontestasie geword in sowel praktiese as konseptuele terme: wat is die gebruik van ruimte, wie domineer en organiseer die ruimte? Watter netwerke word vernietig, wat word herbou? (kyk Harvey, 1990:421). In Kaapstad het Distrik Ses die simbool

<sup>7</sup> In 1983 word *Dit sal die blêrie dag wies!* die eerste toneelstuk in die bestaan van die Baxter waarvan die hele seisoen totaal uitverkoop is. In 1988 begin dit weer in 'n klein teater in die kompleks voordat die speelvak op openbare aandrag verleng en na een van die groot teaters verskuif is (Nänny, 2006).

van hierdie ontworteling en verstrooiing geword, maar haas elke dorp en stad in die land het soortgelyke geskiedenis van gedwonge verskuiwing en ontheemding (Du Pré, 1994:82-93). Hier is dit ter sake om aan te toon hoe die wet gevestigde kultuurnetwerke vernietig of ten minste verbreek het, en dat geriewe wat later daargestel is, geboikot is vanweë assosiasie met die apartheidregime.

Ten opsigte van die verbreking van kultuurnetwerke, kan ter illustrasie die situasie van die Eoan-groep (die “Daeraad”) en die Joseph Stone-ouditorium, opgeroep word. Die groep, die oudste operageselskap in Suid-Afrika, het in Westerse klassieke musiek, opera en ballet gespesialiseer (Kaganof, 2014). Die geselskap het veral in die Kaapstadse stadsaal opgetree, en met spesiale vergunning in bestaande teaters in Kaapstad en elders in die land (Kaganof, 2014; Eoan History Project, 2013:175, 181). Nie net het spelers van sentrale buurte soos Distrik Ses gekom nie, maar so ook hul ondersteuners en toeskouers. Nadat Distrik Ses wit verklaar is, is sy veelrassige maar veral bruin gemeenskap oor die Kaapse Vlakte verstrooi (Eoan History Project, 2013:176, 209).

Vir ontwortelde stadsgemeenskappe was daar in die jare sewentig, vroeë tagtigs beperkte ontspanningsgeriewe. Talle skole het nie sale gehad nie. Kerkgenootskappe moes noodgedwonge ten duurste nuwe kerkgeboue en sale bou (Rabie, 1977:8; Theron & Du Toit, 1977:81). In die nuwe townships of op plattelandse dorpe was openbare geriewe van watter aard ook al ontoereikend, en waar dit wel opgerig is, het stadsrade en munisipaliteite dit dikwels volgens apartheidsriglyne voorsien en ingerig, en het skeidingsregulasies by die gebruik daarvan gegeld (Theron & Du Toit, 1977:50, 77; kyk Eoan History Project, 2013:181).

Die gevolge van die wetgewing, in die geval van die Eoan-groep, het beteken dat hulle hul verbintenis met ’n betekenisvolle deel van hul voedergemeenskap verloor het (Eoan History Project, 2013:181-182). Vir hul ondersteuners het dit in ’n stad met ’n gebrekkige vervoerinfrastruktuur gaandeweg moeiliker geraak om hulle in die stadsaal te ondersteun (Eoan History Project, 2013:209). Ná hul verskuiwing uit die stadsaal na Athlone het die geselskap se wit ondersteuners nie meer hul opvoerings bygewoon nie wat ’n regstreekse uitwerking op hul bywoningsyfers en inkomste gehad het (Eoan History Project, 2013:210-214; Roos, 2018:158-159; Rabie, 1977:7).

Ná die verlies aan hul primêre opvoerruimte, die stadsaal, het die Eoan-groep op eie inisiatief die Joseph Stone-ouditorium in Athlone opgerig (Fox, 2020). Die gebou in die tipiese sobere idioom van die Nuwe Brutalisme stel funksionaliteit, hoekige struktuur en onafgewerkte materiaal voorop. Dit is in alle opsigte totaal anders as die Kaapstadse stadsaal, ’n gebou wat met sy Edwardiaanse neo-barokstyl met die klem op oordaad, ronding en elegansie die 19de eeuse Britse imperium oproep.

Vir van die lede was die Joseph Stone ’n professionele plek van hul eie, ’n nuwe begin, ’n gebou wat aan die gemeenskap behoort het en waar hulle allerlei funksies kon hou. In Lefebvre (1991:39) se terme het die sentrum as gerepresenteerde ruimte vir ander ’n simbool van vervreemding, ’n plek van hul gevangenskap geword en in vergelyking met die Nico Malan Skouburg ’n toonbeeld van ongelykheid (Eoan History Project, 2013:181-182).<sup>8</sup> Die verskuiwing vanaf die stadsaal na die Joseph Stone was vir sommige emosioneel: “Ek dink

---

<sup>8</sup> Die ouditorium is deel van die Eoan-kultuursentrum wat bestaan uit ateljees, oefenkamers en kantore. Met onder meer die steun van die weldoener, Joseph Stone, kon hulle in 1969 nagenoeg 58% van die totale boukoste R287 000 (2021: R24,7 milj) byeenbring (kyk Eoan History Project, 2013:181, 249). Vergelyk noot 4 hierbo vir die befondsing en boukoste van onder meer die Skouburg.



**Figuur 3:** Joseph Stone ouditorium, 1969 © Revel Fox & Genote.



**Figuur 4:** Kaapstadse stadsaal, 1934.

dis 'n afskuwelike gebou, ek het glad nie daarvan gehou nie. Dit is so aaklig, en saai en verskriklik” (aangehaal in Eoan History Project, 2013:182).

Ruimte is relasioneel, word geproduseer deur menslike handelings en speel 'n betekenisvolle rol in die identifisering en posisionering van die self (Lefebvre, 1991: 38-39). Toeskouers, toneelspelers en andere se gevoelens die plek en groep is ook op ander maniere beïnvloed, byvoorbeeld die aard van die groep. Wat voorheen hoofsaaklik 'n vrywillige organisasie was, het nou aansienlike volgehoue geldelike steun en administrasie vereis, omdat teaters duur ondernemings is wat selde sonder staatsteun of institusionele bystand staande kan bly (Anon., 1979a). Die befondsing van die apartheidsregering was juis die achilleshiel wat 'n nadelige uitwerking op die Joseph Stone en die geselskap gehad het.<sup>9</sup> Wat andersins as 'n merkwaardige simbool en onderneming van selfhandhawing beskou kan word, het erge teenstand van linkse politieke organisasies, anti-apartheidsdenkers en -aktiviste ontlok.

Harvey (1990:421 e.v.) se insig rondom die kontestasie van die betekenis en aard van ruimte is hier ter sake. Die Joseph Stone word heterochronies tegelyk 'n plek met 'n verskeidenheid geskiedenis en tydvakke van selfhandhawing en apartheidverskuiwing, van ingenomenheid en verwerping, van kulturele selfstandigheid en die kulturele mimiek van Europese kunsmusiek- en operatradisies, van aanvaarding deur die kunstenaars en samewerking (*collaboration*) met die apartheidsregering.

### Die gemeenskapsboikot van apartheidsinstellings

“Die boikot” gepropageer vanuit linkse politieke kringe word veral geassosieer met die Non-European Unity Movement (NEUM) en hul meelopers wat sedert die middel-1940's 'n onversetlike veldtog teen enigiets wat na samewerking met die apartheidsregering of rassisme ruik, gevoer het.<sup>10</sup> As 'n Trotski-geïnspireerde, sosialistiese groepering het hul politieke teoretiese standpunt plaaslik gewentel om twee sentrale vertrekpunte, naamlik “nie-samewerking” (*non-collaboration*) en “nierassigheid” (Adhikari, 2005:99-100, 114, Lodge & Nason, 1991:211; Soudien, 2019:169).

Die nie-sameweringsingesteldheid het veral gegeld ten opsigte van die apartheidsregering, en terreine soos sport, onderwys, ontspanningsaktiwiteite en kultuurbeoefening. Die uitgangspunt was dat onderdrukte nie moes meewerk aan hul eie verdrukking nie. In feite sou dit beteken om nie die regering se apartheidsbeleid, hul kategorisering van etniese affiliasie of geldelike steun te aanvaar nie. Van die ergste kritiek is in die openbaar uitgespreek teen mense wat as “kollaborateurs”, “uitverkopers” of “verraaiers” (*quislings*) verguis is (Eoan

<sup>9</sup> Die groep het naas 'n bydrae van R120 000 (2021:R10,3 milj) tot die boukoste van die Joseph Stone-ouditorium ook deurlopende geldelike steun van die Departement Kleurlingsake ontvang. Hulle het ook deelgeneem aan openbare aktiwiteite soos die 1971-republiekfees wat hul kritici as ondersteunend van die apartheidsbeleid vertolk het. Anti-apartheidsaktiviste het gevolglik die hele onderneming as verdag beskou en 'n gemeenskapsboikot van stapel gestuur wat die reputasie van die Eoan-groep en hul sentrum geskaad het (kyk Eoan History Project, 2013:181, 214-225).

<sup>10</sup> Alhoewel die kulturele boikot inderdaad op die Nico Malan Skouburg en ander soortgelyke instellings in Suid-Afrika van toepassing was, behoort hierdie gemeenskapsboikotaksie daarvan onderskei te word. Die internasionale kultuur- en akademiese boikot wat in Desember 1968 en in 1980 deur die Verenigde Nasies aanvaar is, was hoofsaaklik op buitelandse verkeer na en van Suid-Afrika gemik. Die tersaaklike resoluksie in 1968 lui dat lidlande onderneem om “kulturele, opvoedkundige en sportbande met die rassistiese regime, en organisasies en instellings in Suid-Afrika wat apartheid steun, te verbreek” (Willemsse, 1991:24).

History Project, 2013:222-223, Kaganof, 2014).<sup>11</sup> Veral in stede soos Kaapstad, Port Elizabeth, Kimberley en Durban het dié vorme van *ad hominem* kritiek besondere en durende neerslag gevind.

Die boodskap van niesamewerking en nierassigheid van die NEUM en sy bondgenoot, die Teachers' League of South Africa (TLISA) het veral aanklank by bruin onderwysers gevind (Lodge & Nasson, 1991:211; Adhikari, 2005:100). Al het dié organisasies algaande gekwyn, het hul boodskap verreikende invloed en nagevolge gehad (kyk ook Eoan History Project, 2013:36; 221; Adhikari, 2005:214).

Nierassigheid, antirassigheid sou waarskynlik 'n korrekter term wees, veronderstel in die NEUM-denkraam dat "ras" 'n skepping is en dat "raskategorieë" in Suid-Afrika moet verdwyn. In praktyk sou dié uitgangspunt daarop neerkom dat mense moes weier om mee te werk aan die skep van etniese "eiesoortigheid" soos 'n onderskeibare "kleurlingskap" of "kleurlingkultuur" en enige, ander vorm van etniese stamidentiteite hetsy "Bantoe-", "Indiër-" of "Wit-" identiteite (Hugo, 1978:428; Adhikari, 2005:134). Dié politiek van weiering moes lei tot die ineenstorting van die stelsel.

Die gemeenskapsboikot het sowel die Joseph Stone as die Nico Malan Skouburg getref. In die geval van die Joseph Stone het die bestuur geldelike steun van die D.K. (en sy opvolgerinstellings) ontvang en is individuele lede as pro-apartheid beskou (Anon., 1979a; Anon., 1980:10).<sup>12</sup> In die geval van die Skouburg was die "slegs vir blankes-" etiket die groot hindernis. In 1975 is dié fasiliteit onder bepaalde voorwaardes oopgestel, maar die boikot het voortgeduur (Steyn, 1978).

#### *Die Eoan-groep en die lotgevalle van "samewerking" met die apartheidsregime*

Vir anti-apartheidsaktiviste was die Joseph Stone dié simbool van die verdoemende skeldwoord: *collaborators*. In die jare tagtig, het die SA Council on Sport (SACOS) die Eoan-groep tot 'n "verbode organisasie" verklaar. Die redes daarvoor was dat die groep aan geleenthede deelgeneem het wat as ondersteunend van apartheid vertolk is en omdat hulle geldelike steun van die regering ontvang het (Eoan History Project, 2013:224). Van die leidende figure is as gekompromitteerd beskou en die Eoan-groep moes liefs vermy word (Roos, 2018:179).

Waar "die boikot" teen die Joseph Stone voorheen lukraak was en toneelgroepe soos die Players in uitsonderlike omstandighede, soos die jaarlikse dramakompetisies van die Departement Kleurlingsake, daar opgetree het, het die toepassing van die boikot byna die ondergang van die fasiliteit beteken (Eoan History Project, 2013:214, 216-225; Roos, 2018:180; Van der Walt, 2001). Die "boikot het beteken dat die gehore verdwyn het en net bestaan het uit familie en vriende van die Eoan-groep op die verhoog" (Davis, 1991a). Teen 1980 was dit duidelik dat die Eoan-groep nie meer as operageselskap kon voortbestaan nie (Eoan History Project, 2013:252).

<sup>11</sup> Reeds in die veertigerjare is dié nie-samewerkingsaktivisme só verwoord: "Moenie enige sosiale of persoonlike omgang met hulle hê nie. Moet hulle nie groet nie. Moenie met hulle praatjies maak nie. Moet hulle besoek nie, en moenie hulle na jou huis nooi nie. Moenie hulle ontmoet nie, selfs al beteken dit dat jy die pad moet kruis. Moenie hulle raaksien nie, selfs al kom jy hulle van aangesig tot aangesig teë" (aangehaal in Lewis, 1987:214).

<sup>12</sup> 'n Leidende lid van die Eoan-groep, mev. Alatheia Jansen was byvoorbeeld die regeringsgenomineerde voorsitter van die uitvoerende raad van die Verteenwoordigende Kleurlingraad wat anti-apartheidsgroeperings antagonisties gestem het (Anon., 1980:10).

Op 3 Maart 1979 het die sopraan May Abrahamse en die répétiteur Gordon Jephtha, beide Eoan-lede, die eerste niewit artieste geword om op 'n Nico Malan-verhoog op te tree (Anon., 1979b; Eoan History Project, 2013:192). In plaas van 'n teken van geopenheid, het dié optrede liever die indruk versterk dat dié kunstenaars en die Eoan-groep met apartheidsinstellings saamwerk. Die gevolge was die gebruiklike skeldterme en sosiale argwaan (Kaganof, 2014). Selfs nadat verskeie Eoan-lede in Kruik-Opera opgeneem is, het die boikot bly voortbestaan (Botha, 1991; Cillie, 1998).

In 1989 het die Eoan-groep uitdruklik “besluit om homself vry te maak van afhanklikheid van Regeringshulp” en nie meer fondse van die afsonderlike Huis van Verteenwoordigers (in wese die D.K. in 'n nuwe gedaante) te aanvaar nie (Whitebooi, 1989; Eoan History Project 2013:225). Dié opsie het die weg gebaan vir groter gemeenskapsaanvaarding, maar dié soeke het nie tot verhoogde borgskappe of geldelike steun gelei nie (Durkan, 1990).

In 1991 het die sopraan Virginia Davids en die tenoor Sidwell Hartmann, beide verbonde aan die Eoan-groep, in *Aida* van Verdi in die Nico Malan opgetree sonder enige noemenswaardige reaksie van die aktiviste (Botha, 1991). Dit mag wees dat diegene hulle nie verwerdig het om kommentaar te lewer nie, omdat opera 'n minderheidsbelangstelling is of omdat die Eoan-groep en sy (voormalige) lede reeds as gekompromitteerd beskou is, en derhalwe geïgnoreer kon word. Sodanige redes vir die stilsweye is spekulatief, omdat daar geen openbare rekord bestaan nie. Alhoewel die groep tot die Eoan-akademie omvorm is, was dit moeilik om selfs ná 1991 van die stigma van “samewerking” ontslae te raak (Davis, 1991a).

### *Die Cape Flats Players en die Nico Malan Skouburg*

Op 2 Februarie 1990 maak die staatspresident, mnr. FW de Klerk sy stroomverleggende aankondiging wat Suid-Afrika op 'n trajek wég van apartheid plaas. Die verslapping van beperkings op politieke organisasies en die vrystelling van politieke gevangenes skep 'n gees van afwagting vir 'n nuwe samelewing. Die eerste oorgangsgesprekings was besig om beslag te kry. Die afwagting op 'n demokratiese bestel was aanvoelbaar aanwesig. Ook op nasionale kultuurgebied en selfs op plaaslike vlak is hindernisse in die pad van 'n oop samelewing afgebreek. Die Players beleef hul eie proses van normalisering wanneer hulle met die Kruik-bestuur onderhandel om *Love, Lust or Guilt* (1991) in die Nico Malan Skouburg op te voer. Hul opvoering in 1991 moet beskou word teen die agtergrond van die lotgevalle van die Eoan-groep.

Ruim nege weke voor die speelvak publiseer *Die Burger* op 6 April 1991 'n konteksstellende berig met 'n foto van die onderhandelaars, die bestuurders van Kruik en die leiers van die Players, Peter Braaf en Ivan Sylvester (Jacobs, 1991). In wat as 'n offensief teen moontlike kritiek bestempel kan word, verseker hulle die lesers dat die stap nie “sonder die goedkeuring van hul gemeenskap” geneem is nie; dat hulle verbonde bly tot die “afbreek van apartheid”; dat hulle “bewus is van veranderinge in die bedryf” en dat hulle mee gaan werk aan 'n “*showcase season* [. . .] wat later die jaar in die Nico Malan-Arena” gehou sou word (Jacobs, 1991). In sy verklaring verwelkom die hoofdirekteur van Kruik die verwickeling en hoop hy “dat dié nuwe gees onder ander groepe sal posvat” (Jacobs, 1991).

Luidens 'n berig in die *Weekly Mail*, gepubliseer tydens die speelvak (13 tot 29 Junie 1991) is die Players se besluit as omstrede bestempel en word hulle “erg as uitverkopers veroordeel (*slammed as sellouts*)” (Davis, 1991b). Sylvester reken dat Kruik nie verantwoordelik gehou kan word vir die landswette nie, en dat die Players veranderinge aanmoedig: “As



**Figuur 5:** Peter Braaf en Ivan Sylvester (staande) van die Cape Flats Players in die middel met Fritz Morley (links) en George Loopuyt, die hoofdirekteur van Kruik, *Die Burger*, April 1991.

dit nie vir die veranderinge was nie, sou ons in die eerste plek nie eens in die Nico gewees het nie” (Davis, 1991b). As deel van hul ooreenkoms onderneem die kunsteraad om “’n subsidie” aan die Players beskikbaar te stel om “hul opvoerings na die gemeenskap te neem en om kaartjiepryse te verlaag” (Davis, 1991b). Volgens hierdie koerantberig trek Kruik voordeel uit die Players se deelname omdat hulle hul kan verdedig teen die kritiek van TAG (Theatre Action Group) wat bepaalde eise aan die bestuur gestel het.

Dit blyk dat die Players op ’n stadium deel was van TAG, ’n “koördinerende liggaam” en “onverbonde groep van individue en organisasies,” wat in die loop van die vorige jaar tot stand gekom het. Die Players het ten spyte van dié losse groepering se teenkanting besluit om voort te gaan met hulle besluit: “TAG het gesê ons moenie gaan nie, maar ons voel dat ons nie deur enige groep onder druk geplaas moet word nie,” verklaar Sylvester (Davis, 1991b). Dit blyk dat TAG vroeër in 1991 hul eie samesprekings met Kruik gevoer het om “’n nuwe benadering tot teater in die Wes-Kaap” te bespreek. Die gesprekke het egter skipbreuk gely (Davis, 1991a). Die mees basiese eis was dat Kruik hul bydrae tot die “beperkinge van die verlede moes erken en alle gemeenskappe in die Kaap” sal dien (Davis, 1991a).

Die Kruik-bestuur het geweier om die sondes van die verlede te bely en volgehou dat “ons net so ’n slagoffer van apartheid was soos enige ander” (Davis, 1991b). Een van die lede van TAG wat voorheen ’n werknemer van Kruik was, het aangedui dat “die Nico nog altyd ’n monument vir apartheid was” (Davis, 1991a). Sy ervaring was dat Kruik nie protesteater geduld het nie, maar daarop uit was om “die Christelik Nasionale etos te beskerm,” en “die uiterste vorme van interne sensuur” toegepas het “met kommissars wat politieke teater uit die organisasie geweier het” (Davis, 1991a). Die verweer van die Kruik-bestuur was dat hulle nie bereid is om die “optredes van vorige administrateurs” te verdedig nie, en dat hulle hul verbind tot “teater vir almal,” ’n verbintenis wat bewys word met die speelvak van die “gemeenskapsgroep, die Cape Flats Players” (Davis, 1991a).

Dit lei geen twyfel dat aktiviste en maatskaplik-besorgde individue krities teenoor Kruik en sy administrasie gestaan het nie. Daarvan is die langdurende gemeenskapsboikot die duidelikste manifestasie. Waar die openbare mening ten opsigte van die Eoan-groep dié van stille afkeer was, was die situasie ten opsigte van die Players aantoonbaar verskillend, juis

omdat daar openbare teenkanting vanuit bepaalde oorde was. Die dekking van die fel stemme uit die TAG-kring wat die Players as “uitverkopers” bestempel het, was beduidend. Met die publikasie van ’n kritiese artikel in die Engelse weekblad *Weekly Mail* is ’n breë stratum van linkse meningsvormers, aktiviste in Kaapstad en landwyd bereik. Daar is egter geen opgetekende opvolgkritiek uit hierdie oorde nie. Die hele affêre het ook weinig aan die Players se gewildheid as reisende geselskap gedoen.



**Figuur 6:** Tyrone Jenecke en Sandra Braaf in ’n toneel uit *Love, Lust or Guilt* tydens die Nasionale Kunstefees, Grahamstad, Weekly Mail, Julie 1991.

Minder as twee maande later het die Players by die Nasionale Kunstefees in Grahamstad opgetree, sonder dat ’n woord oor die gebeure gerep is. In ’n verslag oor die fees plaas dieselfde koerant as ’n begeleidende foto van ’n toneel uit *Love, Lust or Guilt* (Meintjies, 1991). Die episode dui op ’n verskuiwing van politieke sentiment. Hul opvoering van *Love, Lust or Guilt* kan, anders as in die geval van die optredes van die Eoan-groep of individuele operasangers, beskou word as die voorspel tot die totale opheffing van die gemeenskapsboikot teen die Nico Malan (Davis, 1991b; Jacobs, 1991). In terme van die ruimtelike aspek wat hier voorgehou is, het hul optrede tot gevolg gehad dat begin is om nuwe betekenis en simboliek aan die Nico Malan toe te ken (vgl. Harvey, 1990:423).

*Waarom het die Players se optrede so min openbare teenkanting uitgelok?*

In vergelyking met die bekende bakens van stryd om toegang tot die Nico Malan soos die sagas rondom die opvoering van *Kanna hy kô hystoe* in 1975 en 1980 en die opera-optredes van die Eoan-lede in 1991, het hul opvoering in drasties veranderde omstandighede plaasgevind. Die opkoms van ’n alternatiewe dominante politiek-filosofiese tradisie in die Wes-Kaap het in dié opsig ’n groot rol gespeel. Waar die NEUM-tradisie ’n buitengewone uitwerking op die politieke en intellektuele debatte vanaf die 1940’s tot die 1970’s in die Wes-Kaap gehad het, het die Kongresbeweging (met name die UDF en die ANC) ’n sterker teenwoordigheid sedert die middel-1980’s begin toon (Adhikari, 2005:135). Die NEUM/NUM se invloed het gaandeweg getaan sodat dit prakties-gesproke as ’n verlinkse randbeweging beskou is (Adhikari, 2005:114). Die nierassige sentrumlinkse Kongresbeweging onder die invloed van charismatiese leiers soos dr. Allan Boesak en gesiene slagofferfigure soos Mandela het toenemend populêre steun onder studente- en onderwyser-, sport- en kultuurliggame begin verkry.

’n Volgende rede mag wees dat lede van die Players politiek-filosofies tydens die Swartbewustheidstradisie ontwaak het. Selfs al was hulle formeel polities onverbonde, het hulle gaandeweg aansluiting by van die Kongresbeweging gevind (Jacobs, 1991; Braaf, 1986:92). Anders as lede van die Eoan-groep is die Players in die openbaar ten nouste verbind met ’n uitgesproke anti-apartheidstradisie: “Ons het nie vergeet dat mense opgesluit, gedood en uit hul huise gegooi is weens apartheidswetgewing nie. Deur ons produksies die afgelope 18 jaar het ons altyd geprobeer om die grense van apartheid af te breek” (Jacobs, 1991). Hul politieke revues het groot aftrek onder jong gehore gekry en soos hier bo aangetoon is, het selfs die UDF van hul dienste gebruik gemaak.

Derdens, blyk dit dat die Players kennis van die langdurende gemeenskapsboikot geneem het, en enkele maande voor hul speelvak hul ondersteuners deur mediaplasinge op die stap voorberei het. Daarvan spreek die konsultasies met “vertegenwoordigers van progressiewe organisasies” oor die gewentheid van hul opvoerings in die Nico Malan (Jacobs, 1991). Die verwysing na “progressiewe organisasies” verwys klaarblyklik hier na gesprekke met leidende figure uit die breë Kongresbeweging. Die reaksie van “ons gemeenskap,” volgens Sylvester, was “dat ons met die besluit moet voortgaan ter wille van verandering” (Jacobs, 1991; Davis, 1991b).

In teenstelling met die politiek-filosofiese onderbou van die boikot soos geformuleer deur ondersteuners van die NEUM/TLSA-tradisie blyk dit dat die TAG as “onverbonde groep van individue en organisasies” geen onderliggende sentraal-riktende politieke filosofie gehad het nie, al het hulle die skeldnaam “uitverkopers” (*sell-outs*) gebruik wat herinner aan die *ad hominem* kritiek van die 1950’s. Die groep wat minder as ’n jaar oud was, het geen gevestigde gemeenskapsverbintenisse, erkende leiersfigure of politieke platform gehad nie.

*Love, Lust or Guilt*, ’n stuk met kindermishandeling as oorhoofse tema, was nie een van die Players se gewilde opvoerings nie. Die stuk was ten opsigte van vorm, toonaard en aanslag totaal anders as die politieke protesteater waarvoor die geselskap die voorafgaande vyf jaar bekendheid verwerf het. In dié sin sou die stuk heeltemal inpas by die verwagtinge van die Nico Malan-bestuur wat nie ’n protestradisie aangemoedig het nie. Die bywoningsyfers vir *Love, Lust or Guilt* is as “middelmagig” bestempel (Davis, 1991b). Dit is enersyds ’n aanduiding dat die gehore wat tradisioneel die Nico Malan besoek het, nie ingestel was op dié vorm van gemeenskapsteater nie, en andersyds dat die Players nie daarin kon slaag om hul eie ondersteuners mee te bring op hul tog na verandering en versoening nie.

In die 1990's het die Players werk begin lewer wat die maatskaplik-politieke proses van verandering ondersteun. Hieronder tel veral die toneelstukke van Sylvester soos *Die invisibles* (1993), *Die invisibles II* (1998) en *Dêm . . . die intolerance* (1994). Alhoewel hul gewildheid nooit weer die hoogtes van Braaf se *Asseblief Miesies*, (1982) of Melvin Whitebooi se *Dit sal die blêrrie dag wies!* (1983–1986) sou bereik nie, het hul toenemend deelgeneem aan die ontwikkelende toneel- en kultuurfeesindustrie. Op die platteland, in plaaslike gemeenskaps-, kerk- en skoolsale het hul produksies steeds “staande toejuiging” ontvang (Anon., 1993). Dit sou eers rondom die einde van die dekade van neëntig wees dat die geselskap hul toerprogram ingekort en later beëindig het.

## Ten slotte

Hier is ondersoek ingestel na die beskikbaarheid van teaters met verwysing na die Cape Flats Players in die 1980's en 1990's. Na aanleiding van Hauptfleisch (1983) se opmerking dat “die ou skoolsaal nie meer goed genoeg is” vir gesofistikeerde gehore nie, is die uitwerking van twee grondliggende apartheidswette op die werksaamhede van die Players en dié van die Eoan-groep van nader bekyk aan die hand van Foucault, Harvey en Lefebvre met verwysing na hul beskouings oor ruimte en die produksie van ruimte. Veral die aard van heterotopie, naamlik dat volgens Foucault een plek 'n verskeidenheid ruimtes, dikwels in sigself onversoenbaar kan oproep en heterotopieë soms 'n toegangsrite vereis, is hier uitgelig. Die basiese vertrekpunt van Lefebvre dat drie vorme van ruimte onderskei kan word naamlik dit wat “waargeneem”, “bedink” en/of “beleef” kan word, het deurlopend aan bod gekom. Ten opsigte van Harvey is die insig dat elke sosiale formasie sy eie konsepsies van ruimte konstrueer van belang.

Met verwysing na die Wet op Aanwysing van die Aparte Geriewe is bevind dat gehore vir die Players beperk is, omdat toegang nie geredelik vir almal moontlik was nie, dat hulle aanvanklik nie toegang tot beskikbare teaters gehad het nie en nietradisionele ruimtes moes gebruik, dat die gebrek aan 'n permanente opvoerruimte hulle in staat gestel het om uiteenlopende ruimtes met mekaar te verbind wat daartoe gelei het dat hulle hul politieke opvoerings op ongekende plekke aangebied is.

Ten opsigte van die Groepsgebiedewet is in hoofsaak klem gelê op die ontworteling en verstrooiing van gemeenskappe en die verbreking van hul kultuurnetwerke. Met verwysing na die Eoan-groep is aangetoon hoe die persepsie dat hulle politiek-gekompromitteerd is hul lofwaardige poging om selfhandhawend op te tree en 'n eie teater op te rig, nadelige gevolge gehad, en tot 'n jarelange gemeenskapsboikot gelei het. In die laaste afdeling word die boikot teen Eoan-groep bespreek, asook die Players se speelvak van hul werkswinkelproduksie in die Skouburg in die veranderde politieke omstandighede van die 1990's. Deurlopend is aangetoon dat ruimte, die plek van opvoering relasioneel is en 'n verskeidenheid van ruimtes, geskiedenis en simboliese konsepsies bevat. Die keuse tussen 'n ou skoolsaal en 'n teater mag eenvoudig klink, maar is ingebed in verwickelde vrae oor ruimte, plek, toegang en uitsluiting.

## BIBLIOGRAFIE

- Adhikari, Mohamed. 2005. *Not white enough, not black enough: racial identity in the South African Coloured community*. Athens: Ohio University Press.
- Anon. 1979a. R30 000 for Eoan. *The Cape Times*, 7 Februarie.
- Anon. 1979b. Eoan Group is deur die drif en nou paleis toe. *Rapport-Ekstra*, 18 Februarie.

- Anon. 1980. Last CRC Executive. *Alpha*, 18(4):10-12.
- Anon. 1981. Teater kos miljoene. *Beeld*, 13 Augustus.
- Anon. 1982. Top Nat sings Nkosi sikelel' iAfrika. *Deurbraak*. 28 Februarie.
- Anon. 1985. LUK antwoord op kritiek teen Sand. *Die Volksblad*, 15 Mei.
- Anon. 1987. The struggle continues. *New Nation*, 5-11 March.
- Anon. 1993. Bergielewe uitgebeeld by Kunstefees. *Die Burger*, 16 Junie.
- Anon. 1994a. Bekende dramagroep mondig. *Die Burger*, 9 Junie.
- Anon. 1994b. Afrikaans op horings. *Die Burger*, 8 Oktober.
- Anon. 1994c. Cape Flats op toer met hul drama. *Die Burger*, 21 Augustus.
- Anon. 2016. Drama productions during the seventies. KM\_C224e- 20160627150951 - University of Western Cape. [www.uwc.ac.za](http://www.uwc.ac.za). [10 April 2017]. Anon. 2020. St. George's Cathedral, *ESAT*, [https://esat.sun.ac.za/index.php/St\\_George's\\_Cathedral](https://esat.sun.ac.za/index.php/St_George's_Cathedral). [23 Maart 2021].
- Blumer, A. 1990. Mix Masala, of jy speel nie saam nie. *Vrye Weekblad*, 31 Augustus.
- Braaf, Peter. 1986. Swart Afrikaanse dramaturge en hulle ambag. Julian F Smith, Alwyn van Gensen en Hein Willems (reds.). *Swart Afrikaanse Skrywers. Verslag van 'n simposium gehou by die Universiteit van Wes-Kaapland, Bellville op 26-27 April 1985*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland, pp. 91-92.
- Breytenbach, K. 1984. Kragentrale – só maak Londen 'n plan. Van alles en nog wat. *Die Burger*, 21 Julie.
- Botha, Amanda. 1991. Uiteindelike erkenning vir miskende Eoan Group. *Rapport*, 28 April.
- Cillie, Piet. 1998. Die ou Nic is nou oepe! *Die Burger*, 6 November.
- Cohen, Robyn. 2008. New dawn for ailing theatre. *Saturday Weekend Argus*, 19 Julie.
- Cruywagen, Colin. 1982. Miesies in Bellville. *Metro-Burger*, 17 November.
- Cruywagen, Dennis. 1983. Cape Flats Players back at the Baxter. *The Cape Times*, 8 Desember.
- Cupido, Johnny. Whitebooi-stuk na Baxter. *Die Burger*, 18 Julie 1984.
- Davis, Gaye. 1991a. Curtain goes up again at the Joseph Stone. *Weekly Mail*, 28 Junie tot 4 Julie.
- Davis, Gaye. 1991b. We'll still work with Capab says "sell-outs." *Weekly Mail*, 15 tot 21 Maart.
- Du Pré, Roy H. *Separate but unequal: the "Coloured" people of South Africa – A political history*. Johannesburg: Jonathan Ball.
- Durkan, Andrew. 1990. Controversial arts group free of state subsidy – now seeks funds. *Weekly Mail*, 22 tot 29 Junie.
- Eoan History Project. 2013. *Eoan Our Story*. Johannesburg: Fourth Wall Books.
- Foucault, Michel. 1986. Of other spaces. vertaal deur Jay Miskowicz. *Diacritics*, 16(1):22-27.
- Fransman, Neville. 1982. Some of the lawmakers did not like "de Lô." *The Cape Times*, 15 Februarie.
- Fox, Revel. 2020. Joseph Stone Auditorium. *Revel Fox and Partners*. <https://www.revelfox.co.za/joseph-stone-auditorium#0> [30 Maart 2021].
- Govender, Pregs. 2021. Storyteller who raised hopes – and laughs. *Sunday Times*, 9 Mei.
- Gwala, Pascal M. (ed.). 1973. Arts and Entertainment. *Black Review*, 1973:104-115.
- Harvey, David. 1990. Between space and time. *Annals of the Association of American Geographers*, 80(3):418-434.
- Hauptfleisch, Temple. 1983. Serious decline of amateur theatre. *Pretoria News*, 23 Junie.
- Hugo, Pierre. 1978. *Quislings or Realists? A Documentary Study of "Coloured" Politics in South Africa*. Johannesburg: Ravan, 1978.
- Jacobs, Sean. 1991. Flats Players bring stuk in Nico op die planke. *Die Burger*, 6 April.
- James, Wilmot. 2011. Issel, whose politics merged with the performing arts, was far from uni-dimensional. *Cape Argus*, 1 Februarie.
- January, Cornelius. 1997. 'n Vergelykende studie t.o.v. die aktiwiteit van stedelike en plattelandse swart amateur gemeenskapsteatergroepe in die apartheidsera. Ongepubliseerde M.A. Universiteit van Wes-Kaapland.
- Kaganof, Aryan. 2014. *A inconsolable memory*. African Noise foundation. Vimeo. <https://vimeo.com/111217435?> [30 Maart 2021].
- Lefebvre, Henri. 1991. The production of space. Vertaal deur Donald Nicholson-Smith. Maiden, MA, Oxford, Charlton: Blackwell.
- Lewis, Gavin. 1987. *Between the Wire and the Wall: A History of South African "Coloured" Politics*. Cape Town: David Philip.

- Lodge, Tom & Bill Nasson. 1991. *All, here, and Now: Black politics in South Africa in the 1980s*. Kaapstad: David Philip/ Ford Stigting.
- Meintjies, Frank. 2021. An explosion of worker creativity in Natal: The catalytic role of the Culture and Working Life Project. *Asai. Africa South Art Initiative*. [www.asai.co.za](http://www.asai.co.za)  
<https://asai.co.za/an-explosion-of-worker-creativity-in-natal-cwlp/#more-21859>. [7 Mei 2021].
- Meintjies, Frank. 1991. Festival vibe is absent from the black side of G'town. *Weekly Mail*, 5 tot 11 Julie.
- Nänny, Pia. 2006. St. Markus ná jare steeds 'n baken. *Die Burger*, 16 September.
- Ons Korrespondent. 1973. Joanie Galant laat dorp gons – L.K.R. loop uit. *Die Burger*, 14 Desember.
- Oosthuizen, Kobus. 1998. The truth does hurt. *Tonight, The Argus*, 23 September.
- Overbeek, R. 1984. Braaf – die akteur met 'n roeping. Kaapse draai. *Die Burger*, 3 Augustus.
- Rabie, Jac. 1977. Die kultuurlewe van die Kleurling. *Buurman*, November, 5-10.
- Rabie, Jan. 1976. Troebadoers van 1976 se opstandskinders. *Rapport*, 14 November.
- Reservation of Separate Amenities Amendment Act, No. 10 of 1960, *Wikisource*. [https://en.wikisource.org/wiki/Reservation\\_of\\_Separate\\_Amenities\\_Act,\\_1953/1960-03-25](https://en.wikisource.org/wiki/Reservation_of_Separate_Amenities_Act,_1953/1960-03-25) [23 Maart 2021].
- Roos, Hilde. 2018. *The La Traviata Affair: Opera in the Age of Apartheid*. Oakland: University of California Press.
- Seale, Tyrone. 1989. 'The video a city playwright will never see.' *Weekend Argus*, 13 May.
- Short, Florence. 1984. New indigenous drama about the dilemma of a man forced to choose. *Tonight, The Argus*, 20 Julie.
- Short, Florence. 1987. Touring theatre for the love of it. *Tonight, The Argus*, 4 Augustus.
- Solberg, Rolf. 2011. *Bra Gib: Father of South Africa's Township Theatre*. Scottsville: University of KwaZulu-Natal Press.
- Soudien, Crain. *The Cape Radicals: intellectual and political thought of the New Era Fellowship, 1930s – 1960s*. Johannesburg: Wits University Press.
- Steyn, Alfie. 1978. The lesson of the Nico Malan affair. *Pretoria News*, 22 Februarie.
- Swart, CA. 1986. Prohibition of a particular gathering in terms of regulation 7 promulgated in terms of the Public Safety Act, 1953 (Act 3 of 1953), by proclamation R109 of 1986. *Government Gazette* no. 10280, 12 Junie.
- Terreblanche, Sampie. 2002. *A history of inequality in South Africa – 1652-2002*. Scottsville: Universiteit van Natal; Sandton: KMM.
- Thamm, Marianne. 1989a. "Agit prop" old hat with Flats Players. *The Cape Times*, 17 Mei.
- Thamm, Marianne. 1989b. 16 years on a new look . . . want freedom. *Weekly Mail*, 18 Mei.
- Theron, Erika & JB du Toit. 1977. *Kortbegrip van die Theron-verslag*. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Walt, Judy. 2001. New dawn for the Stone. *Sunday Independent*, 23 Desember.
- Vosloo, Johan. 2001. Apartheid klink nou soos storie uit Koekoekland. *Rapport*, 29 April.
- Whitebooi, Melvin. 1984. Bruin drama sorg self dat hy gehoor word. *Rapport*, 17 Junie.
- Whitebooi, Melvin. 1989. Eoan Group los die Regering. *Rapport*, 19 Maart.
- Willemsse, Hein. 1991. Censorship or strategy? Smuts, Dene en Shauna Wescott (reds.). *The purple sal govern! A South African A to Z of nonviolent action*. Kaapstad: Oxford University Press, Centre for Intergroup Studies, pp. 24-25.
- Willemsse, Hein. 2017. In jarelange verbondenheid: Adam Small en die Cape Flats Players. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(4):879-896. DOI.10.17159/2224-7912/2017/v57n4a2.

# Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, kuns en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, sal nie vir publikasie oorweeg word nie. Twee eksemplare van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, sal gratis aan die outeur verskaf word. Indien meer eksemplare verlang word, kan dit van die Akademieskantoor bestel word teen die heersende prys.

Die volgende voorskrifte geld vir voorgelede manuskripte:

- Indien **slegs per pos**, moet manuskripte in triplikaat aan die redaksie voorgelê word. Stuur **verkieklik 'n elektroniese kopie** aan [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) – in welke geval dit nie nodig is om drie afskrifte per pos te stuur nie. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word met Arial 12-punt skrifgrootte en 'n 25 mm linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n erkende taalversorger geredigeer is.
- Bydraes moet in Afrikaans geskryf wees en beperk wees tot **6 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort curriculum vitae in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en foto van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Dit moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1000** woorde in Engels. Die opsomming word begin met die **vertaling van die titel**.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels aanbied net na die opsomming.
- **Illustrasies of tekeninge** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.
- Opskrifte in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* lyk soos volg:

1. **HOOFOPSKRIFTE** verskyn in hoofletters en is vetgedruk. Daar is 'n spasie tussen die hoofopskrif en die teks.

1.1 **Opskrifte** is in kleinletters en vetgedruk; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

1.1.1 *Subopskrifte* is kursief; daar is 'n spasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte mag genommer word indien verkies. Daar is geen punte na opskrifte nie.

**Opskrifte** by tabelle lyk soos volg:

**TABEL 2:** Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

**Onderskrifte** by figure lyk soos volg:

**Figuur 3:** *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: die waardestruktuur.*

**Plaas asseblief tabelle en figure in die korrekte posisie binne die teks.**

- **Aanhaling**s word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale is nie. Aanhalinge wat langer as **drie** reëls is, word geïndenteer en het nie aanhalingstekens nie. Enige invoegsel binne 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Korreksies:** Ekstra korreksies moet deur die skrywer betaal word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

**Voorbeelde:**

**Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Hoofstuk in 'n boek:** Elphick, R & Malherbe, VC. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652–1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

**Internetbron:**

Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 Oktober 2004].

**OF IN AFRIKAANS:**

Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Indien die bron Afrikaans is, is al die bibliografiese inligting in Afrikaans, of andersom in Engels.

**Bronverwysings in die teks:**

Volgens Swan (1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45) ...

OF: ... (Swan 1996:45). (aan die einde van 'n sin)

**Bladgeld:** Die *Tydskrif* hef R300 per gedrukte bladsy (+BTW) om die publikasiekoste van artikels te help delg. Dit is die verantwoordelikheid van die outeur om by sy/haar navorsingsinstansie aansoek te doen vir bladgeld. Die *Tydskrif* is 'n goedgekeurde publikasie wat betref subsidie aan universiteite en navorsingsuitsette.

**Kopiereg:** Outeur(s) behou kopiereg van 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

**Verantwoordelikheid vir handskrifte, illustrasies en diskette:**

Hoewel die Redaksie uiteraard alle sorg betrag by die hantering van manuskripte, foto's en tekeninge vir illustrasies, ensovoorts, kan onder geen omstandighede verantwoordelikheid aanvaar word vir enige verlies of skade wat in dié verband mag plaasvind nie. Indien outeurs materiaal wil terughê, moet hulle tesame met die toesending van materiaal die Redaksie hiervan verwittig.

# Guidelines to authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the following subject fields: theology, languages, art and culture, social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions that have been published elsewhere will not be considered. Two complimentary copies of the edition that contains an author's contribution, will be mailed to each author free of charge. More copies may be ordered from the publications office at the set price.

The following regulations apply for submitted manuscripts:

- If contributions are sent only by **post**, please submit three copies. We prefer that contributions are submitted via e-mail to [publikasies@akademie.co.za](mailto:publikasies@akademie.co.za) in which instance it is not necessary to send three copies by postage. Manuscripts must be typed in double spacing Arial 12 with a 25 mm left margin. Manuscripts must be **edited and submitted in accordance with the technical specifications of the journal**.
- Authors must submit written proof that the manuscript has been edited by a knowledgeable language practitioner.
- Contributions must be submitted in Afrikaans (or Dutch) and are limited to **6 000** words.
- Please submit an abridged curriculum vitae in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG) of each author.
- Manuscripts must contain a summary of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1000** words. The English abstract should start with a **translation of the title**.
- A list of approximately **10-20 key terms** in Afrikaans and English must be given after the summary.
- **Illustrations or drawings** must have suitable captions placed below the graphic, and should be in a size appropriate to the format of the journal.
- Guidelines for headings:

**1. MAIN HEADINGS** are in capital letters and bold. Leave a space between the heading and the text.

**1.1 Headings** are in lower case and bold. Leave a space between the heading and the text.

*1.1.1 Sub-headings* are in italics. Leave a space between the heading and the text.

Headings may be numbered if preferred. Do not put full stops after headings.

## Table headings:

**TABLE 2:** Economic development according to demographic groups

**Captions** of figures:

*Figure 3: Systemic interdependence.*

**Please insert the illustration in the correct position within the text.**

- **Quotations** are not in italics – even when in another language. Quotations that exceed **three** lines should be indented and do not get quotation marks. Any insert to a quotation is between square brackets. See examples in the printed journal.
- **Abbreviations** must be avoided if at all possible.
- **Corrections** after final copy has been approved will be charged as author's corrections.
- **Bibliographic references** are based on the abbreviated Harvard method, with some variation for certain subjects.

## Examples:

**Book:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.

**Article from journal or magazine:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.

**Chapter in a book:** Elphick, R & Malherbe, VC. 1989. In Elphick & Giliomee (eds). *The shaping of South African society 1652-1840*. Cape Town: Maskew Miller Longman, pp. 20-34.

## Internet source:

Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

## OR IN AFRIKAANS:

Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 October 2004].

If the source is Afrikaans, all bibliographic detail is in Afrikaans, or vice versa in English.

## References in the text:

According to Swan (1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45) ...

OR: ... (Swan 1996:45). (at the end of a sentence)

**Page fees:** There is a charge of R300 per printed page (+VAT) towards the printing costs. It is the responsibility of the author to arrange for payment of these fees by his/her university/institution. The journal is an approved publication with regard to government subsidy for universities and research institutes.

**Copyright:** Copyright for articles published in the Journal rests with the author(s).

## Responsibility for manuscripts, illustrations and disks:

Although the editor and publications office will always take care in the handling of manuscripts, pictures and graphic material, we cannot take responsibility for any lost material – please keep back-ups. If an author would like to have material returned, please inform the editorial office on submission of the article.







# Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen  
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften  
Journal of Humanities

## Doel van die SA Akademie


Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidissiplinêre organisasie.

## Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidissiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

## Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daarvoor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.



*Sedert Maart 2009 geïndekseer in die Social Sciences Citation Index*

VOORBLADFOTO:  
Nerina Bosman  
(Fotograaf: Tercia Klopper)